Vir die Moslem is die Opperwese weer 'n ewige éénonpersoonlike en dus 'n éénsame God - Allah. Sy wil domineer al sy ander attribute, en stel hulle beurtelings ter syde. So kan daar nie op Allah van oomblik tot oomblik staatgemaak word nie. Alle skepsels sou Allah se amper-willose slawe wees. Hier is min begrip vir persoonlike vryhede en juridiese regte. Die hele wêreld bestaan hier uit twee dele - die Dar al-Garab (of “Plek van die Swaard”) teenoor die Dar al-Salaam (of “Plek van die Vrede” waar die Islam seëvier). E.g. is bestem om b.w.v. *jihad* (oftewel die sg. “heilige oorlog”) tot die Dar al-Salaam omskep te word. Eskatologies glo die Islam ook dat “die son nog altyd een dag in die Weste sal opgaan” - d.w.s. dat die Weste nog altyd vir die Islam gewen gaan word.

Vir die Humanis, ontplooi die aanvanklik-onpersoonlike heelal alhoemeer tot die menslike ras as sy eskatologiese eindpunt. Die belange van die méns moet die heelal domineer, en die sg. “demokratiese belange” van die meerderheid mense moet die belange van minderhede oorheers. Met die toenemende globalisering van die mensheid eskatologies, word die belange van alle nasies aan die mensdom as sodanig onderskik. Kommunisme is konsekvente humanisme. By die Sowjet Pawiljoen by die Wêreldskou te Montreal in 1967,

was daar 'n geweldige hamer en sekel met dié veeltalige opskrif daarop: “Alles ter wille van die mens!”

Vir die Christen is God Drie-enig die enigste Opperwese. Hier is 'n balans tussen die goddelike Persone (die Vader en die Seun en die Gees) en Sy attribute of hoedanighede (Sy almag en Sy genade ens.). Hy is Wie Hy is, en Hy is wat Hy het. Dié drie-enige God skep: 'n “drie-enige” skepping (twee hemele plus een aarde in Gen. 1:1); 'n “drie-enige” mens (siel-gees-liggaam); en 'n “drie-enige” mensdom (man-vrou-kind) wat ons eie “drie-enige” planeet (aarde-lug-see) moet onderwerp.

Christus as Tweede Adam het 'n “drie-enige” werk (as Profeet en Priester en Koning). En dit geld ook vir ons eie kosmosomvattende eskatologiese roeping. Uiteindelik sal die Christendom gevolglik triomfeer, en alle ander religieë en ontwikkelinge deur vreemdes is bestem om aan die Christendom onderwerp te word en dit te verryk.

Hier wil ek verder maar net aandui dat presies ons **Evangelisasiepogings** alleen sal kan slaag as hulle juis in die verlengde van bg. Veelomvattende Benadering onderneem word. Kom ons begin dan by die heel eerste Evangeliebelofte. Want ons moet insien juis hoe veelomvattend dit was en is.

In Gen. 3:15 verseker God Drie-enig vir die unitariese Satan: Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Jy sal Hom/hulle in die hakskeen pik, maar Hy/hulle sal jou kop vermorsel!” U sien reeds daaruit dat dit geweldige implikasies het, nie net om die siel te red nie, maar ook om die hele gang van ons doen en late, ons kultuurontwikkeling en alles te beïnvloed. Die Here het ook vir die eerste mense gesê: die dag wat jy eet van hierdie boom, gaan jy sterwe. Die Nuwe Testament leer ook baie duidelik dat sonde die oortreding van die wet is. Mens moet dit sien soos Dr Abraham Kuyper dit gestel het, ook in ons Geloofsbelydenis en ook in Rom 2 – dat God die Tien Gebooe op die hart van Adam voor die sondeval onuitwisbaar geskryf het. Dit is waar dat nadat die mens in sonde geval het, hy daardie gebooe probeer onderdruk het. Maar die Gebooe is nog altyd daar. Daarom vereis dit dat elke mens die Tien Gebooe moet hou, want diep in sy eie gewete weet hy eintlik steeds dat hy daaraan gebonde is, ook na die sondeval. Daar is baie Evangeliesgesindes wat sogenaamd Christene is wat spuug op die Wet van die Here. Vir hulle gaan dit daarvoor: omdat Christus alles gedoen het, hoef hulle niks te doen nie. Dit is nie die Evangelie nie, dit is nie die leer van die Heilige Skrif nie.

Elkeen van die Tien Gebooe wat op die mens se hart ingekerf is, is nie net gebooe vir sy kerklike lewe nie, maar ook vir sy huislike lewe, sy sakelewe, vir sy onderwyslewe. Jy moet sien dat elkeen van die Tien Gebooe van toepassing is op die ganse menslike lewe in sy verhouding tot God en sy omgewing en die kosmos waar die Here die mens geplaas het. 'n Voorbeeld hiervan is “Jy mag nie vals getuig nie” – dit beteken nie net dat jy nie mag lieg nie, dit beteken ook dat jou wetenskapsbeoefening so fyn moet wees, dat as jy later gaan skryf oor jou navorsing, jy dit absoluut presies reg beskrywe en hanteer. Dit is soos ons die gebooe in die Ou Testament sien. Dit is baie wyd.

Hierdie Tien Gebooe het nie net 'n negatiewe sy nie, maar ook 'n positiewe sy. Bv. “Jy mag nie egbreuk pleeg nie” – hoeveel van ons besef dat 'n predikant wat een boek na die ander skrywe, maar nie genoeg liefde aan sy vrou gee nie, besig is om owerspel te pleeg. Of wat van die vierde gebod. Die Poolse Gereformeerde Jan Laski het inderdaad tereg daarop

gewys dat dit 'n gebod is dat jy nie alleen jou beroep nie op 'n Sabbatdag mag beoefen nie, maar dat dieselfde gebod ook van jou positief juis vereis om ses dae hard te arbei in die beroep waarin die Here jou geplaas het. Dit irriteer my baie dat mense die spreekwoord gebruik “take it easy”. Die Here het ons gemaak om vir Hom te werk. Die lewe is nie om gemaksgtig rond te lê nie. 'n Man vir wie dit 'n plesier is om sy beroep te beoefen, is 'n ander mens. Een van die grootste tragedies van die twintigste eeu, en miskien nog erger in die een-en-twintigste eeu, is dat mense werk omdat hulle moet werk, maar hulle geniet dit nie. Maar as jy 'n Christenmens is en jy weet dat jy alles tot verheerliking van God moet doen, soos wat Paulus in sy Korintiërs brief skrywe. Dan is jy ook 'n ander mens.

In hierdie eerste evangeliebelofte wat God aan die mens na die sondeval gegee het, is juis die Woord van God. En dit is ook juis God wat die mens Soewerein na Hom terugroep. Dit is nie net 'n kwessie van gee jou hart aan die Here, maar die res kan jy vir jouself hou nie. Dit is eintlik – gee jouself aan die Here. Om jou hart aan die Here te gee beteken teologies om jouself aan die Here te gee, en Hom met jou hele hart, siel, liggaam en kragte te dien. Die Christelike geloof is die mees omvattende van alle gelowe. Dit palm alles in en dit vra dat jy God met alles wat jy is en het, moet dien – in die politiek, kerk, by die huis, die supermark, of waar ook al.

Ons moet wegkom van die gedagte dat jy net godsdienstig is as jy kerk toe gaan. Die evangelie moet tot die totale mens spreek. Die ganse mens, ook in sy familieverband, moet geroep word om juis daar die Here te dien. Ons gesin was 27 jaar lank almal in die buiteland – ek kan vandag getuig, dat deur die Here se genade, al my kinders die Here liefhet en Hom dien. Na 3 jaar in Amerika het ons oorgeslaan van Afrikaans na Engels toe. Dit is 'n geweldige skok vir jou en jou kinders. Ons het dit oorleef, maar Goddank, ons het nooit afgewyk van ons Calvinistiese lewensbeskouing en ons daaglikse huisgodsdienst nie. Dit is nie die kerk wat my en my kinders in die heidenland aan die Here gehou het nie. Dit is die daaglikse huisgodsdienst elke oggend en elke aand met my vrou en kinders, in welke plek ons ook al gewoon het. As daar van u is wat net een of twee keer op 'n Sondag kerk toe gaan, is dit mooi, maar as u die Here nie soggens en saans as gesin dien nie, is u 'n “sogenaamde Calvinis” en sal nie kan staande bly nie.

By die huisgodsdienst leer jy en jou kinders dat die lewe Christus is. As jy nie 'n goeie Christen tuis is nie, help dit eintlik nie om oor jou geloof in die straat te getuig teenoor mense wat die Here nie ken nie. 'n Mens se godsdienst moet eg wees, dit moet uit jou uitvloei as gevolg van daaglikse hertoewyding aan die Here oor die ganse lewe. En so was dit by Adam en Eva voor die sondeval, maar ook na die sondeval deur God se genade, sodat toe die Here vir hulle kinders gegee het, hulle Kain en Abel binne die verbond grootgemaak het. Ons is verbondskinders, maar Kain en Abel was ook verbondskinders en die een het sleg uitgedraai. Dit help nie om te sê “ek is 'n gelowige, ek het in die kerk grootgeword” nie. Dit is mooi, maar dit bring jou nie in die hemel nie. Mens moet die gesindheid van Abel hê, nie van Kain nie. En hulle is al twee broers, maar die een het eg na sy God gelewe en die ander helaas nie.

Maar ek wil u juis daaraan herinner dat die Here Jesus juis die Tweede Adam is. As u meer van Adam wil leer, moet u die lewe van die Tweede Adam Jesus Christus bestudeer en sodoende sal u mede begrip kan hê van hoe Adam geleef het voor die sondeval en hoe hy na die sondeval moes geleef het. As u die lewe van die Here Jesus Christus sien, sal u beïndruk

wees hoe Hy die Here Sy God elke oomblik van Sy lewe gedien het – as Hy op pad was, as Hy mense genees het, as Hy gaan rus het, as Hy skryfwerk gedoen het, wat ook al.

In 'n sekere mate is **Noag** 'n tweede Adam. Toe hy gebore is, het sy vader gesê: “dit is hy wat ons kom red”. Hy was inderdaad 'n voorbeeld van die Verlosser. Noag was onder andere 'n troue verkondiger van die geregtigheid. Natuurlik het hy die verskriklike mense in die dae voor die sondvloed opgeroep tot bekering. Maar hy is nie 'n man wat net heeldag gepreek het nie. Hy het meer as 'n eeu lank, sê die Skrif, aan die ark gewerk. En die manier waarop hy daardie ark gebou het, was een van die magtigste preke wat hy ooit kon gee. Met ander woorde die manier waarop ons ons beroep beoefen, is deurslaggewend, ook al kan ons nie van die Here getuig nie. Die manier waarop ons ons daaglikse werkarbeid doen, is 'n magtige getuigenis. Noag se lewe het getuig van totale oorgawe aan sy God in alles wat hy gedoen het, en dit het 'n geweldige indruk op die mense gemaak. Petrus sê ook dat juis die Gees van Christus in Noag werksaam was. Gevolglik was dit wat Noag gedoen het, 'n voorafskaduwende openbaring ook van die veelomvattende reddingswerk wat die Tweede Adam en Tweede Noag, Jesus Christus Self, later sou kom doen. U sal ook opmerk dat Noag 'n man was wat huisgodsdien gehou het – ja, ook dwarsdeur die jaar binne-in die ark. U sal ook merk dat wanneer hy en sy huisgesin uit die ark gekom het, die Here vir hulle dieselfde opdrag beveel het wat Hy vir Adam voor die sondeval gegee het. Te wete: „Wees vrugbaar, en vul die aarde!” U sal verder merk dat ook die doodstraf destyds ingestel is. Te wete: „Hy wat die bloed van 'n mens vergiet – sy bloed sal deur die mens vergiet word. Want God het die mens na Sy beeld geskape.” Die lewe van Noag is baie belangrik. Ons sien hier weereens hoedat mens God in alles moet dien. Ook wanneer mens ander regverdiglik bestraf, en soms selfs moet doodmaak – moet mens dit alles alleen tot verheerliking van God doen. Gen. 9:1-7 vgl. I Kor., 10:31.

Abraham is die vader van al die gelowiges, sê Paulus later. Abraham was 'n baie ryk man. Die Skrif sê dat hy baie ryk geword het aan beeste, silwer en goud. As ons kinders van Abraham sou wees, moet ons sorg dat ons ekonomies sterk word, dat 'n nuwe reddingsdaadbond geloods word. Ons moet ekonomiese mag kry en ons moet dit ook tot eer van die Here leer aanwend. Hy was ook 'n man wat omsingel was deur mense van ander gelowe, sowel in die land waar hy gebore is, as die land Kanaän en veral toe hulle na Egipte afgegaan het. Ek dink dat Abraham dit baie swaarder gehad het as die Afrikaner dit gehad het die afgelope tien jaar. Maar wees bemoedig, u lewe in die land is glad nie so moeilik soos Abraham se lewe nie. Hy het swaarder gehad. Hy het deur God se genade tot Sy eer in alle opsigte volledig en volkome geleef. Hy is ook 'n man wat geweet het hoe om oorlog te maak (Gen 14). Wat hy ook al aangevang het, het hy tot eer van Sy God gedoen.

Moses was 'n man wat geweldig geleerd was en het ook praktiese ervaring gehad. Hy was ten volle belese in al die wysheid van Egipte. Maar hy was bereid om aan dit alles totsiens te sê, terwille daarvan om die Here te volg. Hy was bereid om saam met sy eie volk te ly eerder as om daardie bevoorregte posisie te hê. Hy was 'n gebedsman. Hy het gebed by die Rooi See. Hy het later aanmekeer gebed toe sy volk teen die Amalekiete moes veg. Die Skrif sê dat hy “die man van gebed” genoem word. En daar is 'n hele Psalm oor hom geskrywe – Ps. 19. Ons moet leer bid, nie net in die kerk nie, maar ook op die straat, in ons motor, of waar ook al. Met ander woorde ons moet elke dag in alles wat ons doen 'n baie noue band met onse God hê. Hy is ook 'n man wat die Tien Gebooie nie net aan sy volk herhaal het nie, maar dit ook prakties toegepas het. Ons moet baie daarvan leer en die NGB, hoofstuk 34, wys ook daarop. Ons moet 'n studie maak van die Wet van die Here - die

opsomming van die Tien Gebooie en die liefdesgebod, maar ook die ganse Wet soos dit aan ons ten toon gestel word en toegepas word deur oud Israel. Ons moet onself afvra hoe God wil hê ons daardie basiese Tien Gebooie netso vandag by elke menslike situasie in die gekompliseerde lewe van die een-en-twintigste eeu toe te pas - om konkreet volgens God se Wet te wandel.

Jesus Christus is die Tweede Adam, die Tweede Noag, en die Tweede Moses. Sy ganse lewe, vanaf die oomblik dat Hy as mens in die baarmoeder van Sy moeder ontvang is, dwarsdeur Sy hele lewe tot by Sy kruisdood en daarna was een geloofsdaad, omdat Sy menslike natuur tot eer van God was. Ek weet dat die Here Jesus die Here is, ek weet dat Hy dinge gedoen het wat ek nooit kon doen nie. Maar Hy is nie net God nie, Hy is ook mens. En die menslike dinge wat Hy gedoen het, moet ons deur Sy genade ontvang. Hy het al die sondes van ons weggeneem deur Sy wonderlike plaasvervangende lydensdaad aan die kruis. Maar Hy het dit as mens gedoen deur self as Tweede Adam aan die wet van God in ons plek te voldoen. Sodat ons gered word, nie omdat Christus God is nie, maar omdat Hy as volmaakte mens alles as mens gedoen het wat God verwag mense moet doen. Dus plaasvervangend en forensies is daar aan ons krediet toegestaan, maar ook as voorbeeld wat ons moet navolg. En ons moet in ons bestaan sover ons kan in die voetstappte van die mens Jesus Christus volg. Hy was tegelykertyd Profeet, Priester en Koning. Nie éérs 'n Profeet en daarna 'n Priester en daarna 'n Koning nie, maar in alles wat Hy gedoen het, het Hy Sy medemens gedien as Priester en die Woord van God verkondig as Profeet en het Hy as volmaakte mens onder God oor die sonde geregeer, en onder andere die voorbeeld aan ons gegee en in God se genade moet ons so lewe. Hy was 'n Man wat ook kon optree. Hy was 'n Man wat geweet het hoe om vrugtelose vyebome te vervloek, sodat die Jode wat afvallig word, kon weet dat Hy hulle gaan vervloek as hulle hul nie bekeer nie. Ek kry die gedagte ook onder die Afrikaners en te meer onder die Engelssprekendes, dat God 'n soort van kersvader is – Hy gee altyd mooi speelgoed aan Sy kinders, maar dit is 'n baie verwronge beeld van God. Dit is nie die Christelike beeld van God nie, dit is ook nie 'n weerkaatsing van die optrede van die Here Jesus (wat gebalanseerd was) nie. Jesus sê meer oor die hel as al die ander figure wat in die Bybel genoem word. Ons as Christene is so ver weggedrywe van dit wat die Bybel sê en die Bybelse beskouing, dat ons erns daarvan moet maak om die Bybel te lees en vir die Here te sê: “ag Here, ek is 'n sondaar, maar reformeer my in die Lig van U Woord”. Ons moet leer buig onder die Woord van die Here soos wat die Mens, Christus Jesus, gedoen het.

Paulus was 'n man wat 'n regsomkeer in sy lewe gemaak het. Hy was besig om Christene te vervolg, maar vandat hy die Here Jesus Christus op Damaskus se pad ontmoet het, was hy 'n ander mens. Paulus het net waar hy gegaan het, Christus verkondig. Ons moet dit ook doen. Nie net die predikante nie, maar veral u wat nie predikante is nie. Jy kan die beste predikant in die wêreld hê, maar as sy mense nie geleer word om te getuig nie, sal sy bediening nie veel werd wees nie.

Johannes was die Apostel van die liefde. Hy het die Here Jesus liefgehad, maar hy het die sonde ook intens gehaat. Daar was nie by hom 'n grys gebied nie – vir Johannes was dit òf wit òf swart. “Hy wat die Seun het, het die lewe. Hy wat die Seun nie het nie, het nie die lewe nie.” Hy het die wonderlike boek Openbaring geskryf.

Die Christelike Bybelbeskouing, van Genesis tot Openbaring, is baie eenvoudig. Dit beteken God moet God wees in alles wat jy doen. Elke oomblik van die lewe moet ons leer

om God te dien. Die dag wat die Kerk van die Here Jesus wêreldwyd só begin dien, sal alles wat Islams, Kommunisties en Humanisties is, soos 'n vetkers verdwyn. Die krag van die Heilige Gees bind mense wat in Sy genade aan Hom oorgegee is.

DEEL II – DIE GESIN

Die Noodsaaklikheid van die Gesin

deur dr. H.J. Smith

1. Uitgangspunt

Die fundamenteelste vertrekpunt by besinning oor die noodsaaklikheid van die gesin moet ons in die *wil van God* soek.

Ons maak bogenoemde stelling nie om dowe neutte nie. Selfs by Christene tref 'n mens baie dikwels die benaderingswyse aan om uit te gaan van die “werklikheid” (in hierdie geval die werklikheid van die gesin se bestaan) en om dan van daar af na God toe te redeneer. Wat *is*, word dus eerste aan die orde gestel en daarna die vraag *hoe* dit behoort te wees, hoe God in die prentjie kan pas om te sê hoe dit moes wees of hoe om dit beter te maak... Die gevaar is nie denkbeeldig nie dat God op hierdie wyse gereduseer word tot 'n blote bykomstigheid wat nie fundamenteel noodsaaklik is vir die werklikheid of die betrokke verskynsel nie, maar slegs nodig mag word wanneer normatiewe oorwegings (die *hoe*-vraag) op die tafel kom. Vir 'n lang tyd in die Westerse wetenskapsgeskiedenis is dit byvoorbeeld as *sine qua non* aanvaar dat die vakwetenskappe net *feite* mag beskryf en verklaar en nie na *norme* mag vra nie.

Op ons standpunt kan so 'n boedelskeiding nooit deug nie. Dit is bowendien afkomstig van 'n ou-ou heidense lewensbeskoulike opvatting dat die werklikheid 'n *substansiële* aard sou hê (m.a.w. 'n selfstandige bestaan in homself sou hê; onafhanklik van iets buite homself). Slegs binne so 'n heidense benadering kan 'n mens van die werklikheid as substansie uitgaan en aan God as 'n bykomstigheid aandag gee.

Nee, ons is oortuig dat die dryfkrag van die Bybelse boodskap ons wil laat glo en verstaan dat letterlik alles hulle ontstaan, voortbestaan en vervulling enkel en alleen te danke het aan die WIL van God soos dit in Christus realiseer. Om iets van God se wil te probeer losmaak, laat 'n mens met 'n blote teoretiese konstruksie wat bowendien skeefgetrek is.

Aan die wil van God moet ons egter nie as 'n abstraksie dink nie. Die wil van God in Christus is letterlik die *daarstellende* en *voortstuwende* mag agter die ganse werklikheid en sy verloop. Die wil van God is voorts *goed*. Daar sit nie iets onderduims of misleidend in nie. Soos Hy daarstel en voortstu, so is dit ook die beste vir die werklikheid in al sy fasette. God skep en roep die *mens* om 'n gehoorsame en dankbare medewerker binne die raamwerk van sy wil te wees. Maar die Bybel leer ons ook verstaan dat die mens by die historiese sondeval in Adam doelbewus gekies het om fundamenteel van dié wil af te wyk – met al die verwoesting en ellende wat daarmee saam gekom het. Die Tweede Persoon van die Goddelike Drie-eenheid (deur Wie Hy alles gemaak het en onderhou) tree egter deur sy menswording, kruisdood, opstanding en die uitstorting van sy Heilige Gees in om God se goeie wil te volvoer. Slegs in Hom en onder die dryfkrag van sy Gees kan die mens nou die Goddelike wil in beginsel gehoorsaam. In Hom en sy Gees stu God sy werklikheid voort tot voltooiing.

2. Wat bedoel Ons met die Gesin?

In sy omvattende werklikheid, glo ons, het God 'n spesiale ruimte geskep vir wat ons die “gesin” noem. Dit is, te midde van sovele ander skeppingsdinge en die sovele ander maniere van saambestaan tussen mense, die *saambestaan van ouers en kinders vanweë die afstamming van kinders uit die ouers en ingebind onder die tipiese soort liefde tussen ouers en kinders.*

Die oerbegin van die (kinder)lewe kan op geen ander manier plaasvind nie as deur die vrugbare seksuele daad tussen man en vrou – wat deur die Bybel onveranderlik aan die struktuur van die huwelik gebind word. Aan hierdie vrugbaarheid verbind die Bybel 'n besondere seën (Gen 1:22). Hierdie soort saambestaan staan dus onder besondere seën van die Here. Ook die lewenspraktyk bevestig dat die huweliksliefde tussen man en vrou mettertyd ryp word en roep om verdere vervulling in die gestalte van 'n kind of kinders. Hoewel daar ook uitsonderings is, sal almal van ons voorbeelde voor die gees kan roep van kinderlose egpare by wie die skreiende verlange om 'n kindjie bly brand. Kinders is 'n seën vir ouers; dit rond hul lewe op hierdie terrein van die lewe af en verskaf 'n voorwerp waarop tipiese ouerliefde uitgestort kan word. Kinders vervul dus in 'n wesenlike behoefte by reggegaarde ouers.

Op hul beurt kan kinders sonder daardie ouerliefde nie werklik gedy nie. Die kind is kragtens sy afstamming uit die ouers op die ouer se versorgende liefde onherroeplik aangewese. 'n Mensekind wat biologies en / of psigies verwerp word, kwyn en kan nie sy potensiaal bereik nie. Navorsers vestig die aandag daarop dat die mensekind, anders as by die diere, vir 'n baie lang periode biologies en psigies van die ouer afhanklik is. In die relatiewe lang periode kry die mense-ouer die geleentheid om die groot voorraad menslike geestes- en kultuurbesit aan die kind oor te dra – waarsonder die kind op sy beurt nie toegerus is om sy plek in die lewe te kan volstaan nie.

Ouers en kinders is dus deur die Here bedoel om seënryk op mekaar aangewese te wees – en die struktuur wat die Here vir hierdie saamwees voorsien, is die gesin.

3. Noodsaaklikheid

Om aan ons onderwerp reg te laat geskied, sal ons ook duidelikheid moet kry oor wat ons onder “noodsaaklikheid” verstaan. Dit is enigiets wat vir die lewe se bestaan en voortbestaan absoluut nodig is; die lewe kan nie voortgaan as daardie “iets” nie daar is en tot sy reg kom nie. Daar is dus 'n dwingendheid, 'n verpligting aan die begrip gekoppel. In ons onderwerp wil ons dus vir mekaar sê dat dit vir die bestaan en voortbestaan van die lewe, in sy geskape en herskape aard, absoluut 'n *moet* is dat die gesin dáár moet wees en kerngesond moet funksioneer.

4. Die Noodsaaklikheid van die Gesin

Ons het eerder gesê dat ons nie van die verskynsels / werklikheid af moet uitgaan en agterna gaan vra hoe God in die prentjie pas of wat God se wil in daardie verband is nie. God se wil is juis die drakrag en tegelyk stukrag van die werklikheid.

Dit geld ook van die strukture of raamwerke vir saambestaan wat God gegee het. Geloof, byvoorbeeld, weet ons almal is van deurslaggewende belang as Godgegewe lewenskondisie en as lewensfunksie van die mens. Die geloof is al genoem die grensfunksie in die mens se lewe – die venster op die ewigheid. In die geloof gryp die mens (enige mens) na die laaste V(v)aste G(g)rond in sy lewe (waar of vermeend – die ewige ware God of iets in die ondermaanse) en heg hom daar. Dáárdie verbintenis word van nou af die lewensbeskoulike en lewensbepalende verbintenis t.o.v. sy ganse bestaan. En die Godgewilde struktuur vir saambestaan wat met die geloof verband hou, is die kerk. Ons moet die kerk nie sien as iets bykomend tot die geloof nie, maar as't ware iets wat sáám met die geloof gegee is. Die kerk, waar dit goed is, verskaf die *motivering*, die stukrag vir die geloof deur getroue Woord-, sakraments- en tugbediening. So ook verskaf die kerk die veilige *raamwerk* van gelowiges wat saamstaan in die geloof; soos ook die *normering en kanalisering* van die geloof in konfessie, erediens (kultus) en in daade van liefdesdiens. Die kerk is dus noodsaaklik vir die geloofsbeoefening. God werk in en deur die struktuur van die kerk om ons geloof te stu, te dra en te rig.

Ons kan nog 'n voorbeeld noem. Kultuurgedrag is eie aan die mens. Maar elke enkeling op sy eie sou nie kultuur kon vorm nie. Dink byvoorbeeld aan taalgebruik, geskiedenisvorming... Dit is in volksverband dat die enkeling se kultuurgedrag tot sy reg kom. God gee as't ware die volk as manier van saambestaan om kultuurgedrag te motiveer, die veilige raamwerk vir die kultuurlewe te verskaf, en kultuurgedrag te normeer en te kanaliseer.

So, glo ons, is die huwelik en die huisgesin noodsaaklik vir die seksuele gedrag en die huislike liefdesgedrag van die mens. Teenoor die hedendaagse permissiewe seksuele moraal, moet ons dit stel: God het die egtelike band gegee ter *motivering* van die mens se seksuele gedrag! Die mens is nie éérs 'n seksuele wese en gaan vorm dan (as hy so wil) 'n huwelik ter wille daarvan nie. Huwelik en seksualiteit is op mekaar aangelê. Dit is die huweliksband wat die vertrouensverhouding / struktuur skep waarin die algehele oorgawe aan mekaar in die seksuele daad eers tot sy ware reg kom. Veral vir die vrou is hierdie vertrouetheid; die veiligheid van 'n voortgaande, stabiele, versorgende verhouding van die uiterste belang. Dit is die eksklusiewe en eiesoortige liefde vir mekaar wat juis ook die bronne van die seksuele energie oopmaak, maar ook van 'n veilige raamwerk voorsien – en ook kanaliseer en normeer. Die raamwerk van die huwelik, die vertrouensverhouding tussen man en vrou, die liefde tussen hulle stu nie net die seksuele energie nie; dit plaas ook die nodige dissipline daarop waarsonder niks in hierdie lewe 'n seën bly nie. Dit weerhou dus ook van losbandigheid. Seksuele gedrag en begeertes buite die huwelik dui altyd op verwording en die verwoesting van hierdie mooi stuk van die lewe wat God gegee het. Dit geld ook vir die nog-nie-getroude. Die Bybel wil dit so dat die ongetroude hom / haar rein sal hou ter wille van die huwelik wat hy / sy gaan sluit.

Die huwelik motiveer of stu dus die seksuele vonk tussen man en vrou, verskaf die raamwerk daarvoor en normeer dit. So bly dit op die spoor – immers so is dit deur God gewil. Die *huwelik* is *noodsaaklik* vir die mens se liefdesgedrag sover dit seksuele optrede raak.

Maar so is ook die *gesin* noodsaaklik vir die verhouding tussen die leweverwekkende ouerpaar en die kind wat uit die verhouding gebore word. As ouers kinders moes verwek wat sommer ná geboorte in die niet verdwyn, sou dit daardie ouer met 'n onvervulde

behoefte; met 'n leë gemoed laat. Kinders, op hulle beurt, wat uit hierdie raamwerk losgeskeur word, ontbeer die warmte, stabiliteit en sorg waarsonder hulle nie oor die weg kan kom nie. Ook in die geval van die gesin is die gesinstruktuur die *stukrag* van die Goddelike wil vir gesinsvorming, verskaf dit die raamwerk daarvoor en word menslike gedrag in hierdie sfeer van die lewe van die noodsaaklike kanalisering of normering voorsien.

Die gesin is die noodsaaklike bedding waarin God sy verbond op hierdie aarde laat vloei. Hoewel nuwe bondelinge ook via die sendingopdrag tot die verbondsgeslag toegevoeg word, is die “gewone”, normale manier waarop God sy verbond bou die weg deur die lendene van verbondsouers. Binne hierdie struktuur vind verbondsoepvoeding primêr plaas, soos die doopgelofte dit duidelik stel. Vir die bloot fisiese, maar ook geestelike instandhouding van die verbond, is die huisgesin noodsaaklik.

Die gesin is in 'n sekere sin die kweekhuis ook vir die hele samelewing en die hele lewe. Dit is die grondleggende lewenskring waarin die pasontspruite teer menseplantjie die beskermde omgewing, die warmte en die leiding vind om eers sterk te kan word alvorens hy daarbuite in die lewe uitgeplaas word om die so dikwelse koue en die winde te trotseer. Deuteronomium 6:4-9 gee 'n mooi model van die verbondsgesin wat hierdie kweekhuis optimaal laat geld vir die verbondsewe met en die verbondsoepvoeding vir God. Die Vyfde Gebod leer ons verder wat gebeur waar die kind in sy eerste, onmiddellike lewenskring leer om gesag te eerbiedig (*eer jou vader en jou moeder*): dan word jou dae verleng in die land wat die Here jou God aan jou gee – die gesonde lewensraamwerk van die huisgesin word voortgedra in die groot lewe daarbuite en daar kom orde waarsonder geen lewe op die duur moontlik is nie.

Die meeste van ons is waarskynlik bekend met die gebeurtenis in Rusland net ná die kommunistiese oorname in 1917. Omdat die huwelik en gesin volgens die kommunistiese ideologie kapitalistiese erfenisse is, is daarmee so gou moontlik weggedoen. Die glas-water-teorie het gegeld: as 'n mens dors het, maak dit nie saak uit watter houer jy die water drink nie, solank jy jou dors les. So met menslike seksualiteit. Mense is dus losgelaat om soos vee te leef. Daarmee is die beskermende raamwerke van die huwelik en die gesin losgelaat. Die kinders wat gebore is, moes so êrens maar opgevang en as staatseiendom “opgevoed” word. Die gevolg was dat binne enkele jare 'n vloedgolf van jong, wilde barbaartjies die Russiese grasvlaktes oorstrom het en dat soveel chaos oor die samelewing gebring is dat die huwelik en huisgesin in ere herstel moes word – soveel so dat nog jare later die kommuniste daarop geroem het dat hulle huisgesinne veel kerngesonder is as dié van die dekadente Westerlinge!

Dit is dus *noodsaaklik* vir die verbond, die lewe en die samelewing dat die gesin daar is en gesond funksioneer.

5. Die Gesin bedreig

Die feit dat ons geroep word om oor die noodsaaklikheid van die gesin te besin, sê reeds dat ons aanvoel dat hierdie noodsaaklike struktuur van God in ons dag op een of meer wyses bedreig word – en dat daarmee die lewensfunksionering self bedreig word.

Dit geskied vandag veral op die volgende wyses:

5.1 Akademiese Argumente

Aweregse akademiese argumente oor waar die struktuur van die gesin vandaan sou kom, het 'n diskrediterende uitwerking op die wyse waarop hierdie struktuur in veral intellektuele kringe aangeslaan word – omtrent soos die evolusionisme 'n diskrediterende uitwerking op Bybelse skeppingsgeloof het. Daar was hoofsaaklik twee breë stroombane van denke hieroor.

In die sogenaamde *struktureel-funksionele* analise van die samelewing is die ou uitgebreide gesin gesien as die basis waarop die agrariese samelewing geskoei was. Met die koms van die industriële samelewing en die verstedelikingsproses wat daarmee saamgegaan het, het hierdie basis al kleiner geword vanweë die proses van strukturele differensiasie – die verskynsel waarvolgens die uitgebreide gesin funksies aan ander strukture afgestaan het en in die proses struktureel al kleiner geword het. Hiervolgens is 'n proses van soveel funksieverlies aan die gang gesit dat die gesin waarskynlik mettertyd sal moet verdwyn.

Die *konflikbenadering* waarna reeds sydelings verwys is en wat aan die naam van Karl Marx gekoppel word, sien die huwelik as uitvloeisel van die kapitalisme (privaatbesit maak dat die man 'n bepaalde vrou opeis en van haar sê: dit is myne!) en daarom uit beginsel verwerplik. Die gesin as uitvloeisel van die kapitalistiese huwelik moes aan die kapitalisvader sommer 'n arbeidsmag in sy gesinslede verskaf. Hy produseer dus vir hom 'n werkersmag – dus verwerplik! In die kommunistiese samelewing, so word gedroom, sal al sulke strukture opgelos wees in een salige kommunale saambestaan.

5.2 Liberalisme

Liberalisme glo dat die mens in die eerste plek slegs as *enkeling* bestaan en wil die *vryheid* van dié enkeling as hoogste waarde verskans. Strukture soos die kerk, volk, huwelik en gesin is die blote produk van individuele gedrag. As sodanig is dit ook vrywillig en bykomstig. Seksuele gedrag mag dan per konsekwensie maar buite die huwelik plaasvind. Gesinsontbinding word nie so erg geskat nie, solank die “selfvervulling” van die individu net ongeskonde staan.

5.3 Radikale Feminisme

Radikale feminisme laat vloei bogenoemde bane as't ware ineen en sê dat die huwelik en gesin ontwerp is om die vryheid en selfverwesenliking van die vrou te ontnem. Sy is deur die struktuur van die huwelik en die gesin in 'n onderhorige posisie ingedwing. Man en kinders beknot haar selfvervulling en as dit in die pad dáárvan staan, moet dit die wyk voor haar individuele selfvervulling neem.

5.4 Postmodernisme

Postmodernisme beweer alles wat in die verlede oor die waarde van kerk, volk, huwelik en gesin gesê is, is maar net die verhale, die stories soos die betrokke outeurs dit toe gesien en verwoord het. In die werklikheid self bestaan daar nie so-iets nie. Daar is ook geen universele waarheid waarin dit geborg is of aan die hand waarvan ons kan beweer dat dit daar is of behoort te wees nie. Elkeen kan dus in sy eie tyd die lewe verstaan en leef net

soos hy wil. Dit is duidelik dat die gevolg van hierdie beskouing tot totale relativisme en uiteindelik nihilisme moet lei: die totale lewe word van sy geborgdheid, sy waarheidsgrondslag, sy onderskeie strukturele skanse, sy beskermende raamwerke, sy normering, kanalisering en doelgerigtheid, en uiteindelik ook van sy stukrag, sy motivering ontnem. Al wat oorbly, is 'n hopelose, sinlose NIKS.

Eintlik is al bogenoemde faktore wat die gesin se bestaan in ons “moderne” tyd bedreig, maar uitvloeisels van die *humanisme* – die moderne lewensinstelling waarvolgens die ganse lewe in terme van die *mens* verstaan en ingerig word. Die gevolg daarvan is 'n geringskatting en weerstrewing van die wil van God – met katastrofale gevolge vir die lewe self, die mens (man en vrou), die samelewing, en die kind. Ten diepste egter wortel die “bedreiging” van die gesin in die *sondige* opstand van die mens teen God soos dit reeds sedert die historiese sondeval in Adam geld.

6. Die oplossing

Daar kan maar net een oplossing wees: dat die dinamiek van die liefdevolle, goeie Goddelike wil in Christus Jesus deur sy Woord en Gees weer ons harte sal beheers en ons lewens daarvolgens ingerig word. Vir ons beteken dit: reformasie, bekering, terugkeer tot God in Christus Jesus, die Skeppings- en Herskeppingsmiddelaar – en dit nie slegs formeel nie, maar van ganser harte.

Die Bybelse Teorie van Christelike Onderwys

deur dr. F.N. Lee

“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan!”

“Ook moet jy dit as ’n teken bind op jou hand, en dit moet as ’n voorhoofsband tussen jou oë wees. En jy moet dit op die deurpos van jou huis en op jou stadspoorte skrywe!”

– Deut. 6:5-9.

Wat is Christelike Onderwys? “Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis.”¹ In die lig van die Woord van God – want “in U lig sien ons die lig”² – wil ons in dié rede probeer om die wil van God oor die onderwerp van Christelike Onderwys na te speur.

Hier sal ons kortliks by die volgende stilstaan:

eerstens, die definisie van Christelike Onderwys – wat is dit?;

tweedens, die doel van Christelike Onderwys – wat wil dit?;

derdens, die voorwerpe van Christelike Onderwys – wie moet geleer word?;

vierdens, die onderwysers van Christelike Onderwys – wie moet onderrig?; en

vyfdens, die metodes van Christelike Onderwys – hoe moet onderrig word?

1. Die definisie van Christelike Onderwys

Die woord “onderwys” is die Afrikaanse ekwivalent van die Engelse woord “education” – wat aanvanklik van die Latynse woord *educare* afgelei is. Dit beteken om “te onderrig” of om “op te lei.” Dié Latynse woord *educare* is op sy beurt waarskynlik nog verder terug van nog twee ander Latynse woorde afgelei – te wete *e* end *duco*. Saamgevat, dié twee woorde beteken dus: “ek lei uit.”

“Edukasie” of onderrig slaan dus op ’n “uitleiding.” Dit veronderstel dus dat iets uit iemand uitgelei word. Dit impliseer om dié rede die ontwikkeling van dié inherente gawes en kennis wat God aan elke mens en veral aan elke kind gegee het.

¹ Spr. 1:7.

² Ps. 36:9.

Maar die woorde “onderrig” en “edukasie” word vandag dikwels ook in ’n nog meer uitgebreide sin gebruik. So sluit dit ook die teenoorgestelde proses in. Want met “edukasie” bedoel ons vandag nie alleen dit wat ons buitekant iemand uithaal nie. Daarmee bedoel ons ook dit wat ons binnekant iemand daarstel. – ’n proses wat na regte eintlik “indukasie” of induksie of self indoktrinasie genoem behoort te word.

Desondanks besig ons hier die woorde “edukasie” en “onderrig” in die breë sin. So dek ons dan sowel dié proses om uit iemand uit te haal wat God voorheen in hulle ingesit het – asook die ander proses wanneer ons iets vanuit God se wêreld binne-in iemand insit wat voorheen nie binne-in hom of haar was nie.

So dek die woorde “edukasie” en “onderrig” (wanneer so opgevat) dus ook die ander proses van “indukasie” of “induksie”. Te wete dié onderrigproses wat die ontwikkeling van kennis en deugde in ’n menselike wese aanmoedig, juis deur die óórdrag aan dit wat buitekant is na hul binnekant aan te moedig en by hul persoonlikheid te inkorporeer.

Albei– “edukasie” en “indukasie” – is voor die sondeval gebruik. Dog hulle was destyds altwee meer instinktiewe prosesse as wat hulle nou is. Dit wil sê – vóór die sondeval het beide “edukasie” en “indukasie” heel vlotter by Adam gefungeer as wat nou by ons die geval is. Hulle is destyds albei meer direk gebruik, as wat tans gebeur. Want voor die sondeval was God die regstreekse en die enigste Opvoeder of Onderrigter – minstens terwyl slegs twee mense toe bestaan het. Ná die sondeval onderrig die Here egter ook indirek – te wete, deur middel van ’n menslike onderwyser.

Voor die sondeval was die mens steeds die ongeskonde beeld van God – wat toe volmaakte geregtigheid en heiligheid en heerskappy en kennis besit het.³ Dié volmaakte geregtigheid en heiligheid en heerskappy en kennis – was destyds egter aan toename onderworpe. Want Adam is toe nie bestem om staties te bly nie. Hy is toe bestem om meer en meer kennis op te doen en ook in genade toe te neem – selfs al sou hy nooit gesondig het nie.

Hy was egter voor die sondeval ongeskonde. En vanweë dié ongeskondenheid, was dit vir hom toe makliker om kennis te leer opdoen – as wat dit tans met ons die geval is.

Ná die sondeval is die mens egter verander. Hy verander toe tot ’n algeheel-verdorwe sondaar. Gevolglik is dit juis na die sondeval dat onderrig sy volle klem ontvang. So kontrasteer God se indirekte opvoeding van die mens na die sondeval juis deur die bewuste en arbeidsame pogings van sy medemens – nogal baie skerp met die regstreekse opvoedingswerk van God as Opperste Onderwyser voor die sondeval toe die mens baie maklik geleer het.

Onderrig is ’n universele vereiste van alle gevallenes. Alle menslike wesens en daarom ook alle kinders moet volgens die eis van God se weë onderrig word, sodat ook as hulle ouer word, hulle daarvandaan nie afwyk nie.⁴ Maar daar moet desnietemin in gedagte gehou word dat elke mens en dus elke kind ’n spesiale skepping van die Here is. Want elkeen het spesiale gawes wat geëdukeer of uitgelei moet word.

³ Kol. 3:10; Ef. 4:24; Gen. 1:26-28.

⁴ Spr. 22:6.

Elke mens en elke kind se spesiale gawes van God moet dus nie onder 'n stereotiepe Onderwys-Molog vergruis word, wat die eenvormigheid van alle onderrig beoog nie. Dink byvoorbeeld aan die voorbeelde van die spesiale kunsgawes wat Besaleël en Aholiab⁵ – gawes wat die res van die Israeliete nie besit het nie. Maar dié gawes moes uit hulle uitgelei word. Slegs daarna was hulle in staat om God se bondsvolk met hulle talente te bedien.

So is “edukasie” en “indukasie” verwante prosesse wat onderskeidelik dinge uit mense wil uittrek en ander dinge binne-in mense wil inplaas. Albei word tot die ganse persoonlikheid van die betrokke gerig. Wat die onderrig van die jeug betref, word hulle meer spesifiek gerig tot die ganse kind wat opgelei moet word. En dit is inderdaad die onderrig van die kind waarmee ons in dié rede meer spesifiek betrokke wil wees.

Hierdie veelomvattende benadering om die ganse mens te onderrig, lei ons van Jesus Christus se Groot Gebod af. Dit beveel ons: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”⁶ Dit beveel ook dat ons die Here en ons medemens “uit jou hele krag”⁷ moet liefhê. Inderdaad, ook elders word ons beveel om God “met al jou krag” te bemin.⁸

Onderrig sluit elke aspek van ons bestaan in. Dit sluit natuurlik ook ons liggame in. “Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees Wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie?... Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort!”⁹

Ons sien dus dat alle ware “edukasie” (en ware “indukasie” of induksie) beteken dat ons: (1) vertikaal die Here met ons hele hart moet liefhê; (2) horisontaal die mens [d.w.s. sowel ons buurman asook onself as die beeld van God] met ons hele hart moet liefhê; en (3) as 'n geheel sowel God as die mens met ons ganse hart en ons ganse verstand en ons ganse siel en ons ganse krag en ons ganse mag en ons ganse liggaam en dus met ons ganse bestaan moet liefhê.

Om iemand te leer hoe om met sy siel lief te hê, verg religieuse onderrig. Om iemand te leer hoe om met sy verstand lief te hê, verg intellektuele onderrig (waarvan die klassieke Metodisme met sy piëtistiese klem op die bekering slegs van die siel niks weet nie). Om iemand te leer hoe om met sy siel lief te hê, verg religieuse ónderrig. Om iemand te leer hoe om met sy liggaam lief te hê, verg liggaamlike ónderrig. Om met al ons krag en al ons mag lief te hê, verg 'n totale ónderrig – *mens sana in corpore sano*, 'n gesonde verstand in 'n gesonde liggaam. Daaraan kan ons ook *cum anima sana*, met 'n gesonde siel, goedsikks toevoeg

Christelike Onderwys bestaan dus uit hierdie selfde prosesse van “edukasie” en “induksie” wat ooreenkomstig die vleesgeworde en die skrifgeworde Woord van God nagejaag word. Dit staan gekant teenoor gewone onderrig (wat, afgesien van die invloed

⁵ Ex. 31:2-6.

⁶ Matt. 22:37.

⁷ Luk. 10:27.

⁸ Deut. 6:5.

⁹ I Kor. 6:19-20.

van God se algemene genade, eintlik glad nie onderrig is nie, maar eerder verleiding tot diens van die duiwel is).

Christelike Onderwys kan dan gedefinieer word as dié humanitêre dissipline wat dié individuele gawes “edukeer” of uitlei en ontwikkel wat God aan elke mens gegee het; en wat dié spesiale genadegawes en algemene deugde en algemene kennisitems “indukeer” wat God aan elke mens wil laat oordra, ooreenkomstig Jesus Christus as die vleesgeworde Woord van God en in ooreenstemming met die Heilige Skrif as die geskrewe Woord van God.

2. Die doel van Christelike Onderwys

Toe God ons eerste voorouers, Adam en Eva, geskape het – het Hy vir hulle (en ook vir hulle afstammeling in hulle lendene) – ’n heerlike “indukasionele” en opvoedkundige doel gegee. Te wete: “Wees vrugbaar en vermeerder, en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.”¹⁰ En deur Adam en Eva sowel inwendig deur Sy Heilige Gees¹¹ asook uitwendig deur Sy Goddelike Woord¹² te oortuig, het God ons eerste voorouers oor die doel van hul lewens onderrig.

Nadat Hy hulle geskape het met die vermoë om daardie doel van die onverliesbare ewige lewe en onverliesbare ewige kennis te bereik, het God hulle begin onderrig. Hy het dus begin om vanuit Adam en Eva dié gawes wat Hy voorheen binne-in hulle geplaas het, uit te trek en te ontwikkel – en hulle ook te “indukeer” of te indoktrineer deur hulle met die wêreld en al sy volheid buitekant hulle en rondom hulle te konfronteer. Op dié manier het God binne-in hulle begin plaas, dit wat Hy voorheen in die ganse buitewêreld gestel het.

God neem toe die mens as Sy leerling. As die Opperste Onderwyser, laat Hy die mens sy taak begin onderneem, deur die aarde en die see en die lug te onderwerp. Dit doen God deur die mens in die tuin van Eden te stel, om dit te bewerk en te bewaak.¹³

Positief onderrig God die mens om die grond te onderwerp. Negatief onderrig Hy die mens om hom te weerhou van die vrug van die boom van die kennis van goed en kwaad. As geduldige Onderwyser bring die Here God toe al die diere van die veld en al die voëls van die lug wat Hy geformeer het na die mens toe – om te sien hoe hy hulle sou noem. En net soos die mens al die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees.¹⁴

Die Opperste Onderwyser stel toe die verskeidenheid geskape dinge aan Sy heel eerste menslike leerling ten toon. Dié heel eerste menslike leerling bestudeer hulle toe. Die leerling sien dié dinge raak, en besig toe sy eie woorde om hulle te noem. Dié woorde is deur die Opperste Onderwyser gehoor en goedgekeur. Hier vind ons die heel eerste ware selfonderrigmetode – asook die heel eerste oudio-visuele manier van opvoeding.

¹⁰ Gen. 1:28.

¹¹ Gen. 2:7, 19-20, vgl. Job 32:8 en Spr. 2:6.

¹² Gen. 1:29.

¹³ Gen. 2:15.

¹⁴ Gen. 2:19.

Dit is was dan die begin van menslike onderrig; maar dit was nie die einde nie. Want die mens is bestem om voort te gaan uit Eden, wat sy beginpunt was – om die hele aarde te vul.

So is die mens by wyse van “edukasie” en “indukasie” bestem om in die kennis van die Here en die Here se aarde toe te neem – en uiteindelik die ganse aarde, die ganse see, en die ganse lug tot verheerliking van God te onderwerp.¹⁵ Die mens was bestem om toe te sien dat die aarde “vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.”¹⁶ Dit was dan – en dit bly nog – die groot doel van Christelike Onderwys.

Maar dié groot doel om in die kennis van die Here toe te neem en om die aarde en die see en die lug tot verheerliking van God te onderwerp – vereis ook ’n hele aantal mindere doelstellings, ten einde dié groot doel te verwesenlik. Die mindere asook die meer onmiddellike doelstellings van Christelike Onderwys is om gespesialiseerde kennis van die aarde en die see en die lug asook van die Here wat dit alles geskape en verlos het, aan die gang te hou.

So vereis Christelike Onderwys ónderrig: in die godsdiens [wat oor die Skepper (en Verlosser) leer]; in die wysbegeerte [wat aangaande die skepping as geheel handel]; in die wiskunde (wat ons leer hoe om God se skepsels te tel); in die natuurwetenskappe soos fisika en biologie (wat ons leer hoe om die hoedanighede te verstaan van al die dinge wat God gemaak het).

Christene moet onderrig ontvang ook in: die geskiedenis en die aardrykskunde; in hulle eie taal en in ander tale (insluitende ’n lees- en ’n skryf- en ’n spreekkennis daarvan); in die kunste; en in moraliteit ens. Elkeen van dié vakke leer ons aangaande een of meer aspekte van God se skepping.

Baie breë en onderrig in elke aspek van die lewe word vereis. Dit sluit in veelomvattende onderrig in al die spesiale hoofwetenskappe – ten einde die groot doel te bereik om die ganse wêreld tot verheerliking van God te onderwerp.

Maar, as gevolg van die sondeval, is die mens se verstand nou deur die sonde verduister.¹⁷ Die mens se verstand is dus nou onbevoeg om God se wêreld sonder die hulp van Sy geskrewe Woord reg te verstaan. Dit is dus nou noodsaaklik om op dié geskrewe Woord van God baie fyn te let.

Dit is wat Paulus met sy gevorderde onderrig van Timoteus aangeraai het, toe hy vir hom gesê het: “Bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.”

T.o.v. “edukasie” en “indukasie” voeg Paulus dan die volgende vir Timoteus by. “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot

¹⁵ Gen. 1:28; 9:1-7; Ps. 8; I Kor. 15:20-28; Heb. 2:5-10; 4:1-11; Opb. 14:13.

¹⁶ Hab. 2:14.

¹⁷ Gen. 1:2-3; 1:26-30; 2:7,16-18; Job 26:13; 32:8; 33:4-6; 34:14; Ps. 33:4-9; 104:7,30-32; Joh. 1:1-18; II Kor. 4:6; Ef. 4:18; Heb. 11:1-3; I Joh. 5:6-8.

onderwysing in die geregtigheid – sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.”¹⁸

Ons moet dus deeglik nie alleen tot slegs sommige goeie werke nie – nie alleen tot slegs die wonderlike werk om siele te red – toegerus word nie. Ons moet deeglik ook “vir elke goeie werk” toegerus word.

Nadat ons tot die goeie werk toegerus is om die siel te red, moet ons selfs verder toegerus word om ook die liggaam te red. En nie alleen dit nie, maar ook die ganse wêreld met al die volheid daarvan wat God daarin gestel het.

Met een woord – ons moet onderrig word om God se wêreld tot Sy heerlikheid te oorheers. Want dit is waartoe God die mens voor die sondeval oorspronklik geskape het, om so te maak.

God het Sy Gees dus in die Heilige Skrif ingeadem – sodat die gevalle dog verlore man van God vervolmaak kan word. Die Skrif is gegee sodat die mens van God tot elke goeie werk deeglik toegerus mag word – nes die man en die vrou van God tot elke goeie werk ook in die staat van geregtigheid deeglik toegerus is. Want hulle is reeds toe al “volkome toegerus” tot hul verhewe en veelomvattende taak om die ganse aarde en die ganse see en die ganse lug tot verheerliking van God te onderwerp.

Die doel van alle Christelike Onderwys is dus dat die man van God al dié dinge volgens sy eie individuele spesiale gawes verrig – om altyd in die werk van die Here oorvloedig te word. Ja, selfs t.o.v. ons gewone daaglikse sg. “sekulêre werk” vir die Here.

Want ons gewone daaglikse werk op kantoor of in ons kombuis, is steeds werk in die Here se wêreld. Derhalwe moet dit slegs tot Sy eer en heerlikheid gedoen word, “omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.”¹⁹

3. Wie is die voorwerpe van Christelike Onderwys?

Die voorwerpe van Christelike Onderwys, in teenstelling met die voorwerpe van Nie-Christelike Onderwys, is alle mense en veral alle kinders wat binnekant die Genadeverbond gebring word. Afgesien van ons heel eerste voorouers, het alle volwassenes hul lewens aanvanklik as kinders begin. So behoort ons ons ontleding van die voorwerpe van Christelike Onderwys, dan ook met dié van kinders te begin. Want dit is juis as kinders dat ons gebore is, voordat ons as volwassenes grootword.

Sedert die sondeval, is alle mense en juis alle kinders, selfs Christenmense en Christenkinders (nl. kinders uit Christenouers gebore), in sonde ontvang. Hulle is selfs voor hul geboortes “in ongeregtheid ontvang.”²⁰ Inderdaad, hulle kan die Koninkryk van God nie eens sien nie – tensy hulle eers van bo wedergebore word.²¹

¹⁸ II Tim. 3:14-17.

¹⁹ I Kor. 10:26,31; 15:45 en 58.

²⁰ Ps. 51:5; Rom. 5:12v.; Job 14:1-4.

²¹ Joh. 1:9-13; 3:3-8.

Dit geld selfs vir babas in Christelike gesinne. Maar dié Christenkinders – anders as die babas van Nié-Christene – word vanaf hul geboorte [en selfs vanaf hul ontvangenis²²] geheilig. Naamlik vanweë die feit dat hulle binne die verbond ontvang en gebore word.²³

Kinders vanuit minstens een Christenouer ontvang en gebore, is “heilige” kinders. Hulle is nie volgens God se allerheilige Woord soos die kinders van ongelowiges “onrein” nie.²²

Ons lees voor die uittog van ouds dat “die Here ’n onderskeid maak tussen die Egiptenaars en die Israeliete.”²⁴ God het inderdaad belowe dat Hy Sy Doodsengel oor Egipteland sou stuur, en dat Hy die lewe van elke eersgebore kind sou neem – tensy die bloed van die Paaslam aan die bo-kosyn van elke huis waar hy of sy woonagtig was, gestryk sou word.²⁵

So sê God se Woord dat kinders binnekant die Genadeverbond gebore, heilig en nie onrein is nie. Inderdaad, wat God gereinig en geheilig het, mag geen mens onrein noem nie.²⁶

Desnietemin moet Christenouers steeds vir hulle kindertjies na die bloed van die lam bo-op die drumpels van hulle huis toewys – nes die verbondsouers van ouds. So wil die Here dan “’n onderskeid” maak tussen ons kinders en dié van die heidene, wanneer God deur die land gaan en al die eersgeborenes tref en Sy oordele “teen al die afgode van Egipteland voltrek.”²⁵ Dié dreigement is toe – in ooreenstemming met God se allervolmaakste strafgerig – uitgevoer.

Daarenteen het die Here toe Sy bondsvolk en hulle kindertjies gespaar. Waarom? Omdat hulle nie in sonde ontvang en in onregtigheid gebore was nie? Nee! Slegs omdat die bloed van die lam op die bo-drumpel gestryk is, en omdat hulle onder verbondsvoorregte geleef het – onder die bloed van die lam wat aan die drumpels van hulle huise gesprinkel is.²⁵

Enersyds sien ons dus dat Christenkinders, die hoofvoorwerpe van Christelike Onderwys, as sondaars en nes alle ander kinders “van nature as kinders van die toorn” beskou word.²⁷ Want dit is onmoontlik dat ’n reine uit ’n onreine gebore kan word.²⁸

Andersyds, kragtens God se verbond, word Christenkinders – anders as die kinders van Nié-Christene – volgens Sy genade as geredde sondaars beskou.²⁴

Indien Christenkinders wel uit twee ongelowige ouers gebore sou word, sou dié kinders onrein wees. Maar, omdat dié kinders minstens een gelowige ouer het, is hulle heilig.²⁴

“Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word – je en jou huisgesin!”²⁹ So sê die Here! Tensy en totdat juis die teenoorgestelde in die latere lewens van dié bondkindertjies

²² Jer. 1:5; Luk. 1:15; I Kor. 7:14; Gal. 1:15.

²³ Gen. 17:9-14; Col. 2:8-13; Acts 2:37-39.

²⁴ I Kor. 7:14 vgl. Ex. 11:7. Sien ook: *Heidelbergse Kategismus* Vr. 72-74; *Nederlandse Geloofsbelydenis* art. 34; *Dordtse Leerreëls* I:17; en *Westminsterse Geloofsbelydenis* 10:3.

²⁵ Ex. 12:12,21-26 vgl. I Kor. 5:7 en *Westminsterse Groter Kategismus* Vr. 31 & 68.

²⁶ Vgl. Hand. 10:15.

²⁷ Ef. 2:3.

²⁸ Job 14:1-4; 15:14; 25:4.

²⁹ Hand. 16:31.

duidelik geopenbaar word – moet hulle op grond van hul bondsposisie vanaf hul geboorte en inderdaad selfs vanaf hulle ontvangenis as gered beskou word.

Dié **onderskeid** wat God tussen gelowiges en hul kinders enersyds en ongelowiges en hul kinders andersyds daarstel, word in die heilige doop duidelik sigbaar. Want gelowiges word beveel: “Bekeer julle, en word... tot vergifnis van sondes gedoop!” Hulle word verseker dat hulle dan “die gawe van die Heilige Gees sal ontvang.” God verseker hulle verder inderdaad dat “die belofte aan julle en aan julle kinders en aan almal wat ver weg is, toekom – aan almal wat die Here onse God sal roep.”³⁰

Dit beteken nie dat die volwasse gelowige of sy kindjie eers met die doop heilig word nie. Nee! Inteendeel, sowel die volwasse gelowiges asook hulle kindertjies word gedoop – omdat reeds blyk dat hulle voor hulle doop heilig is. Om dié rede alleen word hulle daarop geregtig om die heilige doop te ontvang.

Dit beteken ook nie dat gedoopte of ongedoopte huigelaars wat valslik beweer dat hulle en hulle kinders gelowiges is, gered sal word nie. Dit is natuurlik wel die geval – mits hulle uitverkorenes is, en mits hulle as gevolg daarvan eers dan of later in besit van ’n reddende geloof in Christus kom. En dit beteken ook nie dat ongedoopte ongelowiges en hulle kinders noodwendig permanent verlore is nie.

Dit is waar dat daar sekerlik geen skriftuurlike basis hoegenaamd is om te glo dat óf ongelowiges óf die kinders van ongelowiges outomatiese gered word nie. Want selfs die babas van die massa ongelowiges het almal ten tyde van die sondvloed verdrink – toe slegs Noag en sy kinders en hul vrouens binnekant die ark gered en gedoop is.³¹ God is sekerlik ook in Sy besluit om te verwerp, soewerein. Want “wie Hy wil, dié verhard Hy.”³² Dog wat dié soos Job betref wat buitekant die verbond is, God “ontferm Hom oor dié oor wie Hy Hom wil ontferm.”³²

Die Skrif steun egter definitief die veronderstelling dat die kinders van gelowiges, minstens totdat hulle ’n ouderdom van persoonlike diskresie bereik het, as waarlik gered beskou moet word – eenvoudig omdat hulle binne-in die verbond gebore is. En dit, alhoewel dit ook die geval is dat sommige later oortuigende teenbewys mag gee – soos by die treurige geval van Kain.³³ So berus die hele saak in God se genadige uitverkiesing, en in die geheimsinnige wedergeboorte en bekering tot die lewende God.

Dog die sigbare verbond tussen God aan die een kant en die gelowiges en hulle kinders aan die ander kant is natuurlik altyd die normale *locus vocandi* van Sy kinders – d.w.s., die normale plek waar God die meeste van Sy voorbeskikte uitverkorenes roep. Want selfs waar Hy hulle nie van binnekant die Kerk roep nie, bring Hy hulle almal reëlmatig tot binne-in Sy Kerk – nadat hulle geroep is en voordat hulle gaan sterwe.

So is die kinders van Christengelowiges heeltemal in ’n ander kategorie as die kinders van ongelowiges. Die ongedoopte kinders van selfs Baptisteouers is ook heilig, en behoort

³⁰ Hand. 2:38-39. Vgl. n. 25 *supra*, en *Westminsterse Geloofsbelydenis* 27:4.

³¹ I Pet. 3:18-21 vgl. Gen. 6:18 en 17:14; Luk. 17:29,32 vgl. Gen. hff. 18 tot 19; Num. 14:18,29,33; 16:27-33 en 26:9-11 ens.

³² Rom. 9:18.

³³ Gen. 3:15 4:2-19,25; 6:1-7; Matt. 23:33-35; 24:9-10; Joh. 15:18-21; I Joh. 3:11-13; Judas 5 en 11.

na ons mening die heilige doop te ontvang.²³ Want alle kinders van gelowiges word binnekant die verbond gebore, terwyl dit nie met die kinders van ongelowiges die geval is nie.

Alle kinders van alle gelowiges is dus – na ons mening – daarop geregtig om die inisiërende verbondsakrament, die heilige doop, te ontvang. Maar die kinders van ongelowiges is daarop nie geregtig nie. Dit geld o.i. ook t.o.v. ’n kind uit ’n gemengde huwelik waar die man ’n ongelowige en slegs die vrou ’n gelowige is – of omgekeerd. “Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.”²⁴

Dit alles werp nogal baie lig op die voorwerpe van Christelike Onderwys. Want sodaniges is sowel die eintlike asook die beoogde ontvangers van die heilige doop – te wete, die gelowiges en hulle kinders, en hulle alleen, in teëstelling met ongelowiges en hulle kinders. Inderdaad, dit wat alreeds t.o.v. die onderrig van Christenkinders gesê is – geld natuurlik ook t.o.v. hul verdere opvoeding gedurende hul jeugjare, en steeds verder tot by die mondigheidsjare van hul Christelike volwassenheid.

Die kern van Christelike Onderwys is dan dat God ’n **onderskeid** tussen die Egiptenare en hul kinders buitekant die verbond en die Israeliete en hul kinders binnekant die verbond maak. Dit is ’n onderskeid wat heelpad na die sondeval teruggaan. Destyds het die Here God vir die duiwel gesê dat Hy vyandskap sou stel enersyds tussen die saad van die duiwel buitekant die verbond – en andersyds die saad van die vrou binnekant die verbond.

So stel God vyandskap tussen die duiwel en die Heiland, en ook tussen die wêreld en die Kerk. Indien ons nou opstaan en afgesonderde Christenskole vir ons afgesonderde Christenkinders in ooreenstemming met ons afgesonderde Christelike Kerke gaan eis, gaan ons ons die vyandskap van die kinders van die duisternis op die hals haal. Hulle sal ons daarvan beskuldig: dat ons teen die hele mensdom sondig, dat ons medeburgers teenoor mekaar verdeel, en ook dat ons religieuse onverdraagsaamheid verkondig.

Laat ons dié vyandigheid dan verwag! Want soos hulle onse Here haat, sal hulle nie vir ons, Sy bondskinders, bemin nie.

Alles wat totnogtoe oor die voorwerpe van Christelike Onderwys gesê is, naamlik Christene end hul Christenkinders alleen, voorveronderstel ’n heilige of ’n afgesonderde Christelike Skool. So ’n skool moet ter onderrigting van heilige of afgesonderde Christenkinders diens doen – in teenstelling met die inklusivistiese onderwyssistiem wat nou feitlik universeel beoefen word.

Selfs in die V.S.A., het hulle Staats-beheerde Nie-Christelike Skole geen benul van die doel van ware opvoeding nie. Hulle behandel nie kosbare bondskinders as die kinders van God – wat hulle na veronderstelling inderdaad is nie. Nee, hulle behandel hulle primêr as kinders van die nasie. Of, nog erger, as kinders van die wêreld.

4. Wie moet so opvoed? Wie moet dié soort onderrig – Christelike Onderwys – gee?

Voor die sondeval, natuurlik, toe die doel van alle onderwys duidelik en onbevrage teken was – toe Dewey en Pestalozzi en Herbert Spencer nie bestaan het nie, en toe die metode en die doel van onderrig was om alles tot verheerliking van God te doen – was daar hoegenaamd geen probleem nie. Die Onderwyser wat onderrig het, was die Here God Almagtig alleen. Later, onder God, het ook Adam sowel vir homself asook vir Eva onderrig – en omgekeerd,.

Die Almagtige Skepper, God Self, het die mens as Sy leerling geleer hoe om die tuin te bewerk en te bewaak – en hoe om name vir die diere te gee.³⁴ En die mens, terwyl hy toe steeds die ongeskonde beeld van God was wat die heerlikheid van die Here weerkaats het, het toe vir sy vrou Eva geleer – wat ook vir Adam op sy beurt geleer het dat hy waarlik manlik was.³⁵

Na die sondeval, het sowel die man as sy vrou hulle kinders geleer.³⁶ Hulle onderrig van hul kinders is inderdaad later aangevul met die hulpwerk van die Kerk, die Skool, en die Staat – en in daardie volgorde van belang. Dog dwarsdeur die hele opvoedingsproses, deurgaans, was en is dit altyd die Here Wat die Opperste Onderwyser was en is.³⁷ Dit bly wel ook die geval, selfs wanneer Hy dikwels vir kinders op onregstreekse wyse deur menslike onderwysers en primêr deur die ouers self leer. Want dit bly nog altyd die vrees van die Here wat die beginsel van die kennis is.³⁸

So is dit die ouers wat die eerste en die belangrikste menslike onderwysers van Christelike Onderwys is. Hulle bly onvervangbaar – wát die Sosialisme ook al mag sê. Want Adam en Eva is die enigste mense wat onderrig vir Kain en Abel en Set kon gegee het – omdat hulle destyds die enigste volwasse menslike wesens was wat so kon gemaak het.³⁶

Selfs teen die tyd van die uittog en daarna, was onderrig nog altyd grotendeels die taak van die ouers. Want toe bondskinders destyds en daarna om die betekenis van die Pasga verneem het, moes die vader self vir sy seuns aangaande die historiese oorsprong en religieuse sin daarvan onderrig.³⁹ Ook in die Mosaïese Wet, is ouers t.o.v. die goddelike statute beveel: “Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan!”⁴⁰

Later, selfs in die tyd van die Post-Dawidiese Koninkryk, word die ouerlike opvoedingstaak weer eens beklemtoon. “My seun,” sê Salomo, “luister na die tug van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie!”⁴¹ “Hoor, julle seuns, na die tug van die vader; en luister om insig te leer ken! Want ek gee aan julle goeie lering! Verlaat my

³⁴ Gen. 2:15-20.

³⁵ I Tim. 2:11-14.

³⁶ Gen. 4.

³⁷ Jer. 31:34 en 32:33.

³⁸ Spr. 1:7.

³⁹ Ex. 12:26v.

⁴⁰ Deut. 6:7.

⁴¹ Spr. 1:8.

onderwysing nie! Want toe ek 'n seun was by my vader, teer en 'n enigste voor my moeder, het hy my geleer en vir my gesê: Laat jou hart my woorde vashou! Onderhou my gebooie, dan sal jy lewe!”⁴²

Is dit is nie wonderlik nie – dié verbondsteologie? My seun, luister na dit wat ek (jou vader) vir jou sê! Ek is dit deur my vader geleer, en ek het na hom geluister. En hy het na sy vader geluister – en so ook heelpad terug na die God van ons vaders, die God van Abraham en van Isak en van Jakob; die God Wat tot op duisende geslagte getrou bly! Dit is die soort opvoeding wat ons in die 21ste eeu n.C. benodig – opvoeding as die primêre taak van die vader.

Maar hierdie vaderlike plig en voorreg om jou eie kinders te onderrig, sluit ook die moeder se plig nie uit nie. So skrywe Paulus aan Timoteus:⁴³ “Ek dank God... as ek my herinner die ongeveinsde geloof wat in jou is wat eers gewoon het in jou grootmoeder Loïs en in jou moeder Euníce, en wat – daarvan is ek oortuig – ook in jou is.”

Die Vyfde Gebod beveel dat kinders hul vader en hul moeder moet eer.⁴⁴ Dit impliseer dat ook ouers op 'n eerbare wyse hulle kinders moet onderrig. Ook 'n geïnspireerde Nuwe-Testamentiese kommentaar hierop word vir ons gegee – waar vaders in verband met hul kinders beveel word om hulle “in die tug en vermaning van die Here op te voed.”⁴⁵

Dié ouerlike plig op Christenouers om 'n Christelike opvoeding vir hul kinders te gee – volg noodwendig vanuit die ouers se verbondshouding tot hul eie kinders. Ook met die doop van hulle kinders, het die Christenouers vir God in teenwoordigheid van die Kerk van Jesus Christus belowe om hul kinders in die tug en vermaning van die Here op te voed. Dog die doop veronderstel nie alleen dat die ouers self 'n Christelike Opvoeding vir hul kinders moet gee nie. Dit impliseer dat ook die Kerk so moet maak. Want, per slot van rekening, die bondskind is ook in die Kerk gedoop.

In die eerste gesin, nadat Adam en Eva hul kinders Kain en Abel en Set en al die ander begin opvoed het, is na verloop van tyd 'n seun ook vir Set gebore. Dié seun is “Enos genoem... Toe het hulle die Naam van die Here begin aanroep.”⁴⁶ Dit wil sê – mense wat die Naam van die Here voorheen slegs met huisgodsdienst aangeroop het, het nou vir die eerste keer in die openbaar kollektief die Naam van die Here aangeroop. Want hulle het toe juis as Kerk of Gemeente die Naam van die Here begin aanroep.

Te meer, hulle het toe die Naam van die Hére begin aanroep – nie alleen die Naam van Gód nie. D.w.s., hulle begin toe eers om die Naam van die Here, die Verlosser *Jehova* – ja, selfs vir *Jehova-Jesus* – aan te roep (al was dit toe slegs by wyse van antisipasie).

Saam met Gen. 3:15 is dié Bybelteks Gen. 4:26 die wortel van die Kerk van die Here. Dit is die eerste vermelding in die Skrif van die diens van God (of “gods-diens”) in enige kring groter as die huisgesin – groter as die eerste kring van Adam en Eva alleen. Dié tekste saam

⁴² Spr. 4:1-4 vgl. Pss. 78:1-7 en 105:4-10.

⁴³ II Tim. 1:2-5.

⁴⁴ Ex. 20:12.

⁴⁵ Ef. 6:4 vgl. Joh. 21:15v. en Gen. 3:14-21 & 4:1-4 & 5:1-4.

⁴⁶ Gen. 4:25-26 vgl. 3:14-21 & 4:1-4 en Heb. 11:4.

dui op die eerste aantekening aangaande openbare godsdiens onder die Setiete – die volk van die Here voor die sondvloed.

Later, in Israel, het die Kerk⁴⁷ onder leiding van die Levitiese priesters as onderwysers gestaan. Nog later, was dit onder toesig van profete en skrifgeleerdes en onderwysers soos Gamáliel.⁴⁸ Ten tyde van die Nuwe Testament, gee die Here aan Sy Kerk “sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders-en-leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God.” Dit is nie alleen die kerkleiers wat tot dié kennis moet kom nie, maar ook álmal van ons – en ook al ons kinders.

So moet ons almal dan kom “tot ’n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie” en ónafgeleerd bly.⁴⁹ Dit is die rede waarom ons leiers ook in die Kerk benodig. Nié om Christene aan die slaap te sus nie, maar om mense op te voed “sodat ons nie meer kinders sou wees nie... maar..in alles sou opgroei in Hom Wat die Hoof is, naamlik Christus” – deur tot Christelike mondigheid opgelei te word.

Hoewel die ouers altyd die primêre onderwysers by die onderrig van hul kinders bly, en hoewel ook die Kerk haar opvoedingstaak het – is verskeie gespesialiseerde verbondskole ook deur die verbondsgemeenskap in sowel Ou-Testamentiese as Nuwe-Testamentiese tye begin. Profetegeselskappe is by spesiale skole sedert die dae van Samuel opgelei.⁵⁰ So het ook die seuns van die profete aan die voete van hul onderwyser Elisa gesit.⁵¹

Sulke skole word te Betel, Jerigo en Gilgal gevind – II Konings 4:3-5 & 4:38. En baie later, toe die Jode van Efese kwaad aangaande die Christelike Weg gespreek het, het die apostel Paulus sy Christendissipels van die sinagoge afgeskei “en elke dag in die skool van ’n sekere Tiránnus samesprekinge gehou.” Dié Christelike skool het toe elke dag vir omtrent twee jaar lank bly fungeer,⁵² en moontlik ook lank daarna.

Dit bring ons by die Skool as onderwyser van Christelike Onderrig. Daar is inderdaad soms deur sommige Christennavorsers beweer dat die Skool nie ’n oorspronklik-Christelike instelling is nie. Hulle beweer dat die begrip “skool” deur die vroeë Christene vanaf die ou Griekse heidene oorgeneem is – net soos die Apostel Paulus die skool van Tyrannus te Efese oorgeneem het om Christene te onderrig nadat hulle die sinagoge verlaat het.

Hierdie beskouing negeer egter die feit dat daar reeds vanaf die tyd van Samuel verbondskole vir die profete was. Dit negeer ook die feit dat die ou Griekse skole, wat onder God se algemene genade ontwikkel het, self een of ander historiese begin in die verre verlede moes gehad het. Indien dit nie in Griekeland sy oorsprong gehad het nie, moes dit van elders geleen gewees het.

⁴⁷ Hand. 7:38.

⁴⁸ Hand. 5:34.

⁴⁹ Ef. 4:11-14.

⁵⁰ I Sam. 10:10.

⁵¹ II Kon. 4:38 en 6:1v.

⁵² Hand. 19:1, 8-10.

Dit mag inderdaad die geval wees dat dit vanaf die profeteskele van Israel ontleen is. Per slot van rekening, gaan hulle omtrent vyf honderd jaar verder terug as die Griekse skole. Dit is ook moontlik dat beide Griekse en Hebreuse skole na 'n gesamentlike vóór-Israelitiese wortel teruggaan – 'n verbondskool, sedert die tyd van Noag, of selfs Set, die seun van Adam.

Hoe dit ook al sy, skole bly baie ou instellings. Hulle word wydverspreid in allerlei gemeenskappe aangetref – vanaf die puberteitskole by barbare, tot by die openbare skool van die moderne Staat. Terloops, enige ooreenkoms tussen dié twee instellings, is nie toevallig nie!

Die belangrikste punt is dat die skool geen skeppingsordinansie soos die huwelik en die gesin is nie. Daarom moet enige skool se beamptes die lewensbeskouing en die leerstellings van die Christelike gemeenskap en veral van die selfs ouere en meer fundamentele bondsgesin behoorlik in ag neem. Want albei van hulle is veel ouer as die skool.

Ons stem saam dat die skool teenoor die gesin en die gemeenskap (en die Staat en die Kerk) wel 'n betreklike kringsoewereiniteit in sake van praktiese administrasie besit. Nogtans is die Christelike Skool te alle tye vir sy opvoedingsfilosofie en -kurrikulum van die begeertes en die *fiat* en die wêreldbeskouing van die Christelike gemeenskap en veral van die Christelike huisgesin afhanklik. Per slot van sake, die skool bly altyd die agent van die Christelike gesin en die Christelike gemeenskap. Hulle emplojeer die skool om aan Christenkinders 'n Christelike wêreldbeeld volgens die begeerte van die Christenouers en die Christelike gemeenskap oor te dra – en nie volgens die wense van enige afvallige mag soos 'n Christus-loënende Staat wat die Christelike standpunt van die Christenouers en die Christelike gemeenskap verwerp nie.

Dit is nié die rol van 'n kamtig-neutrale of 'n antichristelike Staat (met sy buitensporige belastings ook vir die instandhouding van staatsonderwys) om beleidsake in 'n Christelike skool voor te skryf nie. Dit is die rol van die Christelike ouers en die Christelike gemeenskap om die beleid van die Christelike skool voor te skryf.

Alle sosialistiese en kommunistiese stelsels van totalitariese staatsbeheer oor Christelike skole – is onbybels. Die mees effektiewe manier om dit te weerstaan, is om Christelike skole en ook Christelike ouers- en onderwysersverenigings te stig en om met hulle te skakel.

Die huidige staatskole in die meeste lande ter wêreld – ten spyte van hul geleerdheid en groot finansiële geriewe – is fundamenteel onbevoeg om Christelike onderwys vir Christenkinders te verskaf. Waarom so? Omdat hul van die Christelike gemeenskap selfs oor die mees basiese sake verskil. Hulle stem nie saam met die Christelike gemeenskap t.o.v. wat onderwys is en ook nie oor wie die Christelike gemeenskap probeer onderrig nie. Want sulke staatskole erken nie dat Christenkinders wesenlik verskil van die Heidense, Joodse, Slaamse of Ateïstiese kinders van die res van die nasie nie.

Dit alles bring ons daartoe om oorweging te skenk aan die Staat as onderwyser by Christelike Onderrig. Die Staat is prinsipiëel eers na die sondvloed deur God as 'n wetstoepassings liggaam ingestel – nl. toe God slegs destyds die goddelike strafreg aan die mens deleger het.

Eers in daardie tyd het God vir die mensdom gesê: “Wat julle eie bloed betref, dit sal Ek eis: van al die diere sal Ek dit eis. Ook van die mens, van die een teenoor die ander, sal Ek die siel van die mens eis. Hy wat die bloed van ’n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na Sy beeld gemaak.”⁵³

Uit hierdie teks is dit baie duidelik dat dit die Staat se essensiële roeping is om die mens teen wilde diere en menslike moordenaars te beskerm – en ook om geweld te gebruik om dit te bereik. Die Staat is God se dienaar – gemagtig om tol en belastings te hef⁵⁴ juis met die doel om wet en orde te handhaaf.

Maar wanneer die Staat meer as dit beoog – soos wat vandag in feitlik alle die lande van die wêreld gebeur – handel dit *ultra vires*. Wanneer die Staat belastings hef nie alleen om wet en orde te handhaaf nie, maar eerder om onderwys of pensioene te finansier – of om kinders te probeer forseer om sy eie staatskole te ondersteun – oorskry dit sy Godgegewe magte. Wanneer die Staat probeer om die nie-staatlike lewensakkers van die samelewing te verstaatlik, loop dit gevaar om ’n wurggreep oor die ander lewensakkers soos die Gesin en die Gemeenskap en die Kerk te verkry.

In besondere omstandighede, byvoorbeeld wanneer wet en orde (wat enige Staat behoort te reguleer) deur nagelate en onopgevoede nie-Christelike kinders en jeugdiges of selfs deur ontwrigte Christene bedreig word, kan dit wel so wees dat die Staat ’n buitengewone en ’n tydelike plig het om sy eie staatskole te onderhou. So iets kan gebeur wanneer selfs die Kerk en/of die Christenouers (en meer gewoonlik die heidenouers) nagelaat het om hul eie kinders op te voed – wat tot jeugmisdaad aanleiding gegee het. Maar selfs in sulke gevalle moet die Staat nog altyd erken dat die wetgehoorsame gemeenskap in die algemeen en die Christelike gemeenskap in die besonder die reg het om hul eie skoolstelsels langs die staatskole te stig en uit te brei.

Dit is waar dat die Staat nog altyd ’n God-gegewe reg het om toe te sien dat geen verraad of opstand of niks wat wet en orde ondermyn nie en niks *contra bonos mores* in enige skool in die land geleer word nie – ja, selfs nie in die sg. private skole en ook die Christelike skole nie. Vgl. II Kronieke 17:7-10. Maar die Bybel weet niks van die Staat se essensiële plig om opvoeding direk en eksklusief as ’n staatsbeplande en ’n staatsbeheerde onderneming te bevorder nie.

Dié rol, wat die Staat (ten koste van die ouers en die gemeenskap) vir hom permanent en wederregtelik feitlik dwarsdeur die hele wêreld aangematig het, is absoluut onskriftuurlik. Mens kan natuurlik baie dankbaar wees vir die sterk Christelike leierskap van ’n Christelike staat waar baie van sy burgers onverskillig teenoor die Christendom staan. Dit was wel die toestand in Suid-Afrika tot en met 1990 – ’n toestand amper uniek in die moderne wêreld, na die triomf van die beginsels van die Franse Rewolusie elders.

Gedwarsboom deur die onsimpatieke beleid van die Staatskole wat deur die Britse veroweraar onmiddellik na die neerlaag van die ou Boererepublieke aan die begin van die 20ste eeu gestig is – het Christen-Afrikaners tereg hul eie Christelik-Nasionale Skole gaan stig. Maar gedurende die volgende half-eeu, het die Afrikaner weer eens beheer oor die

⁵³ Gen. 9:5-6.

⁵⁴ Rom. 13:7.

Staat herwin. Gevolglik het die Suid-Afrikaanse Staat vanaf die sestigerjare minstens formeel vereis dat alle opvoeding in alle staatskole Christelik moet wees.

Mens moet dus baie dankbaar wees vir die Christelike invloed in veral dié Afrikáánsmedium Christelike staatskole wat toe deur die regering van die ou Republiek van Suid-Afrika in stand gehou is. Ouers- en Onderwysersverenigings het toe sterk fungeer. Ook afsonderlike privaatskole was toe werkzaam. Dit was inderdaad destyds die werk van die Christelike gemeenskap om die Christelike karakter van dié skole te handhaaf en te bou – hetsy staatskole, hetsy privaatskole.

Maar selfs in so 'n geval, streng gesproke moes juis die Christelike gemeenskap en nie die Christelike staat nie dié skole geopereer het. Want wanneer daardie skoolbeherende en noodsaaklik afdwingende Christelike staat in watter land ook al tot 'n nié-Christelike staat gedegenerer het – het dit toe baie moeilik geword om Christelike onderwys van hoë gehalte te bevorder in die Staatskole wat toe onder die beheer van die nuwe nie-Christelike staat van die opvolgerregering gekom het.

Nog erger. Ook die nie-afdwingbare Christelike gemeenskap het gedegenerer. En in lande met hoogs gedegenererde nié-Christelik samelewings, waar verbondskinders geforseer word om die staatskole by te woon en om met die kinders van ongelowiges te assosieer en om geleer te word deur nié-Christelike onderwysers wat hoegenaamd niks aangaande die ware doel van die onderwys weet nie – word dié toestand inderdaad ernstig. Uiteindelik kom daar dan 'n tyd, soos in Daniël hoofstuk een, wanneer die kurrikulum by sodanige staatskole glad nie meer vir die bondsvolk van God van hulp is nie.

Al bly selfs so 'n nie-Christelike Staat nog steeds die dienaar van God, word dit glad nie besef nie en word die waarde van die Woord van God nie op prys gestel nie. Ware onderwys kan geensins in so 'n situasie tot sy reg kom nie.

Die eintlike toestand van so 'n staatsbeheerde skool is dan 'n skending van die menseregte van die Christenouers en die Christelike kerk en die Christelike gemeenskap – wat dan aldrie dermate nie in staat is om hulle doopgeloftes uit te leef (wat die Christenouers en die Christelike kerk en die Christelike gemeenskap onderneem het) om dié gedoopte kind in die tug en vermaning van die Here groot te maak nie. So word die staatskool in dié situasie 'n geweldige dreigement aan die genadeverbond.

Dus, nademaal die Staat wel 'n ondergeskikte rol t.o.v. Christelike Onderwys speel – is die eintlike rol wat deur die Onderwyser van sulke onderrig gespeel behoort te word, iets wat nie deur die Staat nie maar wel deur die Christelike Skool en die Christelike Gemeenskap en/of die Christelike Kerk beoefen moet word. Elkeen van hulle doen die wil en fungeer as die agent van die Christenouer en God Drie-enig Wat die Opperste Onderwyser is. Want, in die woorde van die profeet Jesaja aan die bondsvolk:⁵⁵ “Al jou kinders sal deur die Here geleer wees.”

'n Paar woorde oor volkseie skole, kan hier genoem word. Al sou die mensdom nooit in sonde geval het nie, sou nasionale verskille nog altyd gaandeweg ontwikkel het (hoewel

⁵⁵ Jes. 54:13.

sonder enige wrywing tussen een volk en die ander). Gen. 1:26-28 & 2:18 en Hand. 17:25vv.

Ná die sondeval, is volksverskille verswaar, en intervolklike wrywing het alhoemeer voorgekom. Gen. 4:15v.; 4:25v.; 5:6-32; 6:1-4; 11:1-9; en Deut. 32:8. Die verskeidenheid van tale wat by Babel ontstaan het, is nie deur die Nuwe Testament tot niet gemaak nie, maar juis daar geheilig. Hand. 2:4-11. Desondanks het wrywing nog altyd tussen verskillende taalgroepe in die Nuwe Testamentiese Kerk voorgekom wat gelei het tot die verwaarloosing van Griekssprekende weduwees en hul kinders. Dit is verlig juis deur die aanstelling nie van Hebreeussprekende diakens nie maar juis van Griekssprekende diakens om dié saak reg te stel. Hand. 6:1-7.

Jesus stuur Sy sendelinge nie om die nasies tot niet te maak nie, maar om hulle juis as nasies te kersten. Die bekeerde Paulus beskou homself nog altyd as 'n Jood, en maak erns daarvan om veral sy eie volk as volk vir Christus te wen. Romeine 10 en 11. En Christus verduidelik vir die Apostel Johannes dat juis die násiens van die wat gered word, juis as nasies in die hemel en in die Godstad sal inkom. Openbaring 1:1v. en 7:8v. en 21:24v. Die implikasies van dit alles vir volkseie onderwys, is duidelik.

5. Die metodes van Christelike Onderwys

Watter metodes moet ons dan in Christelike onderwys volg? Hierdie woord “metode” word afgelei van die kombinerings van twee Griekse woordjies, *meth'* of *meta* en *hodos* (“n pad”). Dié twee woordjies, wanneer as *meth'-hodos* saamgebruik, beteken dus “met die pad.”

Gevolgtlik, wanneer jy 'n goeie metode het, is jy goed “op pad.” Dan weet jy waarvandaan jy kom, en waarnatoe jy gaan. Dan weet jy as onderwyser wie se kind en watter soort kind jy onderrig. Dan weet jy ook wat jy met dié kind wil maak. Want jy wil hom nie primêr 'n goeie onderdaan van die Staat maak nie – maar hom primêr as burger van die Koninkryk van God opbou (wat natuurlik nooit uitsluit dat jy hom ook tot lojale nasionale burgerskap wil oplei nie).

Die Christelike onderwysmetode impliseer dat die “pad” wat Christelike onderrig neem, vanuit 'n vaste uitgangspunt vooruitgaan. Daardie uitgangspunt is die Christenkind self – vanweë sy geboorteplek binne-in die verbond, en dwarsdeur sy aardse lewe tot by 'n vasgestelde doel (nl. die hemelse Jerusalem). So kan nie eens die duiwel met al sy helse demone voorkóm dat die getroue bondskind by dié doel uitkom nie.

Ons sien hierbo dat die kind van Christenouers self die aardse uitgangspunt van Christelike Onderwys is. Die aardse doel van Christelike onderwys – is om die man van God tot dié goeie werke toe te rus, om die ganse aarde en al sy volheid tot verheerliking van God te onderwerp.

Dit volg dus noodwendig dat die enigste metodes wat Christelik is, die metodes is wat probeer om die pad aan te wys wat die Christenkind moet volg op pad na die mondige en lofwaardige doel om alles tot verheerliking van die Bondsgod te doen. So benodig ons dan altyd spesifiek Christelike onderwysmetodes.

Maar watter metodes moet ons aanwend? Dit hang klaarblyklik af van wie beheer oor die kind het. Vanaf sy geboorte totdat die bondskind sy Christelike skool begin bywoon, sal sy onderrig amper geheelenaal deur sy Christenouers onderneem word. Onder God is die ouers vry om hul eie onderwysmetodes aan te wend, mits hulle in gedagte hou dat hulle kind 'n kind van en vir die Here is – en derhalwe tot dié doel opgevoed moet word dat hy of sy in alle sake tot verheerliking van God moet lewe.

So begryp ons dat, of die Christekind eet of drink of enigiets doen – hy of sy dit alles slegs tot verheerliking van God moet doen.⁵⁶ Dus, wanneer die kind eet of drink, moet hy metodies onderrig word om dit alles tot verheerliking van God te doen. Gevolglik sal hy ook geleer word om die Here God veral tydens etensure vir sy kos te dank.

Daarby sal daaglikse huisgodsdien saam met sy ouers die verbondskind net so bewus van sy kindskap van sy hemelse Vader maak, as wat hy van sy kindskap van sy aardse vader bewus is. En namate die ouers hulle kinders se vrae beantwoord deur hulle metodies na die Skepper en Onderhouer en Verlosser en Vervolmaker van alle dinge te wys – so neem die kind in die genade en die kennis van die Here toe; en so word hy ook “in die tug en vermaning van die Here” opgevoed.⁴⁵

Gelyktydig met dié prosesse tuis, sal die ouers natuurlik hul kinders ook metodies elke week na die huis van die Here en na die **sondagskool** en veral ook na gereelde **godsdiensoefeninge** saanneem. Gedurende dié gereelde godsdiensoefeninge, sal die kinders soms sien hoedat 'n baba of 'n volwassene gedoop word – en dan verneem, waarom dan so? Die ouers sal kort daarna moet verduidelik dat ook hul eie kind self in die Kerk gedoop is en, anders as die minderbevoorregte kinders buitekant die verbond, daarop geregtig is om bondskind genoem te word.

Dit behoort die bondskind bewus te maak van sy eie sendingroeping teenoor ánder kinders en ook volwássenes in die buurt [vgl. die geval van Naáman se diensmeisie wat vir hom aangaande die ware God getuig het].⁵⁷ Dit behoort die kind ook van die ongedoopte massas bewus te maak: selfs die ongedoopte kinders en volwassenes buite die verbond, daar in die buitewêreld. Reëlmatige sendingbydraes kan sodoende vanuit die kind se eie sakgeld gestimuleer word.

Die kind moet ook sy eie Bybel gegee word so gou as wat hy dit kan vashou en selfs voordat hy dit kan lees. Hy moet metodies geleer word om die Bybel te lees: nie alleen 'n kinderbybel nie maar ook die ganse Bybel, die onvervalste en onafgewaterde Woord van God . Hy moet geleer word om Gods Woord daagliks te lees, en om dit saam met hom Kerk-toe te neem.

Wanneer die kind oud genoeg is om 'n laerskool by te woon, moet hy juis na 'n Christelike skool en nie na 'n onverskillige verbondbrekende skool gestuur word nie. Hy behoort die Christelike skool, die verbondskool, by te woon – waar wedergebore en toegewyde Christenonderwysers die Christekind alhoemeer leer aangaande sy verhouding tot God, tot homself, tot sy medegelowiges, en tot sy verhouding teenoor God se aarde en die ganse volheid daarvan. Dit doen dié Christenonderwysers namens en verantwoordelik

⁵⁶ I Kor. 10:31.

⁵⁷ II Kon. 5:2-3.

aan die Christenouers wat die doopgelofte afgelê het om onder meer vir hulle kind 'n Christelike opvoeding te gee.

Meer spesifiek sal die leermetodes by die Christelike skool ook die volgende punte gedurig in gedagte hou:

A) Die kind wat geleer moet word, is in sonde ontvang en in ongeregtheid gebore. Hy is dus van nature daartoe geneig om God en sy naaste te haat – ook sy klein naaste, en selfs sy klein verbondsnaaste.

B) Die kind wat geleer moet word is ook 'n verbondskind – die seun van die Tweede Adam Jesus Christus wat as eiendom van Jesus Christus en dus weerlegbaar as wedergeborene beskou moet word. Omdat dit so is, moet die kind vanweë sy verbondstatus aangemoedig word om God as sy Vader te bemin. Bekering geskied dan normaalweg op 'n natuurlike en verdiepende manier en gewoonlik nie by wyse van 'n dinamiese krisis soos wat wel by volwasse heidene die geval is nie.

Dog “die wind waai waar dit wil... Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar dit kom en waarheen dit gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees [of Wind van God] gebore is.”⁵⁸

Om dié rede sal die Christenonderwyser minstens drie dinge altyd in gedagte moet hou. 1, die kind moet by wyse van sy verbondstatus weerlegbaar veronderstel word om 'n uitverkorene te wees. 2, die kind mag moontlik nog nie wedergebore wees nie, en is waarskynlik nog nie bekeernd nie. 3, selfs waar die kind wel bekeernd is, moet onthou word dat die bekering nie bloot 'n eenmalige gegewe nie maar eerder 'n herhaalbare en eintlik 'n lewenslange proses is.

So sal die Christenouer moet weet hoe om die kind na Jesus te lei, en veral hoe om die kind na Jesus te herlei. Maar dié kennis sal natuurlik nie tot slegs een metode beperk word nie. Dit sal inderdaad nie beperk word nie tot die verbondverwerpende metode van die tradisionele Metodisme – wat die verbondskind soos 'n verbondsonkundige heidenkind beskou, en wat op dramatiese wyse probeer om die verbondskind vanuit die hellevuur op tipiese 'Jeug vir Christus'-wyse te red.

Nee! Eerder moet die verbondskind, wanneer deur die Gees van God gewek – deur watter metode ook al wat dit Hom soewerein behaag om te gebruik – na sy eie kinderdoop deur die onderwyser terugverwys word. Op dié basis moet die kind gelei word om die God van sy doop te dank – omdat Hy vir hom van die betekenis daarvan bewus gemaak het, en omdat Hy vir hom nou ook oortuig het van die ewige liefde van dié God in Wie se Drie-enige Naam hy gedoop is.⁵⁹

C) Die derde punt wat t.o.v. die metodes by die Christenskool en Christelike Sondagskool onthou moet word, is die baie belangrike feit dat elke kind 'n spesiale skepsel van die Here is. Gevolglik word elke kind op spesiale behandeling geregtig.

'n Spesiale metode moet vir die behandeling van elke kind gebruik word. Want elke kindjie is 'n spesiale skepping, en ook die produk van 'n spesiale gesin. Dus, indien kind

⁵⁸ Joh. 3:8.

⁵⁹ Vgl. Gen. 17:8-14; Deut. 6; Kol. 2:9-14; Rom. 6:1-4; Hand. 2:38-39.

A laat blyk dat hy in die skool musikaal-begaafd maar kind B laat blyk dat hy wiskundig-begaafd is – moet kind A nie vir een oomblik ontmoedig word om sy musikale talent te ontwikkel nie, net omrede ’n onbuigbare kurrikulum of net omdat op “demokratiese” wyse die meerderheid kinders in die klas meer in wiskunde as in musiek belangstel. Want so word die musikaal-begaafde kind vertraag – wat betref die tydige ontwikkeling van sy eie besondere gawe wat die Here Self vir hom gegee het. Hoe moeilik dit ook al in die praktyk mag wees om dié individuele benadering op elke kind in die klas toe te pas, moet steeds onthou word dat dit in die Christelike skool altyd gepoog moet word.

Weer eens, indien God aan ’n kind die gawe gegee het om links te wees, moet dié kind nie geforseer word om in stede daarvan sy regterhand te gebruik nie. Om links te skryf, of om regs te skryf, is al twee waardevolle gawes van God.⁶⁰ Om almal te probeer forseer om slegs regs te skryf, is nie alleen sielkundig dwaas nie; dit is ook ’n belediging aan God, Wat die Gewer van elke goeie gawe en derhalwe ook die gawe van linksheid is.⁶¹

- D) Vierdens, ’n paar algemene metodes en standaarde moet natuurlik gehandhaaf word. So moet skoolkinders liever op grond van hul ouerdom, vermoëns en belangstellings gegradeer word. Maar dit bly slegs ’n goeie metode. Dit is nie ’n doel nie. Want die doel is nie om teen die einde van die jaar na die volgende klas bevorder te word nie. Die finale einddoel is ook nie selfs om te matrikuleer nie. Al dié korttermyn doelstellings moet slegs beskou word as middele na die enigste einddoel – om God elke oomblik te verheerlik.
- E) Die metodes by die Christelike skool wil ’n totale opvoedkundige benadering aanwend. Elke kind moet religieus, moreel, intellektueel, manueel en liggaamlik opgevoed word. Ook hier moet behoorlike aandag gegee word aan beide die individuele gawes asook die individuele beperkings van elke kind. En ook algemene klasstandaarde moet gehandhaaf word. Die Christelike onderwysers se liefde vir elkeen van die Here se kinders wat aan sy of haar sorg toevertrou word, sal baie ver gaan, om al dié vereistes te harmonieer.
- F) Omdat die onderwyser die kind nie alleen “edukeer” nie maar ook “indukeer”, sal hy of sy al die basiese vorms van opvoedkundige metodologie gebruik. Dit sluit in: die gee van inligting; die tentoonstelling van dinge; geheuewerk; en selfontdekking – wat ook al die individuele kind en die doelstellings van die oomblik die beste pas. Maar weer eens sal die onderwyser nooit vergeet nie dat dit alles maar slegs metodes tot die enigste hoofdoel is – t.w. die verheerliking van God.
- G) Tug sal as een van die verskillende opvoedingsmetodes in Christelik skole administreer word.⁶² Die moderne nie-Christelike neigings van wreedheid teenoor kinders enersyds en ruggraatlose pasifisme en paaipolitiek andersyds, sal in die Christelike skool nie geduld word nie.
- H) Dit wat pas oor die opvoedkundige metodes by die Christelike gesin en die Christelike skool gesê is – is *mutatis mutandis* ook op al die ander verskillende kringe van toepassing; t.w., by die Christelike kollege, die Christelike universiteit, die Christelike sake-onderneming, die Christelike staat, die Christelike gemeenskap, die Christelike

⁶⁰ Rig. 3:15-25.

⁶¹ Jak. 1:17, vgl. n. 60.

⁶² Heb. 12:5-13.

volk, en die Christelike land. Mens moet egter natuurlik altyd die verskuldigde voorsiening maak t.o.v. al die onderlinge verskille daarvan, by die interne funksionering van al dié verskillende lewenskringe.

- I) Maar bo alles – óf in die gesin, óf op skool óf na skoolverlatende matrikulasie tot die sg. mondige lewe – ware Christelike onderwys sal al sy verskillende metodes nooit met sy konstante en onveranderlike doel verwar nie. Dit is nl. dié doel – om Christene daartoe op te lei om te eet en te drink en alles te doen, alleen tot verheerliking van die enigste Drie-enige God.

Dr. Nik Lee, voorheen predikant van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, en later professor aan meer as een Christelike kollege in die V.S.A., was tot met sy aftrede einde 2000 Hoof van die Departement Dogmatiek aan die Presbiteriaanse Kweekskool te Brisbane, Australië. Hy het sy D.Ed.-graad behaal met 'n proefskrif oor “Katkisering vóór toelating tot die Nagmaal.” Albei sy dogters is van huis uit eers deur hul Christenmoeder Nellie (geb. van der Westhuizen) en later in Christelike skole in die V.S.A. en in Australië opgelei. Vandag is hulle Christus-belydende onderwyseresse aan staatskole in Queensland (Australië).

Daaglikse Huisgodsdienst

deur dr. F.N. Lee

1. Daaglikse huisgodsdienst vanaf Adam tot by Noag

Voor die skepping van die heelal, het elke Persoon van God Drie-enig – Vader, Seun, en Gees – mekaar vanaf alle ewigheid geprys. Later, toe Hulle ons aarde se lug en sy wolke en sy berge geformeer het, het die skeppende Vader en Sy alwyse Seun in die gemeenskap van Hul Heilige Gees daaglik saam gejubel. Joh. 17:5-24 en Heb. 9:14 vgl. Gen. 1:1-5 en Spr. 8:30-34.

Sodoende het dié drie Persone binne God Drie-enig ook 'n voorbeeld gestel vir Hul Eie latere drie-enige beeld – die eerste menslike gesin, bestaande uit man en vrou en kind(ers). Gen. 1:26v. en 4:3-26 vgl. Spr. 8:12-34. Dit is inderdaad 'n voorbeeld van die daaglikse aanbidding wat ook al die nakomelinge van dié eerste menslike gesin behoort te volg – ook nadat hulle self in die huwelik sou tree en hul eie huishoudings sou oprig. Gen. 2:23-25 en Jakobus 3:8v.

Ook die ordes van die geskape engele het gedurende die aarde se formasieweek elke oggend vir die Here geprys. Dalk was ook dit bedoel om 'n voorbeeld aan die eerste menslike gesin te stel, en inderdaad ook vir alle daaropvolgende gesinne van die mensdom. Job 38:4-13 vgl. 1:4-6 en Ef. 3:15 en Kol. 1:16.

Hoe dit ook al sy, voor die sondeval van die mens sien ons gereelde menslike huisgodsdiensoefeninge, blykbaar sowel in die oggend (vgl. Gen. 2:21-25) asook in die aand (vgl. Gen. 1:28-31 en 2:1-3). Dié is vanaf die mens se formering gehandhaaf, ook na sy sondeval, en selfs tot anderkant die sondvloed. Vgl. Gen. 1:26-31, 3:8v, 4:26, 5:22-26, 6:9v, 9:1v. So ook, blykbaar, wat weeklikse sabbatsaanbidding betref. Vgl. Gen. 2:1-3, 4:3v, 7:4-11, 8:6-12, 8:18-22.

Veral die *Westminsterse Geloofsbelydenis* van die sewentiende-eeuse Puriteine leer dit. Want Adam het almal van die Tien Gebooie geken (*WGB* 19:1-2), insluitende ook die tweede en die vierde en die vyfde en die sewende. Dié gebooie verg dat “alle mense” (nes hul eerste voorouers Adam en Eva) gereelde “gebed met danksegging” as deel van hul vereiste “Godsaanbidding” moes onderneem. Vgl. ook *WGB*. 21:3.

Gesamentlik verg die Tien Gebooie ook dat die Drie-enige “God orals... in private huisgesinne daaglik aanbied moet word.” *WGB* 21:6. Hulle verg inderdaad dat volgens “die Wet van die Natuur... 'n sekere tydgedeelte vir die aanbidding van God geheilig word”, en veral dat “een dag uit sewe as 'n sabbat... vanaf die begin van die wêreld vir Hom geheilig word.” Sien *WGB* 21:7.

* * * * *

Volgens proff. dr. Martin Luther en Johannes Calvyn, die groot Puritein John Milton, die *Westminsterse Geloofbelydenis*, dr. John Owen en Andrew Murray Jr., proff. dr. Abraham Kuyper Sr. en Herman Bavinck – het Adam en Eva, voor die sondeval, saam huisgodsdien gehou. Dit sou hulle dan gedoen het: deur hul Heer elke dag te prys, deur daagliks na God se Woord te luister, en deur daagliks tot God-Drie-enig te bid. Dit sou hulle inderdaad veral ook by wyse van weeklikse sabbatsaanbidding gedoen het. Vgl. *WGB* 21:1-7 – en, op “suprahistoriese”(?!) wyse, selfs Karl Barth.

Hierdie daaglikse huisgodsdienste, en veral die mens se gesamentlike en weeklikse aanbidding op mekaaropvolgende sabbatte, sou blykbaar self na die sondeval van ons eerste voorouers voortgeduur het. Dié voortduur was moontlik, deels op grond van die onuitwisbare aard van die mens se “natuurlike” oergodsdien vóór die sondeval, maar hoofsaaklik op grond van God se onmiddellike oprigting van die genadeverbond met Adam en sy toenemende gesin juis na die sondeval.

Spore van sulke oerhuisgodsdien kan inderdaad in die heilige verhale duidelik gesien word. Dit geld vir Kain en Abel, Set en Enos, Henog die Setiet, en die gesin van Noag.

Adam en Eva het voor die sondeval vir God daagliks saam aanbid. Vgl. Gen. 1:27v en 2:1-3 en 2:21-25. Aldus Luther, Calvyn, Milton, die *Westminsterse Geloofsbelydenis*, Owen, Andrew Murray, Kuyper, en Bavinck.

Te meer. Adam en Eva gaan voort met dié huisgodsdien, selfs ná die sondeval. Vgl. Gen. 3:8v,15v,21. Aldus Calvyn, Westminster, en Owen. Sulke daaglikse huisgodsdien was ook bo en behalwe hulle daaglikse persoonlike godsdiensoefeninge.

Veral Calvyn het daarop aangedring dat Adam gereeld godsdiensoonderrig aan sy kinders gegee het terwyl hulle grootgeword het (vgl. Gen. 4:2v). Ook Set en ander Godvresende kinders van Adam en Eva, ook nadat hulle volwassenes geword het, het gereeld met huisgodsdiensoefeninge in hul eie huis aangehou (vgl. Gen. 4:25v). Inderdaad, in die dae van Set se seun Henog, selfs gereelde vergaderings van verskillende gesinne wat dikwels saam as ’n gemeente aanbid het – is minstens weekliks gehou. Vgl. Gen. 4:26.

Prof. Johannes Calvyn, dr. John Owen en Eerw. Charles Haddon Spurgeon het almal implisiet dog korrek tot die gevolgtrekking gekom dat selfs te midde van groot afvalligheid, minstens die huishouding van Henog die Setiet (’n later afstammeling van Enos die seun van Set) hul eie daaglikse huisgodsdien nog altyd voortgesit het. Want Henog het voor sy seuns en sy dogters “met God gewandel” en glo ook “al die dae van sy lewe” so gemaak. Gen. 5:22v. Dit het blykbaar ook sy kleinseun Lameg die Setiet gedoen. Gen. 5:28-31. Ook dié Lameg se seun Noag “het met God gewandel.” En daar word later ook genoem dat hy saam met sy vrou en sy seuns en hul vrouens binne-in die ark vir God aanbid het. Gen. 6:9v.

Dit het hulle gedoen terwyl die ark gebou is (en ook daarna) blykbaar elke dag van hul lewens en sekerlik op elke sabbatdag. Sien Gen. 7:1-11 en 8:6-12 en 8:14-22. Volgens Spurgeon sou hulle ook vir minstens ’n hele ruk lank ná die sondvloed daarmee aangehou het. Gen. 1:26v vgl. 6:9v en 9:1-11.

Gevolglik is die gesin van Noag ook ná die sondvloed weer eens beveel om ook die gebooi van die oorspronklike skeppingsverbond met Adam en sy huisgesin te hou. Alle mense wat vandag lewe, het van sowel Adam asook Noag afgestam. So rus daar ’n

universele verpligting op alle mense om tot aan die einde van die wêreldgeskiedenis daaglikse huisgodsdienst asook weeklikse gemeentegodsdienst te hou. Dit sal inderdaad “al die dae van die aarde... dag en nag nie ophou nie.” Gen. 8:18-22 en 9:13-19v.

2. Daaglikse Huisgodsdienst vanaf Sem tot by Maleági

Selfs na die Noagitiese sondvloed en die latere vernietiging van die toring van Babel, het huisgodsdienst in die gesinne van Noag en die van minstens twee van sy drie seuns voortgeduur – op dieselfde wyse as wat dit by hulle ook vóór die sondvloed gebeur het. Sien: Gen. 6:9v, 7:1-11, 8:6-12, 8:18-22, 9:1-11, 9:18-29.

Dié praktyk het veral voortgeduur in die **huislike** asook in die **kerklike** kringe van die vroeë afstammeling van Sem en Jafet – wat die “geseënde... Here God” gedien het. Want ook Jafet het toe gaan woon “in die tente” van Sem. Gen. 9:26f. En vanuit die geskiedenis ook in latere eeue, sou dit blyk dat huisgodsdienst veral in die **tuistes** van die **Jafetiete** sou voortduur. Sien Hand. 10:1-2v.

Dit blyk ook die geval te wees in die “tente” van die latere Semiet Job, asook dié van sy sewe volwasse seuns en sy drie volwasse dogters. Job 1:1-5 vgl. *WGB* 21:6. Dit is waar dat huisgodsdienst inderdaad afgeneem het onder sekere ander huishoudings – maar nie onder dié van die salige Job nie.

Die gedagtenis aan die mense se oeroue paradystoestand, het by Job bly voortlewe. Ook so die herinneringe van die ware verhale dat ook die goeie engele vir God vroegoggend op elkeen van die dae van die aarde se formasieweek (en steeds daarna) geprys het. Ook so die begrip van die mens se sewedaagse week, en sy weeklikse aanbiddings veral op die heilige sabbatdag van die week. Job 1:5v, 2:1-13, 26:13 tot 27:3, 31:33, 33:4-6, 38:4-7 en 42:8.

Daaglikse en veral weeklikse dade van huisgodsdienst was veral in die gesinslewe van Job ooglopend. Aldus: Cyprianus, Cyrillus, Calvin, Matthew Henry, die *Westminsterse Geloofsbelydenis* (21:6), prof. dr. F. Delitzsch, en prof. dr. Bavinck se bondgenoot dr. W.B. Renkema. Volgens Delitzsch het sulke daaglikse huisgodsdienst blykbaar tot aan die einde van Job se aarde lewe van meer as 200 jaar voortgeduur – namate hy daagliks tuis met en vir sy afstammeling en sy vriende aanbid het totdat hy “oud en afgeleef” sterwe. Job 42:8-17.

In die hooflyn van die Messiaanse verbond, is gereelde huisgodsdienst veral prominent in die tuistes van Abraham, Isak, Jakob en Josef. By Gen. 14:13v en 18:18v kan gesien word hoedat Abraham sy huisgesin oor God en Sy Wet geleer het. Aldus veral Calvin, Matthew Henry, en dr. Andrew Murray.

Ook Isak en sy huisgesin was mense wat gereeld gebid het. Gen. 25:20-23 en 26:4-25. Jakob en sy huisgesin het by hul eie huisaltaar aanbid. Gen. 35:1-14. En ook Josef het sy eie agterkleinkinders se kindertjies op sy eie knieë help grootmaak. Sien Gen. 48:1v. vgl. 50:23.

In Ex. 10:2, het God vir Moses beveel om godsdiensoonderrig aan albei sy kinders asook aan sy kleinkinders te gee. Aldus Tertullianus. Sowel Calvin as Andrew Murray het die belangrikheid daarvan beklemtoon dat ’n Hebreuse vader ook tydens die Paasfees sy eie seuns moes onderrig. Ex. 12:26v.

Veral die tweede, vierde en vyfde Gebooie van die Dekaloog – en implisiet ook die sewende – voorveronderstel gereelde huisgodsdien. Aldus: Tertullianus, Ciprianus, Luther, Calvyn, die *WGB* (hoofstukke 19 en 21), die *Westminsterse Groter Kategismus* (Vrae en AA. 108-27), Alexander Smith Paterson in sy boek *Theology of the Shorter Catechism*, en ook prof. dr. Willem Geesink in sy tweebandige *Gereformeerde Ethiek* (en ander werke).

Chrysostomus het Num. 11:12 as betekenisvol vir huisgodsdien beskou. Proff. dr. Keil en Delitzsch het dieselfde gesê aangaande Num. 28:3-8 [vgl. Heb. 13:4-15v]. Dit is baie duidelik dat ook Deut. 4:8-11 relevant is, en veral ook die vereisde oggend- en aandhuisgodsdiensoefeninge wat by Deut. 6:6-9 en 6:20-25 genoem word. Aldus: die *Apostoliese Konstitusies*, Athanasius, Chrysostomus, Luther, Calvyn, die *WGB* 21:6, en dr. Andrew Murray. Ook Deut. 11:18-27 en 32:7 (aldus Luther en Calvyn) slaan o.a. op huisgodsdien.

* * * * *

'n Verdere baie beroemde voorbeeld van gereelde huisgodsdien word by Josua (24:15) aangetref. Aldus: Calvyn, Matthew Henry, en Andrew Murray. Dieselfde geld vir Simson se ouers (Rigt. 13) – en ook vir Elkana, Hanna en Samuel. Inderdaad, juis die afbreuk van huisgodsdien was een van die hoofredes vir die vernietiging van die priester Eli en sy seuns. Een Samuel hoofstukke 1 tot 4. Aldus so ook Hiëronymus en Chrysostomus.

Dawid het gereelde aanbidding bevorder: in die heiligdom, dwarsdeur sy koninkryk, onder sy onderdane in hul tuistes, en ook in sy eie huisgesin. Twee Samuel 6:12v. Aldus: Calvyn, die *WGB* 21:6, Alexander Fletcher, en Henry/Gill/Pink. Dawid self het met huisgodsdien grootgeword. As volwassene het hy dit beoefen, en oor by ander aanbeveel. Ps. 1:2v., 22:9v., 37:25-27, 45:15-17, 118:15, 119:147v., en 133:1v. Aldus: Calvyn, Matthew Henry, en Spurgeon.

Dawid self het drie keer daaglikse gebed (Ps. 55:17). So behoort ook ons te maak. Aldus Basilius en Calvyn. Inderdaad, alle vlees moet by die Hoorder van die gebed uitkom. Ps. 65:1, vgl. *WGB* 21:3. Godsdiensoerrig tuis moet van die een geslag na die ander oorgedra word. So Ps. 78:1-8, volgens Irenaeus en Calvyn. Inderdaad, gereelde huisgodsdien is een van die opperste seëninge wat ons kan geniet. So: Ps 127:1v en 128:3v – volgens Justinus die Martelaar, die *Apostoliese Konstitusies*, Hiëronymus, Luther, en Spurgeon.

Veral die Bybelboek Spreuke (1:8v. en 3:33 en 4:1v. en 8:30-34 ens.) is ryk – en ook vir ons onderwerp relevant. Aldus die *Apostoliese Konstitusies* en dr. Matthew Henry. Calvyn het Spreuke 20:7 as pertinent raakgesien. Baie word deur Spreuke 22:6 beïndruk. En Gregorius Nazianzus het Spreuke 31 beskou as 'n baie goeie beskrywing van die huis waarin hy self grootgeword het.

Dit is duidelik dat Jesaja 44:1-5 en 59:19-21 ter sake is. So ook Jesaja 46:3v in sy 270 v.C. Griekse vertaling in die *Septuaginta*, naamlik: “vanaf die baarmoeder gedra, en tot in die gryse ouderdom opgevoed.” Jeraja 10:25 weer laai 'n geïnspireerde vervloeking op dié gesinne wat die Here nie aanbid nie. Aldus: Calvyn, die *WGB* 21, en dr. Matthew Henry.

Ook Esegïel 16:2v. is van dieselfde aard. Dog Esegïel 43:27 (vgl. Heb. 13:4-15v.) voorspel groot seëninge d.m.v. die huisaltaar onder die Nuwe Testament. Aldus Paterson.

Daniël (6:10 vgl. 9:3) het driekeer daaglik gebid. Aldus Calvyn en dr. Matthew Henry. En ook Joël (1:3 en 2:16-28 vgl. Hand. 2:16-38v.) is vol positiewe huisgodsdiensteëninge.

Die Bybelboek Sagaria (5:3-5 en 12:1-14) noem weë vir dié wat dié seën nie toeëien nie. Dit bemoedig ook elke gesin om saam met sy huishouding vir sy eie sondes te rou – afgeskei van andere gesinne. Aldus: Calvyn, Matthew Henry, en Spurgeon.

Die Ou Testament eindig met die Bybelboek Maleági (1:6-11, 2:14v., 3:5-15v., en 4:2-6). Dit voorspel die koms van die Messiaanse tyd, waartydens alle volkere orals daaglik vir die Here ook met hul huisgodsdiensteëninge sou aanbid. Aldus Calvyn, die *WGB* 21:6, en dr. Matthew Henry.

3. Daaglikse Huisgodsdiensteëninge ten tyde van die Nuwe Testament

Omtrent 40 n.C. het die Grieks-sprekende Jodaïs Philo nogal bruikbare insigte gegee. In daardie tyd, verduidelik hy, is selfs gehelleniseerde “Jode vanaf hulle luiers... daartoe opelei om God as hul Vader te erken.”

Iets soortgelyks kry mens ook by die Joodse geskiedkundige Josefus, in 90 n.C. Hy voeg by dat Hebreeuse kinders “vanaf hul vroegste bewussyn die wette” van die Here geleer het.

Die beroemde Hebreeus-Christelike navorser eerw. dr. Alfred Edersheim beklemtoon dat vanaf die middel van die eerste eeu v.C., feitlik elke Hebreeuse gesin (hoe arm ook), ’n kopie van sommige van die Heilige Skrifte besit het. Dit is feitlik seker dat daaglikse huisgodsdiensteëninge, insluitende ook voorlesings vanuit dié Skrifte, in die huise van Sagarias-Elisabet-Johannes (die Doper) en Josef-Maria-Jesus (die Redder) getrou beoefen is. Sien: Matt. 1 en 2 en Luk. 1 en 2.

In Matt. 6:11 vgl. Luk. 11:3, het Jesus Self Sy dissipels en hul huisgesinne geleer om God daaglik te aanbid – ja, selfs toe hulle “Gee ons vandag ons daaglikse brood!” gebid het. Aldus: die *Didaché*, Tertullianus, Chrysostomus, Augustinus, Calvyn, die *WGB* 21:6, Thomas Watson, Alexander Smith Paterson, en dr. Matthew Henry.

Augustinus beskou Matt.7:11 in dieselfde lig. Vroeër beskou selfs Origenes vir Christus se bediening aan verbondskindertjies as gewigtig. Matt.18:1v. en 21:15 vgl. Ps. 8:3v.

Luther beskou Matt.25:35 en Luk. 23:28 as van belang. Andere weer beskou die “huishoudingstekste” (Matt.13:52 en 24:45 en Luk. 12:42) as hier betekenisvol.

Juis die Groot Sendingopdrag verg die beoefening van gereelde huisgodsdiensteëninge. Want die feit dat “nasies” volgens Matt.28:19 gedoop moet word – vereis noodsaaklik dat ook die “lammertjies” by Joh. 21:15 gevoed moet word. Aldus dr. Andrew Murray.

Hand. 2:38v. verduidelik dat die Evangeliebeloftes nie alleen aan die gelowiges nie maar ook aan hul kinders toekom. Wat meer is, ook Hand. 2:46 het nie op die gebruik van óf die Sakrament van die Doop óf die Sakrament van die Nagmaal betrekking nie – maar wel op spontane huislike gasvryheid en gereelde huisgodsdiensteëninge (aldus Calvyn). Inderdaad, dit word onderstreep ook deur Hand. 5:46 en 10:2v. en 17:11 (aldus Calvyn), en ook deur Hand. 20:20 (vgl. 1 Kor. 11:22 en 14:34v.).

Hand. 3:1 en 10:3-30v., en moontlik ook 1 Tim. 1:3, suggereer dat daaglikse huisgodsdien liewers op vasgestelde tye beplan moet word. Inderdaad, veral Hand. 10 (vgl. verse 2 en 4 en 22 en 31 en 33 en 34) gee duidelike bewyse van gereelde huisgodsdiensoefeninge. Aldus Calvyn, die *WGB* 21:6, en dr. Matthew Henry.

Hand. 10:2-44 bewys ook die doop van huisgesinne. So ook Hand. 16:15, 16:30-33, 18:8v. en 1 Kor. 1:16. Aldus Calvyn en dr. Matthew Henry. Inderdaad, selfs die gevierde Baptis eerw. dr. John R. Rice beklemtoon die feit dat die tronkbewaarder van Filippi permanente huisgodsdien laat instel het sodra sy huisgesin gedoop is. Hand. 16:34.

* * * * *

Dieselfde konklusies moet ook vanuit die huiskerkgedeeltes in die sestiende hoofstuk van Romeine (vgl. 11:16) getrek word. Aldus dr. Matthew Henry. En, natuurlik, ook veral 1 Kor. 7:14 bespreek die geval van 'n heilige gesin met 'n heilige ouer en 'n heilige kind. Aldus Tertullianus, Chrysostomus, Calvyn, ens.

Ook Ef. 5:14-19v. bespreek huisgodsdien. Aldus Tertullianus, professor J.H. Merle d'Aubigné, en wyle eerw. dr. James Montgomery Boice. Nog duideliker, dit is ook by Ef. 6:1-4 die geval. Aldus die *Didaché*, Tertullianus, Clemens van Alexandrië, die *Apostoliese Konstitusies*, Gregorius Nazianzus, Chrysostomus en dr. Matthew Henry.

Minder duidelik, geld dit ook vanuit Ef. 6:18 se woorde dat “julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges” (vgl. ook 1:1-5). Kommentarieer dr. Thomas Watson: “Dit is die kinders van die huisgesin.” Dieselfde geld ook baie duidelik wat betref die parallelle perikoop in Kol. 3:16-21 (vgl. 4:21). Aldus: Clemens van Alexandrië, Cyrillus, Chrysostomus, en Calvyn.

Huisgodsdien in die tuistes van Paulus en Timotheus, terwyl hulle grootgeword het, word duidelik aangedui in 1 Tim. 1:3-5 en 3:14-17. Aldus Clemens van Alexandrië, Hiëronimus, Chrysostomus, en veral Calvyn. Eerw. dr. J.R. Rice vind gesinsgebede by maaltye ook in 1 Tim. 4:3-5. En ook in 1 Tim. 2:8, sien die *WGB* (21:6) blykbaar hoedat vaders in die gesinsgebede tuis die leiding neem.

In 1 Tim. 2:15 (vgl. 5:5-10 en 5:14 en Tit. 2:3-5) sien Chrysostomus hoedat vrouens hul eie kinders onderrig (en ook ander vrouens onderrig om self so te maak). Inderdaad, niemand mag as ouderling of as diaken gekies word nie, tensy hy self gereelde huisgodsdien tuis beoefen. 1 Tim. 3:1-12 en Tit. 1:5-11. Want hy wat 'n kerklike amp beklee, moet ook ander aanmoedig om daaglikse huisgoddiens tuis te beoefen. Hand. 5:46 en 20:20-28 en Tit. 1:11v. en 1 Pet. 5:1-4 ens. Aldus: Hiëronimus, Chrysostomus, Augustinus, Calvyn en Matthew Henry.

In 1 Tim. 1:3-5 en 3:14-16 sien nie alleen Calvyn en Matthew Henry nie maar ook die Baptis Charles Haddon Spurgeon gereelde huisgodsdien selfs van kindsbeen af. Calvyn en Matthew Henry sien dieselfde ook by Titus 1:6v. en 2:3v. Inderdaad, dieselfde word ook geïmpliseer by lg. verse se parallelle perikoop in 1 Timoteus 5:8-14. So suggereer selfs Filipense 2v. gereelde huisgodsdien. Aldus Matthew Henry en Charles Haddon Spurgeon.

By Heb. 3:13 (vgl. 3:3), word Christene beveel: “Vermaan mekaar elke dag.” By 5:12v., sien Calvyn gereelde kerkiesing van verbondskinders namate hulle grootword. So ook by 13:4 en 13:15v., val die klem blykbaar weer eens op gereelde huisgodsdiens

Petrus se Eerste Sendbrief (1:23v. en 2:2v. en 3:1-7 en 3:20v.) leer gereelde huisgodsdiens baie duidelik. Aldus: Origenes, Hiëronymus, Augustinus, Calvyn, die *Westminsterse Geloofsbelydenis* (21:6), Matthew Henry, en Charles Haddon Spurgeon. 1 Joh. 2:12-14 doen blykbaar dieselfde. So ook 2 Joh. 1-4, na die mening van dr. Matthew Henry – en 3 Joh. 4, na die mening van dr. Charles Haddon Spurgeon. So ook – óf op positiewe óf op negatiewe wyse – doen selfs die Openbaring van Johannes (te 2:20-23 en 12:5-17).

Ook op negatiewe wyse, het ons gesê. Want sowel in die Ou asook in die Nuwe Testament, blyk dat dit rampspoedig is om huisgodsdiens nie te handhaaf nie. Vergelyk maar net: Ex. 20:4-12, Deut. 12:28-32, Jer. 10:25, Sag. 5:3-5, en Op. 2:20-23. Maar ook op positiewe wyse word veelvuldige seëninge belowe aan die wat daaglikse huisgodsdiens beoefen. Vergelyk: Deut. 6:6-9v., Matt.6:9,33, Hand. 10:2v., en 1 Pet. 3:7.

4. My eie persoonlike getuienis oor die krag van daaglikse huisgodsdiens

George Jameson, my eie oupa-grootjie, my oorgrootvader, was ’n baie vurige prediker. Na sy tragiese dood het sy kinders (insluitende my ouma Elizabeth Jameson Lee) egter van die Here weggedrywe. So ook haar eie kinders, insluitende my vader, William Sydney Lee. Dit het dus gebeur dat my eie vader, William Sydney Lee, sonder die Bybel grootgemaak is – en later met ’n Rooms-Katolieke, Alice Maud Smith, getrou het. Ek is hul enigste kind. Ook ek is sonder die Bybel grootgemaak – tot op sewejarige leeftyd as Room-Katolieke (toe ek en my moeder van die Kerk weggedryf het), en daarná as ateïs.

Baie jare later het die dogter van my ouma Elizabeth Jameson Lee ’n Christen geword en haar eie moeder na die Here gelei. Dié moeder, my ouma, het later by my ouers kom intrek toe ek self omtrent dertien jaar oud was. Later het ek self ’n Christen geword. Toe het ek en my ouma elke dag na haar slaapkamer gegaan, en daar die Bybel saamgelees en vir die bekering van my ouers gebid. My ouma het nie lank genoeg gelewe om dit te sien gebeur nie. Maar ná haar dood is al haar gebede uiteindelik positief verhoor.

Op God se voorafbepaalde tyd, en terwyl ek nog in my ouers se eie huis gewoon het, het ek die groot vreugde gehad om beide my vader en my moeder na Christus te lei. Die huisaltaar van daaglikse huisgodsdiens – wat sedert die dood van my oupa-grootjie George Jameson in 1923 afgebreek is – is toe ook in my ouers se huis weer opgerig. Vgl. Mal. 4:4-6 en Luk. 1:16v.

Ek het toe my vrou Nellie ontmoet, wat deur Christenouers op ’n plaas grootgemaak is wat daaglikse huisgodsdiens beoefen het. Ons is in 1963 op Vanrhynsdorp getroud. Sedert ons huwelik het ons soggens en saans daaglikse huisgodsdiens in ons huis beoefen. Elke keer toe ek oorsee gegaan het om lesings te gee en/of te preek, het Nellie die daaglikse huisgodsdiens saam met ons kinders tuis getrou waargeneem, totdat ek terugkeer en die leierskap daarvan weer eens oorgeneem het.

Oor die algemeen lees ons elke oggend uit die Ou Testament, en elke aand uit die Nuwe Testament. So, sedert die ontvangenis van ons twee kinders Johanna en Annamarie, selfs voor hul geboortes, het nie een enkele dag verbygegaan wanneer dié kinders nie self soggens en saans aan dié daaglikse huisgodsdienste deelgeneem het nie – vir solank as wat hulle onder ons dak gewoon het, en selfs vandag elke keer as hulle by ons kom kuier. Ps. 22:9v., 139:7-17, Luk. 1:36-45, Rom. 11:16, 1 Kor. 7:14.

Feitlik sedert hulle gebore, het ons kinders elkeen hul eie Bybel en hul eie Psalmboek en hul eie kategismusboekies besit – en selfs by die daaglikse huisgodsdienste gebruik. Vgl. 1 Tim. 1:3-5.

Hulle het nie 'n sogenaamde “Kinderbybel” nie maar die Bybel self as hul heel eerste boek leer lees, lank voordat hulle begin het om skool toe te gaan. 1 Tim. 3:14-16v. So gou as wat hulle kon, is hulle met huisgodsdienste gevra om een vers hardop uit God se Woord te lees. Vgl. Matt.21:16.

So dan, oor die jare, het elke lid van ons gesin een vers elk voor die ander hardop voorgelees – elke oggend, en elke aand. Jes. 8:20 vgl. 28:13. Dit is natuurlike bo en behalwe 'n kort gesinsgebed voor elke maaltyd (1 Tim. 4:3-5), en ook bo en behalwe sy of haar eie persoonlike godsdiens oefeninge wanneer elkeen alleen is (Matt.6:6).

Op dié manier, sedert die aankoms van die laaste byvoeging tot die gesin – is die ganse Bybel gedurende huisgodsdienste gedek. Dit is nogal heeldiep en in chronologiese volgorde deur al die jare gedoen. Vgl. Op. 1:3 en 22:17-19.

* * * * *

Hier volg nou 'n tipiese oggendhuisgodsdiensoefening – na ontbyt, en voordat van die huis af vertrek word. Die vader bid 'n baie kort openingsgebed. Vgl. Ps. 119:107. Die hele gesin sing dan 'n klein gedeelte van een van die psalms saam. Ps. 147:1. Die vader lees dan een vers van die Skrif hardop – gewoonlik vanuit die Ou Testament. Vgl. Luk. 24:27v., 44v. Die ander gesinslede maak dan ook so, in volgorde. Vgl. Matt.19:4v. en Luk. 1:1-4.

Die vader verduidelik dan die voorgelees paar verse. Vgl. 2 Pet. 3:16. Elke gesinslid sê dan watter nuwe ding hy of sy geleer het. Vgl. Hand. 8:30-36. Indien die voorgelees perikopie van die Bybel te diepsinnig is, word slegs een vers – of selfs slegs een gedeelte van een vers – by daardie geleentheid verduidelik. Vgl. Matt.5:18. Die gesin kniel dan saam neer. Vgl. Ps. 95:6. Die vader vra dan een van hulle om kortliks te bid – nl., vir die gesin se spesiale benodighede van dié dag. Vgl. Neh. 1:11 ens.

In die aand, onmiddellik na aandete, word 'n dergelike patroon gevolg. Deut. 6:6v. vgl. Ps. 55:17. Nou kan die aanbidding egter langer duur – aangesien daar nou geen nood is om vanuit die huis gou skool toe of werk toe te moet haas nie. Vgl. Ps. 1:2 en Hand. 17:11 ens.

Die enigste verskille by die aandpatroon, is soos volg. Die voorlees is gewoonlik nou uit die Nuwe en nie uit die Ou Testament nie. Joh. 16:13v. vgl. 2 Pet. 1:13-16 en 3:15v. Die gesongte gedeeltes is vanuit 'n Skriftuurlike Gesang of 'n Parafrase van die Skrif, en nie vanuit 'n Psalm nie. Ef. 5:18-25 en 6:1-4 en Kol. 3:16-21. Daarby, na die verduideliking van die voorgelees Skrifgedeelte – word een vraag en een antwoord uit die *Korter Kategismus*

[of die *Kort Begrip*] voorgehou, verduidelik en dan hardop gesamentlik opgesê. Vgl. Spr. 22:6 en 1 Tim. 6:12v.

* * * * *

Dit (lof, skriflesing, gebed) is die patroon van ons eie daaglikse huisgodsdien. Lof – want “’n stem van gejubel en van heil is in die tente van die regverdiges.” Ps. 118:15. Skriflesing, want dié wat Christus “edelmoediger” gemaak het, moet “die Woord met alle welwillendheid ontvang” en “elke dag die Skrifte ondersoek.” Hand. 17:11. En gebed, want “vaders, voed julle kinders op in die tug en vermaning van die Here... , terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees!” Ef. 6:4,18.

5. Voorstelle om hoe met huisgodsdien ’n begin te maak

Dit kan wel so wees dat u tot dusver dié geseënde praktyk van daaglikse huisgodsdien nooit geniet het nie – maar dat u nou besef dat God u nou daartoe dring om ’n begin daaraan te maak. In dié geval mag dit wel so wees dat die volgende voorstelle u kan help om ’n begin te maak. Onthou dat slegs ’n bietjie elke dag heelwat beter is as baie wat slegs een keer weekliks op Sondag gedoen word!

Sonder om “metodisties” te wil klink, wil ek laastens ’n paar metodes voorstel wat diegene kan help wat nou met daaglikse huisgodsdien wil begin. Dit is en bly maar slegs voorstelle, maar ek glo dat die implementering daarvan (of van iets dergelyks) tot ryke seën vir enige huisgesin sal wees.

Eerstens, kry vir u die volgende drie boeke (verkieslik met kopieë vir elke lid van u gesin, hoe jonk ook al): 1, die Heilige Bybel (verkieslik die 1933 Afrikaanse Hersiene Uitgawe), 2, die Psalmboek (’n vertaling en beryming van die 150 Psalms van Dawid saam met geskikte wysies), 3, die *Kort Begrip van die Heidelbergse Kategismus* óf die *Westminsterse Korter Kategismus* (verkieslik ’n uitgawe wat ook die Bybelse bewysverse aantoon), en ’n goeie gesangebundel vol singbare Skrifberymings en Bybelgetroue gesange.

Tweedens, sorg dat u gesin nie te laat gaan slaap nie – verkieslik voor tienuur of hoogstens half-elf of elfuur snags.

Derdens, stel u wakker vir die volgende oggend sowat ’n kwartier vroeër as in die verlede.

* * * * *

Dan, vroeg op die volgende dag:

A. 1. Kry u gesin uit die kooi sowat vyftien minute vroeër as waaraan u gewoon was.

2. Onmiddellik na ’n gesamentlike ontbyt, en moontlik ook voordat u die tafel verlaat, maak dat die gesinshoof na ’n baie kort gebed om verligting slegs een vers vanuit die Bybel hardop voorlees. Ons stel voor, uit Gen. 1:1.

3. Die gesinshoof moet dan elke lid van die gesin op sy of haar beurt vra wat hy of sy pas geleer het. Elkeen moet slegs vir hom- of vir haarself daarop antwoord, maar dan wel voor die res van die gesin.
4. Die gesinshoof moet dan aan elke gesinslid 'n Psalm- of Gesangeboek gee. Daar word voorgestel dat slegs die eerste koeplet van Ps. 1 deur almal gesing word.
5. Die gesinshoof moet dan vir die hele huishouding bid, nl. dat God juis op daardie dag vir elkeen in Sy diens sal gebruik (of 'n ander gesinslid vra om so te bid.)

* * * * *

In die aand kan die volgende daaglikse patroon dalk nuttig wees om 'n begin te maak met die inskerping van die beoefening van huisgodsdienste.

- B.** 1. Bedien aandete sowat vyftien minute vroeër as in die verlede, óf in plaas daarvan verleng maar die duur van die huisgodsdienste saam onmiddellik daarna.
2. Onmiddellik nadat die aandete saam geniet is, en moontlik voordat die tafel verlaat word, moet die gesinshoof 'n kort gebed om verligting doen en dan maar slegs een vers uit die Bybel hardop voorlees. Joh. 1:1 word voorgestel.
3. Die gesinshoof moet dan elke lid van die gesin beurtelings vra wat hy of sy sopas geleer het. Elkeen moet self en vir sigself voor die res van die huisgesin antwoord gee.
4. Die gesinshoof moet dan aan elke lid van die gesin 'n Psalm- of Gesangboek gee. Ons stel voor dat slegs een stansa van 'n bekende wysie deur elkeen gesing word.
5. Die gesinshoof moet dan die eerste vraag vanuit die *Kort Begrip van die Heidelbergse Kategismus* of die *Westminsterse Korter Kategismus* aan een van die gesinslede stel. Die gesinshoof moet die betekenis van die vraag verduidelik. Wanneer die antwoord korrek opgegee is, moet hy die betekenis van die antwoord verduidelik. Daarna moet die hele gesin gevra word om die korrekte antwoord saam hardop uit te spreek.
6. Die gesinshoof moet dan elke lid van die gesin vra wat hy of sy dié dag vir die Here gedoen het. Hy moet dan die Here bedank (of 'n ander lid vra om dit te doen) dat God elkeen van hulle gebruik het en vir Hom vra dat hulle dié nag 'n soete slaap vergun mag word sodat hulle elkeen Hom ook op die volgende dag kan dien.

* * * * *

C. Die volgende oggend moet **A** net soos hierbo gevolg word, met vervanging van Gen. 1:2 in plaas van Gen. 1:1 en Ps. 2 in plaas van Ps. 1.

D. In die aand moet **B** net soos hierbo gevolg word, dog met die vervanging van Joh. 1:2 in plaas van Joh. 1:1, met vervanging van Gesang 2 in plaas van Gesang 1, en met die vervanging van Vraag en Antwoord 2 van die *Kort Begrip* of die *Kategismus* in plaas van 1.

E. Op die derde dag, moet soortgelyke aanpassings soos by **C** en **D** hierbo gedoen word – en so ook wat betref die vierde en elke daaropvolgende dag.

* * * * *

In Eksodus 36:3, lees ons dat God se kinders “elke môre vrywillige offergawes gebring” het. Hier merk eerw. dr. Matthew Henry tereg in sy beroemde *Kommentaar op die Heilige Bybel*: “Ons moet altyd sorg dat ons elke oggend ons offerandes aan die Here bring, en selfs die geestelike offerandes van gebed en lofsegging met ’n gebroke hart bring wat geheel en al aan God oorgegee word. Dit is elke dag ons plig. ‘Sy barmhartighede het geen einde nie, hulle is elke môre nuut’ [Kla. 3:22v.]. So moet ook ons offerandes – ons vrywillige offerandes – wees!”

Andermaal dr. Matthew Henry, op Num. 29:1-11 (waar geleer word dat die nuwejaarsverpligtinge dié van die nuwemaan[de] en ook die daaglikse offerandes nie vervang nie maar veel eerder juis aanvul): “Die [nuwejaars]offerandes wat gebring moes word” – so verduidelik dr. Henry – “word hier in die besonder aangemerkt. Daar is gesorg dat hulle die nuwemaan[d]offers en die daaglikse offers nie vervang nie. Hiermee word te kenne gegee dat ons nie verskoning moet soek om ’n goeie plig te ontduik nie, maar eerder vir ons moet verheug in die geleentheid om meer as ons gewone godsdienspligte te doen. As ons huisgodsdienis nakom, moet ons nie meen dat dit ons van ons persoonlike godsdiens oefeninge sal verskoon nie. En op dié dae wanneer ons kerktoe gaan – moet ons nog altyd die Here aanbid as ons alleen is, en óók as huisgesinne saam... ‘Wees altyd oorvloedig in die werk van die Here!’”

Mutatis mutandis geld dieselfde ook elke aand. Inderdaad, Daniël se grootste gebed is juis op die tyd van die aandoffer vir die Here aangebied. Daniël 9:3-21 (vgl. 6:10-13).

Weer eens lewer eerw. dr. Matthew Henry komentaar: “Die altaar was vernietig, en daar was geen offerande wat daarop geoffer is nie. Maar dit blyk dat toegewyde Jode ook gedurende hul ballingskap daaglik gedagtig was aan die tyd wanneer dit geoffer moes gewees het. En op daardie uur was hulle gereed... Hulle het begeer en vertrou dat hul gebed soos wierook voor God uitgestal sou word, en dat die oplig van... hul harte... in Sy oë net so aanvaarbaar as die aandoffer self sou wees.”

Want selfs Adam en Eva het soggens en saans saam aanbid. Gen. 2:22v. en 3:8v. Ook Job se gesin het die Here al die dae soggens vroeg aanbid. Job 1:5. Abraham, die vader van alle gelowiges, het sy huishouding gedurig beveel om “die weg van die Here” te hou. Gen. 18:18v. vgl. 14:13v. met Rom. 4:11 en Gal. 3:6-8 en 3:16-18 en 3:27-29. Moses het huisgodsdienis soggens en saans van die ganse bondsvolk van God vereis. Deut. 6:7v. En ook Josua (24:15) en Dawid (2 Sam. 6:14-20) het op soortgelyke wyse opgetree.

Inderdaad, die besige Dawid het tyd gemaak om die Here drie keer daaglik te aanbid – en om sy hande in die gebed veral by die aandoffer te verhef. Ps. 55:17 en 141:2. Bang vir God se vervloeking van dié gesinne wat Hom nie aanbid nie (Jer. 10:25), het die toegewyde Kornelius vir God altyd met sy ganse huisgesin en sy huishouding op vaste tye aanbid. Hand. 10:2v. vgl. 10:30. Inderdaad, Jesus Self – in Matt.6:11 en Luk. 11:3 – het al Sy dissipels leer bid: “Onse Vader Wat in die hemele is! ... Gee ons vandag ons daaglikse brood!”

Mag ons– met ons ganse huisgesin – dieselfde doen! Kom, laat ons ons gesinne daaglik in ons huise kerkiseer! Kom, laat ons’n begin maak, en daarna ook voortgaan, om die Here by huisgodsdienste te aanbid – met lofliedere, gebede en die voorlees van God se Woord – soggens en saans, elke dag!

Dr. Nik Lee was tot en met 1973 predikant van die Ned. Geref. Kerk (Gemeente Winterton). Hy het einde 2000 afgetree as prof. in die Dogmatiek aan die Queensland Presbiteriaanse Teologiese Kollege in Australië. Een van sy doktorsproefskrifte – “Daily Family Worship” – handel juis oor huisgodsdienste. Dit is is vanaf Signposts by Posbus 35737 te Menlo Park 0102, Suid-Afrika, beskikbaar.

DEEL III – DIE KERK

Die Krisis in die Kerk

deur mnr. F.A. van Deventer

1. Inleiding

In die Apostoliese Geloofsbelydenis belei ons: “Ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike Kerk, die gemeenskap van die Heiliges...” Hierdie definisie verbind heiligheid met God se onsigbare kerkvolk. Wanneer mens na die volgende feite kyk dan sien mens amper geen onderskeid tussen die wêreld en die meeste kerke nie. Is daar dan geen ware gelowiges in die meeste kerke nie? Of is hierdie ware gelowiges se vrugte van hul geloof nie waarneembaar nie?

- ’n Teologie Professor aan UNISA sê dat voorhuwelikse seks verpligtend gemaak moet word¹. (Sien Mat 5:28, Hand 15:20, 1 Kor 6:13, 1 Kor 6:18, Gal 5:19, Ef 5:3, Kol 3:5) Alhoewel kerkleiers hierdie ketterse uitsprake maak, doen die res van die kerkleierskap niks om hierdie afwykende dwalings te veroordeel en hierdie teoloë tereg te wys nie.
- *“’n Gay-aktivis is tot die ontsteltenis van verskeie lidmate bevestig as ouderling van die NG gemeente Tamboerskloof... ds Terblanche Jordaan het Pieter Oberholzer onlangs in ’n erediens in die amp van ouderling bevestig... besware deur... lidmate wat homoseksualiteit as sonde beskou... is by die kerkraad ingedien... maar die kerkraad het dit van die hand gewys... Lidmate van die Tamboerskloof gemeente is ook ontevrede... onder meer omdat Jordaan as geskeide man einde verlede jaar beroep is – hy was getroud met Brümilda van Rensburg. Sommige is ontevrede omdat hy kort gelede as ’n ongetroude man pa geword het.”*²
- *“Die moderamen van die NG Kerk in Kaapland is oortuig daarvan dat die leraars en kerkraad van die NG Studentekerk op Stellenbosch nie verantwoordelik gehou kan word vir die vertoon van die SA Kommuniste Party se vlag in dié kerk nie. Dr Frits Gaum, skriba van die moderamen, het gister in ’n verklaring gereageer op die golf van verontwaardiging wat opgegaan het nadat die SAKP-vlag Woensdag tydens ’n roudiens vir die vermoorde mnr Chris Hani in die kerk vertoon is.”*³
- Verlede jaar het die Wêreld Parlement van Godsdienste in Kaapstad saamgetrek. Tydens hierdie geleentheid het teoloë van UNISA en valse godsdienste soos Hindoeïsme en Islam opgetree. Die boodskap by hierdie byeenkoms was dat alle godsdienste gelyk is en geeneen kan aandrang daarop dat dit uitsluitlik die waarheid verkondig nie. M.a.w. die

¹ “Seks voor die huwelik behoort verpligtend gemaak te word, het prof. Christina Landman, teoloog van Unisa, eergisteraand op ’n besprekingsbyeenkoms met die tema Kwelvrae oor Christen-wees in Johannesburg gesê.” – http://news24.co.za/Beeld/Nuus/0,1776,3-62_904470,00.html.

² *Beeld* 10 Junie 2000 soos berig in die *Kerkpad* 4:4, Julie 2000.

³ *Beeld*, 17 April 1993.

Christelike godsdiens wat daarop gebou is dat geloof in die versoeningsoffer wat Christus aan die kruis gebring het en die uitleef van hierdie geloof in die alledaagse lewe, word nou gelykgestel aan ander gelowe wat hierdie geloof verwerp. Die skokkende feit is egter dat die Charismatiese Rhema beweging hierdie byeenkoms finansieel ondersteun het⁴. 'n Verdere skokkende feit is dat party NG Kerk teoloë sê dat hulle nie glo dat mense slegs deur in Christus te glo, gered kan word nie, maar dat mense ook op ander maniere gered kan word. Tot op hede het die NG Kerk hulle nog nie aangekla van dwaalleer verkondiging nie⁵ (Sien Hand 4:10-12, Hand 10:43, Mat 1:21, Joh 3:36, Joh 14:6, 1 Tim 2:5, ens ens.).

- Die leier van die Rhema beweging, Pastoor Ray McCauley, het 'n paar maande gelede van sy vrou geskei. Zelda Ireland is ook onlangs van haar man geskei. Op vrae van joernaliste of McCauley en Ireland se vriendskap na hulle egskedings nie 'n bietjie vinnig is nie, het 'n woordvoerder geantwoord: “Wat is te gou? Wat is die reëls vir hierdie goed?”⁶
- Baie van die kerke in Suid-Afrika het lidmaatskap (hetsy volle lidmaatskap of waarnemer lidmaatskap) van die Wêreldraad van kerke (WRK) en die Suid-Afrikaanse Raad van kerke (SARK). Die WRK en per implikasie ook die SARK is egter goddelose organisasies. Die vraag is hoe kon kerke in Suid-Afrika hulself nog kerke van Christus noem as hulle in die raad van goddeloses wandel, staan en selfs sit. (Ps 1). Party mense verontskuldig die WRK (SARK), maar die volgende feite maak dit baie duidelik dat hulle goddeloos is:

2. Intergeloof

'n Uittreksel uit 'n spesiale verslag by die Wêreldraad van Kerke beraad te Baar, Switserland in Januarie 1990 is gepubliseer onder die titel *Perspectives and Affirmations* in die WRK-publikasie *One World* in Maart 1990, en lui:

“Ons erken die behoefte om verby teologie te beweeg wat verlossing tot die uitdruklike persoonlike toevertrouing aan Jesus Christus beperk. Verlossing kan beskikbaar wees vir dié buite die kudde van Christus op wyses wat ons nie kan verstaan nie, omdat hulle getroue en opregte lewens lei in hul konkrete omstandighede en binne die raamwerk van die godsdiens tradisies wat hulle rig en besiel.”

Hierteenoor sê die Bybel: *“Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.” – Joh 14:6*

⁴ Sendeling Robert Zins het die Parlement van Wêreldgodsdiens bygewoon en dokumentêre bewyse versamel wat bewys dat Rhema hierdie geleentheid ondersteun het. Hierdie dokumente kan van hom verkry word by: frontfel@gem.co.za of (021)6894480.

⁵ CFT's Bi-weekly Christian News - 30 August 2000 “A prominent South African theologian from the University of South Africa (UNISA), Prof Sakkie Spangenberg, wrote in the latest edition of the Dutch Reformed Church newspaper *Die Kerkbode*, that he was beginning to doubt the conventional Christian doctrine that those who do not believe in Jesus Christ, could not be saved. He asks, ‘If the Christian faith is the only way, does that mean that only those people who have lived in the 2000 years since Christ, could know God?’”

⁶ *Beeld* 10 Oktober 2000, p 3.

Hierdie ontkenning van redding deur Jesus Christus alleen is herbevestig deur die Sewende Vergadering van die Wêreldraad van Kerke, gehou van 7 tot 20 Februarie 1991 te Canberra, Australië toe verklaar is:

“ALLE GELOWE IS EEN MET GOD – WRK:”

“Die Wêreldraad van Kerke het ekumenisme dié naweek tot sy verste perke gevoer en beweer dat Moslems, Hindoes en andere op dieselfde wyse as Christene gered word en het laasgenoemde teen ‘eng’ denkwyses gewaarsku.”⁷

In Maart 1996 het die SARK die *Rite of Reconciliation* uitgegee wat godsdienstige goedkeuring gee aan die Waarheid en Versoeningskommissie. Hierdie publikasie stel metodes voor om hierdie goedkeuring in gesamentlike aanbidding uit te druk. Hierdie dokument getuig as volg oor die doel van die publikasie:

“It has been compiled in such a way that it can be adopted to suit the various traditions of our member-Churches as well as the particular circumstances of the local churches and parishes that make use of it. It is an offering to the churches to help the process of truth and reconciliation in our beloved South Africa.”

Onder die opskrif van “Optional Rites” word verwys na ’n “Libation Rite” en dan volg die volgende gebed:

“As we pour out this libation, we call upon you, our ancestors, to be present at this ceremony of reconciliation.

We invite the Spirits of all who died before their time as innocent victims of human blindness, all those who died because they unknowingly defended a cruel political order.

We call for God’s strength to face one another as members of his family.

We ask Jesus Christ, the atonement of our sins to plead for us with the father,

We invoke the Spirits of our ancestors to intercede on behalf of our new nation.

We ask for truth and simplicity of heart. We ask for compassion and mercy.

We ask for the capacity to forgive and to accept forgiveness.

We ask for courage and honesty through Christ our Lord.

AMEN”⁸

Hierteenoor sê God se Woord: *“En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel – moet ’n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word? Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ’n volk wat geen dageraad het nie. Dan sal hulle deur die land trek, beswaard en honger; en as hulle honger het, sal hulle in toorn uitbreek en hulle koning en hulle God vloek; dan sal hulle na bo kyk, ook die aarde aanskou, en kyk, daar sal benoudheid en duisternis wees! In jammernag en donkerheid is hulle gedrywe.” – Jes 8:19-22*

⁷ *Handves vir Geloofsvryheid*, Dr WPD de Waal.

⁸ *Rite of Reconciliation*, SARK Publikasie, Maart 1996, SACC Posbus 4921 Johannesburg 2000.

3. Ondersteuning van Rewolusionêres.

By die Bangkok-konferensie is Redding (Salvation) deur die WRK herdefinieer en gevolglik het die WRK hierna talle Rewolusionêres begin ondersteun. Redding is nou gedefinieer as “verlossing” van die “onderdrukkende” Westerse (lees Christelike) invloed. Ondersteuning is uitgespreek vir kommunistiese Noord-Viëtnam en talle pro-kommunistiese “vryheidsvegters” in Afrika en Suid-Amerika. Ook is geld deur die WRK geskenk aan organisasies wat bande met Kommuniste het soos die Viet Cong, Sandanistas van Nicaragua en terroriste in Zimbabwe, Namibië en Angola⁹.

In die WRK publikasie *Christians and Communists*¹⁰ word die volgende stelling gemaak: **“Christians must be ready to cooperate with atheists in shaping the world we all must live in.** To be sure, there must be a genuine encounter with atheism... The revolution in Nicaragua in the fall of 1979 was a case of such cooperation. Many Christians gave thanks to God ‘for the victory of the Nicaraguan people, and for the instrument of freedom – the Sandinista Front of National Liberation’... In such a society Christians and Marxists alike have only one choice: to work together for the overthrow of this oligarchy¹¹, which dominates farming and industry in close association with transnational corporations.”

4. Geen Morele waardes

Aborsie:

“En as manne met mekaar veg en ’n swanger vrou so stamp dat haar vrug afgaan, maar daar geen ander letsel is nie, moet hy sekerlik boete betaal soos die man van die vrou hom dit oplê, en hy moet dit deur skeidsregters gee. Maar is daar ’n letsel, dan moet jy gee lewe vir lewe,” – Eks 21:22-23

“The WCC[WRK] has not made any significant statement about abortion beyond recognizing that it presents a serious ethical problem and that most churches are opposed to it.”¹²

Tog het die WRK hom kwaai uitgespreek teen “rassisme” en “onderdrukking” en selfs sover gegaan om terroriste groepe van fondse te voorsien. Daar is egter geen programme begin om die onskuldige ongebore babas wat wêreldwyd teen ’n tempo van 55 miljoen per jaar vermoor word, te red of te help nie. Daar is geen geld aan pro-lewe organisasies geskenk om hulle te help in die geveg teen aborsie nie. Daar is nie teen die Sowjet Unie uitgevaar omdat hulle elke jaar 9 miljoen ongebore kinders vermoor nie, Sjina is nie veroordeel omdat hulle 30 miljoen babas elke jaar vermoor en ’n program het wat slegs een kind per gesin toelaat nie. Daar is geen uitsprake gemaak teen sulke gruwelikhede soos

⁹ *Christians and Communists An ecumenical perspective*, Ans J van der Bent, p30,33,34.

¹⁰ *Christians and Communists An ecumenical perspective*, Ans J van der Bent, p30,33,34.

¹¹ Oligargie beteken “regering deur die minderheid”. Dit is egter interessant om daarop te let dat in dieselfde publikasie (Appendix II) aangetoon word dat daar 1381 miljoen mense in Kommunistiese lande is waar slegs 76 miljoen lede is van die Kommuniste Party (0.055%) terwyl die Kommunistiese Party die enigste Party is wat die land mag regeer. Is dit dan nie regering deur 'n oligargie nie?

¹² *Dictionary of the Ecumenical Movement*, WRK Publikasie, Nicholas Lossky, José Míguez Bonino, John S Pobee, Tom F Stransky, Geoffrey Wainwright, Pauline Webb, p2.

“**late term abortions**” waar die baba gedood word reeds 6 tot 9 maande in die swangerskap. Hierdie tipe aborsie word as volg beskryf: “*Partial-birth abortions are performed late in pregnancy by delivering the live baby except for his or her head, opening the skull by means of scissors, inserting a catheter to remove the brains, and then completing the delivery of a now dead baby*”¹³.

Die Suid-Afrikaanse Regering het die “Termination of Pregnancy” wet [B80-96] voor die parlement gelê vir goedkeuring in 1996. Hierdie wet het in effek aborsie op aanvraag beskikbaar gestel in Suid-Afrika. Duisende Christene het teen hierdie wet beswaar gemaak, maar die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (**SARK**) was een van die eerste kerklike instansies wat hom ten gunste van hierdie wetgewing uitgespreek het¹⁴.

Homoseksualisme:

“*The WCC [WRK] has not directly addressed ethical, theological and ecclesiological issues raised by homosexuality. The sixth assembly (1983) encouraged churches to examine and study for themselves and with one another the question of homosexuality.*”¹⁵

“*Daarom het God hulle oorgegee aan skandelige hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan ’n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie:” – Rom 1:26-28*

Genadedood:

Die enigste stelling wat die WRK oor genadedood maak, is: “*Euthanasia [genadedood] has not been an object of significant ecumenical debate.*”¹⁶

Die Woord van God sê egter: “*Jy mag nie doodslaan nie.*” – Eks 20:13

Pornografie:

Signposts berig dat by die WRK se konferensie in Canberra, die volgende gebeur het: “*In die voorportaal van die konvensiesentrum kom ek op ’n tafel af wat ’n feministiese boek aanbeveel, met pornografiese prente (‘cartoons’) daaromheen, ook een van ’n paartjie wat ’n onnatuurlike daad pleeg,*” sê eerwaarde Austin. “*Ek het net-net die versoeking weerstaan om nie die tafels van die wat die pornografie verkoop, om te gooi nie, maar het darem al die prente verwyder – wat die vrou op diens by die stalletjie woedend gemaak het.*

¹³ Persverklaring uitgereik deur: Mrs Mary E Stone, e-mail: MVLU37B@prodigy.com.

¹⁴ Radio Pretoria, 15 Oktober 1996, vroegoggend program.

¹⁵ *Dictionary of the Ecumenical Movement*, WRK Publikasie, Nicholas Lossky, José Míguez Bonino, John S Pobee, Tom F Stransky, Geoffrey Wainwright, Pauline Webb, p478.

¹⁶ *Dictionary of the Ecumenical Movement*, WRK Publikasie, Nicholas Lossky, José Míguez Bonino, John S Pobee, Tom F Stransky, Geoffrey Wainwright, Pauline Webb, p391.

Ek het hulle na die WRK se Inligtingstoonbank geneem, maar hulle gee dit net weer terug aan die vrou.”

Maar baie erger dinge sou kom. ’n Roemeense kerkman het ’n Kanadese vroulike afgevaardigde gevra om ’n onnatuurlike geslagsdaad met hom te pleeg, volgens Sunday Times, Londen (24/02/91). Toe sy weier, het die man haar teen die kop geslaan totdat sy toegee het. ’n WRK-woordvoerder het bevestig dat die polisie die klag ondersoek het, maar dat die Roemeniër reeds weg was. Hy kon dus nie gevra word of die prente sy passie aangevuur het nie!

The Sunday Times gaan voort: “Daar was toe ook ander insidente, trouens so baie, dat ’n spesiale tent wat Womanspace genoem is, opsy gesit is as ’n toevlugsoord vir die vroue wat die attenties van die sogenaamde ‘manne van God’ wou ontvlug.”

“Die WRK het verkies om die leerstellinge van die Bybel, wat die enigste grondslag vir morele gedrag is, opsy te skuif. Hy is nou besig om die logiese vrugte van sy besluit te pluk.”¹⁷

“Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na ’n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.” – Matt 5:28

* * * * *

Dit is dus duidelik dat die kerk in byna alle denominasies in Suid-Afrika diep in die moeilikheid is. Vanaf Metodiste, Charismate, Anglikane en Katolieke tot ‘Gereformeerdes’ maak uitsprake wat vreemd klink en doen dade wat gewone lidmate se hare laat rys. Party lidmate wonder of hulle nog in hul denominasie moet bly en of hulle dit moet verlaat. Ander weer raak so moedeloos dat hulle doodeenvoudig nie meer kerk toe gaan nie, maar begin om ‘huiskerk’ te hou, los van enige vaste instelling.

5. Verstaan die probleem

As ons hierdie afvalligheid wat die Christendom in die wêreld en SA teister, effektief wil teenstaan, terugrol en totaal wil vernietig dan moet ons eers verstaan waaroor ons geloof gaan. Die belangrikste feit is om te besef dat Christene se geloof gebou is op God se Woord. Hierdie afvallige teoloë en humaniste erken nie God se Woord as die bron van hul gesag nie. Vir hulle is hul eie menslike denke die bron van gesag en is God se Woord ondergeskik daaraan. Hulle glo dus dat die Bybel ’n ou boek is wat deur ’n klomp “seniele” ou mans geskryf is en wat nie veel te sê het vir vandag se mense nie. Hulle glo dat dit wat in die Bybel geskryf staan, menslike insigte is en nie uitsprake van God is nie. Hulle glo dat God slegs deur mense uitgedink is en dat Hy nie regtig bestaan nie. Gevolglik beskou hulle teologie as baie magtige menslike denke wat daarin geslaag het om miljoene mense te beïnvloed om hul lewens in te ruim volgens die gedagtes van ’n paar seniele ou manne. Gevolglik glo hulle dan dat hulle dieselfde kan doen en hul denke op miljoene mense kan afdwing, want teologie is maar net menslike denke en vandag se mense is tog baie slimmer

¹⁷ Signposts, Vol 10 Nr 3A, 1991.

as die mense van 'n duisend jaar of wat gelede¹⁸. Geen wonder nie dat 'n Metodiste teoloog soos Cedric Mayson die volgende kwytraak nie:

“The greatest myth is the whopper propagated by fundamentalist Christians who say that ‘Christ was God and he died to save you from your sins’. This has nothing to do with the teaching of Jesus of Nazareth, who did not claim to be God, or to save people from their sins. This myth began when early preachers like Peter, Paul and John sought to interpret Jesus in the thought forms of Jewish and Roman-Greek hearers. Carried into other contexts among people who did not believe in blood-sacrifice, this teaching was twisted into outrageous and misleading myths by succeeding generations, and these still infect many churches today like a spiritual cancer. The claim that it is ‘fundamental’ to scriptural teaching is simply ignorance: it is all post-Jesus. ... This myth is non-Jesus, non-sense and heretical.”¹⁹

Hierdie is 'n ernstige aanval op die fundamente van die Christelike geloof. Ons glo dat die Bybel die Woord van God is en dat dit die waarheid is. Ons glo dat die skrywers van die Bybel knegte van God was en die waarheid geskryf het. Die Ou Testament het die beginsel neergelê dat 'n regspraak slegs aangehoor mag word en die waarheid bepaal kan word as getuie afgelê word deur twee of meer getuies²⁰. In die Nuwe Testament het ons die getuie van Matteus, Markus, Lukas en Johannes dat Christus wel die Seun van God was en dat Hy vir ons sondes gesterf het. Ons glo dat die Bybel ons finale bron van gesag is, en dat ons lewens en die samelewing volgens God se Woord ingerig moet word, en nie dat ons God se Woord moet verander om by ons lewenstyl aan te pas nie.

6. Wat moet ons doen?

As ons God se Woord as die finale bron van ons gesag aanvaar, wat is die implikasies? Dit beteken dat ons die sondeval ernstig moet opneem. As die Bybel sê dat alle mense sondaars is, beteken dit dat stout kinders nie een of ander sielkundige probleem het nie, maar hul daad is sonde en dit moet gestraf word. Dan moet ons nie huiwer om hulle te tuchtig nie. As 'n persoon iemand anders se eiendom steel, is dit nie weens die armoede wat in die land is nie, nee dit is sonde wat gestraf moet word. Indien gemeentelêde of ons 'helde' se seksuele losbandigheid bekend word, moet daar nie verskonings gesoek word en gesê word dat dit onmoontlik is om jouself te bedwing en te weerhou van voorhuwelikse seks nie of selfs so ver afgewyk word soos party teoloë wat sê dat voorhuwelikse seks verpligtend gemaak¹ moet word nie. Nee, optrede wat in stryd is met God se Woord, is sonde en is gedrag wat verander moet word. Ons moet die verlossingsboodskap van Christus se dood en opstanding ernstig opneem en besef dat sondaars tot bekering kan kom en vernuwe kan word. Ons moet God se Woord ernstig opneem en alles glo wat daarin geskryf staan en ons lewens daarvolgens inrig.

As ons nou nadink oor die situasie waarin ons kerke vandag verkeer, dan moet ons onself afvra wat die kriteria behoort te wees wanneer ons 'n kerk kan klassifiseer as 'n valse kerk wat nie meer ware Christene se ondersteuning waardig is nie. Ons moet ons self

¹⁸ Sien die September uitgawe van die *Kerkpad* by <http://home.mweb.co.za/ke/kerkpad>.

¹⁹ *Mail & Guardian* 7/7/2000 soos aangehaal in *Signposts* Vol 19, no 5, 2000.

²⁰ Num 35:30, Deut 17:6, Deut 19:15, Mat 18:16.

afvra wat God se Woord (ons finale bron van gesag) hieroor te sê het. Wat is die minimum vereistes waaraan 'n gemeente moet voldoen om 'n ware gemeente van God te wees?

7. Suiwer Woordverkondiging

Die Woordverkondiging moet suiwer wees en nie afwyk van dit wat in die Bybel geskryf staan nie. God se kinders word gekenmerk as mense wat luister na sy Woord (Joh 8:47, Joh 17:20, Joh 18:37). Hulle is mense wat die woordverkondiging evalueer of dit volgens die Skrif is (Hand 17:11). Hulle geloof is gebou op die fondament van die apostels en profete en Christus is die hoeksteen (Ef 2:19-21) en hulle word opgeroep om God te vrees en sy gebooi te hou en God te dien. (Deut 13:4) Christus sê in Matt 5:17-19 dat hy nie gekom het om die wet of profete te ontbind nie, maar om dit te vervul en dat elkeen wat die mense leer om die gebooi te breek en ander mense só leer, sal die minste geag word in die koninkryk.

Indien ons 'n lidmaat is van 'n gemeente wat nie hierdie kenmerk het nie, dan is dit ons plig om daardie gemeente aan te spreek. Indien die gemeentelede niks wil doen om die gemeente te reformeer nie, dan moet die lidmaat die gemeente by die hoëre vergadering van die denominasie gaan verkla. Indien hierdie hoëre vergadering ook niks wil doen nie, of die gemeentelede wat ernstig is oor God se Woord begin vervol, dan moet sulke lidmate dit oorweeg om hierdie gemeente te verlaat en een te soek wat wel aan hierdie kenmerk voldoen.

8. Suiwer bediening van die sakramente

1 Kor 11:17-34 maak dit duidelik dat die nagmaal op 'n waardige wyse bedien moet word, "want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie."

Die nagmaal het die pasga van die Ou Testamentiese tyd vervang en gevolglik kan ons ook na die vereistes gaan kyk wat vir die pasga neergelê was. Numeri 9:13 maak dit duidelik dat die viering van die pasga / nagmaal 'n ernstige saak is wat ernstig opgeneem moet word deur gemeentelede. 1 Sam 13:9-12 vertel die verhaal waar Saul homself magte toegeëien het wat nie aan hom behoort het nie deurdat hy offers gebring het wat slegs deur Samuel (God se godsdienstige leier) geoffer mag word. Hieruit kan ons aflei dat die sakramente (doop en nagmaal) deur legitieme vertoonwoordigers van God bedien moet word, anders is dit sonde.

Verder is dit ook belangrik om die sakramente hoog genoeg te ag om dit te weerhou van lidmate wat onder die tug is totdat sulke lidmate hul bekeer of uit die gemeente gesit is.

9. Suiwer toepassing van die tug

Matt 18:15-35: Indien iemand in die gemeente 'n sonde begaan, dan moet die individu wat die sonde opgemerk het, die sondaar bestraf. Indien die sondaar hom nie wil bekeer nie, dan moet hy een of meer van die gemeentelede met hom saamneem na die sondaar. Indien die sondaar hom dan nog steeds nie wil bekeer nie, dan moet dit aan die gemeente bekend gemaak word, sodat voorbidding gedoen kan word vir hierdie sondaar en dat ander

gemeentelede ook met die sondaar kan praat. Indien die sondaar hom nog steeds nie wil bekeer nie, moet die gemeente hierdie lidmaat afsny van die gemeente en sy lidmaatskap beëindig.

1 Kor 5 maak dit duidelik dat slegte mense uit die gemeente geweer moet word en in die Ou Testamentiese tyd het God vereis dat valse profete wat valse leer verkondig, gedood moes word (Deut 13:5). In die Nuwe Testamentiese Era word dit nog steeds as 'n baie ernstige oortreding beskou as ons sien dat Paulus vir Himenéüs en Alexander oorgegee het aan Satan oor laster (1 Tim 1:20). Die Geneefse Studie Bybel verklaar hierdie teksvers as volg: *“Those who fall from God, and his religion, are not to be endured in the Church, but rather ought to be excommunicated, cast out of the Church, and so delivered them to Satan. That by their pain they might learn how serious it is to blaspheme.”*

Neem gemeentes hierdie opdrag vandag nog ernstig op. Word hierdie prosedure gevolg? Nee! Die meeste gemeentes pas nie meer die tug toe nie. Dit het tyd geword dat gemeentes hul taak as kerk van God ernstig opneem en weer terug reformeer na wat God se Woord van ons vra. (Sien ook 1 Tim 1:18-20)

10. Slot

Indien Christene regtig bekommerd is oor die rigting wat die kerk in Suid-Afrika besig is om in te slaan, dan gaan dit nie genoeg wees om jou bloot stil-stil van jou afvallige gemeente te onttrek nie. Dit gaan ook nie help om net stil te bly en voor te gee dat daar niks fout is nie. Nee, hierdie afvalliges moet daarop gewys word dat hulle afwyk van dit wat God ons in sy Woord beveel. Hulle moet daarop gewys word dat hulle die risiko loop om 'n valse kerk te word. Indien die gemeente nie wil luister nie, gaan verkla hulle by die ring. As die ring nie wil luister nie, gaan verkla hulle by die sinode. As die sinode nie wil luister nie, dan het die denominasie geen verskoning nie. Hulle het hulself konsekwent daartoe verbind om 'n valse kerk te wees. Doen dan 'n beroep op lidmate en gemeentes in die denominasie om hierdie valse kerk te verlaat en maak dit baie duidelik dat op grond van dit wat in God se Woord staan, daar geen ander uitweg is om hierdie denominasie as 'n valse kerk te bestempel nie.

Mag die HERE vir ons deursettingsvermoë en die konsekwentheid skenk om vir die waarheid te staan en valsheid in ons denominasies teen te staan en te ontbloot. Mag die HERE ons 'n nuwe reformasie skenk wat die kerk in SA sal reformeer terug na sy Woord.

Die Taak van die Kerk

Verskeidenheid en Verskeurdheid in die Kerk

deur ds. R. Visser

1. Die Taak van die Kerk

Dit is nie moeilik om in enkele woorde te sê wat die taak van die kerk is nie. Die taak is om Christus se Woord te verkondig en dus ook te bewaar. Dit is 'n verkondiging met krag sowel na binne as na buite.

Die Here Jesus gee vir sy leerlinge die volgende opdrag: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Mat 28:19).

As ons dit begin uitwerk, sien ons raak hoe baie ons oor die taak van die kerk kan sê. Ek sal in hierdie lesing net enkele sake kan aanraak. Sake soos sending en kategeese is op hierdie seminaar behandel en daarom sal ek nie nou daaraan aandag gee nie.

Hoe belangrik is dit om voordat ons van die taak van die kerk in die algemeen praat, raak te sien wat ons taak ten aansien van die kerk is. Ek sê dit beter as ek sê wat ons taak vir Christus is wat Sy kerk vergader. Ons sien dit helder as ons let op die onderskeid wat dikwels gemaak word tussen die sigbare en onsigbare kerk. Hieroor nou eers enkele opmerkings.

Is die kerk onsigbaar?

Wanneer ons oor die kerk dink en praat, moet ons mooi bedink dat die Skrif op twee maniere oor die kerk praat. Die kerk is die volk van God. Sy volk kom op sekere plekke saam.

Elke plaaslike kerk is werklik kerk van Christus. Die Skrif noem nie net die plaaslike gemeente kerk nie. Ook God se volk van alle plekke en tye word kerk genoem. Dit word in artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis “'n enige katolieke of algemene kerk” genoem. Die kerk wat alle plekke en tye omvat, word ook in Sondag 21 genoem. In hierdie Sondag bely ons o.a. dat “die Seun van God uit die hele menslike geslag ... van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou.”

In die Bybel self lees ons ook steeds weer dat die kerk aangedui word as die totaal van God se kinders dwarsdeur die geskiedenis; dat die kerk aangedui word as die hele volk van God op aarde. Ek sal daarvan 'n enkele voorbeeld gee:

Mat. 16:18: “En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”

Efesiërs 1:22,23: “En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.”

1 Petrus 2:9: “Maar julle is ’n uitverkore geslag, ’n koninklike priesterdom, ’n heilige volk, ’n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.”

Wanneer die Heilige Gees die kerk, Christus se gemeente as die algemene kerk aandui, is dit duidelik dat ons nie weet hoe groot, hoe omvangryk die kerk is nie. Ons is nie God nie. Hy is die enigste wat weet, wat sien hoe uitgebreid die kerk is.

Hy is ook die enigste wat weet wie vandag werklik tot Christus se kerk behoort. Ons weet dit nie want ons kan nie in mense se harte kyk nie. Die HERE weet wie huigelaars is. Huigelaars is in die kerk sonder dat hulle werklik aan die kerk behoort (sien art 29 NGB).

Calvyn oor die onsigbare aspek van die kerk

Calvyn skryf in sy laaste deel van die Institusie oor die kerk. Hy wys op die groot belang van die sigbare kerk en noem die sigbare kerk die gelowiges se moeder. Terwyl hy besig is om oor die sigbare kerk te skryf, gebruik hy die onderskeid van sigbare en onsigbare kerk in hoofstuk I,7.

Daar skryf Calvyn o.a: “Ek meen dat dit uit die voorgaande besprekings en uit wat ons weet, inderdaad reeds duidelik is watter oordeel ons oor die **sigbare kerk** moet handhaaf. Ons het trouens gesê dat die heilige Skrif tweeledig van die kerk praat. Soms wanneer die Skrif die kerk vermeld, verstaan dit daaronder die kerk wat in werklikheid voor God is waarin niemand opgeneem is behalwe diegene wat deur die genadige aanneming kinders van God en deur die heiligmaking van die Gees waarlik ledemate van Christus is nie. En dan sluit dit weliswaar nie alleen die heiliges wat nog op aarde leef, in nie, maar al die uitverkorenes wat van die skepping van die wêreld af bestaan het. ... Soos ons dus moet glo dat daar ’n **onsigbare kerk** is wat vir God se oë alleen sigbaar is, so word ons gebied om hierdie kerk wat, so ver dit mense aangaan, **die kerk** genoem word, te eerbiedig en gemeenskap daarmee te oefen.”

Ons sien hier dat Calvyn die onderskeid tussen sigbare en onsigbare kerk gebruik. Dit is vir Calvyn ’n onderskeid en niks meer nie. Wanneer hy oor sigbare en onsigbare kerk skryf, gaan dit om dieselfde kerk. Hy skryf dat ons op aarde gemeenskap met die kerk wat voor God se oë is, moet beoefen. Hoe doen ons dit volgens Calvyn?

Deur hier op aarde ons regtig deur Christus in Sy sigbare kerk te laat vergader. Calvyn noem in die volgende gedeeltes die merktekens waaraan ’n mens Christus se kerk op aarde kan herken. Elke mens wat hom in gehoorsaamheid aan Christus se Woord in Sy kerk op aarde laat vergader, het gemeenskap met die kerk soos die HERE haar volmaak sien. Die onsigbare aspek van die kerk doen by Calvyn geen afbreuk aan die opdrag om jou op aarde by die ware kerk te voeg nie.

Is dit verstandig om vandag die kerk onsigbaar te noem?

Ons leef meer as 400 jaar na Calvyn. Die geskiedenis het voortgegaan. Die manier waarop mense die onderskeid sigbaar-onsigbaar gebruik het, maak dit moeilik om nog vrymoedig van 'n onsigbare kerk te praat.

Hierdie onderskeid is misbruik. Die manier waarop hierdie onderskeid gebruik is, het die indruk gewek dat daar eintlik 2 kerke bestaan. Naamlik 'n sigbare en 'n onsigbare. Die sigbare kerk sou eintlik nie so belangrik wees nie. Wanneer 'n mens deur die geloof lidmaat van die onsigbare kerk is, sou dit nie so belangrik wees by watter kerk op aarde jy jou aangesluit het nie. Wanneer so gedink en gepraat word, doen ons afbreuk aan Christus se bevel dat ons ons by die ware kerk moet aansluit. Hierdie kerk is nie onsigbaar nie.

Die kerk kan 'n mens aan die merktekens herken. Dit kan daaraan herken word dat die Woord van God suiwer verkondig word en dat in ooreenstemming daarmee doop en nagmaal bedien word en die Christelike tug gehandhaaf word. Dit is dinge wat gesien, en gehoor kan word.

Dit sou in ons tyd onverstandig wees om van 'n onsigbare kerk te praat omdat dit vir baie mense 'n verskoning is om in 'n gemeenskap te bly waar dwaalleer verkondig en verdra word. Omdat dit in ons tyd vir baie mense 'n verskoning is om nie verder na eenheid te soek en te strewen nie omdat hulle bang vir onrus is. Die onsigbare kerk mag nie 'n verskoning word om 'n sondige skeiding te laat bestaan nie.

Die gedagte aan die onsigbare kerk mag ons nie blind of half-blind maak wanneer dit om die konkrete vergadering van Christus se kerk gaan nie. Juis vanweë die misbruik van die onderskeiding sigbare-onsigbare kerk, wat in die gedagtes van baie mense amper tot 'n skeiding geword het, sal dit beter wees om die woord onsigbaar deur onoorsienbaar te vervang.

2. Kerk en Verskeidenheid

Toetsing bly altyd nodig

As ons met kerkwees erns maak, kan dit nie anders of ons vra: Is ons nog kerk van Christus?

Ons mag oor die kerk nie staties dink nie. Dit is nie so dat 'n kerk wat ware kerk is, altyd ware kerk bly nie. Dit is nie so dat 'n kerk wat vroeër valse kerk was daarom nooit ware kerk kan word nie. As gereformeerdes het ons o.a. die Nederlandse Geloofsbelydenis as ons belydenis aangeneem. Dit beteken dat ons ons aan hierdie belydenis verbind omdat ons voor God daarvan oortuig is dat o.a. hierdie belydenis in alles met God se Woord ooreenstem.

Dit beteken ook dat ons altyd weer geroep is om verseker die kerk te toets. Die 3 kenmerke van die ware kerk wat in artikel 29 genoem word, is nie bedoel om te sê: Ons is ware kerk en **dis** kan 'n mens by ons die 3 kenmerke van Christus se kerk vind nie. As ons so redeneer, het ons in die slaggat van menslike hoogmoed, tradisionalisme en kerkisme geval. Dan het die kerk by ons 'n plek bo die Woord begin inneem. Dan gebruik ons nie meer die kritiese funksie wat God se Woord altyd in ons lewe moet inneem. Veral by die

profete maar ook by Christus en in die briewe wat ons in die Nuwe-Testament lees, kom die kritiese funksie van God se Woord na vore.

Ons sê dat die belydenis in alles God se Woord naspreek.

Dit beteken dat ons vanuit die belydenis ook krities na ons eie lewe en na die kerk waarvan ons lidmate is, moet kyk. Ons mag nie vergeet om onself te beproef nie. Die Drie Formuliere van Eenheid is nie 'n kussing waarop ons in slaap kan val nie. Dit dat ons kerke die 3 Formuliere van Eenheid aangeneem het, mag ons nie vaak maak nie en dat ons daardeur nie meer skerp sien wat vandag gebeur en wat dit vir die kerk-wees van môre beteken nie.

As ons vandag oor kerk en verskeidenheid en kerk en verskeurdheid nadink, moet dit regtig om Christus se kerk en verskeidenheid en Christus se kerk en verskeurdheid gaan. Dit gaan nie om 'n verskeidenheid waarvoor ek persoonlik nie lief is nie of wat ek self graag wil sien nie.

Dit wat ons verskeidenheid en verskeurdheid noem, moet normatief vanuit God se Woord so genoem kan word. Dit moet daarom ook aan die drie kenmerke van die kerk wat in artikel 29 genoem word, getoets kan word. Die suiwere verkondiging van die Woord, die bediening van Doop en Nagmaal volgens God se Woord en die regte toepassing van die kerklike tug het alles met verskeidenheid en ook met verskeurdheid te doen.

Dit sal goed wees om eers aan die verskeidenheid aandag te gee. Nou sal nou eers ons aandag op die verskeidenheid wat in Christus se kerk **moet** bestaan en benut moet word, vestig.

Verskeidenheid wat in Christus se kerk benut moet word.

Elke mens is nie dieselfde nie. God se skepping wys juis 'n groot verskeidenheid. Dit word al in Genesis 1 beklemtoon. Ons lees daar dat die HERE plante en diere volgens hulle soorte maak (Gen 1:11,12,21,24,25). Die verskeidenheid in die natuur wys God se grootheid. Selfs as ons al hierdie verskeidenheid in een skepsel saam kon bring, is God nog groter.

By die mens wat na God se beeld en gelykenis gemaak is, sien ons verskeidenheid vanaf die staanspoor. Van hierdie verskeidenheid lees ons reeds in Genesis 1:27: “En God het die mens geskape na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.” Die mens is God se beeld in verskeidenheid, in die verskeidenheid van man en vrou. Dit is 'n verskeidenheid wat ons moet eerbiedig, want dit is volgens Sy skeppingsorde aan ons gegee (Sien ook 1 Tim 2:13).

Die verskeidenheid van mense gaan verder as net die tussen man en vrou. Dit is duidelik dat elke mens nie dieselfde werk op aarde gaan doen nie. By die uitvoering van die kultuuroopdrag wat ons in Gen. 1:26 lees, gaan onder die mense differensiasie optree. Dit is nie nodig om dit as 'n gevolg van die sondeval te sien nie. Dit is ook nie so dat elke engel dieselfde taak van God gekry het nie. Onder die engele is daar gerubs en serafs en dalk nog ander soorte engele. Dit is ook so dat die een engel 'n hoër en meer verantwoordelike plek

in God se diens inneem as ander engele. Dink aan Migaël en Gabriël, dink aan die aartsengele.

Die differensiasie sien ons reeds by Adam se seuns Kain en Abel. Die een is 'n veeboer en die ander verbou veral koring. Hoe meer die mens ontdek, hoe meer verskillende dinge kan hy doen. Hoe meer differensiasie optree, hoe meer word die verskeidenheid aan talente onder die mense gesien. Dit is 'n verskeidenheid wat die HERE self in Sy skepping, en in die mens gelê het. Dit is 'n verskeidenheid wat ons in die kerk nie mag dooddruk nie. Dit is kreatuurlike gawes wat ons juis in die kerk en ook in die wêreld moet gebruik. Ons moet dit gebruik om Christus se kerk te bou.

Dit mag nie so wees dat ons 'n kerk van omtrent dieselfde mense wil wees nie. Dat ons streef na 'n kerk van mense uit dieselfde sosiale klas, met ongeveer dieselfde idees. Die kerk mag nie die plek word waar mense wat gelykgesind is, wat persoonlike vriende is, saamkom nie. Dit mag nie 'n vergadering word van mense wat by mekaar kom omdat dit so lekker voel, omdat dit nou die mense is waarby jy maklik tuisvoel nie.

Ons moet juis daarop gerig wees om die verskeidenheid wat in die gemeente aanwesig is, te gebruik. Om elkeen met sy eie gawes by die bou van die gemeente te betrek. As hierdie gawes deur die Gees geheilig word, moet ons hierdie gawes van die Gees in die gemeente raaksien en benut.

Dit is 'n verskeidenheid wat juis vir een doelwit gebruik moet word. Hierdie gawes moet vir die opbou van Christus se Koninkryk ingespan word. As hierdie een doel vergeet word, veroorsaak dit verdeeldheid en verabsoluttering van een of twee gawes.

Dit sien ons duidelik in die gemeente van Korinte. Dit is 'n gemeente wat sekere gawes wat opvallend is, so beklemtoon, so 'n groot plek in die lewe van die gemeente gee dat dit die lewe in die gemeente en ook in die kerkverband en die verhouding met Paulus skeeftrek. Die gawe om in 'n ander taal te praat, kry in hierdie gemeente 'n plek wat dit nie volgens die Heilige Gees se orde verdien nie. Dit kry 'n plek in die samekomste van die gemeente wat nie God se bedoeling is nie. Hierop wys Paulus veral in 1 Kor 14. Voordat hy hierop konkreet ingaan, wys hy ons in hoofstuk 12 hoe belangrik dit is om die genadegawes wat lidmate in die gemeente ontvang het, raak te sien en te gebruik.

Om dit ook te gebruik in die geheel van die bou van die gemeente. By die waardering en gebruik van hierdie gawes is baie belangrik wat ons in 1 Kor 12:4-7 lees:

“Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk. Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.”

Hierdie verskeidenheid moet ons in Christus se kerk gebruik en wel onder leiding van die Gees wat ons aan God se Woord bind. Dit beteken dat een gawe nooit die alleenreg in die kerk mag opeis nie. Dat 'n gawe nooit so gebruik mag word dat daarmee duidelik teen die Bybel ingegaan word nie.

Die Woord waaraan die Heilige Gees ons bind, is ook beslissend as dit om vryheid en verskeidenheid gaan. Dit kan maklik gebeur dat ons vanuit 'n sekere tradisie, vanuit 'n

sekere denkklimaat en verwysingsraamwerk verskeidenheid onnodig verbied en terugdring. Dan is ons besig om 'n menslike juk op te lê wat die bou van die kerk nie bevorder nie. Dan word 'n wettiese juk oor die kerk gelê.

'n Duidelike voorbeeld daarvan vind ons by die Fariseërs wat allerhande wetjies aan die volk opgelê het wat bo God se wet uitgegaan het. Verskeidenheid onder die lidmate van die gemeente is 'n gawe van die Gees wat ons in gehoorsaamheid aan die Woord tot opbouing van die gemeente moet gebruik. Die verskeidenheid wys juis die HERE se grootheid.

Verskeidenheid wat in die kerk mag bestaan

Dit wat ek nou gaan noem, is duidelik 'n gevolg van die sondeval. Toe het die mens se verstand, die mens se kennis verminder en dit heeltemal vervorm. Selfs so dat die mens ook met sy verstand en kennis in die verkeerde rigting oplossings soek. As 'n mens deur God se Gees tot Christus en Sy gemeente gelei is, het hy nog geen volmaakte verstand en kennis ontvang nie. Dit is nie so dat ons van alle dinge in hierdie wêreld kan sê dat 'n mens daarvoor op 'n bepaalde manier moet dink nie. Dit is nie so dat ons in die kerk van alle dinge kan sê dat dit so moet gebeur en nie anders mag gedoen word nie.

In die kerkgeskiedenis is etlike kere oor adiafora, middelmatige dinge gepraat. Om nou 'n konkrete ding te noem: dit was vir Calvyn in die kontak met 'n buitenlandse kerk 'n middelmatige saak watter vorm van kerkregering hierdie kerk gehad het. Die vorm van kerkregering wat in die Anglikaanse kerk van krag was, was vir hom geen verhindering om hierdie kerk as ware kerk te erken toe hulle regtig vanuit die gereformeerde belydenis gelewe het nie.

Dit was ook so toe ons gereformeerde vaders die Sinode van Dordrecht 1618/1619 saamgeroep het. Toe was die Anglikaanse kerk ook genooi en het o.a. die biskop van Kantelberg 'n belangrike plek tydens hierdie Sinode ingeneem. Juis hierdie saak het in die Kerkorde wat in die Vrye Gereformeerde Kerke van krag is, 'n duidelike plek gekry. Artikel 47 van hierdie Kerkorde bepaal: “Die buitenlandse kerke sal nie op grond van ondergeskikte punte van kerkorde en kerklike praktyk veroordeel word nie.”

Ons moet erken dat ons kennis gebrekkig is. Dat dit op aarde nie moontlik is om die waarheid volledig te ken nie. Dit is selfs so met betrekking tot ons belydenis. Die kerk het die belydenis aangeneem en toe gesê dat dit in alles met God se Woord ooreenstem maar nogtans is die belydenis op sekere punte ook die mees verregaande ooreenstemming wat bereik kon word. 'n Konsensus waarby nie alles gesê is nie.

As ons aan Die Dordtse Leerreëls dink, het ons 'n duidelike belydenis ten aansien van die uitverkiesing in Christus. Nogtans het dit die verskil tussen infra en supra-lapsarisme nie vir altyd beslis nie. Die verskil oor infra en supra-lapsarisme gaan oor die volgorde van God se besluite. Ons kan dink aan die uitleg van die woorde: “neergedaal het na die hel”. Die Heidelbergse Kategismus gee daarvan in vraag en antwoord 44 'n sekere uitleg sonder dat daarmee die ander uitleg wat hel as doderyk wil verstaan, regtig veroordeel word.

Somtyds kan ons nie verder kom as om aan te wys hoe iets nie is nie. Sonder om met sekerheid te kan bely hoe iets in positiewe sin is. 'n Duidelike voorbeeld daarvan is hoe die

Konsilie van Chalcedon ten aansien van die HERE as die Drie-enige God formuleer: Ongedeel-ongeskei; onvermeng-onverander.

'n Sekere verskeidenheid wat ons moet verdra, het ook met die manier waarop mense in die kerklewe optree, te doen. Duidelike Bybelse voorbeelde daarvan is Romeine 14 en 1 Korintiërs 8.

Romeine 14:5,6: “Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees. Hy wat die dag waarneem, neem dit waar tot eer van die Here; en hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie tot eer van die Here, want hy dank God; en wie nie eet nie, eet nie tot eer van die Here, en hy dank God.”

1 Korintiërs 8: Hier gaan dit om die verskil wat in die gemeente van Korinte oor die eet van offervleis bestaan. Paulus maak dit duidelik dat geen prinsipiële beswaar teen die eet van hierdie vleis bestaan nie. Nogtans is dit nie alles wat hy sê nie, want in verse 9-13 lees ons:

“Maar pas op dat hierdie vryheid van julle nie miskien 'n struikelblok word vir die wat swak is nie. Want as iemand jou wat kennis het, aan tafel sien in 'n afgodstempel, sal sy gewete, as hy 'n swak man is, nie aangemoedig word om van die offervleis aan die afgode te eet nie? En moet die swakke broeder vir wie Christus gesterf het, verlore gaan deur jou kennis? Maar deur so teen die broeders te sondig en hulle gewete wat swak is, seer te maak, sondig julle teen Christus. Daarom, as voedsel my broeder laat struikel, sal ek in der ewigheid geen vleis eet nie, om my broeder nie te laat struikel nie.”

Enkele gevolgtrekkings.

1. Verskeidenheid self is geen sonde nie.
2. Die HERE het 'n sekere verskeidenheid in die skepping gelê wat juis Sy grootheid wys. Hy is meer as die som van al die verskeidenhede wat in die skepping lê.
3. Die kerk moet die verskeidenheid aan gawes, wat Christus in Sy gemeente gegee het, gebruik vir die optimale opbou van die kerk.
4. Die kerk is geen groep mense wat in alles dieselfde moet dink nie. 'n Sekere verskeidenheid wat gevolg van die sondeval is, moet in die gemeenskap van die heiliges verdra word.
5. Hierdie verskeidenheid moet verdra word as ons op grond van God se Woord nie met sekerheid kan sê dat mense nie so mag dink en lewe nie.
6. Ons moet ons vryheid ook nie so gebruik dat dit broers of susters so in verwarring bring dat hulle daardeur in sonde begin lewe nie.

3. Kerk en Verskeurdheid

Ons het gesien dat 'n sekere verskeidenheid juis 'n teken van christelike rykdom is. Ons het ook daarby stilgestaan dat die gebrokenheid deur die sonde 'n verskeidenheid saambring wat gedra moet word, wat ook verseker spanninge in Christus se kerk veroorsaak.

Ons het tot nou toe van die verskeidenheid gepraat. Dit is nou tyd om na die woord verskeurdheid te kyk. Wanneer word verskeidenheid tot verskeurdheid?

Eers wil ek enkele opmerkinge maak oor die begrip skeurmaker. Dit omdat dit nog alles te doen het met die verskeidenheid wat ons in Christus se gemeente moet verdra. Wanneer het mense skeurmakers geword? Wanneer is 'n afskeiding skeurmakery pleks van reformasie?

Ons kry met skeurmakery te doen as mense hulle eie siening so sterk dryf dat hulle nie meer die verskeidenheid in die kerk wil aanvaar en verdra wat volgens God se Woord verdra moet word. Dit is skeurmakery as ons mense in die kerk bo die Skrif wil bind. Dit is skeurmakery as ons die groep opsoek of laat ontstaan waarby ons ons die beste tuisvoel en ons daarom van 'n ander afstig sonder om te kan sê dat hierdie kerk nie meer op die fondament van Christus, op die fondament van apostels en profete bou nie.

Voorbeelde van hierdie vorm van skeurmakery sien ons o.a. in die gemeente van Korinte waar groepe rondom die naam en die uitstraling van sekere persone vergader. Paulus skryf daaroor:

“Want dit is aan my deur die huisgenote van Chloë bekend gemaak aangaande julle, my broeders, dat daar twiste onder julle is. Ek bedoel dit, dat elkeen van julle sê: Ek is van Paulus, en ek van Cefas, en ek van Christus. Is Christus gedeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig? Of is julle in die naam van Paulus gedoop?” (1 Kor 1:11-13)

'n Ander voorbeeld van hierdie vorm van skeurmakery sien ons in 'n bepaalde optrede van Petrus. Daarvan skryf Paulus aan die gemeentes van Galasië die volgende:

“Maar toe Petrus in Antiogië gekom het, het ek hom openlik teëgestaan, omdat hy veroordelend gestaan het. Want voordat sommige van Jakobus af gekom het, was hy gewoon om saam met die heidene te eet; maar na hulle koms het hy hom teruggetrek en hom eenkant gehou uit vrees vir die wat uit die besnydenis is. En saam met hom het ook die ander Jode geveins, sodat selfs Barnabas hom laat meevoer het deur hulle geveins. Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?”

Sien vir die vervolg van hierdie geskiedenis Hand. 15.

Sodra ons mense gaan bind aan menslike gebruike waaraan God ons nie bind nie, is ons met skeurmakery besig.

Bind en ontbind

Baie belangrik vir die problematiek van kerk en verskeurdheid is wat Christus na aanleiding van Petrus se belydenis sê van die sleutels van die koninkryk en die bind en ontbind. Ek wil nou aandag aan Matteus 16:19 gee. Christus sê daar: “En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.”

Wat is nou die verhouding tussen die sleutels waarvan Christus praat en die bind en ontbind? Is dit so dat Hy daarmee op 2 sleutels wys waarvan een die toegang tot die hemelse Koninkryk oopsluit en die ander die toegang tot hierdie Koninkryk toesluit?

Dit is nie die geval nie, want die woorde bind en ontbind het onder die Jode 'n besondere betekenis gehad. Hierdie woorde het by Jesus se leerlinge dadelik 'n sekere gedagte, 'n bepaalde beeld opgeroep. Dit is ook dié manier waarop hierdie woorde op ander plekke in die Nuwe Testament gebruik word (Mat 5:19; Joh 7:23; 10:35; Rom 7:2; 1 Kor 7:27,39).

As die Jode gesê het dat hulle iets bind of ontbind, het dit beteken dat hulle iets geldig of ongeldig, iets verbindend of nie verbindend nie verklaar het. Die Rabbyne het dan verkeer dat 'n sekere leer, uitspraak of lewenstyl reg of verkeerd was. Petrus en die ander leerlinge en daarna die ampsdraers en Christus se kerk in die geheel word geroep om te bind en te ontbind.

Hoe gaan Petrus en die ander apostels dit doen? Dit is op die oomblik dat Jesus hierdie woord uitspreek nog toekomspraak. Dit is musiek wat verseker werklikheid gaan word. In Mat. 16:19 word, nog die woord sal, die toekomstige tyd gebruik. Voordat dit werklikheid kan word moet eers nog sekere dinge gebeur en gedoen word.

Petrus het bely dat Jesus die Christus, die Seun van die lewende God is. Nógans mag Jesus se leerlinge die mense nog nie daaraan bind nie. In vers 20 sê Jesus met klem vir Sy leerlinge dat hulle vir niemand mag sê dat Hy Jesus die Christus is nie. Jesus gaan eers nog Sy leerlinge verdere onderwys gee. Die leerlinge moet eers nog meer van Hom weet, moet die regte beeld van Hom kry. Hulle moet nog leer dat Hy juis as die Christus, as die Seun van die lewende God moet ly. Dit is iets wat hulle nog nie verstaan nie. Waarteen hulle selfs in verzet kom. Dit sien ons al dadelik nadat Hy vir die eerste keer nadruklik oor Sy lyding praat. Sien vers 22,23.

Jesus se leerlinge kan mense nog nie aan die regte beeld van Hom bind nie en kan daardeur verkeerde leer nog nie mooi herken nie. Hulle kan dit nog nie ontbind nie.

Jesus bly Sy onderwys gee. Hy doen dit ook dadelik na Sy opstanding. Dan verskyn Hy weer aan Sy leerlinge. As Hy die aand na Sy opstanding by hulle verskyn, wys Hy hulle hoe in die Ou Testament van Sy lyding en opstanding geskryf word. Ons lees in Lukas 24:45: “Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan.” Nou het Sy leerlinge die juiste beeld van Hom vanuit wat Hy gedoen het en hulle kan dit met God se Woord bewys. Ons hoor nou uit Jesus se mond hierdie woorde wat duidelik uit die belofte van Mat 16:19 voortkom:

“Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees. As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou.” (Joh. 20:21-23)

Van daardie oomblik af moet die dissipels as Jesus se getuies optree. Hulle moet nou en die pad vorentoe duidelik maak waaraan mense gebind is. Wat die ware leer is, wat ’n lewe volgens Christus se gebooië is. Hulle moet op daardie manier die pad na Christus, na die vergewing van die sondes wys. So moet hulle die evangelie verkondig en mense aan Jesus wat die Christus is, bind. Hulle moet vir die mense aanwys wat die geldige Woord van God is. Die Woord waaraan mense gebind is en waarsonder niemand gered kan word nie.

Dit het hulle ook in die praktyk van die eerste Christelike gemeentes gedoen. Hulle het gewys waaraan hulle gebind is as hulle regtig kerk van Christus wil wees. Hulle gebruik regtig die sleutels van die hemelryk.

Ek noem enkele voorbeelde:

1. Hand 2:38,42
2. Hand 5:3-5,9,10
3. Hand 15:1,5,7,22,28,29
4. Die Nuwe Testamentiese briewe

Die apostels het gewys wat die regte leer, wat die regte lewe is. Hulle het Christus se kerk in Sy naam daaraan gebind. Hulle het ook gewys wat dwaalleer is, wat ’n lewenstyl is wat in Christus se kerk nie kan bestaan nie.

Hulle het die dwaalleer en ’n lewe teen Christus se gebooië in ongeldig verklaar. Hulle het dit ontbind. Hulle het so die pad van die hemelse Koninkryk gewys. Hulle het so gewys waar Christus se kerk is. Daar waar die kerk op die fondament van die apostels en die profete gebou word. Sien Ef 2:20; Openb 21:14.

Wanneer word ’n kerk ’n kerk wat skeur?

Die antwoord daarop kan baie kort wees. Dit gebeur as ’n kerk haar nie meer bind aan dit waaraan Christus ons deur Sy apostels gebind het nie. As ’n kerk dit wat in die Skrif gebind is, ontbind en dit wat daar ontbind is, geldig verklaar.

Dan word so ’n kerk ’n gevaar vir God se volk. Dan is so ’n kerk ’n instituut wat mense in verwarring bring. Dan saai hierdie instituut twyfel en wys selfs die verkeerde pad. Laat mense op ’n pad stap wat van Christus aflei. Daarvoor mag ons geen medeverantwoordelikheid neem nie. Ons moet in Christus se kerk voor die waarheid van die evangelie stry sonder om sektaries te word. Ons mag aan die ander kant nie aan ’n kerk bou waar waarheid en dwaalleer altwee ’n wettige plek kan inneem nie. So ’n kerk is nie Christus se kerk nie. Want Christus se kerk bind en ontbind in gehoorsaamheid en oorgawe aan die onfeilbare Woord van God.

Dit gebeur o.a. deur die binding aan die Drie Formuliere van Eenheid. Hierdie binding mag geen lippetaal wees nie. Dit kan makelik so word. Mense begin dan van 'n dinamiese binding aan die belydenis praat. Hulle begin om te sê dat die belydenis ons 'n uitstaande voorbeeld van die geloof van die vaders gee waarop ons op ons manier voortbou. Woorde kan baie mooi klink, maar steeds weer word duidelik dat hierdie woorde moet verdoesel dat mense, dat leraars, dat kerke hulle nie werklik aan die leer van die Skrif wil bind nie.

Mense wil nie antities teenoor die tydges gaan of bly staan nie. Mense wil nie in isolasie hulle plek inneem nie. Hulle wil meer aanvaarbaar vir die wêreld rondom hulle wees. Dit is 'n ding wat sowel in die teologie as in die kerklike lewe 'n verwoestende invloed uitoefen. Ons het hier te doen met ons doodsvyand die wêreld wat by ons ander doodsvyand ons eie sondige natuur aansluiting vind.

Ons sal dapper in die geloof moet wees en aanwys waaraan Christus se kerk gebind is en wat ontbind moet word. Ons moet wys wat verskeurdheid is en weier om in 'n kerk te lewe of te bly lewe waar dwaalleer en 'n onbybelse lewe 'n wettige plek ontvang. Ons moet Christus se trop so lei dat ons saam 'n kerk mag vorm waar verskeidenheid in gehoorsaamheid aan Christus die kerk laat blom. Waar ons in Christelike verdraagsaamheid lewe, waar ons nie sektaries is nie. Waar ons ons onvoorwaardelike aan God se Woord bind en die belydenis wat daarmee in ooreenstemming is. As ons so lewe, skeur ons nooit Christus se kerk nie, dan is ons geen skeurmakers nie maar kerk van Christus. Die poorte van die doderyk kan en sal hierdie kerk nie oorweldig nie.

As ons so werk, dien ons die vrede van Jerusalem, die egte eenheid van Christus se kerk. Dan staan ons nie medeskuldig aan skape wat in verwarring gebring word nie. Christus roep ons almal om so aan Sy kerk te bou.

Die Sendingtaak as Hart van die Kerk se Roeping

deur dr. F.N. Lee

1. Inleiding

Vir sommige Christene is selfinstandhouding die eintlike taak van enige gemeente. Vir hulle lê die sendingprogram (indien hulle toegee dat daar selfs so iets moet wees) heeltemal buite die primêre gesigsveld van die gemeentelike werksaamhede. Dit word deur hulle beskou as 'n soort bykomstige stokperdjie van 'n handjiewol oorentoesiastiese gemeentelede wat andersins verveeld sou wees.

'n Studie van die Heilige Skrif bring egter gou aan die lig dat die uitbreiding van die Kerk deur middel van sendingarbeid onder ongedoopte heidene, inderdaad tot die hart van die Kerk se roeping hier op aarde behoort. En dit – ongeag of sodanige sendingwerk onder ongedoopte Swart mense, ongedoopte Indiërs, ongedoopte Kleurlinge of ongedoopte Blankes onderneem word.

2. Metode

In hierdie artikel word daar probeer om op 'n baie eenvoudige wyse die Skrifgegewens rakende die sendingtaak van die ganse volk van God hier op aarde chronologies te rangskik en sistematies uiteen te sit. So word 'n onontkenbare en onontwykbare beeld van die sentrale betekenis van die sendingopdrag in God se ordelike ontplooiing van die koninkryk van God hopelik met welslae en op Bybelgetroue wyse vir die leser hiervan geskilder.

3. Die sendende God

God Drie-enig is 'n sendende God. Selfs voor die skepping van die heelal is daar 'n ewige sending binne-in die wesensbestaan van God Drie-enig Self. Dit is 'n ewige sending van die ewiggebore Seun vanuit die boesem van die Vader,¹ en 'n ewige sending van die Heilige Gees in sy ewige *processio* of uitgang van die sendende Vader en Seun.²

4. Die ewige raad

In die ewige raad van die Drie-enige God rakende die skepping en die sondeval en die herskepping van die heelal, is daar ook 'n ewige besluit van God die Vader om sy Seun in die volheid van die tyd in die wêreld te stuur. Die doel daarvan is om die uitverkorenes uit

¹ Joh. 1:18; 17:5.

² Heb. 9:14; Joh. 15:26.

elke stam en volk en taal en nasie te red, en om Sy Heilige Gees te stuur om diesulkes te roep en te wederbaar en te bekeer en te heilig en (na hulle dood) te verheerlik.³

5. Die skepping

Met die skepping van die kosmos het God die **Vader** Sy Seun of **Woord** uitgestuur toe Hy gesê het: “Laat daar lig wees!”; “Laat daar ’n uitspansel wees!”; *ens.* – terwyl Sy uitgestuurde **Gees** ordenend “gesweef het oor die waters.”⁴ Inderdaad, “deur die Woord van die Here is die hemel gemaak – en deur die Gees van Sy mond hulle hele leer... Want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan.”⁵

6. Die mens

Na die skepping van die heelal, het God deur Sy Woord die mens as kroon van die kosmos geskep⁶ toe Hy Sy skeppende Gees binne-in die geformeerde mens gestuur het⁷ sodat hy “’n lewende siel” met geestelikheid en verstand geword het.⁸ God die Vader het Sy Seun (of Woord) in die krag van Sy Gees gestuur toe Hy die kultuuropdrag aan die mens gegee en vir hom gesê het: “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.”⁹

So het die dinamies-sendende God die hele mens deur middel van sy Woord en Sy Gees geskape en die héle mens deur middel van Sy Woord en Sy Gees in die wêreld in **gestuur**. So moes die mens die aarde vul en oor alles daarin heers. Juis daarin moet die diepste dryfkrag vir die noodsaaklikheid van Dr. Honig se “Veelomvattende Sendingbenadering” gesoek word.

7. Die sondeval

Die mens het egter spoedig in sonde geval. Dit het gebeur deurdat hy ontrou geword het aan sy Godgegewe sendingopdrag om die aarde te vul en daarvoor te heers (waaronder ook oor die diere van die veld te heers, insluitende ook die slang), toe hy afgedwaal het van die Woord en die Gees van God die Vader.

Deur te luister na die woord van Satan het die mens onder die mag van ’n vreemde woord geval en in die greep van ’n vreemde gees gekom. Ook die ganse heelal is as gevolg van die sonde van die mens self “aan die nietigheid onderworpe.” Want ons weet saam met Paulus “dat die hele skepping tot nou toe tesame sug en tesame in barensnood is.”¹⁰

³ Hand. 15:18; Ef. 1:7-14; Opb. 7:9v; 13:8v.

⁴ Gen. 1:2-3,6 *ens.*

⁵ Ps. 33:6,9.

⁶ Gen. 1:26; Ps. 8.

⁷ Job 33:4; vgl. Sag. 12:1 en Ps. 104:24-30.

⁸ Gen. 2:7; Job 32:8; 34:14-15.

⁹ Gen. 1:28.

¹⁰ Gen. 3:17,11v; Rom. 8:20,22.

8. Die moederbelofte

Maar die Drie-enige God kom red die uitverkore mens en heelal. Dit doen Hy wel deur middel van die sending van Sy reddende Woord in die Gees of die Wind van die aand. Want “hulle het die stem van die Here God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie” of “die Gees van die aand.”¹¹

As gevolg van die strewe van die Gees om in die mens te heers,¹² word die uitverkore mensdom in staat gestel om die Woord van God se moederbelofte¹³ te glo. Dit is naamlik die belofte dat die sendende God in die volheid van die tyd Sy Seun sou uitstuur, gebore uit ’n vrou, om Sy kinders los te koop – en om Sy Gees in hulle harte in uit te stuur, sodat hulle “Abba Vader!” kan uitroep.

Ook die sonde-vervloekte menslike omgewing is al in beginsel reeds deur die moederbelofte bevry. Want “ook die skepping self (sal) vrygemaak... word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God.” “Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God.”¹⁴ Nadat hulle die moederbelofte geglo het, het die sendende God die eerste twee uitverkore mense uit die tuin van Eden in die wêreld ingestuur om te vermenigvuldig en om die ganse aarde te onderwerp.¹⁵

9. Die sondvloed

Toe die mens op die aarde begin vermeerder, en al hoe afvalliger van God geword het, het die sendende God profete soos Abel¹⁶ en Henog¹⁷ en Noag¹⁸ na hulle gestuur – om hulle tot bekering te probeer beweeg. Maar toe die bekering uitgebly het, het God die oordeel van die sondvloed gestuur.¹⁹

10. Die algemene genadeverbond

Na die sondvloed, stuur die sendende God kragtens Sy verbond die mensdom wéér voort om die aarde tot Sy eer te onderwerp.²⁰ Van die drie seuns van Noag, sou Sem (die voorvader van die Here Jesus Christus na die vlees)²¹ besonderlik geseën word,²² en Jafet (die voorvader van die blanke nasies)²³ sou ruimte gegee word²⁴ en uiteindelik (deur middel

¹¹ Gen. 3:8: “aandwindjie” (Heb.: *ruach hajjôm*) kan ook vertaal word: “Gees van die dag”.

¹² Gen. 6:3.

¹³ Gen. 3:15.

¹⁴ Gal. 4:4-6; Rom. 8:21.

¹⁵ Gen. 1:26-28; 9:1-7.

¹⁶ Heb. 11:4; 12:24.

¹⁷ Jud. 14-15.

¹⁸ 2 Pet. 2:5.

¹⁹ 2 Pet. 3:3-9.

²⁰ Gen. 9:1-9,19.

²¹ Luk. 3:23,36.

²² Gen. 9:26.

²³ Gen. 10:2-5.

²⁴ Gen. 9:27.

van Christelike sendingarbeid)²⁵ in die tente van Sem kom woon.²⁶ Tegelykertyd is daar ook ten opsigte van die afstammeling van Gam sprake van baie geslaagde sendinggenade.²⁷

11. Die verstrooiing van die nasies

Toe die mensdom hom nie wou laat uitstuur om die hele aarde tot lof van God te onderwerp nie, het die sendende God Self hulle uitmekaargestuur deur hulle tale te verwar sodat hulle uitmekaar moés trek. So het die verskillende nasies, elkeen met sy eie roeping, direk as gevolg van die optrede van die sendende God tot stand gekom – maar dan steeds op die formering van die Godsvolk vir die komende Godsryk gerig.²⁸

12. Die patriarge

Gedagtig aan die voorbereiding van ’n heilige geslag waaruit die Christus-na-die-vlees later gebore sou word en deur middel van wie al die geslagte en nasies van die aarde geseën sou word,²⁹ stuur die sendende God vir Abra(ha)m en sy afstammeling die patriarge Isak en Jakob en Josef na die beloofde land. Daar het hulle: vir mekaar bemoedig; teenoor die heidene van die sendende God getuig; en ook vir die diepgesonne heidene se bekering ingetree.³⁰

13. Die Mosaïese bedeling

Ook met die nasionalisering en middelpuntsoekende neiging van die verskillende heilsbeloftes in die Mosaïese tydperk,³¹ bly die sendende God steeds werksaam. Soos blyk uit die lewens van Melgisedek en Job,³² bly God nie alleen selfs buitekant die besnydenisverbond reddend werksaam nie. Selfs binne-in die verbondsmilieu, stuur Hy Moses na Egipteland terug – om ook teenoor Farao te getuig.³³

So stuur Hy daarna vir Moses saam met die Israëliete uit Egipteland³⁴ vir veertig jaar die woestyn in.³⁵ Dáár moet hulle volk van God word en die verbondswet hou. Dog selfs toe en daarna, is uitlanders (soos Ragab en Rut) wat hulle by die verbond aangesluit het, in die

²⁵ Hand. 16:1v.

²⁶ Gen. 9:26-10:5; 11:10-26, vgl. Gal. 3:27-29.

²⁷ Gen. 10:6-7, vgl. Ps. 68:32; 87:4; Jer. 38:7-12 en Hand. 8:27v.

²⁸ Gen. 11:1-9, veral vv. 4b en 9; Deut. 32:8-9; Hand. 17:26-27.

²⁹ Gen. 17, vgl. Gal. 3.

³⁰ Gen. 12:3-8; 13:4,18; 14:22-23; 17:4-6; 18:20-33; 2 Pet. 2:7-8; Gen. 20:7,11-18; 21:10-12,20,22-34; 23:5-6; 24:2-7,34-52; 26:12-29; 28:1-5; 30:27; 31:42; 34:11-17; 39:2,7-9,21-23; 40:8; 41:9b,25,28,32,38,51-52; 43:23; 45:5-8; 46:1-4; 48:3,20-21; 49:10,18,24-25; 50:17-25.

³¹ Deut. 7:6-8.

³² Heb. 7:1v; Jak. 5:11.

³³ Ex. 3:10-12v.

³⁴ Ex. 12:33.

³⁵ Ex. 16:1v.

volk van God geabsorbeer³⁶ en wel met die oog op die koms van die Messias.³⁷ Origenes moes ook die vreemdeling buitekant die verbond deurgaans in alles billik behandel word.³⁸

14. Die konings

In die tydperke van die koninkryke van Juda en Israel, het die sendende God Hom deur middel van die getuïenisse van die konings met die heidennasies bemoei. Sowel Dawid as Salomo het 'n verbond met Hiram die Koning van Tirus aangegaan ten opsigte van die bou van die huis van die Here.³⁹ Ook Salomo verklaar dat selfs die uitlanders uit 'n ver land in die tempel te Jerusalem kan kom aanbid, en spreek die wens uit dat al die volke van die aarde die Naam van die Here nes die volk Israel mag ken en vrees.⁴⁰

Die koningin van Skeba kom prys toe vir koning Salomo, omdat die Here in hom behae gehad het.⁴¹ En tydens die beleëring van Jerusalem, getuig koning Hiskia van Juda kragtig van die reddende God – teenoor die gesante van koning Sanherib van Assirië.⁴²

15. Die Psalms

Die Psalms bied besondere ryk eskatologiese sendingstof aan. Die hele aarde moet die Here vrees, en al die bewoners van die wêreld moet vir Hom bedag wees, want Hy aanskou al die bewoners van die aarde.⁴³ God is hoog onder die nasies,⁴⁴ en daarom moet alle volke met die hande klap en tot Sy eer met gejubel juig. Die Here is Koning oor die hele aarde, en Hy bring volke en nasies onder die voete van die bondsvolk. Want God regeer oor die nasies.⁴⁵

Daarom wou die Psalmis die Here God onder die volke loof en tot Sy eer onder die nasies psalmsing.⁴⁶ So leer ken die mense op aarde die weg van die Here, en al die nasies Sy heil.⁴⁷

“Die volke sal U loof, o God, die volke almal saam sal U loof. Die nasies sal bly wees en jubel, omdat U die volke regverdig oordeel en die nasies op aarde lei. Die volke sal U loof, o God, die volke almal saam sal U loof. Die aarde het sy opbrings gelewer; God, onse God, sal ons seën. God sal ons seën, en al die eindes van die aarde sal Hom vrees.”⁴⁸ Edeles uit Egipte sal na Jerusalem kom, en Kus sal sy hande haastig na God uitsteek,⁴⁹ en van dié uit Babel en Filistea en Tirus saam met Kus, is onder hulle wat God ken.⁵⁰

³⁶ Ex. 12:38,48-50; Nu. 9:14; 15:14; Deut. 5:12-15; 21:10,14.

³⁷ Nu. 24:16v; Jos. 6:25; Rut 1:4; 4:10-22; vgl. Matt. 1:1-5.

³⁸ Deut. 24:19-27.

³⁹ 1 Kon. 5:1-7v; 1 Kron. 14:1v; 22:1-4; 2 Kron. 2:1-14.

⁴⁰ 2 Kron. 6:32-33.

⁴¹ 1 Kon. 10:9; 2 Kron. 9:8; Matt. 12:42.

⁴² 2 Kon. 19:21-34; Jes. 37:22v.

⁴³ Ps. 33:8,14-15.

⁴⁴ Ps. 46:11.

⁴⁵ Ps. 47:2-9.

⁴⁶ Ps. 57:10.

⁴⁷ Ps. 67:3.

⁴⁸ Ps. 67:4-8.

⁴⁹ Ps. 68:1,32.

⁵⁰ Ps. 87:1,4.

“Vertel onder die nasies Sy eer, onder al die volke Sy wonders... Gee aan die Here, o geslagte van die volke, gee aan die Here eer en sterkte... Sê onder die volke: Die Here is Koning!... Hy sal die volke regverdig oordeel... Hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid en die volke in Sy trou.”⁵¹ “Die Here is Koning; laat die aarde juig; laat baie eilande bly wees!... Want U, Here, is die Allerhoogste oor die hele aarde.”⁵² “Die Here is groot in Sion, en verhewe is Hy bo al die volke.”⁵³

16. Die profete

God stuur die profeet Elia na die buiteland om die weduwee van Sarfat by Sion in woord en daad te gaan help.⁵⁴ Naäman, die leërowerste van die koning van Aram, kom soek genesing by Elisa die profeet van die God van Israel – as gevolg van die sendinggetuieis van ’n jong Israelitiese diensmeisie.⁵⁵ Te meer, dieselfde profeet Elisa getuig in woord en in daad teenoor Naäman en teenoor Benhadad en Hasael van Aram.⁵⁶

In die boek Jona beweeg God die heidene op die skip na Tarsis tot ware Godsaanbidding.⁵⁷ Daarna stuur Hy dié profeet na die goddelose heidenstad Ninevé, om die inwoners na die ware God te bekeer.⁵⁸

Die profeet Joël voorspel die uitgieting van die gawe van die Heilige Gees op alle vlees⁵⁹ – en die veroordeling van alle ongelowige nasies.⁶⁰ Die profeet Miga voorspel dat baie nasies aan die einde van die dae na die huis van die Here sal stroom, om tot vrede gebring te word.⁶¹

Jeremia voorspel dat die lot van die volke van Moab⁶² en Elam⁶³ aan die einde van die dae verander sal word. En Daniël verklaar hoedat God heidenkonings soos Nebukadneser en Darius tot kragdadige erkenning van die ware God gebring het⁶⁴ en ook hoedat alle nasies en tale die komende Messias sal eer.⁶⁵

Die profeet Sagaria verklaar dat hoewel God se volk ’n vloek was onder die nasies, die Here hulle sou verlos sodat hulle ’n seën kon wees. So sou baie volke en magtige nasies uit al die tale van die nasies na die Godsvolk kom. Dan sê hulle: “Ons wil met julle saamgaan,

⁵¹ Ps. 96:3,7,10,13b.

⁵² Ps. 97:1,7.

⁵³ Ps. 99:2.

⁵⁴ 1 Kon. 17:8-24; Luk. 4:25-26.

⁵⁵ 2 Kon. 5:1-3,7-10,14-15; vgl. Luk. 4:27.

⁵⁶ 2 Kon. 8:7-13.

⁵⁷ Jona 1:5-16.

⁵⁸ Jona 3:1-10; vgl. Matt. 12:41.

⁵⁹ Joël 2:28-32.

⁶⁰ Joël 3:2,9,12,19.

⁶¹ Miga 4:1-3.

⁶² Jer. 48:47.

⁶³ Jer. 49:39.

⁶⁴ Dan. 3:28-4:37; 6:7,21-28.

⁶⁵ Dan. 7:14.

want ons het gehoor dat God met julle is”⁶⁶ – naamlik, as die Messias kom om aan die nasies tot aan die eindes van die aarde vrede te verkondig.⁶⁷

Intussen, volgens Maleági word die Naam van die Here van die opgang van die son tot sy ondergang toe selfs onder die heidene groot. Naamlik, in elke plek waar reukwerk en ’n rein offer tot eer van Sy Naam gebring is.⁶⁸

17. Jesaja

Dit is veral die profeet Jesaja wat die algemene maat en die middelpuntvlieding van die heil aan die uitverkorenes van al die nasies verkondig. Aan die einde van die dae sal al die nasies na die huis van die Here stroom.⁶⁹ Dan sal die nasies na die Wortel van Isai vra, wat daar as ’n Banier van die volke sal staan.⁷⁰ Dan sal die dade van die Here onder die volke op die hele aarde bekend word.⁷¹ Selfs die Egiptenare en die Assiriërs sal deur God bekeer word.⁷²

“Daarom, eer die Here in die lande van die son, op die kuslande van die see die Naam van die Here, die God van Israel! Van die einde van die aarde af, hoor ons lofgesange!”⁷³
“Sing tot eer van die Here ’n nuwe lied, Sy lof van die einde van die aarde af – julle wat op die see vaar, en alles wat daarin is, eilande en bewoners daarvan! Laat die woestyn en sy stede uitroep, die dorpe waar Kedar woon! Laat die rotsbewoners jubel, van die top van die berge af skreeu! Laat hulle aan die Here die eer gee en Sy lof in die eilande verkondig!”⁷⁴

“Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde!”⁷⁵ Dit moet alles deur die bondsvolk self verkondig word. Want “Ek het U gemaak tot ’n lig van die nasies – om My heil te wees tot aan die einde van die aarde.”⁷⁶ “Op My sal die eilande wag, en op My arm sal hulle hoop.”⁷⁷

“Kyk, nasies wat jy nie geken het nie, sal jy roep; en nasies wat jou nie geken het nie, sal na jou hardloop, terwille van die Here jou God.”⁷⁸ In daardie dag sal selfs die uitlander wat hom by die Here aangesluit het, geseën word, “want My Huis sal ’n Gebedshuis vir al die volke genoem word!”⁷⁹

So sal ook Midian en Efa uit Skeba kom, en goud en wierook bring en met blydschap die roemryke dade van die Here verkondig.⁸⁰ Want “die tyd kom dat Ek al die nasies en tonge

⁶⁶ Sag. 8:13,20-23.

⁶⁷ Sag. 9:10.

⁶⁸ Mal. 1:11.

⁶⁹ Jes. 2:1-4.

⁷⁰ Jes. 11:10.

⁷¹ Jes. 12:1-5.

⁷² Jes. 19:21-25.

⁷³ Jes. 24:15-16.

⁷⁴ Jes. 42:10-12.

⁷⁵ Jes. 45:22.

⁷⁶ Jes. 49:6.

⁷⁷ Jes. 51:5.

⁷⁸ Jes. 55:5.

⁷⁹ Jes. 56:3-7.

⁸⁰ Jes. 60:6.

versamel; en hulle sal kom en My heerlikheid sien. En Ek sal 'n teken onder hulle doen, en vrygeraaktes moet hulle stuur na die nasies, na Tarsis [of Spanje], Pul [of Assirië] en Lud [of Libië?], wat die boog span, na Tubal [of Eurasië] en Jawan [of Griekeland], na die verkuslande wat My tyding nie gehoor en My heerlikheid nie gesien het nie; en hulle sal My heerlikheid onder die nasies verkondig.”⁸¹

18. Jesus Self

In die volheid van die tye, stuur God Sy Seun, gebore uit die stam van Juda⁸² – maar wel met 'n hele paar vóór-Judese voorouers (vanaf Adam tot op Jakob)⁸³ en Nie-Judese voorouers (byvoorbeeld Ragab en Rut)⁸⁴ om “'n lig tot verligting van die nasies”⁸⁵ en Redder van die wêreld⁸⁶ te wees. Hoewel Hy Hom gedurende Sy aardse lewe (deur middel van woord- en daadverkondiging) grotendeels tot die Joodse volk beperk het,⁸⁷ het Hy nogtans: grootgeword in Galiléa van die heidene;⁸⁸ met goedkeuring verwys na die Ou Testamentiese sendingarbeid van Jona onder die heidene van Ninevé en van Salomo aan die koningin van die Suide;⁸⁹ en self Nie-Joodse Gergeseners en Samaritane⁹⁰ en Romeine⁹¹ en Siro-Feniciërs⁹² deur woord en daad bearbei.

Na Sy eie soewereine welbehae, het Hy destyds egter geweier om sommige Grieke te sien.⁹³ Nogtans verklaar Hy openlik dat as Hy na Sy opstanding en hemelvaart “van die aarde verhoog word,” Hy “álmal na My toe [sal] trek.”⁹⁴ Hy sê ook dat die Godshuis 'n Gebedshuis vir al die nasies genoem moet word;⁹⁵ dat baie van die Ooste en Weste sal kom (naamlik die heidene wat Christus sal aanneem) en saam met Abraham en Isak en Jakob in die koninkryk van die hemel sal aansit, terwyl die kinders van die koninkryk (naamlik die Jode wat Christus verwerp) in die buitenste duisternis uitgedryf sal word.⁹⁶ Hy sê ook dat die Evangelie van die Koninkryk verkondig sal moet word in die hele wêreld tot 'n getuienis van al die nasies voordat die einde van die wêreld sal kom;⁹⁷ en dat God se uitverkorenes dan uit die vier windstreke vergader sal word.⁹⁸

⁸¹ Jes. 66:18-19.

⁸² Heb. 7:14.

⁸³ Luk. 3:23,34-38.

⁸⁴ Matt. 1:5.

⁸⁵ Luk. 1:32.

⁸⁶ Joh. 3:16.

⁸⁷ Matt. 10:5; 12; 15:24; Mark. 5:21v; 7:27, ens.

⁸⁸ Matt. 1:22-23; 3:12-16.

⁸⁹ Matt. 12:40-42.

⁹⁰ Matt. 8:28v; Luk. 9:51-56; 10:25-37; Joh. 4:1-42.

⁹¹ Matt. 8:5-11; Luk. 7:1v.

⁹² Matt. 15:21v; Mark 7:24v.

⁹³ Joh. 12:20v.

⁹⁴ Joh. 12:32.

⁹⁵ Mark. 11:17.

⁹⁶ Matt. 8:11-12.

⁹⁷ Matt. 24:14.

⁹⁸ Matt. 24:31.

19. Die sending van die twaalf apostels

Jesus se sending van Sy twaalf apostels onder die Israeliete gedurende Sy eie aardse leeftyd, is baie leersaam. *Amptelik* word hulle as gestuurde gesante tot die sendingarbeid geroep en uitgestuur.⁹⁹ *Veelomvattend* moet hulle benadering wees. Hulle moet sowel deur die *woord* die *Koninkryk van God*¹⁰⁰ en *bekering* daartoe¹⁰¹ verkondig, asook deur die *daad* siekes *gesond maak* en water *ter tydelike noodleniging* gee – maar álles alleen in die *Naam van Jesus*.¹⁰²

Hul destydse *arbeidsterrein* was voorafbepaal. Hulle moes toe nie gaan werk onder die heidene of die Samaritane nie, maar liever onder die *verlore* skape van die huis van *Israel*.¹⁰³ In die *geloof* moes hulle die werk aanpak, veral ten opsigte van hul ekonomiese benodighede – God Self sou voorsien.¹⁰⁴ *Selektief* moes hulle werk om die uitverkorenes in te samel. Hulle moes in elke stad verneem wie “waardig” is, en by diésulkes gaan bly totdat hulle vertrek.¹⁰⁵

Met ’n *seëngroet* en met *vrede* moes hulle by die huise ingaan, maar met ’n *oordeelsgebaar* moes finaal afskeid geneem word van dié wat nie wou luister nie.¹⁰⁶ *Versigtig* soos die slange moes hulle wees en *opreg* soos die duiwe – ja, soos skape onder die wolwe.¹⁰⁷ *Haat en vervolging* ter wille van die Naam van Jesus moes hulle verwag, en deur hulle getuienis word lede van huisgesinne teenoor mekaar verdeel.¹⁰⁸

Hulle moes met sendingwerk onder Israel aanhou, tot op die *koms* van die Seun van die mens.¹⁰⁹ Hulle moes *Jesus Christus meer liefhê* as enigiemand anders op aarde, insluitende hulleself.¹¹⁰ Hulle moes die woord van Christus *vreesloos in die openbaar* verkondig¹¹¹ – en dan kon hulle op *God se beskerming* staatmaak.¹¹² En dit alles geld ook vir die latere sending van die sewentig ander dissipels (en, *mutatis mutandis*, ook vir ons hedendaagse sendelinge) wat Jesus *twee-twee* na *gebed* uitgestuur het na elke stad en plek waar Hy sou kom.¹¹³

⁹⁹ Matt. 10:1-5.

¹⁰⁰ Luk. 9:2,6.

¹⁰¹ Mark. 6:12.

¹⁰² Matt. 10:1,7-8,40,42.

¹⁰³ Matt. 10:6.

¹⁰⁴ Matt. 10:8b-10.

¹⁰⁵ Matt. 10:11.

¹⁰⁶ Matt. 10:13-15.

¹⁰⁷ Matt. 10:16.

¹⁰⁸ Matt. 10:17-23,34-37.

¹⁰⁹ Matt. 10:23.

¹¹⁰ Matt. 10:37-39.

¹¹¹ Matt. 10:26-28,32.

¹¹² Matt. 10:28-31.

¹¹³ Luk. 10:1-2v.

20. Die veelomvattende vrug van Christus se kruisdood en opstanding

“Ek is die goeie herder”, verklaar die Here Jesus Christus aan Sy Israelitiese volgelinge, en “Ek het nog ánder skape wat nie aan hiérdie stal behoort nie.”¹¹⁴ “In die huis van My Vader is daar baie wonings”, en “Ek gaan om vir julle plek te berei.”¹¹⁵

Deur aan die kruis te sterwe, bied Christus Sy eie siel as ’n skuldoffer namens Sy volk vir God die Vader aan.¹¹⁶ So maak Hy baie regverdig en dra Hy hulle skuld.¹¹⁷ Sodoende sien Hy al sterwende Sy nakroos;¹¹⁶ en so laat Hy baie nasies opspring.¹¹⁸ So is die dood van Christus “’n versoening van ons sondes; en nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir dié van die **hele wêreld**.”¹¹⁹

“Want so lief het God die *wêreld* gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het; sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het Sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.”¹²⁰

Maar die kruisdood van Christus het kosmiese gevolge, ook ten opsigte van die hemel en die aarde en al die volheid daarvan. “Want dit het die Vader behaag dat in Hom [Christus] die ganse volheid sou woon en dat Hy deur Hom alles met Homself wou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van Sy kruis – die dinge op die aarde, sowel as die dinge in die hemele.”¹²¹ Want daar aan die kruis en veral met Sy opstanding daarna het Christus selfs “die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer.”¹²²

In die dood van Jesus Christus is alle bekeerlinge uit Israel en uit die heidennasies “deur die kruis versoen.” Hulle het almal “die verlossing deur Sy bloed” ontvang – toe as gevolg van Sy kruisdood en opstanding “álle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus” verenig is, naamlik toe die Vader “alle dinge onder Sy [Christus se] voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee” het en “Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit aan Sy regterhand in die hemel, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.”¹²³ Weer eens die veelomvattende sendingbenadering tot die uitbreiding van die kosmiese koninkryk van Christus!

21. Die “Groot Sendingopdrag”

Na Sy opstanding en voor Sy hemelvaart het die sendende God deur Jesus Christus Sy groot sendingopdrag aan Sy volgelinge gegee. Dienooreenkomstig moes hulle: 1, wag totdat

¹¹⁴ Joh. 10:14-16.

¹¹⁵ Joh. 14:2.

¹¹⁶ Jes. 53:10.

¹¹⁷ Jes. 53:11.

¹¹⁸ Jes. 52:15.

¹¹⁹ 1 Joh. 2:2.

¹²⁰ Joh. 3:16-17.

¹²¹ Kol. 1:20.

¹²² Kol. 2:14-15.

¹²³ Ef. 2:11,16; 1:7,10,22,20-21;vgl. ook 1 Pet. 3:18-22.

die *krag van die Heilige Gees* hulle kom toerus;¹²⁴ 2, die *hele wêreld ingaan* en die Evangelie aan die ganse mensdom verkondig;¹²⁵ 3, van alles wat hulle gesien en gehoor het, orals *getuig*;¹²⁶ 4, gaan verkondig dat hy wat *glo en hom laat doop*, gered sou word, maar hy wat nie glo nie, veroordeel sou word;¹²⁷ 5, *bekering en vergewing* van sondes in die Naam van Jesus Christus aan al die nasies verkondig;¹²⁸ 6, gelowiges van *al die nasies doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees*;¹²⁹ 7, die gedoopte gelowiges tot *dissipels maak* en hulle *alles* leer onderhou wat Christus beveel het¹²⁹ – insluitende die dinge wat die Gewer van hierdie sendingopdrag, Jesus Christus die Woord van God, voorheen as Woord van God by wyse van die kultuuropdrag aan Adam-hulle oorgedra het¹³⁰ (weer eens die “Veelomvattende Benadering”!). Maar 8, dit alles word in *eskatologiese perspektief* geplaas, deurdat die sturende Christus belowe dat Hy met Sy gestuurde volgelinge sal wees “al die dae, tot aan die voleinding van die wêreld.”¹³¹

22. Die Pinkstersending

Met die uitstorting van die Heilige Gees op die Pinksterdag, het die sendende God deur middel van Petrus geopenbaar dat Hy van Sy Gees op *alle* vlees sou uitstort en belowe dat voordat die dag van die Here sou kom, elkeen wat die Naam van die Here aanroep, gered sou word.¹³² Hiermee kom die sendingopdrag weer eens in eskatologiese perspektief te staan. Pinkster was ’n voorklank van die latere aanvullende uitstorting van die Gees op Cornelius-hulle as die eerstelinge uit die Jafetiete,¹³³ wat veral na die bekering van baie Samaritane¹³⁴ en van die Etiopiese kamerling as die eerste van die Gamiete¹³⁵ Petrus sou oortuig dat “God aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk” het.¹³⁶

23. Paulus se eerste sendingreis

Paulus is van alle ewigheid af bestem as ’n uitverkore werktuig om die Naam van die Here voor nasies en konings en die kinders van Israel te dra.¹³⁷ Na sy bekering, het hy Christus in die sinagoges verkondig en met vrymoedigheid gespreek in die Naam van die Here Jesus en ook met die Griekssprekende Jode gepraat en geredetwis.¹³⁸

Daarna het die Heilige Gees vir hom as Hellenisties-geskoolde gesant¹³⁹ en vir die Siprioot Barnabas¹⁴⁰ afgesonder vir sendingwerk onder Griekssprekendes – beginnende in

¹²⁴ Luk. 24:49; Joh. 7:37-39; 15:26-27; Hand. 1:5-8; 2; 5:32; 10:47; 13:2,4; 15:28, ens.

¹²⁵ Mark. 16:15.

¹²⁶ Luk. 24:48; Hand. 1:8.

¹²⁷ Mark. 16:16.

¹²⁸ Luk. 24:47.

¹²⁹ Matt. 28:19.

¹³⁰ Gen. 1; 9; Ps. 8.

¹³¹ Matt. 28:20.

¹³² Hand. 2:17,21.

¹³³ Hand. 10:1,47.

¹³⁴ Hand. 8:3-14.

¹³⁵ Hand. 8:27,38.

¹³⁶ Hand. 11:15-18; 15:7-11.

¹³⁷ Hand. 9:15.

¹³⁸ Hand. 9:20,29.

¹³⁹ Hand. 22:3; vgl. 26:3,24.

¹⁴⁰ Hand. 4:36.

Cyprus. Dit was wel: 1, *amptelik*; 2, na *gebed*; 3, na 'n bepaalde *gebied*; 4, ooreenkomstig hulle eie *agtergrond*; en 5, deur middel van die verkondiging van die *Woord van God* as primêre metode en die daarmee gepaardgaande *daad* as sekondêre metode.¹⁴¹ Nadat die Jode in die sinagoges (van wat nou in die Suide van Turkye is) egter nie na hulle wou luister nie,¹⁴² het Paulus en Barnabas hulle sendingarbeid alhoemeer pertinent op die bekering en bevestiging van die heidene gerig.¹⁴³

In elke gemeente word *ouderlinge* gekies.¹⁴⁴ Nadat begryp is hoedat “God in die begin uitgesien het om 'n volk uit die heidene vir Sy Naam aan te neem... sodat die oorblyfsel van die mense en al die nasies die Here kan soek”,¹⁴⁵ is *sinodaal* deur die Kerkvergadering van Jerusalem (na besinning deur die apostels en ouderlinge aldaar) onder leiding van die Heilige Gees bindende besluite geneem. Dit was ten opsigte van die verpligtinge van die “broeders uit die heidene”. Dié besluite is toe aan die betrokke sendinggemeentes vir hulle uitvoering amptelik oorgedra.¹⁴⁶

24. Paulus se tweede sendingreis

Gedurende sy tweede sendingreis, het Paulus sy sendinghelper Timoteus vir die Jode wat hy wou bereik, aanvaarbaar probeer maak deur hom te besny.¹⁴⁷ Gelei deur die Heilige Gees,¹⁴⁸ het hy ook die sinodale besluite aan die gemeentes “oorgegee om te onderhou”.¹⁴⁹ Hy word deur die Heilige Gees verhinder om in sommige plekke die Woord te verkondig en kerke te plant.¹⁴⁸ Maar in ánder deur-die-Gees-gewilde plekke stig of besoek hy die gemeentes van Galasië,¹⁵⁰ Filippi,¹⁵¹ Masedonië,¹⁵² Tessalonika¹⁵³ en Korinte.¹⁵⁴ Daar bedien hy die Woord van God, en daar doop hy bekeerlinge.¹⁵⁵

Te Athene verklaar hy dat God die verskeidenheid van die verskillende volke gewil het.¹⁵⁶ Waarom? Juis “sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kan aanraak en vind”.¹⁵⁷ Intussen het God “nou aan al die mense oral (verkondig) dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy 'n (eskatologiese) dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel.”¹⁵⁸

¹⁴¹ Hand. 13:1-12.

¹⁴² Hand. 13:40-45; 14:1-5; 14:19.

¹⁴³ Hand. 13:45-49; 14:8-18.

¹⁴⁴ Hand. 14:23.

¹⁴⁵ Hand. 15:14,17a.

¹⁴⁶ Hand. 15; 21:25, en Gal. 2:9.

¹⁴⁷ Hand. 16:3.

¹⁴⁸ Hand. 16:6-7.

¹⁴⁹ Hand. 16:4-5.

¹⁵⁰ Hand. 16:6.

¹⁵¹ Hand. 16:12-40.

¹⁵² Hand. 16:9-12.

¹⁵³ Hand. 17.

¹⁵⁴ Hand. 18.

¹⁵⁵ Hand. 16:15,31; 17:2-12; 18:7-11; 9:4-5.

¹⁵⁶ Gen. 1:28; 11:1-11; Deut. 32:8-9; vgl. Hand. 17:24-26.

¹⁵⁷ Hand. 17:27.

¹⁵⁸ Hand. 17:30-31.

In Korinte verklaar Paulus: “Van nou af sal ek na die heidene gaan!”¹⁵⁹ Agtien maande lank het hy daar gebly “en die Woord van God onder hulle geleer.”¹⁶⁰ En in dié tyd skryf hy ook sy sendingbriewe aan die Tessalonisense, waarin hy hulle getuienis en vrygewigheid prys¹⁶¹ – en waarin hy hulle vra om hulle voorgangers te erken en te eerbiedig.¹⁶²

25. Paulus se derde sendingreis

Gedurende sy derde sendingreis het Paulus deur Galasië en Frigië gereis en die dissipels aldaar versterk.¹⁶³ Vir ruim twee jaar lank het hy in Efese gebly – waar die skeiding tussen kerk en sinagoge finaal geword het,¹⁶⁴ en waarvandaan hy sy sendbriewe aan die Galasiërs en aan die Korintiërs geskryf het. Daarin vermaan hy om aan die sending-genade van God vas te hou.¹⁶⁵ Hulle moes eensgesind wees;¹⁶⁶ die eredienste ondersteun; en kollektes laat opneem.¹⁶⁷ Intussen word hy self vir die Jode ’n Jood, en vir die Romeine ’n Romein – sodat albei gered mag word.¹⁶⁸

Daarvandaan vertrek Paulus na Masedonië¹⁶⁹ en Illirikum in die hedendaagse Albanië en Suid-Slawië¹⁷⁰ – en na Griekeland,¹⁷¹ vanwaar hy sy sendbrief aan die Romeine skrywe. Daarin word meegedeel dat hy hom voorgeneem het om “heidene tot gehoorsaamheid [aan Christus] te bring – met *woord* en *daad*... deur die *krag van die Gees* van God.” Daarin neem hy hom ook voor “om die Evangelie *nie te verkondig waar Christus alreeds bekend was nie*, om nie op die fondament van ’n ander te bou nie.”¹⁷² Hy beklemtoon dat ook die bekeerde heidene stoflik moes bydra om die heiliges in Jerusalem te dien.¹⁷³ Daarna spreek Paulus die ouderlinge van Efese toe en beveel hulle om op die gemeente ag te gee. Hy noem ook hoedat hy self nie geskroom het om die hele raad van God in die openbaar en in hulle huise te verkondig nie.¹⁷⁴

26. Sendeling terwyl gevangene

Nadat Paulus langs die kus van Suid-Turkye na Jerusalem teruggekeer het, is hy in Jerusalem gearresteer juis omdat hy vir die Jode genoem het dat God hom “na die heidene wou wegstuur”.¹⁷⁵ Onder verhoor voor Agrippa, bevestig Paulus andermaal dat juis omdat hy “aan die heidene verkondig dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God [moet] bekeer

¹⁵⁹ Hand. 18:6.

¹⁶⁰ Hand. 18:11.

¹⁶¹ 1 Th. 1:7v; vgl. 2 Kor. 8-9.

¹⁶² 1 Th. 5:12,13.

¹⁶³ Hand. 18:23.

¹⁶⁴ Hand. 19:9v.

¹⁶⁵ Gal. 2 en 5.

¹⁶⁶ 1 Kor. 1.

¹⁶⁷ 1 Kor. 16:lv.

¹⁶⁸ 1 Kor. 9:20; 10:32,33.

¹⁶⁹ Hand. 19:21-22.

¹⁷⁰ Rom. 15:19.

¹⁷¹ Hand. 20:2.

¹⁷² Rom. 15:18-20.

¹⁷³ Rom. 15:27; vgl. 1 Kor. 16:1v en 2 Kor. 8-9.

¹⁷⁴ Hand. 20:17-28.

¹⁷⁵ Hand. 22:21v.

deur werke te doen wat by die bekering pas”.¹⁷⁶ Hy verklaar dat die Jode hom in die tempel gevang en hom om die lewe probeer bring het.¹⁷⁷ En die gevolg van sy sendingtoesiasme was dat hy uiteindelik na Rome gestuur is om daar deur die keiser verhoor te word.¹⁷⁸

Selfs op pad na die keiser te Rome het Paulus sendingwerk gedoen.¹⁷⁹ Gedurende sy gevangenisverblyf aldaar het hy sendingbriewe aan die Kolossense, Efesiërs, Filippense en aan Filemon geskrywe. In sy brief aan Efese noem hy onder andere hoedat bekeerde heidene deur die bloed van Christus nou naby gekom het – sodat hulle medeburgers van die heiliges en huisgenote van God en mede-erfgename en mededelede van die liggaam en mededeelgenote van die belofte in Christus deur die Evangelie geword het.¹⁸⁰

Na sy vrylating, gaan Paulus sy sendingwerk voortsit moontlik in Spanje en selfs Brittanje¹⁸¹ en beslis in Kreta,¹⁸² Masedonië,¹⁸³ Efese¹⁸⁴ en Nikópolis in Albanië.¹⁸⁵ Vanuit Masedonië¹⁸³ skrywe Paulus sy eerste sendbrief aan Timoteus. Hy beveel hom om toesig te hou: dat die suiwer leer in die sendinggemeentes verkondig word;¹⁸⁶ dat goeie ouderlinge en diakens daarvoor aangestel word;¹⁸⁷ en dat die kerklike teregwysing en tug goed sal fungeer.¹⁸⁸

Daarna skrywe Paulus sy sendbrief aan Titus. Daarin vra hy hom om betroubare en bekwame ouderlinge van stad tot stad in die gemeentes aan te stel;¹⁸⁹ om self die gesonde leer aan die sendinggemeentes te verkondig;¹⁹⁰ en om die leertug toe te pas.¹⁹¹

Na sy tweede gevangeneming te Rome, skrywe Paulus sy laaste sendbrief – naamlik sy tweede sendbrief aan Timoteus. Daarin beveel hy Timoteus om dit wat hy van Paulus onder baie getuies gehoor het, toe te vertrou aan getroue manne wat bekwaam sou wees om ook ander te leer¹⁹² – sodat die sendingwerk steeds voortgesit kan word. Timoteus self moes ketterye teëstaan¹⁹³ en die werk van ’n Evangelis getrou verrig.¹⁹⁴

¹⁷⁶ Hand. 26:20.

¹⁷⁷ Hand. 26:21.

¹⁷⁸ Hand. 25:11.

¹⁷⁹ Hand. 27:23,31,35; 28:8,14,15,16-31.

¹⁸⁰ Ef. 2:13,19; 3:6.

¹⁸¹ Rom. 15:28 en Hand. 1:8 met Clemens Romanus se *1st Sendbrief aan Kor. 5* se “*epi to terma tees Duseoos.*”

¹⁸² Tit. 1:5.

¹⁸³ 1 Tim. 1:3; vgl. Flp. 2:24 en 1:1.

¹⁸⁴ 1 Tim. 1:3; 2 Tim. 1:18; 4:12,20.

¹⁸⁵ Tit. 3:12.

¹⁸⁶ 1 Tim. 1:3; 4:1-11,16; 6:3-21.

¹⁸⁷ 1 Tim. 3:1-13; 5:22.

¹⁸⁸ 1 Tim. 5:1-2,17-20.

¹⁸⁹ Tit. 1:5-9.

¹⁹⁰ Tit. 2:1.

¹⁹¹ Tit. 3:9-11.

¹⁹² 2 Tim. 2:2.

¹⁹³ 2 Tim. 2:16-19; 3:1-8,13; 4:3.

¹⁹⁴ 2 Tim. 2:15; 3:10,14-17; 4:1-5.

27. Sendbriewe van ander apostels

In sy sendbriewe, skrywe die apostel Petrus aan die vreemdelinge in die verstrooiing – in Pontus, Galasië, Kappadocië, Asië en Bithinië.¹⁹⁵ Hy vermaan hulle om onderdanig te wees,¹⁹⁶ en om as Christene te ly.¹⁹⁷ Hy beveel dat die ouderlinge van die gemeentes voorbeeldige lewens moet lei – en nie oor die kudde mag heers nie.¹⁹⁸ Paulus waarsku hulle teen valse leraars,¹⁹⁹ en hy doen ’n beroep op hulle om by die leer van die onfeilbare Woord van God te bly.²⁰⁰

Die apostel Jakobus skrywe aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is. Hy sê dat hulle daders van die Woord moet wees,²⁰¹ en dat hulle ouderlinge vir die siekes van die gemeentes moet bid.²⁰²

Die geïnspireerde skrywer van die sendbrief aan die Hebreërs herinner aan die voortrefflikheid van Christus. Hy moedig die gelowiges aan, ondanks hul vervolginge. En hy vra hulle om hulle voorgangers te gedenk wat die Woord van God aan hulle verkondig het.²⁰³

Dan is daar ook die algemene brief van Judas. Daarin vermaan hy al sy geadresseerdes om “kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.”²⁰⁴

28. Johannes as eskatologiese sendeling

Die apostel Johannes waarsku sy geadresseerdes teen die valse leraars.²⁰⁵ Hy gee raad aan die sendingkerke – naamlik “die uitverkore vrou en aan haar kinders”.²⁰⁶ Hy vermaan die gemeentes om liefdevol te wees, en hulle leiers om ootmoedig te wees.²⁰⁷

Daarna skrywe hy sy laaste geskrif, die Bybelboek Openbaring – en wel in eskatologiese sendingperspektief. Hier rig by hom pertinent tot die leraars van die sendinggemeentes van Efese, Smirna, Pergamus, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea.²⁰⁸ Dié gemeentes het almal intensief onder sy sendingbearbeiding gestaan. En hier is sy sendingraadgewing aan al hierdie seerbeproepte gemeentes onderskeidelik: Keer terug!²⁰⁹ Ly verdrukking!²¹⁰ Bekeer jou!²¹¹ Wees rein!²¹² Word wakker!²¹³ Hou aan!²¹⁴ Wees ywerig!²¹⁵

¹⁹⁵ 1 Pet. 1:1.

¹⁹⁶ 1 Pet. 2:11-3:7.

¹⁹⁷ 1 Pet. 4:16.

¹⁹⁸ 1 Pet. 5:1-4.

¹⁹⁹ 2 Pet. 2:1v.

²⁰⁰ 2 Pet. 1:16-21; 3:15-17.

²⁰¹ Jak. 1:22.

²⁰² Jak. 5:14.

²⁰³ Heb. 13:6,17,24.

²⁰⁴ Jud. 3.

²⁰⁵ 1 Joh. 4:1-6; 2 Joh. 7-11.

²⁰⁶ 2 Joh. 1,13; 3 Joh. 1.

²⁰⁷ 3 Joh. 5-10.

²⁰⁸ Opb. 1:1,11; 2:1v.

²⁰⁹ Opb. 2:4.

²¹⁰ Opb. 2:9-10.

²¹¹ Opb. 2:16.

Die sendende God sal Self toesien dat die ewige Evangelie “aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke” verkondig word.²¹⁶ Vergelyk hiermee die sendingopdrag van Matthéüs 28 :19! God moes aanbid word, Wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.²¹⁷ Vergelyk hiermee die kultuuroopdrag van Gen. 1: 28! So word die bruid van Christus²¹⁸ “uit alle nasies en stamme en volke en tale”²¹⁹ vergader en in die nuwe Jerusalem bymekaargebring. Want daar sal “die nasies van die wat gered word... in die lig daarvan wandel”. Daar sal “die konings van die aarde... hulle heerlikheid en eer... en die eer van die nasies daarin bring.”²²⁰ En so eet die bruid van Christus van die lewensboom van die Lam – “en die blare van dié boom is tot genesing van die nasies.”²²¹

29. Die eindbestemming van alle sending

So het kultuuroopdrag en sendingopdrag albei op die redding van mens en kosmos in die ewige koninkryk van Jesus Christus uitgeloop. So is nou gesien dat sending die hart van die Kerk se roeping is – en dat dit wel ook in kosmiese, kulturele en kerklike verband onderneem moet word, en dat dit in onlosmaaklike verband met die komende kosmiese koninkryk van Jesus Christus staan.

Eers wanneer dit alles ingesien word, word die volle kerklike en kulturele en kosmiese implikasies van die magtige sendingopdrag van Jesus Christus in die Naam van die Drie-enige God as Skepper, Onderhouer en Herskepper van die ganse kosmos enigsins begryp. Te wete: “Aan My is gegee alle mag in hemel en op áárde! Gaan dan heen, maak al die nasies tot dissipels en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle ál die dae, tot aan die voleinding van die wêreld!”²²²

30. Gevolgtrekking

1. Die Drie-enige God – as Skepper, Onderhouer en Herskepper van alle dinge – is die Primêre Ondernemer van alle sendingarbeid.
2. Kragtens God se algemene genade (voor en na die sondeval), is elke mens (en daarom ook elke Christen) verplig om die kultuuroopdrag te probeer volbring. Juis hier lê ook die diepste fondament van die “Veelomvattende Sendingbenadering”.
3. Kragtens God se besondere genade, red Hy die uitverkorenes vanuit die direk na die sondeval gegewe en steeds oorgelewerde Moederbelofte. Hierdie belofte, kosmies in

²¹² Opb. 2:20-23.

²¹³ Opb. 3:3.

²¹⁴ Opb. 3:11.

²¹⁵ Opb. 3:19.

²¹⁶ Opb. 14:6.

²¹⁷ Opb. 14:7.

²¹⁸ Opb. 19:7-9; 21:2,9.

²¹⁹ Opb. 7:9.

²²⁰ Opb. 21:24-26.

²²¹ Opb. 22:4.

²²² Matt. 28:18-20.

omvang, moet sowel onder die verbondskinders ingedra word as onder die heidene uitgedra word.

4. Met Abraham begin die middelpuntsoekende sending, wat in die Mosaïese tydperk geïntensifiseer word, maar altyd in Messiaanse sin met die eskatologiese einddoel om ál die nasies van die aarde te seën.
5. Selfs onder die ou verbond is sendingwerk deur patriarge, konings en profete (en veral deur Jesaja) onderneem of voorspel; en ook die Psalms is dikwels universeel georiënteerd.
6. Die Groot Sendeling, die Here Jesus Christus, is *selektief* dog nooit eng-nasionalisties georiënteerd nie.
7. Middelpuntvliedende sendingwerk is reeds gedurende die aardse lewe van Jesus Christus deur sy apostels onderneem, en dan wel: *amptelik, evangelieverkondigend, veelomvattend*, en in die *geloof*.
8. Die “Groot Sendingopdrag” is intiem verbonde aan die kultuuroopdrag – want albei is veelomvattend, sentrifugaal, en eskatologies gerig.
9. Dit was hoofsaaklik Petrus wat die ys gebreek het met betrekking tot die heidensending. Paulus weer het dit die kragtigste voortgesit, en wel deur middel van sy *bekeringsverkondiging*, sy *kerkplanting* (in sinodale verband), sy aanstelling van *ouderlinge*, sy *woord- en daadverkondiging*, en sy aandrang op die *finansiële* bydraes van die sendinggemeentes.
10. Sendingwerk was van die begin van die wêreld af eskatologies gerig, en wel met die oog op die beoordeling (dit wil sê, die redding óf die veroordeling) van koninkryk, kultuur en kosmos. As sodanig is sendingwerk die hart van die Kerk se roeping en ’n *goddelike imperatief* aan elke Christen:²²³ “Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom!”

²²³ Mark. 16:15.

Ouderlingsamp - Oorsprong; Ontwikkeling; Inhoud; Omvang

deur dr. F.N. Lee

Daar is geen belangriker amp in die Christelik Kerk nie – as juis die ouderlingsamp. Wat predikers en selfs patriarge en apostels bo en behalwe dit mag ook al wees, is hulle ook basies “ouderlinge.”¹

Een van die woorde wat met “ouderling” vertaal word – *presbuteros* in die Grieks – het die naam ‘presbiteriaals’ aan ons kerklike regeringsvorm gegee. Inderdaad, veral die presbiteriaalse kerkregeringstelsel is sonder ouderlinge eenvoudig ondenkbaar. En dit geld ook vir die Bybelse Kerk – vanaf Genesis tot by Openbaring.

Die woorde vir “ouderling” – in die oorspronklike Bybeltale – impliseer waardigheid en veral mondigheid. Dit is veelseggend dat in die Ou Testamentiese Hebreeus die woord “ouderling” ’n vertaling is van woorde soos: *zaaqeen* (of “bebaarde”); *sjaab* (of “grysaard”); *choor* (of “edelman”); *saagaan* (nl. “regeerder” of “voog”); en *sjar* (nl. “heerser” of “prins”). Etlike ouderlinge het tegelyk saamgesit en regeer as ’n *gerousia* (of ’n “sitting van ouer mense”) – en ook as ’n *sanhedrin* (of ’n “sittende raad”). In die Nuwe Testamentiese Grieks, sien ons dat die *presbuteerion* (of “ring van ouderlinge”) uit *presbuteroi* (of “ouderlinge”) en “*episkopoi*”¹ (oftewel “opsigters”) bestaan.²

Fundamenteel wortel al dié idees in God die Vader, as die sneeuwitharige Oue van dae en soewereine Regeerder van die heelal – in ewigdurende samewerking met Sy Seun en Sy Heilige Gees – nl. in die raadsitting van God Drie-enig.³ Inderdaad, die aardse Ouderlinge was Sy verteenwoordigers binne die Gemenebes van Israel oftewel die Christelike Kerk.⁴

Oorspronklik moes Adam – as die groot “ouderling” van die menslike ras – die aarde as God se onderkoning of goeweneur-generaal regeer.⁵ Na die sondeval, wil dit voorkom of die hoof van elke geslag en stam die regeerder daarvan was – soos: Abel; Set; Henog; en Noag. “Deur die geloof” het dié regerende *presbuteroi*, oftewel die ouderlinge of “die mense van die ou tyd, getuienis ontvang.”⁶

Nie lank na die sondvloed nie, word ouderlinge selfs buitekant die verbondsvolk aangetref – naamlik onder die Ussiete, die Egiptenaars, die Midianiete, die Moabiete en die Gibeoniete.⁷ Binne die verbondsvolk word Abraham self ’n “profeet” genoem. Ook bedien hy die Woord en die Sakrament aan sy groot huishouding van omtrent 318 volwasse manne,

¹ I Tim. 5:17v.; Opb. 4:4-11; 21:12v.

² Gen. 50:5; Rig. 19:16v; Esra 5:59v; Matt. 15:2; Luk. 15:25; Hand. 11:30; 20:17,28; Tit. 1:5,7.

³ Pss. 59:13; 66:7; 89:9; 103:19; Spr. 8:16; Dan. 4:17-32; 7:9,13.

⁴ Eks. 4:14-16; 7:1; 18:19; Joh. 10:34-36; Hand. 7:38; Gal. 6:15v.

⁵ Luk. 3:38; Rom. 5:12v; I Tim. 2:8v.

⁶ Gen. 4:4,26 & Heb.11:2-7,17.

⁷ Job 1:lv. & 29:6.; Gen. 39:21.; 50:7.; Num. 22:4v.; Jos. 9:3,11.

saam met hul huisgesinne.⁸ Dog die eerste persoon in die Heilige Skrif wat eksplisiet ’n “ouderling” genoem word, is Abraham se hoofbediende Eliëser.

Want nie Abraham self nie maar Eliëser van Damaskus word spesifiek ’n “ouderling” of *zaaqeen* genoem. Hy het as opsigter oor alles wat Abraham gehad het “geregeer”. Inderdaad, Eliëser het sowel Abraham se skape opgepas asook ’n vrou vir Abraham se seun Isak help verkry. As ’n voorbeeldige ouderling besoek en getuig hy vir ’n huishouding vol vreemdelinge, aanbid hy die Here ook daar, en seën hy die Here omdat Hy in Sy voorsienigheid hom soontoe gelei het.⁹

So het ook Josef die “opsigter” van Potifar se Egiptiese huishouding geword. Nog later word hy die opsigter van selfs die hele Egipteland.¹⁰

Ag, dat alle ouderlinge die huise vandag van hulle wyke se mense op dieselfde manier sou besoek – en daarvoor sou sorg! Ag, dat vandag se ouderlinge in die voetstappe sou volg van die ouderling Eliëser – met sy sorg aan Abraham en Bétuël en Isak se huise! Ag, dat die ganse ouderlingskap vandag vir die Kerk van Christus net so goed sou sorg – as wat die opsigter, Josef, vir Potifar se huis, en later ook vir al die huisgesinne in Egipte, gesorg het!

Meer as vier eeue na Abraham, het sy afstammeling die ouderlingskap nog altyd bewaar. Want die ouderlinge van Israel of *ziqueey Yisra’eel* het as ’n “sitting van ouer mense” of *gerousia* vergader – juis toe hulle self in Egipteland verslaaf was.¹¹ Dus, ook toe hulle nog in slawerny was, het hulle minstens soms hul godsdienstige-gegronde sosiaal-politieke pligte nog altyd probeer beoefen. Inderdaad, juis by hul verlossing uit dié slawerny – terwyl Moses en Aäron die Woord en Sakrament bedien het, was dit juis die ouderlinge wat die Paasfeeselemente aan die ontvangers daarvan uitgedeel het – en wat juis so daardie godsdienstdaad bevorder het.¹²

Dit was die ouderlinge wat Moses bemoedig en hom gehelp het om God te gehoorsaam en Sy opstandige volk te lei.¹³ Dit was die ouderlinge wat saam met Moses en Aäron vergader het om brood voor God te eet.¹⁴ Inderdaad, dit was blykbaar vanuit hulle midde dat ‘vertiénde’ regeerders of “owerstes” oor tien, vyftig, honderd en duisend by dié geleentheid aangestel is.

Dus, elke “owerste oor tien” of wyksouderling – bo en behalwe sy gesinswerk as huispriester, in die hoedanigheid wat hy oor sy éie familie as hul herder in die besonder moes regeer – is toe ook daarvoor verantwoordelik gestel om as regeerder en herder oor nog tien ander huisgesinne in die algemeen toesig te hou. Altesame was daar toe reeds seker meer as ’n half miljoen Israelitiese huisgesinne.¹⁵ Dit sou dan die rede wees waarom die volk as sodanig juis toe ‘vertién’ is deur owerstes oor tien, vyftig, honderd en duisend

⁸ Gen. 14:14; 17:24-27; 18:17-19; 20:7,17.

⁹ Gen. 15:2 (LXX *presbuteros*) & 24:2,4,48.

¹⁰ Gen. 39:4v.,2v. vgl. Gal. 6:10.

¹¹ Eks. 3:16v. & 4:29v. (*gerousia* in die LXX; & *seniores* in die *Vulgaat*) met 5:10v.

¹² Eks. 12:21-17.

¹³ Eks.17:4-6.

¹⁴ Eks. 18:12.

¹⁵ Eks. 12:37 & 18:21-26 vgl. Deut. 1:13-17.

huisgesinne aan te stel vir sowel administratiewe asook godsdienstige redes – ’n “vertiënde ouderlingskap” in ’n tiëndegéwende Kerk en ’n tiëndehéffende teokratiese Staat.

Want dié Ou Testamentiese “owerstes oor tien” was blykbaar die wortel van die Nuwe Testament se plaaslike ouderlinge wat in die kerkraad regeer. Daar is egter toe – en blykbaar vanuit dié “owerstes oor tien” –ander “owerstes oor vyftig” aangestel (waarmee ons moderne ringsouderlinge ooreenkom).

Verder, blykbaar vanuit dié “owerstes oor vyftig” is “owerstes oor honderd” aangestel. Dié weer kom met ons provinsiale of streeksinodes ooreen. Eindelik, weer eens vanuit dié ouderlinge, is ook “ouderlinge oor duisend” aangestel. Laasgenoemdes kom met ons Nuwe Testamentiese en moderne ‘nasionale ouderlinge’ ooreen, soos in die Algemene Sinode.¹⁶ Moses self, die moderator en bemiddelaar van die Ou Testament, was voorsitter oor Israel se Algemene Kerkvergadering¹⁷ – en juis as tipe van Jesus Christus (die enigste uiteindelijke Moderator en Middelaar van “die feestelike vergadering en die gemeente” van Sy Kerk).

Na stigting van al dié in-Christus-gesentreerde *presbuteeria* (of hetsy mindere of hetsy meerdere vergaderings van ouderlinge) – het Moses voortgegaan om God se Woord aan die ouderlinge oor te dra. By die berg Sinai het ’n spesiale afvaardiging, bestaande uit Moses en Aäron – naby aan God beweeg ten einde Hom te aanbid. Toe en daarna, het die ouderlinge ook voortgegaan om sake tussen die verskillende twistende lidmate van die volk van God te beoordeel en te besleg en te versoen.

Die ouderlinge het hul solidariteit met die Here betoon, en ook Sy volk voor Hom gaan verteenwoordig. Inderdaad, hulle het selfs gehelp om die volk se offerandes aan Jehova te bring.¹⁸

In die boek Númeri, is sewentig van die ouderlinge van Israel spesiaal gemagtig en met die krag van die Heilige Gees toegerus om die murmurerende volk van die Here te betig. Dié sewentig kon wel buitengewoon- godsalige, kundige en mededeelsame ouderlinge gewees het – wat nou spesiaal (nes Moses self voorheen) as ‘profeterende ouderlinge’ oftewel predikers aangestel is. Hoe dit ook al sy, dié sewentig is afgebaken van die breë massa van die ouderlinge wat toe “goed geregeer het.”¹⁹ Want dié sewentig is bekend as godsalige ouderlinge wat kragtig kon profeteer (d.w.s. wat God se Woord vir die volk kon verklaar).

In the boek Deuteronomium word beklemtoon hoedat die ouderlinge die volk as geheel verteenwoordig het. Want daar lewer die ouderlinge van die een stad dié verdagte moordenaars uit wat uit hul eie stad se wyke wegvlug. Die ouderlinge bring dié aangeklaagdes dan terug na die stad – vir paslike beoordeling en (waar skuldig bevind) vir geskikte straf volgens die ingeligte beslissing van die plaaslike regters.²⁰

So ontstaan ook die populêr-aangestelde politieke regters – wat vir eers waarskynlik vanuit die geleedere van die ouderlingskap self gekies is. Ook die ouderlinge was aanvanklik

¹⁶ Eks. 18:21-26 & Deut.1:13-17 – sien ook: Jos. 22:14; Rig. 6:27; 20:10; Rut 4:1-2; I Sam. 1:8.

¹⁷ Deut.29:1,10v.; 31:9.; Hand. 7:27,35,38; Heb.12:18-23.

¹⁸ Eks.19:7; 24:1-11; Lev. 4:15; 9:1.

¹⁹ Num.11:16,20,24-27 vgl. I Tim. 5:17v. & Eks. 5:6 met Jak. 3:lv.

²⁰ Deut. 5:22v.; 19:11v.,18; Num. 35; Jos. 20:2v.

by die juridiese uitvoering van die verskillende soorte vonnisse betrokke – selfs wanneer vanaf die plaaslike na die meerdere howe geappelleer is.²¹

Dog later, met die toenemende spesialisasie van die juridies-politieke funksies van die regters self, het die ouderlinge hul eie regering al hoe meer op spesifiek-kerklike sake begin toespits. Op geen tydstip het hulle hul invloed egter uit die buite-kerklike lewensakkers onttrek nie.²²

In die Pentateug is dit dus duidelik dat Israel se kerklike ouderlinge in die gesin gewortel is en dat dié stelsel op religio-sosio-politieke akkers tot verheerliking van God vrugte afgewerp het. Sulke pligte is later deur eers die regters en naderhand ook deur die konings behartig. Moses die profetiese prediker het die ouderlinge as 'n sittende kerkraad dikwels betrek.²³ Dié ouderlinge sou Moses se leierskap dikwels, dog nie klakkeloos nie, ondersteun. Inderdaad, dié ouderlinge was juis die 'aristokrasie' – die *aristoi* of die "beste" oftewel die "senatore" of onerflike "adel" van die volk.²⁴

Want die regerende ouderlinge is juis vanuit die keurigste gesinshoofde aangestel – wat hulle en hul huisgesinne dan verteenwoordig het, en aan wie hulle dikwels gerapporteer het. Hulle het verbondmatig as 'n verenigde raad geregeer – en nié op individualistiese wyse as onafhanklike en onverantwoordelike persone nie.²⁵ Nie alle regerende ouderlinge het soos profete of soos lerende ouderlinge in die tegniese sin van die woord 'gepreek' nie. Dog hulle het almal algemene onderrig aan God se bondsvolk gegee. Inderdaad, terwyl hulle self die administrering van die Sakrament(e) nooit geïnisieer het nie – was die ouderlinge desnieteenstaande dikwels vir die profeet of predikant met die verdeling van die element(e) daarvan behulpsaam.²⁶

Selfs terug in Vóór-Mosaïese asook Mosaïese tye het ook die regerende ouderlinge dus nie alleen sosiaal-politieke nie maar ook kerklike take gehad. Hul spesifiek-kultiese of besonderlik-liturgiese take het 'n viervoudige fokus gehad. Eerstens, hulle moes bid en ede aflê. Tweedens, hulle moes verbonde aangaan en herbevestig. Derdens, hulle moes die profeet en/of die lerende ouderling help – deurdat die regerende ouderlinge self die elemente van die Sakrament(e) moes verdeel wat die profeet en/of die lerende ouderling self inisieer en administreer het. En vierdens, hulle moes oor die lidmate van die kultiese gemeenskap regeer deur nie alleen aan hulle te getuig nie, maar ook om hulle te vermaan.²⁷

Vanuit die voor-ballingskap boeke (van Josua tot Jeremia), kan gesien word dat die regerende ouderlinge voortgegaan het om te regeer veral oor die *Qaahaal* oftewel die *Ekkleesia* – die godsdienstige vergadering van Israel. Aan die begin van dié tydperk lyk dit of die verhouding tussen die ouderlinge van Israel en die groot leier Josua ietwat analoog was as dié tussen sy voorganger Moses en die ouderlinge van Israel gedurende die Mosaïese

²¹ Deut. 1:13-16; 16:18; 17:8,13; 21:1-20; 22:15-19; 25:7-9.

²² Deut. 17:12; 27:1v.; 29:10v.; 31:9v.,28v.; 32:7v.

²³ Eks. 3:16v.; 4:28v. 12:21; 24:9v.; Deut. 29:10v.; Ps. 105:22; Hand. 5:21.

²⁴ *Ib.*; Eks. 5:10v.; 18:12,22; 19:7v.; Deut. 32:7.

²⁵ Eks. 3:16v.; Deut. 27:1.

²⁶ Gen. 17:23v.; 21:4v.; Eks. 12:21v.

²⁷ Gen. 15 & 17; 50:7; Eks. 12:3,21; 17:5v.; 19:7v.; 24:11; Num. 11:16v.; Deut. 5:23; 21:20; 27:1; 29:10v.; 31:9v.,28v.; 32:7v.

tydperk.²⁸ Later, ten spyte van die ontwikkeling van die politieke invloed van die rigters – dié ouderlinge wat Josua oorleef het, het voortgegaan om dergelike funksies en verantwoordelikhede uit te oefen – juis soos die ouderlinge ook in die Mosaïese tydperk gedoen het. Inderdaad dit was ook ten tyde van Rut²⁹ nog steeds die geval.

Die oorgang na oppermag vanaf die politieke regters of rigters na die pas-gestigte monargie – is in die historiese boeke van Samuel, Konings en Kronieke op skrif gestel. Ook toe het die ouderlinge voortgegaan om politieke invloed uit te oefen – hoewel hulle nou meer en meer op pastorale of kerklike verpligtings gekonsentreer het.³⁰ Die pligte van dié ná-Mosaïese en vóór-eksiliese ouderlinge het die volgende ingesluit: bemiddelende gebed; die saamkom vir gemeenskaplike aanbidding; die ontvangs van geskenke ten behoeve van die Here; die herbevestiging van die verbond, van tyd tot tyd; die gee van hulpvaardige pastorale sorg en raad aan die wat geteisterd was; en, terwyl die kerkraad in sitting was, beraadslaging saam met die profete.³¹

Ouderlinge moes altyd gerespekteer word, eenvoudig op grond van die eerbare amp wat hulle beklee het. Dog, toe sommige van hulle in stryd met die goeie weg afvallig geword het, moes hulle die waarskuwings van die profetiese predikers en selfs van die godsalige konings wat hulle tot herbekering probeer beweeg het, ter harte neem.

Ja nee, die selfsug by baie van die ouderlinge was een van die belangrikste redes vir die Babiloniese vernietiging van Jerusalem. Desnieteenstaande, selfs gedurende die daaropvolgende ballingskap, was dit steeds presies die ouderlinge wat die verbondsvolk van ’n bruikbare regering voorsien het.³²

Na die terugkeer van die Godsvolk uit hul ballingskap, het nasionaal-erkende ouderlinge voortgegaan om landsweye leierskap as ’n edele dog onoorerflike ‘aristokrasie’ veral op gebied van die algemene kerkvergadering te voorsien. Ook streeksleierskap is in die ringe deur die ouderlinge van die verskillende stede aangebied.

Plaaslike leierskap is in die sittings van die kerkrade gegee – en wel deur die individuele ouderlinge of “edeles” wat “hoofde van hul vadere se huishoudings” was. Diesulkes was: die “bebaardes” of die “ouderlinge van elke stad”; die “grysaards” of die “ouderlinge van die Jode”; die “offisiere” of die beherende “regeerders van die ganse vergadering”; die “vrymanne” of die “edeles van Juda”; en die “voogde” wat die Godsvolk regeer het.³³

Dit is veral na die einde van die voorheen-genoemde ballingskap dat ons die sterk ontwikkeling van die *Sanhedrin* (of die “sittende raad van die here sewentig”) aantref. Vanuit die gryse oudheid, sou die *Sanhedrin* waarskynlik in Mosaïese of selfs vóór-

²⁸ Num. 27:16v.; Jos.7:6; 8:10,30v.; 9:11; 20:4; 23:2; 24:1,31; Hand. 7:38.

²⁹ Jos. 24:31; Rig. 2:7; 8:14v.; 11:5v.; 21:16; Rut1:1; 4:2,4,9,11.

³⁰ Deut.17:14v.; I Sam.4:31; 8:1-5v.,11v.; 11:3; 15:30; 16:4v.; 30:26v.; II Sam.3:17v.; 5:3v.; 12:16v.; 17:4v.,15v.; 19:11v.; I Kon. 8:1-8; 20:7v.; 21:8v.; II Kon. 10:1v.,5v.; 19:2; 23:11; I Kron. 11:31; 15:25v.; 21:16; II Kron. 5:21; Spr. 31:23; Jes. 37:1-3v.; Joël 1:14; 2:16v.; Jer. 2:8; 3:15; 26:17v.; Klaag.1:19; 2:10; 4:16; 5:12-14.

³¹ *Id.* Vgl. ook: Jos., 7:6v.; 8:33v.; II Kon. 6:32; Pss. 107:32; Eseg. 20:1v.; Hand. 11:25-30.

³² I Sam. 8:11;16:41;19:11; I Kon. 22:13v.; II Kron. 34:29v.; Jer.2:8; 26:17v.; 29:1; Klaag. 4:16; 5:12; Eseg. 8:1; 14:1; 20:1v.

³³ Esra 5:5-9; 6:7-14; 10:7-16; 8:11; Neh.2:16; 3:9-19; 4:14-19; 5:7-17; 6:17;7:2-5; 11:1; 12:40; 13:11; Luke 7:1-5.

Mosaïese tye ontstaan het.³⁴ Dog dit wil voorkom dat dit sy Hellenistiese naam *Sun-hedrion* (wat dan “saamgeseteld” of “met ’n sitplek” beteken) – veral met sy nuwe karakter – eers teen nie later nie as 50 v.C. ontvang het.

Ten tyde van Christus het regerende ouderlinge (of ‘edeles’) sittingsreg en spraakreg in sowel die ‘Kleiner Sanhedrin’ of streeksring van 23 lede asook die ‘Groter Sanhedrin’ of die nasionale Algemene Vergadering van Israel gehad.³⁵ Dog met die vernietiging van Jerusalem in 70 n.C., is selfs die Sanhedrin as sodanig ook vernietig. Daarna³⁶ het slegs die ‘skrifgeleerdes’ oftewel die prekende rabbyne gesit in die Joodse ‘Sanhedrin van Jabnê’ wat ongeveer 70 lede gehad het.

Dog gedurende Jesus se aardse lewe – die tydperk toe die Nuwe Testamentiese Kerk wortel geskied het – het die *Sanhedrin* of ‘sittende raad’ uit die “priesters en die skrifgeleerdes... saam met die ouderlinge” bestaan.³⁷ Dit wil voorkom dat dit wel met die moderne gemeenskaplike kerkraad ooreenkom – wat uit diakens, ouderlinge en prediker(s) bestaan.

Inderdaad, die essensiële mede-belangrikheid van dié drie spesiale ampte in die *Sanhedrin* – ten spyte van hul onderskeide – kan gesien word vanuit die konstante wisseling van die orde waarin hulle (van een perikoop van die Skrif tot die ander) genoem word.³⁸

Dit ly geen twyfel nie dat Christus se Nuwe Testamentiese Kerk voortstap in die skoene van die Ou Testamentiese Kerk – waarvan dit die **voortsetting** en die **vervanging** en die (nou bloot-kerklike en nié-politieke) **uitbreiding** was.³⁹ Om dié rede gaan die regerende ouderlingskap ook in die Christelike Kerk voort.

Die Nuwe Testamentiese ouderlingskap van die Christelik Kerk het blykbaar eers – vanuit sy Ou Testamentiese fundamente – *via* die Here Christus se vervolmagting van die twaalf apostels – selfs vóór Golgota ontwikkel. Jesus het dié apostels (asook die “ander sewentig”) twee-twee uitgestuur, ten einde die verbondsvolk in hulle huise te besoek. Gevolglik was hulle wat op dié wyse volmag ontvang het, die eerste Nuwe Testamentiese Kerk se ‘ouderlinge.’ Inderdaad, dit is diegene wat die ‘ouderlingskap-van-sewentig’ herstel het, wat deur Moses aangestel maar wat later deur die *sanhedrin* geruïneer is.⁴⁰

Dié eers-vervolmagtigde Christene moes vir die siekes bid en die goeie tyding van die Evangelie versprei. Dit is wel voorstelbaar dat “die sewe” wat in Handeling hoofstuk ses aangestel is, juis ouderlinge (eerder as ‘diakens’) was. Dit is egter volkome seker dat

³⁴ Vgl. Gen. 4:24v.; 5:12,31; 10:1-32; 11:26; 46:27; Eks. 1:5; 24:1; Num. 11:16-25; Deut. 10:22; Rig. 1:7; 9:2; 12:34; Esra 8:7,14; Luk. 9:1-6; 10:1-17; Hand. 7:14.

³⁵ Merk op dat die ‘Groter Raad’ met sy 70 lede in Matt. 5:22 & 26:39 nie dieselfde liggaam as die ‘Kleiner Raad’ met sy 23 lede in Matt. 10:17 & Mark.13:9 is nie.

³⁶ Ed. Clowney: *Governors*, in 1977 *PCA Handbook*, p. 1629.

³⁷ Matt. 27:1,41; Mark. 15:1; 11:27; 14:53; Luk. 20:1; John 11:47.

³⁸ Matt. 16:21; 26:3; 27:41; Mark. 8:31; 11:27; 14:43,53; 15:1; Luk. 20:1; 22:66; Hand. 4:5-8,23; 22:5; ens.

³⁹ Deut. 17:6; Matt. 18:16f; 21:23; Hand. 2:32v.; 3:21v.; 5:21; 7:38; Rom, 11:16v.; Gal. 3:6-29; Phil. 1:1; I Tim. 3:1-15; 4:14; 5:17-22.

⁴⁰ Num. 11:16v.; Luk. 6:13; 9:1; 10:1v.; Hand. 15:15v.; Opb. 4:4; 21:10v.

Christelike ouderlinge minstens teen 41 n.C. oor die kerk in Jerusalem aangestel is – indien nie veel eerder nie, en moontlik selfs voor die dood van Christus.⁴¹

Waar die apostels of hul prediker-evangeliste ook al gegaan het, het hulle kerkrade van Christelike ouderlinge aangestel om die nuut-gestigte Christelike gemeentes te regeer. Dit was waarskynlik juis die Ring van Antiogië (in Sirië) wat vir Barnabas en Saulus as hulle eerste buitelandse sendelinge uitgestuur het.

Waar ook al Barnabas en Paulus twee-twee gegaan het, dwarsdeur dit wat nou Suidelike Turkye is, het hulle Christelike gemeentes gestig. Te meer, hulle het later “in **elke** gemeente vir hulle **ouderlinge** verkies.”

Inderdaad, toe leerstellige twiste ontstaan het wat opgelos moes word, het ouderlinge van die gemeentes in Siriese Antiogië – en moontlik ook van dié in wat nou Turkiese Silisië is – saam in Jerusalem met ouderlinge van die Kerk in Palestina en Judea vergader. By ’n algemene kerkvergadering of sinode aldaar, het hulle toe almal oor hierdie sake juis vanuit die Heilige Skrif beslis. Besluite is daar geneem – wat later as maatreëls aan die gemeentes oorgelewer sou word om deur hulle onderhou te word.⁴²

Ouderlinge is ook in elke gemeente van Hebreuse Christene gekies – sowel in die Nabye Ooste, asook in the verstrooiing oftewel die *diaspora*. So is ouderlinge op ’n dergelike manier verder ook in die grotendeels Nie-Joodse gemeentes van Christene binne-in die Ring van Efese gestig (wat in die moderne Wes-Turkye geleë was). Daar is van hulle vereis om die kudde van Christus op te pas, waaroor die Heilige Gees vir hulle as herders of opsigters aangestel het.

Verder, ouderlinge of pastorale herders (oftewel ‘biskoppe’) is ook in die gemeente van Filippi in Noord-Griekeland en in die gemeente van Korinte in Sentraal-Griekeland aangestel – waar genoem word dat juis kerklike ouderlinge of “regerings” gestig is. Daar word verder gelees dat ouderlinge te vinde was ook in die gemeentes te Rome (waar elke aangestelde ouderling of “voorganger... met ywer” moes regeer) – asook in die verskillende gemeentes in Kreta (wat deur die apostolies-aangestelde prediker-evangelis Titus laat kies is). So is regerende ouderlinge dan oor elke Christelike gemeente dwarsdeur die apostoliese wêreld aangestel.⁴³

Sulke ouderlinge moes altyd gerespekteer word – ja, ook deur die apostels self – ter wille van hulle werk. Gerespekteer, eenvoudig vanweë die ouderlingsamp wat hulle belee het. Ook die apostels self het sowel individueel asook kollektief sowel hulleself asook hul plaaslike kerkrade van ouderlinge aan die besluite van die verskillende ouderlingshowe van die Christelike Kerk onderwerp. Die ouderlinge self moes “**goed** regeer” en – as dié wat **rekenkap (ook aan God) moes gee** – moes hulle ook oor hul kudde **waghou**. Indien

⁴¹ *Ib.*; Hand. 6:11; 11:27v.; 20:19v.; Jak. 5:14v.

⁴² Hand.11:22-30; 13:1-3,14,43; 14:21-28; 15:1-4,14-23,27-32; 16:1-5.

⁴³ Hand. 20:17v.,28,31; Rom.12:8; I Kor.12:28; Phil. 1:1; I Tess. 5:12; I Tim. 5:17; Tit. 1:5,9; Heb.13:7,17,20,24; Jak. 1:1; 5:14; I Pet.1:1; 2:25; 5:11; Opb. 1:4,11v.; 2:lv.; 4:4,10; 5:5-14; 7:11-14; 11:16; 14:3; 19:4 – vgl. Num. 27:16v.; I Kon. 22:16v.; Jes. 40:10v.; Jer. 2:8; 26:17v.; 29:11; Eseg. 34:21; Sag. 10:21; 11:3-17.

ouderlinge (soos die leier Diotrofes) dit ooit sou poog om Christus se skape te oorhéers – moet hulle ook vandag liefdevol dog met vasberadenheid betig word.⁴⁴

Want die vereistes en pligte van die amp van die regerende ouderling selfs vandag, moet steeds alleen vanuit die Heilige Skrif afgelei word.⁴⁵ Saam met die res van die Kerkraad moet elke ouderling daarvan oor die gemeente as geheel toesig hou. Maar elke ouderling moet ook individuele aandag aan sy eie wyk binne daardie kudde skenk. Die **wyk** is die groep van tot **tien kerkgesinne** wat die kerkraad (gewoonlik a.g.v. hul geografiese nabyheid aan mekaar) veral aan die sorg van een ouderling in die besonder toevertrou. Hy moet hulle dikwels “van huis tot huis” besoek.⁴⁶

Daar is minstens twintig vereistes en pligte vir elke ouderling. Hulle sluit die volgende in. Eerstens, **blaamloosheid en eerlikheid** – sodat hy alle lidmate binne sy wyk reguit kan vermaan, en sodat hulle hom met alle welwillendheid sal vertrou.⁴⁷ Tweedens, **geslagtelike reinheid** – sodat hy met vertrou selfs die ongetroude wyksdames in hul huise en by hulle siekbeddens kan besoek, soos sy kerklike ampswerk ook van hom verwag.⁴⁸ Derdens, **waaksaamheid** – sodat hy as hul mede-herder oor die siele van sy skape kan waghou.⁴⁹ Vierdens, **nugterheid en wysheid**.⁴⁹ Vyfdens, **goeie gedrag en gasvryheid**. So word dit dan maklik vir die skape om hom te nader; en maklik vir hulle om hom welkom te heet wanneer hy hulle kom besoek.⁴⁹

In die sesde plek, terwyl daar nie van die regerende ouderling verwag word dat hy ook moet preek nie, moet hy inderdaad kan **vermaan**. So moet hy ’n bevoegde onderrigter wees en dus “bekwaam wees om [ander] te [kan] onderrig.”⁵⁰ Belangriker nog, hy moet in die sewende plek **leerbaar** wees – en die begeerte hê om gekorrigeer te word, veral deur dié wat preek.⁵¹ Agtstens, hy moet ook **vreedsaam** wees, en nie veglustig nie.⁵² In die negende plek, moet hy **fluks wees** – iemand wat van harde werk hou, sowel in sy beroep asook in sy kerkouderlingskap.⁵³ En tiendens, hy moet **vergenoég** wees, heeltemal ontdaan van gulsigheid en verslaafdheid aan geldgierigheid.⁵⁴

In die elfde plek, ’n ouderling moet iemand wees wat **sy eie huis goed regeer**, en wat sy eie kinders met alles erns in onderdanigheid opvoed. Want as ’n man nie weet hoe om sy eie huis te regeer nie – hoe sal hy vir die huis van God sorg?⁵⁵ Twaalftens, hy **moenie** ’n **nuweling wees nie** – sodat hy nie ná sy aanstelling as ’n opsigter parmantig word nie.⁵⁶

⁴⁴ Hand. 15:22 tot 16:5; 18:8; 20:20,26v.,29v.; 21:18-26; Rom.16:23; I Kor.1:14; Gal. 2:9-14; I Tess. 1:1; 5:12v.; I Tim. 1:1v.; 4:14; 5:17; Tit. 1:5-13; Heb. 13:7,17,24; I Pet. 5:1-5; II Joh. 1v.; III Joh. 1v.,9,12; Opb. 1:1v.; 7:11v.

⁴⁵ Vgl. veral: Eks. 18:12,20-26; Hand. 20:20-31; I Tess. 5:12v.; I Tim. 3:2v.; Tit. 1:5 tot 2:4; I Pet. 5:1-5.

⁴⁶ Gen.18:19v.,32; Eks. 18:21; Luk. 9:1-4; 10:1-5; Hand. 20:20,28; II Pet. 5-8; II Joh. 1v.

⁴⁷ I Tim. 3:2; 5:19,22; Tit. 1:6v.

⁴⁸ *Id.*, vgl. Hand. 20:20,28; II Tim. 3:4v.; Jak. 5:14.

⁴⁹ *Id.*, vgl. Eks. 18:12-26; I Tim. 3:8; Heb. 13:17.

⁵⁰ *Id.*, vgl. Rom.12:8; Tit. 1:9v.; Heb. 13:7.

⁵¹ *Id.*, vgl. I Tim. 5:17; II Tim. 2:24v.; I Pet. 5:11.

⁵² I Tim. 3:3; Tit. 1:7.

⁵³ I Tess. 5:13; II Tess. 3:10v.; I Tim. 5:17.

⁵⁴ Eks. 18:12,21; I Tim.3:3; Tit. 1:7; I Pet. 5:11.

⁵⁵ I Tim.3:4v.; Tit. 1:6.

⁵⁶ I Tim. 3:6.

In die dertiende plek, hy moet **ook in die oë van ongelowiges onberispelik wees** – want deur sy optrede moet hy juis hulle vir die Here probeer wen.⁵⁷ In die veertiende plek, hy moet 'n rentmeester of 'n **ware dienskneg van die Here wees**.⁵⁶ En in die vyftiende plek, hy **moenie eiewillig wees nie**; nie gou op sy perdjie wees nie.⁵⁸

In die sestiende plek, 'n ouderling moet 'n **regverdige of 'n goeie en 'n heilige man wees**; 'n liefhebber van ander goeie mense; 'n **nakomer van God se geboorte**; asook 'n bewonderaar van al dié wat self probeer om die **Here se Dekaloog** te hou.⁵⁹ In die sewentiende plek, moet hy self **aan die ware leerstellings vashou** wat hy self geleer is – want hy self moet alle valse leraars saam met hul valse leerstellings **skerp kan weerlê**.⁶⁰

In die agtiende plek moet hy 'n **ware geestelike herder** van die kudde wees – en derhalwe iemand wat waghou en wat die skape laat wei.⁶¹ In die negentiende plek, hy moet as 'n **gewillige en 'n parate helper** fungeer – wat nooit aangepor hoef te word om vir sy kerkwyk te gaan sorg nie.⁶² Les bes, in die twintigste plek, moet hy 'n **oetmoedige man** wees wat nooit sy gewig probeer rondgooi nie – 'n voorbeeld aan die kudde, en hul liefde en agting waardig wees.⁶²

Dié ouderlinge wat goed regeer, moet wel **met dubbele eer waardig geag word**.⁶³ Maar elke ouderling moet **Godvresend en waaragtig wees**. Hy moet **wys** in die verstand wees; **beproof** in sy ervaring wees; en iemand wees wat **hebsug haat**.

Inderdaad, hy moet geheel en al **bevoeg wees om mense te kan regeer** – en dus, as 'n voorvereiste, **veral sy eie huishouding goed regeer**.⁶⁴ Verder moet hy ook uitmunt wat betref sy wysheid; sy eerlikheid; sy intelligensie; en sy samewerkendheid.⁶⁵

Met een woord, hy benodig 'n pastorale hart.⁶⁵ En hy moet ook 'n voorbeeld wees van: oplettendheid; medelyde; artikuleerdheid; vlyt; blaamloosheid; huwelikstrou; waaksaamheid; nugterheid; beleefdheid; gasvryheid; leersaamheid; vreedzaamheid; tevredenheid; geduld; ervarendheid; oetmoed; agtingswaardig; en vreugdevol.⁶⁶

Ook sy kinders (indien enige) moet getrou wees. Hy self moet nie eiewillig, kort van draad of veglustig wees nie – maar leersaam, geleerd en steeds lerende, en leerstellig gesond wees. Hy moet mense kan bemoedig, en ook alle teenstanders kan weerlê. As iemand wat vir alle siele onder sy sorg rekenskap moet gee, moet hy gou wees om te bid en behulpsaam te wees – en veral om die siekes te help. Laastens, hy moet die kudde van die Here op 'n voorbeeldige wyse kan voed. Dog dit alles sal hy kan doen alleen as hy self vir die Here op 'n aanbiddingswaardige wyse lowe.⁶⁷

⁵⁷ I Tim. 3:7.

⁵⁸ Tit 1:7-8.

⁵⁹ Mt. 19:17v.; Rom. 7:7,12,14; 13:8-10.

⁶⁰ Tit. 1:5-14; 2:2-8.

⁶¹ I Pet. 5:11.

⁶² I Kor. 4:1v.; II Kor. 1:1,24; I Pet. 5:1-6.

⁶³ I Tim. 5:17.

⁶⁴ Eks. 18:21,25; Deut. 1:13v.; Hand. 20:28; I Kor. 12:28; 1 Tess. 5:12; I Tim. 3:4v.; 5:17; Tit. 1:7; Heb. 12:7,17,24; I Pet. 5:2; Opb. 4:4.

⁶⁵ Eks. 18:22,25v.; Hand. 11:29v.; 15:6,22v.; 20:17v.,28v.

⁶⁶ Hand. 15:6-29; 16:4; 20:18-25,28,31,37v.; I Tim. 3:1-7; 5:1,17-22; Tit. 1:6-8; Heb. 13:7,17; I Pet. 5:2-3.

⁶⁷ Rom.12:8; Tit.1:6-9; Heb. 13:17; Jak. 1:14-16; I Pet. 5:21; II & III Joh.; Opb. 4:10v.; 5:8v.; 7:1:3-17; 19:4v.

Mag alle regerende ouderlinge (en ook alle lerende ouderlinge of predikante) dan dié gulde woorde van die groot apostel Petrus onthou: “Ek vermaan die ouderlinge onder julle, ek wat ’n mede-ouderling en getuie van die lyde van Christus is, wat ook ’n deelgenoot is aan die heerlijkheid wat geopenbaar sal word – hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde! En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlijkheid ontvang... Want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. Verneder julle dan onder die kragtige hand van God!” Want Kerkrade moet geen plek vir trotsaards soos Diótrefes aanbied nie!⁶⁸

Dit alles word bereik – wanneer ons ons soos die vier-en-twintig ouderlinge gedra wat in die boek Openbaring genoem word, wat die twaalf Ou Testamentiese patriarge en die twaalf Nuwe Testamentiese apostels verteenwoordig. Want dié ouderlinge buig hulle godvresend neer, elke keer as hulle die Here aanbid. Sonder gebrek in wit beklee, het ook hulle daar krone van goud. Dog elke keer as wat hulle die *Trishagion* oftewel dié lofgesang wat God Drie-enig dwarsdeur die heelal hoor weergalm – val hulle neer, en werp hulle hul krone voor die troon van God neer, en sing tot Hom in aanbidding:⁶⁹

“U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlijkheid en die eer en die krag! Want U het alles geskape; deur U wil is hulle geskape; en deur U wil bestaan hulle voort! ... Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlijkheid en lof! ... Aan Hom Wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlijkheid en die krag, tot in alle ewigheid!”

So maak die vier-en-twintig ouderlinge in die hemel, wat neerval om Jehova-Jesus daar te aanbid. So ook, na eeue van agteruitgang in die wêreldgeskiedenis, het die eerste eeu se Christelike ouderlinge gemaak. So het hulle die Kerk van God herbou. En dit het hulle gedoen deur uit te jubel: “Halleluja! Want die Here God, die Almagtige, **het** die koningskap aanvaar!”⁷⁰

Hy **bly** regeer! Mag ook vandag se ouderlinge selfs nou onder Sy regering self regeer – soos in die hemel, net so ook hier en nou op die aarde!

⁶⁸ I Pet. 5:1-5v. vgl. Hand. 2:18-26 & III Joh. 1,9-11.

⁶⁹ Opb. 2-11 & 5:8-14 vgl. 21:12-14.

⁷⁰ Opb. 19:4-6.

Katkisasie

deur dr. F.N. Lee

1. Inleiding

Spreek 22:6 word in die ou Afrikaanse Bybel so vertaal: “Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie.”¹

Die woord wat hier met “oefen” vertaal word, is eintlik die Hebreeuse woord vir **katkiseer**. En die woord wat hier met “oud word” vertaal word, is eintlik die Hebreeuse uitdrukking wat aandui dat die baard begin groei het. Derhalwe wil ek self Spreek 22:6 so vertaal: “Hou aan om ’n seun te **katkiseer** op die pad waarop hy moet gaan! Dan, **wanneer sy baard begin groei**, sal hy van dié pad nie afwyk nie!”

Daar, in ’n neutedop, lê die hele sin van katkisasie. **Katkiseer die seun voordat sy baard begin groei! Dan, wanneer hy ’n bebaarde volwassene word, sal hy nooit afwyk van dit wat hy op die grens van sy puberteitsjare gekatkiseer is nie!**

2. Oorsprong en betekenis van katkisasie

Sonder twyfel sou Adam en Eva hul kinders gekatkiseer het. So ook Adam se afstammeling Jered. Want Jered noem sy “Henog” – wat “gekatkiseerd” beteken. Dit is duidelik dat juis na dié kategetiese onderrig, Henog lewenslank “met God gewandel het.”²

Inderdaad, ook Abraham het sy “ge oefende manne wat in sy huis gebore is,” gekatkiseer. Want die woord “ge oefend” beteken hier weer eens “gekatkiseerd” – en is dieselfde Hebreeuse werkwoord as dié waarvan ook Henog se naam afgelei is. Abraham katkiseer ook sy eie “kinders” en sy eie “huis” of “huishouding” – en beveel hulle almal “dat hulle die weg van die Here moet hou.”³

Ook Moses het so gemaak. Want die Here het vir Moses gesê: “Gaan na Farao toe, want Ek het sy hart verhard [en] ook die hart van sy dienaars sodat Ek hierdie tekens van My onder hulle kan verrig, en sodat jy voor die ore van jou kind en jou kindskind kan vertel wat Ek Egipteland aangedoen het.”⁴

Kort daarna by die instelling van die Sakrament van die Pasga, sê Moses en die ouderlinge vir die daaraan deelnemende vaders: “En as julle kinders julle vra: ‘Wat bedoel u

¹ *Ch^anoch la-na’ar ‘al-piy darkoo, gam kiy-yazqiyn loo’-yaasuur rni-rnennaah*. Vir ’n volle behandeling van dié vers, vgl. F.N. Lee se *Catechism Before Communion* (1989 hersiene uitg.), *in loco*.

² Gen. 1:26v.; 3:5v.,20v.; 4:1v.; 5:18v.

³ Gen. 14:14v.; 18:17v.

⁴ Eks. 10:1 vgl. 12:lv.

met hierdie diens?’ – dan moet julle [al katkiserende] sê: ‘Dit is ’n paasoffer aan die Here, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het’... En die kinders van Israel het... weggetrek, omtrent 600 000 te voet, die manne buiten die kinders.’⁵

Selfs sedert Moses, het ook die Pasga of die Paasfees self as ’n katkisasieklas gefungeer vir dié wat aan die drumpel van hul puberteitsjare aansoek wou doen om toelating tot hul gebruik van daardie Sakrament.⁶ Daarby is meer gespesialiseerd skole later aan die Tempel asook aan die sinagoges bygelê. En daar, vanuit die Heilige Skrifte, is die kleinbesnede verbondsjeug “gebod op gebod” en “reël op reël” deur die ouderlinge amptelik gekatkiseer.⁷

Inderdaad, dieselfde geld ook ten opsigte van die Nuwe Testamentiese Kerk. Want na die laaste bloedplenging by Golgota word die bloedige besnydenis deur die onbloedige doop vervang, en die laaste bloedige Pasga ook deur die onbloedige Nagmaal vervang.⁸

Die woord “kategismus” (wat “onderrig” beteken) word van die Griekse werkwoord *katechein* afgelei. Dit beteken: “om by die ore so te raas dat dit wel deeglik weerklink.”

Hierdie werkwoord word by agt plekke in die Nuwe Testament aangetref.⁹ Daar slaan dit respektiewelik op: Hebreïese onderrig vanuit die Heilige Wet van God; die Christelike katkisering van Teofilus en Apollos; die goeie opvoeding wat deur die Apostel Paulus gegee is; die opleiding van ander in die Kerk; en indoktrinering met die leerstellings van die Christelike Geloof. Gevolglik word dieselfde werkwoord in die Heilige Skrif ook gebruik, om te verwys na die vashou aan ons geloofsbelydenis – d.w.s., aan die belydenis van ons Christelike geloof wat ons in die openbaar gedoen het toe ons belydende lidmate van die Christelike Kerk geword het.

Na Golgota, het die doop die besnydenis vervang – en die Nagmaal het die Pasga vervang. Voor Golgota is slegs besnede mense – en selfs toe alleen nadat hulle afgekatkiseer was – toegelaat om by die Paasfees saam te eet en saam te drink. Let wel dat heel voor by die instelling daarvan die Pasga nooit bedoel is om deur almal wat ’n mond het, geëet te word nie. Dit is slegs vir elke mondige “mansmens volgens sy eet[gewoontes]” ingestel. Hierdie bepaling het voorjeugdige, kinders wat nog nie afgekatkiseer was nie, uitgesluit. Dit het selfs diegene uitgesluit wat wel hul puberteitsjare bereik het maar wat nog nie deur “die ouderlinge” goedgekeur was om aan die Paasfeestafel te sit nie.¹⁰ So ook Calvin.¹¹

Die Ou Testamentiese bondskinders ontvang die eerste sakrament van die besnydenis – die sakrament van inisiasie – reeds as babas. Dit was egter nie voor die puberteitsjare nie – en slegs nadat hulle juis daartoe afgekatkiseer was – dat hulle ook tot die tweede

⁵ Eks. 12:21-37.

⁶ Eks. 12:3,16v.,37,43-50.

⁷ Pred. 12:1-12; Jes. 28:10; Luk. 2:40-47.

⁸ Luk. 2:40-47; 22:1-20; Joh. 21:15v.; I Kor. 5:6-9; 10:20-32; 11:20-34; 13:11v.; 14:20-23; Ef. 4:5,11-14; Kol. 2:11-13; I Pet. 5:1-5; I Joh. 2:12v.

⁹ Luk. 1:4; Acts 18:25; 21:21,24; Rom. 2:18; I Kor. 14:19; Gal. 6:6 (twee keer); Heb. 10:23.

¹⁰ Eks. 12:3-7,21,26-28,37,42-49; Luk. 2:40-47; 22:1,14-30; Rom. 4:9-13,23v.; I Kor. 5:6-9; 11:20-30; Kol. 2:11-13.

¹¹ Calvin se *Komm.* op Eks. 12:5,24-27,43v. & 23:14v.; en sy *Institusies van die Christelike Godsdiens* IV:16:30 ; en vgl. Lee se *op. cit.*, in *loc.*

sakrament van die Pasga (as sakrament van mondigwording) toegelaat is.¹² Hoewel kinders dikwels van kindsbeen af dié jaarlikse Paasfeeste as waarnemers bygewoon het, was dit slegs in hul puberteitsjare (of soms selfs daarna) dat hulle vir die eerste keer toegelaat en uitgenooi is om sêlf by die Pasga saam te eet en saam te drink.

Hulle is toegelaat, alleen nadat hulle (gewoonlik etlike jare van) kategetiese onderrig suksesvol ontvang het. Volgens die Ou-Hebreeuse praktyk (v.C.), het sulke onderrig “op tienjarige leeftyd” begin. Dit is gewoonlik drie jaar later juis met die *Bar Mitzvaah* “op dertien jaar vir die vervulling van die Gebooie” voltooi.¹³ En na Golgota is dié Hebreeuse praktyk om die verbondsjeug tot toelating by die Pasga te laat katkiseer, vervang met die voorbereiding tot toelating van Christelike katkisante aan die Nagmaalstafel.¹⁴

3. Die voorbeeld van die Here Jesus Christus Self

Met die moderne gier in sommige kringe om ook ongekatkiseerde verbondskinders summier aan die Nagmaalstafel toe te laat, is dit gerade om fyn na die voorbeeld van die Here Jesus Self te kyk. Hy was totaal sonder sonde, en ook na Sy menslike natuur het Hy op elke oomblik van Sy aardse lewe in intieme gemeenskap met Sy hemelse Vader in die krag van die Heilige Gees verkeer. Maar ook Hy moes as mens eers Sy puberteitsjare bereik, voordat Hy na ondervraging as katkisant aan die Pasgatafel toegelaat kon word. Geen wonder nie dat Hy Self later ook die Nagmaal in die plek van die Paasfees slegs vir Sy afgekatkiseerde volwasse dissipels ingestel het nie! Luk. 2:40v. en 22:8-20.

Daar staan van die jeudige Jesus geskrywe dat “Sy **ouers** was gewoond om elke jaar met die **paasfees** na Jerusalem te gaan. En toe Hy **twaalf jaar** oud was, het hulle [Sy ouers] **volgens die gebruik** van die fees, na Jerusalem opgegaan. En nadat die feesdae vir hulle [Sy ouers] verby was, en terwyl hulle [Sy ouers] teruggaan, het die Kind Jesus in Jerusalem agtergebly.” Luk. 2:41-43.

Let wel dat die Heiland hier – selfs op twaalfjarige leeftyd – toe nog altyd “die **Kind** Jesus” genoem word. Soos later sal blyk, was Hy toe reeds besig om gekatkiseer te word. Maar eers die volgende jaar op dertienjarige leeftyd sou Hy afgekatkiseerd en vir toelating tot deelname aan die Pasgatafel kon kwalifiseer. Daarom lees ons verder dat Hy as twaalfjarige nog altyd ’n katkisant was. Daar sit “Hy in die midde van die leraars... en na hulle luister en hulle uitvra. En almal wat Hom gehoor het, was verbaas oor Sy verstand en Sy antwoorde.” Luk. 2:46-47.

Dit sal baie goed wees as die moderne voorstanders van die Kindernagmaal besef dat hulle iets aangevang het wat radikaal met die Skrif in stryd is. Hulle moet ook besef dat geen kind voor sy puberteitsjare een honderdste van die geloofskennis het wat Jesus op twaalfjarige ouderdom gehad het nie, maar dat ook Hy daarná steeds gekatkiseer is; en ook nog nie afgekatkiseerd was nie. Dit sou eers op dertienjarige leeftyd met sy *Bar Mitzvaah*-bevestiging as volwasse Israeliet gebeur.

¹² Gen. 14:14-18; 17:10-25v.; 18:2-7,33; Eks. 12:3v.,26v.,37,43-48.

¹³ *Aboth* 5:21 vgl. Luk. 2:42-47 & Hand. 22:3.

¹⁴ Luk. 3:40-52 vgl. Hand. 20:31 & Gal. 1:15-18 & 6:6,16.

Aan die einde van dié Paasfees, Luk. 2:43v., “het die Kind Jesus in Jerusalem agtergebly.” Dit is duidelik dat hy daar pas gekatkiseer is. Want Hy het agtergebly juis om stééds gekatkiseer te word, naamlik deur dié onderwysers wat Hom onderrig het. Luk. 2:43-47. Inderdaad, Hy het “na hulle [ge]luister”, terwyl hulle Hom ondervra het.

Dit blyk dat hulle juis toe vir Jesus tot volwasse lidmaatskap in die Ou Testamentiese Kerk voorberei het – naamlik net voor Sy tienerjare sou begin. Dit blyk dat hulle Hom juis oor Sy bevoegdheid daartoe getoets het – waar Hy binnekort na verwagting soos gebruiklik op dertienjarige leeftyd tot deelname aan die Pasga vir die heel eerste maal in Sy aardse lewe toegelaat sou word. Ja inderdaad, hulle ondersoek Hom toe juis ten opsigte van “Sy verstand en Sy antwoorde.” (Luk. 2:46-47 en Hand. 22:3 vgl. Eks. 12:26v).

In Lukas 2:42v., het Jesus dus na Jerusalem gegaan juis om die Paasfees waar te neem (maar nog nie te gebruik nie) – nadat Hy twaalf jaar oud geword het (*egeneto etoon doodeka*). Dit was die “gebruik” (of *ethos*). Om anders te maak het, sou on-et-ies gewees het. Maar dit sou vir onse sondelose Heiland geheel en al onmoontlik gewees het.

Hy het hom juis toe voorberei vir Sy *Bar Mitzvaah*-bevestiging, kort daarna, naamlik so gou Hy dertien sou geword het. Hy het dus, terwyl twaalf, na Jerusalem gegaan om deur die Leraars (of *Didaskaloon*) onderrig te word. Inderdaad, Hy is later gevind – blykbaar binne-in die ‘Hof van die Mansmense’ waar alleen volwasse mans en twaalfjarige seuns wat hul *Bar Mitzvaah* die volgende jaar afgewag het, toegelaat is. Want “hulle [het] Hom in die Tempel gevind, terwyl Hy in die midde van die Leraars sit.” (Luk. 2:42 en 2:46).

Hulle het Hom toe gekatkiseer juis by wyse van ‘Vraag’ en ‘Antwoord’ (*akousanta*). (Luk. 2:46). Want hulle het Sy “verstand” (*sunesei*) getoets, Luk. 2:47. Slegs daarná op 13-jarige leeftyd sou hulle Hom as ’n volwasse “Seun van die Wet” (of *Bar Mitzvaah*) bevestig – wat dan die reg en die plig daardeur sou verkry om van die Paasfees te eet en te drink.

Dit is duidelik dat die twaalfjarige Jesus hier juis die *Paasfeeskategismus* vir die Tempel se kerklike owerhede opgesê het. Omdat Hy inderdaad onder die Wet gebore is, was dit nodig dat Hy dié kategismus móes opsê – voordat Hy op dertienjarige leeftyd ’n *Bar Mitzvaah* of “’n Seun van die Wet” kon word en toe vir die eerste keer aan die vleis en wyn by die Paasfees sou kon deelneem. (Gen. 17:21; Eks. 12:3v., 26v.; Luk. 2:40-47; Gal. 4:4v.; 1 Tim. 6:12-21).

4. Drr. Gill en Matthew Henry: verbondskinders nié voor dertien aan die Nagmaal toegelaat nie

Op Lukas 2:42 skryf die bekende Calvinistiese kommentator eerw. dr. John Gill:¹⁵ “Volgens die grondreël van die Jode, was persone tot op die ouderdom van dertien jaar en een dag nie onderhewig aan die verpligtinge van die Wet nie – of aan die strawwe daarvan in gevalle waar dit nie nagekom is nie.” Jode was egter veral dwarsdeur die jaar voordat hul kinders dertien geword het wel daaraan “gewoond om hulle te onderrig en hulle met godsdienstige oefeninge vertrouwd te maak” Dog sulke Hebreeuse kinders “was nie streng

¹⁵ Gill se *Commentary on Luke* (2:42), soos aangehaal in prof. dr. S. Miller se *Infant Baptism (Presbyterian Heritage, Dallas, 1984 uitg., pp. 50v. vgl. 120).*

gesproke onder die Wet totdat hulle die bogenoemde ouderdom bereik het nie. Voor dit is hulle ook nié as **volwasse** Kerklidmate beskou nie. Want, so is daar gesê, hy wat op dertienjarige leeftyd waardig is, is ‘Seun van die Gemeente van Israel’ genoem.”

In sy kommentaar op Luk. 2:41-42, verduidelik dr. Matthew Henry¹⁶ met insig: “Hier kry ons Christus wat saam met Sy ouers na die Paasfees in Jerusalem opgaan... Die kind Jesus, op twaalfjarige leeftyd, gaan saam met hulle. Die **Joodse Leraars** sê dat juis op twaalf jaar... kinders vir die eerste maal van tyd tot tyd moet begin vas... ; en dat ’n kind juis **op dertienjarige leeftyd**, ’n seun van die gebod begin word. Dit wil sê, [daar word juis dan van hom] vereis om die pligte van **volwasse kerklidmaatskap** na te kom – nadat hy (vandat hy ’n baba was) vanweë sy besnydenis, ’n seun van die verbond is... Dié kinders wat as babas aan God toegewy is, moet wanneer hulle grootword, opgeroep word om na die **Ewangelie-Paasfees** of die **Here se Nagmaal** te kom, sodat hulle dit deur hul eie daad en optrede kan toeëien en hulle by die Here kan aansluit.”

Eerw. dr. Rudolf Stier, die godsalige Lutheraan, verduidelik voortreflik in sy beroemde werk *Die Woorde van die Here Jesus*:¹⁷ “Sy ouers het die jeugdige Jesus saam met hulle na Jerusalem geneem [Luk. 2:41]”. Hier is in die [uitdrukking] “twaalf jaar” [Luke 2:42], ’n latente bewys – soos inderdaad in die ganse perikoop – dat dit die eerste keer was. Ons leer uit ander bronne dat die jeug van Israel in dié tydperk [vanaf twaalf jaar oud] as *B^eneey Ha-Thoraah* [of] ‘Seuns van die Wet’ aangemerkt is... Die verkeerde idee dat Jesus [gedurende dié episode] vir ánder geleer het... , is deur vers 46 weerlê. Hy het gesit, as ’n leerling; en dié wat Hom geleer het aangehoor; en vrae aan hulle gestel.”

Toe Josef en Maria gou weer na Jerusalem teruggekeer het, op soek na Jesus – gaan Stier aan – “het hulle Hom gevind, besig om te leer en vrae te stel [juis] in die plek waar God se Woord aangeleer moes word. Hy noem toe vir hulle... waarom Hy daar agtergebly en moes agtergebly het. ‘Ek is vir My eie onderrig in My Vader se skool; vir My eie instruksie!’”

“Hy is op die allerinwendigste wyse deur die Vader inwendig geleer. Dog nié sonder ekterne en menslike bemiddeling nie. Die lewe; onderrig; die Heilige Skrif – het dit wat binne-in Hom was, aangewakker.”

“Hy soek Sy God in die Tempel – ten einde Hom daar as Sy Vader te vind. Onder die ‘Leraars’ [of ‘Doktore’] in Israel, stel Hy vrae – ten einde, daardeur, [dat] Hy van omhoog die ware antwoorde kon ontvang... Die Vader se inwendige leiding sluit hom selfs aan by die gebruik [van Israelitiese ouers] om die jeug op twaalfjarige ouderdom [vir hul] eerste [keer] na die [Paas]fees saam te neem – [ten einde] hulle voor die Here aan te bied. So was dit juis die Vader alleen Wat Hom geleer [het], toe Sy moeder die Skrif heelvroeë vir Hom opgesê of voorgelees het [vgl. Luk. 2:40-41]... Ook met dié jeug [Jesus], jeugdige jong man, was dit nie anders nie.” Luk. 2:46-47.

Die wêreldbekende Hebreuse Christengeleerde, eerw. Dr. Alfred Edersheim¹⁸ bespreek die voorkategetiese onderrig van Jesus toe Hy nog ’n kind was. Daarby bespreek Edersheim

¹⁶ M. Henry: *A Commentary on the Holy Bible: with Practical Remarks and Observations*, Marshall Bros. Ltd., London-Edinburgh, n.d., V:350.

¹⁷ R. Stier: *The Words of the Lord Jesus*, Clark, Edinburgh, 1870, I:18-24.

¹⁸ A. Edersheim: *The Life and Times of Jesus the Messiah*, Longmans, Green & Co., London, 1912, I:271.

ook die latere katekiserings van dié twaalfjarige eersgebore seun van Maria, op die drumpel “van Sy jeug” of Sy volwassenheid.

Die Skrif self sê van die twaalfjarige Jesus en Sy aardse ouers: “Hy het saam met hulle gegaan en... Hy was hulle onderdanig.” Luk. 2:51. Edersheim verduidelik:¹⁹ “Jesus is aan Sy ouers onderworpe, en ‘het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense’ [Luk. 2:52 vgl. 2:40]. Die invloed wat op Sy vroeë opvoeding veral deur Sy moeder uitgeoefen is, word blykbaar dwarsdeur die geskiedenis van die Evangelie geïmpliseer...”

“Syne was ’n godsalige Hebreuse tuiste; en te Násaret was daar ’n Sinagoge waaraan... ook ’n dagskool waarskynlik aangelê was... Moses en die Profete sou voorgelees word en – nes later ook deur Sigself (Luk. 4:16) – ook redevoeringe of toesprake is van tyd tot tyd voorgedra... Hy was geweldig vertrouwd met elke besonderheid van die Heilige Skrifte. So deeglik is Sy verstand daarmee deurtrek – dat ons nie anders kan nie as om af te lei dat dié tuiste in Násaret ook ’n eie kopie van die ganse Heilige Skrif besit het, wat van die vroegste kindsbeen af... dié spys en drank van die God-mens was.”

“Hierdie vertrouwdheid met die Skrifte in die oorspronklike Hebreus vanaf die heelvroeëste kinderjare [vgl. ook Twee Timótheüs 3:14-17], verduidelik ook hoedat Jesus ook op twaalfjarige ouderdom aangetref is ‘terwyl Hy in die midde van die Leraars sit en na hulle luister en hulle uitvra’ (Luk. 2:46)... Daar word soms vermoed dat die Redder by dié geleentheid [na die Tempel] sou opgegaan het, aangesien Hy reeds toe al ’n *Bar Mitzvaah* of ‘Seun van die Gebod’ van dié ouderdom was... wanneer godsdienstige verpligtinge en voorregte ’n jeugdige te beurt val nadat hy ’n [volmondige en kommunikerende Hebreuse] Lidmaat van die Gemeentevergadering geword het. Maar die wetlike ouderdom daarvoor, was nie twaalf nie – maar wel dertien (*Aboth* 5:21).”

“Aan die ander kant, die Rabbynse Wet het beveel (*Yoma* 82a) dat selfs twee of minstens een jaar vroeër, jeugdige seuns na die Tempel gebring moes word om die feestelike gebruike aldaar by te woon” terwyl hulle waargeneem het hoedat dié gewoontes deur die ouer deelnemers gebruik is. Vgl.: Altingius se *Akademiese Dissertasie* p. 336 en Wetstein se *Novum Testamentum* I:668. Dit was ongetwyfeld in ooreenkoms met dié universele gebruik, dat Jesus [op twaalfjarige leeftyd] by dié genoemde geleentheid na die Tempel gegaan het. Luk. 2:42-47.

“Op tienjarige leeftyd,” gaan dr. Edersheim voort, “het die kind die *Misjna* begin studeer.” Streng gesproke was sulke verbondskinders “tot op twaalf jaar... [nog altyd] minderjariges.” Toe begin hul finale jaar van intensiewe katekiserings. Want Lukas 2:40v., verduidelik Edersheim,²⁰ is die verhaal waar Jesus “die Rabbyne in die Tempel uitvra gedurende die jaar **voordat** Hy Hebreuse mondigheid bereik het.” Toe Hy jonger was, “kon die Pasga die **res** van die gesin na Jerusalem ontbied” – d.w.s., sonder **Hom**.

Maar nou, op twaalfjarige leeftyd, vergesél Jesus Sy moeder en haar man in die “gesélskap” wat toe na die Jerusalemse Paasfees gegaan het – ten einde deur die Leraars daar gekatekiseer te word [Luk. 2:44 vgl. Eks. 12:26v.]. Toe, by die volgende Pasga, ná Sy

¹⁹ A. Edersheim: *Sketches of Jewish Social Life*, 1982 uitg., pp. 117-21,136,144.

²⁰ 1912, pp. 221-48.

Eie ‘Bevestiging’ as Volmondige Lidmaat nadat Hy **dertien jaar oud** geword het, sou Hy Self aan dié Sakrament kon meegeëet en meegedrink het.

Eerw. dr. Edersheim verduidelik verder: “Streng gesproke volgens die Wet – die persoonlike nakoming van dié Ordinansie en gevolglik ook teenwoordigheid by die Feeste in Jerusalem, het ’n jeugdige te beurt geval alleen nadat hy op **dertienjarige leeftyd** mondig geword het. Eers toe word hy ,’n Seun van die Gebod.’ *Aboth 5:21.*”

“Maar in die praktyk is die wetlike ouderdom in dié opsig met minstens een of twee jare antisipeer. *Yoma 82a.* Dit was volgens dié gebruik dat, op die eerste Paasfees nadat Jesus Sy twaalfde verjaardag verbygesteek het, Sy ouers ook vir Hom in die ‘geselskap’ van die Nasareners na [die Tempel in] Jerusalem saamgeneem het.”

“Dit is in een of ander gedeelte van dié Tempel[kompleks] dat ons die Kind Jesus op die derde en die twee volgende dae van die Fees moet opsoek, toe Hy die Heiligdom vir die eerste keer besoek het. Daar sien ons Hom ‘in die midde van die Leraars sit en na hulle luister en hulle uitvra’ [Luk. 2:46]... By sulke gewilde onderrig, sou die grootste geleentheid gegee word om vrae te stel... ”

“Die teenwoordigheid [daar en dan] van ’n kind van daardie ouderdom, het nie noodwendig iets buitengewoons geïmpliseer nie... Soiets was nie sonder presedent nie... Maar, almal wat Hom aangehoor het, ‘was verbaas’ oor Sy kombinerende insig en Sy **onderskeidende** antwoorde.” Luk. 2:47v. Vgl. by 1 Kor. 11:29, om die liggaam van die Here te kan “onderskei.”

Eerw. dr. Edersheim maak die gevolgtrekking: “Sy vrae... mag goedskiks met die solemniteite van die Pasga verbonde gewees het... Vrae kon [baie] maklik oor die onderwerp van die Paasfees ontstaan het.” Vgl. Eks. 12:26v. En Luk. 2:41-51 met 1 Kor. 5:6-8 & 11:29.

Ons het hier nogal heel lank oor die katekiserings van Christus Self uitgewei. Dit is waar dat Hy die unieke God was, en is. Maar dit is ook waar dat Hy, nes ons, mens geword het – ’n beeld van God Wat nes ons moes grootword. En dit is in dié menslike hoedanigheid – juis as ’n voorbeeld vir óns – dat Jesus op twaalfjarige ouderdom vir Sy latere toelating tot deelname aan die Paasfees gekatekiseer is.

5. Die katekisering van Nuwe Testamentiese Christene

In Lukas 1:4, wou Lukas die Evangelis gehad het dat Teofilus “met volle sekerheid” moet weet van dié dinge waaromtrent hy “onderrig” ís. Hier vertaal die Afrikaanse woord “onderrig” die Griekse woord *katecheethes* – wat “**gekatkiseerd**” beteken. Dit blyk dus dat die Christen Teófilus – aan wie Lukas sowel sy Evangelie asook die boek Handeling gerig het – voorheen al “gekatkiseerd” was.

Dit wil voorkom dat ook Timóteüs gekatekiseerd was. Hy was die kleinseun van ’n toegewyde Hebreuse vrou met die naam van Loïs – en die seun van ’n toegewyde Hebreuse vrou met die naam van Euníce. Nadat hy so grootgemaak is, is hy blykbaar gekatekiseer en as **Belydende Lidmaat** van die Christelike Kerk bevestig – en moontlik selfs met **handoplegging** deur niemand minder as die Apostel Paulus nie.

Want so bemoedig die Apostel Paulus vir hom: “Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe waartoe jy ook geroep is, en die **goeie belydenis** voor baie getuies **afgelê**... O Timóteüs, bewaar jou pand en vermy die onheilige, onsinnige praatjies en teëwerpings van die valslik sogenaamde kennis waarvan sommige **belydenis gedoen het** maar wat die geloof betref op ’n dwaalweg geraak het. Mag die genade met **jou** wees!” 2 Tim. 1:3-6; 6:12; 6:20v.

Watter bemoediging is dié, ook vir ons eie gekatkiseerde en bevestigde jeug! Mag ook hulle van daardie geloofsbelydenis wat hulle gemaak het, nooit afdwaal nie!

Die *locus classicus* of klassieke bewysplek vir katkisasie in Nuwe Testamentiese tye is egter juis Hebreërs 5:11 tot 6:5. Daar word ons daaraan herinner dat ook nadat die fundamentele “leer van die doop” bedien is, ’n ongespeende “kind” of liewers ’n baba steeds “onervare in die Woord van geregtigheid” is – juis “omdat hy ’n kind is.” Hy of sy het dit nodig om nog verder te “leer”, voordat hy of sy tot die “vaste spys” van die Nagmaaltafel toeganklik gemaak kan word.

Deelname aan die Nagmaal is beperk slegs tot diegene wat mondig is. Want “vaste spys is vir **volwassenes** – vir dié wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen om goed van kwaad te **onderskei**.” Sulke nodige vermoëns word juis by wyse van katkisering tot mondigheid bereik. Inderdaad, die bereiking daarvan word ideaal afgebaken – juis met “die handoplegging” van die predikant of die ouderlinge, by die bevestigende toelating tot die Nagmaalstafel.

Oor die bogenoemde perikoop van die Heilige Skrif, kommentarieer Calvyn dat “dié wat van sulke tere jare is dat hulle nie in staat is om die meer gevorderde leer te ontvang nie – word ‘kinders’ genoem... Die ware doel van leer [stellings], is om ons voor te berei – sodat ons saam tot ’n volmaakte mens grootword; tot die maat van volle mondigheid; sodat ons nie meer soos kinders heen en weer geslinger word nie [vgl. Efésiërs 4:13v.]... Enigiemand wat met verloop van tyd behoort te groei – bly onverskoonbaar, indien hy altyd ’n kind bly... ’n Baba word deur die melk van sy moeder gevoed – nie sodat hy altyd van die bors afhanklik moet bly nie, maar juis sodat hy trapsgewyse tot sterker kos gespeen kan word.”

In die Vroeë Kerk, gaan Johannes Calvyn voort, “is die katkisant juis toegelaat... om ‘belydenis’ aangaande sy geloof te maak. Daar was sekere kardinale sake waaroor die Pastoor die katkisante uitgevra het – soos duidelik blyk uit die verskillende bewysstukke van die [Kerk-]vaders. Dié ondersoek het juis veral gegaan oor dit wat as die *Apostoliese Geloofsbelydenis* bekend staan.”

In Hebreërs 5:11 tot 6:5 “verwys die Apostel na dié praktyk waarvolgens ’n kort rukkie tyd aan die katkisante gegee is” – naamlik, om hulle vir so ’n ondervraging voor te berei. “Die woord ‘geloof’ [in die uitdrukking ‘die geloof in God’ by Hebreërs 6:1] beteken die kort opsomming van godsdienstige onderrig wat gewoonlik die ‘Geloofsartikels’ genoem word.” Aldus Calvyn. Vgl. ook die latere *Kort Begrip* van die *Heidelbergse Kategismus*.

Calvyn gaan voort: “Die kinders van gelowiges is as babas gedoop, aangesien hulle vanaf die baarmoeder aangeneem is en vanweë die belofte aan die liggaam van die Kerk behoort het. Dan, nadat hul kindsheid verby was – en hulle in die Geloof onderrig is – het hulle hul ook by die kategumenaat aangebied... Met ‘die handoplegging’ [in Hebreërs 6:2 genoem] is nog ’n teken toe bygevoeg.”

“Hierdie enkele perikoop is oorfloedige bewys dat die oorsprong van dié gebruik van die Apostels afkomstig is... Ons behoort te weet dat dit deur sy eerste outeure ingestel is, om ’n plegtige gebedseremonie te wees...”

“Hulle het hiermee bedoel om die ‘Belydenis van Geloof’ te ‘bevestig’ wat jongelinge [juis in hul puberteitsjare] maak, wanneer hulle van hul kindsheid afskeid neem... Ons moet dié instelling in sy suiwerheid bewaar!” Aldus Calvyn, oor die praktyk van die Nuwe Testamentiese Kerk.²¹

6. Katkisering in die Vroeë-Patristiese Kerk

Selfs ná die tyd van die Apostels, het die Vroeë Christelike Kerk met die bevestigende “gewoonte” om ‘vir drie jaar te katekiseer’ voortgegaan – voordat die Nagmaal in die puberteitsjare aan haar eie verbondsjeug toegestaan is.²² Aldus: Clemens van Alexandrië;²³ die *Apostoliese Konstitusies*;²⁴ en Calvyn.²⁵

Groot is die herlewingsëeninge wat vanuit dié prosedures voortgevloei het. Lees maar net die kategetiese werke van Cyrillus,²⁶ Chrysostomus,²⁷ Ambrosius,²⁸ en Augustinus!²⁹

In elke tydperk, het sulke kategetiese onderrig die volgende altyd ingesluit: (1) ’n uiteensetting van die Tien Gebooue en van die Here se Gebed; (2) ’n opsomming van die Christelike leer, soos in die *Apostoliese Geloofsbelydenis* uitgedruk; en (3) ’n verduideliking van Christus se Nagmaal in die besonder. Want die katekisante is toe juis daartoe onderrig om spesifiek aan die Tafel van die Here te begin eet en drink. Vgl.: Calvyn;³⁰ Knox;³¹ en die Westminsterse Sinode.³²

7. Calvyn en Knox oor Katkisasie

In sy *Geneefse Kategismus* skryf dr. Johannes Calvyn: “Dit was nog altyd die praktyk van die Kerk... om daarop toe te sien dat die kinders in die Christelike Geloof behoorlik opgelei word... Dit was ’n oorgelewende openbare gewoonte en praktyk, om kinders in die kerke te ondervra... ’n Formulier wat ’n ‘Kategismus’ heet, is toe uitgeskryf...”

²¹ *Komm.* op Heb. 5:11 tot 6:15.

²² Luk. 2:42v. & 1:4, vgl. ook *Aboth* 5:21.

²³ *Paedog.* 1:4-7.

²⁴ 7:2:24 tot 8:4:32.

²⁵ *Inst.* IV:19:4,12-3.

²⁶ *Kat. Lesings & Pro-kat.*

²⁷ *Instr. ad Cat.*

²⁸ *De Sac. (Must.)* en sy Briewe.

²⁹ *Cat. de non did.*, en *De Rud. Cat.*

³⁰ *Inst.* IV:19:5,12.

³¹ *Ist Book of Discipline*, 11: 5-7.

³² *West. Larg. Cat.* QQ. 167-77.

“Die Predikant moet daarteen waak om dit [naamlik die Nagmaal] aan enigiemand uit te reik wat die ontvangs daarvan duidelik onwaardig is nie... Die metode is dat ouderlinge gekies word om as sedemeesters die leiding te neem, om waaksaam die wag te hou.”³³

In sy *Kerklike Verordeninge* voeg Calvyn by: “Die Nagmaal is deur onse Here ingestel... Dit behoort vier keer per jaar administreer te word... Op die Sondag voordat dit gevier word, sal ’n afkondiging gemaak word dat geen kind daarnatoe mag kom voordat ’n ‘Belydenis van Geloof’ ooreenkomstig dit wat in die Kategismus geleer word, gemaak is nie... Niemand mag tot sy eie veroordeling daartoe naderkom nie.”

“Wanneer ’n kind genoegsaam onderrig is om vanuit die Kategismus gegradueer te word – sal hy die somtotaal van dit wat daarin bevat word... in teenwoordigheid van die Kerk plegtig opsê... Voordat dit gedoen is, sal geen kind as Nagmaalganger toegelaat word nie... Dit is baie gevaarlik sowel vir die kinders en ook vir hul gelowe om hulle sonder goeie en genoegsame onderrig voor te stel... Dié wat hierdie bevel oortree, sal voor die Raad van Ouderlinge gedagvaar word.”³⁴

Inderdaad, aan die Calvinisties Regent van die jong Calvinistiese Koning Eduard VI van Engeland het Calvyn geskrywe: “Die Kerk van God sal haar nooit sonder ’n kategismus bewaar nie! Want dit is soos saad wat van eeu tot eeu verhoed dat die goeie graan uitsterf, en veroorsaak dat dit juis vermenigvuldig... Indien u begeer om ’n gebou op te rig wat lank sal bly staan en wat nie gou tot ontbinding sal verval nie – sien daarop toe dat die kinders onderrig word aan die hand van ’n goeie Kategismus wat, om dit kort te stel, hulle die betekenis van die ware Christelikheid sal leer!”³⁵

Nie anders nie was die beskouing van dr. Calvyn se beroemde Skotse Presbiteriaanse leerling, John Knox. Laasgenoemde het geskrywe: “Vier keer in die jaar beskou ons as genoeg om die Tafel van die Here te bedien... Alle predikante moet gewaarsku word om die onkundiges te leer... en skerp eksamens te gebruik...”

“Die Tafel [van die Here] behoort nooit sonder voorafgaande ondersoek administreer te word nie – en veral wat diegene betref wie se kennis verdag is... Niemand mag aan dié ‘Misterie’ toegelaat word wat nie in staat is om die Gebed van die Here en die Geloofsartikels [oftewel die *Apostoliese Geloofsbelydenis*] te kan opsê en die Som van die Wet [oftewel die Tien Gebooue] te verklaar nie – en wat die regte gebruik en waarde van dié Heilige Sakrament nie verstaan nie!”³⁶

8. Katkisasie in die *Heidelbergse Kategismus*

Dergelike leerstukke word ook in die *Heidelbergse Kategismus* duidelik aangetref. Vraag 80 maak ’n baie skerp onderskeid tussen die Nagmaal van die Here en die Pouslike Mis – ’n diep maar baie belangrike onderskeid wat ’n kind nie in staat is om te kan maak nie. Onmiddellik daarna word dan gevra: “Wie mag na die Tafel van die Here kom?” En die

³³ In *Tract & Treatises*, Eerdmans, Grand Rapids, 1958, II, pp. 33-9,93v.

³⁴ In P.E. Hughes’s *The Register of the Company of Pastors of Geneva in the Time of Calvin*, Eerdmans, Grand Rapids, 1966, pp. 35,44v.,47.

³⁵ *Selected Works* (ed. Bonnet), Baker, Grand Rapids, 1983 ed. V, pp. 1911.

³⁶ Knox & others: *1st Bk. Disc.*, 11:5.

antwoord lui: “Die wat meer en meer begeer om hul geloof te versterk en hulle lewens te verbeter.”

Dan vra ook Vraag 82: “Is dan dié wat na die Nagmaal toegelaat word... dié wat hulle deur hul belydenis en lewe as ongelowig en ongodsdienstig betoon?” En die antwoord daarop lui: “Nee; want hierdeur word die verbond van God ontheilig, en Sy toorn teen die ganse gemeente opgewek. Daarom is die Christelike Kerk gebonde, volgens die bevel van Christus en Sy Apostels, deur die amp van die sleutels, om diesulkes uit te sluit, totdat hulle hul lewens verbeter.”

Ook in Vraag 85 word gevra: “Hoe word die hemelse Koninkryk deur kerklike tug toegesluit en oopgesluit?” En die antwoord lui: “Indien enige onder die Christelike naam hulleself as óf in die leer óf in hul lewe as ongesond betoon – en na herhaalde broederlike vermaning weier om van hul dwalings of bose weë weg te draai – word aangaande hulle by die Kerk of sy behoorlike amptenare klagtes ingedien. En, indien hulle nalaat om ook aan hulle gehoor te gee, word hulle van die Heilige Sakrament en die Christelike Gemeenskap en deur God Self van die Koninkryk van Christus uitgesluit. Maar indien hulle belowe en ware verbetering aantoon, word hulle weer eens as lede van Christus en Sy Kerk aanvaar.”

Een van die twee outeurs daarvan, Zagarius Ursinus, het in sy *Kommentaar op die Heidelbergse Kategismus* geskrywe: “Dié moet deur die Kerk tot die Nagmaal van die Here toegelaat word wat van ’n behoorlike ouderdom is om hulle te kan eksamineer... 1 Kor. 11:25-28. Die kindertjies van die Kerk word dus nie tot die gebruik van die Nagmaal toegelaat nie, hoewel hulle onder die getal van die nommer van die gelowiges ingesluit word.”³⁷

9. Katkisasie in die *Westminsterse Standaard*

Dergelike leerstellings word ook in die *Westminsterse Standaard* aangetref. Sien eerstens die *Aanhangsel*³⁸ by die *Westminsterse Korter Kategismus*,³⁹ soos goedgekeur “deur die Algemene Sinode van die Kerk van Skotland om ’n Gids te wees om diesulkes te katekiseer wat van swakker kapasiteit is.”⁴⁰ Merk ook die *Brief aan die Leser van die Westminster Standaard* – en ook die *Inleidende Brief*⁴¹ tot dié Standaard, deur die destyds-kontemporêre teoloog (Oliver Cromwell se kapelaan) eerw. dr. Thomas Manton.

Manton merk dat “predikante en ouers... die jeugdige moet oplei” – en “betyds die beginsels moet inskerp van ons allerheilige geloof... wat kortlik in die *Kategismus* opgestel is.” Manton wil dus dat ons “met die grootste erns” ’n insig moet verkry op die werk van “katekisering... Dan sal een Pastoor nie die werk van twee- of driehonderd of duisend Regeerders hoef te doen nie... Dan sou dit vir ons nie nodig wees om vanweë hul onkunde so veel [mense] van die Heilige Nagmaal uit te sluit nie... Laat hulle eers die *Korter Kategismus* lees en leer; dan, die *Groter [Kategismus]* en laastens, die *Geloofsbelydenis* lees!”

³⁷ Z. Ursinus: *Commentary on the Heidelberg Catechism*, ed. Pareus, ET, Columbus, 1851 uitg., p. 429.

³⁸ *The Subordinate Standards*, Free Church of Scotland, Edinburgh, 1933, pp. 249v.

³⁹ Veral vrae. 4-38, 98-107, & 40-84.

⁴⁰ *The Subordinate Standards*, p. 224.

⁴¹ *Ib.*, pp. 7-9.

Die *Westminsterse Gids vir die Openbare Aanbidding van God* stel dit duidelik dat “onkundiges nie geskik is om die Sakrament van die Here se Nagmaal te ontvang nie.”⁴² Inderdaad, selfs die *Westminsterse Vorm van Presbiteriale Kerkregering* dring daarop aan⁴³ dat dit aan die “Amp” van “Pastore... behoort... om [ander] te katkiseer” – voordat hulle daartoe mag oorgaan om die “goddelike Misterieë [of Sakramente]... [aan ander] uit te deel. Hebreërs 5:12; 1 Kor. 4:2.”

Dit is jammer dat baie gedoopte kinders vandag, selfs wanneer hulle grootgeword het, nooit daartoe kom nie om te verstaan hoedat hul eie gedoop wees (toe hulle nog babas was) hulle daartoe verplig om opregte Belydende lidmate by die Nagmaalstafel van die Kerk van Christus te word (en te bly) as hulle die puberteitsjare bereik. So bly hulle onkundig van dit wat die *Westminsterse Groter Kategismus* die “baie nagelate plig om ons doop te verbeter.”⁴⁴ Dit moet dus “verbeter” word: in eerste instansie, deur vir toetrede tot die Heilige Tafel te katkiseer; en daarna, deur ’n voortgaande berou te betoon.

Inderdaad, so gaan die *Groter Kategismus* verder voort,⁴⁵ die Heilige Nagmaal behoort gegee te word “alleen aan diesulkes wat van jare en vermoëns is om hulle op die proef te kan stel. 1 Kor. 11:28-29.” Want “diesulkes wat onkundig bevind word, niesteenstaande hulle belydenis van geloof en hulle begeerte om na die Nagmaal te kom, mag en behoort van dié Sakrament geweer te word deur die mag wat Christus aan Sy Kerk gelaat het, totdat hulle onderrig ontvang”⁴⁶ oftewel (weer eens) gekatkiseer word.

So beklemtoon ook die *Westminsterse Geloofsbelydenis*⁴⁷ dat diegene wat “onkundig” is, “die Nagmaalstafel onwaardig is. Hulle kan nie sonder groot sonde teen Christus – terwyl hulle so nog bly – aan dié ‘Heilige Misterieë’ deelneem of daaraan toegelaat word nie. 1 Kor. 5:6-13 en Matteus 7:6.” Inderdaad – so gaan dit verder aan – wanneer selfs ’n Nagmaalganger ’n ernstige misdaad pleeg, “moet die Amptenare van die Kerk optree – by wyse van vermaning, opskorting van die Sakrament van die Nagmaal vir ’n geskikte tyd, en ekskommunikasie van die Kerk, al na gelang die aard van die misdaad en die wangedrag van die persoon.”⁴⁸

10. Moderne gereformeerde teoloë oor katkisasie

In sy geskrif *Opvoeding en die Gesin*, sê prof. dr. Kuyper:⁴⁹ “Alle opvoeding lei tot ’n *terminus* [of eindpunt]. Ook godsdienstige opvoeding vind sy *terminus*. Daar, na grootword, kom die kind daartoe: om sy doop te ‘verbeter’; om sy geloof te bely; en om die Heilige Nagmaal te nader as iemand wat die Naam van die Here bely... Die Christendom lei tot Christelike deugde – sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus [2 Tim. 3:17].”

⁴² *Ib.*, p. 295.

⁴³ *Ib.*, pp. 301,304v.

⁴⁴ Vraag 167.

⁴⁵ Vraag 177.

⁴⁶ Vraag 173.

⁴⁷ 29:8.

⁴⁸ 30:4.

⁴⁹ In H. Bavinck e.a. se *Christelĳkheid en Opvoeding*, Hollandia, Baarn, n.d., pp. 731.

Prof. dr. Karl Dijk, in sy geskrif *Die Doel van Katkisasie*, voeg by:⁵⁰ “Die jeug moet tot binne-in die skatkamer van die *Geloofsbelydenis* binnegelei word ... Ook hulle moet die goeie stryd van die geloof stry, en met die brood en die beker die Here se dood proklameer [vgl. 1 Tim. 6:12-21]... So is dit essensieel dat selfs ‘gemeentekinders’ in staat moet wees om die liggaam van die Here reg te onderskei (1 Kor. 11:27-29).”

“Hierdie *diakrinein* [of ‘onderskeid’] wat hulle moet besit, is ’n kennis: aangaande Christus; aangaande Sy werk; aangaande Sy ganse openbaring; en aangaande wat die Kerk oor Hom bely. Die Gemeente wat hulle binne-in haar Nagmaalgemeenskap inneem, sal sonder skuld voor God moet wees (1 Kor. 10:21-22). Derhalwe moet dié kinders, wanneer hulle bely dat hulle geloof besit, aangaande hul [geloofs]kennis ondersoek word.”

Prof. Dr. Bijlsma skryf tereg in sy boek *Korte Kategetiek*:⁵¹ “Die katkiseer van katkisante [oor etlike jare] moet begin wanneer kinders die Laerskool verlaat, en die *Kategismus vir Jonger Katkisante* begin leer... Hulle moet as katkisante ontvang word... Dit moet by ’n Kerkdiens van die Gemeente plaasvind... Oor die vorige weke moet een of twee aande bespreek word om alle [voornemende] katkisante toe te laat om hulle te laat inskryf. Op die Sondagoggend, moet al die katkisante saam met die twaalf- tot viertienjariges voor in die Kerk sit...”

“By dié spesiale ‘Gesinsdiens’ moet die preek juis op die katkisante gemik word. Na die diens, moet die name van die [nuwe] katkisante afgekondig word... Hulle moet dan [amptelik] tot dié kategumenaat toegelaat word juis by wyse van ’n gebed... waarin die hele Gemeente [vir hulle katkisering] verantwoordelik gehou moet word...”

“Dit moet as ’n verlengstuk van die kinderdoop beskou word... Dit verseker die grootwordende kinders dat die God van hulle doop... hulle nou in die geledere van die toekomstige ‘Belydende Nagmaalgangerlidmate’ geplaas het... Hul Bevestiging [d.m.v. handoplegging etlike jare later] aan die einde van die tydperk van hul katkisering, is die direkte deur na die Sakrament van die Here se Nagmaal... Dié Bevestiging moet met die Hebreuse *Bar-Mitzvah* [puberteits]fees vergelyk word. Vgl. Luk. 2:40-47.”

11. Slot – versuim katkisasie, en sterf; of katkiseer, en herleef!

Ons sluit met twee stellings⁵² deur Calvyn, in sy *Institusies van die Christelike Godsdiens*: “As u ’n gelofte doen om van **wyn** weg te bly, kan niemand dit afkeur nie... **mits** u daarmee een of ander doel beoog wat nie verdorwe is nie.” Na kindsheid geld egter die teenoorgestelde, met aflegging “van ons **geloofsbelydenis**.” Want “daar is een **gelofte** wat alle gelowiges met mekaar in gemeen het. Dié wat met die **doop** geneem is, ‘**bevestig**’ ons. En ons **bekragtig** dit as’t ware deur ons **katkisering** en [gevolglike] deelname aan die Here se **Nagmaal**..”

In die Vroeë Kerk, gaan Calvyn voort, “is die **babas**... wat deur die **doop** ingelyf is maar wat toe geen ‘**Geloofsbelydenis**’ aan die Kerk afgelê het nie – weer aan die einde van hul kindsheid met die **puberteitsjare** deur hul ouers na vore gebring en deur die **Opsigter** [of

⁵⁰ Kok, Kampen, 1952, pp. 143v.

⁵¹ Callenbach, Nijkerk, 1962, p. 93.

⁵² *Inst.* IV: 13:41 & IV:19:4.

Predikant] in terme van die **Kategismus** ondervra... Ook die seremonie van die **handoplegging** is gebruik. So is die jongmens met 'n plegtige seën laat gaan, nadat sy geloof goedgekeur is.”

Die Kerk moet baie ernstiger word oor die uitreik van die Sakrament van die Heilige Nagmaal. Dit moet gegee word slegs aan afgekatkiseerde Belydende Lidmate, wat in goeie aansien is. Die Kerk moet ook baie ernstiger oor die misbruik van die Nagmaal word – en dié Sakrament so leer weerhou van afgedwaalde Nagmaalgangers – en so ook van onkundige Nie-Nagmaalgangers. In albei opsigte is **deeglike katekisering** vandag dringend noodsaaklik. Alleen so kan die Kerk die Here se volle seëninge verwag. Inderdaad, alleen so sal herlewing kom!

As die Fondamente omgegooi word

deur dr. W. Marais

1. Inleiding

Op die voorblad van hierdie boekie van my is 'n skets van 'n Bybel wat byna heeltemal deur termiete opgevrete is. So lyk die Bybel van mense wat uit die Bybel verwyder alles waaraan hulle nie glo nie. Dit is gewoonlik mense wat sê dat hulle niks aanvaar wat hulle nie verstaan of kan verklaar of kan sien nie. Sodoende word wonderwerke in die Bybel of summier verwerp of as mites of legendes beskou en word die bestaan van engele en demone bloot aan die verbeelding van mense toegeskryf.

Maar in hierdie houding teenoor die Bybel is hulle inkonsekwent, want niemand verstaan lewe nie. Niemand kon tot vandag toe lewe verklaar nie. As iemand lewe kon verklaar het, sou hy al in staat gewees het om lewe uit die lewelose stof te skep. Maar niemand kon dit tot op vandag toe regkry nie, al het so baie probeer. Dit beteken dat alle mense glo aan dinge wat hulle nie kan verklaar nie, want almal glo byvoorbeeld dat hulle lewe. Waarom word dit dan as 'n argument gebruik om dinge in die Bybel te verwerp wat hulle nie kan verklaar nie?

Alle mense glo byvoorbeeld aan die bestaan van siektekieme (die verborge oorsaak van 'n siekte) wat hulle nie met die blote oog kan sien nie. Die feit dat hulle medikasie gebruik om hierdie kieme te beveg, bevestig die stelling: hulle glo aan die bestaan van dinge wat hulle nie kan sien nie. As hierdie argument sommige nie oortuig nie, omdat hierdie mikrobies (lewende eensellige organismes) wel met 'n mikroskoop waarneembaar is, kan gedink word aan dinge soos gedagtes, haat of liefde; dinge wat nie gesien kan word nie, maar wat definitief bestaan. Dit is dus nie vreemd aan die mens om aan dinge te glo wat hy nie kan sien nie. Waarom word die bestaan van engele of van demone ontken, net omdat hulle nie gesien kan word nie?

Is dit nie dalk omdat hulle dit nie wil glo nie? Jesus het aan die Jode gesê: “En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie” (vgl Joh 5:40). Paulus skryf van mense wat net hoor wat hulle graag wil hoor, omdat hulle die waarheid nie kan verdra nie (vgl 2 Tim 4:2-4). Die spreekwoord is waar wat sê dat niemand so doof is as die een wat nie wil hoor nie. En dan is daar die natuurlike mens wat hierdie dinge nie kan aanvaar nie, omdat die Woord van God alleenlik geestelik verstaan kan word (vgl Luk 24:25-27; 1 Kor 2:10-13). Daar staan immers geskrywe: “Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie omdat dit geestelik beoordeel word” (1 Kor 2:14). Soos 'n blinde nie kan sien nie, en 'n dowe nie kan hoor nie, so kan die onwedergebore mens nie die dinge van die Gees van God aanvaar nie. Jesus het gesê: “Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie” (Joh 8:47; vgl 1 Joh 4:6).

Tog skryf sommige van dié mense dat hulle ook wedergebore is, maar dat hulle net 'n ander Skrifbeskouing het. Vir hulle is die Bybel 'n skepping van die mens en is dit vol mites, fabels en legendes (dit is volksverhale wat nie op die werklikheid berus nie). Net die gedeeltes in die Bybel wat oor die geestelike lewe handel, is betroubaar. Die historiese gegewens in die Bybel is nie altyd korrek weergegee nie en die wonderwerke het nie regtig plaasgevind nie.

Dit is egter 'n Skrifbeskouing wat verskil van dié van Paulus wat voor Feliks getuig het dat hy steeds alles glo wat in die wet en in die profete geskrywe is (Hand 24:14) en aan Timoteus skryf: “Die hele Skrif is deur God ingegee...” (2 Tim 3:16).

Die Bybel vertel van talle mense wat aan wonderwerke geglo het en vir wie hierdie geloof uitgewerk het (vgl Heb 11:7-34). Abraham is hiervan 'n sprekende voorbeeld. Alhoewel hy sowat honderd jaar oud was en al het hy goed besef dat sy liggaam reeds gedaan was en dat Sara te oud was om kinders te hê, het sy geloof nie verswak nie, maar was hy ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het deur aan hulle 'n kind te gee. En God het hom nie teleurgestel nie (vgl Rom 4:16-21; vgl Heb 11:11). Jesus het vir Jairus gesê: “Glo net, en sy sal gered word” (Luk 8:50). En sy dogtertjie het uit die dood uit teruggekeer (Luk 8:51-56). Lukas het dié gebeurtenis vir die waarheid vertel. Twee ander Bybelskrywers, Matteus (9:18-26) en Markus (5:21-43), skryf ook daarvan, en in enige hof op aarde geld dieselfde getuienis van twee of drie getuies as die waarheid (Deut 17:2-7; 19:15; Joh 8:17; 2 Kor 13:1). Vir Lukas was dit nie ongerymd dat 'n dooie opgewek word nie. Hy was self teenwoordig toe Paulus vir Eutichus uit die dood opgewek het (Hand 20:5-12). Lukas was 'n dokter (Kol 4:14). Hy sou weet of Eutichus regtig dood was en weer lewendig geword het. En ons moet óf die getuienis van 'n dokter wat oog- en oorgetuie van die opwekking was, aanvaar, óf die ongeloof van hulle wat nie teenwoordig was toe dit gebeur het nie. Daar staan geskrywe: “Die hele inhoud van u woord is waarheid, en al u regverdige verordeninge is tot in ewigheid” (Ps 119:160; vgl Joh 17:17). Dit beteken dat ons ons geheel en al op die Woord van God kan verlaat.

Ja, dit is eers wanneer ons onvoorwaardelik aan alles wat in die Woord van God geskrywe is, glo, dat alles vir ons in plek val. “Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe” (Ef 4:14,15- 1983-Vertaling). Daar staan geskrywe: “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (Heb 13:8). Dit beteken dat sy boodskap nooit verouder nie. Petrus getuig: “En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte” (2 Pet 1:19). Satan weet goed dat as hy die mense kan oortuig dat nie alles in die Bybel die waarheid is nie, hy hulle moontlik kan beweeg om die hele Bybel te verwerp, want as die Bybel nie in al sy dele betroubaar is nie, hoe kan hulle die res van sy boodskap vertrou?

Satan gee nooit moed op nie. Hy wil hê dat ons aan die Woord van God moet twyfel. In sommige gevalle is sy aanvalle teen die Skrif nogal taamlik neerhalend en spottend waar gevra word: En waarop staan die pilare waarop die aarde dan nou gevestig is? (vgl 1 Sam 2:8; Job 9:6). In die meeste gevalle weet die spotters nie (of verswyg hulle dalk met opset) dat daar ook geskrywe staan dat God die aarde opgehang het oor 'n niks (Job 26:7) en dat

die Bybel praat van die pilare van die hemel (Job 26:11), terwyl terselfertyd gesê word dat die sterre (Rig 5:20), die son (Ps 19:5-7) en die maan (Job 31:26) beweeg. Nou hoe kan hemelliggame wat beweeg op pilare staan, behalwe as daaronder verstaan word dat God op een of ander wyse die hemelliggame vashou, waarskynlik deur gravitasie; dit is die swaartekrag wat alle liggame in die hemel na mekaar toe trek sodat hulle nie wankel nie (vgl Ps 93:1; 96:10; 104:5). Om op pilare gegrondves te wees, was dus doodgewoon 'n destydse idiomatiese uitdrukking om aan te toon dat iets nie wankel nie. Vandag praat ons presies so wanneer ons sê dat 'n saak op vaste pote staan.

Dat daar byvoorbeeld met die boodskap dat Jesus uit die dood uit opgestaan het, gespot sal word, het Paulus al in Atene ondervind (vgl Hand 17:31,32). Dit het hom egter nie verhinder om die evangelie te verdedig en die waarheid daarvan te bevestig nie (vgl Fil 1:7). Hy het die ouderlinge van Efese gewaarsku dat daar na sy vertrek wrede wolwe onder die gemeente sal inkom en die kudde nie sal spaar nie. Hulle sal probeer om die gelowiges agter hulle aan te verlei (Hand 20:29-31). Judas skryf: “Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat een maal aan die heiliges oorgelewer is. Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën” (Jud v 3,4).

Onder die woord ongebondenheid sluit Judas seksuele losbandigheid in, soortgelyk aan dié van Sodom en Gomorra. Hy skryf: “En die engele wat hulle eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar; soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aan geloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan” (Jud v 6,7). Die woorde “agter vreemde vlees aan geloop het” dui op teennatuurlike ontug. Dit is seksuele verkeer tussen mense van dieselfde geslag. Judas verwys hier onder meer na die episode in Gen. 19 waar die mans, oud en jonk, oral uit die stad uit na die huis van Lot gekom en daarop aangedring het dat hy die twee manne wat hy geherberg het, na hulle toe moet uitbring sodat hulle geslagsgemeenskap met hulle kon hê (Gen 19:4-8; vgl Rig 19:22).

Die feit dat Judas skryf dat dit mense is wat “ingesluip het,” beteken dat dit mense is wat ongemerk die geleedere van die gemeente binnegedring het. Hulle is die vals profete, teen wie Jesus al gewaarsku het, wat in skaapsklere na die gelowiges sal kom en van binne verskeurende wolwe is (Matt 7:15). Dit is mense wat die vermoë sal hê om aan die sonde 'n mooi naam te gee. Die dief word 'n kleptomaan genoem (dit is iemand wat 'n patologiese of sieklike neiging het om te steel). Maar sonde bly sonde. Die verbod: “Jy mag nie steel nie” (Eks 20:15), geld vir die geleentheidsdief sowel as vir die kleptomaan. Hierdie mense kan selfs dinge wat vir God 'n gruwel is (vgl Lev 20:13; 18:22), weg verklaar. Omdat die verbod op homoseksualisme in Levitikus 18:22 volg op 'n kultiese verbod, dat ons nie een van ons kinders aan Molek mag wy nie (Lev 18:21), word deur hulle afgelei dat homoseksualisme verbied word slegs wanneer dit as 'n kultiese handeling plaasvind. Die argument het egter geen bewyskrag nie, want in Levitikus 18:27 word al die bepalinge in hoofstuk 18 saamgevat onder die woorde: “al hierdie gruwels” en dit sluit ook die etiese bepalinge van hierdie hoofstuk in, terwyl dieselfde verbod in hoofstuk 20:13 tussen twee

etiese verbodings staan. Dit is volkome duidelik dat homoseksualisme as 'n kultiese handeling sowel as daarbuite hier deur die Skrif verbied word.

Daar word gepleit dat ons die Bybel moet verstaan in die kulturele konteks van die Bybelskrywer van destyds sowel as in dié van die Bybelleser van vandag, soos die akkommodasiebeginsel van poligamie (dit is die huwelik van een man met verskeie vroue tegelyk en andersom) wat deur God self vir baie lank verdra is. Dit is egter opvallend dat terwyl God vir 'n lang tyd poligamie verdra het, Hy terselfertyd, en dit teen die bestaande kultuurgebruik in, so sterk enige homoseksuele verbintenis afgekeur het. Ons kan dit begryp, omdat homoseksualisme spot met die instelling van die huwelik. So iets kan glad nie van die poligame huwelik gesê word nie, want dit is nie 'n teennatuurlike verhouding nie. Homoseksualiteit en poligamie kan nie met mekaar vergelyk word nie.

In die Bybel word uitdruklik verklaar dat 'n homoseksuele verhouding 'n daad teen die natuur van die mens in is (vgl Rom 1:26,27). Vandag word beweer dat die homoseksueel so geskape is, dit wil sê biologies/geneties gedetermineer is, en dat sy en haar andersheid deur die samelewing aanvaar moet word. Die Bybelskrywers het nie van beter geweet nie, word gesê, omdat die wetenskap nog nie so ver gevorder het nie; so asof die Bybel uit die kennis, gedagtes, oortuigings en kultuurgebruike van die Bybelskrywers self voortgekom het. Die Bybel is volgens hierdie standpunt suiwer mensewerk. Hoe anders getuig die Bybelskrywers van hulle werk. Hulle het almal geskryf dat die Here die woorde vir hulle gesê het (vgl Lev 18:1; 20:1; 1 Kor 2:13; 2 Pet 1:20,21); dat dit aan hulle geopenbaar is (vgl Gal 1:11,12). As Judas skryf dat die geloof aan die heiliges oorgelewer is (vgl Jud v 3), beteken die woorde “aan die heiliges oorgelewer is” tog seker nie dat dit dinge is wat uit die kennis, hart of verstand van die mens voortgebring is nie. 'n Openbaring kom van Bo af en word nie bepaal deur die vordering op die gebied van die wetenskap nie. 'n Openbaring is kennis wat op 'n bonatuurlike wyse aan die Bybelskrywers meegedeel word.

Daar word vandag al sterker gepleit dat die homoseksuele lewenswyse, binne die beginsel van die liefdesgemeenskap van die gelowiges (koinonia), deur die kerk en deur die samelewing as 'n aanvaarde praktyk geakkommodeer moet word. Dit beteken om die homoseksuele mens, met sy seksuele aktiwiteite en al, in die kerk, op die kerkraad en selfs op die kansel in die kerklike gemeenskap op te neem. So 'n optrede van die kerk se kant af kan by die homoseksueel die indruk skep dat die kerk sy leefwyse aanvaar. Maar dit is voorwaar nie liefde nie, as mense gerusgestel sou word om by 'n praktyk vas te steek wat deur die Woord van God as 'n “afstootlike en afskuwelike sonde,” “onreinheid,” “wellus,” “skandelige hartstog,” en “iets gruweliks” “wat die dood verdien” en as diegene wat “die koninkryk van God nie (sal) beërwe nie,” beskryf word (vgl Lev 18:1,22; 20:1,13; Rom 1:24-28,32; 1 Kor 6:10).

Iemand wat homoseksueel aktief is, het deur sy optrede bewys dat hy aan die uitdruklike voorskrifte van die Bybel (vgl Lev 18:1,22; 20:1,13) ongehoorsaam is. En die Woord van die Here (1 Tess 2:13) sê dat ons met iemand wat die voorskrifte van die Bybel (vgl 2 Tess 2:15) ongehoorsaam is, geen gemeenskap mag hou nie, sodat hy skaam kan word (2 Tess 3:14). Elkeen, al is dit 'n Bybelskrywer, wat aan ons 'n ander leer bring, wat in stryd is met wat reeds op skrif aan ons oorgelewer is (vgl Jud v 3; 2 Tess 2:15), moet vir ons 'n vervloeking wees (Gal 1:8,9). Ons moet ons aan sulke mense onttrek (1 Tim 6:3-5). Ons mag hom nie in die huis ontvang of hom groet nie, want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke (2 Joh v 10,11).

Van die tug, wat een van die kenmerke van die ware kerk is, het daar vandag maar min in die kerk oorgebly. Die Woord van God beveel ons om nie om te gaan met 'n gierigaard of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n hoereerder of 'n rower of 'n afgodedienaar nie, al staan hy ook as 'n broeder bekend. Met so iemand moet ons selfs nie saam eet nie (1 Kor 5:9-11) en beveel ons: “Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit” (1 Kor 5:13). Dit geld beslis ook vir die homoseksueel, want hierdie sondes (vgl 1 Kor 5:9-11) word 'n bietjie verder saam met dié van wellustelinge (die vroulike lesbiër) en sodomiete (die manlike homoseksueel) veroordeel as diegene wat die koninkryk van God nie sal beërwe nie (1 Kor 6:10), tensy hulle hulle bekeer (1 Kor 6:11). Die liefde is inderdaad die vervulling (vgl Rom 13:10), maar nie die vervanging van die wet van God nie (vgl Rom 3:31). Daar staan geskrywe: “Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword” (1 Joh 2:5). Die kern van die saak is of ons sy woord bewaar? Liefde sluit verantwoordelikheid nie uit nie, maar in.

Daar gaan selfs stemme op wat sê dat die gemeenskapsopvattinge wat homoseksualisme per se as sonde klassifiseer (vgl Lev 18:22; 1 Kor 6:9,10; 1 Tim 1:9-11), en die andersheid van menswees van die homoseksuele mens nie kan of wil akkommodeer nie, deur die kerk aangespreek moet word. Dit beteken dat teen diegene deur die kerk opgetree moet word. Om die andersheid van die homoseksuele mens te akkommodeer en hom sosiaal te aanvaar, beteken dat van die gelowiges verwag word om op te tree soos mense wat die lewenswyse van die homoseksueel goedkeur en die Bybelse uitsprake oor die saak ignoreer. Die Bybel keur egter nie net die homoseksuele daad af nie (vgl Rom 1:22-28), maar ook die gedrag van diegene wat goedkeuring gee aan die wat dit doen (vgl Rom 1:32).

Natuurlik mag die homoseksueel nie deur ons verstoot of verwerp word nie, want hy kan (1 Kor 6:9-11) en moet gered word om die oordeel van God vry te spring (vgl 1 Kor 6:9,10; 1 Tim 1:8-11). Om die kwaad in iemand te verwerp (vgl 1 Kor 11:17), beteken nie om die persoon te verwerp of om teen hom te diskrimineer nie. Die Skrif waarsku ons ook nie teen die slagoffers nie, maar teen die raadgewers wat sonde goedpraat. Jeremia skryf: “En hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! – terwyl daar geen vrede is nie” (Jer 6:14). Die wraak van God teenoor dié soort raadgewers word in geen onduidelike taal nie in die Skrif uitgespel: “Hulle kom in die skande, omdat hulle gruwel bedryf het; tog skaam hulle hul nie in die minste nie, tog weet hulle nie om te bloos nie. Daarom sal hulle val onder die wat val; in die tyd dat Ek aan hulle besoeking doen, sal hulle struikel, sê die Here” (Jer 6:15).

Wanneer ontken word dat homoseksualiteit 'n abnormaliteit is, word behandeling en verlossing bykans onmoontlik. Wanneer die homoseksualiteit tot 'n siekte verklaar word, ontnem dit die homoseksueel sy verantwoordelikheid. Natuurlik kan 'n onnatuurlike seksuele verhouding iemand siek maak. Paulus skryf: “Daarom het God hulle oorgegee aan skandelige hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang” (Rom 1:26,27). Die noodwendige vergelding wat die persone in hulleself ontvang, dui in die eerste plek op aaklige sondes, waarvan in verse 28 tot 32 melding gemaak word, wat noodwendig uit so 'n verhouding voortvloei. Maar dit bring ook ander dinge na vore soos 'n skuldige gewete, slapelose nagte, emosionele spanninge en depressie wat weer die liggaam nie onaangeraak laat nie. Genesing is egter nie die grootste behoefte van die homoseksueel nie, maar om

gered te word van die skuld en die straf en die heerskappy van die sonde. Volgens I Korintiërs 6:9-11 kan die homoseksueel gered word. Een ding staan vas: waar God nie redding skenk nie, duur die stryd vir die homoseksuele mens voort om vry te kom.

Sake het egter nog verder versleg waar die kwaad selfs bo die goeie aangeprys word. Jesaja skryf: “Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter” (Jes 5:20). George Rawlinson verklaar hierdie teks soos volg: “These are persons who gloss over evil deeds and evil habits by fair-sounding names, who call cowardice caution, and rashness courage, niggardliness thrift, and wasteful profusion generosity. The same men are apt also to call good evil; they brand prudence with the name of cunning, call meekness want of proper spirit, sincerity rudeness, and firmness obstinacy. This deadness to moral distinctions is the sign of deep moral corruption, and fully deserves to have a special ‘woe’ pronounced against it.” Die motief om selfs in die Bybel na goedkeuring vir die aktiwiteite van die homoseksueel te soek, is in sommige gevalle ’n poging om diesulkes nie van die Bybel en van die kerk te vervreem nie. So word die Bybel deur een persoon om hierdie rede aangehaal om homoseksualisme as die ideale seksuele lewe te besing waar Jesaja skryf: “Want so sê die Here aan die ontmandes wat my sabbatte hou en verkies wat My behaag: Ek sal aan hulle in my huis en binnekant my mure ’n gedenkteken en ’n naam gee wat beter is as seuns en dogters; ’n ewige naam gee Ek aan hulle, wat nie uitgeroei sal word nie” (Jes 56:4,5). Die woord “ontmande” dui op die homoseksueel, word gesê. Dit is glo die homoseksuele mens na wie Jesus verwys waar Hy sê: “Want daar is persone wat onbekwaam is om te trou, wat van die moederskoot af so gebore is, en daar is persone wat deur die mense onbekwaam gemaak is, en daar is persone wat hulleself onbekwaam gemaak het ter wille van die koninkryk van die hemele. Wie dit kan vat, laat hom dit vat” (Matt 19:12). Hierdie persoon skryf dat net die homoseksueel hierdie woorde kan verstaan. Hoe weet die skrywer dit? In hierdie woorde van Jesus kom die homoseksueel glad nie in die gesigsveld nie. Die aanwysing van Jesus dat ’n persoon onbekwaam is om te trou omdat hy so gebore is, dui op iemand wat met ’n gebrekkige geslagsdeel gebore is (vgl Lev 21:20) wat dit vir hom onmoontlik maak om met ’n vrou geslagsgemeenskap te hê. Iemand wat so gebore is, kan nog steeds homoseksueel bedrywig wees as hy die passiewe vennoot in die daad is. Die woord ontman dui glad nie op iemand wat so gebore is nie, maar op iemand wat gekastreer is; dit wil sê deur mense onbekwaam gemaak is om kinders te kan verwek. Die mense wat hulleself ter wille van die koninkryk onbekwaam gemaak het om te trou, sien op mense soos Johannes die Doper en Paulus wat geheel en al opgeëis word vir diens aan God (vgl 1 Kor 7:7,32). Maar om vanuit Mat. 19:12 te beweer dat die homoseksueel so gebore is, word die oningeligte homoseksueel weliswaar gerusgestel, maar nie gehelp nie. Dit is nie die leuen nie, maar die waarheid wat iemand vrymaak (Joh 8:32). Dit het voorwaar laat geword wanneer die Bybel misbruik word om dit wat sleg is, goed te noem (Jes 5:20). Hierdie standpunt dien nie ’n goeie saak nie, maar kan baie oningelighede aanmoedig om met hierdie afskuwelike praktyk (vgl Lev 18:22; 22:13) voort te gaan. Mense wat hulle gewete onderdruk, kan aan die geloof skipbreuk ly (1 Tim 1:19). Vir hoeveel ongelukkiges wat deur hierdie raadgewers gerusgestel word om met dié soort gedrag voort te gaan, sal sulke raadgewers eendag voor God rekenskap moet gee? (vgl Matt 18:6,7; 2 Kor 5:10; 2 Tess 1:7-9).

Dawid het geskryf: “Want kyk, die goddeloses span die boog; hulle het hul pyl op die snaar reggesit om in die donker te skiet na die opregtes van hart. As die fundamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?” (Ps 11:2,3). Daar was geen wet en orde meer onder die regering van koning Saul nie. Hy het in die geheim sy seun Jonatan en sy

offisiere beveel om Dawid dood te maak (1 Sam 19:1) en het self probeer om Dawid te vermoor (1 Sam 19:10). Die vyand skiet hier in die donker na die opregtes van hart. Op 'n verskuilde wyse is die fondamente van die samelewing ondergrawe.

Dit wat Dawid op politieke gebied beleef het, het ook op kerklike gebied plaasgevind; die fondamente van die kerk is op verskuilde wyses omgegooi. Daar is in die donker na die Woord van God en na sy kerk geskiet. Maar met die koms van die liberalisme het openlike kritiek teenoor die Skrif in al sy felheid losgebars. En van toe af het dit via verskeie denkrigtings soos die rasionalisme, die eksistensialisme en die histories-kritiese skool bykans ongetemde afmetinge aangeneem.

Die kerk is die gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, waarvan Christus die hoeksteen is (Ef 2:20). Die hoeksteen is die verbindingsteen wat tegelyk die hele gebou dra (vgl Jes 28:16). So rus die kerk op Jesus Christus en sy soenverdienste (vgl 1 Kor 1:23; 2:2; 3:11). En van hierdie blye boodskap is dit Christus wat die getuienis lewer en is dit die Gees wat die profesie gee (vgl Kol 4:3; Op 19:10). Die Skrif is die draer van hierdie boodskap. Dit is dus nie vreemd dat die aanvalle van die vyand juis teen die Woord van God gemik is nie.

2. Die liberalisme

Die aanslag op die Skrif het 'n lang geskiedenis, maar het met die koms van die liberalisme in felheid toegeneem. Liberalisme word gewoonlik beskryf as vrysinnigheid op godsdienstige gebied. Die liberale teologie het sy wortels in die Verligting van die agtiende eeu met D.F. Strauss, Albrecht Ritschl, A.E. Biedermann, R.A. Lipsius en H. Lüdemann as belangrike verteenwoordigers. Hierdie teologie soek sy krag in die sogenaamde kritiese ondersoek en die bestryding van enige dogmatiese gebondenheid en is in verset teen elke mag wat van buite af enige druk op die mens uitoefen.

Volgens hierdie beskouing is die wêreld 'n afgeslote entiteit wat geheel en al op sy eie bestaan en waarop geen invloed van buite af inwerk nie. Alles wat van buite af op hierdie afgeslote werklikheid ingaan, is onwetenskaplik en dus onaanvaarbaar. Alles vind plaas volgens die ingeboude wetmatighede van die bestaande dinge. 'n Aardbewing word byvoorbeeld nie van buite af deur God bewerk nie, maar is doodgewoon die verloop van die natuur. Dit geld ook vir ander verskynsels in die verloop van die geskiedenis soos epidemies, oorstromings en droogtes. Alles is aan die noodlot of toeval uitgelewer. God is dus wel die Skepper maar nie die bestuurder van dinge in die heelal nie. God het Hom dus van alles onttrek. Hy is Skepper, maar nie Onderhouer van dit wat Hy geskep het nie.

Hierdie standpunt word deur Jesus verwerp waar Hy sê: “My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook” (Joh 5:17). Teenoor die standpunte van die liberalis leer die Skrif dat alles ons, nie per toeval nie, maar uit die Vaderhand toekom. Jesus het gesê: “Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie. En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie” (Matt 10:29; vgl Spr 16:33) en ons lees dat geen ramp 'n stad tref as die Here dit nie bewerk het nie (Am 3:6; Jes 45:6-8). God bemoei Hom wel deeglik met die aarde en met sy bewoners. Hy dra alle dinge deur die woord van sy krag (Heb 1:3). Hy het Homself nie aan ons onbetuig gelaat nie, deur goed te doen en van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul (Hand 14:16,17).

Die liberalisme bestry die kerkleer en ontken enige bonatuurlike openbaring soos in die Skrif aangekondig word. As hierdie standpunt deur ons aanvaar moet word, bly daar regtig min van die Bybel oor wat nog deur ons as die Woord van God aanvaar kan word, want groot gedeeltes van die Bybel het langs die weg van 'n openbaring tot ons gekom. Paulus skryf: “Maar ek maak aan julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie. Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus” (Gal 1:11,12).

'n Openbaring is 'n bonatuurlike gebeurtenis omdat dit nie vanself uit ons waarneming van dinge voortvloei nie. Met ander woorde, dit is geen logiese gevolgtrekking wat byvoorbeeld uit ons kennis van die natuur kom nie. Dit is nie iets wat uit die hart of uit die verstand of uit die kultuur van die mens opkom nie, en bevat selfs kennis wat nie deur die verstand van die mens verstaan en verklaar kan word nie (vgl Dan 12:8,9; 1 Pet 1:10-12; Op 7:13,14).

Die openbaring in die Skrif kom tot ons as direkte getuïenis en nie as uitgewerkte bewysvoeringe nie. Sonder om aan te kondig wie en wat God is, word byvoorbeeld doodgewoon aangekondig: “In die begin het God die hemel en die aarde geskape” (Gen 1:1; vgl ook Rom 1:20; 2:14; Hand 14:17; 17:24,25).

3. Die rasionalisme

'n Tweede hoek vanwaar 'n aanval op die Skrif geloods is, is die rasionalisme (Latyn: ratio), met Kant en Ephraim Lessing en in 'n mindere mate ook Gerhard Ebeling as kampvegters. Dit is die ongelooflike vertroue van die mens in sy verstand. Alleen dit wat die verstand kan begryp, mag aangeneem word; ook in die godsdiens. Hierdie beskouing het, net soos die liberalisme, geen waardering vir 'n ewige openbaring wat van Bo af kom nie, want die mens ontvang niks wat hy nie reeds in homself besit nie. Die verstand is die grondslag van alle sekerhede.

Die Christelike godsdiens, alhoewel dit nie deur die verstand voortgebring word nie, is tog nie onredelik nie. Inteendeel! Hoe helderder die denke op die terrein van die godsdiens is, hoe vrugbaarder sal die Christelike lewe ook wees (vgl Rom 12:1,2; 1 Kor 14:20). Wanneer die evangelie nie verstaan word nie, ontvang ons niks (Matt 13:19); wanneer dit verstaan word, dra ons inderdaad vrug, soms honderd, soms sestig, soms dertigvoudig (Matt 13:23).

Dit beteken egter nie dat ek net reg moet verstaan om gered te word nie, want daar is mense wat weet en tog nie doen nie. Jesus het gesê: “En daardie dienskneg wat die wil van sy heer geken het en nie klaargemaak of volgens sy wil gedoen het nie, sal met baie slae geslaan word” (Luk 12:47). Hy het Gorasin, Betsaida en Kapernaum verwyt en gesê dat as Hy in Tirus, Sidon en Sodom sulke kragtige daede gedoen het, hulle hul in sak en as sou bekeer het, en sou Sodom tot vandag toe bly staan het (Matt 11:20-24).

Wanneer die verstand van die mens dus tot die wesenlike van dinge gemaak word, is die Bybel nie vriendelik teenoor dié gedagte nie. Daar staan byvoorbeeld geskrywe: “Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie?” (1 Kor 1:20). En ook: “Die Here ken die gedagtes van die wyse mense, dat dit nietig is” (1 Kor 3:20). Paulus skryf verder: “En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuïenis van God kom

verkondig met die voortreflikheid van woorde nie, want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde...en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag, sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God” (1 Kor 2:1-5).

Die verstand van die mens is nie sy grootste nood nie, maar sy gewete (vgl Ps 32:1-5; Hand 2:37). Dit is die hart van die mens wat vernuwe moet word, want daaruit is die oorsprong van die lewe (Spr 4:23). En net God kan aan die mens ’n nuwe hart gee (Eseg 36:26). Dit is na die mens dat die Woord van God kom: “My seun, gee my jou hart” (Spr 23:26). En hy wat sy hart aan die Here gee, gee sy hele lewe aan die Here; aan Hom wat sê: “Kyk, Ek staan (bly staan) by die deur (van jou hart) en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My” (Op 3:20). En ons maak ons hart vir Hom oop deur te sê: “Kom!” (Op 22:17). Dit is die kortste gebed in die Bybel.

4. Die eksistensie-filosofie

’n Derde hoek vanwaar ’n aanval op die Woord van God geloods is, is die Eksistensie-filosofie vanuit die skool van Martin Heidegger met Bultmann as een van sy vernaamste verteenwoordigers. Dit is veral in sy ekstreme vorm (eksistensialisme genoem), met Gerhard Ebeling as ’n woordvoerder, dat die aanslag in al sy felheid op die gesag en die onfeilbaarheid van die Skrif geloods is. Dit is ’n wysgerige rigting wat die menslike bestaan in elke situasie telkens in die middelpunt stel. Die mens moet ’n self-begrypende mens word. Die moderne teologie het hierdie gedagte van die filosofie oorgeneem en het as gevolg daarvan noodwendig in botsing met die boodskap van die Bybel gekom. Jesus het byvoorbeeld gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg” (Luk 9:23). In die Eksistensie-filosofie moet die mens homself vind, maar in die Christelike godsdiens moet die mens homself verloën.

Die eksistensie-filosofie betwyfel dit dat die mens ooit ’n begrip kan kry van die bonatuurlike en leer dat ware kennis of alle kennis dus altyd onseker is. Dit is egter nie korrek nie, want al is dit vir die mens onmoontlik om tot die bonatuurlike op te klim, beteken dit tog nie dat sy kennis van die bonatuurlike aan onsekerheid uitgelewer is nie, want dit is God self wat hierdie kennis aan die mens meedeel (vgl 1 Kor 2:13; Gal 1:11,12), en Hy is ’n God wat nie kan lieg nie (Tit 1:2).

Hierdie beskouing, dat alle kennis altyd onseker is, is van die Eksistensie-filosofie deur die moderne teologie oorgeneem, waardeur ons herhaaldelik by die moderne teologie die woord verifieerbaar (kontroleerbaar) teëkom. Dit is die standpunt dat alleen dit wat controleerbaar is, as ’n ware en egte gebeurtenis in aanmerking kan kom. Dit beteken dat iets alleenlik waar word, wanneer dit deur kontrole bewys kan word dat iets waar is. Iets wat ons begrensde verstand te bowe gaan, is nie controleerbaar nie. Dit beteken dus dat die bestaan van wonderwerke ontken word. Dit veronderstel dat al die wonders waarvan ons in die Bybel lees, nie werklik plaasgevind het nie; dit is almal mites of legendes.

Dit beteken byvoorbeeld dat die verhaal van die koperslang van Moses nie werklik plaasgevind het nie, want mense wat deur die giftige slange gepik is, het gesond geword bloot deur na die koperslang te kyk (Num 21:6-9). Dit veronderstel dus ’n wonderwerk, en

wonderwerke bestaan volgens hierdie beskouing nie. Die Bybelse verhaal van die koperslang is dus 'n mite ('n storie sonder grond) of 'n legende ('n verhaal wat nie op die werklikheid berus nie – 'n volksoorlewing). Ons lees egter in 2 Kon. 18 weer van hierdie slang. Hiskia, koning van Juda, het hierdie koperslang laat stukkend slaan want die Israëliete het die koperslang met offers vereer (2 Kon 18:4). Dit bevestig die feit dat die volk daarvan bewus was dat die Here deur hierdie koperslang wonders in die woestyn verrig het. As die koperslang egter 'n legende was, dit wil sê nie werklik bestaan het nie, hoe kon 'n koning, wie se historiese bestaan nie deur die kritici van hierdie skool ontken word nie, 'n koperslang, wat dan nou nie werklik bestaan het nie, laat stukkend slaan? Dit is immers redelik om te aanvaar dat as na twee entiteite (iets wat afsonderlik bestaan) in een sin verwys word, en een van die twee 'n historiese werklikheid is, die tweede entiteit ook as 'n historiese werklikheid aanvaar moet word.

In die Nuwe Testament het Jesus ook na hierdie koperslang as 'n historiese werklikheid verwys (Joh 3:14,15). Was Jesus dalk mislei? As Jesus se getuienis oor die koperslang onbetroubaar is, hoe kan sy getuienis oor ander sake dan betroubaar wees? Ja, as ons nie meer kan vashou aan die Bybel as 'n boek wat in al sy dele betroubaar is nie (vgl Ps 119:160), hoe kan ons dan nog seker wees van dié God van wie ons in die Bybel lees?

Daar word beweer dat daar uiters selektief te werk gegaan word om aan te toon dat wonderwerke wel voorkom. Maar as die werklikheid van net een wonderwerk aantoonbaar is, soos in die geval van die koperslang van Moses (Num 21:6-9; vgl 2 Kon 18:4; Joh 3:14,15), dan is die werklikheid van alle wonderwerke daarmee genoegsaam aangedui. Dan geld dieselfde feit vir alle ander wonderwerke, al is dit nie vir ons moontlik om die werklikheid daarvan in elke geval aan te toon nie. Wonderwerke kan natuurlik nie bewys of verklaar word nie omdat dit bonatuurlik is, terwyl die verstand van die mens tot die terrein van die natuurlike behoort, en die natuurlike nooit tot die bonatuurlike kan opklim nie. Dit sal dom wees as iemand sou probeer om dit te doen. Dit beteken egter nie dat wonderwerke nie plaasvind nie, want selfs ongelowiges het al wonderwerke waargeneem, soos byvoorbeeld die towenaars van Farao (Eks 8:16-19) en die raadslede in Hand. 4:16.

Bultmann en sy volgelinge beweer egter dat die moderne mens nie meer aan die wonderwerke van die Bybel glo nie en hulle wil die Skrif van al sy bonatuurlike wonders bevry om die Bybel vir die moderne mens aanvaarbaar te maak. Dit is presies waarteen Paulus ons waarsku (vgl 2 Kor 2:17; 2 Tim 4:3,4). Daar word byvoorbeeld gesê: “Moenie die Bybel vertrou nie, maar vertrou God.” Maar hoe kan ek die God van die Bybel vertrou as ek die Bybel wat my van Hom vertel, nie kan vertrou nie?

Vir Bultmann en sy volgelinge skrik die wonderwerke in die Bybel die moderne mens af om aan die Bybel te glo. Dit is opmerklik dat die Bybel presies die teenoorgestelde standpunt as Bultmann en sy volgelinge inneem, want ons lees: “Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam” (Joh 20:30,31). Die wondertekens waarna Johannes verwys, is die feit dat Jesus deur 'n geslote deur kom (v. 19) en woordeliks herhaal wat Tomas 'n paar dae vantevore in sy afwesigheid vir die dissipels gesê het (v.27).

5. Die natuurwetenskap

Die wetenskap word gewoonlik beskryf as die kennis van feite, verskynsels en wette, verkry deur opgeleide waarnemers en bewys deur herhaalde eksperimente en logiese beredenering. Dit is dus duidelik dat daar geen wetenskap bestaan van die oorsprong van dinge soos die skepping van die heelal, die aarde, of die oorsprong van die lewe of van die mens nie, want niemand was teenwoordig om dit waar te neem toe dit plaasgevind het nie. Die enigste moontlike wyse waarop die mens kennis van hierdie dinge kan bekom, is wanneer dit deur die Skepper van al hierdie dinge aan hom openbaar sou word. En die openbaring van al hierdie dinge vind ons in die Bybel. Die teologie is dus die wetenskap oor die openbaring van God in sy Woord aan die mens.

Die moderne teologie vind egter die begroning van sy teologie nie in die Bybel nie maar in die natuurwetenskap. Hier is Heinz Zahrnt die kampvegter. In hierdie beskouing is daar net één werklikheid, die sigbare en die bewysbare; dit wat die mens ervaar as die werklikheid. Hier word deur die kennis van die bestaande natuurwette, dit is die reëlmatigheid wat in die natuurverskynsels waarneembaar is, slegs die dinge as werklikheid aanvaar wat eksperimenteel bewysbaar is. Hier staan die natuurlike teenoor die bonatuurlike; die aardse teenoor die hemelse en die sigbare teenoor die onsigbare.

Zahrnt kan byvoorbeeld die gedagte aan die bonatuurlike nie duld nie en verwerp dan ook die maagdelike geboorte van Jesus Christus. Jesus word deur hom tot 'n gewone mens gemaak. As Jesus net 'n gewone mens was, kon Hy nie gesê het, "voordat Abraham was, is Ek" nie (Joh 8:58) en kon Hy Homself nie aan God gelyk gestel het nie. Hy het byvoorbeeld gesê: "Ek en die Vader is een" (Joh 10:30). Dit veronderstel wesenseenheid met die Vader. Die Jode het tereg daaronder verstaan dat Hy Homself God maak (Joh 10:33). Vir hulle was dit godslastering omdat Hy wat, soos hulle gemeen het, 'n gewone mens was Hom as God voordoen. Maar hoe sal ons weet of Jesus die waarheid gepraat het? Jesus het ook ander dinge gesê. Hy het vir sy dissipels gesê dat die mense Hom gaan doodmaak en dat Hy op die derde dag sal opstaan (Matt 16:21) en dit het presies gebeur soos Hy gesê het (vgl 1 Kor 15:3,4). Jesus het Homself bewys as Iemand wat 'n betroubare getuie is. En ons weet: "'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie. 'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie" (Jak 3:11,12). As sy getuie oor sy dood en opstanding waar is, dan is sy getuie oor sy wesenseenheid met die Vader ook waar. En as Jesus God is, dan is dit godslastering om Hom as 'n gewone mens te beskryf.

Die Bybel ken twee werklikhede: die natuurlike en die bonatuurlike; die aardse en die hemelse; die sigbare en die onsigbare. Die wonder van byvoorbeeld die maagdelike geboorte van Jesus staan uit die getuie van die Skrifte vas. 'n Engel het aan Josef verskyn en aan hom gesê: "Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. En dit het alles gebeur, sodat vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons" (Matt 1:20-23; vgl Luk 1:26-33; Jes 7:14). Jesus is dus tegelyk deur die Gees verwek en uit 'n vrou gebore. Jesus is dus tegelyk God en mens. Dit was dus 'n bonatuurlike en 'n natuurlike gebeurtenis in een werklikheid. Die maagdelike geboorte van Jesus was 'n wonder, en 'n wonder behoort tot die bonatuurlike. Die woord bonatuurlik

dui op iets wat nie volgens die natuurwette plaasgevind het nie. En so iets kan nie deur ons verstand verklaar word nie, omdat ons verstand deel is van die natuur wat God gemaak het en die natuur kan nooit opklim tot by die bonatuurlike nie.

Wat die hemelse dinge betref, het Jesus gesê: “As Ek julle van die aardse dinge vertel en julle glo My nie, hoe sal julle glo as Ek julle van die hemelse vertel?” (Joh 3:12). Jesus verwys dus na die aardse en die hemelse dinge. Albei is vir Hom werklikhede.

Paulus skryf van die uiterlike en die innerlike mens (2 Kor 4:16) en verklaar dat die uiterlike mens die sigbare en die innerlike mens die onsigbare mens is, en skryf: “die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig” (2 Kor 4:18). Paulus glo dus dat die werklikheid sigbaar en onsigbaar is.

Zahrnt en sy volgelinge maak dus die engel en die Bybelskrywers tot leuenaars, want die engel getuig van die maagdelike geboorte van Jesus (iets wat nie wetenskaplik bewys kan word nie) en die Bybelskrywers skryf daarvan (Matt 1:18-24; Luk 1:26-35).

6. Die histories-kritiese skool

Daar is nog een skool waarna ons moet kyk; dit is die histories-kritiese skool, met G.E.Lessing en Ernst Troeltsch as voorlopers. Volgens hierdie beskouing is iets histories waar indien ’n gebeurtenis aan drie vereistes voldoen:

- i. Dit moet binne die wetmatigheid van oorsaak en gevolg beweeg. So was byvoorbeeld die atoombom op Hiroshima die oorsaak van die vredesverdrag tussen Amerika en Japan.
- ii Iets is alleen histories waar as die gebeurtenis nie net één unieke gebeurtenis is nie.
- iii Iets is histories waar, wanneer dit binne die grense van ’n moontlikheid tot stand kom, en nie deur die ingryping van ’n wonderwerkende godheid plaasgevind het nie.

As iets nie aan hierdie drie vereistes voldoen nie, moet die verhaal, volgens hierdie skool, bloot as ’n legende en as onwetenskaplik beskou word. Om hierdie rede is alle wonderverhale in die Bybel onhistories, onwerklik en onwaar. Dit is duidelik dat hierdie standpunt direk in stryd met die Bybel is. Die Nuwe Testament hanteer die wonderverhale in die Ou Testament konsekwent as werklike en historiese gebeurtenisse (vgl Matt 12:38-41; Luk 4:27; Joh 3:14,15).

Wat die eerste vereiste betref, lees ons byvoorbeeld in Hand. 3 dat Petrus vir ’n lam man gesê het: “In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!” en sy voete en enkels het onmiddellik sterk geword sodat hy kon loop (Hand 3:1-8). Die oorsaak van hierdie wonder was die bevel van Petrus; die gevolge was die feit dat die lam man kon loop. Aan vereiste nommer een, is hier voldoen, want dit het ’n oorsaak en gevolg gehad.

In verband met die tweede vereiste, kry ons die voorbeelde van die lam man van Kapernaum (Mark 2:1-12) en die een by die bad van Betesda in Jerusalem (Joh 5:1-14), wat gesond gemaak is sodat hulle kon loop. Aan vereiste nommer twee is voldoen, want dit was nie ’n eenmalige gebeurtenis nie.

Die derde vereiste is onredelik, want wonderwerke vind nie plaas binne die grense van 'n moontlikheid sonder die ingryping van God nie. Wonderwerke kan nie deur die mens bewerk word of deur die menslike verstand begryp of verklaar word nie, want die eindige kan die oneindige nie begryp nie. Die spreekwoord is waar: *Finitum non capax infiniti*.

In die Bybel het wonderwerke elke keer deur die ingryping van God plaasgevind; dié God vir wie alle dinge moontlik is (Mark 10:27). So is byvoorbeeld drie Joodse manne in Daniël 3 deur die toedoen van God in 'n brandende vuuroond bewaar. Dit het nie plaasgevind sonder die ingryping van God nie. En tog kan die historiese werklikheid daarvan nie deur ons ontken word nie, want daar was baie oog- en oorgetuies wat dit sien gebeur het (Dan 3:27), en elke saak moet deur die getuienis van twee of drie getuies bewys word (vgl Deut 19:15; Joh 8:17; 2 Kor 13:1). Ons moet dus kies om òf die getuienis van ongeveer drie duisend oog- en oorgetuies te aanvaar òf die ontkenning van mense, wat nie teenwoordig was toe dit gebeur het nie.

Volgens die historiese-kritiese skool is die boek Daniël bloot 'n verhaal wat opgestel is om die volk in ballingskap te bemoedig. Dit het nie werklik afgespeel nie, want hoe kan 'n mens weet wat iemand anders gedroom het (vgl Dan 2), en hoe kan iemand wat in 'n leeu kuil gegooi word, daar lewendig uitkom? (vgl Dan 6). Maar die profeet Esegïël twyfel nie aan die historiese bestaan van Daniël nie. Hy skryf dat die Woord van die Here tot hom gekom en vir hom gesê het: “Mensekind, as 'n land teen My sondig deur troubreuk te begaan, en Ek my hand daarteen uitstrek en die staf van die brood daarvan verbreek en 'n hongersnood daarin stuur, en Ek daaruit mens en dier uitroei – al was hierdie drie manne, Noag, Daniël en Job, daarin, dan sou hulle deur hul geregtigheid net hulle eie siel red, spreek die Here HERE” (Eseg 14:13-20). Esegïël het selfs verwys na die wysheid van Daniël (Eseg 28:3). Het Esegïël miskien gelieg toe hy geskryf het dat God dit aan hom gesê het? En wie sal dit kan bewys? En as hy nie gelieg het nie, was God dan dalk verkeerd om Daniël in dieselfde sin saam met twee ander historiese figure, Noag (vgl Jes 54:9; Matt 24:37) en Job te noem? (vgl Jak 5:11). En as Daniël nie die boek geskryf het nie, hoe kon Jesus dan sê: “Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat dit lees, oplet...”? (Matt 24:15). Hier praat Jesus van “hy wat dit lees.” Hy sê dus dat Daniël die boek geskryf het. En meer nog, hoe kan die profesie van 'n legende uitkom? Dit is duidelik dat Jesus op 'n totaal ander wyse na die boek Daniël gekyk het as die mense wat sê dat hierdie boek maar net 'n volksverhaal is wat nie op die werklikheid berus nie.

7. Die Bybel as die Woord van God

Die Bybel kondig self sy inhoud aan as die Woord van God. Ons lees: “Die hele Skrif (die Bybel) is deur God ingegee” (2 Tim 3:16). En ook: “...terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe (pheresthai), het die heilige mense van (dit is vanuit) God gespreek” (2 Pet 1:20,21). Dit is die gesonde Woord wat sommige mense vandag nie meer kan verdra nie (2 Tim 4:3); dit is die betroubare Woord waarin ons onderrig is (Tit 1:9). Dit beteken dat die Woord van God (die Bybel) vry van foute, dwaling en vergissing is.

Hierdie waarhede geld natuurlik alleen van die oorspronklike grondteks (die autographa) soos dit in Hebreeus, Aramees en Grieks geskryf is. En al beskik ons nie meer vandag oor hierdie oorspronklike geskryfte nie, weet ons dat dit onfeilbaar was, omdat die Bybel dit uitdruklik vir ons sê. Ons noem dit die selfgetuienis van die Skrif. Dawid skryf byvoorbeeld: “Die wet van die Here is volmaak...die getuienis van die Here is gewis...die bevel van die Here is reg” (Ps 19:8,9). Dit beteken dat die Woord van die Here volmaak, betroubaar en helder is. En almal is verplig om hierdie getuienis van Dawid te aanvaar totdat die teendeel bewys is. En niemand kan bewys dat Dawid nie die waarheid geskryf het nie, want die oorspronklike dokumente is nie meer beskikbaar nie. Die Bybel het dus, volgens sy eie getuienis, ’n onfeilbare goddelike gesag in alle sake wat dit aanroer.

Dit is nie onredelik of onwetenskaplik om op grond van die selfgetuienis van iemand sy getuienis oor homself te aanvaar nie. Toe die Jode nie wou glo dat die man van Johannes 9, wat blind was, siende geword het nie, het hulle by sy ouers navraag gedoen. Sy ouers het, uit vrees dat hulle deur die Jode uit die sinagoge geban sou word, geantwoord: “Ons weet dat hy ons seun is en dat hy blind gebore is; maar hoe hy nou sien, weet ons nie. Hy is self oud genoeg, vra hom; hy sal vir homself praat” (Joh 9:20). Die man wat blind gebore is en siende geword het, het die Jode geantwoord: “Een ding weet ek: dat ek blind was en nou sien” (Joh 9:25). Sy selfgetuienis is deur sy ouers bevestig. Net so getuig die Skrif self dat sy inhoud waaragtig en betroubaar is (vgl Op 21:5). En hierdie getuienis is deur die ganse Christelike kerk histories, algemeen en proefondervindelik as die waarheid aanvaar (vgl Ef 3:18), terwyl die Heilige Gees, as laaste steunpunt, hierdie getuienis in die harte van die gelowiges bevestig (vgl Rom 8:16).

Die Bybel is nie ’n wetenskaplike handboek nie, want dan sou die Bybel net soos al die handboeke van die wetenskap voortdurend herskryf moes word, want alle wetenskaplike navorsing bly voorlopig van aard. Wat vandag aanvaar word, word more, in die lig van nuwe kennis, weer verwerp. Tog praat die Bybel met gesag wanneer dit iets sê wat op die vakgebied van die natuurwetenskap of die geskiedenis lê. Dit doen die Bybel natuurlik nie in die natuur-wetenskaplike taalgebruik nie, maar in die belewingstaal van die alledaagse toeskouer wat altyd waar bly.

Die inhoud van die Bybel raak ook nooit verouderd nie: “Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid” (Jes 40:8; vgl 1 Pet 1:23-25; Op 14:6). Die hemel en die aarde sal vergaan, maar die Woord van God nooit (Matt 24:35).

8. Die onfeilbaarheid van die hele Bybel

Die Bybel se onfeilbaarheid of ook foutloosheid is nie slegs beperk tot die geestelike, dit is die religieuse met uitsluiting van uitsprake op die gebied van die geskiedenis of natuurwetenskap nie. Die Bybel is in sy totaliteit onfeilbaar en foutloos. Onfeilbaarheid en foutloosheid kan onderskei maar nie geskei word nie.

Jesus het gesê: “Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou verval” (Luk 16:17). Daarmee het Jesus die gesag en ewige geldigheid van die Ou Testament bevestig. Dieselfde gesag en ewige geldigheid het Johannes, Paulus en Petrus aan die Nuwe Testament gegee. Johannes skryf van die engel wat die goeie boodskap verkondig wat vir ewig van krag bly (Op 14:6). Paulus gebruik in 2 Timoteus 3:16 die woord theopneustos wat ingegee beteken; dit wil sê van Goddelike oorsprong.

Petrus gebruik in 2 Petrus 1:21 die woord pheresthai wat aandrywing beteken en wat aan die Bybelskrywers alleen geskenk is, en is iets anders as die woord agesthai (dit is leiding) wat die deel van alle gelowiges is (vgl Rom 8:14). Die twee werkinge van die Gees van God staan nie op dieselfde vlak nie. Daarom kan die kerk nie deur die Heilige Gees gelei word om dit wat deur die aandrywing van die Gees aan die Bybelskrywers gegee is, te verander nie.

Ja, die Woord van God kan nie gebreek word nie (Joh 10:35). Dit bly vir altyd van krag. Ons lees dikwels in die Nuwe Testament dat dinge gebeur het sodat die Skrif vervul kon word (vgl Matt 1:22; 2:15,23; Mark 15:28; Luk 21:22; 22:37; Joh 19:28; Hand 1:16; Rom 8:4; Jak 2:23). Jesus het byvoorbeeld uitdruklik verklaar dat Hy nie gekom het om die wet en die profete te ontbind nie, maar te vervul (Matt 5:17). Die Ou Testament en die Nuwe Testament staan voortdurend in die verhouding van belofte en vervulling langs mekaar. Daar word byvoorbeeld telkens in die Nuwe Testament aangedui hoe Jes. 53 in Christus Jesus vervul is: Jes. 53:1 in Johannes 12:37-41; Jes. 53:4 in Mat. 8:14-17; Jes. 53:5,6 in I Petrus 2:24,25 en Jes. 53:7,8 in Hand 8:30-35. In Hand. 8 was Jes. 53:7,8 vir Filippus die uitgangspunt om aan die hofdienaar “die evangelie van Jesus” te verkondig (Hand 8:35). En volgens Lukas (22:37) het Jesus self verklaar dat Jes. 53:12 aan Hom vervul moet word. Hierdie verwysing in Jes. 53 na Jesus Christus kan ons sonder voorbehoud aanvaar omdat die Skrif die Bybelskrywers deur die Heilige Gees ingegee is (vgl 1 Kor 2:13; 2 Pet 1:20,21). Sommige teoloë beweer selfs dat daar minstens 150 keer in die Nuwe Testament na Jes. 53 verwys of daarop gesinspeel word.

Geen heilige geskrif van die nie-Christelike godsdienste kondig nuwe dinge vooruit aan wat in die toekoms gebeur het nie (vgl Jes 41:21-23). Maar die dinge wat in die Bybel vooruit aangekondig is, het alles presies net so plaasgevind soos geskryf is dit gaan gebeur (vgl Jes 42:9). Josua het byvoorbeeld plegtig verklaar: “Vervloek is die man voor die aangesig van die Here wat sal opstaan om hierdie stad Jérigo op te bou: ten koste van sy eersgeborene sal hy sy fondamente lê, en ten koste van sy jongste sal hy sy poorte insit” (Jos 6:26). En jare later, in die tyd van koning Agab, het dit presies so gebeur: “In sy dae het Hiël, van Bet-el, Jérigo opgebou; ten koste van Abiram, sy eersgeborene, het hy sy fondamente gelê, en ten koste van Segub, sy jongste, sy poorte opgerig, volgens die Woord van die Here wat Hy deur die diens van Josua, die seun van Nun, gespreek het” (1 Kon 16:34). En in Sagaria 9:9 lees ons: “Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou koning kom na jou; regverdig en ’n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op ’n esel – op ’n jong esel, die vul van ’n eselin.” Hierdie profesie is letterlik vervul toe Jesus op ’n dag Jerusalem binne gery het terwyl Hy op die rug van ’n eselin gesit het. Matteus skryf oor hierdie gebeurtenis en sê: “En dit het alles gebeur, sodat vervul sou word die woord wat deur die profeet gespreek is: Sê vir die dogter van Sion: Kyk, jou koning kom na jou toe, sagmoedig, en Hy sit op ’n esel, ja, ’n jong esel, die vul van ’n pakkier” (Matt 21:4,5). Talle sulke voorbeelde bevestig die waarheid van die Bybel waar ons lees: “Die hele inhoud van u woord is waarheid” (Ps 119:160).

Die fundamentalisme word te maklik afgemaak as die teologie van eergister, as die teologie van die “ou skool” wat “ons” lankal ontgroeï het. En dan is die saak daarmee vir diegene afgehandel, want “ons leef nie meer in die tyd van Paulus nie,” word gesê. Maar die woord “fundamentalisme” het ook ’n mooi betekenis. Dit is om vas te hou aan die goddelike onfeilbaarheid en historiese betroubaarheid van die Heilige Skrif. Dit is trouens die standpunt wat die Here Jesus self ingeneem het (vgl Matt 24:35; Joh 10:35).

9. Hoe Jesus die Bybel hanteer het

Vir die doel van ons ondersoek is dit belangrik om vas te stel hoe Jesus die Bybel hanteer het.

1. Jesus het vrae vanuit die Bybel beantwoord:

- i) Toe die ryk jongman in Markus 10:17 vir Jesus gevra het wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe, het Jesus die saak met hom vanuit die wet van Moses bespreek (vgl Mark 10:17-19 met Eks 20:13-17).
- ii) Toe die Sadduseërs, wat nie aan die opstanding geglo het nie, in Lukas 20:27-33 'n strikvraag oor die een vrou met sewe mans in die opstanding aan Jesus gestel het, het Hy, om die werklikheid van die opstanding te bevestig, hulle onder meer aan die woorde van Moses by die brandende doringbos herinner waar gesê is dat die Here die God van Abraham, Isak en Jakob is, en God nie 'n God van dooies is nie, maar van lewendes, want hulle almal leef by Hom (vgl Luk 20:37-39 met Eks 3:6,15,16).

2. Hy het die Bybel as basis gebruik vir sy argumente:

- i) Op 'n vraag van Jesus in Matteus 22:42 aan die Fariseërs oor wie se seun die Christus is, het hulle geantwoord: “Dawid s'n.” Daarop het Jesus hulle na Ps. 110:1 verwys waar Dawid deur die Gees Hom Here noem en gevra: “As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun?” (Matt 22:45). Die Fariseërs het natuurlik 'n aardse Messiaskoning verwag, maar die feit dat Dawid Hom Here noem wat aan die regterhand van die Vader sit, beteken dat die Messias wat gaan kom, nie 'n aardse koninkryk gaan stig nie, maar dat Hy vanuit die hemel sal regeer (Matt 22:41-45; vgl Joh 18:36).
- ii) Omdat Jesus in Johannes 10:30 gesê het dat Hy en die Vader een is, wou die Jode hom stenig omdat Hy wat, soos hulle gemeen het, 'n mens is, Homself God maak. Met hierdie opmerking van Jesus word wesenseenheid met die Vader bedoel. Jesus verwys hulle na Psalm 82:1,6. Hier word hooggeplaaste persone, wat deur God aangestel is om Hom by die mense te verteenwoordig, gode en seuns van God genoem. Dit sien ons al in Ex. 4 waar die Here aan Moses van Aäron sê: “Jy moet dan met hom spreek en die woorde in sy mond lê. En Ek sal met jou mond en sy mond wees en julle leer wat julle moet doen. En hý moet vir jou met die volk spreek, en dan sal hy vir jou 'n mond wees, en jy vir hom 'n god wees” (Eks 4:15,16). Mense wat God in die lewe van mense verteenwoordig, word dus in die Bybel gode genoem. Die argument van Jesus is in die lig van hierdie feit duidelik: as niemand van die Jode nog ooit vir God, wat deur die pen van Asaf hooggeplaaste mense gode en seuns van God noem, verwyd het nie, waarom sê hulle “vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik - omdat Hy gesê het: Ek is Seun van God?” (Joh 10:36). Hierdie antwoord van Jesus het hulle waarskynlik oortuig, want hulle het Hom toe nie gestenig nie; net in hegtenis wou neem (vgl Joh 10:30-33). Jesus het sodoende nie die hooggeplaaste mense aan Homself gelyk gestel nie, want Hy het uitdruklik sy unieke posisie teenoor diesulkes uitgespel deur te sê dat Hy deur die Vader afgesonder en na die wêreld toe gestuur is (Joh 10:36). Jesus het hulle egter goed geantwoord, want as hooggeplaaste mense gode en seuns van God genoem word (Ps 82:1,6) omdat hulle God verteenwoordig in die lewe van ander mense

(vgl Eks 4:16), hoeveel te meer het Jesus die reg om Homself Seun van God te noem, aangesien Hy die enigste Seun van God is (Joh 1:14,18; 3:16).

iii) Jesus antwoord in Markus 2:23-27 die kritiek van die Fariseërs oor die dissipels wat op die sabbat koringare gepluk het met 'n verwysing na Dawid en sy mense by hom wat, toe hulle in nood en honger was, die toonbrode geëet het wat vir niemand behalwe die priesters geoorloof was om te eet nie (vgl Mark 2:23-27 met 1 Sam 21:1-6).

3. Hy gebruik die Bybel om sy gehoor te waarsku:

i) Jesus waarsku in Matteus 24:37-39 sy gehoor dat dinge voor die koms van die Seun van die mens sal wees soos in die dae van Noag toe die mense nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie (Gen 6:5-7; 7:16-23).

ii) Jesus waarsku sy gehoor in Lukas 17:32 dat hulle moet dink aan wat met die vrou van Lot gebeur het, toe die oordeel van God haar ingehaal en sy in 'n soutpilaar verander het, omdat sy getalm het toe hulle vir hul vryheid na Soar moes vlug (Gen 19:16-26).

4. Hy wys hoe die Skrifte wat op Hom betrekking het, vervul moet word:

i) Jesus wys in Johannes 13:18 met verwysing na Psalm 41:10 sy dissipels daarop dat een van sy eie dissipels Hom gaan verrai, omdat die Skrif vervul moet word (vgl Matt 26:21-25).

ii) Jesus toon in Matteus 21:33-42 aan dat Hy deur sy eie mense verwerp moet word, omdat Hy volgens Ps. 118:22 die steen is wat deur die bouers verwerp gaan word (vgl Hand 4:10,11).

iii) Jesus wys in Lukas 22:37 daarop dat Hy as 'n misdadiger gereken gaan word, omdat dit wat in Jesaja 53:12 geskrywe is, aan Hom vervul moet word.

5. Hy gebruik die Skrif as wapen teen die Satan:

Elke versoeking van die Satan het Jesus weerstaan met 'n beroep op die Skrif: "Daar staan geskrywe" (vgl Matt 4:1-11 met Deut 8:3; 6:16; 6:13,14).

6. Hy verwys na die Ou Testament as werklike en historiese gebeurtenisse:

i) Jesus sê in Matteus 12:40 dat Jona drie dae en drie nagte in die maag van 'n groot vis was. Hy sê ook dat die manne van Nineve hulle op die prediking van Jona bekeer het en dat hulle op die oordeelsdag teen die Jode gaan getuig (vgl Matt 12:38-41 met Jona 1:17; 3:5,10). Dit beteken dat Jesus daarvan oortuig was dat die boek Jona 'n objektiewe historiese verhaal is.

ii) Jesus sê in Lukas 4:27 dat Naäman van melaatsheid genees is (vgl Luk 4:27 met 2 Kon 5:9-14).

Jesus het dit dus nie ongelooflik gevind dat God sulke wonders verrig het nie; Hy het aan hulle historiese waarde of werklikheid geglo.

10. Kommentaar op die Bybelse werkmetode van Jesus

Hierdie Bybelse werkmetode van Jesus word deur sommige afgemaak deur te sê dat Hy in die dae van sy vernedering op aarde nie meer geweet het as 'n gewone mens nie. Dit beteken dat Hy net soos die mense van sy tyd in die Ou Testament geglo het en net soos hulle daarvan gebruik gemaak het.

Daar is weliswaar Skrifgedeeltes wat die indruk skep dat Jesus nie meer geweet het as die mense van sy tyd nie, want Jesus het byvoorbeeld getuig dat niemand weet wanneer die oordeelsdag sal kom nie, maar net sy Vader alleen (Matt 24:36). Hy het op 'n dag nie geweet of daar vye aan 'n spesifieke vyeboom was nie (Mark 11:13) en ons lees van Hom dat Hy toegeneem het in wysheid en grootte en in genade by God en die mense (Luk 2:52).

Maar dan weer, is daar ander Skrifgedeeltes wat daarop dui dat ons by Jesus met meer as net 'n gewone mens te make het: Jesus sê vooraf dat hulle Hom gaan doodmaak en dat Hy op die derde dag sal opstaan (vgl Matt 16:21) en dan gebeur dit presies soos Hy gesê het (1 Kor 15:3,4). Hy weet vooraf wie dit is wat Hom gaan verraai (Matt 26:21-25). Hy weet dat die vrou by die put van Jakob vyf mans gehad het, en dat die een wat sy op dié oomblik het, nie haar man is nie (Joh 4:16-18) en sy dissipels getuig van Hom: “Nou weet ons dat U alles weet en nie nodig het dat iemand U iets vra nie. Daarom glo ons dat U van God uitgegaan het” (Joh 16:30).

In Johannes 2:23-25 lees ons byvoorbeeld: “En toe Hy in Jerusalem was op die pasga gedurende die fees, het baie in sy Naam geglo, omdat hulle die tekens gesien het wat Hy doen. Maar Jesus self het Hom aan hulle nie toevertrou nie, omdat Hy almal geken het en omdat Hy nie nodig gehad het dat iemand van die mens sou getuig nie; want Hy self het geweet wat in die mens is.” Jesus het dus geweet wat in die hart van die mens aangaan, 'n vermoë waaroor net God beskik (vgl 1 Kon 8:39). Die bewering dat Jesus nie meer as die mense van sy tyd geweet het nie, en dat Hy as gevolg daarvan, net soos die mense van sy tyd, met die Skrif gewerk het, is dus nie korrek nie.

11. Die relasionele waarheidsbegrip

Vandag beweer sommige mense dat die Bybel nie objektiewe historiese waarhede bevat nie. Onder leiding van die wysbegeerte word 'n nuwe waarheidsbegrip in die teologie ingedra. Dit is 'n soort tussenvorm tussen 'n objektiewe en 'n subjektiewe waarheidsbegrip. Die waarheid kom alleen via 'n innige relasie tussen die subjek (die mens) en die objek (die voorwerp); dit waaroor die mens die waarheid soek. Dit noem hulle die relasionele waarheidsbegrip. Die waarheid kom dus nie van buite af tot ons nie, maar word deur die denke, verbeelding en innerlike ervaring van die mens self voortgebring. Die waarheid is dus volgens hierdie standpunt nooit absoluut nie; dit wil sê onvoorwaardelik geldig nie. Eers wanneer dit wat jy hoor of lees deur jou gees as die waarheid ervaar word, het dit by jou waarheid geword. As dieselfde saak nie deur 'n ander persoon soortgelyk ervaar word nie, het dit by hom geen waarheid geword nie. C.A. Peursen (hoogleraar in die filosofie aan die universiteit van Leyden) is 'n vurige pleitbesorger vir hierdie relasionele waarheidsbegrip.

Maar as daar enige waarheid in hierdie beskouing steek, dan het die Skrif sy houvas volledig op die mens verloor, en maak dit enige voorskrif in die Bybel (vgl 1 Kor 11:17) sinloos. Paulus skryf byvoorbeeld en sê: “So dan, broeders, staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer is óf deur ’n woord óf deur ’n brief van ons” (2 Tess 2:15) en ’n bietjie verder: “En as iemand aan ons woord in hierdie brief nie gehoorsaam is nie, sonder dan daardie man, en hou geen gemeenskap met hom nie, sodat hy skaam kan word” (2 Tess 3:14). Dit is tog duidelik dat dit hier gaan om spesifieke voorskrifte, soos dit in die briewe van Paulus uitgespel is, wat oortree word en op grond waarvan teen die oortreder opgetree moet word. Maar hierdie voorskrifte van Paulus is in die lig van die relasionele waarheidsbegrip vandag nie meer ter sake nie, want die oortreder kan homself teen enige optrede deur die kerk verweer deur te sê dat die betrokke voorskrif wat hy oortree het, nie op hom van toepassing is nie omdat hy dit nie as ’n waarheid ervaar en dus aanvaar het nie. Die kerk het die gelowiges in elk geval al hierin voorgegaan deur die voorskrifte van Paulus in verband met die vrou in die amp (1 Kor 14:33,34; 1 Tim 2:12-15; vgl Gen 3:16) tersyde te stel. Ja, waar daar nie ’n vasstaande fondament is nie, doen elkeen wat reg is in sy eie oë (vgl Rig 21:25).

Hoe kon Apollos die Jode kragtig in die openbaar weerlê en deur die Skrifte bewys dat Jesus die Christus is (Hand 18:28), en Paulus uit die wet van Moses en uit die profete ander probeer oortuig aangaande Jesus (Hand 28:23), as hulle nie met bepaalde Skrifbewyse gewerk het nie? Dit is immers presies hoe Paulus dit in Galasiërs 3:16 gedoen het waar hy met net een woord (saad) uit Genesis 17:7 aantoon dat die woord hier op Christus dui. Was Paulus hier miskien “fundamentalisties” en “naïef-biblisisties” soos die voorstanders van die Hoër Kritiek en hulle navolgers graag die “Skrifbewys-metode” afwys? Hoe het die vraag en antwoord-metode van die Heidelbergse Kategismus met sy Skrifbewyse nie in die oë van hierdie mense verouder of selfs belaglik geword nie!

Daar is diegene wat wil praat van ’n Skrifberoep eerder as ’n Skrifbewys. ’n Beroep op iemand is eerder ’n wens wat uitgespreek is as ’n voorskrif of opdrag wat gehoorsaam moet word. Dit is duidelik weer die gees van die moderne mens wat hier deurskemer; die mens wat hom nie van buite af laat voorsê nie; selfs nie eens deur God nie. As hierdie standpunt reg is, hoe kon Paulus skryf dat die Here Christus eendag uit die hemel gaan kom om wraak uit te oefen op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie? (vgl 2 Tess 1:7-9). Die Woord van God het mos volgens die relasionele waarheidsbegrip geen objektiewe en absolute gesag nie. Dit plaas die mens onder geen verpligting nie.

Dit is onteenseglik duidelik dat die aanvaarding van ’n relasionele waarheidsbegrip die menslike element van die Bybelskrywers in die sentrum plaas omdat die openbaring in die Bybel daardeur tot slegs geloofsgetuïenis gevalueer word. Daar word na die Bybel gekyk vanuit die geloof as ’n relasionele belewenis en nie vanuit die openbaring nie. Op dié wyse is byvoorbeeld die verhaal van die opstanding van Christus slegs geloofsgetuïenis en nie ’n objektiewe historiese waarheid nie. Vir die relasionele waarheidsbegrip is die Bybel nie in die eerste plek histories waar nie, maar religieus. Die opstanding van Christus is dus ’n relasionele of teoretiese waarheid en nie noodwendig ’n konkrete en objektiewe historiese werklikheid nie. Dit maak dan ook geen verskil of Jesus liggaamlik uit die dood uit opgestaan of nie opgestaan het nie. Geloof en werklikheid klop nie, want die Bybelse woorde soos openbaring, geloof en opstanding het ’n totaal nuwe inhoud gekry. Beter gesê: dit het nou geen konkrete inhoud meer nie. Dit gaan hier nou bloot oor ’n idee en nie meer

oor 'n werklike gebeurtenis nie. Ek weet werlik nie of so iets nog as teologie beskryf kan word nie.

Dit is meteen volkome duidelik dat waar hierdie relasionele waarheidsbegrip aanvaar word, die moderne teologie deur die filosofie op sleeptou geneem is. Paulus het al teen dié gevaar gewaarsku waar hy skryf: “Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte (filosofias) en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie. Want in Hom woon die volheid van die Godheid liggaamlik” (Kol 2:8,9). Die filosofie waarteen Paulus hier waarsku, is enige spekulatiewe kennis wat nie aan Christus die eer gee wat Hom toekom nie; wat nie besef dat in Hom die volle wese van God beliggaam is nie (Kol 2:9).

12. Die Bybelse waarheidsbegrip

In die Skrif staan sake geheel en al anders. Wanneer woorde op feite berus, word dit in die Ou Testament met die woord waarheid (emet) beskryf (vgl Deut 17:4; 1 Kon 10:6,7; 22:16,18). Wanneer daar byvoorbeeld gehoor of vertel word dat iemand die verbond verbreek het, moet noukeurig navraag gedoen word of dit die waarheid is, en moet die skuldige op die eenparige getuienis van twee of drie getuies gestraf word (Deut 17:2-7; vgl 18:21,22).

Maar 'n relasionele waarheid is nie 'n absolute nie, maar 'n relatiewe waarheid. In die Bybelse waarheidsbegrip kom die waarheid van Bo, van God af tot ons in die woorde van die Skrif wat met ons oor God praat, of ons dit nou wil glo of nie wil glo nie. Jesus het byvoorbeeld vir die Jode gesê: “En as Ek die waarheid spreek, waarom glo julle My nie?” (Joh 8:46). En Paulus vra: “Wie het julle verhinder om die waarheid gehoorsaam te wees?” (Gal 5:7). Dit is die waarheid wat nie geglo word nie en dit is die waarheid wat nie gehoorsaam word nie (vgl Joh 8:45).

Omdat Jesus die Skrif as objektiewe waarheid aanvaar het, kon Hy vir die Satan sê: “Daar staan geskrywe” (vgl Matt 4:4,7,10). Die een wat aan die relasionele waarheidsbegrip vashou, kan nooit sê: daar staan geskrywe, en hom dan op die Skrif beroep nie, omdat hy juis nie aan die Skrif objektiewe gesag wil toeskryf wat ons van Bo en buite af aanspreek nie.

Die Israëliete het onder ware geskiedenis verstaan, geskiedenis wat in ooreenstemming met die feite is: “Al die nasies het saam vergader, en die volke is versamel. Wie onder hulle kan sulke dinge verkondig? En laat hulle ons die vorige dinge bekend maak! Laat hulle getuies bring, dat hulle in die gelyk gestel kan word; en laat hulle hoor en sê: Dit is die waarheid” (vgl Jes 43:9). Dit gaan byvoorbeeld in Jesaja 43:9 oor die vraag of die afgode vooraf kon sê wat gebeur het, soos wanneer God vooraf dinge aangekondig het wat dan later presies so plaasgevind het (vgl Jes 42:9). Alleen dan sal ons weet of die afgode gode is, wanneer hulle woorde met die feite ooreenstem (vgl Jes 41:22,23). Alleen dan kan gesê word: “Dit is waar” (vgl Jes 43:9). Die afgode kan dit egter nie doen nie. Net die één ware God kan dit doen, omdat die objektief waarneembare feite agter sy woorde staan (Jes 42:9; 44:6,7).

Ongeloof, soos in die geval van Tomas (vgl Joh 20:25), het geen verskil gemaak aan die historiese en objektiewe feit dat Jesus waarlik opgestaan het nie. Die feit dat Jesus aan

Simon verskyn het, daarna aan die twaalf; daarna aan oor die vyfhonderd broeders tegelyk; daarna aan Jakobus; daarna aan al die apostels en laastens ook aan Paulus (vgl 1 Kor 15:5-8), is 'n duidelike bevestiging hiervan. Hierdie mense aan wie Jesus verskyn het, kon hulle dit nie verbeel het dat hulle Hom sien nie. Dit is 'n wetenskaplike feit dat meer as een persoon nie tegelyk dieselfde hallusinatie (die sien of hoor van iets wat nie werklik aanwesig is) kan belewe nie.

Dit was ook nie die gees van Jesus wat aan hulle verskyn het nie. Die feit dat Jesus nie teoreties nie maar liggaamlik uit die dood uit opgestaan het, word deur Jesus self bevestig waar Hy vir sy dissipels sê: “Waarom is julle ontsteld en waarom kom daar twyfel in julle hart op? Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien Ek het nie” (Luk 24:38,39). En om sy woorde te bevestig, het Hy gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek voor hulle oë geëet (Luk 24:41-43). Die opstanding van Jesus uit die dood was dus 'n histories objektiewe feit wat deur niemand ontken mag word nie.

Vir elkeen wat nie glo dat Jesus liggaamlik uit die dood uit opgestaan het nie (vgl 1 Kor 15:3,4) geld die waarskuwende woorde van Paulus: “As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode opgewek is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie? As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie. En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof; en dan word ons valse getuies van God bevind, omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het, wat Hy nie opgewek het nie, tenminste as die dode nie opgewek word nie. Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore. As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense. Maar nou, Christus is opgewek; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het” (1 Kor 15:12-20). Om die opstanding van Christus te verstaan, beteken dat sy liggaamlike opstanding misken word, en om die liggaamlike opstanding van Christus te misken, beteken meteen om 'n oordeel oor hulleself uit te spreek, want die Skrif getuig van diesulkes: “dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes, dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore” (1 Kor 15:17,18).

Die opstanding van Jesus is 'n objektiewe en 'n absolute historiese feit; nie omdat ons dit glo nie, maar omdat Christus opgestaan het “volgens die Skrifte” (1 Kor 15:3,4).

13. Waarom sommige nie aan die opstanding glo nie

Mense glo nie aan die opstanding van Christus nie, omdat hulle dit nie wil glo nie (vgl Joh 5:40). Nadat Jesus uit die dood opgestaan het, het sommige van die wagte dit aan die owerpriesters gaan vertel, en dan lees ons: “En nadat hulle saam met die ouderlinge vergader en raad gehou het, het hulle die soldate baie geld gegee en gesê: Julle moet sê: Sy dissipels het in die nag gekom en Hom gesteel terwyl ons aan die slaap was. En as dit by die goewerneur gehoor word, sal ons hom tevrede stel en maak dat julle sonder sorg is. Hulle het toe die geld geneem en gedoen soos hulle geleer was” (Matt 28:12-15).

Die owerpriesters het dus geweet dat daar 'n wonder plaasgevind het, maar het geweier om hulle van hulle dwaashede te bekeer. Dit beteken dus dat die wonder nie eers 'n wonder

word wanneer dit geglo word nie. Toe Moses byvoorbeeld stof in muskiete (muggies) verander het, en die towenaars van die Farao hom dit nie kon nadoen nie, het hulle vir die Farao gesê: “Dit is die vinger van God” (vgl Eks 8:16-19). Hierdie ongelowiges het die wonder wat Moses verrig het, waargeneem en erken dat dit ’n werk van God was.

Toe Petrus ’n man laat loop het wat van sy geboorte af lam was, het die Joodse raadslede vir mekaar gesê: “Wat moet ons met hierdie manne doen? Want dat daar ’n kennelike teken deur hulle plaasgevind het, is duidelik vir al die inwoners van Jerusalem; ons kan dit nie ontken nie” (Hand 4:16).

Uit hierdie Skrifgedeeltes is dit duidelik dat ook ongelowiges wonderwerke kan waarneem, en dit selfs aan God kan toeskryf. Dit is ’n onbetwisbare bewys dat die waarheid van die wonderwerke in die Bybel nie relasioneel bepaald is nie; nie iets is wat eers deur ons denke, verbeelding of innerlike ervaring die waarheid word nie, maar dat dit objektief-feitelike gebeurtenisse was wat vir sowel die gelowiges as die ongelowiges waarneembaar was. Ons mag dus saam met Paulus elke woord glo wat in die Bybel opgeteken is (vgl Hand 24:14).

14. Die woordelike inspirasie van die Skrif

Paulus getuig van dinge wat God deur sy Gees aan hom geopenbaar het (1 Kor 2:10) en skryf: “Daarvan spreek ons ons ook , nie met woorde wat die menslike wysheid leer nie, maar met dié wat die Heilige Gees leer” (1 Kor 2:13; vgl Eks 20:1). Die inspirasie van die Skrif is dus in die eerste plek ’n woordelike inspirasie; dit wil sê: die oorspronklike teks is woordelik deur God geïnspireer. In die tweede plek is die inspirasie volledig; dit wil sê elke gedeelte van die oorspronklike geskrewe grondteks is deur God geïnspireer. Die relasionele waarheidsbegrip het egter geen waardering vir die Goddelike inspirasie van die Bybel nie, omdat die woord inspirasie van die veronderstelling uitgaan dat die heilsgeskiedenis van die Bybel objektiewe historiese waarhede bevat.

Die woordelike inspirasie word vandag deur sommige beskryf as ’n meganiese inspirasieleer, wat die Bybelskrywers tot blinde skryfmasjiene degradeer van wie elke menslike element in die skryf van die Bybel geïgnoreer word. Dit beteken, volgens hulle, dat die Bybel ’n versameling van wetsartikels is waarvan alles van die notarieel juiste bewoording afhang en dat ons dan in die Bybel met ’n versameling van woorde te doen kry wat heeltemal onafhanklik van mekaar gelees kan word omdat elke woord op sy eie dan ’n ewige inhoud het.

Die woordelike inspirasieleer kan egter nie op dié wyse tot ’n karikatuur gemaak word nie. Dit is hoegenaamd nie wat daarmee bedoel word nie, want woorde se betekenis word in die reël deur die sinsverband of die wyere verband van ’n dokument bepaal. Hierdie mense weier om in te sien dat ’n organiese inspirasieleer (wat beteken dat die Bybelskrywers as mense met hul verskil in taal en styl, volledig by die skryf van die teks ingeskakel word), voorsiening maak vir ’n woordelike en volledige inspirasieleer waarby God wel deeglik gewaak het dat presies dit wat Hy wil in die Bybel opgeskryf is.

Waar die Nuwe Testament die Ou Testament aanhaal, verskil dit op verskeie plekke woordelik van die Ou Testament (vgl Matt 2:6 (Mig 5:1); 3:3 (Jes 40:3); 15:8,9 (Jes 29:11); 26:31 (Sag 13:7); Joh 12:15 (Sag 9:9); 13:18 (Ps 41:10); Hand 15:16,17 (Am 9:11,12); Rom

10:6-8 (Deut 30:12-14); 1 Kor 2:9 (Jes 64:4; 52:15); Heb 12:6 (Spr 3:11,12). Hierdie woordelike verskille tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament dien vir sommige as bewys dat die Bybel nie woordelik geïnspireer is nie. Maar met hierdie argument word nie met die feit rekening gehou dat die Nuwe Testament nie in Hebreeus of Aramees geskryf is nie, maar in Grieks. Die Nuwe Testament is dus 'n vertaling van die gegewens in die Ou Testament. En 'n goeie vertaling word nie woordelik gedoen nie, maar inhoudelik. 'n Vertaling moet presies weergee wat in die grondtaal staan, maar hoef nie dieselfde woorde te gebruik nie. Op die kruis het Jesus een woord uitgeroep: Tetelestai. Maar hierdie een woord word met drie woorde vertaal: Dit is volbring (vgl Joh 19:30). So is die woorde van Hanna in 1 Samuel 2:1 in die 1953-Vertaling vertaal as: "my horing is hoog in die Here," maar in die 1983-Vertaling as: "ek is sterk in die Here." Albei vertalings gee die inhoud van die grondtaal presies weer, al is in albei gevalle verskillende woorde vir die vertaling gebruik.

In die vertaling van die Bybel is die vertalers natuurlik op die leiding van die Heilige Gees aangewys (vgl Rom 8:14), maar dit is geen waarborg dat hulle vertalings onfeilbaar en dus foutloos sal wees nie, want alle mensewerk is feilbaar, want dit staan nie op dieselfde vlak as die Bybelskrywers wat deur die Heilige Gees meegevoer is nie (2 Pet 1:21). In die Nuwe Testament het ons gelukkig die waarborg dat die Bybelskrywers ook in die keuse van hulle woorde onfeilbaar deur die Heilige Gees gedrywe (vgl 1 Kor 2:14; 1 Tess 2:13; 2 Pet 1:21) en hulle skryfwerk dus foutloos is. Die woordelike verskille tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament kan dus nie as argument teen die woordelike inspirasie gebruik word nie.

Wat ook nog in hierdie verband ter sake is, is die feit dat die Ou Testament net met konsonante sonder vokale geskryf is. Die vertaler moes dus uit die konteks self aflei watter vokale by die konsonante ingelees moet word. Sowel die Griekse vertaling van die Ou Testament, die Septuaginta (LXX), as die skrywers van die Nuwe Testament het met hierdie konsonante teks van die Ou Testament gewerk. Eers tussen die sesde en die agste eeu na Christus het die Masorete die vokale in die konsonante-teks bygesit. Die meeste vertalings van vandag het hierdie masoretiese teks van die Ou Testament vir hulle vertalings gebruik. Hierdie masoretiese teks is dus mensewerk, en ons het geen waarborg dat hulle werk onfeilbaar is nie. Die Nuwe Testament kom byvoorbeeld op die een plek met die masoretiese teks ooreen maar verskil daar van die Septuaginta (Matt 2:15,18; vgl Hos 11:1; Jer 31:15). Dan kom dit weer met die Septuaginta ooreen en verskil van die masoretiese teks (Matt 15:8,9; vgl Jes 29:13). En op 'n ander plek verskil die Nuwe Testament van sowel die masoretiese teks as die Septuaginta (Matt 2:6; Miga 5:1). Dit is voldoende bewys dat alle mensewerk feilbaar is. Maar teen die oorspronklike teks van die Bybel kan absoluut niks ingebring word nie, want die hele inhoud daarvan is deur die Gees van God geïnspireer (2 Tim 3:16).

Die woordelike inspirasie van die Skrif word deur sommige afgewys omdat daar "teenstrydige" beriggewing in die vier evangelies voorkom. Hierdie probleem was van die begin af aan die kerk bekend en oor die jare heen het baie teoloë gepoog om 'n verklaarbare oplossing hiervoor te vind. Alhoewel daar vir die meeste van hierdie sogenaamde "teenstrydighede" reeds aanvaarbare antwoorde aangebied is, is al die probleme in dié verband nog nie opgelos nie. Dit wil egter nie sê dat daar nie 'n redelik aanvaarbare verklaring daarvoor gevind kan word nie. Ons beskik nog net nie oor die nodige kennis of insig nie.

Daar is byvoorbeeld vasgestel dat die verskil in beriggewing gewoonlik voorkom waar die verskillende evangelies nie volledig verslag doen nie. Die informasie weerspreek mekaar nie, maar wat in die een evangelie ontbreek, word in die ander aangetoon. Eers wanneer die gegewens uit die verskillende evangelies saamgevoeg word, is die volle prentjie duidelik. So lewer byvoorbeeld die verhaal van die hoofman van Kapernaüm in Matteus 8:5-13 'n probleem omdat Matteus die indruk skep dat die hoofman self in eie persoon na Jesus gekom het om te pleit vir sy kneg, terwyl in Lukas 7:1-10 vertel word dat die hoofman twee groepe boodskappers na Jesus toe gestuur het, en Lukas skryf nie dat die hoofman self ook na Jesus gegaan het nie. Hy skryf weliswaar nie dat die hoofman nie gegaan het nie. Hier het ons nou twee verhale oor dieselfde gebeurtenis. Lukas vertel van die twee afvaardigings, maar ignoreer die feit dat die hoofman self ook gegaan het. Matteus weer vertel van die hoofman wat gegaan het, maar ignoreer die twee afvaardigings. Om die volle prentjie te kry, moet die twee verhale saamgelees word. Die een skrywer het sekere gegewens in sy verhaal ingebring wat die ander een weggelaat het, maar die twee verhale weerspreek mekaar op geen punt nie; dit vul mekaar aan. Uit die twee verhale saam leer ons dus dat altesaam drie partye na Jesus toe gegaan het – eers die twee afvaardigings wat deur die hoofman gestuur is en toe die hoofman self.

Om nie alles te vertel nie, ontnem die verteller nie sy geloofwaardigheid nie. Inteendeel. Juis die verskille in die beriggewing van die vier evangelies bevestig die betroubaarheid van hulle beriggewing. Hoe weet ons dit? Hierdie evangelies is òf die waarheid òf dit is 'n versinsel. Indien dit 'n versinsel is, dan het die vier skrywers òf saamgeknoei òf hulle het afsonderlik van mekaar geknoei. Uit die vier evangelies blyk onteenseglik dat die verskille op verskeie punte te groot is dat hulle ooit kon saamgeknoei het, want dan sou hulle alle moontlike opsigtelike verskille uitgehaal het om hulle verhaal vir die lesers aanvaarbaar te maak. Hulle het ook nie afsonderlik van mekaar geknoei nie, want die ooreenkomste tussen die vier evangelies is te groot. Geen vier mense kan afsonderlik van mekaar soveel besonderhede oor gebeurtenisse versin wat in so 'n groot mate selfs woordelik met mekaar ooreenstem nie. En as hulle dan onmoontlik nie kon saamgeknoei het nie en ook nie afsonderlik van mekaar geknoei het nie, bly daar net een moontlikheid oor en dit is dat dit vier evangelies is wat deur vier oog- en oorgetuies neergeskryf is soos elkeen van hulle die verloop van sake beleef het.

Volgens sommige het God slegs aan die mens sy gedagtes bekend gemaak, maar dit aan die mens self oorgelaat om in eie woorde God se gedagtes neer te skryf. Hierdie beskouing is hoofsaaklik gegrond op die verskil in taal en styl by die verskillende Bybelskrywers, en dit asof God nie in staat was om by die verskil in taal en styl van die verskillende skrywers aansluiting te vind nie. In hierdie standpunt word meteen vergeet dat dit absoluut onmoontlik is om sonder woorde te dink. Net soos geen wiskunde sonder syfers en geen musiek sonder note kan wees nie, net so kan daar geen gedagtes sonder woorde wees nie. Niemand kan gedagtes uitspreek sonder woorde nie. 'n Mens dink in woorde; ook wanneer hy neerskryf wat hy dink. Om woorde wat jy hoor, neer te skryf, is in elk geval makliker en veiliger as om jou gedagtes aan 'n ander persoon oor te laat om dit self in eie woorde weer te gee. Of word daar dalk gereken dat God nie kan praat nie?

Die noodsaaklikheid van 'n woordelike inspirasie word bevestig deur die feit dat deur net een woord te verander die betekenis van 'n sin verander. Dit is belangrik dat die korrekte woorde gebruik word om die boodskap korrek oor te dra. Ons lees telkens in die Bybel dat God sy woorde aan sy profete bekendgemaak het: So staan daar geskrywe: “Toe het God al

hierdie woorde gespreek en gesê” (Eks 20:1). In Eksodus word byvoorbeeld een honderd en sestig keer geskryf: “En God het hierdie woorde gespreek en gesê.” Nie een keer word geskryf dat God hierdie gedagtes aan die skrywer gegee het nie, maar elke keer: “En God het hierdie woorde gespreek.” En hierdie woorde van God beslaan ongeveer ag en veertig persent van die boek. Daar is bereken dat die profete ongeveer tweeduisend keer geskryf het dat God in ’n hoorbare stem met hulle gepraat het. Die Here het dus werklik met hulle gepraat of hierdie profete is die mees konsekwente (consistent) leuenaars wat die wêreld nog ooit gesien het.

Die moontlikheid dat hulle gelieg het, word weerspreek deur die goed wat uit hulle woorde voortgevloei het. ’n Boom word immers aan sy vrugte geken (Matt 7:15-20).

As die Bybel nie woordelik vir die skrywers van die Bybel ingegee is nie, kan daar byvoorbeeld nie geskrywe staan dat ons nie ’n enkele woord uit die Bybel (dit is natuurlik uit die grondteks) mag wegvat nie (vgl Jer 26:2; Op 22:19). In Jeremia 26:2 en in Openbaring 22:19 dui die verbod natuurlik op die woorde wat God aan Jeremia en dan weer aan Johannes openbaar het. Maar omdat soortgelyke voorskrifte ook elders in die Bybel voorkom (vgl Deut 4:2;12:32; Spr 30:6), kan daaruit afgelei word dat hierdie voorskrif geld vir alle openbaringe wat deur die Gees van God aan die Bybelskrywers gegee is. Net deur een woord uit ’n sin weg te laat, kan die betekenis van ’n sin totaal verander.

Woorde se betekenis word natuurlik in die reël bepaal deur die sinkonstruksie waarin dit voorkom, maar soms het selfs ’n enkele woord van ’n bepaalde sin ’n eie spesifieke betekenis. Christus het by meer as een geleentheid ’n argument rondom ’n enkele woord gebou soos Here (vgl Matt 22:41-45) en gode (Joh 10:34-38). Paulus het dit ook op ’n keer gedoen. Hy skryf: “Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus” (Gal 3:16; vgl Gen 17:7).

Dat God met die apostels en profete in woorde gepraat het, word voorts bevestig deur die feit dat hulle soms dinge moes neerskryf wat hulle self nie begryp het nie (vgl Dan 12:7-9; 1 Pet 1:10-12). Paulus het byvoorbeeld nie oor die wetenskaplike kennis beskik om alles te begryp wat hy neergeskryf het nie. Dink maar aan 1 Korintiërs 15:39: “Alle vlees is nie dieselfde vlees nie, maar die vlees van die mense is anders as die vlees van vee, en dié van visse anders as dié van voëls.” Dit was eers baie eeue later dat die mens in staat was om te bewys dat Paulus wetenskaplik korrek was toe hy geskryf het dat daar ’n wesenlike verskil bestaan tussen die vleis van mense, diere, visse en voëls. Paulus maak ook nie daarop aanspraak dat dit sy eie wysheid of kennis is nie. Nee, hy skryf: “Maar ek maak julle bekend, broeders, dat die evangelie wat deur my verkondig is, nie na die mens is nie. Want ek het dit ook nie van ’n mens ontvang of geleer nie, maar deur ’n openbaring van Jesus Christus” (Gal 1:11,12; vgl 1 Kor 2:13). Paulus was dus die wetenskap eeue ver vooruit.

15. Die volledige inspirasie van die Skrif

As ons van die Skrif geen woord mag wegvat of byvoeg nie (vgl Deut 4:2; 12:32; Spr 30:6; Jer 26:2; Op 22:18,19), dan spreek dit vanself dat die Skrif volledig geïnspireer is. Sommige sake in die Skrif lê weliswaar aan die periferie (die buiterand); ander sake weer lê in die sentrum (die middelpunt). Alles in die Skrif het nie dieselfde waarde nie, want Paulus keur byvoorbeeld die afwyking van die verbod op die eet van offervleis (Hand 15:29) onder

sekere omstandighede goed (1 Kor 10:27-30), maar die verbod op afgodediens staan vas (1 kor 10:14-22; vgl Eks 20:1-3). Tog loop elke punt, hoe onbelangrik ook al, met 'n reguit lyn na die middelpunt toe. Al is alle sake in die Bybel nie ewe belangrik nie, is die belangrike sowel as die minderbelangrike deur die Heilige Gees geïnspireer (vgl 2 Tim 3:16).

As die Bybel nie volledig geïnspireer is nie, beteken dit dat sekere dele daarvan nie die Woord van God is nie, en dan mag ons nie sê dat die Bybel die Woord van God is nie, maar dat die Woord van God in die Bybel is. Dan het die mens in die onbenydenswaardige posisie beland om self vas te stel wat in die Bybel die Woord van God is, en wat nie. Dit sal meebring dat ons die opinies van mense moet opweeg teenoor die skrywers van die Bybel wat oog- en oorgetuies was van wat hulle geskryf het (vgl Jos 1:7.8; 1 Joh 1:1-4) en verklaar het dat God dié dinge aan hulle openbaar het (vgl Gal 1:11,12; 1 Kor 2:13).

Johannes skryf byvoorbeeld: “Wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle” (1 Joh 1:3). En Petrus skryf: “Want ons het nie verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit; want Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe hierdie stem uit die luisterryke heerlikheid tot Hom gekom het: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het. En hierdie stem het ons uit die hemel hoor kom toe ons saam met Hom op die heilige berg was. En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek” (2 Pet 1:16-21).

Die Skrif maak duidelik onderskeid tussen die leiding van die Heilige Gees, wat die deel van alle gelowiges is (Rom 8:14), en die meevoering van die Heilige Gees wat aan die Bybelskrywers alleen geskenk is (2 Pet 1:19-21). Die profete en die apostels is deur die Gees aangedrywe en daarom moes hulle die woorde uitspreek wat hulle van God gehoor het. Die eintlike spreker is God of die Heilige Gees self, maar Hy gebruik mense as sy instrumente en só word die Bybelskrywers se woorde die Woord van God tot ons. Paulus skryf: “Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die Woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die Woord van God wat ook werk in julle wat glo” (vgl 1 Tess 2:13). Hy stel die saak soos volg: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus” (2 Tim 3:16,17).

In hierdie verband is die volgende woorde ter sprake, te wete: openbaring, inspirasie en verligting. Openbaring beteken: God het sekere dinge bekendgemaak. Dit is nie dinge wat die profete en apostels self uitgedink of van ander mense geleer het nie (vgl Gal 1:11,12). Inspirasie weer beteken dat God dit wat Hy die skrywers van die Bybel beveel het om neer te skryf (vgl Eks 34:27; Jer 30:2; Op 21:5), geïnspireer het (2 Tim 3:16). Openbaring is dus die Goddelike onthulling van die waarheid en inspirasie is die Goddelike waarborg dat die vaslegging van hierdie waarheid op skrif sonder foute is.

Openbaring verskil van inspirasie. Alles wat in die Skrif staan, is geïnspireer, maar nie alles is openbaring nie. Paulus gee op 'n keer sy eie mening (1 Kor 7:6,12,25,40) omdat hy

nie 'n bevel (openbaring) van die Here ontvang het nie, maar tog is sy woorde geïnspireer, want hy gee sy mening as iemand wat deur die genade van die Here betroubaar is (1 Kor 7:25); as iemand wat ook die Gees van God het (1 Kor 7:40).

Maar inspirasie van die Skrif is nie verligting nie; is geen waarborg dat alles wat in die Skrif geskryf is deur Bybelskrywers verstaan is nie. Om die Skrifte te kan verstaan, is die verligting deur die Heilige Gees nodig (vgl 1 Kor 2:10-16).

Alhoewel ons glo dat die Bybel duidelik genoeg is (vgl 2 kor 1:13) om daardeur die ewige lewe te verkry (vgl Joh 5:39; Jak 1:18), is daar tog dinge in die Bybel wat moeilik is om te verstaan (vgl 2 Pet 3:15,16) óf omdat ons dalk nog natuurlik is en dus nie kan verstaan nie (vgl 1 Kor 2:14) omdat ons verstand deur Satan verblind is (2 Kor 4:3,4), óf omdat ons dalk traag geword het om te leer (vgl Heb 5:11-14). Daarom sluit die verstaan van die Bybel die verligting deur die Heilige Gees (vgl 1 Kor 2:10-16) en die verklaring van die Skrif deur die prediker en deur die eksegeet nie uit nie, maar in (vgl Neh 8:9; Luk 24:27,32,45; Hand 8:30-35). En omdat God aan ons die Skrif deur die Heilige Gees gegee het, is die Skrif nie 'n saak van eie uitlegging nie (2 Pet 1:20,21). Dit beteken dat die regte uitleg van die Skrif alleen deur die verligting van die Heilige Gees kan kom (1 Kor 2:10) en is alle uitleg sonder die leiding van die Heilige Gees willekeurig.

16. Die gebruik van Bybeltekse

Uit alles wat tot nou geskryf is, blyk dit duidelik dat daar onder sommige die duidelike afkeur te bespeur is teen die gebruik van Bybeltekse of selfs die gebruik van beginsels wat uit die Bybel afgelei kan word, omdat dit vir hulle sou beteken dat die Bybel dan hanteer word as 'n geskryf wat objektiewe, altyd geldende waarhede bevat; 'n gedagte wat stry met die nuwe relasionele waarheidsbegrip wat van die filosofie oorgeneem is.

Hierdie houding teenoor die Skrif veronderstel dat ons ons vir geen aktuele kwessie sonder meer op die Skrif kan beroep nie. Dit beteken dat ons nie meer 'n saak vanuit die Skrif kan stel nie soos Christus gedoen het deur Hom op Deuteronomium 6:13 te beroep, deur te sê: “Gaan weg, Satan! Want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien” (Matt 4:10; vgl Deut 6:13). Oor 'n saak soos aborsie op aanvraag, sal ons nie kan sê: “Daar staan geskrywe: ‘Jy mag nie doodslaan nie’” (Eks 20:13). Die ander party hoef hom dan nie meer aan die Skrif wat aangehaal is, te steur nie met die verskoning: dit spreek my nie aan nie. Hierdie houding geld ook wanneer ons ons op beginsels sou beroep wat uit die Skrif afgelei is.

Met hierdie houding word die gelowige sy enigste wapen hom ontnem, want die Woord van God is die swaard van die Gees (Ef 6:17). Vir ons staan die opdrag in die Skrif: “Verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig...” (2 Tim 4:2). En aan hierdie opdrag mag ons nie ongehoorsaam wees nie.

17. Die Skrif en kultuur

Daar word beweer dat die kerk die reg het om voorskrifte van die Bybel op te skort of aan te pas indien die omstandighede, soos veranderinge in kultuurgebruike, dit wenslik of noodsaaklik maak, omdat die Skrif self die kerk daarin voorgestaan het. So is byvoorbeeld

die seremoniële wette van die Ou Testament in die Nuwe Testament afgeskaf. En dit is waar, maar wat in die proses vergeet (of dalk opsetlik verswyg) word, is dat hierdie seremoniële wette nie afgeskaf is omdat dit voorheen tyd- of kultuurgebonde was en die kultuurgebruike intussen verander het nie, maar omdat dit in Christus vir ons afgeskaf is (Ef 2:15; Kol 2:14), want dit was ingestel tot op die tyd van die herstelling (Heb 9:10). Hierdie voorbeeld gee dus nie aan óns die reg om enige voorskrif van die Skrif te herroep of te wysig omdat die kultuur van die mense intussen verander het nie.

Die Skrif leer dat wanneer die volledige profesie gekom het, die profesie ten dele tot niet gaan (1 Kor 13:9,10). Die profesie ten dele dui op die verskillende evangelies en briewe wat die een na die ander deel van die Skrif geword het. Die volledige profesie dui op die volledige Skrif. Daarna word niks meer in die Skrif opgeneem nie. En wanneer die Woord van God reeds op skrif aan die kerk gegee is (vgl 1 Kor 15:1,2; 2 Tess 2:15; 3:14; Op 21:5; 22:18,19), mag geen ander instruksies in stryd met hierdie gegewens aan die kerk gegee word nie (vgl Deut 4:2; 12:32; Spr 30:6; Jer 26:2; Matt 15:6; Op 22:18,19), al kom dit ook van 'n Bybelskrywer of 'n engel uit die hemel (Gal 1:8,9; 2 Tess 2:2), of in 'n profetiese uitspraak of 'n preek of 'n brief wat sogenaamd van Paulus afkomstig is (vgl 2 Tess 2:1,2,5,15). En aangesien dit ons nie geoorloof is om iets by die Skrif by te voeg of weg te laat nie (vgl Op 22:18,19), is dit duidelik dat die inhoud van die Skrif volmaak en in alle opsigte volkome is. Paulus skryf dat wanneer iemand aan ons 'n evangelie verkondig in stryd met wat reeds aan ons verkondig is: "Laat hom 'n vervloeking wees!" (Gal 1:8,9). Dit is sterk taal hierdie. En Johannes skryf: "As iemand na julle toe kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie, want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke" (2 Joh v 10,11). Dit is 'n ernstige waarskuwing wat nie deur ons geïgnoreer mag word nie. As nie eens een van die Bybelskrywers die reg het om dit wat reeds geskryf is, te verander nie (Gal 1:8,9), dan het niemand nie, ook nie die kerk nie, die reg om die Skrif te verander nie. Die Skrif het nêrens aan die kerk die mandaat gegee om enige van die voorskrifte van die Skrif af te skaf, aan te pas of te wysig nie.

Vir die kerk geld die woorde van die Here Jesus Christus dat die Skrif nie gebreek kan word nie (Joh 10:35). Dit beteken dat die Woord van God nooit nietig verklaar mag word nie. Anders gesê: verklaar kan word as nie meer geldig nie. Ons mag nie sê: ons lewe nie meer in die tyd van Paulus nie, om daarmee te bedoel dat die voorskrifte van Paulus nie meer vir ons van krag is nie. Die Skrif is wel tydbediend, maar nooit tydgebonde nie.

Die woorde van Paulus is veelseggend waar ons lees: "Want ons is nie soos baie wat handel dryf met die Woord van God nie" (2 Kor 2:17). Die Griekse woord *kapéleuð* word hier in verband met die Woord van God gebruik en beteken om met die Skrif te kwansel, dit wil sê om die Woord van God te verkwansel (daarmee handel te dryf) om dit vir die mense aanvaarbaar te maak deur dit volgens die smaak van die mense aan te bied (vgl 2 Tim 4:3,4; vgl Jes 29:13; Jer 6:14). Die kerk loop steeds die gevaar om te wil akkommodeer (dit is om aan te pas); om te kompromitteer (dit is om 'n deel van jou beginsels prys te gee) uit vrees dat sy boodskap deur die samelewing verwerp gaan word! Maar die teenoorgestelde gebeur gewoonlik. Jesus het al gewaarsku: "Julle is die sout van (vir) die aarde, maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur mense vertrap te word nie" (Matt 5:13). Aanpassing van die boodskap van die Skrif by die smaak van die mens, lei tot die verwerping van die mens deur God. Dit is die verwyty van Jeremia aan die adres van die vals profete waar hy skryf: "Die visioene van jou profete was vals en misleidend: hulle het nie jou sondes blootgelê sodat jou ballingskap afgeweer kon

word nie; die openbaringe wat hulle vir jou gegee het, was vals en het tot jou verwerping gelei” (Klaagl 2:14 – 1983-Vertaling). Paulus vermaan Timoteus: “Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as ’n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny” (2 Tim 2:15). Dit beteken om die woord van die waarheid onvervals te verkondig.

Jesus het gesê: “Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie” (Matt 24:35). Die woorde van Jesus is net so gewis as die Woord van God (vgl Matt 5:18). Dit beteken dat geen voorskrif van die Woord van God sy geldigheid sal verloor voor die wêreld einde nie. Daarom mag die kerk geeneen van die Bybelse voorskrifte, byvoorbeeld oor die vrou in die amp (vgl 1 Tim 2:12-15), ongeldig verklaar, afskaf of verander nie.

Die vraag is: pas God sy openbaring in die Skrif aan by die kultuur van die mens? Die woord kultuur gaan saam met die opdrag van God aan die mens om die aarde tot eer van God en tot verryking van die mens te bewoon, te bewerk en te bewaak (Gen 1:28; 2:15). Onder kultuur word oor die algemeen verstaan die ganse geestelike besitting van ’n volk op elke terrein van die lewe; dit is die beskawingstoestand van ’n volk. Die beskawingstoestand verskil van volk tot volk en van tyd tot tyd. Het God Hom nou in sy Woord by hierdie beskawingstoestand van die mense aangepas? In die Ou Testament word veelwywery byvoorbeeld nie absoluut verbied nie, maar in die Nuwe Testament word dit tog duidelik afgekeur (vgl Matt 19:4; 1 Tim 3:2). Het God dus in sy openbaring aan die mens Hom by hierdie kultuurgebruik van die mens aangepas? Wat onmiddellik uit hierdie vraag duidelik moet wees, is die feit dat die afkeur in die Nuwe Testament teen veelwywery nie was omdat die kultuurgebruik aangaande hierdie saak intussen verander het nie. Nee, die afkeuring van veelwywery in die Nuwe Testament was juis teen die algemene praktyk van veelwywery van daardie tyd gerig. Nee, God pas Hom nie by die kultuurgebruike van die mens aan nie, maar Hy eis juis die kultuur van die mens geheel en al vir Hom op.

Die feit dat die Ou Testament veelwywery nie pertinent verbied nie, moet gesien word in die lig van die verdraagsaamheid van God jeens die swakheid van die vlees by die mens. Jesus het self by geleentheid gesê: “Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie” (Joh 16:12). Hier geld die lankmoedigheid en verdraagsaamheid van God teenoor die sonde van die mens, as ’n geleentheid om gered te word (vgl 2 Pet 3:15). Die openbaringsgeskiedenis in die Bybel is die heilsgeskiedenis waarin God Hom altyd meer en altyd duideliker openbaar namate die mens daarvoor geskik gemaak is. Ja, die geskiedenis van die Goddelike openbaring is ’n geskiedenis van die besondere openbaring van God tot die mens, altyd nader totdat Hy in Christus Jesus Hom uiteindelik volkome aan die mens gee en alles en almal tot rus kom in God (1 Kor 15:28; vgl Ps 62:2,6; Matt 11:28). Dit is dus onder meer die taak van die kerk om die mens ook in sy kultuurbeskouinge weer te bring onder die tug van die openbaring van God in sy Woord.

In die tyd toe die Bybel tot stand gekom het, is die evangelie reeds oral verkondig (vgl Rom 1:8; 10:18; Kol 1:6,23) aan verskillende volke wat in hulle kultuur grootliks van die kultuur van die Jode verskil het, maar die evangelie is destyds nie by die kultuurverskille van hierdie volke aangepas nie. Waarom het dit nou ewe skielik nodig geword om die evangelie by vandag se kultuur aan te pas omdat ons kultuur nie meer met die kultuurgebruike van die Jode van destyds ooreenkom nie?

Om te beweer dat God Hom in sy openbaring in sy Woord by die kultuurgebruike van die mens aanpas, is om die minste daarvan te sê 'n God-onterende gedagte. Hoekom sê ons dit? In die Ou Testament lees ons: “Die Here het gesê: Hierdie volk is naby My met die mond, hulle eer My met wat hulle sê, maar hulle hart is ver van My af, hulle dien My soos mense dit wil hê, nie soos Ek wil nie” (Jes 29:13 - 1983-Vertaling). Dink daaraan: God veroordeel dit dat mense hulle godsdiens aanpas by die smaak of begeertes van die mens, maar Hy pas, volgens sommige, sy openbaring in die Skrif aan by die kultuurgebruike van die mens. Wat 'n onheilige gedagte is dit nie! Vir Jeremia het die Here gesê: “Die mense moet jou volg, nie jy vir hulle nie” (Jer 15:19 - 1983-Vertaling). Nou hoe kan die Here so iets van die profeet verwag, maar Hy pas Homself in sy openbaring, in teenstelling met wat hy van die profeet verwag, eenvoudig aan by die gebruik van die mens; Hy volg die mens.

Nee, die Skrif bevestig geen natuurlike aansprake of gewoontes van die mense nie; die Skrif groei nie uit die natuurreg op nie, maar setel in die ewige God wat bo elke natuurfase verhewe is. Die Skrif beroep hom nooit op die algemeen menslike gebruik vir sy standpunte of voorskrifte nie. Die Bybel bevestig nooit enige tydgebonde sieninge of strukture van sy dag nie, maar verset hom duidelik teen alle selfbedagte gebruik, oorleweringe of gewoontes van die mens (vgl Mark 7:7-13).

Die vernaamste bewys vir die feit dat kultuurveranderinge nie die voorskrifte van die Skrif kan verander nie, is die wete dat die Skrif nooit vanuit die hart van die mens of vanuit sy kultuurgebruike tot stand gekom het nie, “want geen profesie (van die Skrif) is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek” (2 Pet 1:21; vgl 1 Kor 2:10-16). Die voorskrifte van die Skrif het dikwels teen die gangbare optredes en gewoontes van die mense ingegaan. Paulus het byvoorbeeld, teen die gangbare praktyk in, die man verbied om met iets op sy kop te bid (1 Kor 11:4). Dit is dus verkeerd as iemand sou sê: Ons leef nie meer in die tyd van Paulus nie.

Dit is eienaardig dat sommige beweer dat as sekere Bybelse voorskrifte by die omringende heidense volke voorgekom het, dit 'n bewys is dat die skrywers van die Bybel die gebruik by die heidene oorgeneem het. Niemand kan dit bewys nie. Dit is doodgewoon bespiegeling en spekulasie is nie wetenskap nie. Dit is beweringe wat gemaak word en beweringe is nog glad nie bewyse nie. Hoekom kan nie eerder gesê word dat die heidense volke die gebruik by die Bybel oorgeneem het nie? Die argument is in elk geval niks werd nie, want die voorskrif om nie dood te slaan nie, kom ook by die heidene voor en ons weet dat die Bybel dié gebruik nie by die heidene gekry het nie, want God het dit met sy eie vinger op twee kliptafels geskryf (Eks 20:13; 31:18; Deut 9:10).

18. Is die Bybel nog op datum?

Op die keper beskou, is die Bybel vir die moderne mens uitgedien. Die Bybel kan vir hom nie meer voorskriftelik gebruik word oor aktuele sake soos antisemitisme, oor die slawehandel of oor die posisie van die ander godsdienste in die wêreld nie. Die mens het mondig geword en laat hom nie meer voorskrywe, deur wie ook al nie. Die Bybel is nie meer die norm nie; nie die vaste fondament van voorheen nie. Dit Bybel kan hoogstens nog riglyne vir ons gee; niks meer nie. En waar die Bybel nog deur mense gebruik word, is die Bybel soos 'n leeu sonder tande. Veral oor sedelike en maatskaplike aangeleenthede is die Bybel vir die mense nie meer op datum nie.

Een van die sogenaamde bewyse dat die Bybel nie meer op datum is nie, is dat slawerny vandag wêreldwyd deur die Christendom afgekeur word, terwyl die Bybel geen verbod daarop geplaas het nie. Christus het nie daarteen gewaarsku nie, en het soms in sy toesprake net so terloops daarna verwys asof dit 'n aanvaarde praktyk was. Maar wat is die feite? Die Bybel sê waar die praktyk van slawe vandaan kom (vgl Gen 9:24-29); hanteer dit as 'n maatskaplike gegewenheid en gee aan die gelowiges leiding oor hoe om teenoor slawe op te tree as lede van die huisgesin van God (1 Kor 12:13; Gal 3:28; Ef 2:19) en aan die eienaars en die slawe oor hoe hulle hul teenoor mekaar moet gedra (Ef 6:5; Kol 3:22). En oral waar die slawehandel vandag nog op aarde voorkom, geld dieselfde reëls. In hierdie saak het die voorskrifte van die Bybel nie verander of verouder nie, en geld dit tot op die dag van die wederkoms, omdat daar tot op die wederkoms nog slawe op die aarde sal wees (vgl Op 6:15-17). En tot dan geld hierdie voorskrifte vir slawe en vir die eienaars van slawe.

Jesus het nie gekom om politieke strukture te verander nie. Hy spreek ook nie 'n woord van afkeuring uit teenoor die Romeinse verdrukker nie. Dit beteken tog seker nie dat Hy sodoende goedgekeur het dat die een volk 'n ander mag verdruk nie. Hy leer egter die mense hoe hulle hul onder sulke omstandighede moet gedra: "Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom" (Matt 22:21). Ook in hierdie opsig is die Bybel nie verouderd nie, want daar sal tot op die wederkoms verdrukke en verdruktes op die aarde wees. En tot dan geld hierdie voorskrif van Matteus 22:21.

19. Niemand soek na God nie

Een saak staan vas: die mens is ongeneeslik godsdienstig. Vir baie is die verskillende godsdienste op aarde net maar 'n teken dat alle mense op aarde op soek is na God. Hierdie gedagte strook egter nie met die waarheid nie. Daar staan geskrywe: "Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie" (Rom 3:11). Ons almal aard van nature na die eerste mensepaar. Ons kruip weg vir God; ons is bang vir Hom. Gelukkig vir ons: Hy soek ons. Reeds in die paradys het Hy na die mens geroep: "Waar is jy?" (Gen 3:9). En in die Nuwe Testament lees ons: "Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was (is)" (Luk 19:10). Ja, daar is geen weg van die mens na God nie; alleenlik 'n weg van God na die mens.

God laat toe dat ons Hom vind. En ons vind Hom alleenlik deur sy Seun Jesus Christus, ons Here. Hy het gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie" (Joh 14:6). Hy is die weg; daar is geen ander weg nie. Hy is die waarheid; daar is geen ander waarheid nie. Hy is die lewe; daar is geen ander lewe nie. Ons kan deur niemand anders gered word nie! Daar staan geskrywe dat die heidene "sonder hoop en sonder God in die wêreld" is (Ef 2:12); dat die heidene "mense (is) wat wandel in die verdwaasheid van hulle gemoed" en wat "verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart" (Ef 4:17,18). Sulke mense kan net deur Christus gered word. Nadat Petrus die kreupelgebore man by die tempelpoort genees het, het die Joodse Raad vir hom gevra: "Deur watter mag en deur watter naam het julle dit gedoen?" (Hand 3:7). Daarop het Petrus hulle geantwoord en gesê: "Laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan. Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het. En die saligheid is in

niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie” (Hand 4:10-12).

20. Die Post-modernisme

Die “teologie” het intussen nog ’n nuwe tendens begin toon wat gewoonlik die “post-modernisme” genoem word. Sommige praat al van die ultra-modernisme. Dit is egter baie moeilik om hierdie denkrigting onder een noemer te bring, want sommige voorstanders van hierdie denkrigting is nog steeds vasgevang in die dwaalrigtings van die verlede, soos die liberalisme, die rasionalisme, die eksistensialisme en die histories-kritiese skool.

Een saak wat deur die meeste voorstanders van hierdie denkrigting propageer word, is die oproep tot groter verdraagsaamheid teenoor die nie-Christelike godsdienste. Om vandag van sendingwerk onder hierdie godsdienste te praat, is uit. Daar moet net ’n dialoog tussen al die godsdienste plaasvind op soek na ’n gemeenskaplike noemer. Sommige soek daarna om een wêreldgodsdienst daar te stel. Ander weer wil die verskillende godsdienste behou, maar pleit vir ’n groter verdraagsaamheid omdat alle godsdienste net maar die mens se soektog is na die één ware God, wat dan die God van alle godsbeskouinge is. Die eksklusiwiteit van die Christelike godsdienst, dit is die uitsluiting van ander godsdienste as verlossingsgodsdienste, word bevraagteken, indien nie heeltemal verdoem nie. In die meeste gevalle word geglo dat alle godsdienste, so nie gelyk nie, dan tog genoegsaam is om elkeen, aan watter godsdienstige groep hy ook al behoort, te help om by die één ware God uit te kom.

Die gedagte aan ’n dialoog met ander godsdienste is vreemd aan die Bybel. In die Ou Testament staan uitdruklik geskrywe: “Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop die ander nasies hulle gode dien nie” (Deut 12:4 - 1983-Vertaling; vgl Deut 12:30-32). En ook: “Ek is die Here; dit is my Naam, die eer wat My toekom, gee Ek aan geen ander nie, die lof wat My toekom, gee ek nie aan gesnede beelde nie” (Jes 42:8 - 1983-Vertaling). In die Nuwe Testament lees ons: “Wat dan die eet van die offervleis aan die afgode betref, weet ons dat ’n afgod niks in die wêreld is nie, en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een. Want al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel of op die aarde is – soos daar baie gode en baie here is – tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus, deur wie alles is, en ons deur Hom” (1 Kor 8:4-6). Paulus skryf aan die Galasiërs: “Maar al sou ons of ’n engel uit die hemel julle ’n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom ’n vervloeking wees! Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle ’n evangelie verkondig in stryd met wat julle ontvang het, laat hom ’n vervloeking wees” (Gal 1:8,9). En aan Timoteus skryf hy: “As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het ’n sieklike sug na twisvrae en woordstryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog, nuttelose stryery van mense wat verdorwe in hulle verstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense” (1 Tim 6:3-5). As ons ons aan sulke mense moet onttrek, is ’n dialoog met hulle sinneloos. Aan sulke mense moet die Woord van God verkondig word “om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My (dit is in Jesus Christus) vergifnis van sondes en ’n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang” (Hand 26:18).

En wat 'n moontlike vereniging tussen al die godsdienste op die aarde betref, getuig die Skrif: “Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie” (1 Joh 2:23). En 'n bietjie verder: “Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een” (1 Joh 5:7). Die God van die Christendom is dus 'n drieënige God (vgl Matt 28:19; 2 Kor 13:13) wat niks in gemeen het met die afgode nie. Daarom is 'n vereniging tussen al die godsdienste op die aarde net nie moontlik nie.

Ek noem hierdie denkriktig (die post-modernisme) 'n nuwe tendens, maar eintlik is dit maar ou dwalinge wat net onder nuwe name op die horison verskyn. Vir elke saak wat ons reeds genoem het, kan voorbeelde uit die vroegste tye aangedui word. Die gedagtes is regtig nie oorspronklik nie. Prediker het al gesê: “Wat gewees het, dit sal daar weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur, en daar is niks nuuts onder die son nie” (Pred 1:9). Die mense wat steeds ontevrede bly met die status quo (die teenwoordige toedrag van sake), herinner ons aan die Ateners en die buitelanders wat by hulle gewoon het, wat vir niks anders tyd gehad het as om iets nuuts te sê of te hoor nie (Hand 17:21). Ja, daar is regtig niks nuuts onder die son wat nie vantevore al daar was nie. En net soos die ou dwalinge die een na die ander met die verloop van tyd verdwyn het, so sal ook hierdie “nuwe gedagtes” mettertyd, soos 'n wolke wat verbytrek, verdwyn.

Hierdie rigting speel die liefde van God af teenoor sy geregtigheid. Hulle pleit vir meer mensvriendelikheid in die prediking. Hulle soek na 'n “eager-to-please-everyone”-godsdienst. Die mense moet goed voel na 'n preek. Sommige noem tereg die post-moderne kultuur “a therapeutic culture.” Hier is die Skrif van toepassing: “En hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: Vrede, vrede! – terwyl daar geen vrede is nie” (Jer 6:14). Dit herinner aan die woorde van Paulus aan Timoteus: “Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afwend van die waarheid en hulle wend tot fabels” (2 Tim 4:3,4). Die woord wat Paulus hier gebruik, is knethomenoi wat beteken om te kielie. Hulle soek na 'n kielie-godsdienst; iets wat hulle lekker sal laat voel. Hulle soek na predikers wat net sal sê, wat hulle graag wil hoor. Hier glo die mens wat hy graag wil glo. Dit is nie meer 'n saak of iets waar is nie, maar of ek daarvan hou en of ek dit graag wil hê. Die opdrag aan die predikers in die Bybel is so totaal anders. Daar staan gekrywe: “Verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weêrlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering” (2 Tim 4:2). Die inhoud van die boodskap is byvoorbeeld: “Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie” (Rom 13:14).

Natuurlik moet die prediker ook woorde tot die gemeente spreek van stigting en troos en bemoediging (1 Kor 14:3). Die vraag is net: hoe moet dit gedoen word? Paulus skryf: “As ek nog mense behaag, dan is ek nie 'n dienskneg van God nie” (Gal 1:10). Hy skryf: “En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie” (Rom 12:2). En hierdie teks alleen is voldoende om die gedagte af te skiet dat die kerk by die huidige sosiale beskouing van die mens moet aanpas. Hier word ons opgeroep om heilig te lewe (1 Pet 1:15,16). Dit beteken om anders te wees en anders te lyk as die wêreld, want wie 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God (Jak 4:4). Aan hierdie kant van die graf is ons vreemdelinge en bywoners (Heb 11:13). Ons moenie sleg voel wanneer ons as wêreldvreemd uitgeskel word nie. Die kerk moet 'n verskil maak in die wêreld. Die kerk moet steeds die lig vir die wêreld en die sout vir die aarde wees (Matt 5:13,14). Die boodskap van die Bybel is nie:

wat moet ek doen om gelukkig te wees nie, maar wat moet ek doen om gered te word (vgl Hand 16:30); gered te word van die skuld, die straf en die heerskappy van die sonde.

Nog 'n gedagte wat by hierdie denkringting sterk figureer, is die feit dat hulle sekerhede nie kan verdra nie; niks is vir hulle vas en seker nie; niks is finaal afgehandel nie. Daar word nie met 'n punt gewerk nie; maar met 'n komma. Alles wat afgerond is, is dood. Wat die toekoms inhou, is onseker. Alles in die heelal is voortdurend in beweging; niks is môre dieselfde as vandag nie. Net dit wat voortdurend beweeg, bly lewe. Maar “ewigdurende beweging” (perpetual motion) kon nog nooit wetenskaplik bewys word nie, al het baie al probeer. Hierdie houding van mense wat nooit tot 'n finale antwoord kan kom nie, herinner ons aan dié mense wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kom nie (2 Tim 3:7).

Wat die vaste sekerhede betref, het Paulus byvoorbeeld geskryf: “Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het in God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele” (2 Kor 5:1). Hy skryf: “ons weet.” Ja, ons verlossing staan vas en seker. En die gedagte dat niks op aarde ooit afgehandel is nie, is totaal vreemd aan die Skrif. Daar staan byvoorbeeld geskrywe: “So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leermag” (Gen 2:1). Die Hebreeuse woorde calah en min in Gen. 2:2 dui op die afronding van alle skeppingswerk (vgl Eks 34:33; 39:32; 1 Sam 10:13; Eseg 43:23). Die Bybel gebruik dikwels die uitdrukking: met die volheid van die tyd (vgl Gal 4:4) en ons lees byvoorbeeld van die twee getuies: “En wanneer hulle hul getuienis voleindig het” (Op 11:7). Die Bybel weet wel duidelik van dinge wat afgehandel is.

Die post-moderne mens se totale verwerping van objektiewe en absolute waarhede, toon duidelik 'n verwantskap met die Hindoeïsme en Boeddhisme wat die objektiewe wêreld sien as 'n droombeeld wat nie verwesenlik kan word nie en die waarheid as nie absoluut nie. Dit is 'n soort spiritualiteit sonder waarheid. Die enigste verkeerde idees vir die post-moderne mens is om aan die absolute en objektiewe waarheid te glo, om ander te veroordeel, om te dink dat net jy die waarheid het en te probeer om jou oortuigings op ander af te dwing. Paulus skryf: “Omdat ons dan die vrees van die Here ken, probeer ons om die mense te oortuig” (2 Kor 5:11). En ook: “En as julle in enige opsig anders daarvoor dink – God sal ook hierin aan julle die regte insig gee” (Fil 3:15 -1983-Vertaling).

Ander weer, keer terug na die ou Bybelse formules. Hulle praat nog van dinge soos sonde, bekering en geloof, maar hulle het daaraan 'n totaal nuwe inhoud gegee. Dit lyk na die ou en egte Bybelse standpunte, maar die inhoud is weg. Dit is soos die dop van 'n hoendereier waarvan die binneste uitgesuig is. Dit is nie meer Christus wat my verlos nie, maar sy voorbeeld. Ek moet leer om te glo soos Hy ook maar moes glo. Dit is eintlik, goed bekyk, 'n terugkeer na die heidendom, met 'n Christelike sousie daaroor; eintlik 'n soort selfverlossingsgodsdienst. Dit is jou geloof in jou geloof wat die verskil maak. Dit praat nog van geloof, maar dit het 'n vreemde inhoud. Dit is nie Christus nie, maar my geloof waarop dit aankom. Juis dié ingesteldheid, maak hierdie nuwe denkringting so gevaarlik. Die Bybelse boodskap is: “Glo in die Here Jesus Christus, en jy sal gered word” (Hand 16:31). Dit is nie my geloof nie, maar Christus wat my red.

21. Die Woord van God is ewig

Jesus het gesê: “Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie” (Matt 24:35). Jesaja het geskrywe: “Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid” (Jes 40:8). Petrus het by hierdie woorde van Jesaja aangesluit en geskryf: “Want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly. Want alle vlees is soos gras, en al die heerlijkheid van die mens soos ’n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die Woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is” (1 Pet 1:23-25).

Laat ons dan vashou aan die woord van die waarheid (2 Tim 2:15); dit is die betroubare woord waarin ons onderrig is (2 Tim 3:14). Dan sal ons in staat wees om ander met die gesonde leer van die Skrif aan te moedig (vgl Rom 15:4) en om die argumente van die teenstanders te weerlê (Tit 1:9). Jeremia skryf: “Is my woord nie só, soos ’n vuur, spreek die Here, en soos ’n hamer wat ’n rots vermorsel nie?” (Jer 23:29). Dit is “die swaard van die Gees” (Ef 6:17). Laat ons dan die wapen van die Gees, dit is die Woord van God, opneem, met die vertroue dat sy Woord nie leeg na Hom sal terugkeer nie, maar voorspoedig sal wees in alles waartoe Hy dit stuur (vgl Jes 55:10,11). Die Woord van die Here sê: “Luister, en julle siel sal lewe” (Jes 55:3).

Dr Willie Marais
Posbus 81866
Doornpoort
Pretoria 0017
Tel en Faks 012 - 5474790

Kindernagmaal: Reformasie of Deformasie?

Deur ds. T. Danzfuss

Ds. A.M. Lindeboom het 'n skitterende boek geskrywe oor die deformasie en geestelike verval van die Gereformeerde kerke in Nederland. Die boek se titel is: “*De theologen gingen voorop*” met die subtitel: “*Eenvoudig verhaal van de ontmanteling van de Gereformeerde kerken.*” Hy wys veral op die rol wat die liberale Skrifkritiek in die proses gespeel het. Op bladsy 301 maak hy hierdie interessante opmerking: “*Als eerste symptoom van deze achteruitgang zou ik dan willen wijzen op de toelating van kinderen tot de maaltijd des Heeren.*”¹

In Oktober 1998 het die Algemene Sinode van die NG Kerk bewustelik of onbewustelik 'n nuwe sakramentsbeskouing aanvaar. Die besluit om klein kindertjies wat nog nie openbare geloofsbelydenis afgelê het nie, toe te laat om nagmaal te gebruik, het verreikende implikasies. Die Sinode het met hierdie besluit homself (onbewustelik?) losgemaak van die gees en inhoud van die gereformeerde belydenisse, gereformeerde kerkorde en teologie. Die besluit staan lynreg teenoor die suiwer gereformeerde beskouing van die nagmaal wat ten opsigte van hierdie punt mooi opgesom is in art. 61 van die Dordtse Kerkorde: “*Nobody shall be admitted to the Lord’s Supper except those who according to the custom of the church to which they belong, have made profession of the Reformed religion, at the same time as having testimony of a pious walk, without which even those who come from other churches shall not be admitted.*”²

(Dit is interessant: Hoe vinnig die ganse kerk 'n 180° omkeer maak!)

1. Belangrikheid en erns van hierdie onderwerp

Waarom is hierdie onderwerp so belangrik? In art. 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat die volgende kenmerke die ware kerk onderskei van al die sektes wat beweert dat hulle die kerk is: “*Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het, en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf -... Wat die valse kerk betref: dit skryf aan homself en sy besluite meer gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie onder die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in Sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus, en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf.*”³

¹ Lindeboom, A.M. *De Theologen gingen voorop*, KOK Kampen, 1987, p. 301.

² *Dordtse Kerkorde*, art 61.

³ *Nederlandse Geloofsbelydenis*, art. 29.

As die suiwer bediening van die sakramente een van die kentekens is wat die ware en valse kerk van mekaar skei, dan is die debat oor die kinderkommunie (paedokommunie) gewis nie 'n geringe saak nie. Dit is verder belangrik om daarop te let dat dit vir die Nederlandse Geloofsbelydenis in art. 29 nie net oor die suiwerheid van sakramentsleer gaan nie, maar ook oor die praktiese bediening van die sakramente. Die argument dat kinderkommunie nie 'n nuwe sakramentsleer is nie, maar slegs 'n nuwe nagmaalspraktyk, is dus onhoudbaar. Die kenmerke van die ware en die valse kerk raak beide die teorie en die praktyk van die nagmaalbediening. Enige dwaling in die sakramentsleer is 'n ernstige saak. “Dwaal 'n mens hier, dan dwaal jy in die weselike van die Christelike geloof.”⁴ Aangesien die betekenis van die doop en die nagmaal sentreer rondom die Bybel se verlossingsleer, sal die kerk se standpunt t.o.v. kinderkommunie ook 'n invloed hê op sy soteriologie (verlossingsleer) en *vice versa*.

Indien die teoloë wat kinderkommunie propageer, reg was, dan sou dit beteken dat al die gereformeerde kerke vir die afgelope paar eeue lank hulself skuldig gemaak het aan duidelike kenmerke van die valse kerk, deurdat hulle miljoene gedoopte kinders van die voorreg beroof het om saam nagmaal te gebruik. Hierdie debat raak dus die hart van die Evangelie.

2. Begripsbepaling: Wat is Kindernagmaal?

Oor die begrip “*kindernagmaal*” of “*kinderkommunie*” of “*paedokommunie*” is daar baie standpunte.

2.1 Pasop vir misverstand

Die Bybel praat nêrens van “*grootdoop*” of van “*kleindoop*” nie, maar slegs van “*doop*”. So praat die Bybel ook nie van “*volwasse nagmaal*” of van “*kindernagmaal*” nie, maar slegs van “*nagmaal*”. Net soos wat “*grootdoop*” en “*kleindoop*” nie 'n goeie woordkeuse is nie, net so is “*kindernagmaal*” ook nie 'n baie akkurate beskrywing van die werklike saak waaroor dit gaan nie. Die kwessie van ouderdom is nie van primêre belang in ons gesprek nie, maar wel van sekondêre belang.

2.2 Kindernagmaal

Vir die doel van hierdie gesprek sal ons kindernagmaal definieer as die bediening van die nagmaal aan kinders

- wat nog nie behoorlike kategetiese deurloop het nie en
- wat nog nie openbare geloofsbelydenis afgelê het nie.

Ouderdom speel wel 'n (sekondêre) rol aangesien 'n sekere Bybelkennis, geloofsrypheid, toerekeningsvatbaarheid, ens. veronderstel word voordat mens eerlik en sinvol openbare geloofsbelydenis kan doen. Die ouderdom waarop kinders toegelaat word tot die

⁴ Booyens, M.J. *Ons glo met die hart en bely met die mond*. Kaapstd: ProRege Pers, 1974, p 222.

kinderkommunie, wissel van pasgebore babatjies tot enige ouderdom voor openbare geloofsbelydenis.

Kindernagmaal kan dus gesien word as 'n ontkoppeling van twee dinge wat saam hoort nl. die openbare geloofsbelydenis en die toelating tot die nagmaalstafel.

3. Verskillende variasies van kindernagmaal

Kindernagmaal is 'n wye begrip wat verskeie variasies insluit byvoorbeeld:

- * **Suigelingkommunie:** - Veral by sekere van die Oosterse kerke. Die nagmaal word gewoonlik gesien as heilsnoodsaaklik.
- * **Gesinskommunie:** - Na analogie van die gesinspasga in die OT.
- * **Kindernagmaal sonder 'n geloofsbelydenis:** - Dit is waar die verhouding tussen doop en nagmaal verkeerd verstaan word. Volgens hierdie siening is die doop die enigste toegangsvereiste tot die nagmaalstafel.
- * **Kindernagmaal met 'n soort "kinderbelydenis".** Hierdie siening is baie individualisties en lê meer klem op die feit "dat ek glo" as op die vraag "wat ek glo".

Hoewel bogenoemde vier metodes heelwat verskil, bly al vier steeds 'n vorm van kinderkommunie. Die rede is dat in al vier gevalle hierbo, die toegang tot die nagmaalstafel ontkoppel is van behoorlike kategetiese en openbare geloofsbelydenis.

3.0 Waar kom kindernagmaal vandaan?

Voorstanders van die kindernagmaal beroep hulle dikwels op die steun van NT of van die vroeë kerk. Stellings soos die volgende word dan ongekontroleerd as korrek aanvaar. "*Solid historical evidence therefore gives support to the position that until the 13th century the church admitted baptized children to the Lord's Table*"⁵ **In my skripsie "Kinderkommunie: Reformasie of Deformasie"**⁶ het ek duidelik aangetoon (sien bl. 39-139 en bl. 230-240) dat hierdie stelling nie korrek is nie. Die historiese agtergrond van kinderkommunie kan kortliks so saamgevat word:

3.1 In die Bybel en die Apostoliese tyd

Daar is geen voorbeelde of enige aanduidings in die Bybel waaruit enigsins die afleiding gemaak kan word dat kinders ook nagmaal gebruik het nie of dat dit ook vir kinders bedoel was nie.

⁵ Reformed Church in America, Commission on Theology, *Baptized non-Communicants and the Celebration of the Lord's Supper*, Reformed World, vol 39, no. 2, 1986, p. 528.

⁶ Danzfuss, T. *Kinderkommunie: Reformasie of Deformasie?*, M.Div Skripsie olv. Prof. C.J. Wethmar, UP, 1998, p 39-139 en p. 230-240.

Jesus se instelling van die nagmaal

Tydens pasga. Ja. Maar: Anders as by die instelling van die pasga in die OT, was daar **geen kinders** teenwoordig toe Jesus die nagmaal ingestel het nie. Anders as by die pasga was daar ook geen direkte opdragte gegee m.b.t. kinders so rol by die nagmaal nie. Verder was die nagmaal ook nooit soos die pasga ingestel as 'n gesinsmaal nie. By die instelling van die nagmaal was daar slegs volwasse dissipels wat almal reeds minstens drie jaar lank dag en nag deur Jesus self gekatkiseer is, en van wie Hy by geleentheid ook 'n openlike en persoonlike geloofsbelydenis verwag het. “Maar julle, wie sê julle is Ek?” (Matt 16:15).

Die teken wat Jesus gekies het

Nog 'n aanduiding dat die nagmaal nie vir klein kinders bedoel was nie, is die feit dat Jesus wyn gekies het as teken vir die nagmaal. Beckwith wys daarop dat daar rondom die tweede eeu v.C. 'n heftige diskussie was rondom die gebruik van wyn tydens die Joodse pasga. (Jubilee) Wyn was nooit deel van die pasga (van Ex. 12) waaraan die klein kinders deelgehad het nie. Tussen die tweede eeu v.C. en die eerste eeu n.C. was die situasie m.b.t die pasga volgens Beckwith so: “*At the earlier date, the author of Jubilees can state in an uncontroversial way that participation in the passover meal is for men over twenty. Participation by women and children had then, evidently died out.*”⁷ **Hierdie ontwikkeling het verband gehou met die gebruik van wyn by die pasga.**

Pas nadat die sinode van die NG Kerk besluit het om kindernagmaal in te stel, waarsku ds. Ampie Barnard gemeentes dringend in die Kerkbode om nie vir kinders wyn te gee nie, maar liewers druiwesap: “*Verskillende studies het bevind dat kinders onder sestien nie die liggaamlike vermoë of toerusting het om alkohol uit te skei nie. Op daardie ouderdom ontbreek daar 'n ensiem in die lewer wat nodig is vir die oksidering en uitskeiding van alkohol. Die gevolg is dat alkohol en die bedwelmende effek daarvan vir 'n lang tyd in die kind se liggaam bly. Dit kan deel word van 'n proses wat later 'n versugting na alkohol veroorsaak. Die ontbrekende ensiem ontwikkel eers op ongeveer sestienjarige leeftyd in die lewer. Selfs klein hoeveelhede kan by kinders groot gemoedsveranderinge teweegbring... .. Dit sal daarom beter wees om aan kinders druiwesap te gee by die gebruik van die nagmaal.*”⁸

Wanneer ons bogenoemde feite in ag neem, is dit ondenkbaar dat Jesus die wyn as nagmaalsteken sou kies as Hy wou hê dat klein kindertjies ook hiedie tekens moes gebruik!!

Paulus: Volgens 1 Korintiërs 11

Die vereistes wat 1 Korintiërs 11 stel vir die waardige gebruik van die nagmaal is nog 'n aanduiding dat hierdie sakrament nooit vir klein kinders bedoel was nie. Die argument dat klein kinders wel die nagmaal gebruik het, maar dat hierdie vereistes van 1 Korintiërs 11 slegs vir die volwassenes sou geld, is ongeldig. Dit sou beteken dat die nagmaal vir

⁷ Beckwith, R.J. *The age of admission to the Lord's Supper*, Westminster Theological Journal, 1976, p. 138vv.

⁸ Barnard, Ampie. *Die Kerkbode*, 07 Mei 1999, p. 7.

volwassenes slegs deur 'n ware geloof werk, maar vir klein kinders werk dit *ex opere operato!*

Konklusie: In die Nuwe Testament en Apostoliese tyd was daar geen spore van kindernagmaal nie.

3.2 Die eerste en tweede eeue n.C.

Ook gedurende hierdie tyd was daar geen enkele voorbeeld van kindernagmaal te vinde nie. Die eredienste was dikwels in twee verdeel. Die eerste deel het bekend gestaan as die *Missa Catechumenorum* en die tweede deel as die *Missa Fidelium*. Die eerste deel (*Missa Catechumenorum*) was oop vir almal, ook vir hulle wat nog besig was met hulle kategese. Die tweede deel (*Missa Fidelium*) was slegs vir gedoopte, gekatkiseerde belydende lidmate toeganklik aangesien die nagmaal tydens hierdie fase bedien is. Die feit dat die eerste fase soms in die oggend en die tweede fase dan in die aand plaasgevind het, maak die kans nog skrapser dat die klein kinders saam sou nagmaal gebruik. Daar is verder ook verskeie bewyse dat die kerk in hierdie tyd die selfondersoek vooraf besonder belangrik beskou het.

3.3 Die derde tot die vyfde eeu n.C.

Gedurende hierdie tyd hoor ons die eerste keer van kinders wat nagmaal gebruik. Uit die mond van Origenes hoor ons eers (ongeveer 235 n.C.) dat die nagmaal nie aan kinders bedien word nie. Rondom 251 n.C. hoor ons dat Cyprianus wel aan suigeling nagmaal bedien. Die rede hiervoor was 'n verkeerde verstaan van dele soos Johannes 6:53. Die nagmaal word gesien as heilsoodsaklik. Wie Cyprianus as voorbeeld wil neem, steun op 'n on-Bybelse nagmaal aangesien hy slegs die teken nl die wyn aan die suigeling bedien het!

Later sien ons dat ook Augustinus nagmaal aan suigeling bedien het, maar weereens val dit baie duidelik saam met 'n dwaling in sy verlossingsleer. Augustinus glo reeds aan die ingestorte genade (*gratia infusa*) soos wat dit later deur die Roomse Kerk geleer is. Berkhof verduidelik Augustinus se onderskeiding tussen die "*gratia operans*" en die "*gratia co-operans*" en sy dwaling rondom die verlossingsleer as volg: "*The grace of God freely given does not consist primarily in the forgiveness of sins - which is in fact a minor point in Augustine's system - but in regeneration, in the infusion of a grace which enables man to do good works and to merit everlasting life.*" Wie hom wil beroep op Augustinus se gebruik om nagmaal aan kinders te bedien, sal eers moet vra of hy bereid is om ook Augustinus se verlossingsleer rondom die ingestorte genade te aanvaar. Wie dit aanvaar, staan myle ver van die gereformeerde kerke se interpretasie van die verlossingsleer.

3.4 Van die vyfde eeu tot die Middeleeue

In hierdie tyd vind ons die opkoms en glorie van die Rooms Katolieke Kerk. Daar was ernstige dwalinge in die verlossingsleer. Die Bybelse verlossingsleer word vervang met 'n sakramentalisme. Die pendulum swaai van een uiterste na die ander. Die nagmaal wissel in hierdie tyd van suigelingkommunie, tot kinderkommunie en gaan selfs so ver soos die

uitgestelde doop. Later in die middeleeue word suigelingkommunie weer verbied agv. die opkoms van die transsubstansiasieleer.

3.5 Van die Reformasie tot die twintigste eeu

Die Reformatore het weer die Bybelse verlossingsleer ontdek. Gevolglik aanvaar hulle geen vorm van kindernagmaal nie. Die pad wat verbondskinders moes loop, was: Doop, kategese, geloofsbelydenis en dan nagmaal. Die ouderdom waarop jongmense toegelaat word tot die nagmaalstafel, wissel tussen 12 en 21 jaar.

Reeds in 1568 het die Konvent van Wezel die gereformeerde standpunt baie duidelik gestel dat niemand tot die nagmaal toegelaat mag word behalwe *“die tevoren belijdenis des geloofs zal gedaan hebben en zich aan de kerklijke tucht onderwerpt”* en oor die wyse waarop dit moet gebeur, is as volg bepaal: *“Het onderzoek zal voor den kerkeraad geschieden, terwijl daarna zij, die tot de openbare belijdenis zijn toegelaten, in ’t openbaar voor de gemeente zullen worden ondervraagd in de voornaamste hoofdstukken des geloofs, opdat zij daarop hunne toestemming geven, en zij zullen zich tegelijk onderwerpen aan de kerkelijke tucht ... Catechisatie, belijdenis en avondmaal waren onafscheidelijk een elkaar verbonden.”*⁹ **Soortgelyke besluite is geneem deur verskeie daaropvolgende sinodes soos Dordrecht 1574 (art 70); Dordrecht 1578 (cap. 4 art 12); Middelburg 1581 (art 43); Gravenhage 1586 (art 54) en die bekende artikel 61 van die Kerkorde van Dordt (1618/19): “Nobody shall be admitted to the Lord’s Supper except those who according to the custom of the church to which they belong, have made profession of the Reformed religion...”**¹⁰

Polman is dus heeltemal reg as hy sê: “In de kerken der Reformatie werd de kinderkommunie algemeen verworpen...”¹¹

Calvyn gee in die vierde band van sy *Institusie* ’n uitvoerige weerlegging van Servet se redenasie dat kinders nie gedoop mag word nie, omdat hulle nog nie aan die nagmaal kan deel hê nie. Calvyn wys daarop dat daar ’n baie groot verskil is tussen die doop en die nagmaal *“daarom is daar ’n uiters groot verskil tussen hierdie twee tekens...”*. Oor die vraag of kinders (wat nog nie geloofsbelydenis afgelê het nie) mag nagmaal gebruik, sê hy na aanleiding van 1 Korintiërs 11:28 dat dit sou beteken dat ons vir hulle gif gee, aangesien ons hulle daardeur sou help om ’n oordeel oor hulself te eet en te drink. *“waarom sou ons dan vir ons teer kindertjies gif aanbied as lewendmakende voedsel?”*¹²

H. Bouwman bevestig die onlosmaaklike band tussen geloofsbelydenis en nagmaal by die Gereformeerde kerke: “De Gereformeerden waren in navolging van Calvijn van oordeel, dat de geloofsbelijdenis den toegang opende tot de tafel des Heeren... Calvijn

⁹ Bouwman, H. *Gereformeerde Kerkrecht II*, Kampen: KOK, 1934, p. 368.

¹⁰ *Dordtse Kerkorde*, art 61.

¹¹ Polman, A.D.R. *Christelike Encyclopedie*, nr iv, 2de herdruk, Kampen: Kok, 1977, p 251.

¹² Calvyn, J. *Institusie van die Christelike Godsdiens*, vol iv, 1959 uitgawe. Vertaal in Afr. deur prof. H.W. Simpson.

schaft de confirmatie af, en de belijdenis werd niet anders dan de toegang tot de tafel des Heren.”¹³

3.6 Die Oosterse kerke

By die Oosterse kerke was die suigelingkommunie wel algemene praktyk sedert die vierde of vyfde eeu n.C. Suigelingnagmaal is aan babas bedien direk na die doop. Die rede hiervoor is weereens te vinde by ernstige dwalings tov die verlossingsleer. Hier word die heilsnoodsaaklikheid van die nagmaal gekoppel aan ’n mistieke, liturgiese verlossingsleer. Vir die Oosterse kerke werk die nagmaal ook “*ex opere operato*” soos by die Roomse Kerk. Daarom aanvaar die Oosters Ortodokse Kerk ook die leer van die transsubstansiasie.

3.7 Vandag?

Hoewel suigelingkommunie nog al die jare algemene praktyk was by die Oosterse kerke, en ’n sekere vorm van kinderkommunie algemene praktyk by die Rooms Katolieke Kerk, het bykans al die gereformeerde kerke tot laat in die tweede helfte van die twintigste eeu kindernagmaal ten sterkste verwerp. Onder druk van die ekumene het verskeie gereformeerde kerke egter die afgelope paar dekades begin om een of ander vorm van kinderkommunie te aanvaar.

3.8 Die invloed van die ekumene en die bevrydingsfilosofie

Eers sedert die tweede helfte van die twintigste eeu het verskeie gereformeerde kerke begin om een vir een kindernagmaal in te stel. Op kerklike en politieke terrein is daar twee duidelike aanwysbare faktore wat groot druk op die gereformeerde kerke geplaas het om hul deure oop te maak vir kindernagmaal. Op kerklike terrein was die twintigste eeu geken vir sy ongekende belangstelling in die ekumene. Op politieke en filosofiese terrein was dit weer die eeu van menseregte en bevryding van almal wat onderdruk word.

In 1982 het die Wêreldraad van Kerke ’n belangrike verslag gepubliseer onder die titel: “*And do not hinder them...*” In hierdie verslag word op sterk humanistiese gronde gepleit dat die lidkerke dit ernstig moet oorweeg om kindernagmaal in te stel. Die argumente word onder andere gebou op die bevryding van die kind wat nog al die jare onderdruk was: “*... in a world in which children are part of the oppressed, hungry, powerless and disenfranchized. Oppression is not limited to the Third World. In all societies children are often oppressed by educational structures, social injustice and hypocrisy. Part of the Church’s mission is to work for their liberation ... welcoming them to holy communion can also be seen as a sign of hope which should be complemented by other actions of the Church.*”¹⁴

In dieselfde jaar wat die Wêreldraad van Kerke hierdie humanistiese pleidooi lewer vir die instelling van kindernagmaal, besluit die Algemene Sinode van die NG Kerk die eerste keer om ’n kommissie aan te wys om die moontlikheid van kindernagmaal te ondersoek. As bekende Afrikaanse teoloë sover gaan om selfs te sê “*Die bediening van*

¹³ Bouwman, H. *Gereformeerde Kerkrecht*, band II, Kampen: KOK, 1934, p. 367.

¹⁴ Müller Fahrenholz, *And do not hinder them...*, World Council of Churches, 1982, p 16.

die nagmaal aan kinders, is eintlik 'n uitstaande skuld wat die NG Kerk nou eers begin betaal."¹⁵ dan bevestig dit die vermoede dat sekulêre en humanistiese motiewe 'n groot rol kon speel by die instelling van kindernagmaal in sommige gereformeerde kerke.

4. Kinderkommunie en dwaling in die verlossingsleer.

Indien ons die kronkelpad van kinderkommunie deur die geskiedenis volg, dan kan ons die volgende konklusies maak:

- 4.1 Nie in die Nuwe Testament of in die tyd van die apostels was daar enige tekens van kindernagmaal nie.
- 4.2 In die eerste twee eeue n.C. is die historiese gegewens baie skraps, maar ook in hierdie tyd was daar geen tekens van kindernagmaal nie.
- 4.3 Die eerste spore van kindernagmaal vind ons sedert die derde eeu n.C. In hierdie tyd is daar getuienis vir sowel as teen kindernagmaal.
- 4.4 Vanaf die vierde eeu tot die twintigste eeu was daar by elke voorbeeld van kindernagmaal 'n duidelik aanwysbare verband tussen die kindernagmaal en 'n dwaling in die verlossingsleer (soteriologie). Hierdie saak word volledig bespreek in die skripsie "*Kinderkommunie: Reformasie of Deformasie?*"¹⁶
- 4.5 Die gereformeerde kerke het nooit enige vorm van kindernagmaal goedgekeur nie. Deeglike kategeese en openbare geloofsbelydenis was die enigste weg tot die nagmaalstafel. Dit het gegeld vir oud en jonk.**
- 4.6 Ook by die Oosterse kerke waar kinderkommunie redelik algemeen was, is daar 'n duidelike verband tussen dit en 'n dwaling in die verlossingsleer.**

Konklusie: Dwarsdeur die kerkgeskiedenis was daar telkens 'n aanwysbare verband tussen kinderkommunie en sekere dwalings in die verlossingsleer.

5. Die verhouding tussen pasga en nagmaal

Een van die sterkste argumente wat vandag gebruik word om kinderkommunie te probeer regverdig, is die verhouding tussen pasga en nagmaal. Daar word dan eenvoudig 'n reguit lyn getrek tussen die pasga en die nagmaal. Omdat kinders pasga gebruik het, kan hulle ook nagmaal gebruik. Hierdie argument hou slegs rekening met die raakpunte tussen die pasga en nagmaal, maar dit ignoreer die groot verskil wat daar tussen die twee is.

Wie die nagmaal bloot sien as 'n Nuwe Testamentiese pasga, maak nie erns met die heils-historiese ontwikkeling van die genadeverbond nie, en ook nie met die feit dat die aard van die nagmaal en pasga radikaal van mekaar verskil nie.

¹⁵ Konig, A, *Die Kerkbode*, 09 April 1999.

¹⁶ Danzfuss, T. *Kinderkommunie: Reformasie of Deformasie?* p. 230-240.

- * **Die aard-verskil.** Pasga het 'n sterk nasionale aksent gehad wat die nagmaal nie het nie. Pasga was nie net 'n godsdienstige fees nie, maar tegelyk ook 'n volksfees.
- * **Die primêre vereistes vir deelname verskil.** Die primêre vereiste vir deelname aan die pasga was dat jy lid van 'n bepaalde volk moes wees. *“Dit is die voorskrifte in verband met die paasfees: geen nie-Israeliet mag daarvan eet nie; ... geen bywoner of huurling mag daarvan eet nie.”* (Eks 12:43-45). By toegang tot die pasga het geboorte dus 'n groot rol gespeel. By toegang tot die nagmaal speel geboorte of bloedlyn nie, maar suiwer geloof en belydenis 'n deurslaggewende rol. As die pasga (van Ex. 12) as maatstaf gebruik word vir wie die nagmaal mag gebruik en hoe die nagmaal gevier moet word, dan moet ons slegs een keer per jaar nagmaal vier, dit moet in die aand wees, ens.
- * **Die nagmaal is 'n sakrament van die nuwe verbond** wat 'n teken en 'n seël is van die versoeningswerk van Jesus Christus aan die kruis. **Die pasga daarteenoor was een van baie verskillende skaduwees van die ou verbond** wat op een of ander wyse vorentoe gewys het na (of geprofeteer het van) die kruis van Jesus. Dirk Viljoen is reg as hy sê: *“As die pasga 'n sakrament is, is ander sake soos die manna en die water uit die rots. ook sakramente (vgl. 1 Kor 10). Die analogie van die twee sakramente gaan dus nie heeltemal op nie.”* 'n Ander skaduwee wat in baie opsigte 'n beter parallel met die nagmaal vorm as die pasga, is bv. die verbondsmaaltyd van Eksodus 24. vgl tekste soos Eksodus 24:8,11 ens. A.J. Kret, Dirk Viljoen en ander wys daarop dat daar 'n besondere opmerkbare analogie bestaan tussen hierdie verbondsfees met God op die berg, en die nagmaal as verbondsfees van die Nuwe Testament. Let veral op woorde soos *“die bloed van die verbond”* ens.¹⁷ **As ons die pasgebruikers as maatstaf sou neem vir die gebruik van die nagmaal, dan kon mens net so goed redeneer dat die gebruikers van hierdie verbondsmaal in Eksodus 24 die maatstaf moet wees. Dit sou beteken dat slegs die volwasse kerkleiers mag nagmaal gebruik, aangesien dit slegs die leiers van die volk was wat saam met God en Moses hierdie verbondsmaal ge-eet het. So 'n argument sou natuurlik net so ongeldig wees soos die argument dat kinders nagmaal kan/moet gebruik omdat kinders in Eksodus 12 pasga gebruik het.**¹⁸
- * **Pasga was ingestel as 'n gesinsfees, terwyl daar by die instelling van die nagmaal geen enkele gesin ter sprake was nie.** Vgl. Eksodus 12:3 *“Sê vir die hele gemeente van Israel: Elkeen moet sorg dat hy op die tiende van hierdie maand 'n lam vir sy gesin het, vir elke huisgesin een.”*
- * **Jesus gebruik slegs enkele raakpunte van die pasga wanneer Hy die nagmaal instel,** maar die grootste deel van die pasga is nie eers ter sprake by die nagmaal nie. Die grootste deel van die pasga-liturgie funksioneer glad nie by die nagmaal nie. Wat van bv. die ander drie bekere wat omgestuur is, die bitter kruie, die staan en eet, die jaarlikse fees, ens. ? Jesus maak bv. niks van die lam nie. Selfs die wyn was ook nie deel van die oorspronklike tekens van pasga nie. *“Jesus Christ did not join all the moments of the Passover, only two moments of it, but especially not the moment of the eating of the Passover.”*¹⁹

¹⁷ Danzfuss, T. Ibid. p. 204-205.

¹⁸ Deddens, K. *May Children partake of the Lord's Supper?*

¹⁹ Deddens, K. Ibid.

* **By watter pasga het Jesus aangesluit?** Indien mens 'n direkte lyn tussen pasga en nagmaal wil trek, dan moet jy duidelik onderskei van watter pasga jy praat. Ons weet dat daar reeds vroeg in die Pentateug aanduidings is van groot veranderinge in die pasga viering. In Eksodus 12 is die pasga ingestel as 'n gesinsfees. Baie vroeg reeds het die viering daarvan blykbaar verskuif na die sentrale heiligdom toe. Later is dit gekombineer met twee ander feeste. Teen die tweede eeu voor Christus sien ons dat daar onenigheid was oor die wyn by die pasga. Wyn was nie oorspronklik deel van die pasga nie. die teenwoordigheid van vrouens en kinders by die pasga kom in die gedrang: “The reason for actually excluding them (= vrouens en kinders) may have been that the use of wine at the passover meal had now become customary.”²⁰ In die tyd van Jesus, is die beker wyn minstens vier keer omgestuur tydens die pasga. Die pasga van die NT het in baie opsigte radikaal anders gelyk as die pasga van Eksodus 20. Dit is dus wetenskaplik nie korrek om die (volwasse) pasga waartydens Jesus die nagmaal ingestel het, gelyk te stel met die pasga soos dit in Eksodus 12 gevier was nie. **Beide Calvyn en Bavinck was oortuig dat klein kinders in elk geval in Jesus se tyd nie toegelaat was om pasga te gebruik nie.**²¹

6. Verband tussen ouderdom, voorreg en verantwoordelikheid?

Die humanisme stel die individu se vryheid bo sy verantwoordelikheid. In die gesprek rondom die kindernagmaal word 'n kind glo onderdruk as hy nie vry is om nagmaal te gebruik nie. Daarom sê die Wêreldraad van Kerke: “Part of the Church's mission is to work for their liberation...”²² Dit moet die kerk doen deur hulle tot die nagmaal toe te laat. Nagmaal is nie net 'n voorreg nie, dit is ook 'n verbondsverantwoordelikheid wat ons het. Baie voorstanders van kindernagmaal sê dat kinders self moet besluit of hulle nagmaal wil gebruik of nie. James B. Jordan skryf in sy tesis oor Paedokommunie: “if a child or infant will not eat the food given him, he is not to be ‘force-fed.’ If a child won’t eat, then he won’t eat”²³

Die Algemene Sinode van die NG Kerk se besluit is ook dat kinders wat in Jesus Christus glo en wat “die begeerte het om nagmaal te gebruik, tot die nagmaal toegelaat mag word.” Deddens verwerp tereg so 'n standpunt wat die verbondsvoorregte wil losmaak van die verbondsverantwoordelikhede: “There is an obligation to accept the promises of God’s covenant. So there is also an obligation to partake of the sacrament of the Holy Supper. The church may not leave that to the good pleasure of the people themselves. So if it would be so that the children are allowed to partake of the Lord’s Supper, they also had to do it. ... It is only one of the two: the children are not allowed to partake of the Lord’s Supper, unless they have made profession of faith, or the children are indeed allowed to partake of the Lord’s Supper, but then that is not without consequences. **Then they are obliged to partake of it. If they may go, this means at the same time that they must go.**”²⁴

Bavinck wys daarop dat indien van gedoopte kinders verwag word om eers geloofsbelydens af te lê voordat hulle kan nagmaal gebruik, **die kind van geen enkele**

²⁰ Beckwith, R.J. *The age of admission to the Lord’s Supper*. Westminster Theological Journal, 1976, p. 139-140.

²¹ Danzfuss, T. *ibid.* P. 255.

²² Müller Fahrenholz, *And do not hinder them...*, World Council of Churches, 1982, p 16.

²³ Jordan, B.J. Aangehaal in Deddens, K. *ibid.*

²⁴ Deddens, K. *ibid.*

weldaad van die verbond weerhou word nie. In die nagmaal ontvang ons nie iets meer as in die doop nie, maar ons kry wel op 'n ander wyse daaraan deel. Die wyse waarop ons in die nagmaal daaraan deel kry, is 'n wyse wat verantwoordelikheid en volwassenheid vereis. *“Hij onthoudt hun slechts eene bijzondere wijze waarop dezelfde weldaden beteekend en verzegeld worden, wyl deze aan hun leeftijd niet past. Het avondmaal geeft toch geen enkele weldaad, welke niet te voren reeds in het woord en den doop door het geloof werd geschonken.”*²⁵

*Hierdie verband tussen voorreg, volwassenheid en verantwoordelikheid was vir ou Israel algemeen bekend. 'n Joodse seuntjie het eers die voorreg gehad om 'n “seun van die wet” (Bar Mitzwa) te word as hy 13 jaar oud is.*²⁶ *Dit is volgens verskeie eksegete die rede waarom Jesus op twaalfjarige ouderdom saam met Sy ouers na die tempel gegaan het. Sien by. Ellis se kommentaar op die Evangelie volgens Lukas: “At thirteen years of age a Jewish boy entered into the full responsibilities of adulthood. During the prior year the father was required to acquaint him with the duties and regulations which he was soon to assume. Thus Jesus, when he was twelve years old, made his initial visit to Jerusalem...”*²⁷

*Beckwith toon in sy navorsing aan dat tussen die 2de eeu v.C. en die 1ste eeu n.C dit algemene gerbuik was dat kinders eers vanaf 13jarige ouderdom toerekeningsvatbaar beskou was, en ook eers van daardie ouderdom af die pasga in die tempel kon gebruik.*²⁸ *By die Esseners van die Dooie See grotte, was die ouderdom nader aan 20 jaar.*

*Beckwith noem nog twee interessante voorbeelde oor die verhouding tussen voorregte, verantwoordelikhede en ouderdom by die Jode. Die een voorbeeld kom uit die Dooie See manuskripte van die Esseners. Van 5-15 jaar is die tyd van onderrig in die Wet, van 15 tot 20 jaar is die tyd wat die seun verantwoordelikheid aanvaar vir die onderhouding van die seremoniële wette. Op hierdie ouderdom mag hy nog geen vleeslike kennis van 'n vrou hê nie. Op 20 jaar moes hy 'n eksamen aflê vir sy toelating tot volwaardige lid van die familie en die raad van die heilige vergadering. Op 25 jaar kon hy sy volle plek in alle aspekte van die gemeente inneem. Die ander voorbeeld kry Beckwith uit die Mishna. Dit is baie insiggewend vir ons vraag vandag oor die rol van die kind in die nagmaal. “At five years old one is fit for Scripture, at ten years for the Mishna, at thirteen years for the fulfilling of the commandments, at fifteen for the Talmud, at eighteen for the bridechamber, at twenty for persuing a calling, at thirty for authority, at forty for discernment, at fifty for council, at sixty to be an elder, at seventy for grey hairs, at eighty for special strength, at ninety for a bowed back, and at hundred a man is as one that has already died and passed away and ceased from the world.”*²⁹

7. Die genadeverbond: doop en nagmaal

Mense vra dikwels: As 'n kind gedoop is, wat verhinder hom dan om nagmaal te gebruik? Aangesien die doop en die nagmaal albei tekens en seëls van dieselfde genadeverbond is, waarom dan die onderskeid? Die antwoord lê in die aard van die

²⁵ Bavinck, H. *Gereformeerde Dogmatiek*, deel iv, 5de druk, Kampen: KOK, 1967, p. 561.

²⁶ Danzfuss, T. *ibid.* p.

²⁷ Ellis, E.E. *The Gospel of Luke*, new Century Bible, London: Oliphants, 1974, p.85.

²⁸ Beckwith, R.J. *The age of admission to the Lord's Supper*. Westminster Theological Journal, 1976, p. 137vv.

²⁹ Beckwith, R.J., *ibid.* p. 141.

genadeverbond volgens die Bybel. Die genadeverbond wat God met ons en ons kinders sluit, het twee kante. “We have to bear in mind that God’s covenant is unilateral in its origin but bilateral in its existence, as our Reformed fathers used to say. This is also reflected in the way they viewed the two sacraments, according to Scriptures... The one pointed more to that unilateral origin of the covenant, namely, baptism, whereas the other pointed more to the bilateral existence of the covenant, namely, the Lord’s Supper. In the former the child is passive, in the latter the believer is active. That is also the difference in the formulation between Q. 69 and Q. 75 of the Heidelberg Catechism.”³⁰ Dit is eensydig (monopleuries) in sy oorsprong - Dit kom enkel en alleen van God se kant af. Hy neem al die inisiatief in die totstandkoming van die verbond. Vgl bv. in Genesis 17 hoeveel keer beklemtoon die Here die woordjie “Ek sal ... My verbond... My verbond... My verbond.” Maar die verbond word tweesydig (dupleuries) in sy bestaan. Berkhof praat van “the dual aspect of the covenant.” By die ontstaan van die verbond is die mens totaal passief, maar God roep ons binne die verbond om op Sy verbondsliefde te reageer deur geloof en bekering. Daarom is die twee verbondstekens ook nie maar net dieselfde tekens nie. Nee, die doop is die teken van die inlywing in die verbond, terwyl die nagmaal die teken van die inblywing / groei in die verbond is. By die doop is mens passief. Jy word gedoop. Geen mens kan homself doop nie. Daarom kan klein kindertjies die doop ontvang as gawe van God, terwyl hulle eintlik nog nie regtig verstaan wat dit alles behels nie. In die nagmaal is die mens egter aktief: ons gedenk, ons glo, ons onderskei en ons verkondig... Dit veronderstel nie net dat die mens aktief is nie, maar ook dat daar ’n baie spesifieke geloofsinhoud is wat ons verkondig en bely. Daarom neem ons die brood, ons neem die beker, ons eet, ons drink, ons glo... Ons word gedoop, maar niemand word genagmaal nie. Nee, ons gebruik nagmaal as belydende lidmate wat ook in die nagmaal ons geloof bely en verkondig!

Dit is interessant om te onthou dat die besnydenis ingestel is as teken van die Abrahamverbond (Gen 17 en Gal 3). Wie in Christus glo, is kinders van Abraham en erfgename kragtens die belofte van die verbond. Galasiërs 3:28-29: “Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één.”²⁹ En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God.”

Die pasga is ingestel as teken van die Sinai verbond - die bevryding van Israel uit Egipte. Hoewel dit ’n bepaalde fase in die genadeverbond verteenwoordig, is dit tog anders. Paulus onderskei in Galasiërs 3 baie duidelik tussen die Abraham verbond en die Sinai verbond. Ons kan dus nie dieselfde parallel trek tussen pasga en nagmaal as wat ons trek tussen besnydenis en doop nie! Galasiërs 3:17 sê: “Die wet, wat eers vier honderd en dertig jaar later gekom het, kan nie hierdie verbond ongeldig maak, sodat God se belofte aan Abraham nie meer sou geld nie.”

Ons kan natuurlik ook onderskei tussen die juridiese en die gemeenskaps karakter van die verbond. Dit sal ons ook help om die verskil tussen doop en nagmaal as verbondstekens te verstaan.

³⁰ Deddens, K. *ibid.*

8. Kerklike opsig en tug

Volgens die Heidelbergse Kategismus lê die verantwoordelikheid vir die regte viering van die nagmaal by twee partye. Dit is die individuele gelowige maar ook die hele gemeente! Vraag 81 vra: wie moet kom? En vraag 82 vra: wie moet toegelaat word? Dit is die plig van die gemeente en kerkraad om toesig te hou oor die heiligheid van die nagmaal, daarom mag die besluit oor wie nagmaal mag gebruik, nooit slegs by die individu, of by sy ouers lê nie. Nee die kerkraad en hele gemeente moet betrokke wees by die toelating tot die nagmaalstafel. Dit is die sin en betekenis van die amptelike kategese en die openbare geloofsbelydenis. Die standaard vir gereedheid word nie in die hande van die individu gelaat nie, maar van die hele gemeente. By die kindernagmaal besluit elke kind self of sy ouers besluit vir hom oor sy gereedheid. Dit is 'n minagting van die gemeente en 'n ontduiking van die gemeente se gesamentlike verantwoordelikheid.

Die Hugenote in Frankryk het 'n baie interessante manier gehad om die gemeente en kerkraad se opsig en tug rondom die nagmaalstafel te kan beheer. Hulle het die Méreau (mv: méreaux) gebruik - vanaf 1550 tot in die middel van die 19de eeu. Die ouderling moes voor die nagmaal dit gaan uitdeel aan elke lidmaat wat toegelaat is om die nagmaal te gebruik. Diegene wat nie getrou was in die eredienste nie, of wat nie geloofsbelydenis afgelê het nie, of wat ergerlik gelewe het, kon nie een kry nie. By nagmaal moes hierdie skyfie dan aan 'n ouderling by die tafel oorhandig word in ruil vir die tekens van brood en wyn! Calvyn het hierdie gebruik ook aangemoedig. In sy brief van 1651 aan gelowiges in Frankryk moedig hy hulle aan om die Méreaux in gebruik te neem. Vir meer as 200 jaar handhaaf die kerk hierdie gebruik. Later by vervolgings deur die RK was dit ook 'n uitkenningsteken. Dit was gemaak van piouter (edeltin), of selfs leer, byewas of glas.

Gewoonlik was daar simbole op soos: Herder Jesus by Sy kudde.. Staf in linkerhand en trompet in regterhand... 2 vyebome weerskante... kruis en vaandel agter... kudde skape by Sy voete... Agterkant soms 'n Bybel oopgeslaan by Lukas 12:32 “*moenie bang wees nie, klein kuddetjie...*”

By die kindernagmaal word die kerkraad se toesighoudende taak byna onmoontlik gemaak. Niemand weet wat daardie kinders regtig glo en bely nie. So kom ook die eenheid om die nagmaal in die gedrang.

9. Geloof en Sakrament

Vir die gereformeerde kerke was daar nog altyd 'n onlosmaaklike verband tussen geloof en sakrament. Die nagmaal werk nie outomaties (*ex opere operato*) nie. As dit outomaties gewerk het, dan kon kinders nagmaal gebruik sonder om geloofsbelydenis te doen. Die gereformeerdes glo dat mens slegs deel kan hê aan die nagmaal deur 'n ware geloof.

Dit bring ons by die sg: “*Manducatio Indignorum*” (die maaltyd van die goddelose / ongelowige). Volgens die Roomse Kerk kry ook die ongelowige deel aan die Liggaam en Bloed van Jesus. In die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons egter as volg: “*Die goddelose mens ontvang wel die sakrament tot sy verdoemenis, maar hy ontvang nie die*

waarheid van die sakrament nie.”³¹ Vir Rome hoef mens nie aktief te glo om die inhoud van die sakrament te ontvang nie, daar moet net nie ’n sekere doelbewuste disposisie by jou teenwoordig wees nie.

Die voorstanders van die kindernagmaal verwing die verhouding tussen geloof en sakrament op verskillende maniere. Aan die een kant is daar diegene wat slegs vashou aan ’n subjektiewe geloof wat nie aan enige objektiewe inhoudelike maatstaf getoets hoef te word nie. Hulle sê doodeenvoudig: Kinders wat glo, kan nagmaal gebruik. Die “dat” van my geloof (*fides qua*) is belangrik, maar daar word nie gevra na die “wat”/ die inhoud (*fides quae*), van my geloof nie. Aan die ander kant is daar weer van hulle wat die “wat” van geloof so verobjektiveer dat die persoonlike geloofsoortuiging nie meer belangrik is nie. Flip Theron praat van die “korporatiewe denke” van die Bybel. Hy sê: “Meestal egter verraai die beswaar teen kinderkommunie op grond van die feit dat die kind nog nie goed die betekenis van die nagmaal verstaan nie, die Protestantse neiging tot individualisme. ... Wie egter vanuit die verbondsgemeenskap dink, het hiermee geen probleem nie”. By die nagmaal word volgens hom nie die individu nie, maar die gemeente se geloof bely. Die kind hoef dit nie persoonlik ook te verstaan en te bely (*fides qua*) nie, Hy bely dit mos korporatief saam met die gemeente.³²

Die Bybel ken wel ’n soort korporatiewe denke, maar nooit in die sin dat die individu sy gebrek aan geloof agter die groep kan verberg nie. Inteendeel, mens kan eers die geloof van die gemeente regtig bely as dit ook jou persoonlike geloofsoortuiging is. Vgl 1 Petrus 1:10! Die Bybel waarsku wel ernstig teen ’n korporatiewe verantwoordelikheid om toe te sien dat die individu nie God se oordeel oor die hele gemeente bring nie. So is Agan se hele huis korporatief gestraf, omdat hy as individu gesondig het (Jos 7:1-24). God straf ook die gemeente korporatief omdat hulle toegelaat het dat sommige individue die nagmaal ontheilig (1 Kor 11:30). Daarom waarsku die Heidelbergse Kategismus reeds in vraag 81 teen God se korporatiewe straf as die gemeente nie behoorlik toesig hou oor die individu se gedrag by die nagmaal nie: “Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente gewek.”

10. Die gereformeerde belydenisskrifte

Kinderkommunie is teenstrydig met bykans al die gereformeerde belydenisskrifte.

10.1 die Heidelbergse Kategismus

- * Wie die geskiedenis en die sin van die samestelling van die HK ken, sal weet dat die HK juis opgestel is met die doel om jong dooplidmate te begelei vanaf die doop tot by die nagmaal. In die Kerkorde van Paltz het die Heidelbergse Kategismus doelbewus tussen die Doopformulier en die Nagmaals-formulier gestaan. Dit het letterlik die brug gevorm tussen doop en nagmaal.
- * Wat is ware geloof? Die Algemene Sinode van die NG Kerk het besluit dat kinders wat glo, nagmaal kan gebruik. Indien ons by ons eie belydenis bly, dan beteken dit eintlik

³¹ Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 35.

³² Theron, P.F. *Suigelingdoop en kinderkommunie*, NGTT, vol xxxv, no2, 1994, p 296-305.

kinders wat behoorlik gekatkiseer is. Vraag 21 van die HK vra: Wat is ware geloof? Die antwoord is dan: “’n Ware geloof is nie alleen ’n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in Sy Woord aan ons openbaar het, vir waar aanvaar nie, maar ook ’n vaste vertroue, wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit louter genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid, geskenk het.” Hier is baie duidelik ’n ewewig tussen *fides qua* en *fides quae*! As dit die enigste manier is hoe ons ware geloof kan meet, dan is kindernagmaal voor kategese en geloofsbelofenis uitgesluit. Die geloof wat veronderstel word, is nie ’n leë paaseier geloof nie. Dit is geloof wat gebou is op die kennis (kategese) en aanvaarding van die hele Bybel!

- * Vraag 81 wat handel oor wie moet na die nagmaal kom bevestig ook dat dit kindernagmaal uitsluit. Die antwoord kom neer op iemand wat aan drie vereistes beantwoord nl: kennis (geloofskennis) van sonde, geloofskennis van verlossing, en van dankbaarheid. Die antwoord veronderstel dus weereens ’n kennis van die hele Heidelbergse Kategismus. Dit sluit dus nagmaal voor kategese en geloofsbelofenis uit.
- * Die ware selfondersoek van vraag 81 veronderstel sonder twyfel slegs volwasse belydende lidmate wat reeds instaat is om te gedenk, te onderskei, te verkondig en te glo.
- * Ook vraag 82 wat handel oor wie moet toegelaat word, bevestig dat kindernagmaal nie inpas in die HK nie. Hierdie antwoord veronderstel ’n stelsel van behoorlike kerklike opsig en tug rondom die toegang tot die nagmaalstafel. Die gedagte dat elke individu of elke ouer besluit oor toelating is dus totaal uitgesluit. Die gemeente is korporatief verantwoordelik vir die toelating tot, en die weerhouding van die nagmaalstafel. Die maatstaf bly die eer van God, nie die behoefte van die mens nie!

10.2 Die Nederlandse Geloofsbelofenis

Ook die Nederlandse Geloofsbelofenis kan alleen reg verstaan word teen die agtergrond van kategese en openbare geloofsbelofenis as toegang tot die nagmaalstafel. In sy kommentaar op die Nederlandse Geloofsbelofenis verklaar Johan Heyns artikel 35 as volg: “Daarom is die antwoord op die vraag wie nagmaal mag gebruik, eenvoudig: alleen hulle wat op grond van hulle geloofsbelofenis in die kerk van Christus ingelyf is.”³³

10.3 Die Westminster Larger Catechism

Afgesien van verskeie ander vrae wat alleen verklaar kan word vanuit die stelsel van doop, kategese, openbare geloofsbelofenis en dan nagmaal, staan daar in vraag 177 uitdruklik dat die nagmaal slegs bedien kan word aan persone wat reeds ’n bepaalde ouderdom bereik het wat hulle instaat stel om die regte selfondersoek te kan doen: “and that only to such as are of years and ability to examine themselves.” Hierdie antwoord handel ook breedvoerig oor die verskil tussen doop en nagmaal. Dit bevestig dat die voorstanders van kinderkommunie wat doop en nagmaal byna gelyk stel, nie in lyn is met die gereformeerde interpretasie van die Bybel nie!

³³ Heyns, J.A. *Inleiding tot die Dogmatiek aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelofenis*. NG Kerkboekhandel, 1988, p. 389.

Verder kan ook gekyk word na vraag 171, 173, 174, 175 en 176.

DEEL IV – DIE STAAT

Is die Calvinisme met Kommunisme versoenbaar?

deur dr. F.N. Lee

1. Inleiding

In hierdie kort rede, moet ek sterk daarteen waak om die ganse inhoud en selfs my kritiek op die kommunisme vanuit my doktorske proefskrif oor die kommunistiese eskatologie hier te probeer aanbied. Vanweë tydbeperkings, het ek gemeen dat dit die beste sou wees om slegs die lewensbeskouing van die Marxistiese sosialisme en veral sy meer konsekwente bondgenoot die Marxisties-Leninistiese kommunisme hier aan u voor te stel.

Eers aan die einde van die lesing sal ek die onversoenbaarheid tussen die kommunisme en die Christelike geloof probeer uitwys – indien dit dan nog enigsins nodig sal wees. Daarna wil ek u vriendelik uitnooi om enige vrae eers dan aan my te stel.

2. Dialektiese en Historiese Materialisme

Die diepste grondgedagtes van die kommunisme is die dialektiese materialisme en die historiese materialisme. Met *dialektiese materialisme* word bedoel die kommunistiese beskouing dat die natuur en alle natuurdinge bloot stof-in-beweging is. Met *historiese materialisme* word bedoel die kommunistiese beskouing dat die geskiedenis van die mens en al sy kultuurdinge in laaste instansie deur sosio-ekonomiese faktore bepaal word.

Die dialektiese materialisme of kommunistiese natuurfilosofie behels verskillende onderafdelings soos die ontologie of sinsleer, die kosmogonie of wordingsleer, en die kosmologie of leer van die natuurwêreld en die plantewêreld en die dierewêreld; en die historiese materialisme of kommunistiese kultuurfilosofie behels ook verskillende onderafdelings soos die antropologie of menskunde, die epistemologie of kennisleer, en die sosiologie of maatskappyleer. In laaste instansie stoel ook die historiese materialisme egter weer op die dialektiese materialisme – aangesien ook die mens, streng gesproke, slegs 'n baie komplekse vorm van stof-in-beweging sou wees. Gevolglik moet ons bespreking by die dialektiese materialisme begin.

Sowel die dialektiese materialisme as die historiese materialisme word gekenmerk deur ateïsme, materialisme, ewolusionisme, ekonomisme, rewolusionisme, sosialisme en utopisme. Dit word in die kommunistiese lande (soos Rooi-Sjina, Noord-Korea en Kuba, ens.) in die skole en die universiteite, in koerante en boeke en tydskrifte, oor die radio en die beeldradio, en deur middel van die rolprentwese gepropageer.

In hierdie rede wil ons stilstaan by die kommunistiese opvatting aangaande God, die oorsprong van die heelal, die oorsprong en wese van die mens, die kommunistiese rewolusionêre oornam van die wêreld en die daaropvolgende ontwikkeling van die wêreldwye kommunistiese vrederyk.

3. Die kommunistiese opvatting aangaande God

Die grondgedagtes van die kommunisme is sy *ateïsme* en sy *materialisme*, en hierdie twee gaan saam. Suiwer ateïsme, die gedagte dat daar geen god hoegenaamd is nie, is onmoontlik. Hiermee word bedoel dat nie die Drie-enige God nie, maar die materie of stof die ware God sou wees. Gevolglik word die sogenaamde ateïsme bevorder, sodra die mens hom vaskyk teen die stoflike en geen of nie genoeg oog vir die geestelike het nie.

“Die religie van die arbeiders erken geen God nie, omdat dit probeer om die godheid van die mens te herstel.”¹ So skrywe Karl Marx. “Waarlik, ek haat alle gode”, verklaar hy elders, naamlik in sy “leuse teen alle gode in die hemel of op aarde wat nie die bewussyn van die mens as die opperste godheid wil erken nie”; want “daar mag geen god dááran gelyk wees nie.”²

Hierdie goddeloosheid kom geensins alleen by Marx voor nie. Ook volgens sy medekommunis Friedrich Engels “bestaan daar niks bonatuurliks of bo-mensliks nie... Die hoër wesens wat deur ons godsdienstige verbeelding geskep word, is tog maar net die fantastiese weerkaatsing van ons éie wese” – terwyl “godsdien in die oertyd ontstaan het uit verkeerde oerbegrippe van die mens aangaande sy eie wese en die omliggende uitwendige natuur.”³ Gevolglik is daar “teenswoordig in ons ewolusionistiese wêreldbeskouing geheel en al geen plek vir ’n Skepper of ’n Regeerder nie; en die gedagte van ’n Opperwese buite die ganse bestaande wêreld, is ’n absolute teenspraak.”⁴

4. Lenin se Godslastering

Vladimir Lenin spreek hom nog duideliker uit. “Die wysgerige grondslag van die Marxisme is die dialektiese materialisme – materialisme wat onvoorwaardelik goddeloos en teenoor elke godsdien beslis vyandig is... Die Marxisme beskou alle hedendaagse godsdienste en kerke en alle godsdienstige organisasies as niks anders nie as die organe van die middelklasreaksie wat uitbuiting verdedig en die arbeidersklas wil bedrieg en verwar... *Marxisme is materialisme*. As sodanig is dit net so genadeloos vyandiggesind teenoor die godsdien, as die materialisme van die ensiklopediste van die agtiende eeu of die materialisme van Feuerbach. Dit kan nie betwyfel word nie. *Ons moet veg teen die godsdien*. Dit is die *ABC* van die hele materialisme en gevolglik ook van die Marxisme.”⁵

In sy brief aan Gorki,⁶ maak V.I. Lenin ook die verdere godslasterlike stelling: “Elke godsdienstige idee, elke idee van enige soort God, selfs enige flankeer met God, is ’n onuitspreklike verfoeisel – die gevaarlikste verfoeisel, die afstootlikste besmetting.”

In die plek van God, wat deur die ateïsme verontgoddelik word, stel die kommuniste die vergoddelike stof van die *materialisme*. Die stof as sodanig word feitlik as ’n afgod aanbid.

¹ Marx aan Hardmann. Gesitêr deur Wurth: *Het Christelijk Leven*, Kok, Kampen, Nederland, III, p. 116.

² Marx: Voorwoord tot D.Phil.-proefskrif: *The difference between the Natural Philosophy of Democritus and the Natural Philosophy of Epicurus*, in *K. Marx and F. Engels on Religion (MER)*, Foreign Languages Publishing House (FLPH), Moskou, 2de oplaag, p.15.

³ Engels: *Ludwig Feuerbach and the end of Classical German Philosophy* in *MER*, pp. 224 en 263.

⁴ Engels: *Socialism: Utopian and Scientific (SUS)*, in *MER*, p. 295.

⁵ Lenin: *On the Relationship of the Proletarian Party to Religion*, in *LUR*.

⁶ Lenin aan Gorki, November 1913, in *LUR*, p. 48.

Vir Engels “het die wêreld vanaf alle ewigheid bestaan.”⁷ Die heelal “is niks anders nie as die somtotaal van stoflike dinge”;⁸ en “die ware eenheid van die wêreld setel in sy stoflikheid.”⁹ Vir Lenin is die “stof... die objektiewe werklikheid wat met waarneming aan ons oorgedra word.”¹⁰ En vir Stalin “bestaan die veelvuldige verskynsels van die wêreld uit verskillende vorme van stof in beweging.”¹¹

5. Die kommunistiese opvatting aangaande die oorsprong van die heelal

Ateïsme en materialisme is nie die enigste kenmerke van die kommunisme nie. Die *ewolusionisme* is ’n ewe belangrike grondgedagte. Want volgens die kommunisme is stof nooit staties of stilstaande nie, maar altyd dinamies of in beweging. Soos Lenin dit stel, “dit maak tog geen verskil of ons sê dat die wêreld bewegende stof is of dat dit stoflike beweging is nie.”¹² Alle dinge ewolueer of verander vanself.

Volgens Engels¹³ is “sowel die stof as sy bestaansmodus, die beweging, onskepbaar” en ongeskape, want “stof sonder beweging is ewe ondenkbaar as beweging sonder stof.”¹⁴ En volgens Lenin “is daar niks in die wêreld behalwe stof in beweging nie.”¹⁵ Met ander woorde, alles in die heelal sou stof wees wat besig is om te ewolueer of volgens sy eie inherente kragte te ontplooi.

Dit is veral die berugte kommunis Friederich Engels wat die kommunistiese siening van die oorsprong van die heelal ontwerp het. “Die gloeiende roumateriaal van die sonnestelsels van ons heelal is op natuurlike wyse veroorsaak deur ómsetting van beweging wat van nature in bewegende stof insetel.”¹⁶

Engels noem verder dat “die ganse natuur, van die kleinste af tot die grootste bestanddeel toe, van die korreltjies af tot die sonne toe, van die primitiefste lewende wese af tot die mens toe, in ewige wording en verwording, in onophoudelike vloeiing, in rustelose beweging en verandering voortbestaan.” Aanvanklik het “die ontelbare sonne en sonnestelsels van ons eie sterrestelsel (wat met die buitenste sterreringe van die Melkweg begrens word), deur sametrekking en verkoeling van draaiende en gloeiende dampmassas ontwikkel.” Toe begin “die afsonderlike liggame... afkoel – allereers die satelliete, planeetjies en komete”, terwyl “die planete stadiger afkoel.”

As gevolg van die “toenemende afkoeling, loop die uitwisseling van die fisiese bewegingsvorme” op ons aarde op “die gevolglike oorgang van een deel van die gas eerstens in vloeistof en dan in ’n soliede toestand” uit, totdat die tyd uiteindelik aanbreek “wanneer die planeet ’n vaste kors en waterversamelings op sy oppervlak verkry”, waarna

⁷ Engels: *Ludwig Feuerbach*, Stuttgart, 1888, p. 68.

⁸ Engels: *Anti-Dühring*, Leipzig, 1878, p. 53.

⁹ Engels: *Dialectics of Nature*, Moskou & London, 1953/4, p. 312-3.

¹⁰ Lenin: *Materialism and Empirio-Criticism*, Moskou, 1952, p. 117.

¹¹ Stalin: *Dialectical and Historical Materialism*, in *Problems of Leninism*, 11de uitgawe, p. 5414.

¹² Lenin: *Materializm i empiriokrititsizm: Sochineniya*, XXIV, Moskou, p. 257.

¹³ Engels: *Dialectics of Nature*, p. 337.

¹⁴ Engels: *Anti-Dühring*, p. 78.

¹⁵ Lenin: *Materialism and Empirio-Criticism*, p. 162.

¹⁶ Engels: *Dialectics of Nature (DoN)*, in *MER*, p. 172.

“sy atmosfeer die toneel van weerkundige verskynsels” en “sy oppervlak die toneel van geologiese veranderings” word.¹⁷

6. Ewolutionisme en die ontstaan van die lewe

Hierdie veranderde omgewingsfaktore loop nou uit op die ewolutionêre ontstaan van die lewe: “Indien die temperatuur sodanig gelyk word dat dit oor minstens ’n taamlike deel van die oppervlak nie meer die grense oorskry waarbinne eierwit lewensvatbaar is nie, dan”, verduidelik Engels,¹⁸ “indien ander chemiese voorvereistes gunstig is... word lewende protoplasma geformeer...”

“Dit mag wees dat duisende jare verbygegaan het voordat die omstandighede ontstaan het waaronder die volgende vooruitgang kon plaasvind toe die vormlose eierwit die eerste sel kon produseer deur middel van ’n kern en om selweefsel te formeer. Maar hierdie eerste sel het ook die grondslag gebied vir die ontwikkeling van die ganse organiese wêreld. Die eerste ontwikkeling... was ontelbare soorte nie-selvormige en selvormige Protista... waarvan sommige trapsgewys in die eerste plante en ander in die eerste diere gedifferensieer is. En uit die eerste diere, hoofsaaklik as gevolg van verdere differensiasie, kom die ontwikkeling van talryke klasse, ordes, families, geslagte en soorte diere; en eindelik soogdiere, dié vorm waarin die senuweestelsel tot sy volste ontwikkeling kom; en hieronder weer eens, uiteindelik dié soogdier waarin die natuur selfbewussyn bereik – die mens.”

Slegs hier sal ons ’n paar Christelike opmerkings maak. Want juis hier lê m.i. nie alleen die wese van die kommunisme nie – maar ook die swak punt van amper alle antikommunistiese stelsels behalwe die Christendom. Want baie natuurwetenskaplike handboeke en veral die oorweldigende meerderheid van handboeke in die biologie is vandag nog altyd ewolutionisties, wat hetsy bewustelik hetsy onbewustelik die doelstellings van die kommunisme bevorder.

Hierdie goddelose en ewolutionistiese kommunistiese weergawe van die oorsprong en ontwikkeling van die heelal word lynreg veroordeel deur die stelling van die Bybel: “In die begin het God die hemel en die aarde geskape.”¹⁹ Daarná, vir ’n menslik-onbekende tydskuur, was die aarde “woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed”; maar God die Heilige Gees, “die Gees van God, het gesweef op die waters” en die woeste oerstof geformeer wat God die Vader voorheen geskape het – terwyl God die Seun, die Goddelik-gesproke Woord van God, uit die boesem en uit die mond van God die Vader voortgegaan het en die oerskepping verlig het.

Dit blyk wel uit die Bybelse stelling: “En God het gesê: ‘Laat daar lig wees!’ En daar was lig.”²⁰ “Deur die Woord van die Here is die hemele gemaak en deur die Gees van Sy mond hulle hele leer... Want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan.”²¹

¹⁷ *Idem*, p. 164v.

¹⁸ *Idem*, p. 166v.

¹⁹ Gen. 1:1.

²⁰ Gen. 1:2; vgl. Job. 1:1-18.

²¹ Ps. 33:6, 9.

Na die formering van lig, het die Drie-enige God agtereenvolgens die aarde se atmosfeer en die droë grond en die plantegroei verordineer, en ook die son en die maan om die aardse tyd af te meet. Toe het God die water en die lug en uiteindelik die land met lewende diere gevul. Al die basiese grondsoorte, al die waaragtige geslagte, het die Here God volgens hulle eie onveranderlike aard gemaak, almal “volgens hulle soorte”. *Dit beteken nie dat individuele variasies binne elke waaragtige grondsoort nie moontlik is nie, maar dit beteken wél dat alle variasies binne hulle basiese grondsoorte beperk bly.* Die Bybel verwerp die onbewese teorieë van die ewolusionisme en weet niks van die afstamming van alle plante en diere uit een of ander tipe oersoort nie. In plaas daarvan leer die Bybel die goddelike formering van baie aparte kategorieë van basiese grondsoorte van alle lewende wesens: gerubs en serafs, grassoorte en vrugtebome, seediere en voëls, kruipende diere en wilde diere, almal “volgens hulle soorte.”²²

7. Die kommunistiese opvatting aangaande die oorsprong en wese van die mens

Kommuniste glo dat die mens soos alle ander dinge maar net 'n deel van die natuur en van die stoflike heelal is. Lank, lank gelede, “baie honderdduisende jare gelede”, skryf Engels,²³ “was 'n spesiale en hoogontwikkelde mensagtige aapas êrens in die tropiese gebied woonagtig – waarskynlik in 'n groot vasteland wat nou tot onder op die Indiese Oseaanbodem neergesink het. Toe die differensiering van hand en voet en 'n regop-postuur na duisende jare van stryd tot stand gekom het, het die mens anderssoortig as die aap geword, en die grondslag is toe gelê vir die ontwikkeling van geartikuleerde spraak en die magtige ontwikkeling van die brein wat die kloof tussen die mens en die aap sedertdien onoorbrugbaar gemaak het. Die spesialisasie van die hand impliseer die werktuig, en die werktuig impliseer spesifiek-menslike aktiwiteite of *produksie*, dit wil sê, die wesensveranderende reaksie van die mens op die natuur.”²⁴ So word die mens deur arbeid en tot arbeid geskape. Die mens *is* arbeid; die arbeidsmens *homo laborans*; die vervaardigende mens *homo faber*, 'n “werktuigvervaardigende dier.”²⁵

Karl Marx stel dié grondgedagte soos volg: “In die sosiale produksie wat mense beoefen, gaan hulle definitiewe en onvermydelike verhoudings aan, wat onafhanklik van hulle wille is; hierdie verhoudings kom ooreen met 'n definitiewe ontwikkelingsstadium van hulle stoflike produksie-kragte. Die somtotaal van hierdie produksieverhoudings verteenwoordig die ekonomiese struktuur van die gemeenskap – die werklike fondament waarop 'n wetlike en politieke bobou verrys en waarmee definitiewe vorme van sosiale bewussyn ooreenkom. Die wyse van produksie in die stoflike lewe bepaal die algemene sosiale, politieke en intellektuele lewensprosesse.”²⁶

²² Gen. 1:6 na 2:3; vgl. Lev. 11:13v.

²³ Engels: *The Part Played by Labour in the Transition from Ape to Man (PPL)*, in *Selected Works of Marx and Engels (SW)*, FLPH, II, p. 74v.

²⁴ Engels: *DoN*, in *MER*, p. 167.

²⁵ Marx en Engels: *Das Historische Materialismus (HM)*, gesiteer in Kraan: *Een Christelike Confrontatie met Marx, Lenin, en Stalin*, Kok, Kampen, Nederland, (CC), 1953, p. 62 n.118.

²⁶ Marx: Voorwoord tot *A Contribution to the Critique of Political Economy*, in *Selected Works*, red. Adoratsky, Moskou-Leningrad, 1935-36, 1, p. 356.

Dit beteken dat die mens se gedagtes, geskiedenis, taalwese, omgang, kuns, wette, sedes en geloof in laaste instansie deur ekonomiese oorwegings bepaal word. Die eerste gesin, byvoorbeeld, het as ekonomiese eenheid ontstaan, om in 'n ekonomiese nood te voorsien, en die “vrou en kinders was die eerste slawe van die man”; “die eerste (private) eiendom.”²⁷

Oorspronklik sou die mens in 'n gemeenskaplike kudde gewoon het. Volgens Lenin het die mens afgestam van 'n “kudde ape”²⁸ wat volgens Engels “groepsgeewyse in die bome gelewe het”,²⁹ naamlik as “'n kudde boomklimmende ape.”³⁰ En volgens Marx het die mens “'n barbaar geword, nadat hy opgehou het om 'n aap te wees”³¹ *Gevolglik bly die kommunistiese kudde waaruit die mens sou ontstaan het, nog altyd die kommunistiese ideaal vir die toekoms van die mens.*

Aanvanklik was daar “'n tydperk van buite-egtelike geslagtelike omgang wat ooreengekom het met die oorgangstydperk tussen dierlikheid en menslikheid”, verduidelik Engels,³² terwyl dit later ontwikkel het tot “die groeophuwelik, dié huweliksvorm waarin hele groepe mans en hele groepe vroue aan mekaar behoort, wat min ruimte vir jaloesie aanbied.” “Die bestudering van die geskiedenis van die oermaatskappy toon toestande waarin mans in veelwywery en hul vrouens in veelmannery geleef het, en waar die gemeenskaplike kinders dus as behorende aan almal in die algemeen beskou is; hierdie toestande op hulle beurt ondergaan weer 'n hele reeks veranderings totdat hulle uiteindelik in monogamie opgelos word.”

8. Die ekonomisme en die ontstaan van volkere

Die spanning tussen die geslagte het toegeneem as gevolg van ekonomiese vervreemding tussen man en vrou en daarna tussen mens en medemens. Die “vermenigvuldiging van die bevolking” het inderdaad hand aan hand met die “arbeidsverdeling” ontwikkel, welke arbeidsverdeling volgens Marx en Engels³³ “oorspronklik niks anders as die arbeidsverdeling in die geslagsdaad was nie.”

Deur die daaruitvoortvloeiende vervreemding het die vrou die eerste voorwerp van slawerny geword wat aan die mensheid bekend is, met die gevolg dat die mens vandag nie bevry kan word tensy ook die vrou gelyktydig bevry word en tot 'n peil van algehele menslike gelykheid aan die man opgehef word nie. Want “vrou en kinders is die slawe van die man. Hierdie verborge slawerny in die huisgesin, hoewel nog altyd baie primitief, is nogtans die eerste eiendom.”³⁴

²⁷ Marx en Engels: *German Ideology*, International Publishers, Nieu-York, 1965, p. 21; vgl. in *Marx and Engels on Religion*, p. 76.

²⁸ Lenin: *The State & Revolution (S&R)*, gesitêr deur in Wetter se *Philosophie und Naturwissenschaft in der Sowjetunion*, Rowohlt, Hamburg, Duitsland, 1958, p. 97.

²⁹ Engels: *PPL*, in *SW, II*, p. 74v.

³⁰ *Ibid.*, II, p. 78.

³¹ Marx. *Critique of the Gotha Programme (CGP)*, in *SW, II*, p. 18.

³² Engels: *The Origin of the Family. Private Property and the State (OoF)*, FLPH, Moskou, 6de oplaag, p. 55 en 48.

³³ Marx en Engels: *The German Ideology (GI)*, in *MER*, p. 76.

³⁴ Marx en Engels: *GI*, International Publishers, Nieu-York, 1965, p. 21.

Volgens Marx³⁵ was daar “aanvanklik minder onderskeid tussen ’n lasdraer en ’n filosoof as tussen ’n trekhond en ’n windhond”, maar mense het “hulle van die diere begin onderskei sodra hulle hul eie onderhoudingsmiddele begin **produseer** het.”³⁶ Uiteindelik is die slawe- arbeid van vroue en kinders binne die huisgesin met “die byvoeging van een of meer vreemdelinge as addisionele arbeidskragte” aangevul,³⁷ wat spoedig uitgeloop het op “die verdeling tussen stoflike en geestelike arbeid” en “die onderskeid tussen hande- arbeid en verstandelike arbeid”.³⁸

So het die verhouding tussen werkgewer en werknemer ontstaan, waarin die vervaardigende werknemer vervreemd raak van dit wat hy self vervaardig het – die eiendom waarvan aan die werkgewer behoort wat die voorwerp nie sêlf vervaardig het nie. Toenemende arbeidsverdeling tussen die hande- arbeid van produsente en die verstandelike arbeid van opsigters het tot die verdere vervreemding tussen hand en hoof bygedra, en het uiteindelik uitgeloop op die vervreemding tussen stad en platteland en tussen die een volk en die ander.

“Die arbeidsverdeling binne-in ’n volk,” verduidelik Marx en Engels,³⁹ “lei eerstens tot die vervreemding van nywerheidsarbeid en handelsarbeid van landbouarbeid, en gevolglik tot die vervreemding tussen stad en platteland en ’n botsing van belange daartussen.” So word die stedeling “’n verstandelik-verskraalde stadsdier” en die boer “’n verstandelik-verskraalde landsdier.”⁴⁰

As gevolg van die altyd toenemende spanning tussen voormalige en huidige toestande, het die owerheid ontstaan om die oudmodiese en daarom kunsmatige wette van die verlede in die hede te handhaaf, en die priesterskap het ontstaan om die oudmodiese godsdiens te handhaaf. Want sowel die gereg as die godsdiens is maar net die onnatuurlike weerkaatsing van die mens se huidige ekonomiese vervreemding van sy oerkommunistiese verlede. Volgens Lenin is die owerheid “’n werktuig vir die onderdrukking van die een klas deur die ander” wat slegs sy verskyning maak “wanneer die klasseverdeling tussen uitbuiters en uitgebuitenes verskyn, terwyl daar geen owerheid was toe daar geen klasse was nie – geen uitbuiters, geen uitgebuitenes nie.”⁴¹ Godsdienste en hulle gode “word uitgedink deur die priesters” en “is produkte van ’n sieklike verstand.”⁴² “Godsdienste is ’n soort geestelike sterkdrank waarin die geldslawe hulle menslikheid en hulle eis vir ’n min of meer menswaardige lewe verdrink.”⁴³

Eindelik, volgens die kommuniste, toe mense vermenigvuldig het en om ekonomiese redes uitmekaargedryf het, het die verskillende rasse, nasies en volke begin ontwikkel. “Die mens”, skrywe Engels,⁴⁴ “het geleer hoe om in enige klimaat te lewe, en het oor die hele

³⁵ Marx’s *The Poverty of Philosophy (PoP)*, p. 125, gesitêr in Kraan: *CC*, p. 62, n.120.

³⁶ Marx en Engels: *GI*, International Publishers, p. 7.

³⁷ Engels: *Anti-Dühring (A-D)*, Lawrence and Wishart (L&W), London, 1934, p. 202.

³⁸ Marx en Engels: *GI*, in *Marx-Engels Gesamtausgabe (MEGA)*, Berlyn, 1932, 1/5, gesitêr in Bottomore en Rubel: *Karl Marx: Selected Writings in Sociology and Social Philosophy*, Watts en Kie, London, 1956, p. 92.

³⁹ Marx en Engels: *GI*, International Publishers, p. 8.

⁴⁰ Marx en Engels: *HM*, II, p. 44, gesitêr in Kraan: *CC*, p. 63.

⁴¹ Lenin: *The State*, in *Soviet Legal Philosophy*, p. 4-9, gesitêr in Kelsen: *The Communist Theory of Law*, Stevens en Seuns Bpk., Londen, 1955, p. 54.

⁴² Lenin: *Materialism and Empirio-Criticism*, L&W, London, 1947 (*Coll. Works*, XIII, p. 152).

⁴³ Lenin: *Sozialismus und Religion*, in *LUR*, p. 7.

⁴⁴ Engels: *PPL*, in *SW*, II, p. 80. Vgl. Marx: *Capital*, Geo. Allen en Unwin Bpk., London, 1938, p. 344 en n.

bewoonbare wêreld versprei.” Namate die produksiemagte van die primitiewe mens toeneem, so “skep die toenemende bevolkingsdigtheid hier gemeenskaplike belange en daar botsende belange tussen die aparte gemeenskappe”;⁴⁵ terwyl “die rasse self ’n ekonomiese faktor is.”⁴⁶ So ontdek ons dat “waar die natuur die mens te kwistig behandel, sy hom nie noodsaak om hom te ontwikkel nie”, verklaar Marx,⁴⁷ terwyl “dit nie die tropiese gebiede met hulle weelderige plantegroei is waar die kapitalisme gebore is nie, maar die gematigde lugstreek”. En dit, het Engels gemeen,⁴⁸ verduidelik ook waarom die “Australiese natuurlike en baie inboorlinge van die Stille Oseaan-eilande tot vandag toe in die middeltydperk van die barbarisme is.”

9. Die kommunistiese opvatting aangaande wêreldrewolusie

Die volgende en baie belangrike grondgedagte van die kommunisme wat ons aandag moet geniet, is sy *rewolusionisme*. Dit is ’n logiese uitvloeisel van sy ewolusionistiese grondgedagte, want ’n rewolusie of ’n verandering by wyse van omvêrping van die bestaande orde is tog maar net ’n diepgrypende en versnelde ewolusie.

As gevolg van die ekonomiese klassestryd tussen man en vrou, meester en slaaf, en kapitalis en proletariër, neem die menslike vervreemding al hoe meer toe namate die gemeenskap ontwikkel vanuit die sg. “primitiewe kommunisme” deur slawerny en feudalisme na die eindstadium van die kapitalisme – beter bekend as die “kolonialisme” of die “neo-imperialisme”⁴⁹ – vlak voordat die mens ’n rewolusionêre sprong maak na die ryk van die vryheid, deur die kapitalistiese lande en hulle lewensbeskouing met ’n kommunistiese oorname te vernietig.

Op die voetspoor van die Franse Rewolusie van 1789 en ’n hele reeks rewolusies in Wes-Europa in die negentiende eeu, volg die Russiese Rewolusie van 1917, die prototipe van alle kommunistiese rewolusies daarná, totdat die hele wêreld deur die kommunisme verower sou word.

Dié oorname word deur die Kommunistiese Party bewerkstellig, wat ander nie-kommunistiese linkse partye infiltreer en ook met hulle en ander fronte en onskuldige instansies saamwerk ten einde die suiwer kommunistiese doeleindes te bereik. Soos Marx dit stel, “orals ondersteun die Kommuniste elke rewolusionêre beweging teen die bestaande sosiale en politieke orde... .. orals werk hulle vir die vereniging en ooreenkoms van die demokratiese partye van alle lande.”⁵⁰

“Die Bolsjewiste (of Kommuniste)”, skryf Lenin,⁵¹ “het alliansies tussen die arbeidersklas en die kleinboerestand teenoor die liberale middelklas en adeldom stelselmatig voorgestaan – terwyl hulle egter nooit weier om die middelklas teen die adeldom te steun nie... Op die einste oomblik van die Oktober-rewolusie (in Rusland in 1917), het ons ’n

⁴⁵ Engels: *A-D.*, p. 201.

⁴⁶ Engels aan Starkenburg, 28 Januarie 1894, in *Selected Correspondence of Marx and Engels, 1846-95* (SC), Martin Lawrence (ML), London, 1934, p.517.

⁴⁷ Marx: *Capital*, I, p. 522.

⁴⁸ Engels: *OoF*, p. 35.

⁴⁹ Vgl. Lenin: *Imperialism – the Highest Stage of Capitalism*, Progress Publishers, Moskou.

⁵⁰ Marx (en Engels): *Manifesto of the Communist Party (MCP)*, Progress Publishers, Moskou, p. 103.

⁵¹ Lenin: *‘Left-Wing’ Communism, an Infantile Disorder (LWC)*. Progress Publishers, Moskou, p. 53.

informele dog lewensbelangrike (en uitermate suksesvolle) politieke ooreenkoms met die laer-middelklas aangegaan deur die Sosiaal-Rewolusionêre (Party se) landbouprogram in sy geheel te aanvaar.”

Die Kommunistiese Partye van die wêreld het ’n definitiewe plan vir wêreldoorname – een-en-twintig voorwaardes waarvan reeds deur Lenin in 1920 neergelê is.

Planne behels onder meer: “die skepping van ’n parallelle onwettige organisasie orals, wat op die beslissende oomblik die party moet help om sy plig teenoor die rewolusie na te kom”; “volgehoue en stelselmatige propaganda en opsweping... in die leër”; veroordeling van “al die metodes van die imperialiste in die kolonies” en steun aan die “bevrydingsbeweging(s) in die kolonies” (wat steun aan verbode terroriste-organisasies teen die vorige Suid-Afrikaanse staat sou insluit); “stelselmatige en volgehoue kommunistiese optrede in die vakverenigings”; die verpligting “om elke moontlike soort hulp aan die Sowjet-republieke in hulle stryd teen alle teenrewolusionêre magte te verleen”; en “die voer van ’n beslissende oorlog teen die ganse nie-kommunistiese wêreld.”⁵²

10. Die tegniek van rewolusie

Die tegniek van die teweegbring van ’n kommunistiese rewolusie is baie subtiel. Eerstens probeer die kommunisme die welwillendheid van andersdenkende nasies verkry deur lenings te skenk, handel te drywe, vrede te bied, propagandaprogramme uit te saai, leesstof te versprei, en tegniese hulp te bied. Tweedens probeer hulle die invloedrykste instansies van andersdenkendes te infiltrer, soos vakverenigings, skole en universiteite, koerante, en selfs kerke en politieke partye.

Soos Marx⁵³ dit stel, “orals ondersteun die kommuniste elke rewolusionêre beweging teen die bestaande sosiale en politieke orde... .. orals werk hulle vir die vereniging en ooreenkoms van die demokratiese partye van alle lande”, ook deur middel van frontorganisasies. Derdens veroorsaak die kommuniste chaos deur middel van die organiseer van stakings, sabotasie en rassebotsings, die verdeling van hul opponente en selfs die uitbuiting van onvoorkombare natuurrampe en vervoerrampe. En vierdens volg die gewapende toeslag en bloedvergieting van binne (en soms ook van buite) die betrokke land.

Die eintlike oorname moet deur gewapende opstand bewerkstellig word. Reeds in 1848 het Karl Marx verklaar: “Die Kommuniste ag dit benede hulle om hul opvattinge en doelstellings te verberg. Hulle verklaar openlik dat hul doelstellings slegs deur middel van die gewelddadige omverwerping van alle bestaande sosiale toestande bereik kan word. Laat die regerende klasse dan bewe voor ’n kommunistiese rewolusie! Die proletariërs het niks om te verloor behalwe hul kettings nie – en hulle kan die wêreld verower!”⁵⁴

Ná die oorname, word alle teenstanders gelikwedeer. Selfs “vir die openlike verkondiging van die Mensjewisme” of links-sosialistiese nie-kommunistiese beskouings, “moet ons rewolusionêre howe die doodsvonnis oplê, want anders is hulle nie ons howe

⁵² Lenin: *Communist Organization and Strategy*, uit: *Blueprints for World Conquest as Outlined by the Communist International*, Washington DC., V.S.A., 1946, p. 65-72.

⁵³ Marx (en Engels): *MCP*, p. 80v.

⁵⁴ Marx (en Engels): *MCP*, p. 103.

nie”, verklaar Lenin; en hy waarsku toe vir die Mensjewiste: “Laat ons julle voor ’n vuurpeloton opstel!”⁵⁵

Die likwidering van die teenstanders van die kommunisme word gevolg deur “wegruiming van landelike eiendom en... alle huurgelde”; “wegruiming van alle erfregte”; “sentralisering van die kommunikasie- en vervoermiddels in die hande van die owerheid”; en die “oprigting van nywerheidsleërs.”⁵⁶ Hierdie proses sal gepaard gaan met “die opleiding en dissiplinerende van miljoene arbeiders” tot “universele geletterdheid”, belowe Lenin,⁵⁷ “en niemand sal daarvan kan wegkom nie.”

Eindelik sal die oorname nie net tot een land beperk wees nie, want die kommuniste sal nie rus totdat hulle die ganse wêreld verower het nie. In 1848 het Marx daarop aangedring dat “die proletariërs die wêreld kan verower”; vir hulle het hy beveel: “Arbeiders van alle lande, verenig!”⁵⁸ En in 1920 het Lenin herbeklemtoon dat “die kommuniste elke poging moet maak om aan die arbeidsbeweging en aan sosiale ontwikkeling in die algemeen die reguitste en kortste pad te wys na die *universele* oorwinning van die Sowjetmag en die diktatuur van die proletariaat.”⁵⁹

11. Die kommunistiese opvatting aangaande die wêreldwye vredestryk

’n Sesde kenmerk van die kommunisme is sy *sosialisme* of vermaatskapliking en verontpersoonliking van die mens. Die kommuniste haat die individu as sodanig, en lewe om van die mens slegs ’n sosiale of liewers ’n sosialistiese wese te maak. En ’n sewende kenmerk van die kommunisme is sy *utopisme* of leer van die komende gelukstaat. Graag behandel ons hier tegelykertyd sowel die sosialisme as die utopisme, aangesien die sosialisme in die utopisme sou uitloop.

Sowel die sosialisme as die utopisme het ’n lang geskiedenis reeds vóór die koms van die kommunisme van Marx, Engels en Lenin. Dit is asof die mens in sy verlangete na die herstel van die verlore-gegane “Goue Eeu” besonder vatbaar is vir vredestrykplanninge hier op aarde. En so is dit ook by die kommuniste. Soos voorheen genoem, *die oerkommunistiese kudde waaruit die mens sou ontstaan het, bly nog altyd die kommunistiese ideaal selfs vir die toekomst van die mens.*

Ek meen dat die Kommunisme glo dat Suid-Afrika nou juis by dié stadium is. Ná die kommunistiese oorname en die vernietiging van die kapitalisme, begin die ryk van vrede en vryheid. Sosialisme, die eerste fase van hierdie nuwe bedeling, word gekenmerk deur die diktatuur van die proletariaat, of, getrouer beskrywe, die diktatorskap van die voorsitter van die sentrale komitee van die Kommunistiese Party. Onder dié diktatuur word die oorblyfsels van die ou orde vernietig en alle owerhede gesentraliseer namate die gemeenskap dan vooruitgaan op sy nuwe heenreis vanaf die sosialisme na die suiwer kommunisme. Met hierdie progressiewe oorgang word elke aspek van die natuur en van die gemeenskap verander – die huisgesin, die platteland, arbeidsverhoudinge, die owerheid, en die nasies.

⁵⁵ Lenin: *On Shooting Critics out of Season*, in Lenin: SW, FLP, Moskou, 1951, 11/2, p. 648v.

⁵⁶ Marx (en Engels): *MCP*, p. 80v.

⁵⁷ Lenin: *S&R*, p. 172v.

⁵⁸ Marx (en Engels): *MCP*, p. 103.

⁵⁹ Lenin: *LWC*, p. 83.

12. Die huisgesin word verwoes

Die huisgesin word verander. Alhoewel “die huwelik wat op geslagsliefde gebaseer is, uiteraard monogamies is”, nogtans, beweer Engels,⁶⁰ is “net dié huwelike sedelik waarin die liefde voortduur; en egskeiding is ’n seën waar daar ’n definitiewe ophouding van die aangetrokkenheid, of die vervanging daarvan deur ’n nuwe driftige liefde, is.” Wat betref “die reëling van geslagtelike verhoudings na die dreigende uitwissing van die kapitalistiese produksiestelsel... nadat ’n nuwe geslag grootgeword het, sal hulle hul geensins steur aan wat ons vandag van hulle verwag nie. Hulle sal hul eie gewoontes vorm, en ook hul eie daarmee ooreenkomende openbare mening.”

Inderdaad, “nadat ontdek word dat byvoorbeeld die aardse gesin die geheim van die Hemelse Gesin is, moet voortgegaan word om ook die eersgenoemde sowel teoreties asook in die praktyk te vernietig”, verduidelik Marx.⁶¹ “Dit is nie nodig dat die kommuniste gemeenskap van vroue moet instel nie”, verklaar die *Kommunistiese Manifeste*,⁶² aangesien “dit al amper vanaf die onheuglike oertyd voortbestaan het.” So blyk dit dan dat die huisgesin weer gekommuniseer sou word, net soos dit die geval sou gewees het gedurende die oorgangstadium tussen die aap en die mens en selfs daarna gedurende die tydperk van die sogenaamde “primitiewe kommunisme”.

Ook die platteland moet verander word. Daar sal ’n “geleidelike wegruiming van die onderskeid tussen stad en platteland” wees,⁶³ wat die sloping van reusagtige stedelike komplekse en die oprigting van plattelandse tuinstede sal inhou. Soos Engels verduidelik het: “Die beskawing het ons ’n hele aantal groot stede laat erwe, wat alleen met tyd en moeite weggeruim sal kan word. Maar hulle moet en sal weggeruim word, ondanks hoeveel tyd en moeite dit ook mag kos.”⁶⁴

Die arbeidsverdeling word ook verander. “In die kommunistiese maatskappy”, verduidelik Marx en Engels,⁶⁵ “waar niemand slegs een uitsluitlike aktiwiteitsfeer betree nie, maar waar elkeen bedrewe kan word in enige vertakking wat hy begeer, is dit die gemeenskap wat die algemene produksie reël en dit sodoende vir my moontlik maak om vandag dit en more dat te doen, om soggens te jag, smiddags te gaan visvang, saans die veeteelt te bedrywe, en snags kritiek te beoefen, net soos wat ek begeer, sonder dat ek ooit ’n jagter, visser, veeboer of kritikus hoef te word.” Hierdie vaardigheid sal veral in “die jongmense” teweeggebring word “wanneer hulle skoolgaan”, skrywe Engels,⁶⁶ wanneer hulle “die ganse produksiestelsel as deel van hulle opvoeding geleer sal word. Dan sal hulle in staat wees om van die een nywerheidsvertakking na die ander oor te gaan, volgens die benodigdhede van die gemeenskap of die aandrang van hulle eie toegeneenthede.” En so sal “die spanning tussen handarbeid en hoofarbeid verdwyn.”⁶⁷

⁶⁰ Engels: *OoF*, pp. 55, 48, 134-136.

⁶¹ Marx: *Theses on Feuerbach: IV*, in *GI*, International Publishers, p. 198.

⁶² Marx (en Engels): *MCP*, p. 75.

⁶³ *Idem*, p. 81.

⁶⁴ Engels: *A-D.*, Chicago, 1907, p. 203.

⁶⁵ Marx en Engels: *GI*. International Publishers, p. 22.

⁶⁶ Engels: *Principles of Communism*, in Ryazanoff: *The Communist Manifesto of Karl Marx and Friedrich Engels*. ML, Londen, 1930, Vraag 20 op p. 333v.

⁶⁷ Vgl. Openbaring 13:16!

Die mens self sal verander word. Uiteindelik met die vervolmaking van sy omgewing sal hy self van nature volmaak word. Soos Engels verduidelik het: “In ’n gemeenskap waarin selfs die motief vir diefstal weggeruim is, waarin hoogstens slegs kranksinniges ooit sou steel, sou die sedeprediker net uitgelag word wat plegtig probeer om die ewige waarheid: ‘Jy mag nie steel nie!’ te verkondig.”⁶⁸ Dan sal die mens *volgens gewoonte* sedelik wees – aldus Lenin.⁶⁹

Wanneer hierdie stadium van menslike volmaaktheid bereik is, sal dit nie nodig wees om die owerheid weg te ruim nie. “Dit sterf uit”, verklaar Engels⁷⁰ – vanself! “Die gemeenskap wat produksie op die grondslag van ’n vrye en gelyke vereniging van produsente sal organiseer, sal die hele owerheidsmasjinerie sit waar dit dan sal tuishoort: in die museum van oudhede, langs die spinwiel en die bronsbyl.”⁷¹ Maar hierdie stadium van gevorderde kommunisme wanneer die owerheid self begin “wegkwyn”, sê Lenin,⁷² kan alleen tot stand kom wanneer alle lande orals ter wêreld die vroeëre fase van die sosialisme reeds in beginsel aanvaar het – aldus Stalin.⁷³

13. Nasionale verskille uitgewis

Wêreldsosialisme *orals* is dus die wesenlike voorvereiste van die ware kommunisme êrens. En die oorgang vanuit **sosialisme** êrens word altyd gerig op die ware **kommunisme orals**. Dit beteken dat net soos die nasionale verskille deur die oorspronklike arbeidsverdeling sou ontstaan het, hulle ook ná die ontbinding van hierdie arbeidsverdeling moet verdwyn. “Nasionale verskille en vyandskappe tussen volke verdwyn elke dag al hoe meer”, skrywe Karl Marx. “Die heerskappy van die arbeidersklas sal hulle nog vinniger laat verdwyn”, terwyl “rasseverskille... op historiese wyse weggeruim kan en moet word.”⁷⁴ “Volskaalse kommunistiese ontwikkeling”, verduidelik die 1961 *Program van die Kommunistiese Party van die Sowjet-Unie*,⁷⁵ “verteenwoordig ’n nuwe stadium in die ontwikkeling van die nasionale verhoudings in die Sowjet-Unie wat die nasies steeds nader aan mekaar sal trek totdat algehele eenheid bereik word... Die uitwissing van nasionale onderskeidings en veral van taalonderskeidings is egter ’n heelwat langsaam proses as die uitwissing van die klasseonderskeidings.”

Uiteindelik sal die mens met die natuur herenig wees. Aanvanklik was die mens ook ’n deel van die natuur voordat hy van die natuur vervreemd geraak het, en die mens sal ook weer met die natuur versoen word. “Kommunisme is die positiewe wegruiming van die menslike selfvervreemding en daarom die ware toeëiening van die menslike natuur deur en vir die mens”, verduidelik Marx.⁷⁶ “As ’n volmaakte naturalisme is kommunisme humanisme; en as ’n volmaakte humanisme is dit naturalisme. Dit is die beslissende

⁶⁸ Engels: *A-D*, L&W, Londen, 1934, p. 107.

⁶⁹ Lenin: *S&R*, p. 141, 175.

⁷⁰ Engels: *SUS*, FLPH, p. 125.

⁷¹ Engels: *OOF*, p. 286-87.

⁷² Lenin: *S&R*, p. 110.

⁷³ Vgl. Stalin: *Problems of Leninism*, FLPH, Moskou, 1953, p. 790-94.

⁷⁴ Marx (en Engels): *MCP*, p. 76v. Vgl. Marx: *Sämml. Werke*, V, p. 403, gesiteer in Bloom: *The World or Nations: A Study of the National Implications in the Work of Karl Marx*, Columbia Universiteitspers, Nieu-York, 1941, p. 14v.

⁷⁵ Kroesjtsjef: *The Road to Communism (RTC)*, synde Dokumente van die 22ste Kongres van die Kommunistiese Party van die Sowjet-Unie, Oktober 17-31, 1961, FLPH, Moskou, 1961, p. 559v.

⁷⁶ Marx: *Economic and Philosophical Manuscripts (EPM)*, in *MEGA* 1/3, p. 114.

oplossing van die vyandskap tussen die mens en die natuur, en tussen die mens en sy medemens. Dit is die ware oplossing van die stryd tussen bestaan en wese, tussen objektivering en selfbevestiging, tussen vryheid en noodsaaklikheid, tussen die individu en die grondsoort. Dit is die oplossing van die raaisel van die geskiedenis, en dit weet ook dat dit dié oplossing is.”

Maar alhoewel die natuur in die mens en die mens in die natuur vervul word, kom die natuur nogtans “nou onder die heerskappy en beheer van die mens, wat nou vir die eerste keer die werklike en bewuste heer van die natuur word. Slegs vanaf dáárdie tyd sal die mens self... sy eie geskiedenis skep”, skrywe Engels.⁷⁷ “Dit is die opklim van die mens vanuit die ryk van die noodwendigheid na die ryk van die vryheid”, en nou word die mens eindelijk “tegelykertyd heer oor die natuur, sy eie meester – vry!”

14. Vry van God

Vry! – vry van God; maar vry ook van die godloëny, het Marx geskrywe.⁷⁸ Want “die sosialistiese mens... het die duidelike en onweerlegbare bewys van sy selfskepping, van sy eie oorsprong. Sodra die wese van die mens en van die natuur, van die mens as ’n natuurlike wese en van die natuur as menslike werklikheid, in die praktiese lewe en in sintuiglike ervaring duidelik geword het, word die soektog na ’n vreemde wese, ’n wese buite die mens en die natuur (’n soektog wat die erkenning van die onwerklikheid van die mens en die natuur is), in die praktyk onmoontlik. Godloëny, as ’n ontkenning van hierdie onwerklikheid, is nie langer betekenisvol nie, want die godloëny is ’n ontkenning van God, en probeer om met hierdie ontkenning die bestaan van die mens te beklemtoon. Die sosialisme benodig nie meer so ’n omslagtige metode nie... (want die sosialisme) is positiewe menslike selfbewussyn, (en) nie meer ’n selfbewussyn wat deur die negering van die godsdiens bereik word nie... Kommunisme is die fase van die negering van die negering... , die (fase van die) bevryding en herstel van die mens.”

Maar selfs volgens die kommuniste sal nóg suiwer kommunisme nóg die gesuiwerde mensheid dwarsdeur alle toekomstige eeue tot in ewigheid bly voortbestaan. Want, volgens Engels,⁷⁹ “*alles wat ontstaan, moet vergaan.*”

“Miljoene jare sal miskien verbygaan, honderdduisende geslagte mag gebore word en sterwe, maar onvermydelik sal die tyd aanbreek wanneer die afnemende warmte van die son nie meer genoegsaam sal wees om die ys te laat smelt wat voortstu vanaf die [noord- en suid]pole nie; wanneer die menseras hom al hoe meer om die ewenaar sal skaar en eindelijk selfs aldáár nie meer genoeg warmte sal vind om te kan lewe nie; wanneer selfs die laaste spoor van organiese lewe geleidelik sal verdwyn en die aarde, [dan] ’n uitgestorwe en bevrore liggaam soos die maan, in die diepste duisternis en met ’n steeds nouer loopkring om die ewe uitgestorwe son sal draai, en uiteindelik daarin sal intuimel.” Maar nogtans, gaan Engels voort, “ons het die sekerheid dat die stof ten spyte van al sy veranderinge ewiglik dieselfde bly, en dat dit geeneen van sy hoedanighede ooit sal verloor nie, en dat met dieselfde ystere noodsaaklikheid waarmee dit op aarde sy hoogste skepsel, die

⁷⁷ Engels: *SUS*, p. 129-33.

⁷⁸ Marx: *EPM*, in *MEGA* 1/3, p. 125v.

⁷⁹ Engels: *DoN*, in *MER*. pp. 170 & 174.

denkende verstand, ook sal uitwis, dit êrens elders en op 'n ander tydstip weer moet produseer.”

15. Opsomming

As ons nou die inhoud van hierdie rede oor die (on)versoenbaarheid van kommunisme as konsekwente sosialisme met die Christelike geloof saamvat, kom ons tot die volgende lynreg teenoor mekaar gestelde implikasies van dié twee lewensbeskouings.

- Die kommunisme glo dat daar geen God is nie, terwyl die Christelike geloof beklemtoon dat alleen God Drie-enig die Opperste Werklikheid en die Ewig-onafhanklike en Absolute Wese is.
- Die kommunisme glo dat stryd of die dialektiese materialisme die wortel van alle dinge is, maar die Christelike geloof wil alle dinge in terme van hul skepping, sondeval en verlossing verklaar.
- Die kommunisme glo dat die heelal altyd bestaan het, niks anders as stof in teenstrydige beweging is nie, en in ewige kringlope beweeg waarvan ons huidige heelal maar net 'n verbygaande fase is; en dat alle lewende wesens vanuit dieselfde basiese protoplasma ewolueer het. Maar die Christelike geloof verklaar dat God in die begin die hemel en die aarde geskape het, en dat alle lewende wesens nie-geëwolueerde maar regstreeks-geformeerde en spesiale skepsels van God is, wat Hy almal “volgens hulle soorte” geproduseer het.
- Die kommunisme glo dat die mens uit 'n kudde ape ontwikkel het, dat hy oorspronklik buite-egtelike geslagtelike omgang beoefen het, en dat die huisgesin, arbeidsverhoudings, die owerheid en die verskillende nasies slegs later in aansyn gekom het, en wel as gevolg van die mens se ekonomiese vervreemding van sy medemens. Maar die Christelike geloof leer dat die mens regstreeks uit die stof van die aarde as die waaragtige beeld van God geskape is, dat hy oorspronklik voor die koms van die sonde regverdig en kundig en heilig was, en dat die huisgesin, arbeidsverdelings, die owerheid, en die ontwikkeling van die verskillende nasies almal vóór die sondeval by die mens in beginsel teenwoordig was, en ook in die staat van regtheid verder sou ontwikkel het.
- Die kommunisme glo dat die mens en sy gemeenskap slegs verander kan word deur middel van gewelddadige rewolusionêre oornames, wat gevolg moet word deur die likwidering van alle anti-kommunistiese instansies en persone, die wegruiming van alle private eiendom en van die huisgesin, en die uitbreiding van die sosialisme. Maar die Christelike geloof verduidelik dat die mens en sy gemeenskap slegs deur middel van 'n goddelike reformatoriese oornames (naamlik die wedergeboorte) verander kan word, wat deur die likwidering van die sonde en sy gevolge en die uitbreiding van die heiligmaking op alle gebiede van die mens se lewe, gevolg moet word.
- Laastens, die kommunisme glo in die koms van 'n wêreldwye ryk van vrede en vryheid, die gevolg van die diktatuur van die proletariaat ter bevordering van die kommunisering van die huisgesin, die vereniging van die stede en die platteland, die wegruiming van die arbeidsverdeling, die vervolmaking van die menslike natuur, die wegkwyning van die owerheid, die opsuiging van alle nasies in 'n eenwêreldse ras, en die hereniging van die

mens met die natuur – hoewel sowel die mens as die natuur uiteindelik sal doodvries en daarna in ewige kringlope van wedergeboortes en hersterftes tot in alle ewigheid oor en oor voortbring en vernietig sal word. Maar Christus se komende wêreldwye ryk van vrede en vryheid sal die ware koms van kosmiese vrede wees. Dan sal die aardse huisgesin juis as die huisgesin van God geheilig en verheerlik word; onder die komende nuwe bedeling van die regering van Christus as die vervulling van die owerheid, sal die arbeidsvrugte geniet en selfs verder ontwikkel word; en die verskillende nasies van dié wat gered is, sal die nuwe aarde tot in alle ewigheid bewoon – 'n nuwe aarde wat nooit sal doodvries nie, omdat Jesus Christus die Lam van God dit vir ewig sal verlig en bestraal.

Verbond, Politieke Regering en die Christelike Gemeenskap

deur prof. A.W.G. Raath

1. Inleiding

Die afgelope twee dekades was daar 'n beduidende herontdekking van die verbondsmatige onderbou van die gereformeerde tradisie in die algemeen en die gereformeerde teologie en politieke filosofie in die besonder. Dit is in besonder die verbondsmatige wortels van die sestiende en sewentiende eeuse gereformeerde denke wat in hierdie verband heelwat aandag ontvang het. Dit was veral die skrywer Daniel J. Elazar¹ wat die oog op die verband tussen die Hebraïese tradisie en die sestiende eeuse reformasie gevestig het, terwyl J. Wayne Baker² op hul beurt die ryke erfenis van die gereformeerde verbondsteologie binne die konteks van die Zürichse reformasie beter tot sy reg laat kom het. Dit was veral die belangstelling in die aard en inslag van die gereformeerde denke van die sestiende eeu wat enersyds die Bybelse verbondsidee sterk in die kollig geplaas het en andersyds die inslag van die Bybelse verbondsidee in die gereformeerde teologie en politieke denke na vore gebring het.

'n Ondersoek na die Bybelse grondslae van die politieke verbondsidee vereis dus eerstens 'n kort uiteensetting van die Bybelse verbondsidee in die algemeen en tweedens die rol van die Bybelse verbondsidee met betrekking tot die politieke beginsels in die Skrif in besonder, alvorens die implikasies daarvan vir die gereformeerde politieke denke verreken word.

2. Die Bybelse Verbondsidee

Van die Bybelse verbondsidee verklaar Elazar: "Like all great ideas, the covenant idea is at once simple and complex: simple enough to serve as a rallying point for a people, yet sufficiently complex for the entire worldview of the Bible and consequently the essential outlook of all biblically rooted traditions to be built around it".³ Hierdie standpunt oor die Bybelse verbond berus op die veronderstelling dat dit 'n "morally informed agreement or pact"⁴ is, wat uitgaan van vrywillige instemming. Elazar verklaar dat dit ontstaan "by mutual oaths or promises, involving or witnessed by some transcendental higher authority, between peoples or parties having independent status, equal in connection with the purposes of the pact, that provides for joint action or obligation to achieve defined ends (limited or

¹ Bv. Daniel J. Elazar, *Covenant & Polity in Biblical Israel. Biblical Foundations & Jewish Expressions*, Vol. I of the Covenant Tradition in Politics (New Brunswick (U.S.A.) and London (U.K.): Transaction Publishers, 1995).

² Sien Charles S. McCoy en J. Wayne Baker, *Fountainhead of Federalism. Heinrich Bullinger and the Covenant Tradition* (Louisville, Kentucky: Westminster / John Knox Press, 1991) en J. Wayne Baker, *Heinrich Bullinger and the Covenant. The Other Reformed Tradition* (Athens, Ohio: Ohio University Press, 1980).

³ Daniel J. Elazar, *Kingship & Consent. The Jewish Political Tradition and Its Contemporary Uses* (New Brunswick (U.S.A.) and London (U.K.): Transaction Publishers, 1997), p. 10.

⁴ *Covenant & Polity*, p. 22.

comprehensive) under conditions of mutual respect, which protect the individual integrities of all parties to it”.⁵ Voorts behels die Bybelse idee van die verbond instemming (“agreeing”) en belofte (“promising”), dit is gewoonlik van onbeperkte duur en kan enige aantal partye insluit.⁶

Die Bybelse verbond berus op die feit dat God, volgens menslike gebruik, met die mens in verhouding tree. Die duidelikste voorbeeld daarvan is te vinde in Genesis 17:1-14, waar berig word van die verbond wat God met Abraham gesluit het. Hierdie beskrywing bevat al die kernelemente van die Bybelse idee van die verbond: Eerstens, die aankondiging van die Here – “Ek is God, die Almagtige”; tweedens, die eis – “wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees”; derdens, die verbintenis van God – “En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou”; vierdens die beloftes – “en jou buitengewoon vermeerder”; “Ek maak jou ’n vader van ’n menigte van nasies”; “Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak”; “Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom”; “En Ek sal my verbond oprig tussen my en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as ’n ewige verbond, om vir jou ’n God te wees en vir jou nageslag ná jou”; en “Ek sal aan jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as ’n ewige besitting; en Ek sal vir hulle ’n God wees” ensameer. Die interessante van hierdie verbond is dat God op elke punt volgens menslike gebruik optree: Eerstens, verklaar hierdie gedeelte wie hulself deur die verbond aan mekaar verbind het, naamlik God en die afstammeling van Abraham; tweedens vermeld die teks die voorwaardes waaronder hulle aan en teenoor mekaar verbind is, in besonder dat God begeer om die God van die afstammeling van Abraham te wees en dat die nakomeling van Abraham opreg voor God moet wandel; derdens, verduidelik dit dat die verbond tussen hulle ’n ewige verbond is, en vierdens dat die verbond deur ’n spesifieke seremonie – met bloed bevestig sal word.

Die implikasies van hierdie verbond is verreikend: Eerstens toon dit die onwankelbare genade van God, omdat God hierdie verbond aanbied, nie op grond van die meriete van die mens nie, maar eerder uit die vrye goedheid van God. Hierin lê ’n geweldige misterie opgesluit – hier tree die ewige en soewereine God, die Skepper van die hemel en die aarde, waarin alle dinge hul oorsprong het, in ’n verbond met sondige, nietige sterweling wat deur die sonde beplek is. Geen wonder dat die Zürichse hervormer, Heinrich Bullinger, melding maak van hierdie misterie as die oorsprong van ons geloof – ons word gered slegs op grond van die goedheid en genade van God. Dit word treffend verwoord deur die profetiese lied van die Psalmis (in Ps. 103:8-14): *Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyder is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos ’n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is*, en later in dieselfde Psalm (verse 17 en 18): *Maar die goedertierenheid van die Here is van ewigheid tot ewigheid oor die wat Hom vrees, en sy geregtigheid vir kindskinders, vir die wat sy verbond hou en aan sy bevele dink om dié te doen*. Daarom kan ons jubel in die wete dat alles wat tot gebruik en beheersing van die mens geskape is, van God kom en dat alles wat

⁵ Ibid.

⁶ Ibid., p. 23.

die mens is en het uit die genade van God vloei. Op talle plekke in die Woord word die genade van God jeens die mens beskryf. So rig God die gevalle en ongelowige Adam onmiddelik weer op en skenk aan hom hoop (Gen. 3); wanneer die hele nageslag van Adam verdien om uitgewis te word, handhaaf God nie net sy geregtigheid nie, maar betoon ook sy eindelose genade aan Noag en sy kinders (Gen. 8), ensomeer. Dieselfde God wat die verbond met Abraham en sy nakomelinge gemaak het, is die soewereine God van hemel en aarde, wat vandag steeds ons lewens in sy hande hou. Bullinger skryf dat die hele Skrif op die verbond gerig is en dat die hele Skrif van God se verbond met die mens getuig – wat ook al in die Skrif van die eenheid, mag, majesteit, goedheid en heerlikheid van God vermeld word, word in die uitdrukking van die een stelling aangaande die verbond meegedeel: “Ek is God, die Almagtige”⁷ en dit wat oor geloof in God meegedeel word, oor die nietigheid van die afgode, oor aanbidding van God, oor die aanroep en die vrees van God, maar ook aangaande ware geregtigheid, aangaande die oordeel van God, oor die bevordering van die ware godsdienste en liefdadigheid – alles wat vereis word deur die wette in die Skrif, deur die beskrywinge van die profete, deur die briewe van die apostels, en deur die beskrywinge van die evangelie, word saamgevat in hierdie paar woorde: “Wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees”. ’n Vergelyking van die wet, die profete, en die briewe van die apostels met die verbond, toon dat dit alles gerig is op die inhoud en kern van die verbond: die wet leer byvoorbeeld die liefde vir God en die naaste – dit is presies dieselfde wat deur die hoofpunte van die verbond geleer word; meer nog – die Dekaloog self is ’n parafrasering van die voorwaardes van die verbond, want wat bedoel word met die woorde: “Ek is God, die Almagtige”, word meer volledig in die Dekaloog gestel: “Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.” Voorts word dit wat in die verbond gestel word, naamlik “wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees”⁸, spesifiek in die Dekaloog behandel: “Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is ’n jaloerse God, wat die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en My geboorte onderhou”.⁹ Só beskou, omsluit die verbond en God se verbondseise alles wat die mens doen en laat; omvat dit alle menslike verpligtinge en alle menslike verhoudinge, en daarom staan die handhawing van reg en orde in die publieke lewe direk onder die geldigheid en eise van God se verbond met die mens.

3. Die Bybelse Verbond as Politieke Begrip

By geleentheid skryf Daniel J. Elazar dat die verbonds-idee een van drie “moederparadigmas” in die Westerse denksgeeskiedenis verteenwoordig. Die impak wat hierdie “moederparadigma” op die denke van die moderne tyd gehad het, word deur Elazar

⁷ Sien Heinrich Bullinger, *De Testamento Se Foedere Dei Unico & Aeterno* (A Brief Exposition of the One and Eternal Testament or Covenant of God) in McCoy en Baker, *Fountainhead of Federalism*, p. 104.

⁸ *Ibid.*, p. 104.

⁹ Sien *ibid.*, pp. 104 en 111: “But what is central among these many things? It is our duty to adhere firmly by faith to the one God, inasmuch as he is the one and only author of all good things, and to walk in innocence of life for his pleasure. For anyone who has neglected these things and has sought false gods, who has lived shamefully or impiously, and who has worshipped God more with ceremonies or external things than with true holiness of life, will be excluded, disinherited, and rejected from the covenant”.

soos volg verwoord: “As a source of political ideology, covenant shapes the world views or perspectives of whole societies, defining their civil character and political relationships, and serving as a touchstone for testing the legitimacy and often even the efficiency of their political institutions and those who must make them work”.¹⁰ Selfs die Bybelse verbondsdenke van die Afrikaner word deur Elazar as voorbeeld genoem: “..... the Afrikaners of South Africa built the ideology sustaining their tribalism around the covenant one party of them made with God before a battle with the Zulus at the time of the Great Trek. Their national day is called the day of the Covenant and their national shrine is designed to celebrate that day”.¹¹ Die wesenlike punt wat Elazar wil tuisbring, is die feit dat die Bybelse verbondsidee as politieke begrip ’n wesenlike rol in die geskiedenis van die Westerse wêreld gespeel het. Die grondslag daarvan moet in die Bybelse uitsprake oor die rol van die verbond as politieke begrip beoordeel word. Die Bybel is deurspek van beskrywings oor die politieke relevansie van die verbond, waarvan enkele voorbeelde genoem kan word: die verbond tussen God en Abraham in Genesis 15 en 17 is van politieke relevansie vir sover dit met die volkskap en landsbeloftes aan Abraham handel en sodoende die agtergrond bied van die politieke verbonde in ’n latere tydperk, ten einde die aansprake van die Israeliete op hul grond te bevestig (Neh. 9) en die beheer oor die grond te legitimeer (1 Kron. 6); die verdediging van die politieke integriteit teen vreemde aanvallers (2 Kon. 13:22-23); die handhawing van God se wet (Ps. 105). As sodanig het dit die territoriale “handves” van die Joodse volk geword, uit hoofde waarvan hul reg op die grondgebied van Israel bevestig is. Na die Sinaïverbond, word verbonde gebruik om die regeerders en die regeerdes onder God te verbind, volgens die eise van die Sinaïverbond en in die lig van veranderende omstandighede. ’n Tipiese voorbeeld is te vinde in Josua 8:30-35 waar Josua die “konstitusie” aan die volk voorlees: *Toe het Josua ’n altaar gebou vir die HERE, die God van Israel, op die berg Ebal, soos Moses, die kneg van die HERE, die kinders van Israel beveel het, soos geskrywe staan in die wetboek van Moses: ’n Altaar van ongekapte klippe waaroor geen yster geswaai is nie; en dáárop het hulle aan die HERE brandoffers gebring en dankoffers geslag. En daar het hy ’n afskrif van die wet van Moses op die klippe geskrywe, wat hy geskrywe het voor die oë van die kinders van Israel, en terwyl die hele Israel met sy oudstes en die opsigters en sy regters aan weerskante van die ark staan – teenoor die Levitiese priesters, die draers van die verbondsark van die HERE – die vreemdeling sowel as die kind van die land: die een helfte daarvan teen die berg Gerisím en die ander helfte daarvan teen die berg Ebal, soos Moses, die kneg van die HERE, tevore bevel gegee het om die volk van Israel te seën. En daarna het hy al die woorde van die wet voorgelees, die seën en die vloek, net soos dit geskrywe staan in die wetboek. Daar was geen woord van alles wat Moses beveel het, wat Josua nie voorgelees het voor die hele vergadering van Israel, met die vroue en die kinders en die vreemdelinge wat onder hulle saamgetrek het nie.* Ook in Josua 23 en 24, versamel Josua die verteenwoordigers van die twaalf stamme van Israel en die stam- en nasionale amptenare naby Sigem, na die besetting en verdeling van die land, om voor die aangesig van die HERE die verbond van Moses te hernu en die Israelitiese konfederasie geografies te vestig. Soos in die geval van die oorspronklike verbond, handel ook hierdie verbonde met die basiese verdeling van gesag en mag. Voorts lees ons dat met die invoering van die monargie, wat ’n groot verskuiwing van gesag in die volk tot gevolg gehad het, ’n nuwe verbond gemaak is (2 Samuel 5:1-3). Soortgelyke verbonde is ingevoer of hernu na elke belangrike politieke verandering of

¹⁰ *Covenant & Polity*, p. 20.

¹¹ *Ibid.*, p. 21.

hervorming, soos toe die Hoë Priester Jójada die monargie herstel het na die usurping van Atalia (2 Kon. 11:17-20) en Josia sy konstitusionele hervorming gepromulgeer het (2 Kon. 23:1-3).

Die onderliggende beginsel van die Bybelse verbond is dat God die Skepper en soewereine Heerser van die heelal is, dat alles aan God behoort, ook die aarde en die volheid daarvan. Dit beteken dat die mensdom slegs daardie regte en verpligtinge het wat op gesag van God verleen word. Die besondere betekenis daarvan is dat alhoewel die mens niks meer besit as wat God verleen of deur die verbond skenk nie, geen politieke owerheid met die regte, vryhede, beskerming of verpligtinge deur God verleen, mag inmeng nie. Dit is voorts interessant om daarop te let dat die Bybelse geskiedenis van die verbonde tussen God en die mens vanaf 'n hiërargiese na 'n volle verbondsmatige paradigma ontwikkel. Aanvanklik neem God die leiding met die instelling van sy verbonde, die vestiging van die verbond met die patriarge, veral Noag en Abraham. In die tweede fase lees ons hoe die gesant van God poog om populêre ondersteuning vir politieke verbonde te verkry. 'n Goeie voorbeeld hiervan is te vinde in Eksodus 6, waar God Moses roep om die regeerders van Israel, wat in Egipte verslaaf was, te beweeg om die verbond van hul voorvaders te hernu – 'n stap wat deur hulle verwerp word. By Sinai slaag Moses se pogings deurdat die Here die verbond aanvoer en deur Moses die ondersteuning van die volk vereis sodat hulle drie keer hul instemming betuig voordat die verbond gesluit word (Eks. 19:1-9, 24:3-8). In 'n derde fase wend die volksleiers hul na God en na die volk om die verbond te sluit of te hernu. Moses word voorgestel as die inisieerder van die proses op die vlaktes van Moab teen die einde van sy leierskapydperk (Deut. 29-33). Dawid doen ook dieselfde nadat hy die Ark van die verbond na Jerusalem gebring het (1 Kron. 16), soos Hiskia na die vernietiging van die noordelike koninkryk gedoen het (2 Kron. 29-31), en Josia (2 Kon. 23). In die vierde fase loods die volk self 'n verbondshernuwing. Dit gebeur in die tydperk van Esra en Nehemia, soos beskryf word in Nehemia 8. Hulle wend hulself na die volksleiers wat bloot as organiseerders van die gebeurtenis optree. Alhoewel die verbond met God die oogmerk is, bevat die beskrywing van die gebeurtenis geen inmenging deur God soos in die geval van al die verbonde na Sinai nie. Slegs in 'n finale fase word die verbondsluiting self ten volle verbondmatig, naamlik, dat dit deur al die partye onderneem word.

'n Ondersoek van die Bybelse verbonde bring drie dimensies aan die lig: Eerstens bevat dit 'n teologiese dimensie, hetsy 'n direkte verbintenis met God of met God as getuie; tweedens 'n nasionaal-politieke dimensie met betrekking tot Israel as volk of 'n georganiseerde politieke eenheid; derdens 'n normatiewe dimensie wat betrekking het op die handhawing van geregtigheid, wat insluit 'n sisteem van verpligtinge en regte. Die verbond by Sinai gee 'n duidelike voorbeeld van wat met 'n verbondsmatige verhouding as grondslag van geregtigheid bedoel word. Elazar verduidelik dit soos volg: "Sinai, the culminating covenant, makes clear what has been the critical primal element of covenantal partnerships from the first, namely, that covenants establish justice through mutual obligations, indeed, systems of mutual obligations, whence are derived (in modern terms) the partners' rights. Under the covenantal system there are no rights that are not derived from obligations. Covenantal obligations are twofold: to be holy and to be just. Hence, they are also excellent sources of what moderns define as rights, but covenant also keeps rights conditional on one's maintaining one's covenant with God, which establishes basic

morality, justice and law, at the very least, transforming natural justice into law”.¹² Die kern is dus dat verbondsverpligtinge bepaal waarop elkeen in die regsorde geregtig is en wat die vryhede van elk is. Hieruit spruit drieërlei implikasies: Eerstens, het dit betrekking op die verhouding tussen regte en verpligtinge – hulle wat met God in verbond staan, dra bepaalde verpligtinge teenoor hul medemens ingevolge die verbond om reg aan hulle te bewys; tweedens word regte self in terme van verpligtinge uitgedruk – mense het ’n verpligting om die lewe van hulself en andere te beskerm – synde ’n verbondsverpligting, omdat God lewe skenk en daarom kan slegs God die wyses voorskryf waarop lewe beëindig kan word, en derdens spruit uit die verbondsmatige benadering tot die regslewe in die samelewing ’n stelsel van beskerminge en beperkinge wat basies in terme van regte en verpligtinge geïnterpreteer kan word, soos wanneer die armes die reg ontvang om af te oes. Die regte wat deur die Tora beskerm word, skep ’n stelsel van regte en verpligtinge wat spruit uit die verbondsverhouding tussen die mens en God, wat later deur John Winthrop beskryf is as “federale vryheid”.¹³ Alhoewel daar in die Bybel geen sprake is van sogenaamde “natuurlike regte” nie, is daar wel duidelik onderkenbare “fundamentele regte” in die sin dat alle mense deur die verbond met Noag aan God verbind is, welke regte federaal (verbondsmatig) van aard is eerder as “inherent”. Hierdie grondslag van die regsorde staan lynreg teenoor die rasionalistiese begroning van die regsorde in die mens en die mens se sosiale behoeftes. Die vraag is nou wat die implikasies van die verbondsmatige grondslag vir die regsorde en die politieke regering in die samelewing is.

4. Politieke Verbondsregering in die Samelewing

Verbondsmatige burgerlike regering bevat drie wesenlik belangrike komponente: Eerstens, die teosentriese gesagsbeginsel; tweedens, die teokratiese samelewingsbeginsel, en derdens die teonome wetsbeginsel. Dit was hierdie drie beginsels wat deur Huldrych Zwingli en Heinrich Bullinger in die Zürichse reformasie en Johannes Calvyn in die Geneefse hervorming tot grondslag van die Reformatoriese politieke filosofie ontwikkel is. Hierdie visie op die samelewing en politieke regering het diepgrypende gevolge: Die eerste is dat in sowel die Bybel as die Reformatoriese politieke filosofie daar geen sprake is van die “staat” as afsonderlike entiteit nie, maar dat daar wel van burgerlike en kerklike “ampsdraers” sprake is, wat binne die Christelike gemeenskap hul onderskeie take en funksies vervul; tweedens was dit die ontwikkeling van die idee van staatlike soewereiniteit deur die staatsabsolutis Bodinus, wat die staat as selfstandige entiteit in die samelewing gevestig het. Deur die Neo-Calvinistiese aanvaarding van die idee van die staat as selfstandige terrein teenoor die kerk, het die verhouding tussen kerk en staat in die Reformatoriese denke problematies geword. Die implikasies van die oorspronklike Reformatoriese beginsels sny deur elke faset van burgerlike regering, sowel wat die burgerlike owerheid as die onderdaan betref. Die implikasies van hierdie beginsels het in die Reformatoriese samelewingsvisie geweldig belangrike uitvloeisels. Die belangrikste daarvan geniet vervolgens aandag.

¹² *Covenant & Polity*, p. 86.

¹³ *Ibid.*, p. 89.

5. Verbond en die Christelike gemeenskap

Huldrych Zwingli is die vader van die Gereformeerde verbondsïdee. Die ontwikkeling van die verbondsïdee in die Zürichse hervorming het spoedig die sleutel van die reformatoriese benadering tot die teologiese en politieke denke van die tyd geword. In die Skrif vind Zwingli “dieselfde testament en verbond”, dieselfde genade wat God beloof het aan die wêreld deur sy Seun, wat die redding was van Adam, Noag, Abraham, Moses, Dawid; dit was ook die redding van Petrus, Paulus, Ananias en Stefanus; dit is dieselfde testament wat God het met die menslike geslag vanaf die grondlegging van die wêreld, sodat daar geen ander testament kan wees as dié wat redding deur Christus verseker nie. Hierdie verbond is God se belofte om ons God en die God van ons nageslag te wees.¹⁴ Die belang van die doop is daarin geleë dat dit die volk van God inlyf in die Christelike geloofsgemeenskap.¹⁵ Hierdie verbondseenheid van die kerk strek ook uit tot die terrein van politieke regering, sodat daar nie ’n skeiding bestaan tussen die werksaamhede van die kerk en die politieke owerhede nie – die Christelike verbondsgemeenskap is ’n eenheid, waarbinne die verkondiging van die Woord en die burgerlike regering ’n hegte eenheid vorm. Deur die doop word die individu by die Christelike verbondsgemeenskap ingelyf, sodat enersyds die doop nie net ’n sakrament is met kerklike betekenis nie, en andersyds is die burgerlike regering gerig op die handhawing van reg en geregtigheid binne die Christelike geloofsgemeenskap van dopelinge. Die Christelike geloofsgemeenskap is dus nie ’n neutrale terrein van individue wat los van belydenis en sakrament byeengeraap is nie, maar wat op grond van doop en belydenis sowel die kerk as die burgerlike regering omvat. Anders gestel, die kultiese geloofsgemeenskap word deur twee ampte regeer, naamlik dié van Woordverkondiger en burgerlike regeerder. In die Christelike verbondsgemeenskap word die bondelinge dus deur twee ampte, naamlik dié van Woordverkondiging en burgerlike owerheid regeer. Wesenlik dieselfde perspektief as dit wat ons by Zwingli vind, kom ook by Bullinger en Calvyn voor. Die belang van hierdie perspektief is dat kerk en staat nie twee afsonderlike terreine vorm wat op die een of ander wyse onderling verbind of geskeie is nie – *die Christelike verbondsgemeenskap is ’n hegte éénheid waarbinne Woordverkondiging en burgerlike regering elk sy plek en funksie het.* Dit was basies die grondslag waarop Calvyn die gemeenskap in Genève en Bullinger in Zürich ingerig het.

6. Die onderskeid tussen geestelike en burgerlike regering

Die belangike perspektief wat Zwingli met betrekking tot die regering van die Christelike gemeenskap wou vestig, was die beginsel dat sowel prediker as burgerlike regeerder diensknegte van God is, met die onmiddellike implikasie dat kerk en samelewing nie as twee entiteite gesien moet word wat los van mekaar funksioneer nie en tweedens dat die twee regeerampte aanvullend tot mekaar moet funksioneer. Binne die Christelike verbondsgemeenskap het die pastor en burgerlike regeerder dus verskillende take en funksies wat op verskillende wyses uitgeoefen moet word – die een deur prediking en die ander deur burgerlike regering, maar onderling verbonde en onderworpe aan die koningskap van Christus. Die funksie van die burgerlike regeerder is nie net daarop gerig om onrus en bedreiging van die orde teen te werk nie, maar ook die kerk te beskerm. Daarom is die rol van sowel die burgerlike owerheid as dié van die prediker in die Christelike

¹⁴ W.P. Stephens, *The Theology of Huldrych Zwingli* (Oxford: Clarendon Press, 1986), p. 210.

¹⁵ *Ibid.*, p. 201.

verbondsgemeenskap onmisbaar: “Net soos wat die mens noodwendigerwys sowel ’n siel as ’n liggaam het, met die liggaam as die mindere en meer beskeie funksie, so kan daar geen kerk wees sonder regering nie, alhoewel die burgerlike regering die meer aardse omstandighede wat verwyderd is van die geestelike dinge, beheer en daarvoor toesig hou”. Volgens Zwingli se teokratiese benadering dien sowel burgerlike regering as die predikamp die koninklike regering van Christus – hulle is onafskeidbaar verbonde op grond van hul gemeenskaplike diens van Christus; beide ampte is onderworpe aan die wet van God en as sodanig is beide geroepe om die Christelike voorskrifte en beginsels in hul onderskeie regeertake in die Christelike gemeenskap toe te pas.

7. Die burgerlike regeeramp in die Christelike gemeenskap

Die raamwerk waarin Zwingli, Bullinger en Calvyn die Bybelse perspektiewe op burgerlike regering ontwikkel het, sluit ’n aantal belangrike beginsels in vir die behoorlike uitvoering van die taak van die burgerlike owerheid: die amp van burgerlike owerheid is die direkte gevolg an die mens se sondige natuur – indien alle mense aan God sou gee wat God toekom, sou burgerlike regering oorbodig wees; burgerlike regering is ’n instelling van God en ontspring nie uit die mens self of uit die sosiale natuur van die mens nie – soos wat Romeine 13 meedeel; burgerlike regering mag nie deur die pastors uitgeoefen te word nie, maar hulle moet hulself onderwerp aan die burgerlike owerheid, soos wat die onderwerping van Christus aan die burgerlike owerheid duidelik aantoon; die betekenis van die oproep dat aan die keiser gegee moet word wat die keiser toekom, het betrekking op alle burgerlike gesagsdraers en nie slegs die koning nie; burgerlike regering is nie alleen deur God ingestel nie, maar dit beteken ook dat die burgerlike regeerder onderworpe is aan die gesag van God, sodat hulle in die Ou Testament selfs beskryf word as gode; die burgerlike owerheid dra die swaard in die naam van God; burgerlike regeerders is verantwoording verskuldig aan God; sonder burgerlike regering sou menslike samelewing onmoontlik gewees het; volgens Romeine 13 is die taak van die burgerlike owerheid om die goeie te beskerm en die bose te straf; die burgerlike owerheid word geroep om volgens die voorbeeld van die wet van God sy wette en verordeninge te formuleer en aan die wet van God te voldoen; die karakter van die burgerlike regeerder is net so belangrik as die aard van die reg wat hy moet handhaaf – die burgerlike regeerder moet iemand wees wat God ken en hom dien; sonder die vrees van God word burgerlike regeerders tiranne; daar is ’n wesenlike verskil tussen die burgerlike regeerder in sy private hoedanigheid en as ’n publieke ampsdraer; die burgerlike owerheid staan in ’n noue verhouding tot God se volk en die ongelowiges mag nie oor die kudde van God regeer nie, omdat die burgerlike owerhede ook in die geledere van die herders van die kerk staan.

8. Burgerlike gehoorsaamheid en verset teen tirannie

Omdat die burgerlike owerhede van God ingestel is, is Christene onder die verpligting om gehoorsaamheid aan die owerhede te bewys, wat behels dat hul wette gehoorsaam moet word, belasting betaal moet word aan wie belasting toekom, eer aan wie eer verskuldig is. Zwingli interpreteer Paulus se woorde in Romeine 13:1 om te beteken dat elke mens onderworpe is aan die gesag wat oor hom gestel is, insluitend swak regering, omdat God sy volk sal verlos soos wat Hy Israel uit ballingskap bevry het. Christelike gehoorsaamheid aan die burgerlike owerheid neem sy voorbeeld van Christus, wat die owerhede gehoorsaam het

en eer aan hulle bewys het, alhoewel Hy geen verpligting gehad het om dit te doen nie. Gehoorsaamheid aan die owerheid beteken ten diepste gehoorsaamheid aan God, omdat burgerlike regeerders die dienare van God is. Wat passiewe weerstand betref, stel Zwingli dit eksplisiet dat wanneer die owerhede hulself teen God stel, Christene eerder bereid moet wees om te sterf as om die owerhede te gehoorsaam – God eerder as die mens moet gehoorsaam word, omdat die wette van God voorrang het bo die bepalings van mense. Die beginsel dat indien jou oog jou laat struikel, jy dit moet uitpluk, behels ook dat indien burgerlike owerhede die volk daartoe bring om te sondig, hulle uit hul amp onthef moet word. Op die vraag of die burgerlike regeerders gedood mag word, stel Zwingli dit dat God soms ingryp en sy volk deur die Gees verlos, soos God deur Moses gedoen het deur sy volk te verlos. Andersyds moet die ontseteling van ’n burgerlike regering ordelik geskied en nie deur middel van moord, oorlog of oproer nie. Die doodmaak van ’n tiran deur ’n individu kan, volgens Zwingli slegs geregverdig word in die geval waar so ’n persoon deur God geroep is om sy volk te bevry – dus slegs in die geval waar die individu ’n duidelike roeping van God ontvang het, kan die daad van tirannemoord geregverdig word.

9. Teonomie en die burgerlike reg

Een van die belangrikste kenmerke van die verbondmatige visie op die burgerlike regspleging, is die Reformatoriese uitgangspunt dat God se wet, soos in die Woord geopenbaar, die etiese en morele standaard vir alle lewensterreine stel – insluitend die sosiale en politieke lewe. Teonomie handhaaf die beginsel dat die wet van God die grondslag van alle burgerlike reg behoort te vorm en dat die burgerlike owerheid ’n dienaar van God is, wat direk verantwoordelik daarvoor is om alle aspekte van die morele wet te eerbiedig en in stand te hou dit wat direk op die sosiale orde, publieke moraliteit en burgerlike geregtigheid betrekking het. Outonomie op die terrein van die sosio-politieke etiek is net so afstootlik vir God as wat outonomie op die terrein van die persoonlike etiek is. Voorts glo die outentieke Reformatoriese visie dat God altyd duidelike riglyne met betrekking tot die doel, perke en gebruik van gesag gee. Van die burgerlike owerheid word vereis om die wet van God te ken en die Woord as gesagvolle openbaring te raadpleeg en sodoende in die vrees van God en volgens die Bybelse standaard van God se wet te regeer (Deut. 17:18-20; 2 Kron. 19:6-7). Geen ander standaard is vir die Christen aanvaarbaar nie! Deur die wysheid geopenbaar in God se Woord word die burgerlike owerheid in staat gestel om geregtigheid “te beveel” (Spr. 8:15-17). Maar wanneer die regspraak die wet van God buite rekening laat, word dit geperverteer (Spr. 31:4-5). Die burgerlike regeerder word opgeroep om te regeer soos wat God se regverdigde wette vereis (Ps. 47:8; 97:2; Spr. 16:12; 20:8; 25:5). In die Skrif word die regeerder wat God se wet in stand hou en die regverdigde beskerm en die bese straf, geprys (Spr. 21:3; 29:2, 4, 14), maar hy wat die bese regverdig en die regverdigde veroordeel, is vir die Here ’n gruwel (Spr. 17:15). Die Bybel veroordeel onreg wat die regverdigde benadeel en onskuldiges veroordeel (Ps. 94:20-21). Dit is dus duidelik dat volgens die verbondsvisie op die burgerlike owerheid, die burgerlike reg nie neutraal kan wees nie – die burgerlike owerheid sal òf God se wet verlaat en die bese prys, òf God se wet handhaaf en die bese te gronde rig. ’n Burgerlike administrasie sal òf volgens God se wet regeer (teonomie) en sodoende ’n troon van regverdigheid oprig, òf dit sal God se wet verwerp en sodoende outonoom ’n vesting van onreg word. Die teonome perspektief op die burgerlike owerheid handhaaf voorts die beginsel dat ook die penologiese funksies van die burgerlike owerheid misdade sal omskryf en die straf daarvoor sal bepaal; dat die burgerlike owerheid self geen outonome besluite daarvoor kan vel nie en dat die Bybel

eksplisiete voorskrifte en riglyne bevat hoe die burgerlike owerheid die swaardmag moet aanwend. Die wet van God, soos deur Moses en die profete toegepas, bevat standarde met betrekking tot misdade en straf wat alle volke behoort te volg (Deut. 4:6; Ps. 2:10-12; Spr. 8:15; 28:4). Deur die beginsel van “algemene billikheid” in die Israelitiese wetgewing te onderskei, sal die burgerlike owerheid ’n riglyn hê oor hoe hy sy eie wetgewing kan inkleef volgens die eise van die morele wet van God. Deur die verwerping van die Ou Testamentiese wette wat met burgerlike geregtigheid handel, laat die burgerlike owerheid homself sonder objektiewe kriteria van hoe die burgerlike owerheid sy regsmandaat van God kan uitvoer. Dit is ondenkbaar dat God aan die burgerlike regering die geweldige mag van die swaard sou verleen sonder duidelike en spesifieke opdragte oor hoe en wanneer dit gebruik moet word. Tereg merk William O. Einwechter op dat die ontstellende verskynsel voorkom dat Christene ontken dat God bedoel het dat volkere aan die beginsels van geregtigheid vervat in die wette van Ou Testamentiese Israel gebonde is en eerder ’n beroep op die sogenaamde rasionalistiese konsep van die natuurreg doen as wat dit die regsbeginnels in die geopenbaarde Woord van God as riglyn aanvaar. Die beginsels wat vir die Christelik-reformatoriese politieke filosofie behoort te geld, vat William Symington in sy klassieke werk *Messiah the Prince* soos volg saam: *It is the duty of nations, as the subjects of Christ, to take his law as their rule. They are apt to think it enough that they take, as their standard of legislation and administration, human reason, natural conscience, public opinion, or political expediency. None of these, however, nor indeed all of them together, can supply a sufficient guide in affairs of state. Of course, heathen nations, who are not in possession of the revealed will of God, must be regulated by the law of nature: but this is no good reason why those who have a revelation of the divine will, should be restricted to the use of a more imperfect rule. It is absurd to contend that, because civil society is founded in nature, men are to be guided, in directing its affairs and consulting its interests, solely by the light of nature The truth is, that revelation is given to man to supply the imperfections of nature; and to restrict ourselves to the latter, and renounce the former, in any case in which it is competent to guide us, is at once to condemn God’s gift and to defeat the end for which it was given. We contend, then, that the Bible is to be our rule, not only in matters of a purely religious nature, in matters connected with conscience and the worship of God, but in matters of a civil and political nature. To say that in such matters we have nothing to do with the Bible, is to maintain what is manifestly untenable. To require nations, who possess the sacred volume, to confine themselves, in their political affairs, to the dim light of nature, is not more absurd than it would be to require men, when the sun is in the heavens, to shut out its full blaze and go about their ordinary duties by the feeble rays of a taper. Indeed, if nations are moral subjects, they are bound to regulate their conduct by whatever laws their moral Governor has been pleased to give them; and as they are the subjects of the Mediator, they must be under the law of the Mediator contained in the Scriptures. He has not placed his moral subjects in ignorance of his will, nor left them to search for it amid the obscurities and imperfections of a law which sin has effaced and well nigh obliterated. In the Holy Scriptures of truth, he has given them a fairer and more complete exhibition of the principles of immutable and eternal justice, than that which is to be found in the law of nature.*¹⁶

¹⁶ *Messiah the Prince* (Edmonton: Still Waters Revival Books, herdruk van 1884-uitgawe), pp. 234-235.

10. Verbondsteonomie en Burgerlike Regering in Suid-Afrika

Die implikasies van die verbondsperspektief vir burgerlike regering en die huidige Suid-Afrikaanse regsorde is diepgrypend. In die lig van die handige samevatting van Symington, staan die huidige staatsbedeling in ons land in vele opsigte lynreg teenoor die Bybelse verbondsperspektief:

- Nie net word die modernistiese idee van die onnipotente staat met mening (en selfs geweld) op die hele burgerlike bevolking afgedruk nie, maar ook die Machiavelliaanse etiek van die regeergesag as die hoogste en “soewereine” manifestasie van gesag, wat los van enige morele oorwegings – behalwe dié wat hulle vir hulself neerlê – funksioneer, is tans aan die orde van die dag.
- Die sekulêre staatsidee in sy klassieke en postmoderne gestaltes is as’t ware die spil waarom die regsorde gestruktureer word. Nie net is juridiese onsin en manipulasie aan die orde van die dag nie, maar ook word die Christelike belydenis en Bybelse perspektiewe in die onderwys, die opvoeding en die regspleging in die breë samelewing met mening uitgeweer.
- Die natuurregtelike idees van die soewereiniteit van die menslike rede, menslike outonomie en die onbesoedelde waarde van die menslike rede en gewete word die fondament waarop die regsorde gevestig is. Die sogenaamde “openbare mening” wat niks anders is as rasionalistiese wettiging van perversie, drifte en heerssug, botvier op alle publieke terreine. Die handves van menseregte in die Grondwet bied ’n menigte van voorbeelde van hierdie stelling.
- Die verwerping van God se wet en die vervanging daarvan met die mens se subjektiewe en sondige inklinasies as riglyn vir toepassing van die reg, maak van geregtigheid ’n karikatuur en dien eerder die antichris as wat dit die bese ten gronde rig. Een van die ergste gruwels waaroor die burgerlike owerheid en diegene wat hulself daaraan skuldig maak, hulself sal moet verantwoord, is die gewettigde moord op hulp- en sorgbehoewende menslike lewe wat nog nie gebore is nie. Eksplisiet kan hier verklaar word dat die oordeel van God diegene sal besoek wat hierdie praktyke beoefen of die reg aanwend om dit te bevorder!

11. Gevolgtrekking

- Verbondsteonomie is die perspektief wat handhaaf dat die wet van God, soos dit in die Ou en Nuwe Testament geopenbaar is, die enigste betroubare en gesaghebbende standaard van waarheid en geregtigheid is, en dat die Skrif voldoende is om ons te onderrig in regverdigheid op alle lewensterreine.
- Die Woord van God is die enigste aanvaarbare standaard vir die beoordeling van die korrektheid of verkeerdheid van menslike optrede.
- Verbondsteonomie leer dat die dryfveer van alle menslike optrede die liefde vir God en die naaste behoort te wees; die standaard vir alle menslike optrede is die Woord van God en die doel van alle menslike optrede is die eer van God.

- Verbondsteonomie is 'n streng Bybels-etiese visie, wat alle vorme van etiese outonomie teenstaan; die natuurreg as 'n onvoldoende en onvolmaakte stelsel van etiese reëls beskou; alle vorme van antinomianisme en legalisme verwerp; 'n noulettende interpretasie en toepassing van die reg voorstaan; en verkondig dat God se wet die standaard vir die sosiale en politieke lewe van elke volk behoort te wees.
- Verbondsteonomie – synde 'n streng Bybelse formulering van etiese standarde - handhaaf die eer van God; stel die ware plig van die mens; is die ware etiek van liefde; is die ware reaksie op God se genade; wys die weg van seën aan; is die pad na morele en etiese oorwinning; en is die weg van herlewing en reformasie.
- Verbondsteonomie is dus die konsekwente en getroue toepassing van die Bybelse verbondseise en die toepassing van die Reformatoreise beginsel van die *sola Scriptura* op die terrein van die etiek.
- Vir die verbondsteonomiste is God se wet die “mees regverdige, mees heilige, en mees perfekte” standaard vir die sosiale en politieke lewe van die mens.
- Die essensie van die verbondsteonomie is 'n liefde vir God en sy wet en 'n begeerte om volgens die gebooie van God te lewe, en daarom wil ons saam met die Psalmis getuig: “O HERE, ek verlang na u heil, en u wet is my verlusting”. Prediker 12:13-14 vat die kern hiervan saam: *Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg.*
- Die burgerlike owerheid, los van die Christelike verbondsgemeenskap, moet noodwendig na tirannie oorgaan. Daarom behoort gereformeerde Christene hulself met krag te beywer om die Christelike gemeenskapsidee te herstel, die rol van die kerk en die burgerlike owerheid in die Christelike verbondsgemeenskap tot hul oorspronklike take en terreine te herstel en die fokus op die struktuur van die staat as samelewingsverband na die ampte van predikers en burgerlike owerhede te verskuif. Juis in die teonome ampsidee lê die beperking van gesag, verantwoordelike regering en eise van geregtigheid opgesluit.
- Ware herlewing en Reformasie vereis dat gereformeerde Christene hulself al hoe meer van die idee van die staat moet losmaak en al hoe meer die fokus op die Christelike verbondsgemeenskap moet plaas, waarin kerk en staat nie antitiesies nie, maar solidêr hul take en funksies kan behartig – dit vereis dus groter klem op die *amp van burgerlike regeerders* en minder klem op *staatlike soewereiniteit*. Hierin moet die kerk 'n deurslaggewende rol speel: *If there is to be a true revival and subsequent reformation in our day, we must pray, repent, and turn to the law of God and obey it with all our hearts (2 Chron. 7:14). It is the law of God that will humble us and teach us to walk in holiness. Reformation will only come when the church is led to rediscover the law of God that is currently “lost” and forgotten in our churches. Theonomy is a call to the church to repent, return to God’s law, and to keep the law of the Lord with a zealous love for Christ and His Kingdom; accordingly, theonomy is the way of revival and reformation.*¹⁷

¹⁷ William O Einwechter, *Ethics and God’s Law* (Pennsylvania: Preston Speed Publications, 1995), p. 72.

Christokrasie - Aardse Regering onder Heerskappy van die Here Jesus

deur dr. F.N. Lee

“Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar **sy behae is in die Wet van die Here**, en hy **oordink Sy Wet dag en nag!**” (Ps. 1) “**Hoe lief het ek U Wet**; dit is my bepeinsing, die hele dag!” (Ps. 119:97) “Die besnydenis is niks en die onbesnedenheid is niks, maar **die onderhouding van die Gebooi van God**” is alles! (I Kor. 7:19) “Ek is **nie sonder die Wet van God nie**, maar **onder die Wet van Christus!**” (I Kor. 9:21)

Jesus Christus is die vleeswording van die Woord of die sentrale Persoon van God Drie-enig – en dié Vader-Seun-Gees was altyd met Sigself in harmonie.¹ Hy is **al** Sy attribute: want Hy **is** alles wat Hy het. Hy **is** regverdig; en Hy **is** liefde; en Hy **is** goed; en Hy **is** barmhartig. Want Hy is **al** Sy attribute. Hy is **nie maar net** regverdig nie, maar **ook** liefde; en Hy is **nie maar net** goed nie, maar **ook** barmhartig. Terwyl Hy **ook** regverdig is, is God selfs **bo** regverdigheid en Wet. Maar Hy is **nooit sonder** regverdigheid nie. En Hy is ook **nooit met Sy Eie Wet in stryd nie.**²

Die Wet is deur God ter wille van Sy skepping gegee. Hy het die heelal aanvanklik uit niks geskep, en dit daarna in ses dae **wetlik** geformeer. En na die skepping en die formering daarvan, is dit normaalweg juis deur Sy **wette** wat Hy ons huidige wêreld nou dwarsdeur dié se voortbestaan regeer.³

Dié wet-gewende God het vir Adam as Sy Eie **wet-like** beeld geskape.⁴ En selfs met sy skepping, is die kosmos-omvattende Wet van God (in die Tien Gebooi opgesom) op en inderdaad ook binne-in sy hart geskrywe.⁵

Adam moes *domineer*. Hy moes ’n *domein* vir hom maak; ’n *domus* of ’n tuiste vir hom in ons wêreld maak. Hy het verbondsverpligtinge teenoor die Here gehad. Gevolglik moes Adam as beeld van God die Skepper ‘weerkaats.’ Hy moes hom terdeë tuismaak of in die

¹ Matt. 28:19 & 3:16-17 & II Kor. 13:14 & Eks. 3:6, 14 & 6:3 & Joh. 1:1-5, 14-18 vgl. Gen. 1:1-3 se Drie-enige *Elohim* [of God die Vader en die Goddelike Woord (“en God het **gesê**”) en die Gees van of God (swewende “op die waters”)]. Vgl. my eie *Ten Commandments Today!* (London: Lord’s Day Observance Society, 1976) en my boek *The Covenantal Sabbath* (London: Lord’s Day Observance Society, 1972).

² Eks. 34:6-7; *Westminsterse Geloofsbelofenis* (2:1) en *Groter Kategismus* (Vr. 7); vgl. Joh. Calvyn se “*Deus legibus solutus, sed non exlex*” (in Dooyeweerd se *New Critique*, Philadelphia, Presbyterian and Reformed Pub. Co., 1953, I. pp. 93 en 99vv.).

³ Gen. 1; Job:38:33; Ps. 33:6-9vv.; 119:89-92; 148:2-6; *Westminsterse Geloofsbelofenis* 5:3k.

⁴ Gen. 1:26-28.

⁵ Pred. 7:29 en Rom. 5:12vv. en Ef. 4:24 en Opb. 22:14 vgl.: Gen.2:9, 15-17 (1ste Gebod); Gen. 3:22 en Opb. 2:7 (2de Gebod); Gen. 1:26-28 en Ps. 8:1-9 (3de Gebod); Gen. 2:1-3 en Heb. 4:1-11 (4de Gebod); Gen. 2:24 (5de Gebod); Gen. 2:9, 17 en Spr. 11:30 en Opb. 22:2 (6de Gebod); Gen. 1:28 en 2:24 (7de Gebod); Gen. 2:17 en 3:11 (8ste Gebod); Gen. 2:9,17 en 3:4,11-12 en Spr. 15:4 (9de Gebod); en Gen. 3:3-6 en Jak. 1:14-15 (10de Gebod). Vgl. ook my eie *Ten Commandments*, pp. 4-11.

heelal ten volle laat *domisilieer*. Want hy moes norm-atief deur middel van wette oor die ganse kosmos regeer.⁶ Dié verbond of wetlike verpligting tussen God en die mens moes sowel positief asook negatief weergegee word. En dit is gedoen deur Adam se *wetmatige* houding teenoor: die lewensboom; die boom van die kennis van goed en kwaad; die sabbat; die huwelik; die gesinslewe; en verbondmatige sosiale ontwikkeling (in al sy baie ingewikkeldhede en ondervlegtings).⁷

Adam was **aan die Wet van God onderworpe**. Hy moes die *wettige* werksverbond hou juis deur die ganse heelal en die inhoud daarvan tot verheerliking van God te onderwerp.⁸ Maar Adam het gesondig. Dit doen hy juis deur die Oerwet te oortree. Want hy rebelleer toe teen die wese van die ganse Dekaloog – en verbreek sodoende elkeen van die Tien Gebooie tegelykertyd.⁹

Dié Morele Wet het egter ook ná die sondeval en ook voor die tyd van Noag steeds geopereer. En God se hernude verbond met Noag sowel voor asook na die sondvloed, versterk die mens se verpligting om die Morele Wet te hou – sowel by Noag self, asook by al sy afstammeling.¹⁰

Buitekant die “tente van Sem,”¹¹ het selfs die verheidensde afstammeling van Noag verdraaide oorblyfsels van die Tien Gebooie bewaar. En onder die verskillende ná-Noagitiese volkskulture, word dié oorblyfsels steeds bewaar.¹² Dog, ter wille van die voortgaande rekonstruksie van die vervalle menslike gemeenskap, het God Sy Morele Wet opnuut in Sy genadeverbond met Abraham herhaal.¹³ So was Abraham en sy afstammeling Isak en Jakob asook die twaalf patriarge van Israel almal vertrou met die Morele Wet (wat dié twaalf patriarge saam met hulle na Egipteland geneem het).¹⁴ Inderdaad, presies die

⁶ Hos. 6:7 (Heb.); Gen. 1:28; 2:15; I Kor. 11:1-5; 14:40; *Westminsterse Geloofsbelydenis* 4:2 & 7:1-2.

⁷ Gen. 2; *Westminsterse Groter Kategismus* Vr. 17 & 20; en my eie *Ten Commandments*, pp. 5-11.

⁸ Gen. 1:26-28; Ps. 8; Hos. 6:7 (Heb.); I Kor. 10:31; Heb. 2:5-9 en 4:9-11vv.

⁹ Vgl. nota 5 hierbo met I Joh. 3:4 en *Westminsterse Geloofsbelydenis* 19:1-2 en die *Groter Kategismus* Q. 92-98 en John Murray se *Principles of Conduct* [Grand Rapids: Eerdmans, 1957] en my eie *Ten Commandments*, pp. 5-11) en Fisher & M'Crie se *The Marrow of Modern Divinity* [Glasgow: Bryce, 1902].

¹⁰ Gen. 6:9, 18, 22 en 1:26-31 en 9:1-9, 16 en Ezek. 14:14, 20 en Rom. 5:12-15. Vgl. ook Hand. 15:20 – waar die **voor**-Mosaïese (Adamitiese en Noagitiese!) Morele Wet deur die universele Adamitiese en Noagitiese verbond met alle mense geverg, opnuut gebied was (vgl. Hos. 6:7 Heb. en Gen. 1:26-2:25 en 6:9vv., 18, 22 en 9:1-7 en 9:16). Vgl. ook F.F. Bruce se *The Book of Acts* (Grand Rapids: Eerdmans, 1973), p. 312 n. 40 (oor Gen. 9:4 vgl. Hand. 15:20). Interessant dat selfs die eksklusivistiese Joodse *Talmud* rojaal toegee dat die universele Noagitiese wette (op alle heidene bindend) basies ooreenkom met die Dekaloog waar hulle moord, afgodery, losbandigheid, rowery, ongeregtigheid, godslastering en onmatigheid (insluitende die eet van stukke vanuit lewende diere gesny) verbied – aldus Hyamson en Silbermann se *Vallentine's Jewish Encyclopedia* (London: Shapiro, Vallentine & Co., 1938, art.: Laws, the Noachian, p. 375), vgl. Hand. 15:19-29 & Gen. 5 - 9 asook: Gen. 4:1 en 5:29 en Heb. 11:6-7 (1ste Gebod); Gen. 5:24 en 6:9 en I Pet. 3:20 (2de Gebod); Gen. 4:23, 26 (3de Gebod); Gen. 2:3 en 4:3 en 5:29 en 7:4, 10 en 8:6-12, 20-28 (4de Gebod); Gen. 6:4 en 9:22-25 (5de Gebod); Gen. 4:11, 23 en I Joh. 3:10-15 en Gen. 8:17 en 9:21 en Matt. 24:38 (6de Gebod); Gen. 4:19, 23 en 9:1 18,19,21,22 en Matt. 24:38 (7de Gebod); Gen. 5:29 en 6:21-22 en 9:3 (8ste Gebod); Gen. 4:9 en II Pet. 2:5 (9de Gebod); en Gen. 6:2 (10de Gebod). Vgl. ook die *Westminsterse Geloofsbelydenis* 19:2 en my eie *Ten Commandments* (pp. 11-12) en Judas 14-16 [t.o.v.d. feit dat die sondvloedgeslag trots en spoggerig en wellustelik was (oftewel die 1ste en die 9de en die 7de Gebooie oortree het)].

¹¹ Gen. 9:26-27 vgl. 10:1, 21-25 en 11:16-31 en 12:1-2, 7-8 en 13:4, 18 en 15:1-6 en 17:1vv.

¹² Gen. 10:1vv., 25 en 11:4-9 en Deut. 32:8 en Hand. 14:11-17 en 17:22-29 en Rom. 1-2; vgl. Konfusius se Goue Reël, die Boedditiese *Upasatha* en *Dhamma*, Ptahhotep se oeroue Egiptiese wysbegeerte, en die Akkadiese *Codex Hammurabi*, ens. Vgl. ook my eie boek *A Christian Introduction to the History of Philosophy* (Nutley, N.J.: Craig Press, 1969), pp. 52-54vv.

¹³ Gen. 17vv; 18:19; 26:3-5; vgl. nota 14 hieronder.

¹⁴ Gen. 26:3-5, 24-25 en 32:9-12 en 35:1-11, 14-15 en 42:2-6vv. vgl. Heb. 11:8-22 en Hand. 7:2-10 vgl.: Gen. 17:1 en Hand. 7:10 (1ste Gebod); Gen. 31:19,30 (2de Gebod); Gen. 22:16 en Heb. 6:13vv. (3de Gebod); Gen. 29:27-28 en

begeerte om die Morele Wet (en veral die Eerste, Vierde, en Agtste Gebooie) meer effektief te behou – was juis een van die hoofredes vir die uittog van die Israëliete vanuit Egipteland.¹⁵

Gevolgtlik was die Tien Gebooie wat te Sinai herhaal is, nie nuut nie. Sinai was in dié opsig hoofsaaklik ’n **heraankondiging** (en ook ’n verdere konkrete toepassing) van ’n wetskode wat **so oud as die mens self is**.¹⁶ Byvoorbeeld: Eksodus twintig se Vierde en Vyfde en Sesde en Sewende Gebooie word reeds in Genesis twee vasgewortel gevind.¹⁷ So is ook die Deuteronomiese Dekaloog, wat in die vlaktes van Moab veertig jaar ná die uittog aangetref word, ook nie nuut nie – maar dit is weer eens ’n heraankondiging van die Morele Wet wat voorheen by die berg Sinai (her)aangekondig is¹⁸ (nadat dit oorspronklik voor die sondeval op Adam se hart ingekerwe is).⁵

Tussen die berg Sinai en die vlaktes van Moab, het God ook baie **seremoniële en juridiese wette** gegee. Dié wette is wel te onderskei van die Morele Wet wat toe deur die vinger van God op kliptafels geskryf en daarna alleen **binne in** die ark bewaar is. Dog die seremoniële en die juridiese wette gee wel konkrete voorbeelde betreffende die toepassing van een of meer van die Tien Gebooie van die Morele Wet **by die volk van Israel van ouds in hul eie toestand en tydperk**. So het die seremoniële wette veral oor die Eerste tot en met die Vierde Gebooie van die Morele Wet gegaan, en hulle is op ’n tydelike manier gedurende dié voor-Golgota uitoefening van die genadeverbond toegepas. En die juridiese wette, wat grotendeels met gemeenskapsreëlings te doene gehad het, het veral die Vyfde tot die Tiende Gebooie van die Dekaloog op ’n politieke manier toegepas in die historiese toestand waarin Israel van ouds destyds verkeer het.¹⁹ Inderdaad, sowel die seremoniële asook die juridiese wette is in Deuteronomium hoofstukke 6 tot 25 saamgegroepeer – en dan wel ook in die dieselfde volgorde van die Tien Gebooie, soos by die Dekaloog self in Deut. 5:6-21 opgegee.

Beide die seremoniële asook die juridiese wette, was onontbeerlik vir die ware bondsvolk van God – tussen hul aankoms by die berg Sinai en hul latere aankoms by die berg Golgota. Gedurende dié “tyd tussen die twee berge”, het veral die seremoniële wette Christus se kruisiging op die berg Golgota en Sy opstanding kort daarna afgebeeld.²⁰ En die seremoniële wette was een van die hoof maniere waarop God Christus se (toe nog toekomstige) reddingswerk aan Sy volk van ouds geopenbaar het – te wete, voor Sy voltooiing van dié werke gedurende Sy Eie aardse lewe.²¹ Maar **ná** Golgota, moes al die

31:23 en 50:10 (4de Gebod); Gen. 19:30-38 en 21:9 en 25:9 en 26:34-35 en 27:21-24,35 (5de Gebod); Gen. 22:12 en 31:24, 29 (6de Gebod); Gen. 12:11-18 en 19:5-38 en 20:2-15 en 26:9-10 en 34:1-7 en 35:22 en 38:13-24 en 39:7-9 en 49:3-4 vgl. II Pet. 2:6-8 en Judas 7 (7de Gebod); Gen. 31:32 en 37:28 en 43:1-12 en 44:3-5 en 50:15-20 (8ste Gebod); Gen. 12:11,13 en 20:2-9 en 26:7 en 27:24 en 37:10 (9de Gebod); en Gen. 13:10 en 19:15-34 (10de Gebod).

Vgl. Murray se *Principles of Conduct*; en my eie: *Ten Commandments*.

¹⁵ Eks. 3:6-8 vgl. Eks. 20:2; Eks. 5:5 en 7:25 vgl. 16:28-29 en 20:8-11 en Deut. 5:13-15; Eks. 1:11 en 3:22 en 11:2 en 12:35 en 20:2, 15 en 21:2-3 en 22:1-7, 12; 23:9; ens.

¹⁶ Eks. 19:4-6; 20:8-11 vgl. Gen. 2:1-3.

¹⁷ Eks. 20:8-14 vgl. Gen. 2:1-3, 5, 9, 15, 18-25.

¹⁸ Deut. 5:2-22.

¹⁹ Eks. hff. 25-31vv.; en hff. 21 tot 23 vgl. Ps. 147:19-20. Vgl. ook Calvyn (in my eie *Are the Mosaic Laws for Today?* (Tallahassee: Jesus Lives Publications), 1978, paragrawe 14-23.

²⁰ Kol. 2 en Heb. 10 vgl. Lev. hff. 1 tot 16vv.

²¹ Heb. hff. 9 tot 10.

Mosaïese bloedstortings van ritualistiese of **liturgiese** aard (maar nie van juridiese of **strafregtelike** aard nie)²² by die kruis van Christus ophou.²³

Die Nuwe Testament noem inderdaad soms sekere Mosaïese praktyke op so 'n manier as sou dit suggereer dat Christene dalk nog steeds daarby betrokke is. So bespreek ook die Nuwe Testament die Levitiese priesterskap, heilige klere, wierook, en die vermy van “onrein” vleissoorte.²⁴ Maar aan dié Mosaïese wette word wel 'n nuwe en 'n nie-ritualistiese betekenis juis deur die Nuwe Testamentiese geskifte self toegeskryf.²⁵ Slegs Rooms-gesindes en etlike ander ritualiste beskou dié kategorieë van Nuwe Testamentiese tekste (of sinkretismes daarvan) op so 'n letterlike wyse. En dit doen hulle – juis ter ondersteuning van hul huidige of voormalige dwaalpraktyke (soos hul mis, hul priesterskap, hul vleislose dae, hul swierige gewade ens.). En slegs die ultrapremillenniaalse Dispensasionaliste glo dat dié seremonies met hernude tempelaanbidding gedurende die millennium weer opgerig sal word – wat na hul mening na die sg. “wegraping” van die heiliges en die latere sg. “openbaring” van Jesus Christus vanuit die hemel sou volg.²⁶ Dog die konsekwente Protestantisme staan teenoor albei dié twee dwalings. Want in sowel die *Nederlandse* asook die *Westminsterse Geloofsbelydenis*, verklaar die gereformeerde geloof dat dit juis te Golgota was dat die seremoniële wette vervul en vir altyd herroep is – hoewel die “morele pligte” wat daarin opgesluit was en is, ook vir ons vandag inderdaad van permanente opvoedkundige waarde is.²⁷

Geheel en al anders is egter die geval van die Morele Wet of die Tien Gebooie. Want gehoorsaamheid aan die Morele Wet is God se vereiste aan alle volke uit alle nasies (ongegag hulle religieë) vir alle tye. Inderdaad, verklaar die *Westminsterse Geloofsbelydenis*, “die Morele Wet verbind almal, sowel geregverdigdes asook ander, om dit te gehoorsaam.”²⁸ Vgl. ook die *Heidelbergse Kategismus* (vrae en antwoorde 90 tot en met 115), en die *Nederlandse Geloofsbelydenis* (artikels 24 en 25). So word van geredde Christene vereis dat hulle die Tien Gebooie moet onderhou. En die Gees van Christus – Wat dié Gebooie aanvanklik op Adam se hart voor die sondeval en later ook op die kliptafels by die berg Sinai geskryf het – kerwe hulle nou ook op, asook binne-in, die harte van Christene. Meer en meer skenk Hy laasgenoemdes die genade en die begeerte om volgens al die Gebooie van Sy Dekaloog te wandel.²⁹

Wat is dan die status van die **juridiese** wette – ná Golgota, en in die lewens van moderne Christene? Ook volgens die kanonieke boeke van die **Nuwe** Testament is dit duidelik dat vóór-Israelitiese juridiese wette, wat op die Tien Gebooie gebaseer is, ook ná Golgota

²² Gen. 4:3; 8:20; 12:7-8; 15:2, 9; 17:8-10 vgl. Eks. 4:29; Joh. 7:22. Die **nie-liturgiese** (dog **bloedige!**) doodstraf duur nog vandag egter voort selfs **ná** Golgota! Vgl. nota 30 hieronder.

²³ Gal. 3:1-29 en 5:1-3; Heb. 12:22vv. en 13:10vv.

²⁴ I Kor. 5:7; 9:13vv.; Opb. 8:3-5vv.; 18:2 vgl. II Kor. 6:17.

²⁵ Hand. 10 tot 11; Kol. 2:14-23; I Tim. 4:1-5; Heb. 9-10.

²⁶ Bv. Scofield; C.C. Ryrie; Hal Lindsay; ens. *Per contra*, egter, vgl. my eie artikel *The Certainty of the Rebuilding of God's Temple!* (Mississippi Valley Presbytery of the Presbyterian Church in America, 1978).

²⁷ 1562 *Nederlandse Geloofsbelydenis*, art. 25; 1647 *Westminsterse Geloofsbelydenis*, 19:3.

²⁸ *Westminstese Geloofsbelydenis* 19:5 vgl. Matt. 5:19-33vv.; Rom. 3:31; 7:10, 12, 13; 13:8-13; Jak. 2:8-12; I Joh. 3:4; Opb. 12:17; 14:12; 21:7-8; 22:14-15.

²⁹ Eseg. 36:25-27; II Kor. 3:3, 10, 16-17; Heb. 8:10; 10:16; *Heidelbergse Kategismus* Vr. En Antt. 114-115; *Westminsterse Geloofsbelydenis* 19:6-7 (q.v.!!!).

voortduur.³⁰ Maar geld dit ook vir die **Mosaïese** juridiese wette – in tye ná Golgota? Moet die burgelike owerheid in moderne lande openbare sabbatskending met dieselfde kriminele strawwe bestry as wat in die Mosaïese en die na-Mosaïese Ou Testamentiese tydperke voorgeskryf was?³¹ Moet daar van diene ook vandag vereis word om dieselfde vier- of vyfvoudige vergoeding te doen – as wat in die gemenebes van Israel van ouds opgelê is?³² En moet moderne geldskuld tot slegs sesjarige leentydperke vasgestel word – soos wat in die Mosaïese tydperk wel voorgeskryf was?³³ Wat leer die kerkgeskiedenis ons in verband daarmee?

Die kerkgeskiedenis leer ons dat nie alleen na Golgota nie maar selfs na die vernietiging van die destydse nasie van Israel in 70 n.C., die “algemene billikheid” (of sg. “general equity”) van die Ou Testamentiese juridiese wette inderdaad in die Christelike Kerk, die nuwe Israel van God, voortgeduur het.³⁰ Nie alleen by die nominale kerstening van die Romeinse ryk onder Keiser Konstantyn aan die begin van die vierde eeu n.C. nie, maar selfs daarna onder Christelike Keisers soos Justinianus (van Romeins-Hollandse regsbefaamdheid) is siviele kodes gestig wat die “morele pligte” of die “algemene billikheid” van die juridiese wette van die Ou Testamentiese Israel grotendeels weerkaats het.³⁴ Later, selfs na die ontbinding van die sg. Heilige Romeinse Ryk, is die eerste burgerlike wette van alle moderne Westerse nasies grotendeels op Bybels-juridiese beginsels gemodelleer, juis as resultaat van die wydverspreide *corpus christianum*-idee van die middeleeue (soos bv. by Karel die Grote en die Karolingse herlewing). Dit is ook by John Wycliffe en sy Lollarde weerspieël. Steeds later met die sestiende-eeuse Protestantse Hervorming, het Johannes Calvyn te Genève die Bybelse strawwe teen heksery en owerspel en bloedskanie voorgestaan.³⁵ So ook ander vroeg-gereformeerde teoloë soos (Calvyn se

³⁰ *Westminsterse Geloofsbelydenis* 19:4 en *Groter Kategismus* Vr. 136d (Gen. 9:6); Gen. 4:6-10 vgl. Hand. 25:11; Gen. 9:1-6 vgl. Hand. 15:20; Pred. 7:29 vgl. Matt. 5:17-32; Gen. 19:5-24 vgl. Rom. 1:26-32 en Judas 6-7; Rom. 2:14v., 21vv. Vgl. ook selfs die Mosaïese wette Lev. 6:16 en Deut. 22:8 (in I Kor. 9:13 en I Tim. 5:18). Die Nuwe Testamentiese Kerk is dieselfde “volk van God” as Ou-Testamentiese Israel (vgl. nota 80 benede).

³¹ Eks. 31:14 en 35:2; Num. 15:35; Jer. 17; Neh. 13:15-19 (vgl. my boek *The Sabbath in the Bible* (London, England: Lord’s Day Observance Society, 1966), pp. 19-20).

³² Eks. 22:1; Spr. 6:31.

³³ Deut. 15:1-6.

³⁴ *Westminsterse Geloofsbelydenis* 19:4 vgl. Justinianus se *Corpus Juris Civilis* (en veral sy *Codex*).

³⁵ Vgl. die biografieë deur Schippers en Dankbaar van die 1509-64 Calvyn, met lg. se eie kommentare op die relevante Mosaïese wette. Bv. sy kommentaar op Eks. 22:18: “Dié... perikoop skryf die doodstraf vir hekse voor.” Bv. sy kommentaar op Deut. 18:10-12: “So waarsku Paulus gelowiges om naarstiglik te probeer om sondes te vermy [nl. dié van waarsêry en sterrewiggelary en towerspraak en heksery en toordery en geestesoproeping en dolosgooiery en dodebeswering in v. 11], wat die toorn van God teen die ongehoorsames opwek (Ef. 5:6).” Bv. sy kommentaar op Deut. 22:22: “Dit blyk hoe grootliks God owerspel verfoei, aangesien Hy die doodstraf daarteen uitspreek... Te meer, deur die universele wet van die Heidene – was die doodstraf altyd teen owerspel toegepas. Daarom is dit geheelenal laag en skandalig as Christene [hierin] nie eens die Heidene navolg nie!” Bv. sy kommentaar op Lev. 18:6: “Indien objekteer word dat sulke [bloedskandalige] huwelike nie in die Nuwe Testament vir ons verbied word nie, antwoord ek dat die huwelik van ’n vader met sy dogter [dàár] nie verbied word nie... Maar sou dit derhalwe wettig wees vir diegene wat te na verwant is, om deurmekaarbetrekkinge aan te gaan?” Bv. sy kommentaar op Deut. 13:5: “In ’n goedgegronde politieke bestel, word wêreldlinge geensins verdra deur wie godsdiens ondermyn word nie... Geen wonder nie dat God landdroste sou las om wrekers van Sy eer te wees nie – wanneer Hy [Self] onwillig of ontoetalend is dat diefstalle, ontug en dronkenskap strafvry moet wees... Die doodstraf sal teen owerspelers voorgeskryf word... Want ons moet ons noodwendig by Sy onskendbare voorskrif neerlê.” Bv. Calvyn sy brief aan Farel ged. April 1545: “René... se vrou het erken dat sy agtien mense vergiftig het, en hy self omtrent vier of vyf. By sy doodstraf, is die mag van die Here wonderlik tentoongestel... Albei van hulle het vreugedevol in baie groot geloofsversekerdheid en met duidelike bewys van bekering gesterf!” Kyk Schippers se *Johannes Calvyn*, Kampen Nederland, Kok, 1959, p. 92. Vir verdere besonderhede van Calvyn se beskouings op dié en ander juridiese sake, vgl. veral F.N. Lee: *The Mosaic Laws Today!* (paragrafe 15-23 & 76-79).

vriende) Bucer en De Chandieu en Bullinger³⁶; Knox se *Skotse Geloofsbelydenis* (arts. 14v.), De Bres se *Nederlandse Geloofsbelydenis* (art. 25), Olevianus en Ursinus se *Heidelbergse Kategismus* (vrae en antwoorde 91-115); en Thomas Cartwright³⁷, Philip Stubbs³⁸, Henry Barrow³⁹, William Perkins⁴⁰, Johann Wolleb⁴¹ en William Ames⁴² is almal

-
- ³⁶ Calvin & Chandieu: *Franse Geloofsbelydenis* hf. 39vv; Henry Bullinger (1504-1575) se *Tweede Switserse Geloofsbelydenis* (hf. 12); *Antiquissima Fides et Vera Religio* (1541), Coverdale-vertaling, Cambridge, Universiteitspers, 1884, p. 47vv.; vgl. sy *Dekades of Preke oor Vyftig Jaar* [eerste druk 1587] (Cambridge, Universiteitspers, 1843, p. 282): “Daar is so baie wat ook in die Wet geskryf is oor burgerlike politiek, oor ordinansies, oor oordeel, oor hoe om goed en vreedzaam in ’n stad of op die platteland te woon; oor koop en verkoop, oor oorlog en vrede, oor erfenis en eiedomme, oor huwelikswette, oor die strawwe op kwaaddoeners, oor oordeel en raad, oor leen en uitleen, ens. Dit is alles glad nie iets nuuts nie, en dien alles om die ses gebooie van die Tweede Tafel (van die Tien Gebooie) te verklaar... Sulke wette en reëls om in vrede met burgerlike orde en deugde te lewe, is in die harte van die goeie heilige voorvaders vanaf die begin van die wêreld deur God Self geskrywe. Nou het God ook veroorsaak dat alles op skrif deur Moses omvat word, ten einde die wêreld alles meer duidelik en volmaak kan hê, sodat geen mens hom vanweë onkunde mag verskoon nie... Die wese van God se juridiese wette is nie weggeneem of herroep nie, maar... hul verordinerings en beperking is in die eimags van goeie Christelike regeerders geplaas.” Kyk ook M. Bucer, soos aangehaal in *The Journal of Christian Reconstruction* V:2 pp. 11f.
- ³⁷ T. Cartwright se *Second Reply to Archbishop Whitgift, 1575* (in *Works of John Whitgift*, Cambridge University Press, 1851, I, p. 270): “And as for the judicial law, forasmuch as there are some of them made in regard of the region where they were given, and of the people to whom they were given, the prince and magistrate, keeping the substance and equity of them (as it were the marrow), may change the circumstance of them, as the times and places and manners of the people shall require. But to say that any magistrate can save the life of blasphemers, contemptuous and stubborn idolators, murderers, adulterers, incestuous persons, and such like, which God by His judicial law hath commanded to be put to death, I do utterly deny, and am ready to prove.” Vgl. ook met nota 43 benede.
- ³⁸ P. Stubbs se *Anatomie of Abuses* (1583), soos aangehaal uit Rodgers se *Exposition of the Thirty-nine Articles*, Cambridge University Press, 1854, p. 91): “S. What kind of punishment would you have appointed for these notorious bloody swearers? P. I would wish (if it pleased God) that it were made death: For we read in the Law of God, that whosoever blasphemeth the Lord, was presently stoned to death without all remorse. Which law judicial standeth in force to the world’s end.”
- ³⁹ H. Barrow se *Discovery of the False Church*, 1590 (soos aangehaal uit Rodger se *op. cit.*, p. 90): “But the statutes and judgments of God which are delivered and expounded unto us by His holy prophets, endure for ever; the pure wisdom, the upright justice, the true exposition and faithful execution of His Moral Law: which laws were not made for the Jews’ estate only... but for all mankind, especially for all the Israel of God (or the Christian Church!); from which laws it is not lawful in judgment to vary or decline either to the one hand or to the other.” Vgl. ook met nota 80 benede.
- ⁴⁰ W. Perkins, ongeveer 1600. Vgl. R.H. Robbins se *Encyclopedia of Witchcraft and Demonology* (New York; Crown, 1959), p. 382, wat Pickering aanhaal oor die siening van sy tydgenoot William Perkins “that the witch truly convicted is to be punished with death, the highest degree of punishment, and that by the law of Moses, the **equity** whereof is **perpetual**.”
- ⁴¹ Johann Wolleb se *Compendium Theologiae Christianae*, 1626 soos aangehaal in red. J.W. Beardslee se *Reformed Dogmatics* [New York: Oxford, 1965], p. 10: “The political law dealt with the civil constitution of the Jews... In those matters on which it is in harmony with the Moral Law and with ordinary justice, it is binding upon us.”
- ⁴² W. Ames se *De Conscientia* (Oor die Gewete), 1630 (Amsterdam: Wormser), 1896, p. 78: “Should heretics be punished by the Civil Magistrate? Heretics should be restrained from all godly people... The place and the office of the Magistrates requires them to oppose vicious disturbers with the Sword or public and external force when necessary, Rom. 13:4... But if they are also public blasphemers, and obstinate and unreasonable in their blasphemies, they can also receive the death penalty... Lev. 24:15-16... ” Pp. 262-263: “The laws concerning the return of borrowed and owed goods, concerning just weights and measurements, concerning the wages of the labourer, and concerning many other similar things not expressed in the Ten Commandments, are not more judicial or less moral and natural than is the command **thou shalt not steal**, etc... The laws considered judicial but whose forms exhibit no particularly Jewish character, belong to the affairs of other nations and all participate in that Moral and Natural Law common to all nations.” Ames is ook sterk op skadevergoeding (pp. 271-273), en haal aan Num. 5:7-8 & Luk. 19:8 & Eks. 22:17 & Deut. 22:29 om sy punt te staaf. Net na sy bespreking van die wedersydse pligte van owerhede en onderdane (pp. 316-321), verdedig hy die regverdigheid van die Mosaïese wette wat aansluit by die Vyfde Gebod, naamlik Eks. 22:28 & 21:15-17 & Lev. 20:9 (Vgl. Matt. 15:4 & Mark. 7:10 & Rom. 1:26-27 [32] & I Tim. 1:9!) & Deut. 21:18-21 & 17:12 (pp. 321-324). Hy verdedig ook die regverdigheid van sommige van die Mosaïese wette wat aansluit by die Sesde Gebod, naamlik Eks. 21:14 & Deut. 19:19 & Eks. 21:21, 26, 20, 21, 28 & Deut. 22:6-7 & Eks. 23:19 & 34:26 & Deut. 14:21 & Lev. 7:26 & 17:10 & 19:26 & Deut. 12:16, 23 & Eks. 21:13 & Num. 35:11, 25 & Deut. 19:2, 4 & Num. 35 & Deut. 19 & Eks. 21:14 (pp. 340-343). Hy bespreek ook verder die

goeie voorbeelde van die baie konsekwente Protestante wat die “morele wese” van die juridiese wette van die Ou Testamentiese Israel as steeds bindend in vandag se wêreld beskou het.

Gevollik het selfs juis dié vroeg sewentiende-eeuse Amerikaanse Calviniste wat as die Pelgrimvaders bekend is, baie van dié juridiese wette van die Ou Testamentiese Israel in hul eie burgerlike sake toegepas. Dit is nie alleen deur die sg. Oorskietparlement in Engeland gedoen nie, maar oor deur dié wat die sg. “Mayflowerverbond” in die Amerikaanse kolonie van Plymouth onderteken het⁴³ – asook deur John Cotton en Thomas Shepard en John Eliot in die Amerikaanse Nieu-Engeland,⁴⁴ in die Nieu-Haven kolonie te Connecticut,⁴⁵ en ook in die vroeë wette van Massachusetts.⁴⁶ Feitlik gelyktydig het van die leidende teoloë by die Westminsterse Sinode soos Samuel Rutherford⁴⁷ en George Gillespie⁴⁸ (en ook hul

Wette van Moses wat betrekking het met die Sewende Gebod, naamlik Deut. 24:1 & Num. 5:11 & Deut. 21:15-16 & 25:5 & Lev. 18:16 & Num. 36:8 & Deut. 7:3 & Eks. 21:7, 13-14 & Lev. 21:9 & Deut. 22:22 (pp. 362-364). Dan onder die Agste Gebod behandel hy Gen. 1:28 & 2:15 & Eks. 21:18-19 & 22:25 & Lev. 25:35-36 & Deut. 23:19-20 & 23:24-25 & Lev. 25:35-36 & Deut. 23:19-20 & 23:24-25 & Eks. 22:7, 1, 4, 2, 3, & Deut. 15:4 & Ps. 8:7 (pp. 364-401). En dan laastens, onder Publieke Uitsprake, die Regter, Aanklaer, Getuies, Advokaat en Beskuldigde bespreek Ames Deut. 17:8 & 25:1 & 13:14 & 21:1 & 22:14 & Deut. 1:17 & 16:19 & Eks. 23:3 & Lev. 19:15 & Deut. 16:19 & Num. 35:20 & Deut. 17:16 & Lev. 19:13-15 & Eks. 23:4 & Deut. 19:16-18 (pp. 409-420), ens.

⁴³ Vir die “Rump Parliament”, sien *Journal of Christian Reconstruction (JCR)* V:2:37. Sien ook T. Hutchinson se *The History of the Colony and Province of Massachusetts Bay* (New York: Kraus, herdruk, 1970 [1736-1764], II, p. 354). Aangaande die kolonie van Plymouth, sê hy dat “Cartwright, who had a chief hand in reducing Puritanism to a system, held that the magistrate was bound to adhere to the judicial laws of Moses, and might not punish or pardon otherwise than they prescribed, and him the Massachusetts people followed.” For Cartwright’s views, see nota 37 hierbo.

⁴⁴ J. Cotton se *Abstract of the Laws of New England, as They are now Established*, 1641 (Boston: S. Hall, 1789, pp. 173-187), is hoofsaaklik ’n konkatenasie van Mosaïese en ander Bybelse wette soos: Deut. 1:13-17; (Pred. 10:17; Jer. 30:21; Jos. 24:1;) Num. 11:14-16; Deut. 17:8-9; 12:5; Eks. 23:35-37; (Spr. 24:5;) Eks. 18:22; Deut. 16 & 18; (Jer. 36:10-12); Hand. 5:26-27; Deut. 14:28; Num. 12:14-15; Eks. 21:15-17; Lev. 20:9; Eks. 21:12-13; Num. 35:16-33; (Gen. 9:6;) Lev. 20:10; Deut. 22:22-27; Lev. 20:18-19; Deut. 22:20-21; Eks. 21:16; Deut. 22:25; Eks. 21:18-19; Lev. 24:19-20; Eks. 21:26-27; 22:1,4; 22:2; 20:10-11; (II Sam. 20:18-19;) Deut. 20:2-8; 24:5; 23:9, 14; (II Kron. 25:7-8;) Deut. 20:14, 19-20; Num. 31:27-29, 47 (Jes. 33:22); ens. Vir Thomas Shepard en John Eliot, sien *JCR* V:2:35v. en VI:1:130.

⁴⁵ Vgl. red. C. Hoadly se *Records of the Colony and Plantation of New Haven from 1638 to 1649* (Hartford, Conn.: for the Ed., 1857), pp. 69, 130: “March 2, 1641/2: And according to the fundamental agreement, made and published by full and general consent, when the plantation began and government was settled, that the judicial law of God given by Moses and expounded in other parts of Scripture, so far as it is a hedge and a fence to the Moral Law, and neither ceremonial nor typical nor had any reference to Canaan, hath an everlasting equity in it, and should be the rule of their proceedings... April 3, 1644: It was ordered that the judicial laws of God, as they were delivered by Moses... be a rule to all the courts in this jurisdiction in their proceedings against offenders.” Vgl. met nota 71 hieronder.

⁴⁶ Vgl. Hutchinson se *op. cit.*, I, pp. 367, 371vv. Hy noem dat die 1648 *Massachusetts Codex*, nes die Engelse Reg van destyds, moord en homoseksualiteit en toordery en brandstigting en kinderverkragting as misdade beskou wat die doodstraf verdien. Die *Codex* het die doodstraf uitgebrei ook aan afgodery, godslastering, ontvoering, meened wat iemand anders se dood beoog, die onaangehitste vervloeking of die slaan van ouers deur kinders bo die ouderdom van sestien, en egbreuk (ten opsigte waarvan etlikes ter dood veroordeel is). Indien herhaaldelik gepleeg, is ook etlike mindere misdade met die dood bestraf. Daarby: “Josias Plaistowe, for stealing four baskets of corn from the Indians, was ordered to return them eight baskets” – vgl. Eks. 22:4!

⁴⁷ S. Rutherford se *Lex Rex, or the Law and the Prince*, 1644 (Edinburgh: Ogle & Oliver & Boyd, 1843), pp. 4-6 & 72-96, ens., haal aan uit Eks. 22:7 en Deut. 17:14-15 en Eks. 18:21 en Deut. 1:16-17 en Num. 5:31-32 en Deut. 32:9 en 28:32 en Eks. 22:8-9 en 4:16 en Deut. 19:6-7 en Eks. 22:7-9 en 23:26 en Num. 25:5 en Deut. 17:19-20 en 1:15, 13 en Num. 11:14-15 en Eks. 24:1 en Deut. 5:23 en 22:16 en Num. 11:14, 17, 16 ens. – as sy gesag ook vir **moderne** politieke praktyke!

⁴⁸ G. Gillespie se *Aaron’s Rod Blossoming*, 1646 (Edinburgh: Ogle, Oliver & Boyd, 1844, I:1): “I know some divines hold that the judicial law of Moses, so far as concerneth the punishments of sins against the Moral Law, idolatry, blasphemy, Sabbath-breaking, adultery, theft, etc., ought to be a rule to the Christian magistrate; and, for my part, I wish more respect were had to it, and that it were more consulted with.”

tydgenoot John Owen)⁴⁹ almal sterk daarop aangedring dat die “algemene billikheid” van die juridiese wette ook op die gemeenskap van hul eie dag toegepas moes word. Ook die *Westminsterse Geloofsbelydenis* self (19:3-5) het sowel die “morele pligte” van die opgeskorte seremoniële wette asook die “algemene billikheid” van dié “sommige juridiese wette” wat in 70 n.C. verval het – as gidse vir die lewe van ook die hedendaagse mens hooggehou. Soos Samuel Bolton in 1645 geskryf het: “Dié gedeelte van die juridiese wet wat ’n tipe van Christus se regering was, het ten einde geloop; maar dié gedeelte wat van gemene en algemene billikheid is, bly steeds van krag. Dit is ’n gewone spreuk dat dié oordeel wat gemeen en natuurlik is, moreel en blywend is.” Geen wonder nie dat die beroemde Calvinis eerw. dr. John Witherspoon – Rektor van die Universiteit van Princeton en mede-ondertekenaar van die Onafhanklikheidsverklaring van die V.S.A. in 1776 – geskryf het dat dit “baie welvoeglik” was dat die oog-vir-’n-oog *lex talionis* en baie ander dinge “vanuit die Wet van Moses in die wette van moderne nasies” opgeskryf is.⁵⁰

Maar die bese invloed (sowel in Amerika asook elders) van die goddelose en anti-christelike Franse Revolusie van 1789 het die oorgelewerde geloof van die Pelgrimvaders amper geheel en al vernietig. Dog selfs in die tande van die latere verspreiding van ateïsme ook op die politieke akker, het bekende Suidelik-Presbiteriaanse teoloë heldhaftig teen die stroom gestaan. Manne soos prof. dr. Robert Lewis Dabney (wat die doodstraf teen owerspel voorgestaan het)⁵¹ en prof. dr. William Swain Plumer (wat die Bybelse wette teen skuld en woeker en bloedskande gehandhaaf het)⁵² en prof. dr. William Symington in sy boek *Messiah the Prince* – het die toenemende vloed van wetteloosheid weerstaan. En nog meer onlangs – in **Duitsland** Noth en Paeschke; in **Nederland** Aalders, Koffieberg, Rothuizen, Smeenk en Van Ruler; in **Suid-Afrika** Engelbrecht en Van Rooyen; en in die **Verenigde State van Amerika** Carl F.H. Henry, Cornelius Van Til en John Frame van die Westminsterse Teologiese Kweekskool⁵³ het almal ons aandag op ’n nuwe oorweging van die blywende waarde van die Mosaïese wette gevestig.

⁴⁹ J. Owen (1652): se *Works* (London: Banner of Truth, 1967, VIII, p. 394): “Although the institutions and examples of the Old Testament, of the duty of magistrates in the things and about the worship of God, are not, in their whole latitude and extent, to be drawn into rules that should be obligatory to all magistrates now, under the administration of the gospel – and that because the magistrate then was ‘*custos, vindex, et administrator legis judicialis et politicae Mosaicae*’ [or ‘guardian, vindicator, and manager of the judicial law and of the Mosaic constitution’] from which most think we are freed – yet doubtless there is something moral in those institutions which being unclothed of their Judaical form, **is still binding to all** in the like kind, as to some analogy and proportion. Subduct from those administrations what was proper to and lies upon the account of the church and nation of the Jews, and what remains upon the general notion of a church and nation **must be everlastingly binding.**”

⁵⁰ Samuel Bolton se *The True Bounds of Christian Freedom* (London: Banner of Truth Trust, 1964 herdruk, p. 56). So ook John Witherspoon se *Works* (Philadelphia: Woodward, 1800), III, p. 356vv.

⁵¹ Dabney se *Lectures in Systematic Theology*, 1878 (Grand Rapids, Zondervan, 1976), pp. 403, 407-408.

⁵² Plumer se *The Law of God, as Contained in the Ten Commandments, Explained and Enforced* (Philadelphia: Presbyterian Board of Education), 1864, pp. 505, 520, 524-525.

⁵³ Vgl.: M. Noth se *The Laws in the Pentateuch and Other Studies* (Edinburgh, Scotland: Oliver & Boyd), 1966; B. Paeschke se *The Dialogical Structure of Theocracy* (Ph.D. diss.: Göttingen, Duitsland), 1961; Koffieberg se *The Mosaic Law and its Present Social Significance*; C. Smeenk se *Christeljk-Sosiale Vraagstukken* (Kampen, Nederland: Kok), 1934, bande I-II; W. Aalders se *Theocracy or Ideology? The Dilemma of Contemporary Christianity* (den Haag, Nederland: Voorhoeve), 1977; G. Th. Rothuizen se *Primus Usus Legis – A Study concerning the Civil Use of the Law* (Nijkerk, Nederland, Th.D. diss.) 1947, en *Manifestation of Christ in the World* (in ‘Bekennen und Bekenntnis,’ Heft 3), 1956; B. Engelbrecht se *Backgrounds and Basic Structures of the Theocratic Vision* (Ph.D. diss.: Universiteit Kaapstad, Suid-Afrika), 1963; J.H.P. Van Rooyen se *Church and State – a Comparison Between Kuyper and Van Ruler* (Ph.D. diss.: Utrecht, 1964 [vanuit die Universiteit van Stellenbosch in Suid-Afrika]; Carl F.H. Henry (sien nota 94 benede); C. Van Til (sien nota 84 benede); T.F. Hommes se *Sovereignty and Saeculum. Arnold A. Van Ruler’s Theocratic Theology* (Ph.D. diss., Harvard University, Cambridge

Byvoorbeeld, daar is taamlik onlangs weer gemeld, nl. deur die Nederlander prof. Dr. A.A. van Ruler, dat “die ganse bestaan vanuit die *Tora* [of die Pentateug] voortvloei: die huwelik, seksualiteit, eiendom, wet, straf, regering, ens. Indien die lewe van die enkeling en die gemeenskap in ooreenstemming met die kennis van die Here en Sy redding en Sy Wet gebring moet word, sal ons die Mosaïese Wet moet toepas en dit aan die nasies van die aarde moet voorskryf... Die ganse *Tora* kom in ons Christelike bestaan terug; maar dit kom op ’n goddelike wyse (deur middel van die vleeswording van God die Seun) terug... Derhalwe sal ons ons van die engheid en die onbuigbaarheid van sektes moet weerhou wat slegs van kontinuïteit weet (maar nié van die ontwikkeling van die *Tora* in Nuwe Testamentiese tye nie)... Ons moet binne-in die geskiedenis staan, en oop bly vir elke nuwe historiese situasie... Ons moet volgens die tye en die geleenthede optree... Byvoorbeeld... , in die Mosaïese Wet was die doodstraf op homoseksualiteit van toepassing. Dit sal ons op die oomblik nie kan toepas nie. Ons gemeenskap verdra nie dié goddelike heiligheid nie! Maar ons mag nie sê dat ons te beskaafd is om so te maak nie. Ons moet liever die onheilige peil van ons samelewing bekla – selfs wanneer ons die swakheid van ons tyd in ag neem!”⁵⁴

Te meer, selfs as “die geregtigheid van die Wet in ons vlees deur die Gees bevestig word (Romeine 8:4 en 3:31), is dit **geen blote wederopstanding** van die Mosaïese Wet nie.” Dit is natuurlik baie waar, “soos Zahn daarop wys, dat ‘Christelike moraliteit niks anders as die geestelike Wet van Moses is soos wat dit deur die Gees van Christus hernu is nie.’” Maar tegelykertyd “het so baie sedert die Mosaïese Wet al plaasgevind, dat **dit ongenoegsaam is** wat moraliteit, liturgie, kerkreg, politieke wetenskap, en sosiologie betref.” Desnieteenstaande “is die ganse Mosaïese Wet, die hele Pentateug... soos wat dié in die Ou Testament beskryf is... , inwendig so met die Dekaloog verbind – dat laasgenoemde nié daarvan geïsoleer kan word nie... Die Mosaïese Wet... het ’n tipiese betekenis vir alle ondernemings op die gebied van die politiek en die kultuur en die sending... Die Dekaloog en die Ou Testament vorm ‘die bergvesting teen die oeroue sondes van die heidendom’ – aldus Bergema, in sy werk *Die Ou Testament en die Sending* (p. 121). Die apostoliese taak om [die nasies] te kersten, beïnvloed dus onmiddellik die burgerlike wet en die ekonomie en die sosiologie” van die heidene. En hoewel die Groot Sendingbevel “slegs in ’n mate suksesvol is volgens die tye en geleenthede” wat beskikbaar is – desnieteenstaande sou “**die beginsels en basiese riglyne**” van “die burgerlike gedeeltes van die Mosaïese Wet **direk** aan ’n gekerstende gemeenskap oordraagbaar wees.” Want “die kerstening van die staat en van die gemeenskap en van die kultuur, is ’n droom... wat die hart van elkeen wat die Here ken, ywerig en minsaam verteer.”⁵⁵

Wat leer die Boeke van die Nuwe Testament vir ons van die plek van die juridiese wette in die lewe van die Christelike gemeenskap in die besonder en van die verskillende nasies in

Massachusetts), 1966; J. Frame se *Book Review of Theonomy in Christian Ethics* (Asheville, N.C.: ‘The Presbyterian Journal,’ Aug. 31, 1977, p. 18): “But even if Israel is unique, even if its legal structure is not as such to be **reproduced** by modern governments, still Christians will have to address the question of what constitutes political justice today. The alternative is political impotence... Where is such political wisdom to be found? It might turn out that our search will lead us after all to a closer imitation of the old covenant order, not out of Bibliological necessity, but out of a general Christian political wisdom; for ‘what nation is there so great, that hath statutes and judgments so righteous as all this law which I set before you (Israel) this day?’ (Deut. 4:8).”

⁵⁴ A.A. Van Ruler se *The Meaning of the Mosaic Law*, 1947, in *Teologische Werk* (Nijkerk, Nederland: Callenbach), 1969, Vol. I, p. 143.

⁵⁵ A.A. Van Ruler se *The Fulfillment of the Law*, Nijkerk: Callenbach, 1974, pp. 291, 523, 532-533.

die algemeen? Dié plek moet vasgestel word in die mate waarin die “algemene billikheid” van die Tien Gebooe op die lewe van die volk van God op dié tydstip en plek afgestempel kan word.⁵⁶ Christelike individue en Christelike sosiale groeperings in die algemeen (soos Christelike gesinne en Christelike kerke en Christelike kolleges) moet altyd die geregtigheid probeer bevorder. Maar selfs die **staat self** (dog op sy eie kenmerkende manier) moet dié wat goed is, bemoedig en dié wat sleg is, bestraf.⁵⁷ Dus, soos ds. S.G. de Graaf in sy boek *Christus en de Wereld* tereg opgemerk het:⁵⁸ “Die terrein van die staat... moet die bestaande regsorde **handhaaf** en die [nuwe] regsorde **skep**... In die Bergrede, ontwikkel Christus die Wet van Sy Koninkryk, wat niks anders as die Wet van die Tien Gebooe is nie, en inderdaad ook die enigste korrekte toepassing daarvan... Daardie Koninkryk hét nou al hier op aarde na vore gekom, presies sodat God se regering in hierdie wêreld herstel kan word... Die bestaan van hierdie wetsorde moet as ’n vrug van die kruis van Christus beskou word... Die staat moet die hele Wet van God **handhaaf**. Maar dit kan die staat doen slegs in dié mate waarin die Wet van die Here in die wetsorde van daardie staat tot uitdrukking kan kom.”

Ds. de Graaf voeg by dat⁵⁰ “die staat se **bekragtiging** van positiewe wetgewing in samewerking met die **politieke verteenwoordigers** van die nasie uitgevoer word... Die staat moet ag gee op geskiedenis en tradisie. Dit kan nie die ganse wet onmiddellik verander nie. Dit moet nie op ’n revolusionêre wyse optree nie... Die staat moet die toestand van die nasie terdeë weeg... Die staat moet nooit bo die volk swewe nie... Selfs waar die staat oortuig is dat die Wet van die Here dit eis, sal die staat dié vereiste nie altyd by wyse van wetgewing kan uitdruk nie – omdat so ’n wet [juis] **dan** nie genoegsame steun in die gewete van die volk” sou kon kry nie. Dog “met die komende verkiesing moet ons ten volle bewus wees dat ons onder die heerskappy veg van Hom aan Wie die Vader alle mag in hemel en op aarde gegee het. Slegs wanneer die volk sien dat hulle Christus dien, en onder die banier van onse Redder marsjeer, sal dié volk gewillig wees [om Hom ten volle te dien] in die dag van Sy mag (Ps. 110).”

Nou is daar ook **baie Nuwe Testamentiese** voorbeelde van **Ou Testamentiese wette** wat **ná** Golgota van krag was.⁵⁹ Dit is waar dat die Nuwe Testamentiese **toepassing** van die Ou

⁵⁶ Vgl. *Westminsterse Geloofsbelydenis* 19:4-7. Dit haal aan uit: Eks. 21:1-22:29; Gen. 49:10; I Pet. 2:13-14; Matt. 5:17, 38-39; I Kor. 9:8-10; Rom. 13:8-10 (vgl. Jak. 1:25; 2:8-12; Deut. 5:32; 10:4; Eks. 34:1); Ef. 6:2; I Joh. 2:3-8; Matt. 5:18; Rom. 3:31; 6:14; Gal. 2:16; 3:13; 4:4-5; Hand. 13:39; Rom 8:1; 7:12, 22, 25; Ps. 119:4-6; I Kor. 7:19; Gal. 5:14, 16, 18, 19, 20, 21, 22, 23; Rom. 7:7; 3:20; Jak. 1:23-25; Rom. 7:9, 13, 24; Gal. 3:23; Rom. 7:24-25; 8:3-4; Ps. 119:101, 104, 128; Esra 9:13-14; Ps. 89:30-34; Lev. 26:1-14; II Kor. 6:16; Ps. 37:11; Matt. 5:5; Ps. 19:11; Gal. 2:16; Luk. 17:10; Rom. 6:12, 14; I Pet. 3:8-12; Ps. 34:12-16; Heb. 12:28-29; Gal. 3:21; Eseg. 36:27; Heb. 8:10; Jer. 31:33.

⁵⁷ Presbyterian Church in America se 1973-1977 weergawe van die *Westminsterse Geloofsbelydenis* 23:1a en 2c vgl. 24:4h en 6p.

⁵⁸ S.G. DeGraaf: *Christus en de Wereld* (Kampen, Netherlands: Kok), 1939, pp. 123vv.

⁵⁹ Vgl. die Bybeltekste wat genoem is in die *Westminsterse Geloofsbelydenis* 19:4g en 20:4q & die oorspronlike r en die oorspronlike 23:3vv. En die *Westminsterse Groter Kategismus* Vr. 120pqr en 136cdefg en 139q en 151.3wx met: **Hand. 7:38, 53** (vgl. Eks. 21:1 en Deut. 33:2); **Hand. 23:3** (vgl. Lev. 19:35 en Deut. 25:1-2); **Hand. 23:5** (vgl. Eks. 22:28); **Hand. 18:14-15 en 23:6, 9, 29 en 25:7-11, 19, 25 en 26:31-32 en 28:18** (soos gekontrasteer met doodsmisdade soos **owerspelige onkuisheid**, Lev. 20:10 & Deut. 22:21-23; **afvalligheid**, Lev. 20:2 en Deut. 13:6, 17 vgl. II Pet. 2:15-16 en Num. 22:5 en 25:2 en 31:16 vgl. Judas 11, 13 en Opb. 2:14; **bestialiteit**, Eks. 22:19 en Lev. 18:23 en 20:15-16 vgl. Rom. 1:16-32; **godslastering**, Lev. 24:10-16 vgl. II Pet. 2:10-11 en Judas 8-10vv. En Opb. 13 en 17 tot 18; **homoseksualiteit (Lesbianisme en Sodomie)**, Gen. 19 en Lev. 18:22-23 en 20:13-16 vgl. Rom. 1:26-32 en II Pet. 2:6 en Judas 7-13; **bloedskande**, Lev. 20:11, 14 vgl. I Kor. 5:1vv.; **ongeneeslike jeugmisdaad**, Eks. 21:15-17 en Deut. 21:20vv. vgl. II Tim. 3:2 en Matt. 15:4 [in die *Westminsterse Groter Kategismus* Vr. 128y]; **moord**, Eks. 21:12 en Num. 35:31 vgl. I Tim. 1:9-13; **verkragting**, Deut. 22:25; **sabbatskending**, Eks. 31:14 en 35:2 en Num. 15:32vv.; en **toordery**, Eks. 22:18 en Lev. 20:27 en Deut. 13:5 en

Testamentiese juridiese wette soms ietwat verbasend is.⁶⁰ Dog voorsien dié Ou Testamentiese juridiese wette ons van ’n objektiewe en ’n betroubare aanduiding van hoedat ons die Tien Gebooie, waarop dié juridiese wette gebaseer is, moet toepas. Dit doen Roomsgesindes en Semi-Roomse Pseudo-Protestantisme juis nie (met hul newelagtige en sentrale beroep op “algemene openbaring”).⁶¹ So is die Skriftuurlike en ortodoks-Protestantse beroep by die *Westminster Geloofsbelydenis*⁶² asook by Abraham Kuyper⁶³ op bv. Deut. 22:8 in terme van die Sesde Gebod, baie meer van hulp vir Christelike politici en behuisingsowerhede as die wêreldontvlugtingstreke van anderwêreldse Neo-Piëtiste. Want laasgenoemdes skei dit wat hulle “sekulêre” dinge beskou van dit wat hulle as “heilig” beskou en waartoe hulle hul beperk.⁶⁴ Die Piëtisme vergeet van die “natuurwet” asook van die “lig van die natuur” (of die “algemene openbaring”) wat dikwels in die Skrif asook in die *Westminster Geloofsbelydenis* genoem word.⁶⁵ Maar die Roomsgesindes weer vergeet dat die “lig van die natuur” sedert die sondeval alleen van enige waarde is tot dié mate waarna die mens dit getrou interpreteer in die lig van die “spesiale openbaring” wat tans in die onfeilbare Bybel op skrif gestel is.⁶⁶ Die gelowige of ongelowige aard van die mens se begrip aangaande dié “natuurwet” in spesifieke kulture en gevalle, moet sorgvuldig geëvalueer word. Maar dit kan alleen gedoen word, deur dit te meet teen die maatstaf van die **Skrif** in die algemeen en die **Tien Gebooie** in die besonder – en selfs meer in die besonder in die lig van die Ou Testamentiese **juridiese wette** as die Skrif se eie **toepassing** van die Dekaloog in die lewe van die Ou Testamentiese bondsvolk van die Here.⁶⁷

Die geskiedenis van die antwoord van die volk van God op Sy Vierde Gebod, sal hier dien om dié punt te illustreer. Sabbatsoortreding deur die volk van die Here was reeds **voor** Sinai verkeerd.⁶⁸ Inderdaad, een van die hoofredes vir die uittog was juis om dit vir die volk van God **moontlik** te maak om weer eens die sabbat na hul bevryding vanuit Egipteland te kan hou⁶⁹ – en om dan van hulle te **vereis** dat hulle dit selfs nie op burgerlike gebied sou

18:20 ens.; **Rom. 1:24-27, 32** (vgl. Lev. 18:22-23 en 20:13, 16); **Rom. 10:6-8** (vgl. Deut. 30:12-14); **Rom. 12:19** (vgl. Lev. 19:18 en Deut. 32:35); **Rom. 13:4** (vgl. Gen. 9:5vv. en Num. 35); **Rom. 13:9** (vgl. Lev. 19:18 en Deut. 12:28); **I Kor. 9:8-9** (vgl. Deut. 25:4); I Kor. 9:13vv. (vgl. Lev. 6:16); **I Kor. 10:5** (vgl. Num. 14:29); **I Kor. 10:6** (vgl. Num. 11:4); I Kor. 10:9 (vgl. Num. 21:6); **I Kor. 10:10** (vgl. Num. 14:37); I Kor. 14:34 (vgl. Gen. 3:16vv); **II Kor. 6:14** (vgl. Deut. 7:2-3 & 22:10); **II Kor. 6:16** (vgl. Eks. 29:45 en Lev. 26:12); **II Kor. 13:1** (vgl. Num. 35:30 en Deut. 17:6); **Gal. 3:10** (vgl. Deut. 27:26); **Gal. 3:12** (vgl. Lev. 18:5); **Gal. 3:13** (vgl. Deut. 21:23); **Gal. 5:14** (vgl. Lev. 9:18); **I Tim. 5:18** (vgl. Deut. 25:4); **I Tim. 5:19** (vgl. Deut. 19:15); **Heb. 3:17-4:2** (vgl. Num. 14:22, 30); **Heb. 10:26-29** (vgl. Num. 15:30); **Heb. 10:30** (vgl. Deut. 8:5); **Heb. 12:10** (vgl. Lev. 11:44); **Heb. 12:29** (vgl. Deut. 4:24); **Heb. 13:15** (vgl. Lev. 7:12); en **I Pet. 1:16** (vgl. Lev. 11:44); ens. Vgl. ook **Matt. 5:44** (vgl. Eks. 23:4-5); **Matt. 15:4** (vgl. Eks. 22:28); **Luke 12:47-48** (vgl. Deut. 25:2-3 en II Kor. 6:5 en 11:23-24); **Luke 19:8** (vgl. Eks. 22:1); **Luke 23:41** (vgl. Deut. 21:22); **Hand. 23:5** (vgl. Eks. 22:28); **Rom. 12:19** (vgl. Lev. 19:17-18); **Rom. 12:20** (vgl. Ex. 23:4-5). Vgl. ool my eie publikasie: *Are the Mosaic Laws for Today?* (paragrafe 75-95).

⁶⁰ Bv. I Kor. 9:8-13 en I Tim. 5:18 (verwysende na Lev. 6:16 en Deut. 25:4).

⁶¹ Vgl. die Aquinas-Butler evidensialistiese stelsel van apologetiek.

⁶² *Westminsterse Groter Kategismus* Vr. 135vv.

⁶³ Vgl. A. Kuyper se *E Voto Dordraceno* (Amsterdam: Wormser), 1894, IV, p. 191vv.

⁶⁴ Vgl. my eie *A Christian Introduction to the History of Philosophy, and The Central Significance of Culture* (Nutley, N.J.: Presbyterian and Reformed Pub. Co.). 1976, pp. 55-60.

⁶⁵ Pss. 19 en 119 en Hand. 14 en 17 en Rom. 1 en 2 vgl. *Westminsterse Geloofsbelydenis* I:1a, 6o; 10:4s; 20:4q; 21:1a, 7k; *Groter Kategismus* 2c & 60q.

⁶⁶ *Westminsterse Geloofsbelydenis* I:1d, 10z en *Groter Kategismus* 2-3 vgl. Gen. 1-3 en Hand. 14:17v. en 17:23-28 en Rom. 1:19-21 en 2:14-18 en Deut. 4:2v, 10v. en Jes. 8:18-20 en Matt. 5:17-18 en II Tim. 3:15-17 en II Pet. 1:19-21 en 3:15-17.

⁶⁷ Jes. 5:18-20 en Pss. 19 en 119 en Matt. 22:39v. en Rom. 13:8-10 en Jak. 2:8-12.

⁶⁸ Gen. 2:1-3; 4:3 (Heb.); 8:6-12; 29:20-30; Eks. 5:1,5,8; 7:25; 12:6, 15; 16:4-30.

⁶⁹ Eks. 16:3-6; 20:8-11; Deut. 5:12-15.

ontheilig nie.⁷⁰ So ook, selfs later, het verslaafde Christene dit dikwels baie moeilik (indien nie onmoontlik nie) gevind om die sabbat in die openbare lewe voor die tyd van Keiser Konstantyn te hou (wat burgerlike wette bekragtig het wat hulle dié verligting gegee het). En selfs later nog, toe die sabbatsontheiligende Koning Jakobus van Brittanje sy *Sunday Book of Sports* in 1618 uitgereik het, het die Pelgrimvaders toe Engeland via Nederland na Amerika verlaat (waar hulle streng sabbatwette onder die staatsleiers van Nieu-Engeland in Amerika bekragtig het). So het bv. die sewentiende-eeuse Goeweneur Theophilus Eaton van Connecticut geproklameer⁷¹ dat “wie ook al die dag van die Here of enige gedeelte daarvan deur werk of sport sal ontheilig, sal by wyse van boete of lyfstraf betig word. Maar indien die hof, met duidelike bewyse, bevind dat dié sonde trots en voorbarig en selfs met ’n hoë hand teen die bevel en owerheid van die geseënde God gepleeg word – sal sodanige persoon wat die Here daarin verag en verwyt het, die doodstraf ontvang. Númeri 15:30-36.” Gevolglik is dit nou hoog tyd dat veral moderne Amerikaanse Christene hul volle invloed moet begin gebruik om daartoe te werk om baie van dié ou-Amerikaanse wette⁷² wat in onbruik geraak het, te laat herstel – en ook baie ander misdade wat nou in ons eie dag op so ’n sondige wyse gepleeg word.⁷³

Dit blyk dat ook moderne Christene (op ’n anti-revolusionêre en ’n reformatoriese wyse) verplig word om te werk vir die openbare erkenning van **elkeen van die Tien Gebooie** in die lewe van hul volk en die ganse wêreld – gedurende alle tydperke, en op alle plekke. Want sowel die **Groot Sendingopdrag**⁷⁴ asook die “morele pligte” en die “algemene billikheid” van die **Dekaloog** “vereis” ’n konkrete toepassing daarvan in die lewens van individue **en** nasies.⁷⁵ Maar nêrens anders in dié sonde-besmette wêreld nie as presies in die “juridiese wette” van die Ou Testament (soos aangevul deur die verdere opdragte van die Nuwe Testament), kan ons geïnspireerde voorbeelde kry van juis **hoe** die Tien Gebooie op die beste manier in die lewe van ’n volk toegepas kan word nie.⁷⁶ Heel moontlik sal die mate waarin en die spoed waarmee dié “morele pligte” wat binne-in die “juridiese wette”⁷⁷ verskans is, vandag toegepas moet word – van tyd tot tyd en van die een kultuur na die ander verskil. Maar die **konkrete Christelike rekonstruksie** van ons verbrokkelende moderne gemeenskappe lyk onmoontlik – sonder die deeglike studie **en** die juridiese konkrete toepassing van die Morele Wet in die openbare lewe. Slegs die ultra-dispensasionaliste opponeer in beginsel die toepassing van die Morele Wet in die lewe van die wêreld vandag. En slegs ’n ultra-dispensasionalistiese lewensuitkyk, sou die Ou Testamentiese juridiese wette summier verwerp as die waardevolle werktuie wat hulle ongetwyfeld is vir die Christelike rekonstruksie van ons gemeenskap vandag. Want die “morele pligte” en die “algemene billikheid” van dié Mosaïese wette is iets wat ons in ons

⁷⁰ Eks. 31:13-18; 35:2-3; Num. 15:32-36; Jer. 17:19-27; Eseg. 20:12-21; Neh. 13:15-22; Matt. 24:20; Heb. 4:9-11 vgl. 10:25; Opb. 1:10. Vgl. my eie boek *The Covenantal Sabbath*, hff. 6-7.

⁷¹ Art. 28 van die 1656 *New Haven Code*, Connecticut, soos aangehaal in Andrews and Conradi se *History of the Sabbath* (Washington, D.C.: Review & Herald), 1912, pp. 707-708. Vgl. ook nota 45 hierbo.

⁷² Vgl. Blakely se *American State Papers bearing on Sunday Legislation* (Washington, D.C.: Religious Liberty Association), 1911.

⁷³ Vgl. Neh. 13.

⁷⁴ Vgl. Matt. 28:19 se “maak alle nasies dissipels... en leer hulle om **alles te onderhou** wat Ek julle al ooit geleer het.” Vgl. ook nota 75 benede.

⁷⁵ *Westminstese Geloofsbelydenis* 19:3-5; vgl. ook nota 74 hierbo.

⁷⁶ Vgl. Eks. 21 tot 23 en Deut. 13 tot 28. Vgl. ook Matt. 18:15-35 (vgl. Deut. 17:6 en 19:15); Gal. 6:2-10; I Tim. 5:1 (vgl. Lev. 19:32); 5:18 (vgl. Deut. 25:4); 5:19 (Deut. 19:15); 5:20 (Deut. 13:11); 6:10 (vgl. Deut. 16:19); ens. Vgl. ook nota 59 hierbo.

⁷⁷ *Westminsterse Geloofsbelydenis* 19:1-7 (lees al sewe paragrawe daarvan!).

menslike gemeenskappe vandag steeds moet “vereis” – net soos die *Westminster Geloofsbelydenis* self dit regtens beskrywe.⁶⁹

So moet God die **gemeenskap regeer**, en nie slegs individue nie.⁷⁸ Dit is die presiese betekenis van die woord “**teo-krasie**.” Dit is seker dat die Mosaïese teokrasie ietwat anders fungeer het as die manier waarop ’n uitgebreide en steeds-uitbreidende Christelike teokrasie behoort te fungeer – ’n Christelike teokrasie wat meer geskik “*Christokrasie*” kan heet.⁷⁹ Maar die Nuwe Testamentiese teokrasie – die teokratiese “*Christokrasie*” – is die regering van **dieselfde God** as dié van die Ou Testamentiese Jehova. Want die *Christokrasie* verteenwoordig die uitbreiding van die Israel van God of die ware Sion, as die Christelike Kerk in die hele wêreld in – saam met haar mandaat om al die **nasies** tot dissipels te maak en om ook hulle tot die nuwe Israel van God te verander⁸⁰ juis deur alle lande en hul **regerings** onder die regering van Koning Jesus, die Prins van God, die ware Israel, te bring.⁸¹ Gevolglik moet Christene **in** die Wet tot Christus wees.⁸² En dié Morele Wet van God word al hoe meer op die harte van alle ware Christene geskryf – vanaf God die Vader van God die Seun, deur God die Heilige Gees Self.⁸³ So is die ware Christendom dan ook ’n *Trinitokrasie*.

Ons moet egter verder insien dat trinitariese *Teokrasie* (of morele **regering** deur God Drie-enig) ook “*teonomie*” (of die Morele **Wet van God**) vereis. Want juis die Dekaloog is een van die hoofinstrumente waardeur God die mensdom regeer. Ons moet weet dat selfs die woord “teonomie” reeds (baie dekades gelede) deur drie van die grootste teoloë gebruik is wat die wêreld ooit gesien het – Willem Geesink, een van die beste gereformeerde etici; Herman Ridderbos, een van die beste gereformeerde Nuwe-Testamentici; en Cornelius Van Til, miskien die heel beste gereformeerde apologet.⁸⁴ Dit is seker dat die Mosaïese teonomie ietwat anders gefungeer het as wat die Christelike teonomie (of die uitgebreide en

⁷⁸ Pss. 93:8-15; 46:10; 67:4-7; 93:99; 117.

⁷⁹ Heb. 8 tot 10.

⁸⁰ Eks. 19:3-6 en 29:45; Lev. 26:12; Matt. 21:43 en 28:19; Rom. 2:28-29 en 11:16vv., 25, 32; II Kor. 6:16-18; Gal. 3:6-8vv., 16-18, 27-29 en 4:26-28 en 6:16; I Pet. 2:5-9; Opb. 21:12b, 14b.

⁸¹ Gen. 32:28 en 49:10 en Isa. 9:6-7 en Pss. 2 en 22 & 72 & 110 vgl. I Kor. 15:24-28 en Heb. 2.

⁸² I Kor. 9:21, *ennomos Christou*, “in die Wet van Christus.”

⁸³ Vgl. nota 1 hierbo. Vgl. ook Eseg. 36:25-27; Rom. 7:7, 12, 14, 22, 25 en 8:4, 7, 11; II Kor. 3:3, 18; Heb. 8:10; *Westminsterse Geloofsbelydenis* 19:6-7.

⁸⁴ Vgl. Geesink se 1908 *Van 's Heeren Ordinantiën* (Nederland: Kok), III, p. 222: “Outonomie in stede van Teonomie – vanaf *Theos* = God, en *nomos* = wet... ” P. 468: “Outonomie en heteronomie kontrasteer... Dié kontras word weggeneem deur dit wat etici **Teonomie** noem: vanaf *Theos* = ‘God,’ en *nomos* = ‘wet’... Die Wet van God is nie langer gekant teenoor hom wat genade ontvang nie, maar hy het dit [die Wet] in sy wil opgeneem; outonomie en heteronomie is vir hom in **Teonomie** versoen... ” Vgl. Geesink se 1931 werk *Gereformeerde Ethiek* (Nederland: Kok), II, pp. 88, 125-26, 457-58: “Teonomie is die wetgewing wat deur God geïspireer is; wat in Sy sowereine skeppingswet gegrond is... Die kenmerk van Calvinisme is die idee dat God die Here is (soewereiniteit!) en die Wetgewer (**teonomie!**) van alle mense is. Dit vind mens reeds met **Calvyn**, in sy skets van die Christelike lewe waar hy sê: ‘Ons is God se eiendom, en nie ons eie s’n nie’ (soewereiniteit), en ‘Laat Sy wil dan die opperste beheer oor al ons dade hê!’ (**teonomie**)... Die beginsel van **Teonomie** is dus suiwerder bewaar in die Ou-Protestantse Teologie as in Rome s’n waar dit van die Kerk ’n heteronome geur ontvang het.” Vgl. Ridderbos se *The Coming of the Kingdom* (Philadelphia: Presbyterian and Reformed Pub. Co.) 1969, pp. 285vv., 291, 307: “One may not only speak of the **theocentric** character of Jesus’ commandments (in contrast to all humanistic ideals of the kingdom of God), but also of the **theonomy** of the righteousness preached by Him. The will of God finds expression in the revelation of the law. This is why the preaching of the kingdom is also that of the law... The **theonomy** of the gospel is subjection to the law, and any attempt to eliminate the category of law from the gospel is frustrated by the continuous and undeniable maintenance of the law by and in the gospel.” Vgl. Cornelius van Til se *Christian Theistic Ethics* (Philadelphia: Westminster Theological Seminary), p. 134: “There is no alternative but that of **theonomy** and autonomy.”

steeds-uitbreidende “**Christonomie**”) moet fungeer. Maar die Christelike teonomie of die teonomiese “**Christonomie**” of die *trininomiese* “**Trinitokrasie**,” is die uitgebreide en steeds-uitbreidende **Nuwe** Testamentiese regering van presies dieselfde God as die Here Jehova Elohim van die Ou Testament – die Drie-enige Vader, Seun, en Gees.⁸⁵

Want ons moet kan insien dat “**Christokrasie**” (of **regering** deur Christus) ook vir “**Christonomie**” (of die **Wet** van Christus) vereis en insluit, as een van die hoofmiddels waardeur die Godmenslike Redder hemel en aarde regeer en die mens se toenemende erkenning van God se regering daarvoor bevorder. En ons moet kan insien dat dit juis God **die Seun** was: wat Sy Wet op Adam se hart geskryf het, wat dit by die berg Sinai herpubliseer het, wat dit in Sy Eie aardse lewe en dood en opstanding as die Tweede Adam herbevestig het, en wat dit deur Sy Gees juis op en in die harte skryf van dié wat as beelde van God herskep en hervorm en gereformeer word.⁸⁶

Dit is waarom die grootste gereformeerde teoloog van alle tye, Johannes Calvyn, verklaar het dat “die **grootste** gebruik” van die Wet “juis op gelowiges betrekking het in wie se harte die Gees van God reeds floreer en regeer.” Want daar “is die Wet op hul harte deur die vinger van God geskryf en gegraveer.” En dié Wet is “die beste instrument wat hul daaglik in staat stel om met groter waarheid en sekerheid te leer wat die wil van die Here is wat hulle hoop om te volg.”⁸⁷

Dit is waarom ook die **Westminster Sinode se teoloë**⁸⁸ in die *Westminster Geloofsbelydenis* die voortdurende “morele pligte” in die tans-vervulde seremoniële wette handhaaf, en die voortgaande “algemene billikheid” in die tans-volbragte juridiese wette (**asook** in die nou-geïntensifieerde Morele Wet in sy geheel) vir alle mense van alle religieë in alle plekke en vir alle tye bevestig het. Want Christus “**ontbind nié** maar **versterk** dié verpligting **grootliks**.” Hy verbind ware gelowiges om dienoooreenkomstig te wandel, en Hy beloof om hulle vir hul gehoorsaamheid te seën. Ja, “die **Gees van Christus** onderwerp en bekragtig die wil van die mens om dit vrylik en vreugdevol te doen, want die wil van God in die **Wet geopenbaar, vereis dat dit gedoen word.**”

Dit is waarom die groot teoloog van Princeton van ouds, **prof dr. A.A. Hodge**, daarop aangedring het dat “die huidige voorsienige Goewerneur van die fisiese heelal en die Regeerder onder die nasies **Jesus van Nasaret, die Koning** van die Jode is – **aan Wie se**

⁸⁵ Vgl. nota 1 hierbo. Vgl. ook paragraaf 24 hierbo met Matt. 4:4-7,23 en 5:17-19. Ons verwerp Paul Tillich se verkeerdlik-genoemde “teonomie” (wat wesentlik subjektief-outonoom en glad nie objektief-teonoom is nie). Sien Tillich se *Systematic Theology* (University of Chicago Press), 1963, Part IV, Sec. III, B.2-C.3, pp. 249-75. En ons verwerp ook alle wettiese en ritualistiese sogenaamde “teonomieë” (vgl. bv. soos by die Ebioniete en die Enkratiete) wat die ganse juridiese en/of die seremoniële wette van Israel (sonder Nuwe Testamentiese verfyning) as onbuigbare reëls selfs vir die Nuwe Testamentiese Christelike Kerk wil voorskryf. Ons moet egter desnieteenstaande gedurig daarop aandring dat die handhawing van die idee van Christelike “teonomie-as-sodanig” [of God se regering oor Christene en ooralle menslike regerings en oor gemeenskappe d.m.v. Sy heilige Morele Wet] absoluut verpligtend is vir elkeen wat onderskrywer is van die *Westminsterse Geloofsbelydenis* (19:1-7), die *Groter Kategismus* (Vr. 91 tot 153), die *Nederlandse Geloofsbelydenis* (arts. 24-25), die *Heidelbergse Kategismus* (Vr. 90-115), en die beskouings van dr. Johannes Calvyn (*Institusie* II:8 en *Harmonie van die Pentateug* I p. 338 tot en met III p. 289)!

⁸⁶ Vgl. paragrawe 3 tot 5 en 25 hierbo, en veral nota 83 hierbo. Vgl. ook Rom. 12:2, “en moet julle nié aan hierdie wêreld laat konformeer (of de-form-eer!) nie: maar laat julle transformeer (of re-formeer!) deur die ver-nuwing van jul verstand!” Vgl. ook Ef. 4:24 en Kol. 3:10.

⁸⁷ Calvyn: *Institusie* II:7:12.

⁸⁸ *Westminsterse Geloofsbelydenis*, 19:3-7.

wil alle wette onderhorig gemaak sal word... , deur die bekragtiging en afdwinging van alle wette wat in die ware Gees van die Evangelie gevorm is... , veral wat betref vroeë rakende die **sabbatdag**, die **eed**, die **huwelik**, **egskeiding**, en **doodstrawwe**, ens.” Te meer: “Dit is die plig van elke lojale onderdaan om die ganse gemeenskap, sowel sosiaal as politiek en kerklik, tot gehoorsaamheid aan Sy regverdige wette te bring... Die Bybel, die groot wetboek van die Koninkryk, lê beginsels neer wat, wanneer reguit toegepas, die optrede van elke mens in al sy of haar betrekkinge moet reguleer. Daar kan geen kompromie wees nie. Die Koning het gesê, wat betref alle beskrywings van morele agente in alle lewenskouinge – ‘hy wat nie mét My is nie, is téén My!’”⁸⁹

Dit is waarom die 1853-1883 Union Teologiese Kweekskoolprofessor dr. **Robert Lewis Dabney**⁴³ aandag gevra het vir “die uitdruklike gebod wat doodstrawwe vir etlike misdade in die Pentateug voorskryf – vir moord, Númeri 35:31; vir die slaan van ’n ouer, Eksodus 21:15; vir owerspel, Levitikus 20:10; vir godsdienstige bedrog, Deuteronomium 13:5, ens.” En dié groot Virginiër het daaraan toegevoeg dat “die wette van Moses dus baie duidelik die doodstraf vir owerspel voorskryf; en dat onse Heiland in die verhaal van die vrou wat op heterdaad van owerspel betrap is, dié wet nié herroep nie.” Gevolglik, selfs in Engeland en Virginia (gedurende die negentiende eeu) – en in Kanada en Suid-Afrika tot in die twintigste eeu – was daar darem nog altyd ’n “erkenning... dat owerspel ’n misdaad is wat die doodstraf verdien.”

Dit is waarom die gevierde Skotse teoloog **prof. dr. Patrick Fairbairn**⁹⁰ verduidelik het dat selfs Paulus “steeds wys op die Wet as die groot voorskrif vir morele verpligtinge vir Christene **nie minder nie** as ook in vroeëre tye.”

Dit is waarom die beroemde Nederlandse dogmatoloog wyle **prof. dr. A.A. van Ruler**⁹¹ verklaar het dat “die aanvallende aard wat aan **alle ware Christelike sendingarbeid eie is, ook sal voortgaan om aan die Wet van God vas te hou soos wat dit aan die wêreld deur middel van Moses gegee is.**”

Dit is waarom wyle **prof. John Murray**⁹² van die Westminsterse Kweekskool in Philadelphia daarop aangedring het dat daar by 1 Korintiërs 9:20-21 inderdaad ’n sin is “waarin die gelowige nog ‘onder die wet’ is, omdat hy aan God en aan Christus **verbonde** is. **Die Wet van God en van Christus verbind hom**, presies vanweë sy verhouding tot Christus.”

Dit is waarom selfs die groot Nuwe (!) Testamentiese teoloog **prof. dr. Herman Ridderbos**⁹³ die woord “teonomie” tereg aan die Tien Gebooue toegewys het, soos onfeilbaar deur onse Here Jesus Christus in die **Bergrede** uiteengesit.

Dit is waarom die beroemde **dr. Carl F.H. Henry** (destyds redakteur van die bekende tydskrif *Christianity Today*) kon skryf⁹⁴ dat die juridiese wet uit “statute of oordele bekend

⁸⁹ A.A. Hodge: (1) *The Confession of Faith*, 1869 (London: Banner of Truth Trust, 1958, pp. 294-295); (2) *Popular Lectures on Theological Themes* (Philadelphia, 1887, p. 327).

⁹⁰ Fairbairn: *The Revelation of Law in Scripture, considered with respect both to its own nature, and to its relative place in successive dispensations* (Grand Rapids: Zondervan), 1957, p. 442.

⁹¹ Van Ruler: *Fulfilment of the Law*, p. 532.

⁹² Murray: *Principles of Conduct*, p. 190.

⁹³ Ridderbos: *op. cit.*, pp. 285vv.

as die *mishpatim* (Eks. 21:1v.)” bestaan. “Hulle illustreer die Gebooie [van die Dekaloog] in hul betrekking op besonderlik ongunstige omstandighede. Hulle het ’n blywende waarde, aangesien hulle die basiese toepassingsidee na vore hou.” Inderdaad, selfs “die seremoniële wet handhaaf dus die sentraliteit van die openbaring van die waarheid en die pligte wat deur die Morele Wet aangebied word.” Te meer, “die Bergrede is die finale en diepste opgawe van die Wet. In dié uiteensetting van die Wet... word die Mosaïese Wet ‘in sy diepere betekenis’ ten toon gestel.”

En dit is ook waarom **professor-emeritus dr. Morton H. Smith**, stigter van die Gereformeerde Kweekskool in Jackson Mississippi en tans Moderator van die Algemene Sinode van die Presbiteriaanse Kerk in Amerika, daarop aangedring het: “Ek is by die Kweekskool bekend as iemand wat ’n puriteinse standpunt inneem... Dit is die standpunt van die *Westminster Geloofsbelydenis* en die *Kategismus*... Wat ons benodig... is ’n eg-Bybelsgebaseerde hervorming... Wanneer **die Wet** voortgaan, moet dit juis vanuit Sion [die Christelike Kerk] voortgaan... Ons het ons voorgeneem om nie te rus of ons vrede te hou totdat **die Wet** vanuit Sion voortgaan nie... Die Kerk is besig om vir die grootte en die belangrikheid van die stryd teen die magte van die duisternis wakker te word... So sou die Kerk in die [een-en-]twintigste eeu in die krag van die Kerk van die eerste eeu herleef, en voortgaan om in die naam van Christus **te oorwin!**”⁹⁵

Ten slotte, ons moet derhalwe die verskillende ketterye verwerp wat God se allerheiligste Wet verkeerd voorstel. Ons verwerp die **antinomianisme** (die kettery wat die genade teenoor die wet opponeer) – omdat dit, deur die Wet van God te versmaai, juis dié middel verwerp waardeur die Heilige Gees ons heilig, en dus onwetend dog effektief selfs die ateïsme bevorder. Ons verwerp die **ultra-dispensasionalisme** (die kettery wat die Wet van God beperk tot slegs die Jode vóór Golgota en ná ’n beweerde toekomstige sg. “Wegraping,”) – omdat die ultra-dispensasionalisme maar slegs ’n subtiële vorm van modernistiese liberalisme is wat die relevansie van baie dele van die Skrif in die lewe van die Kerk vandag ontken. So verwerp ons ook die **neonomianisme** (die kettery wat die seremoniële wette van die Ou Testament ook in Nuwe Testamentiese tye wil navolg) – omdat neonomianisme óf Judaïstiese óf Roomsgeesinde rituele bevorder wat die finaliteit van Golgota verduister (bv. by wyse van liturgiese kerse en neo-evangeliese kruistekens en altaar-gesentreerde kerke wat die preekstoel verklein en in ’n hoekie daarvandaan wegskuif).

Ons moet dan ’n **BYBELSE CHRISTENDOM** hê. Is **u** ’n Bybelse Christen? Is **u** besig om **CHRISTOKRASIE** as die enigste regte en uiteindelik die enigste lewensvatbare soort aardse regering te bevorder? Werk **u** in die krag van die Heilige Gees om uself en die hele wêreld in ooreenstemming met die WET VAN CHRISTUS te bring?⁹⁶ Want **Bybelse Christene** getuig gedurig dat **Golgota** en die **finale oordeel** en die **hemel** en die **hel** die finale bewyse is van die mens se voortdurende mandaat om die **Morele Wet van Jehova** te gehoorsaam.⁸⁸ Daardie Wet is “**heilig**” en “**geestelik**” en “**regverdig**” en “**goed**” – en dit is

⁹⁴ Henry: *Christian Personal Ethics* (Grand Rapids: Baker), 1977, pp. 275 en 318.

⁹⁵ Smith: *How is thy gold become dim! – a message delivered to the Convocation of Sessions*, Atlanta, May 18, 1973 (Montgomery: Office of Information), 1973, pp. 11, 12, 14; vgl. Smith: *The Exercise of Church Power* (reprinted from ‘The Presbyterian Guardian’ [Philadelphia: Old York Rd.], n.d., p. 4).

⁹⁶ I Cor. 7:1en 9:21 en Gal. 3:13 en 4:4-5 en Opb. 12:17 en 14:12 en 20:12-13 en 21:7-8 en 22:14-16.

veral vir alle Christene ook die “**koninklike wet van vryheid**”.⁹⁷ Want ware Christene durf geen ander gode te hê nie as juis die Drie-enige God van ons **doop** kragtens die Groot Sendingopdrag. Dit verplig ons juis om absoluut “alles te onderhou” wat God Drie-enig deur Christus die Lewende Woord ons in Eden en op Sinai en in die Bergrede en orals elders in die Skrif “beveel” het om te onderhou.⁹⁸

Dus, indien ons Jesus Christus die Woord van God en die Tweede Persoon van die allerheiligste Drie-eenheid **werklik** liefhet – **sal** ons (deur Sy genade) Sy **Gebooi**e onderhou. Want dit is sentraal en van ons word geëis om juis **deur ons nakom van die Tien Gebooi**e in hul kosmos-omvattende omvang ons **gelowige** gehoorsaamheid aan Jesus Christus, onse Heer en Redder, bekend te maak.⁹⁹

⁹⁷ Rom. 1:16vv. en 2:12-16 en 3:31 en 7:12-14 en 13:8-10 en Jak. 1:1, 25vv. en 2:8-12 en 4:11-12.

⁹⁸ Pred. 7:29 (vgl. Rom. 2:14-15) en Eks. 20:3vv. en Matt. 28:19 en vgl. nota 96-97 hierbo.

⁹⁹ I Joh. 3:4,9,15,22-24 en 5:2-3,18,21, vgl. Joh. 14:15 en 15:10 en Matt. 5:16-34vv. en 7:15-23 en 15:2-9 en 19:17-19 en 22:36-40 en 23:3a,23b en 25:34-46 en 28:19-20!

DEEL V – TOEKOMSBESKOUING

Algemene Oorsig oor die Millennialisme

deur dr. F.N. Lee

Die teologiese woord “millennialisme” is vanuit twee Latynse woorde afgelei: *mille* (wat “duisend” beteken) en *ennium* (wat “jaar” beteken). So beteken “millennium” dan eenvoudig: “’n duisend jaar”). Die woord kom glad nie in die Skrif voor nie, maar die begrip kom wel drie keer voor.

In die eerste plek word daar in die gebed van Moses t.o.v. die kortstondigheid van die lewe van die mensekinders van geslag tot geslag gesê, dat “duisend jaar” in God se oë “soos die dag van gister” is as dit vir God verby skiet (Ps. 90:1-4). In die tweede plek word dit t.o.v. die tyd van Christus se wederkoms gesê “dat een dag by die Here soos duisend jaar is, en duisend jaar soos een dag” (2 Pet. 3:8). En in die derde plek word daar ses keer in een perikoop gesê dat Satan “duisend jaar” lank gebind word (Opb. 20:1-7).

Waar millennialiste (hetsy amillennialiste of postmillennialiste of premillennialiste) van “dié millennium” praat, verwys hulle slegs na die laasgenoemde tydperk van “duisend jaar” wat in Openbaring twintig genoem word. Dié perikoop word aangetref ná die val van Babilon en die oorwinning van Christus oor die dier en die valse profeet aan die einde van Openbaring negentien, en vóór die beskywing van die finale oordeel en die nuwe hemel en die nuwe aarde en die nuwe Jerusalem aan die einde van Openbaring twintig en dit wat daarop volg. In dié rede, beperk ons ons dus grotendeels tot die perikoop Openbaring 20:1-7v.

Dié perikoop sê ses dinge van dié millennium. Eerstens, dat ’n engel vanuit die hemel neerdaal en vir Satan “duisend jaar lank” hier op aarde bind. Tweedens, dat Satan dan “die nasies nie meer sou verlei todat die duisend jaar voleindig is nie.” Derdens, dat siele van onthoofdes op trone leef en as konings “die duisend jaar lank” saam met Christus regeer. Vierdens, dat “die ander dode... nie herlewe, todat die duisend jaar voleindig is” nie. Vyfdens, dat hulle “wat deel het aan die eerste opstanding... priesters van God en van Christus sal wees en saam met Hom as konings sal regeer duisend jaar lank.” En sesdens, dat “wanneer die duisend jaar voleindig is, Satan ontbind” word en na die finale oordeel oor die aarde gesleep sal word.

Die groot sg. amillennialise gereformeerde dogmatoloog prof. dr. Abraham Kuyper het êrens geskrywe dat hy nog nooit ’n bevredigende verduideliking van die verse in dié perikoop teëgekomp het nie. Amillennialiste óf ontken dat daar ’n millennium is of was of sal wees, óf meen dat dit slegs op ’n hemelse en nooit op ’n aardse toestand sou slaan nie, óf hulle beweer dat die hele tydperk tussen Christus se eerste en Sy tweede koms die millennium sou wees.

Die bekende amillennialis prof. Louis Berkhof in sy boek *Systematic Theology* (p. 708) beweer maar net: “Daar is egter groot getalle wat nie glo dat die Bybel die verwagting van ’n millennium regverdig nie, en dit het gebruiklik geword om onlangs na hulle as

Amillennialiste te verwys. Die Amillenniaalse opvatting is, soos sy naam aandui, bloot negatief.”

Berkhof sit wel sy opvattinge van die Premillennialisme en die Postmillennialisme uiteen. Maar hy probeer nie eens om sy eie Amillenniaalse opvatting uiteen te sit of selfs te definieer nie.

Ook die amillennialis prof. dr. Anthony A. Hoekema, hoogleraar in die dogmatiek te Calvyn Teologiese Kweekskool in sy boek *Die Bybel en die Toekoms* (p. 173v.), skrywe: “Die begrip amillennialisme is nie baie gelukkig nie. Dit suggereer dat amillennialiste óf nie aan enige millennium glo nie óf dat hulle die eerste ses verse van Openbaring twintig, wat [wel] van ’n millenniaalse regering praat, eenvoudig negeer... Dit is waar dat amillennialiste [saam met postmillennialiste maar nie saam met premillennialiste nie] nie letterknegtelik glo dat ’n duisendjarige ryk die terugkoms van Christus sal opvolg nie, dog die begrip ‘amillennialisme’ is nie ’n akkurate beskrywing van hul standpunt nie.”

“[Die amillennialis prof. dr.] Jay Adams, in sy boek *Die Tyd is Naby*, het aan die hand gegee dat die woord ‘amillennialisme’ deur die uitdrukking ‘gerealiseerde millennialisme’ vervang moet word. Laasgenoemde uitdrukking beskrywe die ‘amillenniaalse’ standpunt meer akkuraat as die gewone uitdrukking, nademaal ‘amillennialiste’ glo dat die millennium van Openbaring twintig nie uitsluitlik toekomstig is nie maar reeds nou gerealiseer word.” Aldus dr. Hoekema.

Hiermee sou sg. ‘postmillennialiste’ soos Bahnsen en Rushdoony saamstem. Hulle is m.i. egter nie as rasegte postmillennialiste aan te merk nie, maar moet eerder as ‘optimistiese amillennialiste’ beskryf word. M.i. is alleen dié wat die millennium as ’n toekomstige aardse toestand beskou, óf as postmillennialiste óf as premillennialiste (soos die geval mag wees) aan te merk.

Die beskouings van presies wat ‘amillennialisme’ is, is ook by sg. ‘amillennialiste’ self, nogal baie uiteenlopend. So skryf die einste Anthony Hoekema bv. verder (pp. 174): “Amillennialiste meen [saam met postmillennialiste] dat die millennium in Openbaring 20:4-6 die huidige regering van die siele van die afgestorwe gelowiges met Christus in die hemel beskryf.”

“Hulle verstaan dat die binding van Satan wat in die eerste drie verse van dié hoofstuk genoem word, dwarsdeur die hele tydperk tussen die eerste en tweede koms van Christus in werking is. Hulle glo dat Christus ná dié hemelse millenniaalse regering sal terugkom...”

“Teen die tyd dat Christus sal terugkom, sal daar ’n algemene opstanding van sowel gelowiges as ongelowiges wees. Na dié opstanding, sal gelowiges wat dan steeds in die lewe is, getransformeer en verheerlik word. Dié twee groepe, opgestane gelowiges en getransformeerde gelowiges, sal dan [nes ook by die premillennialisme] in die wolke opgevang word om die Here in die lug tegemoet te gaan. Na dié ‘wegrapping’ van alle gelowiges, sal Christus sy terugkoms na die aarde voltooi, en die finale oordeel uitvoer.” Aldus prof. dr. Anthony Hoekema.

Die minder-konsekvente eerw. Herman Hoeksema, professor in die dogmatiek aan die Kweekskool van die Protestants-Gereformeerde Kerk in Amerika, skryf egter op meer pessimistiese wyse in sy *Gereformeerde Dogmatiek* (p. 816v.): “Die amillennariërs, soos

aangedui deur die naam self wat van onlangse oorsprong is, glo dat die Skrif geen millennium in enige vorm ook al leer nie. Hulle beskou dit so dat dié dispensasie van die koninkryk van God die laaste uur konstitueer; dat dit dus deur geen ander dispensasie gevolg sal word nie, maar slegs deur die ewige toestand van die koninkryk van die heerlijkheid.”

“Volgens hulle sal die maat van boosheid gedurende dié dispensasie volgemaak word. Die einde van dié huidige tyd sal deur groot afval van die Kerk gekenmerk word. Antichris, die mens van sonde, sal ontwikkel en sal sy eie koninkryk vir ’n kort tydjie realiseer. Gedurende dié tydperk sal daar groot verdrukking wees soos wat daar nog nooit voorheen op aarde gesien is nie.” Allerweë is Hoeksema se sg. amillenniaalse voorstelling net so pessimisties as dié van baie premillennialiste!

“Die [tweede en finale] koms van Christus,” gaan hy meer positief voort, “sal dit alles beëindig. Die algemene opstanding van die dode sal plaasvind. Die finale oordeel oor onregverdiges asook regverdiges sal gehou word. En die ewige koninkryk van die heerlijkheid sal daarop volg in die nuwe hemele en die nuwe aarde waar die tabernakel van God met die mens sal wees.”

Hoeksema voeg by op heel onbevredigende wyse: “Die postmillennialiste, soos die naam daarop aandui, glo dat die millennium vóór die [tweede] koms van Christus sal wees. Voor die [tweede] koms van Christus sal daar ’n groot bedeling van Evangelieverkondiging wees met die gevolg dat voor Christus se [tweede] koms die kennis van die Here die aarde sal oordek, soos wat die waters die bodem van die see oordek...”

“Soos Delitzsch in sy *Kommentaar op Jesaja* hoofstuk 11[:9] skrywe... : ‘Wanneer die Seun van Dawid die volle besitting van Sy koninklike erfenis toeëien, sal die vrede van die Paradys hernu word en alles wat in die gewilde legendes aangaande ’n goue eeu waar is, gerealiseer en bevestig word.’” Aldus Hoeksema.

Aangaande die premillennialisme, skrywe die amillennialis prof. Hoeksema met groter insig: “Die premillenniaalse standpunt, soos die naam daarop dui, staan op ’n manier lynreg gekant teen dié [standpunt] van die postmillennialisme. Met ander woorde, die [tweede] koms van Christus is [vir die premillennialis] vóór die millennium. Maar [ook met] dié [‘tweede’] koms van Christus word weer eens onderskei tussen die ‘*parousia*’ of die [sg. skielike en geheime] ‘wegrapping’ – en dit wat die ‘revelasie’ [of die ‘openbaring’ van Christus] onderskei.”

“Hulle [die premillennialiste] stem nie met mekaar saam nie. Maar oor die algemeen kan ons sê dat die ‘wegrapping’ wat volgens hulle enige tyd kan gebeur en wat deur geen tekens voorafgegaan sou word nie, bestaan uit die verandering van dié heiliges wat dan in die lewe is en wat Sy koms verwag. Saam daarmee sou ‘die eerste opstanding’ gebeur – d.w.s. die opstanding in heerlijkheid van dié heiliges wat voor dié wegrapping gesterf het en hul ontvangs in die lug [saam met dié wat lewendig verander is] waar hulle met Christus sal wees. Dié toestand van die Kerk sou dan vir sewe jaar duur.”

“Intussen sou die Antichris in die wêreld te kere gaan en die groot verdrukking plaasvind. Aan die einde van dié sewe jaar sou Christus weer eens saam met Sy Kerk by ‘die revelasie’ kom, om die millennium te stig. Die duiwel sou vir ’n duisend jaar gebind wees. Christus sou in Jerusalem saam oor [die Jode as] Sy koninkryksvolk en ook oor Sy Kerk regeer.”

“Aan die einde van dié millennium sou die duiwel losgelaat wees en die nasies van Gog en Magog teen die Heilige Stad saamtrek. Maar Christus sou hulle verteer. Die tweede opstanding – dié van die dooie onregverdiges – sou dan plaasvind. Die nasies word dan geoordeel. En die ewige toestand tree eers dan in – waar volgens sommige die Kerk ewig in die hemel sou wees terwyl die Jode as die koninkryksvolk vir ewig op die nuwe aarde sou wees.”

“Veel en baie ernstige besware kan teen dié premillenniaalse voorstelling geopper word. In die eerste plek, soos ons al voorheen genoem het, dit is gebaseer op ’n skeiding tussen Israel en die Kerk. Israel sou eintlik die koninkryksvolk wees, terwyl die Kerk weer die liggaam van Christus is. Die Jode het hul Messias verwerp. Die koninkryksvolk is verstrooi en tot ballingskap gelei – terwyl Christus intussen die Kerk as ’n nuwe volk vergader. Wanneer die Kerk egter voltooi is, sou Christus weer eens met Sy Ou Testamentiese koninkryksvolk handel, hulle herstel, hulle in hul eie land vergader, die tempel en sy ritusse met inbegrip van offerandes herstel en op die troon van Dawid regeer.”

“Dié skeiding tussen Israel en die Kerk, is nie volgens die Skrif nie. Israel is die Kerk; en die Kerk is Israel, vanuit Jode en Nie-Jode vergader. Die berg Sion, Jerusalem, tempel en altaar, offerandes en skaduwees, is almal in Christus vervul en in die Kerk van die nuwe bedeling gerealiseer. Tweedens, en in nabye aansluiting by die voorafgaande, is hierdie premillenniaalse uitsig wesenlik Joods, en dit word gebaseer op ’n Joodse uitleg van die profesieë wat die interpretasie [daarvan in] die Nuwe Testament geheel en al negeer.”

“Dié letterknegtelike uitleg van die profesieë van die Ou Testament lei tot die grootste absurditeite. Want dit vereis nie alleen die herstel van die nasie van [ou] Israel nie, maar ook die toekomstige bestaan van die nasies wat Israel [van ouds] omring het: Assirië, Babilonië, Edom, Moab, die Ammoniete, ens.”

“Derdens, volgens dié opvatting aangaande die eerste en die tweede opstandings – en dalk van drie of vier opstandings – is die premillennialisme in flagrante stryd met die Heilige Skrif. Want die Skrif leer baie duidelik dat die opstanding van die dode, van sowel die regverdiges as die boses, tegelykertyd en op dieselfde uur sal plaasvind. Johannes 5:28-29: ‘Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom ’n uur wanneer almal wat in die grafte is, Sy stem sal hoor en sal uitgaan – dié wat goed gedoen het tot die opstanding van die lewe, en dié wat kwaad gedoen het tot die opstanding van die veroordeling.’”

“Vierdens, die Bybel leer duidelik dat die heiliges na die opstanding die ewige heerlikheid sal ingaan. Daar is sekerlik geen melding van ’n wegraping waardeur die heiliges tydelik deur Christus in die lug ontvang word nie – en ook nie van ’n millennium waarin die heiliges tydelik op die aarde met hul opstandingsliggame te midde van ’n onvolmaakte wêreld en te midde van sonde en dood tydelik sou verkeer nie. Want gedurende dié [premillenniaalse] millennium sou geboortes en sterftes net soos in die verlede voortduur.”

“Vyfdens, en in nabye betrekking tot die vorige beswaar, moet gesê word dat die premillenniaalse teorie sig in allerlei absurditeite laat vasvang.”

“Hoe kan verheerlikte heiliges, in hul opstandingsliggame wat geestelik en hemels is, steeds bestaan en hulle in die ou wêreld voordoen en optree? Hoe kan die troon van Christus in die ou stad Jerusalem opgerig word? En hoe kan sondaars en heiliges – eersgenoemdes in

hul ou en sondige liggaam en laasgenoemdes in hul verheerlikte liggaam, in die teenwoordigheid van Christus die verheerlikte Heer staan?” Aldus Herman Hoeksema.

Nou wil ek verder gaan en ook die amillenniaalse standpunte van proff. dr. van Genderen en Velema van die Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland te Apeldoorn wéérgee. In hul 1993 boek *Beknopte Gereformeerde Dogmatiek* (pp. 759v.) verwerp hulle die reformatoriese standpunt dat juis die pousdom deur al die eeue die antichris is, en vervang hulle dit met ’n endeskatologiese antichris. Ook klassifiseer hulle (teen hul mede-amillennialiste Anthony Hoekema en Herman Hoeksema) ten onregte ook die postmillennialisme saam met die premillennialisme as “chiliastiese voorstellings.”

So skryf hulle dat “die chiasme die leer van ’n duisendjarige vrede is, wat die wederkoms van Christus om te oordeel sal voorafgaan [wat ook die amillennialis Hoekema glo!] en waarin Hy as koning op die aarde sal heers. Die term is aan die Grieks ontleen (*chilioi* = 1000). Millennialisme is ’n ander woord daarvoor, en dit het ’n Latynse agtergrond (*mille* = 1000)... Die chiasme is ’n veelvormige verskynsel.”

“Die twee hoofstrome is die *premillennialisme* en die *postmillennialisme*... In hierdie tyd is die *dispensasionalisme* die belangrikste [premillenniaalse] chiliastiese voorstelling.”

Na ’n pateties-minimale behandeling van die postmillennialisme, gaan van Genderen en Velema na ’n baie beter behandeling van die premillennialisme oor (waarin hulle egter vir die twee gevierde Nederlandse gereformeerde teoloë die sewentiende-eeuse postmillennialiste Willem á Brakel en prof. dr. Herman Witsius ten onregte behandel!). Spesifiek oor die dispensasionalisme, skryf hulle dan heel akkuraat:

“Die *dispensasionalisme* is ’n radikale vorm van die chiasme. Dit bou voort op ’n grondslag wat deur J.N. Darby (1800-1882) gelê is. Die naam dispensasionalisme of leer van die bedelings is ’n duidelike tipering daarvan, omdat dit leer dat daar sewe verskillende bedelings is waarin die mens op die proef gestel word met betrekking tot sy gehoorsaamheid aan die wil van God.”

“So word dit voorgestel in die verklarende aantekeninge wat te vinde is in *The (New) Scofield Reference Bible*, wat by dispensasionaliste baie gesag het. Ons gaan nou na wat die hoofstelling van dié leer is.”

“Die letterlike verklaring van die profesieë van die Ou Testament vorm die grondslag daarvan. Daarby kom nog dat die skildering van die toekoms sterk bepaal word deur die skema van opeenvolgende bedelings.”

“Van fundamentele betekenis is ’n skerp skeiding van Israel en die Gemeente. Die koms van die koninkryk is uitgestel deur die ongeloof van die Jode, vir wie dit eers bestem is [of sou wees]. Toe het die heil na die Gemeente uitgegaan, maar daarmee [sou] God ’n omweg maak. Die dispensasie van die Kerk is eintlik ’n intermezzo en sal spoedig verby wees.”

“Die opstanding van die gelowiges en die opname van die Gemeente [oftewel die Kerk], vind by die éérste [weder]koms van Christus plaas. Dit word veral in 1 Tess. 4:13-17 en in 1 Kor. 15:51-52 [in]gelees.”

“Terwyl die opgenome Gemeente met Christus die bruilofsfees vier, gaan ’n oorblyfsel van Israel in Jesus as die eenmaal beloofde Messias glo. Dit [sou] die 144 000 verseëlde wees (Opb. 7:1-8). Deur hul getuienis kom baie uit die nasies tot bekering. Maar dan sal die vyande van God en Sy volk hul versamel vir ’n gedugte aanval: die slag van Armageddon.”

“Christus kom weer om Sy koninkryk op aarde te stig, en al Sy vyande vernietigend te verslaan. Hy vestig Sy troon in Jerusalem en sal daar ’n duisend jaar – veral letterlik opgeneem – sigbaar regeer. Dié ryk is primêr ’n Joodse ryk, hoewel ook die ander volke in die seëninge daarvan deel...”

“In Jerusalem word die tempel herbou, wat die middelpunt van die erediens in die vreederyk sal wees. Offers word daar gebring om daaraan te herdenk dat Christus vir ons gesterf het – soenoffers is nie meer nodig nie.”

“Onder die regering van Christus is daar tog nog mense wat hulle nie voor Hom buig nie. Met die Satan as aanvoerder sal hulle hul teen die laer van die heiliges keer. Maar Christus maak ’n einde aan alle verzet. Dan sal Hy die koninkryk aan Sy Vader oorgee...”

“’n Bekende outeur soos Hal Lindsey gaan met sy berekenings en voorspellings verder as baie ander. Hy erken wel dat niemand die dag en die uur van die (eerste) koms van Christus [by die sg. ‘wegraping’] kan weet nie; maar hy neem aan dat sy eie [huidige] geslag hierdie gebeurtenis sal meemaak. Volgens hom doel die Skrif telkens op die Verenigde State, die Europese Ekonomiese Gemeenskap, Rusland, en Sjina...”

“By die chiliastiese opvatting moet die werkwoordvorm *ezeesan* (Opb. 20:4) vertaal word met: hulle het lewend geword, wat op ’n liggaamlike opstanding sou sien. Maar in verband met die tydbepaling in die teks, is ’n ander vertaling moontlik: hulle het gelewe en geheers as konings duisend jaar lank...”

“Daar is ’n diepgaande verskil insake die Kerk. Volgens dié [premilleniaals-dispensasionalistiese] bedelingsleer was daar vóór Pinkster geen kerk nie, al was daar wel gelowiges. Hierdie skeiding tussen Israel en die Gemeente is in stryd met die eenheid van die volk van God (sien Joh. 10:16; Gal. 3:27-28; Ef. 2:18).” Aldus van Genderen en Velema.

Een van die beste kort uiteensettings van die Bybelse leer aangaande die millennium, vind mens by dr. A.A. Hodge – in lewe professor in die dogmatiek aan Princeton Universiteit in die V.S.A. In sy beroemde boek *Outlines of Theology* (pp. 568v.) word die vraag gestel: “Wat is die Bybelse leer aangaande die millennium?” Daarop antwoord Hodge soos volg:

“Eerstens, die Skrif sowel van die O.T. as die N.T. openbaar duidelik – dat die Evangelie ’n invloed oor alle takke van die mensdom gaan uitoefen wat onmeetbaar meer uitgebreid is en wat dit meer deeglik sal transformeer as enigiets wat ooit in die verlede gerealiseer is. Dié doel sal trapsgewyse deur die geestelike teenwoordigheid van Christus in die gewone bedeling van die Voorsienigheid en dienste van Sy Kerk bereik word. Matt.13:31-32: 28:19-20; Pss. 2:7-8 en 22:27-29 en 72:8-11; Jes. 2:2-3, 11:6-9, 60:12, 66:23; Dan. 2:35-44: Sag. 9:10, 14:9; Opb. 11:15.”

“Tweedens, die tydperk van die algemene oorwinning van die Evangelie sal 1000 jaar voortduur, en word daarom as die millennium aangedui. Opb. 20:2-7.”

“Derdens. Die Jode sal tot die Christendom.. aan die begin... van die tydperk bekeer word. Sag. 12:10 en 13:1; Rom..11:26-29; 2 Kor. 3:15-16.”

“Vierdens. Aan die einde van die duisend jaar sal daar ’n betreklike kort tydperk van... konflik tussen die koninkryke van lig en duisternis wees.. Opb 20:7-9”

“Vyfdens. Christus se [weder]koms, die algemene opstanding, en die oordeel sal gelyktydig wees – en deur die verbranding van die ou en die openbaring van die nuwe aarde en hemel onmiddellik gevolg word. 2 Pet. 3:9v.”

Daar word verder gevra: “Watter oorwegings is ten gunste van die geestelike, en opponeer die letterknegtelike, interpretasie van Opb. 20:1-10?”

Hierop antwoord Hodge: “Die geestelike uitleg van dié moeilike perikoop, is soos volg: Christus het vir Sy Kerk ’n tydperk van universele uitbreiding en van voortreflike geestelike voorspoed voorbehou. Dan sal die gees en karakter van die ‘edele leer van getuies’ weer eens in die groot liggaam van die volk van God op ’n ongeëwenaarde manier gereproduseer word. Dan sal die getuies, met die algemene triomf van hulle saak en in die omverwerping van dié van hul vyande, ’n oordeel oor hul vyande ontvang en op die aarde regeer. Terwyl Satan se party – ‘die ander dode’ – nie weer sal leef totdat die duisend jaar voleinding word nie... ”

“Die toekomstige bekering van [ook] die Jode word in die Skrif geleer. In Romeine 11:15-29 beklemtoon en bewys Paulus dit vanuit die Ou Testamentiese profesieë, bv.: Jes. 59:20; Jer. 31:31... ; Sag. 12:10; 2 Kor. 3:15-16. Die Nuwe Testament leer duidelik dat alle verskille tussen Jood en Nie-Jood weggeruim gaan word; [en] dat die Jode, wanneer bekeerd, in dieselfde Kerk weer eens ingeënt gaan word.” Tot sover prof. dr. A.A. Hodge.

In dié stadium moet gevra word of daar dan wel so iets as “amillennialisme” is. Die ‘amillennialis’ prof. dr. Anthony Hoekema hou nie van die uitdrukking nie – en die amillennialse eerw. prof Herman Hoeksema ontken die bestaan van enige millennium. Dog die meeste amillennialiste meen wel dat ons vanaf Jesus Christus se opstanding reeds in die millennium is. En daarby ook dat alle gelowiges sedertdien onmiddellik na hulle dood ’n hemelse millennium deelagtig word.

So beskou, is allerlei soorte amillennialismes tegelykertyd ook postmillennialaals. Want ook vir die amillennialisme, soos hierbo gedefinieer, gebeur die wederkoms eers aan die einde van die millennium. Die enigste vraag bly dan, of dié sogenaamde ‘amillennialisme’ soos die rasegte postmillennialisme óptimisties of, soos die premillennialisme, pessimisties – oor die bekering van die mensdom as sodanig is. Is dié amillennialisme dan optimillennialaals – of pessimillennialisties?

Daar is ook drie vrae wat aan al dié soorte millennialisme gestel moet word. Want elkeen van hulle moet gevra word: (1) Wáár is die millennium? (2) Wannéér is die millennium? En (3) Wát is die millennium?

- (1) Wáár is die millennium? Hierop antwoord al die millennialismes – hier op áárde. Terwyl die amillennialisme en ook die postmillennialisme daaraan toevoeg – asook in die hémel, tussen sterwe en opstanding.
- (2) Wannéér is die millennium? Hier antwoord die amillennialisme – op aarde: óf nou; óf nooit. Terwyl die postmillennialisme en die premillennialisme antwoord, eers láter (die postmillennialisme nog vóór en die premillennialisme alleen ná die wederkoms van Christus).
- (3) Wát is die millennium? Hier antwoord die amillennialisme baie onduidelik. Maar hier antwoord die klassieke postmillennialisme – ’n toekomstige tydperk hier op aarde wat juis deur die kragdadige verkondiging van die Evangelie teweeggebring moet word. Terwyl die chiliastiese premillennialisme antwoord, dat die millennium ’n toekomstige tydperk hier op aarde sal wees wat juis met die wederkoms van Christus en Sy liggaamlike teenwoordigheid hier op aarde ingeloods sal word. Waaraan die dispensasionalistiese premillennialisme nog dít byvoeg – met ’n skerp onderskeiding tussen die Kerk en die Jode tot aan die einde van die millennium toe, so nie tot in ewigheid nie.

Die premillennialisme en die dispensasionalistiese premillennialisme gee voor dat hul beskouings vanuit Openbaring 20 afkomstig is. Eintlik word dit egter afgelei van ’n sinkretisme tussen Openbaring 20 en die heidense Zoroastriaanse religie van 1000-500 v.C., wat die Ou Testament verdraai het en in die plek daarvan beweer het dat die slang Azi-Dahak binne-in die berg Damavend vir 9000 jaar vasgebind word. Dit verbreek sy bande in die laaste dae – maar word dan spoedig vir altyd oorwin deur die Fredun wat eers dan wakker word. Aldus die Zoroastriaanse *Bun dahesj* (29:8).

Dit is ook interessant dat **nie eers een** van die boeke van die sg. Nuwe Testamentiese Apokriewe – wat dikwels hoogs eskatologies is, en wat dikwels na die Heilige Skrif en verskillende leerstellings van die Vroeë Christelike Kerk verwys, ooit enigsins na die chiliastiese teorie van “twee opstandings” verwys nie. Die eenvoudige waarheid is maar net dit: die Chiasme is nóg Ou-Testamenties, nóg Oud-Apokrief, nóg Pseudepigrafies, nóg Nuwe-Testamenties, nóg Neo-Apokrief, nóg Vroeg-Patristies. Kerkhistories besien, bly dit maar ’n Midde-Patristiese **minderheidstandpunt** wat van die **Zoroastriaanse Heidendom** afgelei is.

Vanwaar dan dié onskriftuurlike chiliastiese leer van die “dubbele opstanding”? Waar kom dié leer van ’n liggaamlike opstanding van die heiliges, wat deur ’n duisend jaar vanaf ’n latere opstanding van die onregverdiges afgeskei sou word, dan vandaan? Nie vanaf die Bybel nie, maar wel vanuit Babel!

Bavinck en **Hoekstra** voer hierdie leer na die ou heidense religieë van Babilonië en Persië terug. Vgl. ook Masselink se doktorsale proefskrif oor *Die Duisendjarige Vrederyk*, en Tiele se *Religie van Zarathustra*. Vanuit Babilonië sou dié leer toe na Persië versprei het – waar dit later tot die Zoroastriaanse chiasme geboorte gegee het. Dan, eeue later, deur die agentskap van Oosterse religieë soos die **Mitraïsme** en die **Mandaïsme** en die **Manicheïsme** wat toe in die Romeinse Ryk gewild was – het dié leer die denke van slegs sommige Christene ook in die Weste beïnvloed.

Die sterk punt van die premillennialisme is dat dit op die oog af lyk of dit hom alleen op die Bybel beroep. Sy swakpunt is egter dat dit op modernistiese wyse van 'n digotomie tussen die Ou en die Nuwe Testamente opereer.

Die sterk punt van die amillennialisme is dat dit fyngekonstelde bespiegeling probeer vermy. Maar sodoende beland dit in 'n onbevredigende agnostisisme t.o.v. die millennium wat glad nie genoeg erns maak met die gegewens van Openbaring twintig nie.

Die sterk punt van die postmillennialisme is dat dit inderdaad op die hele Heilige Skrif (behoorlik verstaan) berus. Dit gee m.i. die enigste bevredigende uitleg van Openbaring twintig wat ook met die totaliteit van die res van die Skrif te rym is.

Openbaring twintig moet interpreteer word, en wel op die heel beste manier. In ons volgende lesing sal ons juis dit so probeer doen.

Begroning van Postmillennialisme in Openbaring 20

deur dr. F.N. Lee

Hier wil ons die postmillennialisme eers teologies begrend n.a.v. die eksegeese van Openbaring twintig. Tegelykertyd wil ons histories aantoon dat ons aangebode eksegeese nie eiesinnig is nie, maar op baie goeie presedent in die kerkgeskiedenis berus. Vooraf wil ons egter eers net daaraan herinner dat die aangebode eksegeese o.i. wel in ooreenstemming is, nie alleen met die res van die gewoonlik kronologies-tematiese Bybelboek Openbaring nie, maar ook met die leer van die res van die Skrif van Genesis tot Openbaring in sy algemene openbaringsgeskiedkundige strekking. Die perikoop Openbaring 20:1-10 lui soos volg:

“En ek het ’n Engel uit die hemel sien neerdaal... En Hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en Hy het hom gebind duisend jaar lank... sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie...”

“En ek het trone gesien, en hulle [die nasies] het daarop gaan sit... en aan hulle is die oordeel gegee...”

“En [ek het ook] die siele [gesien] van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die Woord van God... en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie [en nie eers daarna herleef nie maar slegs uit die dode opstaan].”

“Dit [nl. die leef van die nasies op aarde en die leef van dié siele wat in Christus gesterf het] is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.”

“En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal Satan [vir ’n kort tydjie]... ontbind word... En die Duiwel... is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.”

Johannes het “’n Engel uit die hemel sien neerdaal.” En Hy bind Satan “duisend jaar lank.” Wat sy vervulling betref, blyk dit of dié gebeurtenis **steeds in die toekoms lê**. Want, vanuit die breër asook die smaller konteks, lyk dit dat dit na ’n gebeurtenis verwys wat slegs **begin** gebeur **ná** afloop van die opknop-operasie wat pas voorheen in Openbaring negentien genoem is.

Meeste teoloë plaas dié “duisend jaar” **nie in die hemel nie** maar juis hier op die **aarde** en **vóór** die tyd van Christus se finale sigbare koms om die ganse mensdom tegelykertyd tot die finale oordeel aan die einde van die wêreldgeskiedenis te laat herrys. Aldus Barnabas,

Papias, Caius, Origenes, Ambrosius, Tichonius, Augustinus, Hiëronimus, Primasius, Gregorius die Grote, Beda, Purvey, Luther, Calvyn, Knox, die *Geneefse Bybel*, Chytraeus, Bullinger, Junius, Piscator, Voetius, John Cotton, die *Dordtse Staten-vertaling*, Vitringa, Cocceius, Brakel, á Marck, Alting, Maresius, Matthew Henry, Jonathan Edwards, Van Oosterzee, Hoedemaker, Shedd, Warfield, Kik, Van Ruler, Boettner, Rushdoony, en baie ander.

Vanaf die einde van die derde eeu is die Kerk se verwagtings en pogings gedeeltelik gerealiseer by die nominale **kerstening** van die heidense Romeinse Ryk. Dié **oorwinning-georiënteerde** Kerk van die eerste vier eeue was oorweldigend anti-chiliasies.

Dit is belangrik om te merk dat Calvyn, die grootste van alle Hervormers, die millennium nie in die hemel nie (soos baie moderne amillennialiste) maar juis hier op **aarde** geplaas het. Hy plaas dit ook nog in die verlede nog in die hede (soos baie preteriste en die meeste amillennialiste doen) maar in die **toekoms**. Hy plaas dit egter (anders as alle premillennialiste) nog **voor** die sigbare tweede koms van Christus. Calvyn was dus 'n postmillennialis.

Want in sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* (III:25:5) het die genie van Genève die “**hemelse millennium-teorie**” wat deur baie moderne amillennialiste voorgestaan word, verwerp. Daar verwerp hy ook die beskouings van “die chiliaste” of premillennialiste “wat die **regering** van Christus tot [slegs] **duisend jaar**” **beperk**.

Dié chiliastiese of premillennialistiese “gekskeerders” met hul “**versinsels**” en “ligsinnige drome” – beweer Johan Calvyn – “is te **kinderagtig** om weerlegging te benodig of te verdien.” Hulle ontvang ook “geen steun vanuit Openbaring [20:4] nie, waarvan bekend is dat hulle 'n wanvoorstelling vir hul dwaling uitgehaal het aangesien die duisend jaar wat **daar** genoem word, **nie na die ewige saligheid van die Kerk** verwys nie”, maar slegs na “daardie gebeurtenisse... wat die **strydende Kerk in dié wêreld afwag**.”

Let hier veral op Calvyn se woordjie “**afwag**.” Hy sê, ook teen sommige preteriste en baie moderne amillennialiste, dat die voorgenoemde gebeurtenis van “die duisend jaar” die Kerk van Christus steeds “**afwag**”; en dus nie op die triomferende Kerk in die heerlikheid nie maar wel op die “**strydende Kerk in dié wêreld**” betrekking het. Let weereens op sy woordjie “**afwag**.” Hy sê nie “**afgewag het**” nie – maar “**afwag**”, nl. stéeds afwag. Aldus die nogal baie duidelike postmillennialisme van die genie van Genève.

Oor dié punt dat die millennium steeds in die toekoms lê, stem ook professor dr. Abraham Kuyper Sr. saam. In sy laaste (1931) bande *Van de Voleinding* (IV pp. 326 en 348), verklaar hy: “Die voorstelling [in die Bybelboek Openbaring] vanaf hoofstuk 20... tot hoofstuk 21... moet as **een** ononderbroke geheel opgevat word... Die **millennium** is **nie** reeds **agter ons rug nie**, maar moet **steeds verwag word**... Laat ons nou in die besonder konsentreer op dit wat aan ons in hoofstuk 20:4-6 gewys word... Christus het reeds vir die Dier en die Valse Profeet afgetakel” in Openbaring 19:20v.

So, in die **Heilige Skrif** self is dit onmiddellik **ná** die onderwerping van die bekeerbare oorblyfsel van Christus se voormalige vyande **sedert** die vernietiging van die internasionale politieke Dier en die Valse Profeet in hoofstuk negentien – dat Johannes in hoofstuk twintig “'n Engel uit die hemel **sien** neerdaal met die **sleutel van die afgrond** en 'n groot ketting in

Sy hand. **En Hy het die draak gegryp** – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – **en Hy het hom gebind duisend jaar lank.**”

Dit is nogal baie waar dat die juridiese **grondslag** van die duisendjarige binding van Satan **reeds** neergelê is toe Christus die magte van die duiwel te Golgota verbind het. Maar dié binding te Golgota moet nie vir ’n enkele oomblik losgemaak word nie van die nodige konsekwensies daarvan by die Godmens se daaropvolgende opstanding, hemelvaart, en veral Sy hemelse troonbestyging aan die regterhand van die Vader (toe Sy **universele regering** van stapel gestuur is).

As resultaat van Christus se regering, is dit ook veral ná Pinstersondag waar – dat die Heilige Gees die mag van Satan in die lewens van Christene vasbind juis wanneer hulle met hul wedergeboorte vanuit die koninkryk van die duisternis binne-in Christus se koninkryk van die lig oorgebring word. ’n Voortgaande en vaster binding gebeur ook daarna namate die Heilige Gees vir Satan meer en meer in hul lewens vasbind, en wel dwarsdeur die tydperk van hul aardse heiligmaking.

Dit is sekerlik waar dat Christus deur Sy Gees selfs nou vir Satan meer en meer dwarsdeur die wêreld weerhoú. Dit gebeur namate **die Kerk sowel ekstensief asook intensief toeneem**, en namate Satan meer en meer in die lewens van enkelinge **asook nasies** dwarsdeur **al die eeue** vasgebind word.

So, ongeveer 135 n.C., siens mens in die geskrif *Tweede Clemens* (20:4) hoedat verduidelik word dat “God se oordeel ’n onregverdige gees verbaas het – en dit met kettings neergeboei het.” Vgl. Openbaring 20:1-2.

Selfs méér dramaties, verklaar die antipremillennialistiese sg. *Evangelie volgens Nicodemus* (22) rondom 180 n.C. heel triomfantelik dat “die Koning van die heerlijkheid die hooftiran Satan aan sy kop gevat het en hom aan Sy engele oorgelewer en gesê het: ‘Met yster kettings, verbind sy hande en sy voete en sy mond!’ Hy het hom toe aan die afgrond afgelewer, en gesê: ‘Vat vir hom, en **bewaak** hom vas – **tot** by My Tweede Koms!’” Vgl. Openbaring 20:1-15.

Ook Irenaeus het in 185 n.C. daarop aangedring dat “die Seun van die mens... hard geveg en **oorwin** en die sterk man Satan **gebind hét.**” Want Christus **hét** “die sterk man **gebind**, en hom van sy goedere **onteien.**” Christus **het** “die vyand se kop **vertrap**” – en “**sal**... die draak **vertrap.**”

Want onse groot Here en God Jesus Christus “**wou** die draak **vasbind**” – en Hy “**het** vir Satan met... kettings... **gebind**... sodat die **mens**, vrygelaat, na **sy Heer** kan **terugkom**... Want toe [**die**] Satan **gebind is, is die mens vrygelaat.**” Openbaring 20:2v.

So het “**die Woord** vir hom **vasgebind**... en hom van sy goedere **onteien**... ‘Salig en heilig is hy wat deel **het** in die **eerste** opstanding!’” Openbaring 20:6.

Die beroemde gereformeerde teoloog prof. dr. Charles Hodge van die Teologiese Skool van die Universiteit van Princeton verklaar in sy standaardwerk *Sistematiese Teologie* (II:637v.) aangaande Christus: “Nadat dit aan Hom met ’n spesiale doel toevertrou is, sal dié universele heerskappy as Middelaar” later aan God Drie-enig oorgelewer word. “Hy sal **bly regeer totdat al Sy vyande onder Sy voete onderworpe is.**”

So skrywe ook sy mede-gereformeerde teoloog prof. dr. William Shedd in sy werk *Geskiedenis van Christelike Leerstellings* (II:398), dat so gou as “die druk van vervolging afgeneem het, die Kerk na sy vroeëre en eerste eksegeese van die Skrifgegewens aangaande die einde van die wêreld en die tweede koms van Christus teruggekeer het. Die stellings in Openbaring 20 is weer eens geïnterpreteer deur dié van Matteus 25, wat slegs praat van ’n koms om te oordeel... Die persoonlike koms van Christus... sal nie gebeur nie, tot op die finale dag van verdoemenis; totdat die Evangelie ‘aan die uiterste van die aarde’ gepreek is (Hand. 1:8); totdat die Jode tot die Christendom bekeer is nadat ,die volheid van die Heidene ingebring is (Rom. 11).”

Daarom word die uitverkorenes op hul voorhoofde **deur die doop verseël** – en juis met die oog op hul latere **opstanding**. (1 Kor. 15:22-29 vgl. Openb. 7:2-17 en 20:2-15 (*q.v.*)).

Ook die bekende amillennialis prof. dr. Anthony Hoekema verstaan dit so. Want ook hy het tereg opgemerk: “Vanweë die binding van Satan gedurende die huidige tydperk, kan die nasies nie die Kerk verower nie; maar **die Kerk verower die nasies**” (Mat. 28:19 vgl. Openb. 7:2-9 en 15:4 en 20:3 en 22:2-4 en 22:10v.)

So, in **dié** huidige verband van Openbaring hoofstuk twintig, lyk dit inderdaad oft dié “**duisend jaar**” na ’n tydperk verwys die hoofaspek waarvan **steeds in die toekoms is**. Aldus: Calvyn, John Cotton, Jonathan Edwards, Matthew Poole, Matthew Henry, Thomas Newton, John Brown Sr., Samuel Hopkins, Thomas Scott, Adam Clarke, David Brown, Patrick Fairbairn, Hengstenberg, Loraine Boettner, en nog baie ander.

Dit wil voorkom dat die “Engel” wat “uit die hemel... neerdaal” – juis die Here Jesus Christus is. Hy, sowel die BoodsAPPER asook die BoodsKAP, kom gedurig neer vanuit die hemel – in die Persoon van Sy Heilige Gees. Dit doen Hy gedurig – sedert Christus se hemelse troonbestyging en sedert die Gees van Christus daarvandaan op Pinkstersondag neergedaal het; en ook met die voortgaande en ewigdurende prosessie of voortgang van Sy Gees vanaf Sy Vader en deur middel van Sy Woordverkondigende Kerk. Aldus: John Cotton, Jonathan Edwards, Samuel Hopkins, Marcellus Kik, en Loraine Boettner. So verbind Christus die duiwel progressief en al hoe meer.

Die *Geneefse Bybel* van John Knox en dr. William Whittingham stel dit so: “Hierdie Engel verteenwoordig die apostelrang, wie se roeping en amp vanuit die hemel gekom het” – asook “Christus Wat die kop van die slang sou verbrysel” juis deur die werk van Sy Apostels en Sy ander latere verteenwoordigers. Aldus ook die *Dordtse Statenbijbel*, Matthew Poole, Matthew Henry, Adam Clarke, B.H. Carroll, en Marcellus Kik.

Die Here Jesus Christus kom dus **gedurig** vanuit die hemel op **onsigbare wyse** (deur die magtige **Gees-vervulde prediking** van Sy engele of prekende boodskappers) om die duiwel vir “duisend jaar” te bind. Die eindresultaat sal dan die grootskaalse bekering van die oorblyfsels van die Anti-christelike hordes wees – en die aankoms van ’n tydperk van spoedige uitbreiding van die Christendom, en uiteindelik van wêreldwye seëninge. Dit sal dan millenniaals voortduur – regdeur tot op die tyd van Jesus se finale sigbare koms met groot krag en heerlikheid.

Johannes verklaar: “En ek het ’n Engel uit die hemel sien neerdaal met die sleutel van die afgrond en ’n groot ketting... En Hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en Hy het hom gebind duisend jaar lank.”

Die gevierde Lutheraanse professor dr. E.W. Hengstenberg verklaar: “Dit wat hier teen Satan onderneem word, staan in die nouste verbinding met dit wat... voorheen in Openbaring 19:18-20 aangaande die tien konings en die dier gesê is... Die... God-opponerende beginsel is in die tien konings gebreek...”

“Hulle het **hul vyandigheid teenoor God en Christus en die Kerk afgesweer... Hulle het die juk van Christus op hulle geneem.**”

Die wesenlik **geestelike** aard van dié koms van Christus wat hier beskryf word, is duidelik vanuit die beskrywing self. Want Satan is ’n onsigbare en ’n nie-materiële gees wat nie deur ’n sigbare en materiële ketting gebind sou kon word nie. Slegs ’n **geestelike** ketting – slegs die swaard van die Gees wat die Woord van God is – het ooit vir Satan gebind, en kan hom steeds verder bind. Aldus die *Geneefse Bybel*, die *Dordtse Statenvertaling*, Kik, Boettner, en ander.

Hierdie geestelike ketting, wat selfs vandag alhoemeer deur Christus in Sy Gees-telike werk d.m.v. Sy Woord-hanterende Kerk gebruik word, sal eendag die ganse **wêreld** omhels. Dan sal dié ketting alle nasies van die bedrieërye van Satan **vrymaak** – terwyl dit Satan binne sy greep sal **inkerker**, soos ’n hond aan ’n tou.

Gedurende die tye van die Ou Testament was dit slegs die nasie van Israel wat die bevrydende wapen van God se Woord gehad het waarmee dit sig van die liste van die bedrieglike duiwel kon beskerm. Alle ander nasies ter wêreld is toe deur Satan bedrieg.

Maar met die vleeswording van Christus in die tyd van die Nuwe Testament, beveel Sy Groot Sendingopdrag dat die ganse wêreld ingegaan moet word om **al** die voorheen-bedroë nasies te bevry vanuit hul inkerkering aan die duiwel en sy boeie van sonde en onkunde en siekte en armoede. Want ons moet aan die nasies die beskermende ketting van die Woord van God gee, waarmee die duiwel in hul persoonlike en nasionale lewens en hul internasionale verhoudings gebind moet word sodat hy hulle nie langer bedrieg nie.

Dit is voor die hand liggend dat selfs vandag baie nasies steeds deur Satan bedrieg word en nog nie deur dié Christelike sendingaksie met die bevrydende Evangelie bereik is nie. Maar een dag sal dié steeds uitdyende proses voltooi wees, nl. teen die tyd dat Satan **wêreldwyd** gebind sal word. Dan sal **alle nasies-as-sodanig** – insluitende die Jode as blykbaar die laaste nasie wat gekersten sal word – die Here Jehova-Jesus dien.

In dié dag sal **al die nasies (as sodanig)** – in teëstelling met die baie minderheidsgroepe van Christene **binne** baie nasies – deur die Kerk se eie verspreiding van Christus se Evangelie orals, tot die heerlike vryheid van die seuns van God gebring word. En in dié dag sal Satan dwarsdeur die wêreld en al sy nasies “gebind” (maar nie geheel en al onskadelik wees nie) vir “duisend jaar.” Aldus Jonathan Edwards, David Brown, Warfield, Kik, Boettner, en Rushdoony.

Dié salige tyd van “duisend jaar” (of dalk selfs baie duisende jare) verteenwoordig tien (as getal van volheid) tot die derde mag verhef. So simboliseer dit ’n driedubbel-vermenigvuldigde toestand en tydperk van geïntensifiseerde volheid, en waarskynlik ook ’n tydperk wat onbepaald **lank** sal wees. Want die duiwel in die afgrond sal baie ingeperk word deur dié driedubbele **seël** – terwyl al “**die nasies**” wat hy voorheen bedrieg het, dan

wêreldwyd bestem sal wees om met die **driedubbele doop** van God Drie-enig verseël te word.

Die “duisend jaar” – of sulke duisende jare as wat dit voorstel – verteenwoordig dus ’n goue eeu of ’n lang en salige era van die **internasionale** triomf vir die Ware Christendom **dwarsoor die aarde**. Dan sal Satan deur die krag van die Evangelie weerhou word om **al die nasies** te bedrieg. Aldus: Jonathan Edwards, David Brown, Warfield, Kik, Boettner, en Rushdoony.

Dié steeds-toekomstige “duisendjarige” regering oor daaropvolgende geslagte Christene hier op **aarde**, sal soos ons huidige **aardse lewe** (maar van ’n baie verbeterde kwaliteit wees) – asook ’n verbeterde voorsmaak van die hemelse lewe na die dood (dog voor die Finale Oordeel) wees. Daarom besig Johannes die uitdrukking “duisend jaar” – om **ook** die tydperk van die Christene se hiernamaalse verblyf in die **hemel** (tot by die Finale Oordeel) in te sluit.

Dit is baie van pas. Want **alle** aardse Christene – hetsy gemartel in die verlede; hetsy lydend in die hede; of hetsy triomferend in die toekoms, het geregeer, regeer nou, en/of sal regeer, nl. mét Christus. Hulle hét so gedoen; doen nou so; of sal so doen, juis hier op die **aarde**.

Te meer: hulle huidige regering-met-Christus sal ook na hul afsterwe selfs in die **hemel** bly **voortduur** – totdat die mens Christus Self Sy Middellaarsregering met Sy Eie Finale Koms aan die einde van die “duisend jaar” aan God-Drie-enig oorhandig. En na dié tyd, wanneer God Drie-enig alle dinge en in alle mense sal wees, sal al Sy drie-enig-gedoopte kinders tot in alle ewigheid **steeds onder en met Hom bly regeer**.

Alle Christene **het** minstens in beginsel sedert hul “**eerste** opstanding” juis saam “met Christus **geregeer**.” Hierdie “eerste opstanding” is dié van hul **siele** – wanneer hulle **wederbaar** is en dus weer “gelewe” en “geregeer” het – nl. voordat hulle gesterf en terwyl hulle hier op aarde geleef het. Aldus: Calvyn, die *Geneefse Bybel*, Kuyper, Kik, Boettner, en baie ander. Inderdaad, dit is veral waar van dié wat met die martelaarsgees deurtrek is. Aldus John Cotton, David Brown, en dr. Albert Barnes.

Johannes sien ook hoedat die **Christelike nasies**, onder leiding van die Gees van Christus op ’n internasionale skaal hier op **aarde** sou **regeer**. Hy verduidelik dat Satan **die nasies** nie meer sou verlei nie. Hy sê: “En ek het **trone** gesien, en hulle [die verontsatiseerde en gekerstende **nasies**] het daarop gaan sit. En aan hulle is die oordeel [of ’n kritiese **regering**] gegee.”

Johannes het **ook** gesien hoedat die dooie Christene in die **hemel** is. In die besonder sien hy daar “die **siele** van die wat [hier in die huidige wêreld] **onthoof** is oor die getuienis van Jesus en oor die Woord van God”, nl. **voor** die begin van die millennium hier op die aarde.

Hier het Johannes heel eerste gekyk na al die gemartelde **siele in die hemel**, nl. die siele van dié Christene wat gedood is (en wat gedood word en wat nog gedood sal word). Hulle word **ter wille van hul Christelike Geloof gedood**, nl. terwyl hulle voorheen hier op aarde geleef het. Want, soos die *Geneefse Bybel* hier verklaar, sien ons “die heerlijkheid en die gesag van dié wat ter wille van Christus ly”, nl. gely het “**terwyl** hulle... in **dié** lewe gebly het.”

Die *Amerikaans Hersiene Uitgawe* vertaal dit so: “Ek het trone gesien, en dié [wat] daarop gesit het; en die oordeel is aan hulle gegee. **En** ek het [**ook**] die **siele** gesien van dié wat vir die getuienis van Jesus onthoof **is**... En hulle het [**almal**] ’n duisend jaar met Christus geleef en geregeer.”

Dr. Marcellus Kik omskryf goed sy eie begrip van Johannes se woorde, soos volg: “Ek het die [**lewende**] **heiliges** op trone sien sit wat oor die vlees en oor die wêreld en oor die duiwel **regeer**. Ja, ek het ook die [hiernamaalse] oorwinnende **lewens** gesien van dié wat **onthoof was** – en ook van dié wat **gely het** omdat hul geweier het om die dier te aanbid... **Alle** heiliges het saam met Christus vir duisend jaar geleef en geregeer.”

Victorinus het in 300 n.C. onmiddellik **na die kwaaieste ooit vervolging van Christene** die **heel eerste steeds bestaande kommentaar** op die Bybelboek *Openbaring* geskrywe. Dit is **voor** die regering van Konstantyn as die eerste Christelike Keiser van die Romeinse Ryk op skrif gestel. En dié kommentaar van Victorinus is duidelik **anti-chiliasies** – en **postmillenniaals**.

Victorinus skrywe oor Openbaring 6:1v. “Toe die eerste seël oopgemaak is, het hy [die Apostel Johannes]... ’n wit perd gesien, asook ’n gekroonde Ruiters wat ’n boog gehad het... Nadat die Here na die hemel op gevaar en alle dinge oopgemaak het, stuur Hy die Heilige Gees, Wie se woorde die predikers soos pyle losskiet tot binne-in die menslike hart – sodat hulle **ongeloof kan oorwin**... Want [in Mat. 24:14] sê die Here: ‘Dié Evangelie sal **dwarsdeur die ganse wêreld** as ’n getuienis **aan al die nasies** verkondig word!’”

Victorinus voeg verder oor Openbaring 20 by: “Dié jare waartydens Satan gebind bly, strek vanaf die **eerste** koms van Christus – selfs **tot** aan die **einde** van die **eeue**. Hulle heet **duisend** volgens daardie spraakmode waarin ’n gedeelte vir die geheel aangedui word – net soos by daardie [ander] perikoop ‘die Woord wat Hy vir ’n duisend geslagte beveel het’ (terwyl hul nie ’n duisend is nie)... Hy sê dat **hy** [Satan] gebind en toegesluit word sodat hy **die nasies nie mag bly verlei nie**. ‘Die **nasies**’ beteken die **Kerk**, aangesien **dit** in sigself **vanuit hulle geformeer word**.” Dus, **die nasies** word binne-in die Kerk ingebring.

“Die ‘**eerste opstanding**’ is **tans** – dié van die **siele** wat vanweë die [Christelike] Geloof die mense nie toelaat om na ‘die tweede dood’ oor te gaan nie. Aangaande **dié** opstanding, sê die Apostel: ‘Indien julle saam met Christus **opgestaan het** – **hou aan soek** dié dinge wat daarbo is!’”

Augustinus verklaar in sy 413-426 n.C. werk, *Stad van God* (18:47v. en 20:7 en 22:1), dat “die Kerk van Christus orals **toegeneem het**. Dié Huis van God is **heerliker** as die eerste een wat uit hout en klip... en ander kosbare dinge gekonstrueer is... **Voor** Sy vleeswording, is Hy [Christus] **toe nog nie** deur **alle nasies begeer nie** [Haggai 2:9v.]... Die heerlikheid van **dié** Huis is nie nou so duidelik as wat dit **sal** wees nie – wanneer **almal** wat daar is, **altyd** daar sal wees...”

“[In Mark. 3:27,] sê die Here Jesus Christus Self: ‘Niemand kan in die huis van ’n sterk man ingaan en sy goed roof as hy nie eers die sterk man **boei** nie; en dan sal hy sy huis berowe.’ Daar bedoel die ‘sterk man’ die duiwel... Dit was om dié ‘sterk man’ te **boei** dat die Apostel in die boek Openbaring “’n Engel uit die hemel sien neerdaal met die sleutel van die afgrond en ’n groot ketting in Sy hand. En Hy het die draak gegryp,’ sê hy, ‘die ou slang

wat die duiwel en die Satan is – en Hy het hom **gebind, duisend jaar lank...** sodat hy **die nasies nie meer sou verlei... nie' ...** ”

“Hy moet deur Sy genade, nes Hy tans doen – ’n **volk vergader wat so talryk is** dat Hy deur dit te doen, die leemte wat deur die gevalle engele gemaak is, herstel en [meer as] opvul... Daardie geliefde hemelstad word nie van die **volle getal** van sy burgers beroof nie, maar mag haar dalk wel selfs in ’n **nog oorvloediger bevolking** verheug.”

Regtens dring dr. Calvyn self dus teen die dwase soorte chiliasme of premillennialisme in sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* (III:25:5) daarop aan: “Dié wat **slegs** ’n duisend jaar aanwys wat die kinders van God moet geniet..., besef nie hoe ’n groot belediging hulle aan Christus en Sy Koninkryk aandoen nie... ”

“Indien hul saligheid moet endkry, is die Koninkryk van Christus... mos tydelik. Kortliks gestel, hulle is óf heel onkundig van alle godsdienstige sake, óf hulle is kwaadwillig daarop uit tot onverwerping van die ganse genade van God en krag van Christus wat hul **volle** uitwerking alleen kan hê as die sonde uitgewis en die dood opgeswelg en die **ewige lewe ten volle** hernu word.”

Calvyn sê in sy werk *Psychopannychia* dat “Johannes ook ’n tweevoudige opstanding en ’n tweevoudige dood beskrywe; nl. een [opstanding] van die **siel, vóór** die oordeel – en ’n ander wanneer **die liggaam opgewek word** en wanneer ook die siel tot heerlijkheid opgewek sal word. ‘Salig,’ sê hy, ‘is hy wat deel het aan die eerste opstanding! Oor hulle het die tweede dood **geen mag nie**’ (Openb. 20:6)... Dié **eerste opstanding...** is die enigste **ingang** – na **salige heerlijkheid.**”

Hoe sterker die Christendom sowel ektensief asook intensief hier en nou op ons huidige aarde word, hoe sterker sal ons eie huidige en salige regering met Christus beleef word. Want hoe meer die Christelike geloof hier en nou op aarde uitbrei, hoe meer sal ons waarlik **lewe**, sowel **hier en nou** op aarde, asook na ons dood in die hemel en voor ons finale en liggaamlike opstanding. Inderdaad, hoe sterker die Christendom in ons **huidige** lewe en wêreld word – hoe makliker sal dit vir ons **kinders en kleinkinders en hul afstammeling**e word om hier en nou in dié wêreld tot verheerliking van Christus te lewe.

Die verworpenes, “die **ander dode, het nie herlewe... nie.**” Ook **voorheen**, het hulle bloot bestaán – maar **nooit** waarlik ge-**léwe** nie! En hulle sal **ook nooit** lewe nie, selfs **ná** die tyd dat “die duisend jaar voleinding is.” Want Jesus sal regeer **nie alleen net totdat** Hy al Sy vyande vermorsel nie, maar **selfs ook daarná.**

Die groot Amerikaanse Puriteinse teoloog dr. John Cotton het reeds in 1642 etlike treffende opmerkings oor die millennium gemaak. Dit was slegs een jaar voor die internasionale Calvinistiese Westminster Sinode in Brittanje, waartoe ook hy uitgenooi was om ’n lid daarvan te word.

Die uitgiet van die sewende skaal of toornfiol van Openbaring hoofstuk sestien, beweer dr. Cotton, verteenwoordig die inwyding van die duisendjarige regering van Christus hier op aarde – so gou as wat die krag van die verkondigde Woord van God die Antichris finaal oorwin. Dit op sy beurt sal dan ’n wêreldwye en ’n wydverspreide internasionale **sosiale regenerasie** loods, wat dr. Cotton die ‘eerste opstanding’ noem. Dié ‘eerste opstanding’ sal geestelik en nie liggaamlik wees nie. Dit begin met die val van die Antichris. Dit word

gekenmerk deur die wedergeboorte van enkelinge, asook deur die ‘opstanding’ van ganse gemeentes van die Kerk.

“**Dié duisend jaar,**” verduidelik dr. John Cotton in sy werk *Die Kerk se Opstanding* (pp. 5v.), “**begin** baie behoorlik vanaf die omverwerping van die **Antichris** en die vernietiging van **Rome**. Die Here sal dan sulke magtige predikers [oftewel ‘engele’] in die Kerk instuur dat, deur die mag van die **sleutels** [vgl. Mat. 16:19v.], hulle vir Satan sal vasgryp – d.w.s., vir hom en al sy pouslike en heidense instrumente sal vonnis; en hom met... die sterk **ketting** van God se ordinansies (die Woord, Sakramente en Sensure) sal **bind**... Die Here in Sy Woord sal hulle vasgryp – en hulle dan verlaat... Indien hulle kerklede is, sal Hy hulle **in kettings bind** – [en dan ver weg sleep] van die Ordinansies van God, [d.m.v.] waarskuwing en verbanning... , en gedeeltelik ook waar nodig d.m.v. strawwe deur die burgerlike owerhede.” Vgl. *Westminsterse Geloofsbelydenis* 20:4 en 23:4 en *Westminsterse Groter Kategismus* 191v.

Dr. Jonathan Edwards, stigter van die Universiteit van Princeton, verduidelik in sy 1739 boek, *Die Geskiedenis van Verlossing* (Periode III Deel II Afdeling I Toepassings 2 en I), dat daar ’n “groot **geestelike** opstanding... van God se Kerk sal wees... Dié **geestelike** opstanding, word in Openbaring 20:4 in verband met oordeel bespreek.”

“Ek wil die **voorspoedige** toestand beskrywe waarin die Kerk sal verkeer... Dit is baie beslis die tye van die Koninkryk van die hemel **op aarde**... Dit is die prinsipiële vervulling van al die profesieë van die Ou Testament wat praat van die heerlike tye van die Evangelie... **in die laaste dae**...”

“Dan sal **alle lande en nasies** – selfs dié wat tans baie onkundig is, vol van lig en **kennis** wees... Dan sal baie Negers en Indiane teoloë wees... Voortreflike boeke sal in Afrika, in Etiopië en in Tartarye gepubliseer word...”

“Dit sal ’n tyd van **groot heiligheid** wees (Jes. 65:20)... Alles sal dan tot verheerliking van God gedoen word (Jes. 23:18)... Dit sal ’n tyd wees wanneer godsdienst allersins heelbó in dié wêreld sal wees... Die koninkryke sal in die hande van die heiliges van die ‘Allerhoogste God’ wees. Daniël 7:27... Hulle sal priesters van God en van Christus wees, en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.’ Openbaring 20:4...”

“Dié wat in die **hoogste range** is, sal **heilige manne** wees. Jesaja 49:23... **Konings** sal al hul mag en heerlikheid en rykdomme vir die bevordering van die eer en heerlikheid van Christus en vir die welsyn van Sy Kerk gebruik Jesaja 60:16.”

“Dit sal tye van **groot vrede en liefde** wees (Jes. 2:4 en 32:18; Ps. 66:9; Sag. 9:10 en 8:10v.)... Dit sal ’n tyd van **voortreflike orde in die Kerk van Christus** wees (Ps. 122:3)... Die Kerk van God sal dan **mooi en heerlik** wees (Jes. 60:1 en 61:10)... ”

“Dit sal ’n tyd van die **grootste wêreldlike voorspoed** wees (Sag. 7:4 en 8:5 en 8:12; Jes. 65:21; Miga 4:4; Jer. 31:12f en 33:9; Amos 9:13)... Dit sal ’n tyd van **groot vreugde** wees (Jes. 35:10, 60:12, 66:11, 12:3 en Openb. 19:7-9).”

Wat, dan, sal “die duur van dié toestand van die Kerk se voorspoed wees?” Dr. Edwards antwoord: “Die Skrifte stel dit oral voor as iets wat **lank sal voortduur**... Openbaring 20:4.”

Baie sitate sou ons hier vanuit die bloeityd van die Nederlandse Calvinisme kon gee – sitate uit die Staten-Generaal se Bybel wat deur die Sinode van Dordt gelas is, uit Maresius, Voetius, Cocceius, Alting, Leusden, Huernius, Hoornbeek, Essenius, Groenewegen, Koelman, d’Outrein, die Vitringas, Brakel, á Marck, en uit baie ander. Ons sluit egter hier af met ’n sitaat vanuit die gevierde Nederlandse gereformeerde prof. dr. Herman Witsius (1636-1708).

In sy *Heilige Dissertasies oor dit wat gewoonweg die Apostoliese Geloofsbelydenis heet* (vgl. die 1823 EV deur die Den Dulk Christian Foundation te Escondido in 1933 herdruk, II:450v.), verklaar Witsius Openbaring 20:1-6: “Die oprigting van die trone verwys hier na die Kerk op aarde... Gelowiges, minstens sonder molestering of struikelblokke deur burgerlike regerings en selfs met hul aanmoediging en steun, **sal** hul vergaderings hou – vir die prediking en aanhoor van die Woord van God; vir die regeer van die Kerk deur die sleutelmag van die hemelse Koninkryk; en vir die veroordeling van en die **triomfering** oor verderflike ketterye.”

“Die persone wat op dié trone sit [en regeer], is dus nié mense wat lank tevore heengegaan het nie, maar **lewende heiliges** in dié **tydperk** wat hier beskryf word... Te danke aan die gemeenskap wat die Strydende Kerk [op aarde] met die Triomferende Kerk [in die hemel] het, is elke **byvoeging** wat aan **die Koninkryk van Christus** hetsy **op aarde** of in die hemel gemaak word, ’n byvoeging ook aan die Koninkryk van die heiliges in die hemel [vgl. Heb. 12:22-23]. Tot so ver kry ons geen melding van die opstanding van liggame nie – óf, inderdaad, van hoegenaamd enige opstanding” van watter aard ook al.

“‘Dié’ – let wel dat dit **nié** hul **siele** is nie maar die **persone sêlf** – ‘dié het die dier en sy beeld nie aanbid nie’ ens. D.w.s. ‘dié’ wat getrou aan Christus vaskleef, neem hulle voor om geen gemeenskap met die koninkryk van Antichris te hê nie. Dié het ook ‘geleef’ en ’n salige vrede in hul gewetens en ’n **ryke oorvloed** van geestelike vertroosting geniet – ‘en saam met Christus geregeer.’ Hulle **seëvier** oor Satan en die wêreld, en hulle deel aan die Redder se heerlike genade.”

“So leef en regeer hulle saam met Christus ‘**duisend jaar lank.**’ Nié dat hul lewens as enkelinge tot op duisend jaar uitrek nie! Want dit hét nooit gebeur nie, en dit sál ook aan geen sterweling beskore wees nie. Maar dié soort mense regeer dan so **gedurende baie opeenvolgende eeue**, tot op die vasgestelde tydperk.”

“Indien u weer daarop aandring dat hulle dan ‘hêrlééf’ – ook dít kan van hulle bevestig word. Want hulle herleef wêér – in soverre as wat dié soort mense onlangs onder die tirannie van die dier gekwel, onderdruk, en tot ’n geringe getal gereduseer is. Hulle was in sulke moeilikhede en ontberings betrokke, dat hulle skaars geleef of enige beginsel van lewendigheid hoegenaamd ontdek het. Maar **nóú** word die hele loop van sake veränder; hul **getalle** word **vermeerder**...”

“‘Die ánder dode het nié herlewe nie.’ ‘Die ánder’ is dié wat Jesus se getuienis nié ontvang het nie, en [wat] die dier aanbid het – d.w.s, dié wat in hul óngeloof áángelou het of wat pleks om in die gesonde leer te glo, die dwalings van die ‘**Kêrk van die Antichris**’ omhels het... Dié ‘het nié herlewe... nie’. Hulle word die geestelik lewe nié deelagtig nie, en kry ook geen deel aan die geluk van daardie salige toestand waartoe die **wáre Kerk** van Christus op **dié** tydstop **bevorder word** nie...”

“Die **opstanding** van die wêreld, is **geestelik**. Dit bestaan uit die **heerlike vergroting** van die Kerk, deur die **sukcesvolle prediking van die Evangelie** en die hernuwende **energie van die Heilige Gees**... Dit sluit die eerste verkondiging van die Evangelie van die Koninkryk onder Jode en Nie-Jode in. Dit word vergesél deur die bekering van menigtes. Dit sluit ook in die openlike afsweer van die heidendom in die Romeinse Ryk onder Konstantyn – **én die Hervorming** van die **Kerk** deur die ontmaskering van die **ántichristelike stelsel**. Na **dié voorspelling van duisend jaar** verwys ook alle **gunstige** veranderings wat **nog verwag** word, op **watter** tye hulle **aanvangs-** of **afsluitingsdatums** ook al vasgestel word...”

“Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding!’ Dié uitdrukking staan teenoor die valse verheerliking van die volgelingen van die dier – wat as gevolg van die bygelowige en afgodiese kanoniserings van die Pous, hul ondersteuners vereer... Die uitdrukking ‘lewe’ beteken hier nie die blote bestáán van iemand nie... **Om te léwe is nie bloot om te bestáán nie, maar om gelúkkig** te wees!” Aldus Witsius.

Dit is nie maar net, soos hierbo, die groot Calvinus Witsius wat so meen nie. So ook die gróóteste Calvinus! Johannes Calvyn self, in die negende paragraaf van sy *Brief aan die Roomse Koning Frans van Frankryk* (heel voor in sy *Institusie*) verklaar: “Ons leer moet verhewe bo alle heerlijkheid van die wêreld staan – en onoorwinlik deur die mag daarvan. Want dit is nie ons s’n nie, maar dié van die lewende God en Sy Gesalfde Wat die Vader as Koning aangestel het sodat Hy mag regeer van see tot see en vanaf die riviere selfs tot aan die eindes van die aarde toe. Hy moet só regeer, dat Hy die ganse aarde en die krag daarvan met yster en koper en al die heerlijkheid van haar goud en silwer met die blote swaard van Sy mond slaan, en hulle soos ’n pottebakker se kleipot stukkend breek – volgens die heerlike voorspellings van die profete t.o.v. Sy koninkryk! (Dan. 2:34; Jes. 11:4; Ps. 2:9).” Aldus Calvyn.

Laat ons dan vir Jesus lewe! Laat ons saam met Hom hier en nou op die aarde, op ’n hemelse manier regeer – en ook ná ons dood, selfs in die hemel – “duisend jaar lank”, tot op die tyd van die Finale Oordeel!

Want ons weet dat hierdie einste wêreld van ons nog altyd met die kennis van die heerlijkheid van die Here vervul gaan word, soos die waters die seebodem oordek. En ons weet ook dat na die Finale Oordeel, ons self na dié (hernude) aarde sal terugkeer – om hierdie erfenis dan ten volle en tot in alle ewigheid te geniet. Intussen, vanuit die 1943 Afrikaanse Gesangbundel kan gerus kennis geneem word van die volgende verse:

Ryke seën vloeï al verder tot die allerverste strand
uit die volheid, troue Herder, van U liefde deur U hand.
Volk op volk sal tot U nader, saamstroom in U poorte, Vader;
neerkniel voor U aangesig, jubel in U ew’ge lig!

Laat ras die aarde U roem, die Jood U Christus noem,
die heiden voor U buig, en waar die oog hom wend
die aard’se verste end van U triomf getuig!
O Jesus, troue Heer, laat almal volg U leer. So bly U mededoë.
O Koning van U Kerk, bekroon U eie werk – U werk is Alvermoë!

Laat breek die dag dan spoedig aan dat Heiden, Jood, Mohammedaan
voor Jesus neerkniel, diepbewoë!
O Gees, berei die harte voor dat volk na volk Sy heilleer hoor:
so blyk U godd'like[^]Alvermoë!
So word Sy Naam geloof alom, en heel die aard' Sy heiligdom!

Bybelse bevestiging van Postmillennialisme

deur dr. F.N. Lee

Ons het voorheen postmillennialisme gedefinieer. Dit is die beskouing dat, op grond van die volbragte versoeningswerk van Christus en die voortgaande werk van Sy Heilige Gees, die wêreld as geheel by wyse van die uitvoering van die Groot Sendingbevel ondanks alle terugslae voor die wederkoms aan die einde van die geskiedenis tot lof van God die Vader gekersten gaan word.

Ons het ook gesien dat Openbaring 20 geensins daarmee in stryd is nie. Inteendeel, die beste uitleg van daardie perikoop veronderstel presies die juistheid van postmillennialisme.

In die huidige lesing wil ons probeer aantoon dat ook die res van die Heilige Skrif baie duidelik postmillennialiaals is. Te meer, dit is die strekking veral van Genesis, die Psalms, Jesaja, Daniël, Matteus 28 en 2 Tessalonisense.

Ons begin egter by die begin, nl. by Genesis 1. In Genesis 1:28, het God ook voorspellend die ganse mensdom beveel: “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers!” Dit is iets wat natuurlik nie oor slegs ’n paar geslagte gedoen kon word nie, maar iets wat op toenemende wyse dwarsdeur al die eeue volbring moet word. Inderdaad, Handeling 17:26 is juis ’n geïnspireerde kommentaar op Genesis 1:28, t.w.: “Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon..., sodat hulle die Here kan soek.”

Dieselfde geld ook vir Genesis 2:3. Daar sê die geïnspireerde Hebreuse woorde eintlik: “God het die sewende dag geseën en geheilig omdat Hy daarop gerus het van al Sy werk wat God geskape het om dit te maak (*l’asoth*).” Soos Abraham Kuyper daarop wys, beteken dit dat God die geskape wêreld juis deur die mens dwarsdeur al die eeue gaan maak totdat dit vervolmaak word. Vgl. ook Hebreërs 4:3-11.

Ook vanuit die take wat God aan Adam in Genesis 2:15, 2:19v. en 2:24 gegee het – die take: om nooit van die verbode boom te eet nie, om die tuin te bly bewaak, en om geslag na geslag vir vader en moeder te verlaat en self ’n eie huwelik aan te gaan, ens. – is dit baie duidelik dat hulle nie finaal in slegs ’n paar geslagte volbring kon word nie. Dit is ook duidelik dat dié taakverrigtings almal begin het baie duisend jare voor die einde van die geskiedenis wat nog steeds in die toekoms lê. Want al dié baie take en voorspellings moes dwarsdeur die duur van die ganse geskiedenis as sodanig verrig word en juis so uiteindelik vervoleindig word.

Soos Calvyn dit stel (in sy kommentaar op Gen. 2:15): “Mense is geskep om hulle in een of ander soort werk besig te hou, en nié om in onaktiewiteit en ydelheid te lê nie. Dié arbeid was aangenaam en genotvol, geheel en al vrygestel van alle moeite.... Nademaal God egter voorverordineer het dat die mens in die bewerking van die grond geoefen moet word, het Hy alle lui verposings by die mens veroordeel.”

“Daarom is niks meer teen die natuurorde gekant as om die lewe in eet, drink en slaap deur te bring nie – terwyl ons ons intussen nie voorneem om iets te verrig nie.... Laat hy wat grond besit, [dus] op so ’n manier van die jaarlikse vrugte daarvan geniet dat hy dié grond nie toelaat om deur sy eie nalatigheid benadeel te word nie. Maar hy moet probeer om **dit aan die nageslag te oorhandig** soos wat hy self dit ontvang het – of **selfs beter bewerk!**”

In Genesis 3:15 sê God aan Satan: “Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad [t.w. die verworpenes] en haar saad [die uitverkorenes]. Hy [nl. dié unieke Uitverkorene by uitstek] sal jou die kop vermorsel, maar jy sal Hom [slegs] in die hakskeen pik.”

Calvyn self sê in sy kommentaar: “Die oorwinning is aan die **mense**ras deur ’n voortdurende opvolging van **eeue** belowe. Ek verklaar dus dat die ‘saad’ [van die vrou hier] die **nageslag** van die vrou in die algemeen bedoel.... So sal die betekenis na my oordeel dan wees dat die **mense**ras wat Satan probeer onderdruk het, uiteindelik sou **oorwin**.”

In Genesis 9:1-6, word die aanvanklike kultuurmandaat aan die mensdom by Genesis 1:28 ná die sondvloed herhaal. Daar verklaar Calvyn dat wanneer “Moses hier sê dat God vir Noag en sy seuns geseën het, hy nie net bedoel dat die guns van vrugbaarheid aan hulle **teruggee** is nie, maar dat die plan van God aangaande die **wederoprigting van die wêreld** aan hulle geopenbaar is.... Die Here skryf aan hulle hul **toekomstige lewenstoestand** voor, naamlik dat hulle **die mensdom sal ophef**.”

“Hy [die Here] hernu nie maar net die wêreld deur **dieselfde** woord waardeur Hy dit voorheen geskep het nie. Maar Hy rig Sy woord tot die mense, sodat hulle: [1] die wettige gebruik van die huwelik kan **terugkry**; [2] kan weet dat die sorg om ’n **nageslag** voort te bring, vir Hom welbehaaglik is; [3] **vertrou** kan hê dat ’n **nageslag** vanuit hulle sal afstam wat sig dwarsdeur **alle gebiede van die aarde sal versprei**.”

Dié postmillenniaalse strekking van die kultuurmandaat by Genesis 1 en Genesis 9 word ook in Psalm 8 herhaal, waarna dikwels ook in die Nuwe Testament (o.a. by 1 Kor. en die Hebreërbrief) verwys word, en tot op die wederkoms van die Tweede Adam herbekragtig word.

In dié proses word ook in Psalm 22:28v. voorspel: “Al die eindes van die aarde sal daaraan dink en hulle tot die Here bekeer, en al die geslagte van die nasies sal voor U aangesig aanbid.” Ja, die vier uithoeke van die aarde sal nog tot Christus bekeer word.

Dr. Calvyn sê in sy kommentaar: “Die Heidene, wakker gemaak deur die wonderwerke wat God gedoen het, sou **weer eens** daartoe kom om die **Ware Religie** te omhels waarvandaan hulle afgewyk het.... Dit wat hier gevier word, is nié so ’n openbaring van die heerlijkheid van God aan die heidennasies as wat van slegs ’n verbygaande en verwelkende gerug voortvloei nie. Dit wat hier gevier word, sal die **wêreld** met haar strale verlig, en **wel tot die einde van die tyd**.”

In Psalm 72:8v. word voorspel dat Christus “sal heers van see tot see en van die [Eufraat]Rivier tot by die eindes van die aarde.... Die konings van Tarsis [of Spanje] en van die eilande sal geskenke aanbied; die konings van Skeba en Seba [of Ethiopië en Arabië] belasting aanbring. Ja, al die konings sal hulle voor Hom buig, al die nasies sal Hom dien.”

Calvyn se kommentaar lui: “Van die **Eufraat voort**...sal Christus se Koninkryk **groot** en **universeel word**.... Selfs Christus Self begin Sy regering binne die perke wat hier uitgestippel word – **voordat** Hy tot aan die **uiterste** grense van die aarde penetreer....”

“Die hele wêreld sal tot onderwerping aan die gesag van Christus gebring word.... Dawid bid dat die heerlikheid van die goddelike Naam die hele aarde mag vul, aangesien dié Koninkryk tot **die uiterste grense van die aardbol uitgebrei sal word.**”

In Psalm 110, sê God Drie-enig vir die opgestane en opgevore Godmens Christus: “Bly sit aan My regterhand totdat Ek U vyande maak ’n voetbank vir U voete! U magtige septer sal die HERE [God Drie-enig] uitstrek uit Sion [nl. vanuit die Christelike Kerk] en sê: ‘Gaan voort om te heers te midde van U vyande!’ U volk [die Christelike Kerk] sal baie gewillig wees op die dag van U krygsmag!”

Calvyn sê in sy kommentaar: “God skenk aan Christus die opperste heerskappy saam met **onoorwinbare** mag waarmee Hy al Sy vyande óf **verower** óf **hulle forseer om hulle aan Hom te onderwerp**.... Met dié woord bevestig die profeet [Dawid] dat Christus alle teëstand sou onderwerp.... Christus se Koninkryk sal ook **ontsaglik uitgebrei** – omdat God Sy septer ver en wyd sou laat strek.... God sou veroorsaak dat Sy **mag** tot die afgesonderdste streke van die aarde sou **uitstrek**.”

En ook die *Geneefse Bybel* van Calvyn se leerling John Knox en dr. William Whittingham lewer kommentaar dat die woorde “die Here sal ‘vanuit Sion’ regeer” – juis vanuit die Kerk as die Ware Sion beteken. Want, verduidelik die *Geneefse Bybel*, dis juis “daarvandaan [dat] dit dwarsdeur die hele wêreld sal uitstrek.... En dié **mag** – bestaan hoofsaaklik uit die **prediking** van Sy Woord.”

In Jesaja 2 word geleer dat die Christelike Kerk moet toesien dat ook die **Wet van God** – die **Tien Gebooe van die Dekaloog** – juis **saam met die res van die Woord van God** na **alle** nasies (en juis **as nasies**) voortgaan. “Dit word gedoen,” verduidelik die *Geneefse Bybel*, “wanneer die **Evangelie** verkondig word...en daarvandaan dwarsdeur **die hele wêreld** voortgaan.”

Calvyn sê hier in sy kommentaar aangaande Jesus die Messias: “Die profeet wys dat die grense van Sy **Koninkryk vergroot sal word**, sodat Hy oor verskillende nasies mag regeer..., sodat Hy **oor die hele wêreld Sy septer sal swaai**.... Die profeet bedoel...dat Christus so ’n versoening tussen God en mens bewerk, dat ’n gemaklike toestand onder [die nasies] self sal bestaan – deurdat ’n einde aan vernietigende oorloë gemaak word....”

“Maar dit kan nie gedoen word voordat die gewetens tot ’n toestand van vrede met God gebring is nie. Ons moet daar begin, sodat ons vrede ook met mense kan hê.... Vrede bestaan onder ons so ver as wat die koninklike mag van Christus **erken** word.... Die **Koninkryk** van Christus **hier** het **alleen maar begin!**”

In Jesaja 11 oor die voorspoedige regering van die Messias, word gesê: “Hy sal die aarde slaan met die roede van Sy mond, en met die asem van Sy lippe die goddelose doodmaak.” Dit sou beteken dat sowel “die roede van Sy **mond**” (oftewel Sy Woord) en “die **asem** van Sy lippe” (nl. Sy Gees) die goddelose óf bekeer óf vernietig. En sowel Sy roede asook Sy asem opereer grotendeels deur die agentskap van die **Woord**-getuigende en **Gees**-vervulde **volk** van die Here Jesus Christus.

Paulus, sê Calvyn in sy kommentaar op Jesaja 11, “sinspeel ongetwyfeld op dié perikoop waar hy die vernietiging van die Antichris bespreek. ‘Dan sal die ongeregte geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van Sy mond sal verdelg en deur die verskyning van Sy koms tot niet sal maak’ (2 Tess. 2:7-8).”

“So verklaar hy [Paulus] vir ons die woorde van die profeet [Jesaja]. Want hy wys dat Christus nooit [tot aan die einde van die wêreldgeskiedenis] sonder vyande sal wees wat probeer om Sy Koninkryk omver te werp en om die [toenemende] gang van die Evangelie te verhinder of te vertraag nie. So nie – sou dié woorde van die profeet tevergeefs gespreek gewees het. Maar **Christus** sal etlike van hul getal **wegjaag** en **almal van hulle gesamentlik**.” Met verloop van tyd sal **Hy selfs die Antichris wegjaag** – “hulle eintlike hoof en leier – met die **klank** van **Sy leer**....”

“Wanneer die profeet sê [dat Jesus juis] ‘deur die asem van Sy lippe’ [sal verdelg] – moet dít **nie** tot die **Persoon van Christus beperk** word nie. Want dit **verwys na die Woord wat deur Sy predikante verkondig word**.... So volg dit dat almal wat die uitwendige prediking van die Evangelie verwerp, dié septer (sover moontlik) probeer afgooi.” Aldus Calvyn.

In Jesaja 42 word deur God Drie-enig aan Christus gesê: “Ek die Here...gee U as ’n verbond van die volk, as **’n lig van die nasies**.” Calvyn verklaar: “Christus is gestuur ten einde **die hele wêreld** onder die gesag van God en tot gehoorsaamheid aan Hom te bring.”

Christene raak dikwels ontmoedig wanneer hulle die wêreld probeer evangeliseer. Maar **Christus Self** onderneem dit. Sodoende, selfs deur middel van Sy volk, “Hy sal nie dof brand of geknak word todat Hy die **reg** op aarde gegrond het nie.” Dis dan Sy program tussen Sy hemelvaart en Sy wederkoms – Sy stigting en Sy versterking van Sy geregtigheid en van Sy regering dwarsdeur die aarde.

Calvyn sê hier in sy kommentaar: “**Dié belofte het betrekking op alle nasies**, sodat die voordele van dié herstelling en reformasie deur elke deel van die wêreld gedeel word.” En die *Geneefse Bybel* voeg by dat “die Heidene begerig sal word om Sy leer te ontvang.” Die ongerstende lande sal na dié geregtigheid begin dors, en sy koms in hulle gebiede afwag. Ja, sê Jesaja, “**die eilande [sal] wag op Sy leer**.”

Dr. Calvyn verklaar verder: “Hy [Jesaja] noem Hom [Christus] **’n Lig** – omdat die heidene in die diepste en dikste duisternis gedompel was.... **Nou...roep Hy [God Drie-enig] almal na Homself, sonder enige uitsondering** – en gee **Christus aan almal**.”

Hier praat Calvyn **nie** van ‘**Christus vir almal**’ **nie**; maar hier praat Calvyn **inderdaad** van ‘**Christus aan almal**’. Arminiane en Hipercalviniste – let wel!

So word dit dan duidelik dat alle nasies orals vir God moet prys. Hulle moet Hom almal dank vir Jesus Christus, die Redder van die wêreld.

Calvyn sê in sy kommentaar [vgl. Mal. 1:11] dat “**die profeet alle wêrelddele insluit**.... Dis asof hy gesê het dat vanaf sonop [in die Ooste] tot sononder [in die Weste], dié lofliedere gehoor sal word. Want **God sal orals aanbid word**.... Die toestand van sake sal verander word.... Lof sal in die verste dele van die aarde gehoor word.”

In Jesaja 45:22, staan daar: “**Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde!**” Hierop merk Calvyn baie raak: “Die hulde wat **vreemde nasies** aan die volk van God [oftewel die Ou Testamentiese Israel] sou bring, was maar slegs die **begin** van dié hulde wat verskillende nasies aan die Kerk van God gebring het **nadat** Christus aan die wêreld geopenbaar is.... Hy nooi die **hele wêreld** tot die **hoop** van **saligheid** uit.... Sy lof **sal** onder **alle nasies versprei!**” Aldus Calvyn.

In Jesaja 60 sê God aan sy Ou-Testamentiese Kerk: “Staan op! Word verlig! Want jou Lig kom! En die heerlijkheid van die Here gaan oor jou op.... En **nasies** sal trek na jou lig.”

Hier verklaar Calvyn: “Die dagbreek was eerste in Judea, waarvandaan die Lig ontstaan het en daarna dwarsdeur die ganse wêreld versprei.... **Nou** skenk Hy aan die **Kerk** die allergrootste eer.....“ [Want nou] “skyn sy met so ’n helderheid, dat sy nasies na haar toe aantrek.....”

“Die nasies kom nie uit slegs een gebied nie maar vanuit alle rigtings.... Daar sal ’n wonderlike verandering in die wêreld wees sodat dié wat voorheen vreemdelinge en verstrooides was, in een liggaam verenig sal word....”

“Dit beteken die uitbreiding van die Kerk tot die allerverste grense van die aarde.... Die Kerk sal seuns en dogters nie net tuis hê nie, maar ook elders – en in die allerverste dele van die wêreld..... **Die baarmoeder van die Kerk sal nie tot enige hoek van die wêreld beperk wees nie, maar sal uitgebrei word so ver en wyd as wat daar dwarsdeur die wêreld ruimte is....**”

“Alhoewel hulle min in getal was, **die Kerk van God sou nogtans talryk word....** Hy verklaar dat die klein getal sodanig vergroot sou word dat **dit daarna ’n ontsaglike liggaam mense sou word wat geweldige krag besit.**”

“Ons moet daaraan dink dat **dit wat vir die Jode [of Hebreërs] gesê was, nou ook aan ons gesê word....** Ons is klein in getal en onbetekenisvol, en dit lyk of ons daaraan baie naby is om vernietig te word. Desnieteenstaande, die Kerk kan nogtans nie vergaan nie, maar **sal** vergroot en vermenigvuldig word totdat dit baie talryk word.”

Dié heidene, sê Jesaja, is almal bestem om hul nasionale rykdomme en produkte en kulture en hul bedrewehede en geskenke te bring om die ware volk van God te verryk en om deur hulle almal orals geniet te word. “Die skatte van die nasies kom na jou toe aan. ’n Menigte kamele sal jou oordek, die jong kamele van Midian en Efa [of Arabië]; hulle sal **almal** uit Skeba [Ethiopië] kom. Hulle bring goud en wierook, en verkondig met blydschap die roemryke dade van die Here.

“**Al** die kleinvee van Kedar sal vir jou versamel word; die ramme van Nebálot sal jou dien. Hulle kom as welgevallige offer op My altaar, en Ek sal My heerlike huis heerlijk maak.”

Calvyn verklaar hier dat “nasies wat baie verafgeleë is, saam met hulle rykdomme in die krag van God sal kom.... In dié perikoop is daar geen onduidelikheid nie. Want **dit beteken dat mense orals vir God sal aanroep; en dat alle vreemdelinge sal saamkom om Hom te aanbid.**”

Jesaja sê dan: “Ja, op My wag die eilande, en die skepe van Tarsis kom vooraan, om jou seuns van ver te bring. Hul silwer en hul goud is by hulle, vir die Naam van die Here.... En uitlanders sal jou mure bou.... Want die nasie en die koninkryk wat jou nie sal dien nie, sal ondergaan.”

Calvyn merk hier op: “Die profeet praat van ’n universele samekoms van die Kerk. Vanuit elke rigting, sal mense daarna gereed en vreugdevol hardloop.... Nasies van oor die seë sal, as’t ware, na Hom dors.... Moet dus nie vir jou verwonder nie dat soveel dus in die Kerk in sal invloei nie! Want ‘die eilande’ wat My tans verag en soms ook teen My veg, sal so opletend vir My word dat hulle alles wat ek beveel, sal uitvoer....”

“Met ‘Tarsis’...bedoel hy...al die seehandel en al die verkeer wat hulle [die Hebreërs] met vreemde nasies [tot by Spanje] gedrywe het. Dit mag wel ook veronderstel word om te bedoel: ‘Die skepe van Tarsis [of Spanje] wat My Kerk nou so trots verag, sal aan My gesag onderwerp word, en sal seuns vanuit verre lande aanbring’....”

“Die profeet verklaar dat die rykdomme van die heidene wat hy ’n rukkie gelede glo as die buit van die Kerk of die oorwinningsprys voorgestel het, ’n heilige offerande aan God sal wees. En so stel hy [die profeet Jesaja] dit wat ek [Calvyn] gesê het, nog duideliker [naamlik] dat daar niks is wat ons meer ernstig behoort te begeer nie as dat die ganse wêreld voor die gesag van God moet neerbuig... Wanneer hy sê dat ‘die rykdomme van die heidene’ aan die Kerk sal behoort, moet ons... dit so beskou dat dit verwys...na **die gehoorsaamheid wat die hele wêreld aan God in die Kerk sal gee.**” Tot sover Calvyn.

In Jesaja 66:12 sê die Here t.o.v. Sy Kerk: “Kyk, die vrede lei Ek na haar toe soos ’n rivier en die rykdom van die nasies soos ’n oorlopende stroom.” Hier is dr. Johannes Calvyn se opmerkings baie leersaam. Hy konnekteer die vervulling van dié voorspelling veral met die Protestantse Reformasie en beweer dan dat Jesaja “nie bedoel het dat die Kerk geheel en al en in slegs een oomblik herstel sou word nie....”

“Die bevordering van dié herstel, is groot en lank van duur; en dis na die mening van die vlees selfs stadig. Maar Hy wys dat selfs die beginsel daarvan, die ganse kapasiteit van die menslike verstand te bowe gaan.... God sal op ’n wonderlike manier ontelbare kinders van die Kerk almal eens op ’n slag [weder]gebore laat word.” Ja, vir Johannes Calvyn moes die goue eeu van die Kerk nog kom. En ook in ons eie dag, bly dit steeds die geval.

In Jesaja 66:18v. sê die Here: “... die tyd kom dat **Ek al die nasies en tonge versamel;** en hulle sal kom en My heerlijkheid sien. En Ek sal ’n teken onder hulle doen, en vrygeraaktes uit hulle stuur na die nasies – na Tarsis, Pul en Lud wat die boog span, na Tubal en Jawan, na die ver kuslande wat My tyding nie gehoor en My heerlijkheid nie gesien het nie; en **hulle sal My heerlijkheid onder die nasies verkondig.** En **hulle sal al julle broers bring uit al die nasies as offergawe aan die HERE.**”

Calvyn verklaar hier: “As gevolg daarvan dat die Jode [nl. die Hebreërs] naby God sou wees, moes die heidene (wat op ’n afstand was) tot hulle bygevoeg word... Hy sê nou dat die heidene, wat dié voordele nie geniet het nie, sou sien – en dié heerlijkheid sou aanskou. **Want die Here sal Hom aan almal sonder uitsondering openbaar...**”

“Hy sê dat sommige Sy boodskappers sou word, om Sy Naam onder die heidene te vier. So sien ons dat die leer aangaande die saligheid deur die agentskap van ’n paar **wyd en syd** versprei is...”

“Hy bedoel dat die kennis van God dwarsdeur die hele wêreld versprei sou word. Want die Grieke, Italianers, Persiërs, Ciliciërs en ander nasies het niks oor die suiwer godsdiens en die ware aanbidding van God gehoor nie.... Die hele wêreld was in die diepste duisternis van onkunde gedompel.”

“Hy belowe dus dat **die heerlikheid van God in elke deel van die wêreld bekend sou word....** So word die gesegde van Dawid aangaande Christus vervul, ‘Eis van My [God die Vader], en Ek wil **nasies gee** as U [Jesus Christus se] **erfdeel**, en **die eindes van die aarde as U besitting** !’ (Ps. 2:8).” Aldus Calvyn.

In Daniël 2 word geleer dat die Messiaanse Rots die heidene se imperialisme sou vermorsel, ’n magtige berg sou word, die ganse aarde sou vul en vir ewig sal bly staan. Daniël 7 voorspel hoedat Christus met Sy Eie troonbestyging by Sy hemelvaart Rome en haar ryk sou onttron, sodat “alle volke, nasies en tale Hom sou dien.” Na baie verdrukking, sou Sy heiliges self die koninkryk van die antichris dan van hom wegneem en daarvoor regeer, sodat alle koninkryke en heerskappye ook vir dié heiliges sal vereer en gehoorsaam.

Calvyn verklaar daarvoor: “**Ná** die kennis wat op die wêreld deur die **verkondiging** van die Evangelie geskyn het – was die **vernietiging** van daardie vierde Dier...die **Romeinse Ryk byderhand....** Daniël...stel hier...**die eerste prediking en verkondiging van die Evangelie** voor... Hy [Daniël] teken ’n manjefieke beeld van die regering van Christus en sluit [ook] sy **finale voltooiing in....** Toe die prediking van die Evangelie **begin** het, sou niemand gemeen het dat die sukses daarvan so groot en so **voorspoedig** kon wees nie... **Geen mag sal** so kan spot oor sy eie verhewenheid nie, as dat dit hom **nie gewillig** aan die **Kerk** sal onderwerp nie!”

In Daniël 12 word profeties voorspel dat na die vleeswording van Mígaël-Christus, “baie sal... deursoek, en die kennis sal vermeerder... Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word.... En van dié tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal 1290 dae verloop. Welgeluksalig is hy wat bly verwag, en 1335 dae bereik!”

Soos Calvyn verklaar: “Die engel wys vir ons op die groot belang van die beskerming van **Mígaël....** **Ons** word waarlik verplig om te veg. Maar **Christus** het vir ons geseëvier!”

Ná die tydperk van **Roomse** vervolging, **volg daar** ’n **verdere** tydperk van voorspelde **seën**, ná die einde van die 1335 dag-jare. Daardie geseënde tydperk op sy beurt, sou slegs met die groot vors Mígaël-Christus se **Tweede Koms** lank daarna ten einde loop, by Daniël se eie liggaamlike opstanding heel aan die einde van die wêreldgeskiedenis.

Johannes Calvyn verklaar: “**Dié wat baie sal regverdig**, sal soos sterre wees.” Dit is ‘dié wat baie tot regverdigheid lei.’ Inderdaad, merk Calvyn op: “God het die leer van Sy saligheid by ons gedeponeer... sodat **ons die weg van saligheid aan die ganse mensdom kan wys.**”

“‘Baie’, dan, ‘sal ondersoek’ – verduidelik Gabriël vir Daniël. Calvyn verklaar dat dit beteken dat “**God vir Hom ’n groot menigte** vanuit ander plekke sal vergader.... **Die seuns van God sal binnekort toeneem...** **Die Here sal naderhand veroorsaak dat baie dit tot hul eie saligheid sal omhels...** **Baie jare** moet verbygaan, voordat God vervul dit wat Sy profeet verklaar het... **Ek erken die sinspeling op jare,**” wanneer “die hand van die heilige volk verstrooi sal word... Ek huiwer nie om te vermoed dat die engel hier **metafories** praat nie... Die engel het [die woord] ‘dae’ opsetlik in plaas van **jare** gestel... Dié tyd mag vir ons **onmeetbaar verleng** lyk en kan ons deur sy **duurte** bangmaak... Dog dit moet **verduur** word...”

“Hy voeg dan by, ‘**Welgeluksalig** is hy wat bly verwag, en 1335 dae bereik!’ [Dan. 12:12]... Die ‘dae’ moet as **jare** verstaan word.... Dog die getroues moet **gedurig aanhou** – op **hoop** van **verlossing**.”

Soos Calvyn self aan die einde van die 61ste Lesing in sy *Kommentaar op die Boek Daniël* bid: “Gee, Almagtige God, waar U vandag die geloof van U volk met baie beproewings toets – dat hulle krag van die **onverwerde dapperheid** van U Heilige Gees mag kry! Mag ons **gedurig** onder U standaard, selfs **tot die einde toe voortmarsjeer** en **nooit voor enige versoeking swig nie!**”

“Mag ons daar intelligensie saam met ywer byvoeg – in **die opbou** van U Kerk! Namate elkeen van ons met beter gawes toebedeel is, mag hy vir die **opbou** van sy broeders strew...terwyl hy probeer om **getalle tot die saak by te voeg!** En al sou die getal afneem van dié wat belydende lidmate van U Kerk is, nogtans sal **heelwat saad altyd oorbly, totdat oorvloedige groeïsele daaruit sal voortvloei** en **sodanige vrugbaarheid ontstaan** as wat sal **veroorzaak dat U Naam dwarsdeur die hele wêreld** in Jesus Christus onse Here verheerlik sal word!”

Ons gaan nou na die Nuwe Testament oor. In die modelgebed wat die Heiland Sy dissipels leer bid het, lees ons in Matteus 6: “Onse Vader Wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word! Laat U Koninkryk kom! Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde!”

In sy *Uitleg van die Tweede Bede van die Here se Gebed* in sy *Geloofsonderrig*, verduidelik Calvyn dat ons hier “dus bid...dat die Here van dag tot dag die getal van Sy getroue gelowiges vermenigvuldig...en dat Hy die uitvloeisel van **Sy genade meer grootliks steeds oor hulle versprei**.... So vra ons ook dat Hy van dag tot dag deur nuwe uitgroeïsele Sy lig versprei..., sodat Satan en die leuens en die duisternis van sy regering verjaag en vernietig word.”

Ook in sy *Institusie* (III:20:42 en II:190) en sy *Kommentaar* op Matteus 6:10, voeg Calvyn by dat ons hier ’n bede het dat God “**alle** mense onder Sy heerskappy mag bring en hulle daartoe lei om aan die hemelse lewe te dink.... Ons bid dus dat God Sy mag deur die Woord en deur die Gees so mag aanwend dat **die hele wêreld** haar gewillig aan Hom mag onderwerp..... Met altyd toenemende luister, stel Hy Sy lig en waarheid ten toon waardeur die duisternis en valshede van Satan se koninkryk verdwyn....” So sal “God as Koning in die wêreld [erken word], wanneer almal hul aan Sy wil onderwerp....”

“Hy werp Sy vyande omver en dwing hulle, met Satan as hul hoof, om hulle onwillig aan Sy gesag te onderwerp ‘totdat Sy vyande gemaak is ’n voetbank van Sy voete.’ (Hebreërs

10:13). Die ‘Koninkryk’ van God **groeï** en **gaan gedurig vooruit** na die einde van die wêreld toe.... Ons begeer dat die **wil van alle mense** tot so ’n harmonie met die geregtigheid van God geformeer mag word, dat hulle vrylik mag buig in welke rigting Hy ook al bepaal.”

In Lukas 13:23-28, weier Jesus om die vraag te antwoord of net min gered sal word, maar dring by almal aan om hard te stry om in te gaan. Calvyn kommentareer: “Christus rig Sy rede tot **almal**, en vermaan hulle, ‘**Stry hard om in te gaan!**’.... Hy beveel hulle om te ‘**stry**’.... Laat gelowiges dus hul ernstige aandag aan dié saak gee!.... ‘Maar hulle [**die heidene**] **sal kom** van oos en wes en van noord en suid en aansit in die Koninkryk van God. En daar is laastes [**die heidene**] wat eerste sal wees, en daar is eerstes [**die Jode**] wat laaste sal wees’ ” maar wat nog altyd in dié Koninkryk sal inkom.

In Matteus 16:16-19, word geleer: Christus se Kerk is onvernietigbaar, uitbreidend, aggressief, en besig om die poorte van die hel te oorweldig. Calvyn verklaar: “Uit dié geringe begin sou daar ’n nuwe **Kerk** ontstaan wat **oorwinnend** sou wees teen **al** die manewales van die hel.... Teen al die mag van Satan sal die vastigheid van die **Kerk** blyk om **onoorwinlik** te wees.... Dis die **sege** wat die wêreld **oorwin!**”

In Lukas 18:8 word geleer dat wanneer die Seun van die mens kom [om Jerusalem in 70 n.C. te oordeel], Hy nie dié [soort] geloof in die land sou vind wat die arm weduwee in Sy verhaal gehad het nie omdat die Christene reeds in 66 n.C. dié vervloekte stad sou verlaat het. Dié bepaalde koms van Christus ten oordeel het dus niks met Sy latere wederkoms te make nie.

In Matteus 22:8-14 word geleer dat **baie** geroepe is; en dat selfs die minder wat uitverkies is, ook talryk is. Dr. Calvyn kommentareer dat Jesus “**nie nou** die Jode met die heidene vergelyk nie.... **Ook [vergelyk Hy hier] nie die verworpenes** wat van die geloof wegdraai, **met die uitverkorenes** wat daarin volhard nie.... Daarom dan dat dié sin wat deur sommige vertolkers ingevoeg word – ‘baie is geroepe maar min[der] uitverkies’ – **nié vir daardie** punt geld nie. Christus het [hier] slegs bedoel om te sê – dat elkeen wat voor ander geroep is, met soveel te meer spoed behoort te hardloop....”

“Met die stellings dat ‘min [of eerder “minder”] uitverkies is’ hoewel ‘baie geroep word’...het Christus **nié** gedreig dat die **grootste** deel **uitgegooi word nie**, maar **slegs een** mens genoem [wat by die bruilof] uitgesluit is.... In die **huidige** tyd, word ’n **meer talryke** liggaam van mense in die Kerk deur die Evangelie gekollekteer, as wat **voorheen** versamel is.... **God sal almal as Sy volk erken** wat **Sy uitnodiging aanvaar het.**” Aldus Calvyn.

In Matteus 28:19v., beveel Christus Sy Kerk: “Gaan maak **alle nasies** tot dissipels.” In sy *Aanhangsel by die Verhandeling oor die Ware Metode om die Kerk te Hervorm*, skryf Calvyn: “Ons is gedoop op bevel van Christus, Wat beveel het dat nie alleen heiliges of die kinders van heiliges nie, maar dat ook **alle nasies gedoop moet word.**”

In sy *Harmonie van die Evangelies*, verklaar Calvyn: “Hoewel Evangeliedienaars swak is en gebrek aan alles ly, wil **Hy** hulle **Voog** wees.... **Hulle sal oorwinnend wees** oor **al** die **teëstand** van die **wêreld**. Op soortgelyke manier...in die huidige tyd...verower die Evangelie onnoembare hindernisse.... **Sy predikante** kan **vertrou** op **oorwinning** – oor die **hele wêreld.**”

Ook in sy *Institusie van die Christelike Geloof* (IV:3:4) sê Calvyn: “Die aard van die apostoliese funksie is duidelik vanuit die bevel, ‘Gaan die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom!’ Markus 16:15. Geen bepaalde perke word aan hulle gegee nie, maar **die hele wêreld** is toegewys om in gehoorsaamheid aan Christus onderwerp te word sodat, deur die Evangelie so wyd as wat hulle kon te versprei, hulle orals Sy Koninkryk kon oprig.”

Christus voeg by: “Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word.” Calvyn kommentarier: “Dié belofte is bygevoeg, ten einde **die ganse mensdom** aan te lok om te ‘**glo**’”

In Handeling 15:14-17, word geles: “Simeon [Petrus] het [vir die Sinode] vertel hoe God in die begin daarna uitgesien het om ’n volk uit die heidene vir Sy Naam aan te neem. En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos [in Amos 9:11v.] geskrywe is: ‘Daarna sal Ek terugkom en die vervalte hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek en al die nasies oor wie My Naam uitgeroep is,’ spreek die Here Wat al hierdie dinge doen.”

Hier verklaar Calvyn: “Die Koninkryk van Christus kan opgerig word – slegs indien God **orals** dwarsdeur die **hele** wêreld aangeroop en **die nasies** met Sy heilige volk verenig word... Die troon van Dawid is omhoog verhef en Christus alleen is ooglopend, sodat **almal** mag verenig om Hom te **gehoorsaam**.... Wanneer God deur die profeet [Amos] praat – sien Hy dit dan en ook vanuit die verste grens van die ewigheid vooruit, as seker.”

In Romeine 11:25-32 lees ons “dat die verharding ten dele oor Israel gekom het, totdat die volheid van die nasies ingegaan het en so sal die hele Israel gered word. Soos geskrywe is: ‘Die Verlosser sal [by wyse van sendingwerk] vanuit Sion [die Christelike Kerk] kom, en sal die goddelooshede van Jakob afwend...om vir **almal** barmhartig te kan wees.’”

Calvyn in sy *Institusie van die Christelike Geloof* (IV:2:4 en I:14:18) bemerk hieroor dat “die ‘volheid van die nasies’ ’n **groot getal** beteken.” Hy sê **ook** dat “**wanneer die nasies ingekom het** – tegelykertyd **die Jode** van hulle afvalligheid **tot geloofsgehoorsaamheid** sal **terugkeer**.”

In 1 Korintiërs 15:28 lees ons dat “**wanneer alles aan Hom [die Seun] onderwerp is**, dan sal ook die Seun Self Hom onderwerp aan die Een [nl. God Drie-enig] Wat alles aan Hom onderwerp, sodat God alles in **alle mense** kan wees.”

Calvyn verklaar dat “die einde nog nie gekom het nie, wanneer alles tot sy ware toestand en ’n vreedsame toestand herstel sal word. Omdat Christus **nog nie** al Sy vyande onderwerp het nie. Maar **dit moet plaasvind**, omdat die Vader vir Hom aan Sy regterhand geplaas het...**totdat** hulle almal onder Sy beheer **gebring is**.” So is die wederkoms van Christus onmoontlik, **totdat** God deur middel van sendingwerk eers **almal** onder die voete van Christus gebring het.

In 2 Tessalonisense 1 tot 3, oor gebeurtenisse vóór die wederkoms, skryf Paulus: “Moenie gou julle verstand verloor...asof die dag van Christus al daar is nie. Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word...sodat hy in die tempel van God...sal sit en voorgee dat hy God verteenwoordig... Dié ongeregte sal geopenbaar word, hy wat die Here **met die asem van**

Sy mond sal verdelg en deur die verskyning van Sy koms tot niet sal maak... Mag **die Woord van die Here** sy snelle loop hê en **verheerlik word!**”

In sy *Tema van die Tweede Brief van Paulus aan die Tessalonisense*, verduidelik dr. Calvyn dat Paulus daar “n... denkbeeldige bygeloof oor ’n sg. ‘nabye’ wederkoms van Christus aan die kaak stel... Dit doen hy deur **eers** te redeneer dat ’n **afval** in die **Kerk** moet kom... **Antichris** moet in die **tempel van God regeer.**”

Calvyn se kommentaar is hier ook baie betekenisvol. Met ‘**die mens van sonde**’ – verklaar hy, verwys Paulus “nié na ’n enkeling nie, maar na ’n koninkryk wat deur Satan gegryp sou word met die doel om ’n gruweltroon **in die midde van die tempel van God** op te rig. Ons sien dat dit in die **pousdom** vervul is. Enigiemand, selfs ’n tienjarige seuntjie wat vanuit die Skrif insien watter dinge in die besonder aan God behoort en wat aan die ander kant goed oorweeg wat die **Pous** vir homself toeëien – sal nie baie moeilikheid hê om **die Antichris** [hier] te erken nie.... Die naam ‘Antichris’ dui **nie** ’n **enkele individu** aan nie, maar ’n **enkele koninkryk** wat sig dwarsdeur **baie geslagte** uitbrei.”

Maar Paulus sê dat die Antichris juis “met die Asem” van God se mond of deur Sy **Geesvervulde Woordverkondiging** verdelg sal word. Hier verklaar Calvyn dat die Seun “na ons toe afgedaal en die gawes van die **Gees** ontvang het sodat Hy dit aan **ons** mag **bestee**.... Die kragdadige **Woord** is Christus se koninklike septer. Met die ‘**roede van Sy mond**’ word bedoel ’n **septer** wat uit **woorde** bestaan... Paulus praat... ook van **die vernietiging van Antichris**... Wanneer die Profeet [Jes. 11:4] ‘deur die Asem van Sy lippe’ sê, moet dit nié tot die Persoon van Christus beperk word nie. Want dit verwys na **die Woord wat deur Sy predikante verkondig word**...”

If even the **accidental** harming or killing of an unborn baby is so seriously reprehended in the infallible Older Testament of God's Holy Word – **how much the more grievous** in the eyes of the Lord is the **intentional** killing of unborn human beings by way of deliberate abortion!

For "the Lord hates... a proud look, a lying tongue, and hands that shed innocent blood."⁴⁶ Thus "whoever... sacrifices any of his children to Molech," says the Lord – "I will set My face against that man, and will cut him off from among his people."

Indeed, "if the people of the land in any way try to overlook the man who sacrifices his seed to Molech, and if **they** do **not** kill him – then **I** will set **My** face against that man **and** against... all that go whoring after him!"⁴⁷

6. Significance of Leviticus 18:21 and 20:2-5 for tiny human life

Also the passages Leviticus 18:21 and 20:2-5 are significant for tiny human life. These state that any Israelite who sacrifices the lives of his infants, and thus follows pagan practices, shall be put to death; and that any who know about but do not act against such abominations, will themselves be excommunicated⁴⁸.

To this, the second-century-B.C. *Zohar* (a Hebrew commentary on the Pentateuch) gives a strongly anti-abortionistic interpretation. The *Zohar*⁴⁹ explains⁵⁰ that "he who causes the fetus to be destroyed in the womb... destroys the artifice of the Holy One... and His workmanship... For these abominations – the Spirit of Holiness weeps!"

⁴² Ex. 21:18,19,21,28,30.

⁴³ Ex. 21:18-20.

⁴⁴ Ex. 21:29.

⁴⁵ Ex. 21:22,30 cf. Num. 25:30f; Dt. 16:18; 17:6-8; 19:4-6; 19:11-13; 11:17-21; 21:1-2; 21:7-9; 21:18-22; *etc.*

⁴⁶ Prov. 6:16f.

⁴⁷ Lev. 20:2-5.

⁴⁸ See too Dt. 18:9-12; II Kgs. 16:2-31; 23:2,10,24; II Chr. 33:1-6,12f; Jer. 7:31; Ezek. 16:21; 23:37-39; & Hos, 9:1 to 10:1; *etc.*

⁴⁹ Hyamson & Silbermann: *Jew. Enc.*, p. 695 (art. *Zohar*).

⁵⁰ *Shermoth* 3b (cited in Overduin and Fleming: *op. cit.* p. 127).

7. Older Testament as a whole gives grave punishments for abortion

Further, protective passages like Psalm 82:3f and Proverbs 6:16f & 31:8f – requiring those to be defended who cannot defend themselves – surely apply especially to tiny human beings threatened with abortion. Thus: "defend the poor and fatherless... out of the hand of the wicked!"; "the Lord hates... hands that shed innocent blood!"; and "open your mouth for the dumb, in the cause of all such as have been appointed unto destruction!"

Indeed, the Older Testament as a whole, cumulatively seems to imply that severe penalties should be meted out to all abortionists. Thus, Amos 1:13f (especially in the Septuagint) would suggest that God would rip up the Ammonites – because they had ripped up pregnant women.

For example: the ancient though post-exilic *Samaritan Targum* – a translation of the Hebrew Pentateuch into Aramaic – itself requires the death penalty for abortion⁵¹.

8. The Newer Testament expands the anti-abortionism of the Older Testament

Behold the alien nature of the paganistic world of the Romans into which Christianity was launched! Pagan Rome's puppet, King Herod the Idumaean, tried to butcher the babies. Horribly, Jesus Christ Himself was threatened with infanticide at His own human birth – if not with abortion at His own human conception (Mat. 1:18 to 2:18).

Yet Jesus grew up to protect His little ones and to insist that the magistrate indeed mete out the prescribed punishment to all who break the Sixth Commandment 'you shall not murder!' – regardless as to whether the one murdered is a fetus⁵² or an octogenarian⁵³ (Cf. Ex. 20:13 & 21:22-25 with Mat. 5:17-22 & 5:38f & 11:25 & 15:3-9 & 18:2-6 & 19:18 & 26:52. Indeed, in the light of Mat. 5:17-22).

Christ's disciples Paul and Luke agreed with Christ's anti-abortionism

To Paul, the committing of abortions by Christians is quite unthinkable. Indeed, to the contrary, especially Christians greatly treasure their children (Eph. 6:1-4; Col. 3:18-21; 1 Tim. 2:14f; 3:2-5; 5:9-14; 2 Tim. 1:3-6; 3:13-17; Titus 1:4-7; 2:3-5).

Paul's companion, the Christian Physician Dr. Luke, himself linked up with the established teaching of the Older Testament. For he carefully reminds us that Jesus Christ, even when Himself but a human zygote, was already recognized as a discrete human person by His own half-cousin John when also the latter was but a fetus in his own mother's womb (Luke 1:34-44).

Indeed, in the book of Acts, the same Dr. Luke also quotes that fine Greek-speaking Hebrew Christian the Spiritfilled Deacon Stephen – in indirect condemnation of abortive murders and infanticides. For, as Stephen told the Anti-Christian Leaders of his own by-

⁵¹ *Ha-Mikra v^e-Targuma* (v,280f,343f).

⁵² Compare the word *brephos* (an unborn or newly-born child) in Mt. 11:15 & 21:16 & Lk. 18:15 (as well as in Acts 7:19 & II Tim. 3:15 cf. 1:5) -- *q.v.*! On Christ's love for little ones, see: Mt. 11:25f & 18:2-14 & 19:4-15.

⁵³ Cf.: Mt. 5:17-22; 15:4-9; 19:17-19; Lk. 2:36,49,51f; *etc.*

then-misguided Jews⁵⁴: "Our fathers... cast out their own tiny children, not wanting them to remain alive... You who are stiffnecked and uncircumcised in heart and ears! You keep on resisting the Holy Spirit – just like your fathers did... "

For there Luke records the decrees of the first General Assembly of the Christian Church at the Synod of Jerusalem, directed specifically at previously-pagan recent converts to Christianity: "It seemed good to the Holy Spirit... that **you abstain... from bloodshed, and from stranglings, and from sexual immorality**. You shall do well to guard yourselves against these things!"

'Aborted' Paul by grace survived his own spiritual miscarriage

In his First Epistle to the Corinthians, Paul (using of course a figure of speech) – disapprovingly and humbly calls himself the *ektrooma* among the Apostles. The word *ektrooma* means: 'the miscarriage' or 'the abortion' or the '(forcibly) extracted one.'

Paul was the 'Johnny-come-lately'; the "last" Apostle of all⁵⁵. Yet he was not here comparing himself to a beautiful post-mature living baby "at last" delivered by Caesarean section. No! Paul was here comparing himself to an unattractive and immature fetus, which surprisingly somehow managed to survive its having been 'miscarried' or 'aborted' prematurely.

The risen Christ, Paul here declares, "was seen by James⁵⁶. Then [He was seen] by all of the Apostles⁵⁷. Last of all of them, however, "He was seen **even by me**"⁵⁸ – by a 'miscarriage' [or an 'abortion'], as it were⁵⁹. **For**, he soon added: "**I**. am indeed **the least** of the Apostles⁶⁰. I am indeed **not sufficiently adequate** to be called an Apostle."⁶¹

As the famous Presbyterian Scholar Rev. Dr. Albert Barnes here comments: "*Ektrooma* properly means an abortion, one born prematurely... It means, as the following verse shows, one that was **exceedingly unworthy**... The expression seems to be proverbial – and to denote anything that is vile; offensive; loathsome; unworthy."⁶² See Numbers 12:12 (*q.v.*).

⁵⁴ Acts 6:3-15 & 7:2,18-21,51.

⁵⁵ I Cor. 15:8 *cf.* vv. 5 & 7 & 9 with 4:9. I Cor. 15:7-8 has Paul calling himself: "of all the Apostles, last of all" - or *tois apostolois pasin, eschaton de pantoon*. Also I Cor. 4:9 seems to be suggesting that Apollos and Paul were the "last apostles" or *apostolous exchatous*.

⁵⁶ I Cor. 15:7a, *oophthee Iakooboo*, dative.

⁵⁷ I Cor. 15:7b, *eita tois apostolois pasin*, dative.

⁵⁸ I Cor. 15:8, *eschaton de pantoon... oophthee kamoi*, emphatic dative.

⁵⁹ I Cor. 15:8, *hoosperei too; ektroomati*, dative.

⁶⁰ I Cor. 15:9, *Egoo gar eimi ho elachistos toon apostolon*. Here, *Egoo eimi* emphasizes the "I" as: "**I**."

⁶¹ I Cor. 15:19, *hos ouk eimi hikanos kaleisthai*. Here, *hos... eimi* again emphasizes the "I" as: "**I**." Observe the dictionary meaning of *hikanos* = "**sufficient, enough**" -- of persons: "**adequate, competent, qualified, fit, worthy**." See Davidsons' *Anal. Greek Lex. of the New Test.*, under: *hikanos*.

⁶² A. Barnes: *Notes on the Old and New Testaments -- Commentary on First Corinthians*, Grand Rapids: Baker, rep. 1972, at I Cor.15:8. See too, on the same verse: J. Calvin's *Commentary on First Corinthians*, Grand Rapids: Eerdmans, 1948f, p. 315; S.T. Bloomfield's *Greek Testament*, London: Longmans, Green, Brown & Longmans, 1843, II p. 189; G.G. Findlay's *First Corinthians*, in *The Expositor's Greek Testament*, London: Hodder & Stoughton, 1908, p. 921; R.G. Moulton & G. Milligan's *The Vocabulary of the Greek New Testament*, Grand Rapids: Eerdmans, rep. 1980, under *ektrooma*; W.F. Arndt & F.W. Gingrich's *A Greek-English Lexicon of the New Testament and Other Early Christian Literature*, Chicago: University Press, 1952 ed., under *ektrooma*.

Now this Greek word *ektrooma* occurs in the New Testament only at 1 Corinthians 15:8. It does not mean "a beautiful post-mature and almost-fullterm live baby" – such as one safely delivered say by Caesarean section. No!

Quite to the contrary. It rather means: "a puny birth" or "a prematurely-miscarried fetus" – alias "an abortion." For *ektrooma* is derived from the verb *ektitrooskein* – meaning: "to wrench out" and hence "to wound."

In Job 3:16 and Ecclesiastes 6:3, the Greek Septuagint's *ektrooma* and the Latin Vulgate's *abortivus(-m)* translate the Hebrew word *nefel*. There the latter can **only** mean a premature embryo or fetus which miscarries or quite literally "falls down" (Hebrew *naafal*) – and thus "gets aborted."⁶³

9. Conclusion: Both the Older and Newer Testaments prohibit abortion

Conclusion. If anyone "hurt a pregnant woman so that her child is expelled" – "if any serious physical harm is caused, then he shall give: life for life; eye for eye; tooth for tooth; hand for hand; foot for foot; burning for burning; wound for wound; stripe for stripe!" This is the clear requirement of Holy Scripture⁶⁴.

The Older Testament protects human life even from conception. Penalty payments are provided even in respect of **unpremeditated** harm culpably or negligently caused to the life or the limb of the unborn. How much **greater**, then, is the penalty required – except when (only very rarely) done for reasons of selfdefence (*cf.* Ex. 22:2) – of those who **intentionally** harm the unborn!

For God's Sixth Commandment ("you shall not murder!") is a prohibition against all unlawful killing of all humans, at any stage of their development from the womb to the tomb. Indeed, its application in the case law at Exodus 21:22f makes this abundantly clear.

Yet largely, it was left to the advent of Christianity – as the renewed resurrection and further development of Primordial Trinitarianism – to protest "the slaughter of the innocents" (*cf.* Mat. 2:16-20). This was done after King Herod "slew all the children from two years old **and under** in Bethlehem and all the places that surrounded it"⁶⁵; at the time of the incarnation of our Lord Jesus (Who was Himself "conceived from a woman").⁶⁶

No wonder either that the Apostle Paul would warn⁶⁷ evil people (such as the butchers of fetuses and babies) – to fear the civil magistrate. "For he does not bear the sword in vain. But he is God's servant – a revenger to execute wrath upon the evildoer... You must not murder!"

⁶³ *Naafal* occurs with this meaning of "miscarriage" three times in the Old Testament. Job 3:16 (*cf.* 3:3-16f) & Ps. 58:8 & Eccl. 6:3-5. In all of these places, the *KJV* renders it "an untimely birth" (compare I Cor. 15:8's translation "one born out of due time"). In Num. 12:12, in the Greek Sept., *ektrooma* translates the Heb. *b'etsee'thoo mee-rechem* or "one... of whom the flesh is half-consumed when he comes out of his mother's womb" (*KJV*).

⁶⁴ Ex. 21:22-25.

⁶⁵ Mt. 2:16.

⁶⁶ Gal. 4:4, *genomenon*, Str. Aor. partic., from *ginomai*.

⁶⁷ Rom. 13:4,9.

DEEL VII – ETIEK EN GOD SE WET

Etiek begin met die vrees van God

deur dr. M.C. Durand

Die vrees van God is die kenmerk van die gelowige in sy hele bestaan.

Die Here Jesus Christus vrees ook God die Vader (Jes 11:2-3). Indien Christus die Gees van die vrees van die HERE gehad het, hoe sou enige gedagte of handeling wat nie bepaal word deur die vrees van God nie, enige verbintenis met die Verlosser kon hê?

Die vrees van God is kenmerklik van die kerk.

Die vrees van God saam met die troos van die Heilige Gees is kenmerke van die kerk (Hand 9:31). Die kerk wandel in die vrees van die Here, want die Gees van Christus vul, rig en rus op die kerk en die Gees van Christus is die Gees van die vrees van die Here.

Die vrees van God is `n religieuse begrip.

God skenk aan ons die vermoë om aangegryp te wees deur die gedagtes aan Sy verhewe en onvergelykbare majesteit en heiligheid. Die gelowige weet dat God vreeslik is (Eks 15:11; Deut 7:21; 10:17; 28:58; 1 Kron 16:25; Neh 1:5; Ps 47:2; 111:9; Dan 9:4; Mal 1:14).

Die sonde van die mens tas Sy heiligheid aan en Sy geregtigheid eis die herstel daarvan (Eks 15:7; Num 25: 4; Jes 42:25; 51:17, 20, 22; 63:6; Jer 4:8; 6:11; 42:18; Jona 3:9; Nah 1:6; Rom 2:9; 2 Tess 1:8,9; Openb 20:10, 14, 15). Aangesien God heilig is, rus Sy wraak op die sonde.

Daarom sal daar vrees, skrik, ang, en afgryse wees by diegene wat aan Sy oordele onderwerp is vanwee hul aantasting van Sy heiligheid (Deut 2:25; Ps 105:38). Dit is noodsaaklik dat diegene wat, vanweë hulle sondes voor die regverdige oordele van God staan, vir God sal vrees (Deut 17:13 en 21:21).

Die vrees is nie sonder effek op ons gedagtes en handeling nie.

Die gelowiges is nie sonder sonde nie. Die gelowige weet dat sy sonde nie vir God welgevallig is nie en dat die heilige God herstel van die sonde eis (Filippense 2:12, 13; 1 Petrus 1:17; Rom 11:20, 21). Daarom word ons steeds deur die geweld van God gedreig (Heb 10:31). Deur Sy strafgerig waarsku God ons en word ons ontmoedig om te oortree (Matt 10:28; Luk 12:4,5). Die vrees om tekort te skiet, motiveer ons om aan God getrou te bly en om te volhard (Heb 4:1). Die vrees van die God motiveer ons om aan die geloof vas te hou (Heb 10:27). Die gedagte om die woede van God te ontvang en die oortuiging van God se wraak bring vrees by diegene wat God ken. Hierdie vrees is noodsaaklik in die harte en die lewe van die gelowiges (Ps 119:120; 27:1; 3:6), naamlik om teen die sonde te stry. Dit is hierdie vrees wat die gelowige dwing tot nederigheid, berou en boetvaardigheid (Matt 5:3-5).

Die vrees vir die oordele van God stimuleer wel die stryd teen die sonde by die gelowige, maar dit bewerk nie die liefde vir God of die haat vir die sonde nie. Die straf het geen bekeringskrag nie. Die wraak van God bring by die goddelose eerder die teendeel, naamlik die verharding in die sonde en die vermeerdering in die haat jeens God. Om by die oortreding nie vir God te vrees nie, sou alleen maar aanduidend van `n verharde hart wees.

Die vrees van God behels egter meer as die vrees wat ontstaan uit die oorweging van die wraak van God. Die vrees vir Sy oordele laat ons smag om van Sy wraak verlos te word. Die vrees vir Sy geweld laat ons ons eie hulpeloosheid insien. Die enigste gepaste houding wat ons kan toon, is om nederig en bewus van ons onverdiensde die versoenende genade te ontvang en met dankbaarheid, liefde, eerbied, huldiging ons hele lewe tot Sy diens te stel deur gehoorsaamheid en vertroue (Lev 19:3; Jos 4:14, vergelyk ook 1 Kor 2:3; Ef 6:5; Fil 2:12; Heb 4:1). Die besef van Sy grootheid en ons geringheid sal ons keer van afsydigheid soveel as wat dit ons sal weerhou om eiewys en deur spitsvondigheid God te dien.

Dit is hierdie vrees wat die kern en die begin van die etiek van die gelowige is. Die besef van God se heerlikheid en volmaaktheid dwing ons tot die algehele oorgawe aan Sy geopenbaarde wil (Mark 12:30), naamlik Sy bevel. Dit is uit hierdie verhouding waarmee al ons ander verhoudings bepaal en verstaan word. Niks mag vir ons van waarde of betekenis wees buite die verwysing van ons verhouding met God en God se verhouding met ons nie, naamlik `n verhouding wat op die verbond van God en Sy beloftes gerig is. Die normatiewe handeling en die vrees van God is onlosmaaklik (Pred 12:13). Van die mees gewone taak tot die heiligste handeling kom in beweging deur die vrees van God (2 Sam 23:3; Kol 3:22; 2 Kor 7:1). Indien daar nie die vrees van God is nie, sal daar nie etiese standaarde vir die handeling wees nie (Gen 20:11; Lev 19:14; Lev 25: 17, 36; Spr 8:13 en 16:6) en sal die sonde onvermydelik wees.

Uit hierdie vrees weet die gelowige dat God voortdurend teenwoordig is. Die gelowige weet dat hy vir alles van God afhanklik is. Die gelowige weet dat God hom in alles rig en onderhou, en dat elke versoeking nie te groot is om te oorkom nie. Die gelowige weet dat hy in alles tot God verantwoordelik is. Die vrees van God bring ook die volharding van die geloof (Job 2:3).

Kortliks: die hele lewe van die gelowige word gekenmerk en opgesom deur hierdie vrees tot God (Job 1:8; Eks 15:11; Deut 28:58)

Maar die gelowige se vrees van God sal hom nie net bring tot die kennis, die geloof, die goddelike handeling en die volharding teen die aanslae van sy eie sonde nie, maar dit sal hom ook bring tot vreesloosheid jeens sy vyand. Die gelowige is nie net geroepe om goed te doen nie, maar om goed te doen ten spyte van die wêreld, en teenoor die wêreld, en in die gesig van die wêreld. Die vrees van God maak die goddelose vreesloos vir die wêreld (Jos 8:1; 1:9; Jes 41:10,13,14; 43:1, 5; 44:2; 51:4, 14; Luk 12:32; Matt 10:28, 31; Luk 12:7, 32).

Is Moses se Wette vir Vandag?

deur dr. F.N. Lee

Amper 'n halwe millennium gelede in 1537, het Calvyn die volgende gewigtige woorde in sy *Kategismus* geskrywe: “Christus is vir ons nie alleen tot regverdigheid nie maar ook tot heiligmaking gemaak. Daarom kan ons Sy geregtigheid nie deur die geloof ontvang sonder om daardie heiligmaking tegelykertyd te omhels nie. Want die Here, in een en dieselfde verbond wat Hy met ons in Christus gemaak het, belooft dat Hy genadig teenoor ons onregverdigede sal wees en Sy Wet in ons harte sal skrywe (Jer. 31:33; Heb. 8:10; 10:16).”¹

Calvyn, die Calvinistiese *Switserse Geloofsbelydenis* en die Calvinistiese *Westminsterse Standaard* onderskei al drie heel duidelik tussen die universele Morele Wet of Natuurwet vir alle mense orals enersyds, en die seremoniële en juridiese wette van Israel andersyds. Die Calvinistiese Calvyn het so gemaak, meer as 'n honderd jaar voor die Calvinistiese *Westminster Geloofsbelydenis* in die middel van die sewentiende eeu. Want die genie van Genève skryf dat “ons aandag moet gee aan die goedbekende indeling wat die hele Wet van God soos deur Moses gepromulgeer in die morele, die seremoniële en die juridiese wet. En ons moet aandag aan elkeen van dié dele gee.”²

Op dergelyke wyse het sowel die *Switserse Geloofsbelydenis* (twee jaar na die dood van Calvyn) asook die latere *Westminsterse Geloofsbelydenis* dieselfde gedoen.³ En so ook weer die groot Calvinis prof. dr. R.L. Dabney van die Southern Presbyterian Church in Noord-Amerika meer as twee honderd jaar na Westminster.⁴

Waarom? Slegs omdat die Heilige Skrif self leer dat (nie die seremoniële en die juridiese wette nie maar) slegs die universele Morele of Natuurwet op die harte van die eerste mensepaar by die skepping en voor die sondeval geskryf is.⁵ Dit het die wette van Moses met minstens 2500 jaar vooruitgedateer.⁶ En dit het ook aaneen na die sondeval voortgeduur.

Dit is dié wet wat ook later uit die middel van die vuur en die wolk en die dikke duisternis voortgespreek is. Dit is deur engele beskik met tussenkoms van 'n middelaar. Ja, dit is deur die vinger van God Self temidde van donder en weerligstrale by die berg Sinai

¹ Joh. Calvyn: *Instruction in Faith*, 1537, (red. Furmann [London Lutterworth, 1969]), afdeling 17, p. 42.

² Calvyn: *Institusie van die Christelike Godsdiens*, IV:20:14.

³ *Tweede Switserse Geloofsbelydenis (2de SGB)* chs. 12 en 27.

⁴ Robert Dabney: *Lectures in Systematic Theology*, 1878 (Grand Rapids Zondervan), 1976 reprint, pp. 352 en 354.

⁵ Vgl. Pred. 7:29 en Rom. 2:14-15 en 13:8-10; vgl. F.N. Lee: *Ten Commandments Today!* (London: Lord's Day Observance Society), 1976, pp. 3-11.

⁶ Gen. 4 tot Eks.2; vgl. Lee: *op. cit.*, pp. 11-13.

geskrywe⁷ – en dit is later weer eens op heilige kliptafels deur die Here Self opnuut gegraveer.⁸

Dit is dié wet wat sedertdien binne-in die ark van die verbond bewaar is.⁹ Dit is selfs na Golgota in elke besonderheid opnuut gelas.¹⁰ En dit is weer eens in die vleestafels van die hart van elke wedergebore sondaar deur die Gees van God Self ingekerwe.¹¹ Gevolglik is die Morele Wet vir die ganse mensdom duidelik te onderskei van die seremoniële en die juridiese wette van Israel.

Nou kom die *Westminsterse Geloofsbelydenis*. Dit onderskei wel die Morele Wet van die seremoniële en juridiese wette van Israel. Maar, te meer, dit definieer ook dié drie soorte wette.

Met die Morele Wet of die Natuurwet, bedoel die *Geloofsbelydenis* die Wet wat op Adam se hart geskrywe is en wat hom en al sy afstammeling tot persoonlike en algehele en presiese en nimmereindigende gehoorsaamheid verplig.¹² Dié Morele Wet is wel – op opsommende wyse – weer eens op die berg Sinai in die Tien Gebooie geherpubliseer.¹³ Dit word ook noukeurig uitgewerk in dit wat die Dekaloog self as die “morele verpligtinge” en die “algemene billikheid” in verskeie ander wette noem.¹⁴ En dié Morele Wet “bind almal, sowel geregverdigde asook ander persone, om dit te gehoorsaam.”¹⁵

Met die seremoniële wette, bedoel dieselfde *Westminsterse Geloofsbelydenis* dié wat “etlike tipiese ordinansies” bevat wat Christus en verskillende soorte instruksies voorhou – “waarvan al dié seremoniële wette tans onder die Nuwe Testament herroep is.”¹⁶ En met die juridiese wette, bedoel die *Geloofsbelydenis* al daardie verskillende politieke wette – etlike waarvan saam met die staat van die volk van Israel in 70 n.C. verval het.¹⁷

Terloops, ook in die *Nederlandse Geloofsbelydenis* word hieromtrent gesê: “Ons glo dat die seremonies en figure [of tipes of toonbeelde] van die wet met die koms van Christus ten einde geloop het en dat al dié voorafskaduwinge nou volbring is, sodat die gebruik daarvan onder Christene afgeskaf moet word. Maar die waarheid en wesenlikheid van hulle bly met ons in Jesus Christus, in Wie hulle voltooi is. Intussentyd **gebruik** ons maar nog altyd die getuienisse wat vanuit die wet en die profete geneem word, om ons in die leer van die

⁷ Eks. 20:1-18 en 31:18 en 32:15-16 en 34:1,28 en Deut. 4:13 en 5:5-22 en 9:10 en 33:2 vgl. Hand. 7:38,53; per contra Eks. 20:22 tot 24:4 en 24:7 tot 34:27 en Deut. 6:1 tot 31:9 en Ef. 2:15-17 en Kol. 2:14-20vv.

⁸ Eks. 34:1,28 en Deut. 10:1-4 vgl. II Kor. 3:3vv.

⁹ Eks. 25:16,21 en 40:20 en Deut. 10:2-5 en I Kon. 8:9 en Heb. 9:4.

¹⁰ Vgl. I Kor. 8:4-6 en 10:14 en Jak. 5:12 en Heb. 4:9 en 10:25 en Ef. 6:3 en 1 Joh. 3:15 en Jak. 4:4 en Heb. 13:4 en Ef. 4:28 en Kol. 3:9 en Rom. 7:7 en 13:8-9 en Ef. 5:5-12 en 1 Joh. 2:16 ens. vgl. my eie *Ten Commandments Today!* pp. 14-15.

¹¹ Eseg. 36:25-27 vgl. Rom. 8:4-14 en II Kor. 3:3-18 en Heb. 8:10-12 en 9:4 en 10:15-17.

¹² *Westminsterse Geloofsbelydenis (WGB)* 19:1-3d en 4:2gh en *Westminster Larger Catechism (WLGK)* 17rs en 92o en 93-98.

¹³ *WGB* 19:2b.

¹⁴ Vgl. *WGB* 19:3e en 19:4g.

¹⁵ *WGB* 19:5.

¹⁶ *WGB* 19:3. Let op die betekenis v.d. woord “abrogated” (teruggeroep) in dié sin v.d. *WGB*, en sy onderskeid van “abolished” (afgeskaf).

¹⁷ *WGB* 19:4.

Evangelie te bevestig en om ons lewens in alle eerlikheid tot verheerliking van God volgens Sy wil te reguleer.”¹⁸

Die *Nederlandse* en die *Westminsterse Geloofsbelydenis(se)* onderskei dus wel die Morele Wet enersyds van die seremoniële wette en die juridiese wette andersyds. Hul onderskei ook weldeeglik tussen enersyds die afgeskafte seremoniële wette en andersyds die vervalde juridiese wette van Israel waarvan die “algemene billikheid” nog altyd steeds gehandhaaf moet word.

Maar dié *Geloofsbelydenis(se)* wat so mooi tussen die Morele Wet en die res van die wette van Israel onderskei, wys ook op hulle onderlinge verhoudings en hul wedersydse betrekkings. So sê bv. die *Westminsterse Geloofsbelydenis* dat selfs die seremoniële wette, “morele pligte” aan ons voorhou.¹⁹ Dit sê verder dat God ook vir die volk Israel “as ’n politieke liggaam... etlike juridiese wette gegee het... wat geen ander [volk] tans verder verplig as wat die algemene billikheid [of morele wesentlikheid] daarvan mag vereis nie.”²⁰

Dit verklaar ook dat “die morele wet vir altyd almal verbind – sowel geregverdigde persone as ander – om hulle te gehoorsaam.”²¹ Te meer, dit verklaar ook dat “bekering tot die lewe ’n evangeliese genade is... wat deur elke Evangeliedienaar verkondig moet word.” En dit voeg by dat die sondaar as gevolg daarvan op so ’n wyse “sy sondes haat, sodat hy van hulle almal wegdraai [en hom] na God [toe keer] met die doel en die voorneme om met Hom in al die weë van Sy Gebooie te wandel”²² – t.w. “volgens die ganse Wet van Moses, terwyl hy gedurig probeer om saam met Hom op al die weë van ’n nuwe gehoorsaamheid te wandel.”²³

Dr. Johannes Calvin en die Calvinistiese *Switserse Geloofsbelydenis* en die Calvinistiese *Westminsterse Standaard* het aldrie ’n gemeenskaplike uitgangspunt. Want aldrie van hulle beklemtoon die universele Morele Wet oftewel die Natuurwet wat aan Adam en aan al sy afstammelinge vir ewig en altyd gegee is.

Volgens dr. Calvin “is dit duidelik dat die Wet van God wat ons ‘moreel’ noem, niks anders is nie as die getuienis van die Natuurwet en van die gewete wat God in die verstand van mense ingegraveer het.”²⁴ Dit is ook duidelik dat die Morele Wet of Natuurwet voortkom “vanuit ’n Bron van regverdigheid Self en d.m.v. die natuurlike gevoelens wat deur Hom in ons ingeplant is... ; aangesien dit vanuit die Bron van die natuur self voortvloei, en op die algemene beginsels van alle wette gegrond is.”²⁵

Volgens die *Tweede Switserse Geloofsbelydenis*, “was die Natuurwet... voorheen in die harte van mense deur die vinger van God geskrywe (Rom. 2:15)... Op ’n latere tydstep is dit

¹⁸ *Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB)*, art. 25.

¹⁹ *WGB* 19:3e.

²⁰ *WGB* 19:4g.

²¹ *WGB* 19:5h.

²² *WGB* 15:1-2d.

²³ Vgl. Ps. 119:6,59,106 (128) en Luk. 1:6 en veral II Kin. 23:25, soos aangehaal in die *WGB* 15:2d en in die *WGK* 76v. Vgl. ook nota 22 hierbo.

²⁴ Calvin: *Inst.* IV:20:16.

²⁵ Calvin: *Kommentaar* oo Lev. 18:6, in sy *Harmonie van die Pentateug (HP)* (Grand Rapids: Eerdmans), 1948vv., III, p. 100.

deur Sy vinger op die twee kliptafels van Moses ingekerwe. Dit word heel veelseggend in die boek van Moses uitgelê (Eks. 20:1v.; Deut. 5:6v.).”²⁶

Volgens die ewe-Calvinistiese *Westminsterse Standaard*, was “die Natuurwet” (vgl. Pred. 7:29, Rom. 2:14-15, 13:8-10, Jak. 1:23-27 en 2:8-12) nie alleen in die hart van Adam voor die sondeval geskrywe nie.²⁷ Te meer. Selfs na die sondeval, duur die steedsvoortgaande “lig van die natuur” in die algemene openbaring nog altyd voort (Gen. 9:1-16; Ps. 19:1-3; Hand. 14:15-17; 15:19-29; 17:24-28; Rom. 1:19-32; 1 Kor. 11:13-15). Duidelik konfronteer dit vir almal vandag, selfs buitekant die Skrif – en laat hulle almal sonder verskoning vir hul sondes.²⁸

Gevollik, soos die beroemde Baptisteteoloog dr. Ernest Kevan in sy waardevolle studie van die Westminster-Puriteinse teologie getitel *Die Genade van die Wet* daarop wys: “Die ‘Natuurwet’... vir die Puriteine... is afgelei van God se daad om ons eie menslike natuur juis so te reguleer dat... pligte die uitkoms sou wees... Hulle gebruik van dié uitdrukking is dus ’n aanduiding van... die mens se skepselig om dit aan God te gee wat wel aan Hom toekom... Die Natuurwet... in die mens se eie natuur... [is] sy kennis van dié Wet... wat ‘God se Wet in die hart geskrywe’ genoem word... Dit is nie ’n wet wat deur die natuur geproduseer is nie... , maar wel ’n wet wat van die natuur bepalend is” en wat deur God vir die natuur geproduseer is.”²⁹

Volgens die Skrifte is die presiese omvang van die Morele Wet heelwat breër as slegs die Tien Gebooie wat op kliptafels by die berg Sinai geskryf is. Want dit is nie alleen die Ou Testament wat spesifiek buite-dekalogiese wette gebruik om die Morele Wet op te som nie.³⁰ Ook die Here Jesus Christus maak net so.³¹

Selfs Paulus self verklaar: “‘Jy mag nie egbreek nie!’; ‘Jy mag nie steel nie!’; ‘Jy mag nie valse getuienis... spreek nie!’; ‘Jy mag nie begeer nie!’ – en watter ander Gebod ook al – word in hierdie woord saamgevat [of opgesom]: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jousef!’”³² Gevollik, volgens die Skrif – bestaan die hele Morele Wet uit die Tien Gebooie plus die “morele pligte” in die seremoniële wet plus die “algemene billikheid” of die blywende moraliteit³³ van die juridiese wette.³⁴

²⁶ Heinrich Bullinger se *2de SGB* van 1566, hf. 12.

²⁷ Vgl. *WGB* 4:2fgh en 7:2bcd en 19:1a en 19:2b en 19:5hi en 20:4pq en 21:7k en *WVK* 17rs en 19n en 24v en 92o en 93p en 151.3w en 139q.

²⁸ Vgl. *WGB* I:1a en I:60 en 20:4pq en 21:1a en *WVK* 2c en 60q en 151.3w. Vgl. ook Hyamson en Silbermann se *Jewish Encyclopaedia* (London: Shapiro Vallentine en Co., 1938, p. 375) wat daarop aandring dat die universele Noagitiese wette op alle Heidene bindend (nes die Mosafese Dekaloog) verbiedend is ook teen afgodery, godslastering, moord, ontug, rowery, onregverdigheid, en onmatigheid. Vgl. die 1ste-3rde en die 6de-10de Gebooie!

²⁹ Ernest Kevan: *The Grace of the Law* (Grand Rapids: Guardian Press), 1976, pp. 54-58.

³⁰ Deut. 6:4-5 vgl. Lev. 19:18.

³¹ Mark. 12:29-31.

³² Rom. 13:9, Grieks anakephalaioutai = “opgesom” of “onder die hooftrekke bebring”; vgl. *WVK* 98 en *WKK* (*Westminsterse Korter Kategismus*) 41-42.

³³ Vgl. *WGB* 19:3e.

³⁴ *WGB* 19:4g. Vgl. Donald A. Dunkerley: *What is Theonomy?* (Pensacola: McIlwain Presbyterian Church), 1978, p. 3: “The moral law is summarized, but not stated exhaustively in the decalogue... From the perspective of classic theology, therefore, theonomy is the universal moral law of God, summarized in the decalogue and explicated in many other scriptures, including the judicial law.”

Dit alles word deur die Dekaloog opgesom. En selfs dit word dan weer “kortliks omskryf” in Christus se “Groot Gebod”³⁵ – wat self vanuit die Mosaïese wet van Levitikus 19:18 afkomstig is.

Inderdaad, Christus het die hele wet vervul en **ver groot** – moreel, asook seremonieel en juridies.³⁶ Want Hy is gestraf vir die totale oortreding daarvan deur Sy Eie volk. In Sy lewe en dood en opstanding het Hy dit alles vervul. En ook in dié sin is die ganse wet onderling verwant en alles vervul – toe Jesus gesterf het vir dié wat aan Hom behoort.

Die omvang van die Morele Wet volgens die *Westminsterse Standaard* loop presies parallel met sy omvang in die Skrif self. Want Westminster verklaar dat die Wet ’n permanente verpligting is wat van die begin tot aan die einde van die wêreld geldig is. Dit verduidelik dat die Morele Wet toe reeds aan Adam en sy hele nageslag gegee is, en op hul harte geskryf is.³⁷ En “dié Wet, na sy val, het voortgegaan om ’n volmaakte reël van geregtigheid te wees.”³⁸

Gevolgtrek bly die Morele Wet ook vir die “onwedergebore mense” toeganklik. Ja, selfs vir die ongeletterdes. So bly hulle almal “sonder verskoning” – omdat hulle die Morele Wet duidelik raaksien sowel in die eksterne wêreld rondom hulle (Rom. 1:20) asook in hul eie interne harte binne-in hulle (Rom 2:15).³⁹

Dog die Morele Wet is van selfs groter nut vir die wedergeborenes as wat dit vir die onwedergeborenes is. Want afgesien van die algemene gebruike van dié Wet – gebruike wat die wedergeborenes met die res van die mensdom “in gemeen” het – is die Morele Wet “spesiaal tot nut” vir dié wat wedergebore is. Want dit help om “hulle te toon hoevéél hulle aan Christus gebind is, omdat Hy dit vervul het”; en dit help ook “om hulle aan te por tot groter dankbaarheid, en om dieselfde sorg te gebruik om hulle daaraan te konformeer as die reël van hul gehoorsaamheid (Luk.1:68-75, Rom. 7:22 en Titus 2:2-14.)”⁴⁰ Gevolgtrek swaai die Morele Wet die septer oor alle mense – selfs nou, en tot aan die voleinding van die wêreld toe,⁴¹ en selfs vir ewig daarna.

Die *Westminster Groter Kategismus* verklaar dat hierdie “Morele Wet opsommend omskryf word in die Tien Gebooie wat deur die stem van God op Sinaï oorgelewer is en deur Hom op twee kliptafels geskryf is.”⁴² En die *Korter Kategismus* verklaar dat “die Morele Wet in Tien Gebooie opsommend omskryf word”⁴³ en dat dit “die opsomming van die Tien Gebooie is om die Here... en ons naaste soos onself lief te hê.”⁴⁴

³⁵ Vgl. Matt. 22:37-40.

³⁶ Vgl. *WGB* 19:3-6 en 20:1 en *WGK* 97.

³⁷ *WGB* 19:1a.

³⁸ *WGB* 19:2b.

³⁹ *WGK* 96.

⁴⁰ *WGK* 97kl.

⁴¹ Vgl. Matt. 5:18 met *WGB* 19:5k en 21:7n.

⁴² *WGK* 98m.

⁴³ *WKK* 41.

⁴⁴ *WKK* 42.

Want soos die *Brief aan die Leser van die Westminsterse Standaard* verklaar, “God het die Dekaloog geskrywe as ’n opsomming van dinge wat gedoen moet word”⁴⁵ – net soos ook die *Apostoliese Geloofsbelydenis* maar net ’n “kort opsomming” is van die Christelike Geloof wat in ooreenstemming met die Woord van God is.⁴⁶ Dit beteken duidelik dat hoewel die Tien Gebooie die Morele Wet inderdaad opsom – hulle dit geensins uitput nie. Want nes die Morele Wet voor die promulgering van die Tien Gebooie op die berg Sinai bestaan het – so ook selfs na Sinai, word na die nié-dekalogiese bewystekste (Lev. 11:44-45 en 20:7-8) deur die *Groter Kategismus* verwys om te bewys dat “die Morele Wet vir almal tot nut is om hulle oor die heilige aard en wil van God in te lig.”⁴⁷ So is dit dan vanselfsprekend dat dié *Groter Kategismus* nie skroom om heelwat uit die Levitiese wette aan te haal nie – ook in sy behandeling van die Morele Wet.

Dit was Calvyn self wat die pad oopgebaan het vir die breedvoerige bespreking van die Morele Wet ook in die *Westminsterse Groter Kategismus*. Vir Calvyn, is “die Wet ewigdurend” – nademaal “die reël van ’n regverdige en toegewyde lewe selfs vandag sy krag behou.” Dit bly die geval selfs nadat “ons vrygelaat is van die juk van slawerny aan die vloek” van wetsoortreding, en selfs nadat “die koms van Christus aan die seremonies in die wet ’n einde gemaak het.”⁴⁸ Want “dis die besondere seëning van die Nuwe Verbond dat die Wet op mense se harte geskryf word.”⁴⁹

Kort nadat hy dié woorde geskryf het, het Calvyn verder voortgegaan om sy klassieke klassifisering van die verskillende Mosaïese wette te gee. En dit is baie insiggewend dat hy dit juis onder die tien hoofde van die Dekaloog self gedoen het.

Onder die Eerste Gebod⁵⁰ wat verg dat die Here Jehova alleen aanbid word (Eks. 20:3 en Deut. 5:7), gee Calvyn ’n breedvoerige bespreking van Levitikus 18 en 19 en van Deuternomium 6 ens.⁵¹ Dan, onder die “Seremoniële Aanvullings tot die Eerste Gebod,”⁵² behandel hy: die Pasga (Eks. 12), die heiliging van die eersgeborenes (Eks. 13), die betaling van versoening (Eks. 30), die Nasiritiese gelofte (Num. 6), die offerandes van die eerste vrugte (Deut. 26), die reiniging van vrouens (Lev. 12), die kwarantyn en reiniging van melaatses (Deut. 24 en Lev. 14), die besoedelings a.g.v. uitvloeisels (Lev. 15), gebreke wat mansmense uit die tabernakel uitsluit (Deut. 23), algemene reinigingswette (Num. 19), die wegruiming van afval (Deut. 23), verbode mengsels (Deut. 22), rein en onrein kossoorte (Lev. 20 en 11), toevallig besmette dinge (Deut. 14), gemengde huwelike (Deut. 21), en verskillende juridiese aanvullings (Deut. 13, 17 tot 20 en Eks. 22 en Num. 10).

⁴⁵ Vgl. “The Epistle to the Reader” of “To the Christian Reader, especially Heads of Families.” paragraaf 6, deur die Westminsterse teoloë Thomas Gouge en Thomas Goodwin en Matthew Pool en Thomas Manton en Thomas Watson en Obadiah Lee, ens., as inleiding tot die Westminsterse Standaard wat hulle en/of andere pas geskryf het.

⁴⁶ Aldus die *Aanhegsel tot die WKK*, soos gedruk onmiddellik na die *WKK*, in die *Standard and Other Authoritative Documents of the Free Church of Scotland* (Edinburgh: Offices of the Free Church of Scotland), 1933, p. 250: “And albeit the substance of the doctrine comprised in that abridgment commonly called The Apostles’ Creed be fully set forth in each of the Catechisms so as there is no necessity of inserting the Creed itself; yet it is here annexed, not as though it were composed by the Apostles, or ought to be esteemed canonical scripture, as the Ten Commandments, ... but because it is a brief sum of the Christian faith, agreeable to the Word of God, and anciently received in the churches of Christ.”

⁴⁷ *WGK* 95v.

⁴⁸ Calvyn: *HP*, p. 411vv.

⁴⁹ *Ibid.*, p. 414.

⁵⁰ *Ibid.*, p. 417vv.

⁵¹ *Idem*, uiteensettende vanuit Lev. 19 en Deut. 6 en 18 en Lev. 18.

⁵² *Ibid.*, p. 454vv.

Die Tweede Gebod⁵³ verg dat die ware God op die regte manier aanbid moet word (Eks. 20, 25 tot 30, 34 en Num. 8 en Deut. 4, 12 tot 16). Hier gee Calvyn 'n breedvoerige bespreking van: priesterlike wette (Eks. 28 tot 29, Lev. 6:22, Num. 3 tot 35, Deut. 17 en 31); tiendeverpligtings (Num. 18 en Deut. 18); obligasies (Lev. 24); offerandes (Eks. 29 en Num. 28 tot 29); en die jaarlikse versoening (Lev. 1 tot 7, 16, 22, Num. 15 en Deut. 23). Dan, onder “Burgerlike Aanvullings van die Tweede Gebod,”⁵⁴ behandel hy die vernietiging van afgodiese geboue en praktyke (Eks. 23 en 34 en Deut. 7,17,23 en 25).

Die Derde Gebod⁵⁵ verg eerbied vir God se Naam (Eks. 20:7 en Deut. 5:11). Hier behandel Calvyn valse ede (Lev. 19) en geloftes (Deut. 23, Lev. 27 en Num. 30). En in sy “Politieke Aanhangsels”⁵⁶ behandel hy die straf vir openlike godslastering (Lev. 24).

Die Vierde Gebod⁵⁷ verg die heiliging van die rusdag (Eks. 20:8-11 en Deut. 5:12-15). Hier behandel Calvyn 'n bespreking van Levitikus 19 en Eksodus 31. Dan, in sy “Aanvullings tot die Vierde Gebod,”⁵⁸ behandel hy die seremoniële sabbatsjare en die jubeljare (Eks. 23, Lev. 23 tot 25 en Deut. 16).

Ons kom nou tot die tweede tafel van die Morele Wet. Dit geld meer spesifiek die mens se pligte direk teenoor homself en sy medemens as beeld(e) van God.

Die Vyfde Gebod⁵⁹ verg eerbetoning aan jou meerderes (Eks. 20:12 en Deut. 5:16). Hier bespreek Calvyn Levitikus 19, en dan gee hy “Aanvullings”⁶⁰ oor die paslike strawwe indien die verskillende behoorlik-aangestelde owerhede trotseer word (Eks. 21 en Deut. 16 en 21 tot 22).

Dan, onder die Sesde Gebod⁶¹ teen moord (Eks. 20:13 en Deut. 5:17), bespreek Calvyn Levitikus 19. Hy gee ook die “Seremoniële Aanvullings van die Sesde Gebod.”⁶² Hier behandel hy rituele versoening vir strafbare manslag (Deut. 21) en die verbode drink van bloed (Deut. 12 en Lev. 17). Dan, in sy “Politieke Aanvullings van die Sesde Gebod,”⁶³ behandel hy die wetlike strawwe vir moord en manslag en verwonding (Lev. 24, Eks. 21 en Deut. 17), beserings wat deur nalatigheid veroorsaak is (Deut. 22), ontvoering (Deut. 24), die metode van doodstraf (Deut. 21), lyfstraf (Deut. 25), persoonlike verantwoordelikheid (Deut. 24), reëls van oorlog (Deut. 20), verdrukking (Deut. 23), menslikheid teenoor diere (Deut. 22 en Eks. 23), en toevlugsoorde (Num. 35).

Die Sewende Gebod⁶⁴ raak aan geslagtelike reinheid (Eks. 20:14 en Deut. 5:18). Hier, na behandeling van Levitikus 18, gee Calvyn ook “Politieke Aanvullings”⁶⁵ oor

⁵³ *Ibid.*, II, p. 115vv., uiteensettende vanuit Eks. 34 en Deut. 4:16,23,14 en Eks. 20:25,27 en Num. 7 en Eks. 26 tot 30 en Eks. 28 tot 29 en Lev. 6 en Num. 8 en 3 en Lev. 8 en 21 en Deut. 31 en Lev. 10 en 21 tot 22 en Num. 6 en 35 en 18 en 4 en Lev. 17 en Deut. 17 en Num. 5 en 18 en 5 en Lev. 7.

⁵⁴ *Ibid.*, p. 386vv.

⁵⁵ *Ibid.*, p. 408vv.

⁵⁶ *Ibid.*, p. 431vv.

⁵⁷ *Ibid.*, p. 432vv.

⁵⁸ *Ibid.*, p. 445vv.

⁵⁹ *Ibid.*, III, p. 5vv.

⁶⁰ *Ibid.*, p. 13vv.

⁶¹ *Ibid.*, p. 20vv.

⁶² *Ibid.*, p. 25vv.

⁶³ *Ibid.*, p. 33vv.

⁶⁴ *Ibid.*, p. 68vv.

homoseksualiteit en verdierliking (Lev. 18 en Eks. 22), prostitusie (Lev. 19 en Deut. 23), owerspel (Lev. 20 en Deut. 22), verleiding (Lev. 19), huwelik (Eks. 21), bruidskatte (Eks. 22), oorlogsbruide (Deut. 24), beproewingsverhore vir verdagte huweliksontrou (Num. 5), maagdelikheidswette (Deut. 22), egskeiding (Deut. 24), en bloedskande (Lev. 18). Dan, onder “Juridiese” of “Politieke” Aanvullings⁶⁶ tot dié gebod, sluit Calvyn ook strawwe vir bloedskande (Lev. 20) en vir onkuise gedrag (Deut. 25) in, asook ’n vereiste dat kleredrag kuis moet wees (Deut. 22).

Die Agtste Gebod⁶⁷ verdedig private eiendom (Eks. 20:15 en Deut. 5:19). Hier neem Calvyn standpunt in teen diefstal, bedrog en verdrukking (Lev. 19 en Deut. 24) – veral ten koste van inwonende vreemdelinge (Eks. 22 en Lev. 19) en weduwees en weeskinders (Deut. 10). Op soortgelyke wyse veroordeel hy hier ook bedrieglike gewigte en mate (Lev. 19 en Deut. 19), wrede verpandingsvereistes (Eks. 22 en Deut. 24), woeker of buitensporige rentekoers (Eks. 22), die nie-teruggee van verlore eiendom (Deut. 22 en Eks. 23), die nalaat van restitusie (Num. 5), omkoperij (Eks. 23), en onregverdigheid (Eks. 23). Dan, onder “Politieke Aanvullings,”⁶⁸ bespreek Calvyn strawwe vir diefstal (Eks. 22 en Lev. 22), die herstmiddel vir eiendomsbeskadiging deur nalatigheid veroorsaak (Eks. 21), naversamelingswette (Deut. 23 en Lev. 19), kwytskelding van skuld (Deut. 15), slawernywette (Eks. 21, Deut. 15 en Lev. 25), noodverkope van toekomstige oeste (Lev. 25), sorg vir bome (Deut. 20), huwelikseiendom en erfwette (Deut. 21), oorlogsproduksie (Deut. 20), en Leviraateiendom (Deut. 25).

Onder die Negende Gebod,⁶⁹ word akkurate rapporteerwerk vereis (Eks. 20:16 en Deut. 5:20). Hier bespreek Calvyn Eksodus 23 en Levitikus 19 in sy “Aanvullings tot die Negende Gebod.”⁷⁰ Dan behandel hy die prosedure en die straf vir meineed (Deut. 19:16-21).

So bespreek Calvyn ook die Tiende Gebod⁷¹ teen hebsug (Eks. 20:17 en Deut. 5:21). Hier behandel hy ook die “Opsomming van die Wet”⁷² in terme van Deuteronomium 10 en Levitikus 19 – onder die “Gebruik van die Wet.”⁷³ Dan noem hy ook die “Sanksies van die Wet bevat in die Beloftes en Dreigemente”⁷⁴ van Levitikus 18 en 26 en Deuteronomium 4 en 7 en 11-12 en 27-30.

Hier moet ons Calvyn se bydrae⁷⁵ tot die ontleding van die Morele Wet in die lig van die Mosaïese wetgewing opsom. Onder die Eerste Gebod, verwys hy na Deuteronomium 7:6,

⁶⁵ *Ibid.*, p. 71-72vv.

⁶⁶ *Ibid.*, p. 106,108vv.

⁶⁷ *Ibid.*, p. 110vv.

⁶⁸ *Ibid.*, p. 140vv.

⁶⁹ *Ibid.*, p. 179vv.

⁷⁰ *Ibid.*, p. 185vv.

⁷¹ *Ibid.*, p. 186.

⁷² *Ibid.*, p. 190vv.

⁷³ *Ibid.*, p. 196vv.

⁷⁴ *Ibid.*, p. 201vv, besprekende Lev. 18:5; Deut. 27:11-26; 11:26-32; Lev. 26:3-13; Deut. 28:1-14; 7:9-15; 12:28; Lev. 26:14-45; Deut. 28:15-68; 4:25-31; 29:10-28; 30:1-20.

⁷⁵ Calvyn se volle bydrae tot die ontleding van die Morele Wet wag steeds op kollasie vanuit sy *Institusie*, sy *Kommentare*, sy *Katagismus*, sy *Traktate en Verhandeling*, sy *Kerklike Verordinerings*, en sy ander besprekings elders in sy *Opera Omnia*.

14:2, 26:18 en Levitikus 19:2, ens.⁷⁶ Onder die Tweede Gebod, verwys hy na Deuteronomium 4:15, ens.⁷⁷

Onder die Derde Gebod, verwys hy na Levitikus 19:12 en Eksodus 22:11, ens.⁷⁸ En onder die Vierde Gebod, verwys hy na Numeri 13:22 en Eksodus 31:13-17 en 23:12 en Deuteronomium 5:14, ens., en voeg by: “Wie kan ontken dat beide (Deut. 5:14 en Eks. 23:12) aan ons ewe toepaslik is as wat dit vir die Jode was?”⁷⁹

Onder die Vyfde Gebod, verwys hy na Eksodus 21:12 en Levitikus 20:9 en Deuteronomium 5:16 en 21:18, ens.⁸⁰ Onder die Sesde Gebod, verwys hy na Eksodus 20:13 en 23:5 en Levitikus 17:10 en 19:14-17v.,²⁸ en 24:17-32 en Numeri 35:9-34 en Deuteronomium 5:15,23 en 12:15-27 en 17:6 en 19:1-15 en 20:10-18 en 21:1-9,22v. en 22:4-8 en 24:7,16 en & 23:15v. en 25:1-3.⁸¹ Onder die Sewende Gebod, verwys hy na Numeri 25:9 (vgl. I Kor. 10:8!) en Deuteronomium 22:5,12 en Levitikus 18:6 etc.⁸² Onder die Agtste Gebod, verwys hy na Deuteronomium 15:1,13 en 23:24 en 24:10,14 en 19:14 en 25:4 en Lev. 19:9v., 33,35 en 24:33 en 25:42 en Eksodus 22:25, ens.⁸³ Onder die Negende Gebod, verwys hy na Eksodus 23:1,7 en Levitikus 19:16,17, ens.⁸⁴ En onder die Tiende Gebod, verwys hy na Deuteronomium 5:21 (vgl. Rom 7:7, 13, 14 en Jak. 1:15), ens.⁸⁵

Drie finale opmerkings moet oor Calvyn en die Tien Gebooe gemaak word. Hulle is soos volg.

Eerstens, hy beklemtoon hul “geestelikheid” – d.w.s. nie die “ver-ont-konkret-isering” of die “ander-wêreld-liking” nie, maar wel die mens se interne motivering om die Tien Gebooe uitwendig te wil hou. Want Calvyn het geglo dat, “in die Wet, die menslike lewe nie bloot in uitwendige ordentlikheid nie maar ook in inwendige geestelike geregtigheid onderrig word.”⁸⁶

Tweedens, hy het begryp dat die Dekaloog deur positivering en “sinegdoge” of “saamwees” (*pars pro toto*) gekenmerk word. Want “daar is altyd meer in die vereistes en die verbiede van die Wet as wat in woorde uitgedruk word.”⁸⁷

En derdens, die Morele Wet benodig kontrastering. Want “indien dit God behaag, die teenoorgestelde daarvan is mishaaglik; en indien dat mishaag, die teenoorgestelde daarvan is welbehaaglik.”⁸⁸

Dr. Calvyn se standpunt is ook baie nou gevolg veral in die Calvinistiese *Westminsterse Groter Kategismus* se agt “reëls... wat vir die regte begrip van die Tien Gebooe nagekom

⁷⁶ Calvyn se *Institusie* II:8:14.

⁷⁷ *Ibid.*, II:8:17.

⁷⁸ *Ibid.*, II:8:24-26.

⁷⁹ *Ibid.*, II:8:29-32.

⁸⁰ *Ibid.*, p. 25vv., en vgl. ook p. 33vv.

⁸¹ *Ibid.*, II:8:36.

⁸² Vgl. notas 65-66.

⁸³ Vgl. notas 67-68.

⁸⁴ Calvyn se *Institusie* II:8:47; vgl. sy *Kommentaar* op Lev. 19:17 (vgl. Matt. 18:15!) in sy *HP*.

⁸⁵ Calvyn se *HP*, III, pp. 187-189.

⁸⁶ Calvynse *Institusie* II:8:6-7.

⁸⁷ *Ibid.*, II:8:8a.

⁸⁸ *Ibid.*, II:8:8b.

moet word.”⁸⁹ Hier, weer eens – hoewel die Tien Gebooe inderdaad die veelomvattende opsomming van die Morele Wet en die enigste manier is om dit netjies af te baken – sien ons ook baie duidelik dat die Morele Wet self heelwat breër as net die Dekaloog is.

So is die *Kategismus* se eerste reël dié van die volmaaktheid van die Dekaloog. Daarmee word bedoel dat die Morele Wet die uiterste volmaaktheid in elke plig vereis, en ook die minste graad van elke sonde verbied.⁹⁰

Die *Kategismus* se tweede reël is die geestelikheid van die Dekaloog. Dit toon dat die Morele Wet tot in die verstand, wil, emosies en alle ander vermoëns van die siel asook in woorde en werke en gebare ingryp.⁹¹

Die *Kategismus* se derde reël is die innekaarsluiting van die Dekaloog. Dit toon hoedat die verskillende Gebooe van die Morele Wet a.g.v. dié grendeling of oorvleuelende vervlegtheid daarvan, dieselfde ding mag vereis of verbied.⁹²

Die *Kategismus* se vierde reël is die kontrariteit van die Dekaloog. Dit toon dat die bevole pligte van die Morele Wet ook die teenoorgestelde sondes verbied (en andersom).⁹³

Die *Kategismus* se vyfde reël is die tydigheid van die Dekaloog. Dit toon dat ons dit wat kwaad is, nooit mag doen nie; maar dat ons nié te alle tye elke besondere plig hoof te verrig nie.⁹⁴

Die *Kategismus* se sesde reël is die sinegdoge van die Dekaloog. Daarmee word bedoel dat een sonde of plig wat in die Morele Wet genoem word, ook allerlei soortgelyke sondes verbied of pligte beveel.⁹⁵

Die *Kategismus* se sewende reël is die afdwingbaarheid van die Dekaloog. Daarmee word ons elkeen volgens ons verskillende plekke en rolle verplig om ook andere te bemoedig om sondes te vermy en om die pligte van die Morele Wet na te kom.⁹⁶

Die *Kategismus* se agtste reël is die hulpvaardigheid van die Dekaloog. Daarmee word ons elkeen volgens ons plekke en rolle verplig om andere te help met die verrigting van hul pligte en die vermyding van sondes volgens die Morele Wet.⁹⁷

Soos reeds daarop gewys, moet die seremoniële en die juridiese wette van mekaar onderskei word – en veral van die Morele Wet of Natuurwet afgebaken word. Dog aldrie van hulle oorvleuel mekaar.

⁸⁹ WGK 99.

⁹⁰ WGK 99, aanhalende Ps. 19:7 en Jak. 2:10 en Matt. 5:21-22.

⁹¹ WGK 99.2p, aanhalende Rom. 7:14 en Deut. 6:5 en Matt. 22:37-39 en 5:21-44.

⁹² WGK 99.3q, aanhalende Kol. 3:5 en Am. 8:5 en Spr. 1:19 en I Tim. 6:10.

⁹³ WGK 99.4rstuv, aanhalende Jes. 58:13 en Deut. 6:13 en Matt. 4:9-10 en 15:4-6 en 5:21-25ff en Ef. 4:28 en Spr. 30:17 en Jer. 18:7-8 en Ps. 15:1-5 en 24:4-5.

⁹⁴ WGK 99.5wxy, aanhalende Job 13:7-8 en Rom. 3:8 en Job 36:21 en Heb. 11:25 en Deut. 4:8-9 en Matt. 12:7.

⁹⁵ WGK 99.6z, aanhalende Matt. 5:21-28 en 15:4-6 en Heb. 10:24 en I Tess. 5:22 en Judas 23 en Gal. 5:26 en Kol. 3:21.

⁹⁶ WGK 99.7a, aanhalende Lev. 19:17 en Gen. 18:19 en Jos. 24:15 en Deut. 6:6-7.

⁹⁷ WGK 99.8bc, aanhalende II Kor. 1:24 en I Tim. 5:22 en Ef. 5:11.

Dit geld vir die Ou Testament, bv. by Eksodus 20 tot 25 en by Deuteronomium 5 to 28. Inderdaad, dit geld ook vir die Nuwe Testament (bv. by Romeine. 7:2-25 en Hebreërs 8 tot 10, en veral by 9:4).

“Elke sonde,” verduidelik die *Westminsterse Geloofsbelydenis*, “is ’n oortreding van die regverdigte Wet van God (I Joh. 3:4).”⁹⁸ Maar “Christus het vir gelowiges... vryheid van die skuld van die sonde gekoop,” en ook van “die vloek van die Morele Wet” oftewel die uiteindelijke straf wat vir verbrekers van die Dekaloog voorgeskryf word⁹⁹ – welke Dekaloog selfs gelowiges natuurlik moet nakom, uit dankbaarheid vir hul verlossing.¹⁰⁰

Christus het die volle prys van Sy volk se oortreding van die ganse Wet betaal – moreel en seremonieel en juridies. Op Golgota het Christus die vyandskap van ons sondes afgeskaf, die Morele Wet vervul, en die seremoniële wette herroep – terwyl die juridiese wette gedurende daardie selfde geslag in 70 n.C. verval het. Al die seremoniële en etlike van die juridiese wette van Israel – behalwe insoverre as wat hul “morele pligte” en “algemene billikheid” dit steeds mag “vereis” – geld nie meer vir enigiemand nie. Maar God se Morele Wet verbind almal nog steeds – ten volle, en vir ewig. Vandaar dat dié Morele Wet ook selfs deur geregverdigde Christene tot in die fynste besonderheid nagekom moet word.

Te meer. Selfs dit wat die *Westminsterse Geloofsbelydenis* die “morele pligte” van die seremoniële wette en die “algemene billikheid” van die etlike juridiese wette noem¹⁰¹ – dit wil sê, die “lig van die natuur” of die natuurwette of die morele Dekaloog aan die wortel van alle Ou-Testamentiese wetgewing – geld selfs vandag ook onder die Nuwe Testament. **En die Morele Wet geld nie slegs vir die Kerk nie maar ook vir die Staat en inderdaad selfs dwarsdeur die gemeenskap.** Presies die Tien Gebooie is dit wat inderdaad “vereis” dat mense hul veelomvattende “morele pligte” (wat voorheen selfs in die seremoniële wette uitgedruk is) moet nakom, en die “algemene billikheid” (wat voorheen ook in die etlike juridiese wette uitgedruk is) moet betoon.

Die oer-oue Israelitiese forme van “etlike juridiese wette” geld nie meer nie, na die opskorting van die ou-Israelitiese staat in 70 n.C. Maar, soos John Macpherson in sy boek *Die Westminsterse Geloofsbelydenis: Met Inleiding en Notas* dit gestel het, hoewel die “vorm” in die etlike juridiese wette “verbygaan, die wese duur voort.”¹⁰² Gevolglik – soos deur die *Geloofsbelydenis* met sy opvatting van Matteus 5:17v. beweer¹⁰³ – die “morele pligte” en die “algemene billikheid” wat binne-in al dié seremoniële en etlike juridiese wette inherent is, sal nes die nié-etlike juridiese wette en die Dekaloog self tot aan die voleinding van die wêreld aanhou.

As sodanig moet dié “morele pligte” en dié “algemene billikheid” deur alle mense orals erken word. Dit moet dan ook vandag gehandhaaf word, asook dwarsdeur alle eeue wat nog kom – deur die Christene as God se ware uitverkore volk.

⁹⁸ WGB 6:6n.

⁹⁹ WGB 20:1a.

¹⁰⁰ WGB 19:5hik.

¹⁰¹ WGB 19:3-4.

¹⁰² Edinburgh: Clark, 1882, p. 119 vgl. p. 137.

¹⁰³ WGB 19:3e,4g,5hik.

Want, soos Calvyn self tereg opgemerk het:¹⁰⁴ “Hoewel die politieke wette van Moses nie nou in werking is nie, moet die analogie nog altyd bewaar word. Anders word die toestand van dié wat deur die bloed van Christus gered is, onder ons erger as dié van Sy volk van ouds!”

“Die Morele Wet, dan” – beklemtoon Calvyn – “word onder twee hoofde bevat. Die een beveel ons eenvoudig om God met ware geloof en toewyding te aanbid. Die ander [beveel ons] om mense met opregte liefde te omhels. Dit is die ware en ewige reël van geregtigheid wat voorgeskryf word aan die mense van alle nasies en vir alle tye, wat hul lewens in ooreenstemming met die wil van God wil aanpas.”¹⁰⁵

Die Skrif self verduidelik dat God se geboorte “baie breed” was – selfs wat hul Ou Testamentiese toepassing op die menslike lewe betref (Ps. 119:96). Maar toe Christus Self met Sy vleeswording na die aarde kom, sou Hy “die onderwysing groot en heerlik[er] maak.” Ja, Hy sou “die Wet [selfs] vergroot” – sowel Hy, asook Sy Wet op Wie en waarvoor al die nasies gewag het (Jes. 42:4,21 vgl. Matt. 5:17-39v.)

Selfs voordat Calvyn gesterwe het, het die *Nederlandse Geloofsbelydenis* aan die destyds-gereformeerde en stoere Hollanders verklaar: “Ons glo dat die seremonies... met die koms van Christus opgehou het... Dog hul waarheid en wese bly by ons.” Te meer. “Ons gebruik nog altyd die getúienisse wat uit die Wet geneem word... om ons lewens in alle eerlikheid tot verheerliking van God te reguleer.”¹⁰⁶

Die “waarheid en wese” van die opgehoue seremoniële wette dan “bly by ons” – by ons wat Christene is! En die juridiese wette is nog altyd grootliks in gebruik onder ons Christene. Want “ons gebruik nog altyd die getúienisse... om ons lewens te reguleer!”

Dit beteken, soos baie van die gereformeerde teoloë van Nederland heel onlangs weer eens verklaar het, dat “die Gees van die burgerlike wette van Moses, soos deur Christus verklaar, van permanente geldigheid is... Want hoewel die Ou-Testamentiese ordinansies... na heel anderse toestande verwys... , word ’n magtige boodskap steeds verkondig deur hul konkrete toepassing van die liefdesgebod – veral wat betref probleme wat op eiendom en sosiale relasies betrekking het – teenoor allerlei... neo-sosialistiese invloede.”¹⁰⁷

“Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en ek sal vir hom God wees, en hy sal vir My ’n seun wees.”¹⁰⁸ “Maar die vreesagtiges en die ongelowiges en die verfoeilikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en alle leuenaars, sal hulle deel hê in die poel wat met vuur en swawel brand – wat die tweede dood is.”¹⁰⁹

“Hy wat onregverdig is, laat hom nog meer onregverdig word! Maar hy wat regverdig is, laat hom nog méér regverdig word! En hy wat heilig is, laat hom nog heiliger word!”¹¹⁰

¹⁰⁴ Calvyn se *Kommentaar* op Lev. 25:42.

¹⁰⁵ Calvyn se *Institusie* IV:20:15.

¹⁰⁶ *NGB*, art. 25.

¹⁰⁷ Vgl. red. F.L. Bos se werk *Die Ware Christelike Belydenis van die Kerke van Nederland* (Kok, Kampen, 1957, p. 129).

¹⁰⁸ Opb. 21:7.

¹⁰⁹ Opb. 21:8.

¹¹⁰ Opb. 22:11.

“Salig is dié wat Sy gebooië hou, sodat hulle die reg tot die lewensboom mag hê, en mag ingaan deur die poort in die stad! Want buitekant is die honde [of die sodomiete] en towenaars en hoereerders en moordenaars en afgodedienaars en elkeen wat leuens maak en liefhet.”¹¹¹ So dan, sê Jesus, “as julle My liefhet – bewaar My gebooië!”¹¹²

¹¹¹ Opb. 22:14vv.

¹¹² Joh. 14:15.

God se Wet in die Bergrede

deur dr. F.N. Lee

Kom ons lees saam vanuit die Here Jesus se langste bewaarde preek. In die 1933 Afrikaanse Bybel se Hersiene Vertaling van die eerste gedeelte van die Bergrede in Matteus 5, lui dit:

“En toe Hy die skare sien, het Hy op die berg geklim; en nadat Hy gaan sit het, het Sy dissipels na Hom gekom; en Hy het Sy mond geopen en hulle geleer en gesê:

Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele! Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word! Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe! Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word! Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word! Salig is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien! Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word! Salig is die wat vervolgt word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele! Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolgt en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil! Verbly en verheug julle, omdat julle loon groot is in die hemele! Want so het hulle die profete vervolgt wat voor julle gewees het.

Julle is die sout van die aarde. Maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die mense vertrap te word nie. Julle is die lig van die wêreld. ’n Stad wat bo-op ’n berg lê, kan nie weggesteek word nie; en ’n mens steek ook nie ’n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader Wat in die hemele is, verheerlik!

Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontbind nie! Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar, Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die Wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie Gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die Koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: ‘Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan moet verantwoording doen voor die gereg!’ Maar Ek sê vir julle, dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê ‘Raka!’ moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: ‘Jou dwaas!’ moet verantwoording doen in die helse vuur. As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou

het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder en kom dan en bring jou gawe!

Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty solank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat dié teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie! Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie!

Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: ‘Jy mag nie egbreek nie!’ Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na ’n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie! En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie!

Daar is ook gesê: ‘Elkeen wat van sy vrou skei, moet haar ’n skeibrief gee!’ Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg; en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk.

Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: ‘Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ede aan die Here hou!’ Maar Ek sê vir julle: ‘Sweer hoegenaamd nie! – nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van Sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning; ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie!’ Maar laat julle woord wees: ‘Ja, ja; nee, nee!’ Wat meer as dit is, is uit die Bose.

Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Oog vir oog en tand vir tand!’ Maar Ek sê vir julle dat julle ’n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe! En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem – laat hom ook die bo-kleed kry! En elkeen wat van jou een myl afdwing – loop met hom twee myl saam! Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie!

Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat!’ Maar Ek sê vir julle: ‘Julle moet jul vyande liefhê; seën dié wat vir julle vervloek, doen goed aan dié wat vir julle haat, en bid vir dié wat julle beledig en julle vervolg – sodat julle kinders kan word van julle Vader Wat in die hemele is; want Hy laat Sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges! Want as julle liefhet dié wat vir julle liefhet, watter loon het julle? Doen die tollenaars nie ook dieselfde nie? En as julle net jul broeders groet – wat besonders doen julle dan? Doen die tollenaars nie ook so nie? Wees julle dan volmaak, soos julle Vader in die hemele volmaak is!’”

Nou is dit dadelik vanuit die bg. perikoop baie duidelik dat Christus hier glad nie enige van die Tien Gebooe enigermate verswak nie. Inteendeel. Die klem is hier deurgaans juis daarop dat veral Christene die Dekaloog tot aan die einde van die wêreldgeskiedenis moet nakom. Inderdaad, etlike kere keur Jesus hier ook die Bybelse burgerlike strawwe teen misdade goed.

Hierna wil ons nou graag ons eie uitgebreide en vrye parafrase van bg. perikoop weergee. Dit doen ons om die betekenis van die skrywer van ouds se sentrale idees in moderne Afrikaans vir ons eie 21-eeuse tydperk te beskrywe.

So sal ons ook spoedig besef dat die Bergrede self wesenlik Jehova-Jesus se geïnspireerde parafrase van Sy Eie oeroue Dekaloog is, wat anderhalfmillennium vóór Sy vleeswording deur Hom Self as die Tweede Persoon van die Drie-enige God aan Moses op die berg Sinai geopenbaar is. Want in Sy Bergrede het Christus die presiese betekenis van die Tien Gebooie in die Wet van Moses aangedui, deur dit in die vleesgeworde Heiland se Eie woorde onfeilbaar dog omskrywend te parafraseer – sodat juis Sy eie verwarde tydgenote dit onvermydelik en glashelder kon verstaan.

Nou kan ek self, as gevalle sondaar, natuurlik nóg ’n onfeilbaar-geïnspireerde vertaling nóg ’n onfeilbaar-geïnspireerde parafrase van dié perikoop gee soos die onfeilbare Jesus Self gedoen het. Maar hier wil ek wel probeer – om sowel ’n redelike vertaling vanuit die oorspronklike Grieks in moderne Afrikaans saam met ’n strenge parafrase aan te bied.

Sodoende sal gesien word dat die sentrale boodskap van dié perikoop, die Morele Wet van Jehova-Jesus is. En sodoende word ook die Bergrede se sentrale Bybelse fokus op die Berg Sinai se Morele Wet van die Koninkryk van die hemele, dwarsdeur behou. Hier volg my eie parafrase [tussen hakies] saam met my eie (onlangse) vertaling:–

En toe Hy (Jesus) die skare sien, het Hy op die Berg geklim [net soos Moses by die Berg Sinai]. En nadat Hy gaan sit het, het Sy dissipels na Hom gekom. En Hy het Sy mond geopen en sowel vir Sy dissipels asook vir die skares geleer en gesê:

Salig is die wat arm van gees is [of wat daarna verlang dat God se ryke Gees die geregtigheid van die Wet om Christus ontwil binne-in hulle sal vervul], want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele! Salig is die wat treur [oor hul sonde wat die oortreding van die Wet is], want hulle sal vertroos word [wanneer die Heilige Trooster die Wet van God op hul harte skrywe]! Salig is die sagmoediges [of dié wat hulle aan God se Heilige Wet onderwerp] – want hulle sal die aarde beërwe! Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid [en wat begeer om Wetsgehoorsame mense te word], want hulle sal versadig word [en nie begeer nie maar intendeel juis die Tiende Gebod sal hou]!

Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word [en vergifnis van hul eie oortredings van die Wet van God ontvang]! Salig is dié wat rein van hart is [en wat owerspel nie pleeg nie maar die Sewende Gebod nakom], want hulle sal God sien! Salig is die vredemakers [of dié wat nie doodslaan of vermoor nie maar die Sesde Gebod nakom], want hulle sal kinders van God [of geregverdigde Christene] genoem word! Salig is die wat vervolgd word ter wille van die geregtigheid [vanweë hul lojaliteit aan die Tien Gebooie], want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele! Salig is julle wanneer die mense julle beledig [en die Derde Gebod oortree] en vervolgd [en die Sesde Gebod oortree] en valslik allerhande kwaad teen julle spreek [en die Negende Gebod oortree deur julle wetties te noem] om My ontwil! Verbly en verheug julle, omdat julle loon groot is in die hemele [vir jul goeie werk dat julle die Morele Wet uit God se genade en uit dankbaarheid jeens Hom wou hou weens Sy getroue barmhartigheid jeens julle]! Want so het hulle die profete vervolgd wat voor julle gewees het [en wat gepreek het dat God se Wet onderhou moet word].

Julle is die sout van die aarde [en moet 'n wetsgehoorsame soutigheid aan 'n andersins geurlose en wettelose mensdom meedeel]. Maar as die sout laf geword het, waarmee sal dit gesout word [aangesien soutigheid slegs in sout self gevind kan word]? Dit deug nêrens meer voor as om buite gegooi en deur die [wêreldse] mense vertrap te word nie. Julle is die lig van die wêreld [en moet dit verlig].

'n Stad [nl. die Godstad oftewel die Christelike Kerk wat deur Christus dié Rots gestig is] wat bo-op 'n berg lê [soos die berg Sinai of soos die Bergrede se berg of soos die berg van Golgota], kan nie weggesteek word nie! [Want “in die laaste dae sal die berge van die Huis van die Here vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en ál die nasies sal daarheen toestroom... Want uit Sion (oftewel die Christelike Kerk) sal die Wet (tot die ganse wêreld) uitgaan.”]

En 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is. Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien [oftewel die vrugte van jul gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie] en julle Vader Wat in die hemele is, [uiteindelik sal] verheerlik!

Moenie [eens begin] dink dat Ek [Wat 'Ek is'] gekom het om [of] die Wet of die Profete te [begin sloop of te] ontbind nie! Ek [Jehova-Jesus] het nie gekom om te [begin] ontbind nie, maar om [finaal] te vervul. [Ek het gekom om die Ou-Testamentiese kanon klaar te bou, deur selfs die Nuwe Testamentiese kanon langsaan die Pentateug en die Profete te voltooi, om hulle tot volle maat te bring, en om die Wet sodoende te vergroot en nog heerliker te maak. Janee!] Want voorwaar, Ek [Jehova-Jesus] sê vir julle [almal], voordat die hemel en die aarde verbygaan [en selfs wanneer die hemel en die aarde aan die einde van die wêreldgeskiedenis wegsmelt], sal nie een jota of een titteltjie [of een dotjie van een enkele letter “i” of een strepie deur een enkele letter “t”] van die Wet [oftewel die Skrifte van die ganse Ou Testament] ooit verbygaan [of selfs tydelik wegsmelt], totdat alles gebeur het nie. [Want selfs wanneer die hemel en die aarde in die tyd van hul finale vernuwing tydelik sal wegsmelt – sal God se Woord nooit saam daarmee wegsmelt nie.]

Elkeen dus wat een van die minste van hierdie Gebooie [begin] breek [en bly losmaak, of wat selfs ‘die minste’ van dié Gebooie van die hierondergenoemde Dekaloog (teen moord en diefstal en owerspel ens.) wat in die bogenoemde Pentateug bevat word], en die mense só [begin] leer [dat die Tien Gebooie nie meer volledig bindend op alle mense orals is nie – hy] sal die minste genoem word wat betref die Koninkryk van die hemele [waarvan hy self nie eens 'n burger is nie]. Maar elkeen wat dit [(die Tien Gebooie) so bly] doen en [so bly] leer – sal ‘groot’ genoem word in die Koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle [almal] dat, as julle geregtigheid [of Wetsgehoorsaamheid] nie oorvloediger is as dié van die Skrifgeleerdes en Fariseërs nie [– wat self die Dekaloog gedurig oortree en wat op dispensasionalistiese wyse ook vir ander leer om so te maak] – julle [nes die Skrifgeleerdes en die Fariseërs] nooit in die Koninkryk van die hemele sal ingaan nie!

Julle het [van die Fariseërs] gehoor dat [dit voorheen deur hulle voorgangers] aan die [sogenoemde] ‘mense van die ou tyd’ gesê is: ‘Jy mag nie doodslaan nie!’ [– deur onwettiglik en opsetlik iemand anders se lewe te beëindig]. Want elkeen wat doodslaan, moet [voor die regter] verantwoording doen voor die gereg.

[Dit was inderdaad presies wat deur die sogenoemde ‘mense van die ou tyd’ aan daardie voorgangers van die Fariseërs gesê is – maar dit is nie wat God die Seun voorheen vir daardie voorgangers gesê het nie! Want God die Seun oftewel Jehova-Jesus het die Tien Gebooe aan Moses vóór die tyd van die sogenoemde ‘mense van die ou tyd’ en selfs voor die tyd van hulle onmiddellike voorgangers gegee. Maar die Sesde Gebod wat Christus aan Moses gegee het, is eenvoudig: ‘Jy mag nie doodslaan nie!’

So het die Fariseërs hul éie woorde aan die Sesde Gebod bygevoeg – en sodoende die betekenis van die woorde van die Gebod self, verminder. Sodoende het hulle en al hul volgelinge (ook vandag) gekom onder die vloek van God Wat in die Skrif verklaar dat geen mens ooit aan Sy Heilige Gebooe mag toevoeg of daarvan mag weglaat nie. Want die Fariseërs het geleer dat die Sesde Gebod slegs oortree word wanneer iemand inderdaad vermoor is.

Maar Ek [Jehova-Jesus] sê vir julle dat [“Jy mag nie doodslaan nie!” ook beteken dat] elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg [van die Kerkraad]; en elkeen wat vir sy broeder ‘Raka!’ [of “Jou veragtelike skurk!”] sê, moet verantwoording doen voor die Groot Raad [of die Ring]; en elkeen wat [vir sy broeder] sê ‘Jou [immorele] dwaas!’ moet verantwoording doen in die helse vuur [en van die volk van God ekskommunikeer word]. As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder [regverdiglik] iets teen jou het [vanweë ‘iets moorddadigs’ wat jy vir hom gesê het of hoe gering ook aan hom gedoen het] – laat jou gawe daar teenoor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom bring dán jou gawe [tot by die altaar]!

[Die Fariseërs het glo ook geleer: “Moenie steel nie; maar dit is in orde as julle iets bly skuld wat jy nie (langer) mag besit nie – tot op dié tyd wanneer die eenaar daarvan eintlik ’n regsak teen jou aangaan om dit terug te kry!” Maar die Agtste Gebod wat Moses van God ontvang het, heet eenvoudig: “Jy mag nie steel nie!” God die Seun het dié Gebod aan alle mense gegee. Dit beteken dat hulle mekaar hoegenaamd nie mag kul nie – nog in gedagte, woord of daad. Daarom:]

Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty [en bereik gou ’n ooreenkoms met jou wetlike teenstander wat daarop geregtig is om dit van jou terug te vorder wat jy hom skuld. Bereik gou dié ooreenkoms] solank jy nog saam met hom kan praat [en saam op pad is] – en voordat hy ’n regsak teen jou maak om dit wat jy hom skuld, terug te vorder], sodat dié teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie! Voorwaar Ek [Jehova-Jesus] sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie [of verskuldigde sent terug]betaal het nie!

Julle het [almal van die Fariseërs] gehoor dat aan “die mense van die ou tyd” [deur hulle voorgangers] gesê is: “Jy mag nie egbreek nie!” [en jou in die volste daad van geslagtelike omgang tussen ’n getroude vrou en iemand anders as haar eie man botvier]. Maar Ek [Jehova-Jesus] sê vir julle dat [die Sewende Gebod wat Moses self van My al lank voor die tyd van “die mense van die ou tyd” ontvang het – baie meer as net dit beteken het, en steeds beteken! Want “jy mag nie egbreek nie!” het altyd beteken en beteken nog steeds dat] elkeen [man of vrou] wat na ’n vrou [of man] kyk om haar [of hom geslagtelik] te begeer, reeds in sy hart met haar [of met hom] egbreuk gepleeg het.

.As jou regteroog [dan owerspelerig word en] jou dan [met owerspelerigheid] laat struikel – ruk dit [die owerspelerigheid] uit, en gooi dit weg van jou af! Want dit is vir jou beter dat een van jou [owerspelerige] lede vergaan, en nie dat jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. En as jou regterhand jou [met owerspelerigheid] laat struikel, kap dit [die owerspelerigheid] af, en gooi dit van jou af weg! Want dit is vir jou beter dat een van jou [owerspelerige] lede vergaan – en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie!

Daar is ook [deur die Fariseërs] gesê: “Elkeen wat van sy vrou skei, moet haar ’n skeibrief gee!” Maar Ek [Jehova-Jesus] sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg; en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk.

Verder het julle [van die Fariseërs] gehoor, dat aan “die mense van die ou tyd” [deur hulle voorgangers] gesê is: “Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet [dié van] jou ede aan die Here hou [wat jy aan die Here Self gesweer het]!” [hoewel ede wat by enigiets anders as die Naam van die Here Self gesweer is, nie bindend is nie. Vóór die tyd van “die mense van die ou tyd” het Jehova-Jesus egter sowel die Derde Gebod (“Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie!”) asook die Negende Gebod (“Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie!”) voorgeskryf.]

Maar Ek [Jehova-Jesus] sê vir julle [presies wat Ek vir Moses reeds op die berg Sinai gesê het, naamlik:] “Jy mag nie sweer nie!” [Want jy mag hoegenaamd nie sweer nie – selfs nie liggies nie! Jy mag] nie “by die hemel!” [sweer] nie, omdat dit die troon van God is; ook nie “by die aarde!” nie, omdat dit die voetbank van Sy voete is; ook nie “by Jerusalem!” nie, omdat dit die stad is van die groot Koning [Jehova-Jesus]; ook “by jou [eie] hoof!” mag jy nie sweer nie; omdat jy nie een haar [van jou hoof] wit of swart kan maak nie. [Slegs God kan dit veroorsaak, want slegs God het alles gemaak].

In al dié gevalle, waar “by my siel!” of “by my siks!” ens. gesweer word – kan net so goed as by God Self gesweer word, Wat jou hoof en jou siel ens. gemaak het. En om “by God!” oor enigiets anders as die allerbelangrikste sake te sweer – is godslastering, oftewel ’n oortreding van die Derde Gebod.

Te meer. Selfs wanneer nié onder ’n eed nie – behoort mens die waarheid ten alle tye te praat en nooit valse getuienis te spreek en so ’n oortreding van die Negende Gebod begaan nie. Daarom, dan: “Laat julle woord wees: ‘Ja, já; nee, néé!’” [“Laat jou ja, já beteken; en laat jou nee, néé beteken!” Want dit is die eintlike en oorspronklike strekking van sowel die Derde Gebod asook die Negende Gebod.] Wat [egter] meer as dit is, is uit die Bose.

Julle het [van die Fariseërs] gehoor dat daar [aan “die manne van die ou tyd” deur hulle voorgangers] gesê is: “Oog vir oog, en tand vir tand.” [Dit wil sê dat ’n oog vir ’n oog en ’n tand vir ’n tand wat opsetlik uitgeslaan is, letterlik ook uit die oortreder uitgeslaan moet word.

’n Rukkie gelede het Jesus Self na ’n paar van die juridiese aspekte van die strafreg gewys, juis ten opsigte van etlike oortredings van sommige van die Tien Gebooie (soos dié teen doodslag en diefstal en owerspel en godslastering en valse getuienis). In elke enkele geval moet presiese juridiese retribusie deur die betrokke geregshof geëis word. Want Jehova-Jesus Self het voorheen vir Moses vertel dat die verlies van ’n oog vergoed moet

word deur 'n regter se bepaling van die bedrag van daardie oog; en die verlies van 'n tand vergoed moet word deur 'n regter se bepaling van die bedrag van daardie tand.

Maar die Fariseërs het selfs dié reël verdraai. Hulle het dit wraaksugtig opgevat, en nie kompenserend nie. Hulle was nie tevrede met 'n geskikte boete as vergoeding nie. In plaas daarvan het hulle daarop aangedring dat 'n oog of 'n tand uitgeslaan moet word uit iemand wat óf toevallig óf opsetlik iemand anders se oog of tand uitgeslaan het.

Te meer. Die Fariseërs het dié reël slegs verder verdraai. Hulle het die beseerde party self aangemoedig om dié strawwe toe te dien, pleks dat die regter so moet laat maak.]

Maar Ek [Jehova-Jesus] sê vir julle [luisteraars, nie teen die bepaling van juridiese kompensering wat juis aan Moses geopenbaar is nie, maar sekerlik teen die Fariseërs se kwaadwillige verdraaiing daarvan], dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie [deur sêlf iemand wat boos is teen te staan asof ook julle sêlf óf misdadigers óf regters was]. Maar [eerder as om] iemand [wat] jou op jou regterwang slaan [sêlf onwettig terug te slaan, beskerm jou liewers op 'n wetlike manier!] Draai [dus die beseerde wang van hom af weg, al draai jy sodoende] ook die ander [wang] na hom toe [sodat jy daardeur juis jou pas-beseerde linkerwang des te beter kan beskerm]!

En hy wat met jou na die gereg wil gaan [om dit uit jou te kry wat hy meen jy hom skuld], en jou onderkleed [of baadjie op las van die regter] wil neem, laat hom ook die bo-kleed [of jou oorjas] kry [indien die regter ook dít aan hom toeken]! Elkeen wat [deur die mag van die swaard van die regter] van jou een myl afdwing [om sy goed vir hom te dra], loop met hom twee myl saam [indien geregtelik daartoe gedwing]!

[In die Tiende Gebod ([wat afgodiese hebsug verbied), het Jehova-Jesus aan Moses van ouds gesê: “Jy mag nie begeer nie!” Dit beteken – wees gelukkig met wat jy het; moenie gulsig wees nie, maar word vrygêwig ook aan andere! Daarom:] Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie! [Maar onthou, soos Jehova-Jesus Self beveel en Moses in die Heilige Skrif afgeskryf het – dat alles wat geleen is, ook teruggegee moet word!]

Jehova-Jesus het voorheen vir Moses gesê: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself!’ Dit is die hele opsomming van die tweede tafel van die Tien Gebooie [Levitikus 19:11-18], wat God se Morele Wet omvattend opsom. Dit is ook die opsomming van die ‘algemene billikheid’ van die Morele Wet wat nog altyd in die wese van die juridiese wette en hul strawwe vereis word.

Julle het [almal van die Fariseërs] gehoor dat daar [aan ‘die mense van die ou tyd’ deur hulle voorgangers] gesê is: “Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat!” [Die Fariseërs het egter nagelaat om te leer dat Moses beveel het dat mens jou naaste net soos jouself moet liefhê. So het die Fariseërs op 'n gruwelike wyse iets van God se Wet weggelaat.

Merk ook verder op, dat die Fariseërs mense geleer het om hul vyand te haat! So het die Fariseërs ook op 'n ewe gruwelike wyse iets aan God se Wet bygevoeg. Want Jehova-Jesus het nooit vir Moses of enigiemand anders gesê hy moet sy vyand haat nie.]

Maar Ek [Jehova-Jesus] sê vir julle [net soos Moses en ook andere deur My in Ou-Testamentiese tye beveel is]: ‘Julle moet jul vyande liefhê; seën dié wat vir julle vervloek, doen goed aan dié wat vir julle haat, en bid vir dié wat julle beledig en julle vervolg – sodat julle kinders kan word van julle Vader Wat in die hemele is! Want Hy laat Sy son opgaan oor slegtes [of oortreders van die Wet], en goeies [of daders van die Wet]. En Hy laat reën op regverdiges [of Wetsgehoorsame burgers van Sy Koninkryk] en onregverdiges [of Wetsoortreders].

Want as julle liefhet [slegs] dié wat vir julle liefhet – watter loon het julle? Doen die tollenaars nie ook dieselfde nie? [Hulle verbreek die Agtste Gebod teen diefstal; en die Negende Gebod teen valse getuienis; en die Tiende Gebod teen gierigheid.] En as julle net jul broeders groet – wat besonders doen julle dan? Doen die tollenaars nie ook so nie?

[Die Morele Wet is ’n perfekte openbaring van die goddelike natuur van Jehova-Jesus Self. In die tuin van Eden het Hy Sy Morele Wet op Adam sy hart geskrywe. Op die berg Sinai het Hy dit weer eens as Tien Gebooie aan Moses gegee. Op die Golgotaberg het Hy Self, as mens, dit volkome onderhou; en vir die oortredings daarvan deur Sy volk, gesterwe.

Dus hier, in die Bergrede, beveel Hy ook aan Sy dissipels en Sy ander luisteraars dat hulle dit volmaak moet probeer onderhou – uit dankbaarheid aan Hom, en as hulle manier van danksegging vir dit wat Hy vir hulle gedoen het en steeds doen. Daarom sê Hy vir hulle almal ten slotte:] “Wees julle dan volmaak, soos julle Vader in die hemele volmaak is!”

Die volgende kan dus as ’n redelike opsomming van Jesus se modelpreek in Matteus vyf beskou word:

- 1) Julle moenie eens begin om te vermoed dat Ek gekom het om óf die Wet óf die Profete te begin sloop nie! Ek het nie gekom om dit te begin sloop nie, maar om dit te voltooi... Want Ek sê vir julle, selfs by die wegsmelt van die hemel en die aarde wanneer alles ophou gebeur het, nie een jota of een titteltjie sal ooit uit die Wet wegsmelt nie!
- 2) Daarom, wie ook al begin en voortgaan om selfs een van die geringste van dié Gebooie te verslap en mense so te leer – sal self die minste genoem word wat die Koninkryk van die hemele betref. Maar wie ook al [dié ganse Tien Gebooie] bly nakom en bly leer, sal groot genoem word wat die Koninkryk van die hemele betref. Want Ek sê vir julle, tensy jul geregtigheid dié van die Skrifgeleerdes en die Fariseërs te bowe gaan, ook julle geensins in die Koninkryk van die hemele sal ingaan nie!
- 3) Julle het gehoor dat daar aan ‘die mense van die ou tyd’ gesê is: “‘Jy mag nie doodslaan nie!’... Julle het gehoor dat daar aan ‘die mense van die ou tyd’ gesê is: ‘Jy mag nie egbreek nie!’... Julle het gehoor dat daar aan ‘die mense van die ou tyd’ gesê is: ‘Jy mag nie godslastering pleeg nie!’... Julle het gehoor dat daar aan ‘die mense van die ou tyd’ gesê is: ‘Jy mag nie sweer nie!’... Daarom moet julle volmaak wees, net soos julle Vader Wat in die hemele is, volmaak is!”

Dit is baie duidelik dat die doel dwarsdeur hierdie hele hoofstuk van God se Woord glad nie enige van die Tien Gebooie wil laat verslap nie. Inteendeel. Hier word onweerlegbaar beklemtoon dat die Tien Gebooie veral deur Christene tot aan die einde van die wêreldgeskiedenis onderhou moet word. Inderdaad, etlike kere het die Here Jesus hier selfs

Sy goedkeuring gegee aan burgerlike strawwe teen sulke oortredings van die Dekaloog wat nie net sondes nie maar ook misdade is.

Dit is verder interessant dat ook Engeland se grootste Koning ooit, Alfred die Grote, rondom 880 n.C. sy *Wetskode* van 'n lang inleiding voorsien het. Dié inleiding bevat vertalings van die Tien Gebooe en ook baie ander perikope bevattende juridiese wette vanuit die Bybelboek Eksodus. Dit word dan onmiddellik gevolg deur 'n uittreksel uit Christus se Bergrede. Daar beklemtoon Alfred juis die “jotas en titteltjies” van God se Wet en Sy Profete in Matteus 5:17v., en die “Gulde Reël” in Matteus 7:12. Eers daarná gaan hy voort om sy eie juridiese wette vir sy Middeleeuse Engeland te skrywe, wat waarlik 'n navolgenswaardige model vir alle ander lande is om ook iets soortgelyks aan te pak.

In sy kommentaar op Matteus 5:17-19 sê ook Calvyn: “Christus verklaar dus nou dat Sy leer glad nie teen die Wet is nie... Dit is volkome in ooreenstemming met die Wet en die Profete... Toegewyde aanbidders van God sou die Evangelie nooit omhels het nie, indien dit 'n rebellie teen die Wet sou gewees het... Hy voeg onmiddellik by wyse van bevestiging daaraan toe dat dit onmoontlik is vir slegs een puntjie van die Wet te faal. En Hy plaas 'n vloek op al dié leraars wat nie getrou arbei om die gesag daarvan te handhaaf nie...”

“Ten opsigte van die leer, moet ons ons nie verbeel dat die koms van Christus ons van die gesag van die Wet bevry het nie. Want dit is die ewige reël van 'n toegewyde en 'n heilige lewe. Dit moet dus net so onveranderlik wees as die geregtigheid van God wat dit omhels, sêlf bestendig en éénvormig is... Christus praat hier uitdruklik van die Lewensgebooe of die Tien Woorde, wat alle kinders van God as hul lewensreëls behoort te neem. Hy verklaar dus dat dié wat hul leerlinge nie tot gehoorsaamheid aan die Wet hou nie, valse en bedrieglike leraars is... Hulle wat enigsins die gesag van die Wet verswak, is onwaardig om 'n plek in die Kerk te beklee.”

En wat van die **toekoms**? Daarop antwoord die gevierde Calvinis van die Universiteit van Princeton, prof. dr. Benjamin B. Warfield, soos volg (op pp. 297v. van sy boek *Bybelse Leerstellings*): “Die hele Wet in al sy besonderhede, selfs tot by sy kleinste onderdeeljies, bly voortdurend van krag en sal... in onverminderde gesag gehoorsaam word solank as wat die wêreld aanhou...”

“Die Wet sal nooit afgeskaf word nie, nie eens in die minste van sy besonderhede nie. Jesus verklaar dat solank die wêreld aanhou, geen jota of titteltjie van die Wet sal verbygaan nie totdat hulle almal, totdat al die Wet se kleinste jotas en titteltjies, voleindig is nie... Dié woorde is baie emfaties. Die [woordjie] ‘alles’ – wat in betrekking tot die [woordjie] ‘geen’ en die [woordjie] ‘jota’ en [die woordjie] ‘titteltjie’ staan – verklaar dat al die jotas en al die tittelties van die Wet voleindig sal word...”

“'n Tyd sal kom wanneer die Wet in dié gedetailleerde volmaaktheid nagekom sal word... Ooreenkomstig die bevel van Jesus, versoek ons: ‘Mag U Koninkryk kom; Mag U wil geskied, soos in die hemel, net so op die aarde!’”

“Verre daarvan dat Hy gekom het om die Wet af te skaf! Hy het gekom om te sorg dat die Wet onderhou word, nie net om dit in... sy diepste snydende en wydste verreikende vertolking te herpubliseer nie, maar om dit in werklike lewens te reproduseer [en] op die harte van mense en in hul eintlike lewens te skryf... Die doel waarom Hy gekom het, was

nie maar net om die Wet te voltooi nie. Dit vind sy vervulling deur mense daartoe te bring om [self] die volbragte Wet te onderhou!”

Soos Jesus Self aan Sy dissipels gesê het: “As julle My dan liefhet – **bewaar** My **Gebooie!**” En soos die Apostel van liefde Johannes self gesê het: “Hier is hulle wat die Gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar!” (Joh. 14:15 en Opb. 14:12)
